

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 57 | Volume 57 | DESEMBER 2017
Nommer 4 | Number 4 | DECEMBER 2017



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die
L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the
L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



4

Uitgewer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Arcadia 0007

Suid-Afrika/South Africa

Desember/December 2017

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Hoofredakteur/Editor in Chief:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

REDAKSIE / EDITORIAL BOARD

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/ Linguistics

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienswetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EPJ (Ewert) Kleyhans – Ekonomies/Economics

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisy/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/ Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology

REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD

Nasionaal/National

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

Susan Meyer – Afrikaans (Opvoedingswetenskappe) / Afrikaans (Education Sciences)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education

Internasional/International

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Canterbury, UK)

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdiensfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)

Ex officio: D (Dionē) Prinsloo – Hoof Uitvoerende Beämpte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2017 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2017 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R350,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R300,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R110,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur oueurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Arcadia 0007, Suid-Afrika/South Africa

publikasies@akademie.co.za; www.akademie.co.za

Tel: 0861 333 786 x 4; Faks/Fax: 012 329 0293

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 57 Nommer 4, Desember 2017 / Volume 57 Number 4, December 2017

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1)

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Redakteursnota 877

HEIN WILLEMSE

In jarelange verbondenheid: Adam Small en die Cape Flats Players / *In steadfast allegiance: Adam Small and the Cape Flats Players* 879

JOHAN BECKMANN

Die konstitutionele hof se kultuurdiversiteitsopdrag aan die onderwys: Aanloklike bestemming anderkant 'n ongekaarte mynveld / *The educational cultural diversity imperative of the Constitutional Court: Attractive destination on the other side of an uncharted minefield* 897

HETTIE VAN DER MERWE

Die aard en hantering van vooroordeel teen vroulike skoolleierskap in gedepriveerde gemeenskappe: bedreigings, benaderings, behoud / *Prejudice against female school leadership within the context of multiple deprivations: Threats, approaches, survival* 924

LEOPOLD EN INGRID SCHOLTZ

Oliver Tambo en die kommunisme / *Oliver Tambo and communism* 939

HERMAN VAN DER ELST

Die wegbeveeg vanaf gematigdheid na 'n radikale grondherverdelingsbenadering as trans-formasieprioriteit in Suid-Afrika / *The move away from a moderate to a radical land redistribution approach as transformation priority in South Africa* 955

PIERRE DE VILLIERS

Die rol van die Nasionale Studentefinansieringskema (NSFAS) in die fasilitering van toegang tot hoër onderwys vir studente uit armer gemeenskappe in Suid-Afrika / *The role of NSFAS in facilitating the access to higher education for students from poorer communities in South Africa* 971

MELANIE MOEN EN CHRISTIAAN BEZUIDENHOUT

Familiemoord gepleeg deur kinders: 'n Gevallestudie / *Family murder by children: A case study* 990

HERCULES BOSHOFF

Taal, tegniek en Waarheid / *Language, technics and Truth* 1003

NINA BRINK EN ADRI BREED

Hoe jong Afrikaanssprekende kinders betekenis aan hul vroeë taalgebruik verbind / *The way in which young Afrikaans children connect meaning to their early vocabulary* 1012

MAYLENE BASSON EN MICHAEL LE CORDEUR

Professionele ontwikkeling vir Afrikaanse huistaalonderwysers ter bevordering van leesbegrip van nie-moedertaalsprekers / *Professional development of Afrikaans Home Language teachers to enhance reading comprehension of non-mother-tongue speakers.....* 1037

BENNIE J VAN DER WALT

Revolusie of reformasie? Die moontlike betekenis van Guillaume Groen van Prinsterer (1801–1876) se besinning daaroor vir vandag / *Revolution or reformation? The possible relevance of Guillaume Groen van Prinsterer's (1801–1876) reflections for today.....* 1057

AKTUEEL: DEBAT**NAVORSINGS- EN ORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2)****INA WOLFAARDT-GRÄBE**

Redakteursnota..... 1077

DANIE STRAUSS

Die aard en plek van die *geheel-dele relasie* – gesien vanuit 'n algemeen-wysgerige sowel as 'n vakfilosofiese perspektief / *The nature and place of the whole-parts relation both from a general philosophical perspective and from that of the philosophy of the special sciences.....* 1078

BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS**CHRISTO VAN RENSBURG**

Oor mense, afstande en Afrikaans. *Ons kom van vêr* deur Wannie Carstens en Michael le Cordeur (samesetters) 1093

PAUL VAN TONGEREN

Die dood en die sin van die lewe deur Anton van Niekerk 1098

JOHANN ROSSOUW

Om weer te begeester. *Die krisis van die afwesige gees* deur C.S. de Beer 1102

TAALRUBRIEK**TOM McLACHLAN**

Oor die skryfwyse van Afrikaans IV 1109

UITNODIGING

Boekprojek: Afrikaanse digters, skrywers en dramaturge 1111


Keurders: November 2016 – Oktober 2017 1112

Redakteursnota

Die redaksie kondig met genoëe aan dat die eerste in die reeks huldigingsbundels vir Hertzogpryswenners voltooi is. Prof. Jacques van der Elst, die redakteur, berig soos volg:

Adam Small: *Denker Digter Dramaturg*

Die SA Akademie se eerste in die reeks huldigingsbundels vir Hertzogpryswenners het einde November 2017 verskyn en is onder meer op 16 Desember jl op Versoeningsdag tydens die onthulling van 'n borsbeeld van Adam Small by die Kunstekaapsentrum in Kaapstad bekend gestel. Die boek word uitgegee deur Protea Boekhuis en bevat 'n reeks artikels oor die lewe en werk van Small, geskryf deur Suid-Afrikaanse akademici met 'n vertaling van Small-gedigte in Nederlands deur Willy Martin. Hein Willemse verskaf 'n indringende analise oor die sleutelgedig "Vryheid", terwyl Steward van Wyk oor Small se identiteitskonstrukte skryf. Benewens 'n biografiese skets van Erika Terblanche en 'n "persoonlike geskiedenis" van Braam de Vries is daar bydraes oor "Kanna hy kô hystoe" en "Krismis van Map Jacobs". Jacques van der Elst skryf oor die drama rondom die Hertzogprystoekenning aan Small. Ander persone wat bygedra het, is Bernard Odendaal (NWU), Marisa Keuris (UNISA), Jacomien van Niekerk (UP), Michael le Cordeur (US) en Bettina Wyngaard. Antoinette Lombard (UP) en Rinie Schenck (UWK) verskaf 'n oorsig oor die rol van Small in die vakgebied Maatskaplike Werk.



Heel gepas skryf Hein Willemse, een van die medewerkers tot die bundel, in hierdie uitgawe oor Adam Small se "jarelange verbondenheid" met die Cape Flat Players – navorsing oor 'n bepaalde teatergroep wat 'n heel besonderse aspek van die Suid-Afrikaanse drama- en teatergeskiedenis verteenwoordig.

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Oktober 2017

In jarelange verbondenheid: Adam Small en die Cape Flats Players

In steadfast allegiance: Adam Small and the Cape Flats Players

HEIN WILLEMSE

Departement Afrikaans
Universiteit van Pretoria
Pretoria
E-pos: hein.willemse@up.ac.za



Hein Willemse

HEIN WILLEMSE doseer Afrikaanse letterkunde en Algemene Literatuurwetenskap aan die Universiteit van Pretoria. Hy publiseer hoofsaklik oor kanonisering, kreolisering, marginalisering en bio-/outobiografie in die (Suid-)Afrikaanse letterkunde. Sy belangstelling sluit ook navorsing oor Afrikaanse en Afrika mondelinge tradisies in. Hy is 'n voormalige president van die International Society for the Oral Literatures of Africa (ISOLA) en sedert 2001 die eindredakteur van *Tydskrif vir Letterkunde*. Hy het voorheen gedien as besoekende professor aan verskeie universiteite in Afrika, Europa, Latyns-Amerika en die VSA.

HEIN WILLEMSE teaches Afrikaans literature and Literary theory at the University of Pretoria. He has published mainly on canonisation, creolisation, marginalisation and bio-/autobiography in South African and Afrikaans literature. His interests include research into Afrikaans and African oral traditions. He is a former President of the International Society for the Oral Literatures of Africa (ISOLA), and since 2001 the editor-in-chief of *Tydskrif vir Letterkunde*. He previously served as a visiting Professor at several universities in Africa, Europe, Latin America and the USA.

ABSTRACT

In steadfast allegiance: Adam Small and the Cape Flats Players

Adam Small often referred to the amateur theatre group, the Cape Flats Players, that regularly performed his dramas and revues since 1972 – especially in Western Cape communities. Although some research has been undertaken previously on black Afrikaans community and amateur theatre very little is known about such cultural activities generally. This descriptive paper reports on the relationship between Small and the Cape Flats Players theatre company, an association that has not yet been researched.

As playwright Small invariably revised his plays after the Players' first performances often years before publication. Well-known plays that the group performed include Kanna hy kô hystoe (Kanna, He is Coming Home), Joanie Galant-hulle (Joanie Galant-them) and Die Krismis van Map Jacobs (The Christmas of Map Jacobs). They also devised a number of poetry and music revues which served as supporting acts to these drama performances. The

revues were based on Small's published poetry, with titles such as *Kitaar my kruis* (*Guitar my Cross*, 1976), *What about de lô* (*What about the law*, 1980), *Oos wes, tuis bes, Distrik Ses* (*Home sweet Home, District Six*, 1982) and *Vyfde Evangelie* (*Fifth Gospel*, 1982).

In this contribution to Afrikaans drama history the role of Dramsoc, the student theatre company at the University of the Western Cape, the Cape Flats Players' immediate predecessor, is discussed with a focus on the first Cape performance of *Kanna hy kô hystoe* in August–September 1972, performed at the University of the Western Cape and the Nico Malan Nursing College Hall in Athlone, Cape Town. Norman Michaels as *Kanna* and Charlyn Wessels as *Makiet*, both undergraduate students, performed the main roles of the play to high acclaim. For most local reviewers it was the first time that they had seen a performance of *Kanna hy kô hystoe*, and they were in the main impressed with this "work of emotion and truth" (W.S. Kaplan in *The Cape Times*). Bob Molloy wrote an insightful review for *The Argus* entitled "Confrontation with reality" in which he said *inter alia*:

The odour of truth offends the hypocrite, says the Koran. On that basis this major advance in indigenous theatre is an assault on the senses – a gut-gripping confrontation with reality [...] Small [...] brings out the feel, the pity, and terror of true catharsis [...] put across in the patois of the Cape with an almost poetic economy of word and movement. [...] All the tragedy of rural-urban drift, the anomie of the city, and the breakdown of simple beliefs in the face of urban violence is contained in this stark sketch of a family forced off the farm by the death of the bread-winner and into the ghetto of District Six.

The University of Western Cape, as other ethnic universities established under the apartheid-era Extension of University Education Act, Act No 45 of 1959, experienced a period of upheaval during the 1970s. The student community became more radicalised and many students were caught up in the Black Consciousness movement, spear-headed by the South African Students Organisation. Members of Dramsoc were influenced by the political philosophy of the day and associated with the aims of Black "revolutionary theatre" as formulated by Strini Moodley, a prominent Black Consciousness proponent:

We had to challenge the existing order, the values, the norms. Black Theatre had to speak the language of revolt, of liberation, of revolution. As a Theatre of Revolt [it] was an expression of Black Consciousness...

The paper provides some background to an uprising in 1973 at the University of the Western Cape when students staged a walk-off which for many changed the trajectories of their lives forever. Adam Small's life also changed. He, in solidarity with the students, resigned his position as a senior lecturer in the Department of Philosophy. At the prompting of Small, some of the students who walked off, formed the Cape Flats Players, envisaged to be a full-time theatre company. Their first performance was *Joanie Galant* in December 1973, based on a first draft of Small's second published play (*Joanie Galant-hulle* published in 1978). The paper reports on the reception of this play and subsequent revues as well as the end of the full-time phase of the Cape Flats Players.

Peter Braaf, one of the original members of Dramsoc, revived the Cape Flats Players as a part-time amateur theatre group, that continued with the performance of Small's plays and revues, especially in the Cape Peninsula and the Afrikaans rural communities of the Cape Province. The article concludes with a brief overview of the group's activities and their different audiences.

KEYWORDS: Adam Small, Afrikaans amateur theatre, Cape Flats Players, *Joanie Galant-hulle*, *Kanna hy kô hystoe*, Peter Braaf, student militancy, Black Consciousness, drama history, University of the Western Cape

TREFWOORDE: Adam Small, Afrikaanse amateur toneel, Cape Flats Players, *Joanie Galant-hulle*, *Kanna hy kô hystoe*, Peter Braaf, studentemilitansie, swartbewusheid, toneelgeskiedenis, Universiteit van Wes-Kaapland

OPSOMMING

Adam Small het dikwels verwys na die amateurtoneelgeselskap die Cape Flats Players wat sedert 1972 gereeld sy dramas en revues opgevoer het, veral in die Wes-Kaapse gemeenskappe. Hierdie artikel lewer verslag van die verhouding tussen Small en die toneelgroep, 'n verbintenis waaroor nog nie uitgebreid navorsing gepubliseer is nie. In die stuk Afrikaanse toneelgeskiedenis word aanvanklik die rol van Dramsoc, die studentetoneelgroep van die Universiteit van Wes-Kaapland, die onmiddellike voorganger van die Cape Flats Players, beskryf met die fokus op die eerste Kaapse opvoering van *Kanna hy kô hystoe* in Augustus 1972. Daarna word die rigtende invloede van onder meer swartbewusheid belig wat die toneelgeselskap gevorm het, gevolg deur 'n beskrywing van die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die bedanking van Small as universiteitsdosent en regstreeks gelei het tot die ontstaan van die Players. Die artikel word afgesluit met 'n kort oorsig van die groep se aktiwiteite en hul verskillende gehore.

AGTERGROND

Adam Small maak in verskeie onderhoude melding van sy verbintenis met die Cape Flats Players.¹ Per geleenthed sê hy onder meer: Die Cape Flats Players "het op kampus *Kanna* opgeroep. Ek het dit afgerig [...] en die groep het toe begin en bestaan nou nog. Van die oorspronklike mense is nog een of twee oor [onder meer] Peter Braaf [...] Dis een van die mooi dinge wat ek in daardie moeilike jare reggekry het" (Small & Van Vuuren 2012:10). Small verwys na 'n groep toneelspelers wat aanvanklik as Dramsoc op die Universiteit van Wes-Kaapland byeengebring is en in 1972 bekendheid verwerf het met hul opvoering van *Kanna hy kô hystoe*. 'n Jaar later het enkele lede van die groep hul bedrywighede as 'n voltydse toneelgeselskap voortgesit onder die naam Cape Flats Players (voortaan: Players).² In die loop van veral die 1970's en die 1980's maar ook in die daaropvolgende dekades is hul opvoerings ten nouste met Small verbind.

Dit is dié groep wat dikwels sy eerste konsepte vir nuwe dramas ingeoefen, en wie se opvoerings tot aanpassings en verfyning gelei het. Benewens *Kanna hy kô hystoe* het hulle oor die jare byvoorbeeld ook *Joanie Galant* (in 1973, dus vyf jaar voor publikasie) en *Die Krismis van Map Jacobs* (in 1982, 'n jaar voor publikasie) opgevoer. Die Players het sedert die vroegste jare poësie- en musiekrevues ontwikkel, gebaseer op Small se gepubliseerde

¹ 'n Vroeë weergawe van hierdie artikel is op uitnodiging voorgedra tydens die Adam Small-fees (24–26 Februarie 2017), gehou op Pniël, naby Stellenbosch. My dank aan Darryl David, die organiseerder van die fees. My besondere dank gaan aan Peter Braaf en Charllyn Dyers wat waardevolle bronmateriaal beskikbaar gemaak het. Die artikel is vir publikasie voorberei tydens my 2017-verblyf as eerste bekleer van die Leerstoel Zuid-Afrika: talen, literatuuren, cultuur en maatschappij aan die Universiteit Gent, België. Ek bedank graag Annelies Verdooldaege, Jacques van Keymeulen en Yves T'sjoen wat nou meegewerk het om my verblyf moontlik te maak.

² Die begrip "Cape Flats Players" in die artikeltitel verwys gerieflikheidshalwe na Dramsoc en die Players in sy twee opeenvolgende gedaantes.

gedigte. Hierdie revues met titels soos *Kitaar my kruis* (1976), *What about de lô* (1980), *Oos wes, huis bes*, *Distrik ses* (1982) en *Vyfde Evangelie* (1982) is gereeld as voorprogramme by hul toneelvertonings opgevoero.³

’n Onderskatte nalatenskap van die Players, wat later as ’n deeltydse groep voortbestaan het, is die enorme rol wat hulle gespeel het in die bevordering van toneel in uiteenlopende Afrikaanse gemeenskappe. Die groep was verantwoordelik daarvoor dat die werke van dramaturge soos Small, Peter Braaf en Melvin Whitebooi wyer, maar veral in plattelandse en stedelike werkersonsklassegemeenskappe, bekend gestel is. As ’n amateurgroep sonder staatsubsidie of noemenswaardige privaatsektorsteun het hulle onder leiding van Peter Braaf toneeltoere onderneem na dorpe en townships in die (destydse) Kaapprovincie. Teen die middel tagtigs het die Players groter bekendheid verwerf en het hulle toneelgangers na vol sale in onder meer die Baxter-teater getrek. ’n Rubriekskrywer in *Die Burger* berig byvoorbeeld dat hulle “ongesubsidieerde bydrae tot die Afrikaanse toneel vir die tweede semester [van 1984] net so groot was as dié van [KRUIK,] die gesubsidieerde streeksraad[,] syne” (Breytenbach 1984).

Hierdie artikel beskryf die verhouding tussen Adam Small en die Cape Flats Players (inbeslote Dramsoc en sy latere reïnkarnasies), ’n band wat minder bekend is in die Afrikaanse toneelgeschiedenis. Julian F. Smith (1990), Wium van Zyl (2015) en Con January (1997) het voorheen reeds uitgebreide studies oor “swart Afrikaanse gemeenskapteater” gedoen waarin die verhouding aangedui is, maar nie aan ondersoek onderwerp is nie. Melanie House (2010) beskryf in haar Ohio-proefskrif die maatskaplike agtergrond en repertoria van die Peninsula Dramatic Society en die Trafalgar Players, asook die werk van Isaac Pfaff, beter bekend as Paul Roubaix, die eerste nie-wit Afrikaanse dramaturg. Marisa Keuris en Lida Krüger (2012:19–20) dui aan dat die Suid-Afrikaanse dramageschiedenis relatief onderbeskryf is en dat dokumentasie ten opsigte van opvoerings, dramaturge en regisseurs nie geredelik beskikbaar is nie. Die dokumentasie en beskrywing van amateur – en meer bepaald nie-hoofstroom drama-aktiwiteit – is eweneens skraps. ’n Feit wat opvallend in Keuris en Krüger (2012:7–8) is, is dat hulle ten opsigte van drama-argivering in Suid-Afrika nie ’n enkele verwysing daarna het nie. Die gevaar bestaan inderdaad dat sulke materiaal totaal verlore gaan en glad nie as bewaringswaardig beskou word nie. Gedaglig hieraan dra die artikel by om die leemte ten opsigte van een toneelgroep en ’n besondere dramaturg aan te vul en ’n breë maatskaplike en historiese konteks vir hul drama-aktiwiteit te gee.⁴

Hier word aanvanklik die rol van Dramsoc beskryf met die fokus op die eerste Kaapse opvoering van *Kanna hy kô hystoe*. Daarna word die rigtende invloede belig wat Dramsoc, die studentetoneelgeselskap, gevorm het, gevvolg deur ’n beskrywing van die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die bedanking van Adam Small as universiteitsdosent en regstreeks gelei het tot die ontstaan van die Players, as ’n voltydse toneelgeselskap. In die artikel word voorts die verloop, ondergang en latere herrysenis van die groep as ’n amateurgeselskap onder leiding van Peter Braaf beskryf met verwysing na hul aktiwiteite en verskillende gehore. Onderliggend aan al hierdie aspekte is die Players se deurlopende verhouding met Small as dramaturg.

³ Van die lede van die Players het ook deelgeneem aan Small se revue *Hey, Smile wit' me* (1979, 1980) wat onder andere met Randall en Koba Wicomb in die Baxter-teater, Rosebank, Kaapstad opgevoero is (Braaf 2012).

⁴ In ’n opvolgartikel word onder meer aspekte van Augusto Boal se *Theatre of the Oppressed* (1973), Jerzy Grotowski se *Towards a Poor Theatre* (1968), die invloed van Konstantin Stanislavski, Bertolt Brecht en Robert A. Alexander se “Living Stage Theatre” op die Cape Flats Players en hul benadering tot teater bespreek, asook ’n verslag van hul repertorium wat dramas van Peter Braaf, Melvin Whitebooi en Ivan Sylvester insluit.

DIE BEGINJARE: *KANNA HY KÔ HYSTOE*

Die Cape Flats Players het in 1973 ontstaan uit die Dramavereniging van die Universiteit van Wes-Kaapland, in die omgang bekend onder die Engelse afkorting, Dramsoc vir Dramatic Society. Die universiteit het nie 'n dramadepartement gehad nie sodat Dramsoc dus as 'n studentevereniging met belangstellende vrywilligers ontstaan het. Alhoewel die vereniging reeds in die loop van die sestigerjare opgerig is, het dit algemene bekendheid verwerf met die opvoering van *Kanna hy kô hystoe* in 1972 en die revue, *Kitaar my kruis* in 1976. Volgens Charlyn Dyers (2017) het die vereniging in 1971 onder haar voorsitterskap Small genader om hulle by te staan om sy *Kanna hy kô hystoe* op te voer. Dié jaar het sy as voorsitter oorgeneem en het hulle "n aanbieding van dramauittreksels, gedigte en sang onder die tema 'Beyond Midnight' [opgevoer]. Dit was toe dat iemand voorgestel het dat ons met Adam Small moes geselsoor die opvoering van sy drama *Kanna hy kô hystoe*" (Dyers 2017; kyk Small 2014).

Dit sou nie die eerste keer wees dat *Kanna* opgevoer is nie. 'n Paar maande tevore, in September 1971, het die Vrystaatse streekkunsteraad, SUKOVS, die stuk vir 'n speelvak van veertien dae opgevoer, meer as vyf jaar ná publikasie (Botha 2003).⁵ Toentertyd was Small totaal onbewus dat die stuk opgevoer is: "ek [was] nie bewus dat die stuk op die planke gebring sou word voordat dit feitlik al klaar gespeel het nie" (Small & Belcher 1972:101). Veral die reaksie van 'n kundige gehoorlid, Juanna Hibbert wat na die opvoering 'n gloeiende brief aan *The Friend* in Kimberley geskryf het, het Small besonder getref. Sy het onder meer die stuk beskou as "a brilliant play", beter as Arthur Miller se *After the Fall*, "a better play, with greater impact and sincerity" (Small & Belcher 1972:101). Small se verbassing dat die stuk hoegenaamd opgevoer is, moes voortgespruit het uit van die afwysende kommentaar en resensies wat gevolg het op die publikasie van die drama in 1965. Small het dit ervaar as "hovaardige veronttag-saming" en negatiewe sienings wat hom "goed laat verstaan het dat die stuk onopvoerbaar is" (Small & Belcher 1972:100).

Small het klaarblyklik die mening van die bekende digter W.E.G. Louw in gedagte gehad. As *Die Burger*-resensent het hy die stuk nie eens as 'n drama herken nie:

Toe ek *Kanna hy kô hystoe* uit had, het ek gewonder wat dit nou eintlik is. 'n 'Drama', soos die ondertitel dit beskryf, myns insiens glad nie. 'n Stuk vir die toneel dan? Ja, sekerlik, maar myns insiens nog geen toneelstuk nie. Dan eerder 'n soort 'somber musiekspel' oftewel tragiese musikale skouspel. (Aangehaal in Botha 2003)

Ter wille van balans moet gemeld word dat Louw, sewe jaar later, in 1974, nadat hy KRUUK se opvoering van *Kanna* gesien het, sy aanvanklike oordeel herroep het (Botha 2003). Dit blyk ook dat Louw besonder welwillend teenoor Small was en sy eerste gedig in Kaaps, "Kô lat ons sing" op *Die Burger* se kunsblad gepubliseer het (Small & Belcher 1972:101).

Dramsoc se versoek het Small die ideale geleentheid gebied om sy kritici verkeerd te bewys. Hy het hul oproep aangegryp en die stuk afgerig met wat hy "rou amateurs" genoem het (Small 2014). Met die veertigjarige herdenking van die oprigting van die Universiteit van Wes-Kaapland word sy produksie van *Kanna* aangeprys as een van die "mees suksesvolle en

⁵ Loren Kruger (2012:569) in haar ensiklopediese oorsig van Suid-Afrikaanse teater in *The Cambridge History of South African Literature* is onbewus van hierdie SUKOVS opvoering. Kyk Marisa Keuris (2017: 140 e.v.) vir 'n verdere weergawe van die opvoergeskiedenis van die drama. Sy noem dat Johan Botha waarskynlik die eerste (amateur-)opvoering van die drama in 1970 in die Heidedal-township onderneem het.

mees beroemde dramaproduksies” wat op die kampus ontstaan het (Anon. 2016:2). Plakkate met Juanna Hibbert se lofryke kommentaar dat die stuk beter is as Miller se *After the Fall* het die openingsaand aangekondig (James (2012:15); kyk ook Van Niekerk (2017) vir ’n onlangse ondersoek na die Brechtiaanse onderbou van *Kanna*). *Kanna* het op 23 Augustus 1972 geopen in die universiteitskafeteria, op ’n verhoog wat die dramagroep self gebou het en is daarna vanaf 28 Augustus tot 2 September 1972 opgevoer in die saal van Nico Malan Verpleegkollege in Athlone op die Kaapse Vlakte. Die saal was een van die grootste sale op die Vlakte, en die naam was in sigself ’n ironiese toeval, omdat die toe pasgeopende Nico Malan staatsteater, deesdae Kunstekaap / Artscape, toentertyd slegs vir wit gehore beskore was (Rabie 1966:50–52).⁶ Na die aanvanklike speelvak het die stuk belangstelling gewek “wat ver buite die Boland kring” en is dit op toer geneem na die onmiddellike omstreke van Kaapstad en die Skiereiland, waar dit aand na aand vol sale getrek het (Anon. 1972; Theys 2016).



Norman Michaels (20) as Kanna in die 1972-opvoering van Dramsoc.
(c) Cape Flats Players-argief

Die meeste resensente van die plaaslike koerante het waardering gehad vir Small se regie en die produksie verwelkom. Volgens Victor Holloway in *Die Burger* was die Verpleegkollege-opvoering “boeiende vermaak met ’n hele paar hoogtepunte. Die gehoor word deurentyd betrek by die gegewe wat naas die duidelike plaaslike verwysinge, ook ’n meer universele strekking het” (Anon. 2016:9). W.S. Kaplan (1972) in *The Cape Times* het kommentaar gelewer op die eenvoudige verhoogstel – “using simple scenery, the meagre effect of about six spotlights and an amateur cast” – en die emosie wat Small losgemaak het met sy produksie: “Adam Small has created a work of emotion and truth. His play is about people: flower-sellers, hawkers, the preacher and the converted, the rapists and the raped.”

⁶ Die verbod is in 1975 opgehef, maar nie-wit gehore het dit op groot skaal tot in die vroeë 1990’s aktief geboikot. Die Cape Flats Players het ’n noemenswaardige rol gespeel in die opheffing van die boikot (Braaf 2012).

In 'n insiggewende resensie getiteld "Confrontation with reality" beskou Bob Molloy van *The Argus* die produksie as "'n sprong vooruit" en 'n konfrontasie met die werklikheid: "The odour of truth offends the hypocrite, says the Koran. On that basis this major advance in indigenous theatre is an assault on the senses – a gut-gripping confrontation with reality" (Anon. 2016:7). Hy het waardering vir Small se regie wat die ervaring van ontheemding, geweld, verval en vrees van die armes voor die oog roep: "Small [...] brings out the feel, the pity, and terror of true catharsis [...] put across in the *patois* of the Cape with an almost poetic economy of word and movement." Dat die toneelstuk as meer as net oppervlakkige genieting ervaar is, is duidelik uit sy kommentaar dat hy as (vermoedelik wit) toneelganger – "that most uncomfortable witness of his own shames and doubts" – met nuwe insig na die wêreld rondom hom gekyk het met "a wry afterthought: the realization that before Small we couldn't see the warts for the fleas." Vir Molloy (in Anon. 2016:7) slaag Small daarin om die tragedie van stedelike migrasie en armoede vas te vang: "All the tragedy of rural-urban drift, the *anomie* of the city, and the breakdown of simple beliefs in the face of urban violence is contained in this stark sketch of a family forced off the farm by the death of the bread-winner and into the ghetto of District Six."

Van die akteurs wat tydens daardie produksie opgetree het, was onder meer Charlyn Wessels (later: Charlyn Dyers) wat die rol van Makiet gespeel het, met Norman Michaels in die titelrol. Die ander spelers was Johnny Issel as Jakob, Jonathan Sam as Diekie, Lynette Thomas (Kietie), Ilva Mackay (Roeslyn), Fatimah Khatieb (Ysie), Ethne Fortuin (Gina), Peter Braaf (Skoen), Pieter Buys (Toefie) en Brenda Johannes as die blommemeisie. In resensies van die opvoering is veral Issel geloof vir sy indrukwekkende vertolking as Jakob, die straatprediker, "die oriekel van God" (kyk James 2011). Molloy (Anon. 2016:7; James 2011) bestempel Charlyn Wessels se Makiet as 'n kragtoer: "[She] makes a powerful mother figure dominating the action from her wheelchair crooked hands symbolising years of willing drudgery



Charlyn Wessels (20) as Makiet in die 1972-opvoering van Dramsoc.
(c) Cape Flats Players-argief

to educate an adopted favourite, Kanna". Van Wessels sê Small (Anon. 2016:4): "Ek het nog min aktrises op enige verhoog gesien wat by haar kan kers vashou." Op haar beurt, is vir Dyers (2017) een van die uitstaande herinneringe van die 1972-produksie "daardie oomblik wanneer Jonathan Sam die kitaar begin tokkel en die wonderlike Johnny Issel, vra 'O waar, waar, waar is Moses?' Daar kan nooit weer 'n ander Jakob vir my wees nie!"

STUDENTEMILITANSIE EN SWARTBEWUSTHEID

Die UWK-studentegemeenskap van die laatjare sestig en sewentig was midde-in 'n oorgang van gematigde sosiale belewing na intenser politieke bewustheid en militante protes. Die lewens van talle studente, ook dié van Small het onherroeplik in 1973 verander en regstreeks aanleiding gegee tot die oprigting van die Cape Flats Players, 'n toneelgeselskap met 'n sterk aktivistiese en swartbewustheidsondertoon. Studentegriewe en -protes het die relatiewe rustigheid van die kampus sodanig versteur dat in daaropvolgende jare hierdie moment gereken word as die een waarin die aard, samestelling en sosiale oriëntasie van die universiteit grondig verander is.

Die Universiteitskollege van Wes-Kaapland is in 1959 onder Wet 45, die Wet op die uitbreiding van Universiteitsonderrig, opgerig, as 'n "kleurlinguniversiteit", een van 'n aantal etniese instellings wat voortgevloeи het uit die Nasionale Party se apartheidbeleid. Die nuwe universiteit kon slegs bruin studente trek. Die byeenbring van studente van regoor die land, almal met soortgelyke sosiale en kulturele agtergronde het enersyds 'n gevoel van samehorigheid geskep, maar andersyds ook hul gewaarwording van politieke ontheemding, verdrukking en aktivistiese verset verdiep. Een van die onbedoelde nagevolge van die oprigting van dié aparte entiteite was dat studente van die verskillende instellings aktief met mekaar begin saamwerk het. Die opkoms, sedert die laat-1960's van die South African Students Organisation (SASO) en die Black Consciousness-beweging het hierdie gevoel van samehorigheid versterk. Teen 1975 het 'n akademiese studie bevind dat UWK-studente in hoofsaak met swart mense geïdentifiseer het en veel minder of glad nie met Afrikaners nie (aangehaal in Thomas 2014: 25; kyk ook Public Record of US Diplomacy 1973b).

Hierdie solidariteit tussen studente van die nuwe etniese universiteite was nie net politiek gedrewe nie, maar is op sportgebied met hul jaarlikse intervarsities versterk, en net so ook op kultuurgebied. Charlyn Dyers (2017) vertel byvoorbeeld dat Dramsoc in 1972 na Durban gereis het om deel te neem aan die Theatre Council of Natal [TECON] se tweede dramafees: "dis hier waar ons mense soos John Kani en die Serpent Players van New Brighton [in Port Elizabeth], Strini Moodley en Saths Cooper ontmoet het. Ek onthou nog hoe ons mense geskok het om as gemengde groep (swart, bruin en Indiaan) in Durban rond te loop."

TECON was 'n swartbewustheidsorganisasie. Dit is ter sake om hul onderliggende filosofie te verklaar, omdat lede van Dramsoc (en later die Players) en Adam Small eweneens tot 'n mindere of meerdere mate deur die Black Consciousness-beweging beïnvloed was. Studente het hulle verbind tot "the realization of the worth of the black man, the assertion of his human dignity and to promoting consciousness and self-reliance of the black community" (aangehaal in Thomas 2014: 28). Peter Braaf (2017) bevestig dat hulle as groep en individue in dié tyd swartbewustheid as 'n positiewe identiteit uitgedra het en met die algemene uitgangspunte van swartbewustheidsorganisasies geassosieer het.

Strini Moodley, 'n prominente swartbewustheidsaktivis, voer aan dat TECON "revolusioneerde teater" voorgestaan het. Hul teater was politieke teater wat die menswaardigheid van hul toeskouers en gemeenskappe wou bevestig. Dit wou nie "teater van die slagoffer" wees nie,

nog minder wou dit “teater van die uitverkorenes” wees. Dit wou nie teater wees waar swart mense van buite na die ervarings van wit mense staar nie:

We believe that Black Theatre was a forum where black people would realize themselves as beings (not as negative forces – non-whites, non-beings), with the ability to think, analyse, form our own values of life and not to imitate values set for us by others. We wanted to use symbols related to our everyday life, images that we as black people saw, heard, interpreted and which must have some relation to our own feelings, ideas, thoughts, experiences. [...] We felt strongly that Black Theatre had to expose the inequalities, the prejudices, discrimination that existed in society. We had to challenge the existing order, the values, the norms. Black Theatre had to speak the language of revolt, of liberation, of revolution. As a Theatre of Revolt [it] was an expression of Black Consciousness... (Moodley)

Onderliggend, naas dié revolusionêre ingesteldheid en die positiewe identifikasie met die verdruktes, was ook hul praktyk van selfhandhawing. Dié strominge het ook deurgesyfer na Dramsoc en later die aktivisme van die Cape Flats Players beïnvloed. Charlyn Dyers (2017) onthou dat hulle “na elke opvoering van *Kanna* mense gevra het om agter te bly en hulle ge-‘conscientise’ met Biko se woorde. Ons het ook nooit die tradisionele buiging gemaak nie, maar ons gehore met gebalde vuiste gegroet.” Later het die Players op ’n soortgelyke wyse – tot die vroeë 1990’s – hul aanbiedings aangebied. Hulle het hul opvoerings afgesluit met gebalde vuiste en die sing van “Nkosi sikelela i Afrika”, ook genoem swart Suid-Afrika se volkslied. Volgens Braaf (2012) het hulle gehore meesal geesdriftig saam gesing (Cruywagen 1984).

’n Woord soos *conscientise* roep die intellektuele gerigtheid en aktivisme van swartbewustheid op, ’n begrip wat in Afrikaans waarskynlik te vertaal is met ’n omskrywing soos “bewusmaking deur dialoog”. Hierdie is die taal van die studentemilitansie van die 1970’s. *Conscientização* word ontleen aan Paulo Freire se *Pedagogia do Oprimido* (1968) met die bedoeling dat kritiese bewustheid gekweek word deur gemeenskapsdialoog waarin die kontradiksies van hul maatskaplike omstandighede uitgewys en mense tot optrede beweeg word. Die vertaalde weergawe van die teks, *Pedagogy of the Oppressed* (1970), het veral op politiek-bewuste studente en dosente ’n durende invloed gehad. Enkele kenmerke van dié kritiese ingesteldheid is ter sake: dit is nie genoeg om bewus te wees van die verdrukkende realiteit nie, maar die wil om daardie omstandighede te verander, moet gekweek word; opvoeding moet ’n kritiese bevrydingsingesteldheid tot gevolg hê, en die mitologieë en statiese vorme van kultuur gevestig deur politieke en maatskaplike orheersing moet blootgelê word (vir ’n kortbegrip van *conscientisation*, kyk Freire 1974).

Small beken in sy getuenis in die hofsaak S v S. Cooper en agt ander (1976), ook bekend as die SASO-saak, dat hy hoofsaaklik in die kulturele aspekte van swartbewustheid belang gestel het: “missien [was dit] my groot bydra[e], kulturele bydra[e], dit was die aspek van SASO waarin ek meer belang gestel het seker as enige aspek, alhoewel alle aspekte, gegee die aard van die filosofie, saamhang” (Aangehaal in State v Cooper 2012: 6112). Een van die aspekte was dié van herbenoeming, met verwysing na die Freireaanse idee dat verandering in denke begin deur die omringende wêreld te herbenoem. Omstreeks dieselfde tyd formuleer Small sy reaksie op die algemene term “kleurling” en “kleurlingdigter” so: “As [...] mense maar net weet hoe seer hulle jou maak deur jou ’n duisend maal op ’n dag te oordonder met die klank van die woord ‘Kleurling’! Jy voel saans vol kneusplekke. Die woord beteken dat jy ‘n ander mens’ is wat ‘daar anderkant’ behoort. Dis ’n vervreemdingswoord” (Small & Belcher 1972:94). Hy het in die tyd self as “swartbewus” geïdentifiseer en dit ook so in sy getuenis tydens die SASO-saak gestel.

In die loop van sy getuienis spreek hy hom uit oor “my mense wat deel van die Swart gemeenskap is” en die jongmense se keuse om hul as “swart” te definieer: “Dit was vir my mooi hierdie strewie na ’n positiewe identiteit.” (Aangehaal in State v Cooper (2012: 6122–6123); kyk Van Wyk (2017) vir Small se opeenvolgende identiteitskonstrukte). Na aanleiding van sy artikel “Blackness and nihilism” wat as bewyssstuk ingedien is, sê hy dat hy die begrip “Black awareness” “baie swaar” wil onderstreep:

ons wil nie ’n swart rassisme beoefen nie, dat ons nie anti-Wit probeer wees nie, dat ons bloot positief en volledig onself wil wees [...] die nuwe belewenis as Swart moes ons uiteindelik bring tot waar ons een sal wees, een in die sin dat ons sal weet hoe om met mekaar soos mense in Suid-Afrika oor die weg te kom. (Aangehaal in State v Cooper 2012: 6126)

Die sosiale ontwikkelinge wat hier beskryf is, het grondige veranderinge by talle swart studente (in die generiese sin van die begrip) tot gevolg gehad sodat die onrus van 1973 gelei het tot ’n bestaanskrisis by die Universiteit van Wes-Kaapland (Swanson-Jacobs) en, belangrik vir ons doeleindes, die oprigting van die Cape Flats Players.

DIE CAPE FLATS PLAYERS VERRYS UIT DRAMSOC


Aan die begin van Junie 1973 word ’n lys van studentegriewe aan die UWK-rektoraat oorhandig waarop kragdadig gereageer is. ’n Paar dae van onrus het gevolg met ’n studenteleier wat sonder verhoor aangehou, die kampus gesluit en die studente gedwing word om om hertoelating aansoek te doen op voorwaarde dat hulle skriftelik onderneem om bepaalde gedragsreëls te gehoorsaam (Swanson-Jacobs; Public Record of US Diplomacy 1973a, 1973c). Na ’n onstuimige maand waartydens die studente hulle gemeenskap teen die drakoniese maatreëls gemobiliseer het, gee die owerhede uiteindelik skiet. Gedane sake had egter geen keer en talle studente het van die kampus “afgestap” (Public Record of US Diplomacy 1973b).

Die gebeure het breër as die UWK-kampus weerklank gevind en anti-apartheidsleiers met nasionale profile, onder andere Adam Small, het ’n monstervergadering bygewoon deur nagenoeg 12 000 mense in ’n voetbalstadion op die Kaapse Vlakte toespreek (Public Record of US Diplomacy 1973b). Ook in die buiteland is van die opstand kennis geneem. ’n Reeks diplomatieke kabels wat onlangs beskikbaar gestel is, toon aan dat die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake byvoorbeeld voortdurend op hoogte van sake gehou is, soms met spesifieke verwysing na die posisie van Adam Small (Public Record of US Diplomacy 1973a, 1973b). Small, die enigste swart dosent, het na vore getree as ’n leidende figuur om die studente se grieve rugbaar te maak (Public Record of US Diplomacy 1973b). In dié tyd van hoogspanning het hy in solidariteit met die studente sy pos as senior lektor en hoof van die Departement Filosofie bedank (Public Record of US Diplomacy 1973b).

Onder die studente wat geweier het om aansoek om hertoelating te doen, was lede van Dramsoc, onder andere Peter Braaf, Ethne Fortuin, Wilmot James, Jonathan Sam, Cornwill Rinquest, Hendrik Theys en Virginia van Niekerk (Braaf 2012). Onder leiding van Small is dié groep gereïnkarneer as die Cape Flats Players wat die idealisme van studente-aktivisme, gerig deur *conscientisation* en maatskaplike betrokkenheid, voortgedra het. Die groep moes ook ’n groter doel dien, naamlik as voorloper vir Small se idee van “’n vrye swart universiteit” (James 2012:15; Public Record of US Diplomacy 1973b).

In die lente van 1973, na sy bedanking en die “afstap” van die studente, repeeteer die nuutgestigte toneelgeselskap hul eerste produksie aan die huis van Small. In die tweede week van Desember 1973 voer die groep, in *Die Burger* geïdentifiseer as die “Teater van die Kaapse

Vlakte”, sy nuwe drama *Joanie Galant* op (Anon. 1973). In die loop van die vorige jaar het Dramsoc heelwat sukses met *Kanna* gehad op dorpe in die Boland en die Swartland. *Joanie Galant* met Virginia van Niekerk (later: Virginia Engel) in die titelrol, het geopen op Malmesbury voor ’n groot gehoor toneelgangers wat volgens ’n koerantberig “die opvoering baie geniet en die stuk as baie goed beskou” het. Die beriggewing word egter oorheers deur diegene wat “halfpad deur die vertoning uitgestap [het]” (Anon. 1973). Veral die taalgebruik en die vermeende godslasterlikhede het sommige toneelgangers, onder ander ’n karweier, ’n skoolhoof en ’n verpleegster sodanig ontstel dat hulle onderneem het dat “[hulle] en [hulle gesinne] nie weer by ’n toneelstuk van Adam Small gesien [sal] word nie” (Anon. 1973).



Adam Small besig met spelleiding. Virginia van Niekerk (regs) het die titelrol in *Joanie Galant*, die eerste produksie van die Cape Flats Players vertolk (Desember 1973).

(c) Kopiereghouer onbekend

Onder diegene wat uitgestap het, was ’n lid van die Verteenwoordigende Kleurlingraad, ’n apartheidse regeringsliggaam wat veral polities-bewuste mense met argwaan bejeën het. Die L.K.R., mnr. I.S. Petersen, was van mening dat *Joanie Galant* “geen kunswerk is nie” en dat die opvoering hom “gewalg” het omdat “daar by tye so smalend na Christene verwys word” (Anon. 1973). “Die gemeentelede,” het die politikus gereken, “sou Joanie-hulle met hulle gevoelige verlies bygestaan het” en dit sou nie nodig gewees het om die kind vir dae op die strooi te laat lê nie.” Hy kom tot die slotsom dat “Adam Small [...] die Kleurlinge maar sleg [ken], want in die ‘townships’ staan die mense mekaar in sulke tye van nood wonderlik by.” Vir mnr. Petersen wat vrywillig in ’n vermaledyde apartheid-instansie gedien het, het momente in die stuk té na aan die been gesny: “Joanie se broer, Broertjie, [...] vaar uit teen [politici] en sê hulle is gatkruiers en varke. Nee, die erg gekruide taal word nie eens deur ons mense gepraat nie, selfs nie eens die dronkes nie.” Hy stel voorts voor dat “indien die regisseur iets goed wou doen [...] moes hy Broertjie laat aankeer het en na Faure se kadetkamp laat neem het waar hy gedissiplineer [kon] word” (Anon. 1973).

Van die ander toneelgangers het met lof van die aanbieding gepraat. Mnr. D. Visser, ’n laerskoolonderwyser, het gereken dat die stuk menslike verval in die stad lewensgetrou weergegee het en dat hy daarna uitsien om verdere werke van Small op die verhoog te sien. Die voorsteerder van die rugbyunie, mnr. Henry Lategan, was van mening dat die stuk “aktueel en puik” was, terwyl mnr. Frank, ’n bankklerk, homself tot ondersteuner van Small verklaar het. Hy het die vorige jaar ’n aanbieding van *Kanna* bygewoon en gedink dat *Joanie Galant*

“nog beter” was en hy het uitgesien na toekomstige Small-toneelstukke. Mn. David Isaacs, die voorsitter van die Tennisklub wat die vertoning gereël het, wou hom nie daaroor uitspreek nie, maar hy was “dankbaar” vir die goeie opbrengs van R120 (Anon. 1973).

In dié tydvak ontwikkel die Players 'n voorprogram bestaande uit poësie en musiek met Jonathan Sam as kitaarspeler. Die eerste revue het *What abou' de lô* geheet, na aanleiding van die gelyknamige gedig in Small se derde digbundel *Kitaar my kruis* (1961) waarin die tragiese verhaal van twee minnaars vertel word wat aan mekaar en hul apartheid-verbode liefde getrou bly en uiteindelik saam selfmoord pleeg.

Die groep het hoofsaaklik in skool- en kerksale voor bruin Afrikaanssprekende gehore opgetree, nie noodwendig as voorkeur nie, maar omdat die moontlikhede van gedeelde kulturele ruimtes skaars was en meesal glad nie in die land bestaan het nie. Jan Rabie (1976) beskryf die gehore en lokale soos volg:

gehore versprei oor die sand van die Kaapse Vlakte in afgeleë of klein afskeepsaaltjies, mense wat hul eie kunstenaars se werk wil ondersteun, en soos die godsdienstige groep êrens suid van Bellville agterna soms gewonder het waarom dié spelers die Here nou skel en dán weer loof.

Gegee hierdie agtergrond, is die Players se opvoering in St. Georges Anglikaanse katedraal, Kaapstad in 1976 merkwaardig. Week ná week is die verordeninge van apartheid in dié gedeelde kultuurruimte metnierassige kerkbyeenkomste oortree, sodat 'n toneelopvoering dáár per definisie die stempel van uitdaging, verset en oortreding gedra het.

In November 1976, in die warrelwaters van 16 Junie en die uitkringende Soweto-opstand teen meer Afrikaans, voer die Players (d.i. Jonathan Sam, Charlyn Wessels en die Braafs – Peter, Anetta en Naomi) onder spelleiding van Small sy revue *Kitaar my kruis* – hy noem dit 'n “aanbieding” (Anon. 2016:11) – op wat bestaan het uit gedigte uit die gelyknamige bundel, *Sé sjibollet en Oos wes tuis bes*, *Distrik Ses*, asook uittreksels uit *Kanna, hy kô hystoe*. Rabie (1976) in sy resensie met die titel “Troebadoers van die 1976 se opstandskinders” beskryf die gehoor so: “n Stywelige klompie in die hoë koele ruimte van die Anglikaanse katedraal [...] wat nie altyd al die woorde kan volg nie.”

Rabie (1976) voel die toon van die opvoering aan as ietwat “histrionies” en verlaat dit met 'n indruk van “halfhartige opstand”, 'n gevoel wat hy dink nie voortspruit uit die materiaal nie, maar uit die onmiddellike konteks: “uit tweespalt en die behoefte om ook opstandig te wees, opstandskinders van nou, 1976.” Hy bespeur in die opvoering 'n verharding van opinie, “n evolusie [wat] onder die bruiner Afrikaners aan die gang bespeurbaar is selfs in ‘gentle Adam’ se werk.” Rabie se indruk van vervreemding en verwydering moet verklaar word. Sedert sy terugkeer uit Frankryk in die 1950's het hy hom beywer vir groter bewustheid van die historiese bande tussen bruin en wit Afrikaanssprekendes. Sy basiese vertrekpunt is dat “bruiner en wit Afrikaners” kultureel en sosiaal verbonde is en in sy woorde “Afrikaans 'n gesamentlike veelrassige prestasie” is (Rabie 1966:108). Daarvoor is hy deur Afrikanernasionale in die Kaapse media verguis en moes hy hom sterk verdedig in verskeie koerantpolemieke, opgeneem in sy bundel *Polemika*. Dat die gevoel van politieke verset by bruin Afrikaanssprekendes op die verhoog aanvoelbaar was, moes hom ontstel het, maar hy herken in die moment die versugting na 'n nuwe toekoms: “Hoe lank nog? Want wat van die jong spelers self? Soos Adam dit self stel: ‘Ons jong mense het trots geleer en trotse mense kan nie meer onderdruk word nie’” (Rabie 1976).

Peter Braaf (2012) erken dat “professionalisme moeilik was”, dit is in verwysing na die periode onmiddellik nadat hulle van die UWK-kampus “afgestap” en hul as voltydse

toneelgeselskap in 1973 en 1974 wou vestig. Soos tydens hul Dramsoc-jare was die spelers en Small verantwoordelik vir hul eie befondsing. Enersyds was selfonderhou 'n kernwaarde van swartbewustheid, om dus nie afhanklik van gunste en gawes te wees nie maar moue op te rol en hul omgewing te verander. Andersyds was daar geen staatsteun of subsidies vir organisasies soos die Cape Flats Players nie, nog minder vir 'n voltydse toneelgroep wat ontstaan het uit verset teen die bepalings van aparte onderwys. Selfs al sou daar staatsubsidies beskikbaar wees, is dit te betwyfel of hulle as politiekbewuste jongmense daarvan gebruik sou maak, gegee die verskerpte anti-apartheidsingesteldheid van die groep.

Met ingang 1 Januarie 1974 was Small werkloos en het die moontlikheid van 'n universiteitspos by enige van die ander universiteite, vanweë die apartheidsbeleid gewoon nie bestaan nie. Trouens, iemand wat die owerhede as 'n anti-apartheidsbelhamel beskou het se pad in die breë onderwyssektor was besaai met vele hindernisse. Uiteindelik het die Raad van die Universiteit van die Witwatersrand hom 'n pos aangebied in hul gemeenskapsuitreik-program. Small, sy vrou, Rosalie, en hul kinders het sak en pak na Johannesburg vertrek met die vooruitsig op 'n nuwe toekoms. Die res van die Players het in die suide van die land agtergebleef en hul as 'n voltydse toneelgroep probeer vestig. Hul pogings was egter nie suksesvol nie. Vanuit sy nuwe standplaas het Small agtergekom dat die spelers sukkel en per geleenthed Peter Braaf, Jonathan Sam en Cornwill Rinquest op eie koste na Johannesburg laat vlieg om vertonings aan te bied, moontlike befondser te ontmoet en bykomende fondse in te samel (Braaf 2012).⁷

In die loop van 1975 verbrokkel die Players en slaan elke lid sy eie rigting in. Van die lede vertrek na Namibië (destyds: Suidwes-Afrika), ander gaan hou ongekwalifiseerd skool, sommige keer terug na die UWK, en nog ander bevind hulle op kruispaaie waar hulle oor hul toekomste moes herbesin (Cruywagen 1984; Overbeek 1984). Van die oorspronklike groep bly slegs Peter Braaf oor.

DIE CAPE FLATS PLAYERS: DIE TWEDE REÏNKARNASIE VAN DRAMSOC

Peter Braaf onderneem in die tweede helfte van die sewentigerjare die tweede reïnkarnasie van Dramsoc. Hy betrek aanvanklik sy onmiddellike familielede (sy susters Anetta en Naomi, beide onderwysers) en later sy vrou, Sandy. Nog later, sou Peter lede van sy skoonfamilie betrek (Braaf 2012). Te midde van hierdie personeelveranderinge verbind hy en sy groep hulle tot die visie van 'n betrokke toneelgeselskap wat relevante teater op die planke wou bring (Braaf 2012).

Tot 1983 het die groep uitsluitlik werke van Adam Small opgevoer met inbegrip van *Kanna hy kô hystoe* maar veral *Joanie Galant*. In 1980, lê die dramaturg *Krismis van Map Jacobs* voor en ook dit vorm voortaan deel van die Players se repertorium. 'n Standhoudende deel van hulle aanbieding bly hul dertig tot vyf-en-veertig-minuut-lange musiek en poësiesamestellings. Van hierdie revues was dit veral *What abou' de lô* en *Kitaar my kruis* wat kenmerkend geword het van hul benadering tot teater. Die toneel spel was lig gepaardgaande met energierijke, uitbundige sang en kitaarspel met gevoelige, passievolle voordragte wat spreek van humor, satire en komedie maar ook verlaten- en uitgelewerdheid.

⁷ Small en sy gesin se verblyf in Johannesburg was nie gelukkig nie, veral omdat daar geen geskikte huisvesting beskikbaar was nie. Vanweë die apartheidsbeleid was Small se verblyfmoontlikhede beperk tot die stad se bruin woongebiede en in dié gebiede was daar durende behuisingsnood. Teen die einde van 1974 keer die Small-gesin terug na Kaapstad.

Small het deur die jare groot vertroue in die Players gehad. Dit is aan dié groep dat hy sy eerste spelontwerpe toevertrou het en met verdrag aangepas en verfyn het. 'n Goeie voorbeeld is die teks wat later gepubliseer is as *Joanie Galant-hulle* en ontstaan het as *Joanie Galant*. In die konsep kom die karakter Kiepie voor soos blyk uit die klagtes oor die première van *Joanie Galant* op Malmesbury:

[Laat Broertjie na Faure se kadetkamp geneem word]. Hy sal daar van sy oormatige dranklus ontslae raak, en nie meer op Krippel Kiepie steun vir 'protection' as hy saans deur die strate van die 'townships' loop op soek na drank nie.

In die gepubliseerde weergawe het Small Kiepie uitgeskryf, klaarblyklik as gevolg van die werk van die Players en nie noodwendig in reaksie op die besware en uitstappery van mnr. Pietersen, L.K.R. nie. Dieselfde sou gebeur met sy latere dramas, insluitende *Die Krismis van Map Jacobs en Maria, Moeder van God* (Braaf (2012); kyk Le Cordeur (2017) vir die gemeenskapsrelevansie vanveral eersgenoemde drama). *Maria, Moeder van God* het die Players in 'n voorstadium ingeoefen maar nooit die geleentheid gehad om dit tydens Small se leeftyd op te voer nie.

Alhoewel die Players soms alleenstaande opvoerings van die Small-dramas of hul revues aangebied het, het hul plattelandse program meesal bestaan uit dubbelaanbiedings – *double bills*. Dit was 'n volle aand se vermaak, in duur tussen twee en drie uur lank, en dit teen uiters bekostigbare toegangsgeld: tot 1975 minder as 50 sent en teen 1980 vir hoogstens R1 (Cape Flats Players 1980). Gehore, nie net op die platteland nie, was destyds gewoon aan *double features*, 'n formaat wat bioskope met hul twee rolprentvertonings gewild gemaak het. Die Players het hierdie *double features* op toer geneem deur die Kaapse platteland met plakkate wat aangekondig het: "Adam Small en die Cape Flats Players bied aan ..." (Braaf 2012).

Soms is uittreksels uit die revues aangebied soos dié keer by 'n "internasionale hotel" in die Kaapse middestad. Onder die Wet op Aparte Geriewe moes verskillende "bevolkingsgroep" afsonderlike geriewe gebruik en kon hul slegs in "internasionale hotelle" oor die kleurgrens sosiaal saam verkeer. 'n Groep parlementariërs onder meer lede van die Driekamerparlement wat in 1983 tot stand gekom het, het 'n geleentheid wat 'n revue van die Players ingesluit het, in die hotel bygewoon. 'n Week of wat daarvoor was die leier van die Arbeidersparty, eerw. Allan Hendrickse, in die nuus omdat hy en van sy partylede "'n wit strand" in Port Elizabeth betree en daarmee die gesag van die staatspresident P.W. Botha uitgedaag het. Daarvoor is hy voor stok gekry en moes hy mnr. Botha in die openbaar om verskoning vra. In die Players se opvoering is dié petalje komies voorgestel met eerw. Hendrickse aanwesig in die gehoor. Alhoewel hy nie soos die Malmesbury-politikus uitgestap het nie, het hy gekrenk en luidkeels na afloop van die aanbieding sy lot by die hotelbestuur bekla (Braaf 2012).

Tydens 'n ander geleentheid, in 1982, het die wit opposisieparty, die Progressiewe Federale Party, se lyfblad *Deurbraak* met smaak berig dat die Players dit reggekry het om die Nasionale Party-lede die struggle-lied "Nkosi sikelela i'Afrika" te laat sing (Anon. 1982:3). By dié geleentheid was die groep uitgenooi om 'n aanbieding te doen in die Hendrik Verwoerd-gebou, die kantoortoringgebou van die parlement. Naas die amptenary was ook parlementslede, insluitende dié van die Nasionale Party, teenwoordig. Na afloop van die aanbieding is die gehoor – soos gebruiklik – uitgenooi om te staan en met gebalde vuiste die vryheidslied te sing. Verskeie lede van die teenwoordige lede van die Nasionale Party was uiters gebelgd oor dié versoek en die strekking van *What abou'de ló*, met van hulle wat van mening was dat die amptenary hulle in 'n lokval gelei het (Braaf 2012, 2017).



Die Cape Flats Players repeteer *What abou' de lô*, November 1980. Peter Braaf is tweede van links. (c) Cape Flats Players-argief

Bruin gehore het *What abou' de lô* gewoonlik meelewend ervaar, omdat dit hulle ervaring anderkant die apartheidsgrens en hulle uitsluiting van politieke en ekonomiese mag verwoord het. Selfs al was die tema van verbode liefde en selfmoord versoberend, het die Players hul spel afgewissel met komedie en musiek wat dié gehore as opheffend beleef het. Vir wit gehore soos die Nasionale Party-lede was die revue 'n aanklag teen hulle beleid en vir die inwoners van die boom-omgeefde miljoenêrsbuurt Constantia was 'n ontydige herinnering aan armoede en politieke uitsluiting ongemaklik. Tydens 'n jaarlikse Constantia Fair in die 1980's word die Players in die loop van hul aanbieding van *What abou' de lô* gevra om dit stop te sit, omdat van die kermisgangers van mening was dat dit té polities en "too heavy for a fun fair" was (Braaf 2017).

In die vroeë 1980's het die groep gaandeweg hul kontakte en verbintenis met leiersfigure, skole, sportklubs, kerke en sosiale verenigings uitgebou. Hierdie individue en groepe was onontbeerlike kontakpunte tussen die toneelgroep en hulle gehore in hoofsaaklik die westelike streke van die Kaapprovincie. In dié vroeë periode was persskakeling beperk met slegs enkele berigte per jaar oor hulle werksaamhede. Met die opkoms van *Die Burger-Ekstra*, *Ekstra-Rapport* en verskeie streekskoerante het persdekking merkbaar verbeter sodat die groep en hul bedrywighede wyer bekend geraak het. In dié oopsig moet die reusebydrae van veral die journalist Melvin Whitebooi van *Rapport* en later *Die Burger-Ekstra* wat vir kultuurbydraes verantwoordelik was, aangestip word. Later, met die aanstelling van Ivan Sylvester as die Players se skakelbeampte verbeter die groep se persskakeling en word volledige toerprogramme in die pers gepubliseer.

Uit die gepubliseerde toerprogramme is 'n duidelike patroon sigbaar (Hofmeester 1984). Volgens Braaf (2012) het hulle aanvanklik, omdat al die spelers in voltydse beroepe gestaan het, meesal oor naweke opgetree. Later as gevolg van die ongekende sukses van stukke soos sy eie *Asseblief Miesies* en Whitebooi se *Dit sal die blerrie dag wies!*, het hulle maande aaneen ook op weeksaande in 'n radius van 100 km van Bellville opgetree. In dié tyd het hulle "al langs die N1, die N2 en die N7 gespeel", dit is Braaf (2012) se verwysing na die Wes-Kaapse

dorpel wat langs die uitwaaierende snelweë uit Kaapstad geleë is. Later sou hulle hul toere uitbrei na die Karoo en die Oos-Kaap. Sedert die 1980's het die groep nuwe horisonne betree en opgetree in groot stadsteaters soos die Baxter in Rondebosch, Kaapstad, die Grahamstadse en Klein Karoo Nasionale Kunstfeeste of bekende eksperimentele teaters soos Die Ruimte in Kaapstad en Die Markteater in Johannesburg (Braaf 2012).

Die Players het sedert hul ontstaan nie 'n eie repetisieruimte gehad nie. In die dae van Dramsoc moes hulle in lesinglokale repeteer; met *Joanie Galant* en die ander dramas en van die revues het hulle aan huis van die Smalls gerepeteer (Braaf 2012; Theys 2016). Veel later, in die laatjare negentig het die bibliotekaris van die Bellville-Suid Gemeenskapsbiblioek hulle toegelaat om na-ure daar te repeteer. Geeneen van hierdie ruimtes was geskik nie, sodat bewegings wat op 'n verhoog uitgevoer moes word nooit werklik ingeoefen kon word nie (Braaf 2012). Die onmiddellike maar onbedoelde gevolg was dat die spel in al hul opvoerings noodwendig die indruk van beperktheid en ingeperktheid gegee het. Insgeelyks moes stelle lig, draagbaar en vervoerbaar wees en het dit by voorkeur bestaan uit kratte, stoele en tafels wat maklik by toer-venues verkrybaar en aampasbaar sou wees.

Die akteurs was almal amateurs, sodat repetisies besondere opoffering gevverg het. Volgens Braaf (2012) het repetisies gewoonweg van 7 nm tot 11 nm plaasgevind en dikwels tot 1:30 vm aangehou. Van die akteurs was fabriekwerkers wat skofte gwerk het en somtyds eers na die aandskof, na 11 nm, beskikbaar was. In sulke gevalle het hulle soms eers na middernag by die Small-woning opgedaag, tot 4 vm gerepeteer, teruggekeer huis toe om in sommige gevalle weer teen 7:30 vm by hul voltydse werke aan te meld (Braaf 2012; kyk ook Theys 2016). Dit is tydens dié repetisies dat hulle Small op sy kwesbaarste gesien het. 'n Geliefde gesang of 'n besondere moment in die spel kon hom 'n traan laat stort het (Braaf 2016:187). Hier het Braaf geleer dat hulle as groep partypolities onverbонde moes wees, maar "voor almal moet kan optree" (Overbeek 1984). Dit was ook tydens dié geleenthede dat hy waardes geleer het soos "selftrots", "om staat te maak op jou inherente vermoë", om "om te gee", om deur te druk en om "die beste van jou akteurs" te verwag (Braaf 2016:187).

By geleenthed van waarskynlik die laaste uitvoering van *Kanna hy kô hystoe* wat hy in September 2014 in lewende lywe gesien het, bedank 'n aangedane Small die spelers en die gehoor soos volg:

Die mense wat die woorde laat lewe, is mense soos die spelers [die Cape Flats Players] hier agter ons en ú, die gehoor. G'n dramaturg kan suksesvol wees sonder dat hy wonderlike spelers en sy [...] wonderlike gehoor, sy publiek [het nie]. [...] Aande soos vanaand, sulke aande [bring] die wonderlikste herinneringe. Soms kan die skrywer wanneer jy die werk op die verhoog sien, soos hier, skaars glo dat dit jou hand is wat 'n pen vasgehou het deur die nag [...] en dat dit jy is wat daardie werk geskryf het. Dit was weer my ervaring vanaand. Ek kan skaars glo dat dit ek was. (Braaf 2014)

Na afloop van dié geleenthed in die Bellville-Suid Gemeenskapsaal, het Small (2014) ook 'n brief aan *Die Burger* geskryf waarin hy spesifieker Braaf bedank:

Ek is Peter Braaf veral dank verskuldig vir sy lewenslange toewyding aan my werk, tot dié mate dat ek in Suid-Afrika waarskynlik nou die enigste dramaturg is geseen met ondersteuning deur 'n altyd teenwoordige en parate dramagemeenskap wat afrigting én spelers én gehore betref.

SLOTSOM

Oor meer as veertig jaar het Small en die Cape Flats Players (insluitende Dramsoc) 'n band gevorm wat vir die dramaturg en die spelers wedersyds voordelig was – vanaf sy eerste uitspraak dat hy Dramsoc en hul “rou amateurs” en minimale teatermiddele sy kritici verkeerd wou bewys. Alhoewel Small se idee van “'n vrye swart universiteit” nooit gerealiseer het nie, het oorblyfsels van die swartbewustheidsperiode oorgebly in die bewusmakende en politiek-betrokke rol van die Players. Die bekommernisse oor armoede, verval en ontheemding wat kenmerkend van Small se benadering tot die lewe was, is deur dié groep spelers deur die jare vergestalt. Geen beskrywing van die Players kan volledig wees sonder om melding te maak van die spelers se idealisme, persoonlike opoffering, hul durende energie, musicaliteit en jarelange verbintenis tot vryheid en maatskaplike geregtigheid, maar veral hul ywer vir teater vir en uit hul plaaslike gemeenskappe.

BIBLIOGRAFIE

- Anon. 1972. Dit kom uit die hart van die werklike lewe en harde lewe. *Rapport* 20 Augustus.
- Anon. 1972. *Gesprekke met Skrywers*. Kaapstad: Tafelberg.
- Anon. 1973. Joanie Galant laat dorp gons – L.K.R. loop uit. *Die Burger*, 14 Desember.
- Anon. 1982. Top Nat sings Nkosi sikele' iAfrika. *Deurbraak*. 28 February.
- Anon. 1984. Nuwe stuk vir Flats Players. *Ekstra-Rapport*, 22 April.
- Anon. 2016. Celebrating the life of Professor Adam Small. KM_C224e- 20160627150951 - University of Western Cape. www.uwc.ac.za. [14 Februarie 2017].
- Attwell, D. & D. Attridge (eds). 2012. *The Cambridge History of South African Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Botha, D. 2003. “Kanna” voor 'n nuwe toets. *Die Burger*, 13 Februarie.
- Braaf, P. 2016. Adam Small (1936-2016). *Tydskrif vir Letterkunde*, 53 (2):186–187.
- Braaf, P. 2012. Onderhoud met Hein Willemse. Bellville, 14 Maart.
- Braaf, P. 2017. Persoonlike telefoonkommunikasie met Hein Willemse. 14 Februarie.
- Braaf, V. 2014. *Kanna hy kô hystoe*. youtube.com. [11 Februarie 2017].
- Breytenbach, K. 1984. Kragsentrale – só maak Londen 'n plan. Van alles en nog wat. *Die Burger*, 21 Julie 1984.
- Cape Flats Players. 1980. *What abou' de lô. Program*. 13 Junie.
- Cruijwagen, D. 1984. From fireman to playwright. Focus. *The Cape Times*, 24 July.
- Dyers, C. 2017. E-pos-onderhoud met Hein Willemse. 2 Februarie.
- Freire, P. 1974. Conscientisation. *Cross Currents*, 24 (1): 23–31.
- Hofmeester, M. 1985. “Players op toer na Oos-Kaap”. *Die Burger*, Junie.
- House, Melanie J. 2010. Their Place on the South African Stage: The Peninsula Dramatic Society and the Trafalgar Players. Dissertation. University of Ohio. http://rave.ohiolink.edu/etdc/view?acc_num=osu1291211511 [21 Februarie 2017].
- James, W. 2011. Issel, whose politics merged with the performing arts, was far from uni-dimensional. *The Cape Argus*, 1 February. <https://www.pressreader.com/south-africa/cape-argus/20110201/281831460199777>. [14 Februarie 2017].
- James, W. 2012. A soulful giant I had the privilege of knowing. *The Cape Argus*, 17 September.
- January, C. 1997. 'n Vergelykende studie t.o.v. die aktiwiteite van stedelike en plattelandse swart amateur gemeenskapsteatergroepe in die Apartheidera. Ongepubliseerde MA-tesis. Universiteit van Wes-Kaapland.
- Kaplan, W.S. 1972. *The Cape Times*, 5 September.
- Keuris, M. 2017. Adam Small se *Kanna hy kô hystoe*: Herinnering en herbesinnings. Van der Elst, *Adam Small: Denker, digter, dramaturg – 'n huldiging*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Keuris, M. & L. Krüger. 2014. South African drama and theatre heritage (part I): a map of where we find ourselves, *South African Theatre Journal*, 27:1, 19-31, DOI: 10.1080/10137548.2014.846662.

- Kruger, L. 2012. Theatre: regulation, resistance and recovery. In Attwell & Attridge (eds). *The Cambridge History of South African Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Le Cordeur, M. 2017. Die aktualiteit van *Krismis van Map Jacobs* met verwysing na die tema van bende-kultuur en Kaaps as onderrigtaal. Van der Elst, *Adam Small: Denker, digter, dramaturg – 'n huldigung*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Moodley, S. 2017. Black Theatre an Expression of Black Consciousness.http://www.sahistory.org.za/sites/default/files/Paper_Sam_Moodley.pdf [4 Februarie 2017].
- Overbeek, R. 1984. "Braaf – die akteur met 'n roeping". Kaapse draai. *Die Burger*, 3 Augustus.
- Public Record of US Diplomacy. 1973a. "Deadlock continues over Colored University closure". Cable1973CAPET00475_b. www.wikileaks.org. 25 June. https://www.wikileaks.org/plusd/cables/1973CAPET00475_b.html. [24 Julie 2016].
- Public Record of US Diplomacy. 1973b. "Government concedes Colored University students can return without written undertaking to observe rules". Cable1973CAPET00495_b www.wikileaks.org. 11 July. https://wikileaks.org/plusd/cables/1973CAPET00495_b.html. [24 Julie 2016].
- Public Record of US Diplomacy. 1973c. "Further developments at Colored University". Cable1973CAPET00495_b www.wikileaks.org. 15 June. https://wikileaks.org/plusd/cables/1973CAPET00458_b.html [24 Julie 2016].
- Rabie, J. 1966. *Polemika 1957–1966*. Kaapstad: John Malherbe.
- State v S. Cooper and 8 others. 2012. *Volume 104, Pages 6106–6203*. AD1719-Vol104. Johannesburg: Historical Papers, University of Witwatersrand. <<http://www.historicalpapers.wits.ac.za/?inventory/U/collections&c=AD1719/R/8029>>. [11 November 2016].
- Small, A. & R. Belcher. 1972. Adam Small in gesprek met Ronnie Belcher. In Anon. *Gesprekke met Skrywers*. Kaapstad: Tafelberg.
- Small, A. met H. van Vuuren. 2012. "Jy is die vertolker": die lewensloop van Adam Small. *Tydskrif vir Letterkunde*, 49 (1): 10–14. http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0041-476X2012000100002. [5 Februarie 2017].
- Small, A. 2014. Peter Braaf en sy span verdien dank. Lesersbrief. *Die Burger*. 21 Augustus. <http://www.netwerk24.com/Stemme/Briewe/Peter-Braaf-en-sy-span-verdien-dank-20140821>. [14 Februarie 2017].
- Smith, J.F. 1990. *Toneel en politiek*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Swanson-Jacobs, J. 2009. Unsung hero helped transform UWC terrain. *The Cape Times* 2 Oktober. <https://www.pressreader.com/south-africa/cape-times/20091002/282428460238601>. [14 Februarie 2017].
- Thomas, C. 2014. Finding voice, vocabulary and community. The UWC Student movement 1972–1976. *Journal for Contemporary History*, 39 (1): 19–37.
- Theys, H. 2016. Taalraad: Vaarwel, Adam Small, vriend, mentor en gemeenskapsbouer. <<http://www.litnet.co.za/taalraad-vaarwel-adam-small-vriend-mentor-en-gemeenskapsbouer/>>. [17 Oktober 2017].
- Van der Elst, J. 2017. *Adam Small: Denker, digter, dramaturg – 'n huldigung*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Van Niekerk, J. 2017. Brechtiaanse vervreemding in Adam Small se *Kanna*: 'n poging tot opvoeranalise. Van der Elst, *Adam Small: Denker, digter, dramaturg – 'n huldigung*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Van Wyk, S. 2017. Adam Small se identiteitskonstrukte. Van der Elst, *Adam Small: Denker, digter, dramaturg – 'n huldigung*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Van Zyl, W. 2015. Swart Afrikaanse Gemeenskapsteater in 'n oorgangstyd: 'n Verslag uit die Wes-Kaap. In Willemse & Van Wyk (reds.). *'n Vlag aan die tong*. Pretoria: Hond; Wildernis: abrire doman.
- Willemse, H. & S. van Wyk (reds.). *'n Vlag aan die tong*. Pretoria: Hond; Wildernis: abrire doman.

Die Konstitusionele Hof se kultuurdiversiteits-opdrag aan die onderwys: Aanloklike bestemming anderkant 'n ongekaarte mynveld

The educational cultural diversity imperative of the Constitutional Court: Attractive destination on the other side of an uncharted minefield

JOHAN BECKMANN

Navorsingsgenoot: EduHright-eenheid

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: Johan.Beckmann21@gmail.com



Johan Beckmann

JOHAN BECKMANN het aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, die Potchefstroomse Onderwyserskollege, die Randse Afrikaans Universiteit en die Universiteit van Pretoria (waar hy 'n doktorsgraad voltooi het) gestudeer. Hy was onderwyser, senior onderwyser en vise-hoof voordat hy in 1980 by die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad (SAOR) (later die Federale Onderwysersraad) (FOR) in diens getree het. Hy was 'n adjunk-direkteur van die FOR voordat hy in 1992 by UP aangesluit het. Hy het as professor en departementshoof gewerk en aan die einde van Junie 2013 uit diens getree, maar is steeds deeltyds betrokke by die Universiteit van Pretoria en die EduHRight-eenheid van Noordwes-Universiteit.

Hy het twee eremedaljes van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Opvoedkunde ontvang en was 'n adjunk-professor aan East China Normal University. Hy het leierskaprolle in verskeie professionele organisasies gespeel en het wyd nasionaal en internasionaal gepubliseer. Hy was gasredakteur van 2 internasjonale en twee nasionale akademiese tydskrifte.

JOHAN BECKMANN studied at the Potchefstroom University for CHE, the Potchefstroom Teachers' Training College, the Rand Afrikaans University and the University of Pretoria, where he completed a doctorate. He was a teacher, senior teacher and vice-principal before he joined the South African Teachers' Council (SATC) (later known as the Teachers' Federal Council (TFC)) in 1980. Before he joined the University of Pretoria in 1992, he was a deputy-director of the TFC. He served as a professor and Head of Department and retired at the end of June 2013 but is still attached to the University of Pretoria and the EduHRight Unit of the North-West University on a part-time basis.

He twice received medals of honour from the South African Association for Education and was an adjunct professor at East China Normal University in Shanghai. He played leading roles in various professional organisations and published widely in national and international publications. He was guest editor of two international and two national scholarly journals.

ABSTRACT

The educational cultural diversity imperative of the Constitutional Court: Attractive destination on the other side of an uncharted minefield

Culture and education are inextricably linked and education is one of the spheres in which an individual person or a collective may practise their closely-related rights to culture and freedom of expression. Different role players in education all have cultural rights and culture can have a beneficial or negative effect on the functioning of an educational institution and, consequently, on the realisation of cultural and educational rights.

Because culture is an emotional issue linked to a person's concept of self-worth and may be misused to discriminate against people, members of a school community could easily feel that their cultural rights are threatened and culture-based conflict often ensues. A culturally homogeneous country is not as prone to endemic cultural conflict as a culturally deeply diverse country like South Africa.

In South Africa, cultural rights and the expression and practice thereof are regulated by constitutional and other laws designed to ensure harmony in this regard. Nevertheless, cultural conflict often arises in South African schools and is sometimes even escalated to the courts. The functioning of schools is sometimes disrupted by culture-based conflict, of which the recent protests about the regulation of girls' hairstyles in some schools is an apt example.

The well-known Pillay case ensued from disciplinary measures a well-known girls' school took against a girl who wore a nose stud contrary to the school's dress code to demonstrate her solidarity with her cultural heritage. In this Constitutional Court case the school's action was set aside. In the judgment, Chief Justice Pius Langa said that the exercise of religion and culture in schools was something to be celebrated and not feared. He said that the more learners feel free to express their religions and cultures in school, the closer we come to the society envisaged in the Constitution. To his mind the display of religion and culture in public was not a "parade of horribles" but a pageant of diversity which will enrich our schools and also our country.

The celebration of diversity in all schools sounds like an attractive proposition but it is most likely not as easy to achieve as the Chief Justice might have hoped. I will discuss the problems associated with the achievement of the Chief Justice's idea by firstly discussing some of the dimensions of the elusive concept culture, using legal and other perspectives.

I refer to the National Policy on the South African Standard for the Principalship (2016) of the Department of Basic Education which declares that all good South African school principals embrace and practice the principles of ubuntu in their management and leadership practices. This preference could marginalise all other cultures in the leadership and management cultures of South African schools.

I surveyed the literature and came to the conclusion that, regarding cultural diversity, one may distinguish a Western and an African culture (in the form of ubuntu) in South African society without discriminating unfairly or encouraging conflict. I discuss the implications of the assumption that one may distinguish two broad cultures in South Africa despite the fact that there are countless variations of each and that one probably needs to speak of forms of ubuntu instead of referring to this notion in the singular. In particular, educational leaders are sometimes confronted by a choice between obeying the norms of a culture or legal principles when they have to handle conflict emanating from culture. Naturally, this causes tension and one can understand why some managers sometimes choose cultural principles over legal ones, especially in light of the fact that there do not seem to be many legal consequences for doing so.

In conclusion, I discuss a case study from the literature. The case deals with the sexual abuse of girls by educators and asks why parents and educators remain silent about this phenomenon even though they know it is an infringement of several rights of the girls in question. The case is also an illustration of the fact that the rights of vulnerable minority groups (in this case, school girls in a rural setting) can be violated because people make decisions informed by cultural norms and not by the law. Such decisions inevitably impinge on the girls' rights to education and to have their best interests guide decision making in education and they also indicate that people may sometimes offer or use culture as a defence against allegations of wrongful deeds.

From the case study, it is clear that educators and parents sometimes deliberately choose to obey cultural and not legal norms even though their decisions will undoubtedly have deleterious effects on the girls' futures. I hope to discuss more instances of the problematic conundrum of culture, the law and the educational interests of children in a follow-up article.

I believe, that much needs to be done before Chief Justice Langa's ideal can be attained. Many people will have to be empowered in many ways before justice can be done to the expression of cultural rights in education. It is clear to me that we will have to traverse a proverbial minefield without a roadmap to reach the ideal.

KEY TERMS: Culture, diversity, *ubuntu*, cultural norms, cultural imperative, traditional African culture, Western-positivist culture, tension between the law and culture, vulnerable groups, cultural pressure on decisions

TREFWOORDE: Kultuur, diversiteit, *ubuntu*, kulturele norme, kulturele imperatief, tradisionele Afrika-kultuur, Westers-positivistiese kultuur, spanningsveld tussen die reg en kultuur, kwesbare groepe, kulturele druk op besluite

OPSOMMING

Kultuurbaseerde konflik in die onderwys is endemies in 'n land wat so kultuurdivers soos Suid-Afrika is. Hoewel kulturele regte deur die reg gereguleer word, ontstaan daar tog konflik tussen kulture wat selfs in hofgedinge uitloop en die funksionering van skole negatief beïnvloed. In die Pillay-hofsaak het Hoofregter Pius Langa gesê dat kultuurdiversiteit in die onderwys verwelkom en gevier moet word en nie gevrees moet word nie. Die viering van diversiteit klink aanloklik maar dit is nie duidelik hoe dit altyd moontlik is nie.

In hierdie artikel bespreek ek enkele dimensies van die moeilik-definieerbare begrip *kultuur* aan die hand van enkele regs- en ander perspektiewe. Ek verwys ook na die *Standard for the Principalship* (2016) waarin dit gestel word dat goeie hoofde van alle Suid-Afrikaanse skole die beginsels van *ubuntu* hul eie moet maak en in hul besturspraktyk moet verreken. Dit kan tot die marginalisering van ander kulture lei.

Die bestaan van 'n tradisionele Afrika-kultuur (naamlik *ubuntu*) en 'n Westers-kapitalistiese kultuur en die implikasies daarvan word bespreek. Onderwysbestuurders is soms eerder aan kulturele norme as die reg gehoorsaam omdat hulle in 'n spanningsveld tussen die twee stelle aansprake moet funksioneer.

Ek sluit af met 'n voorbeeld van 'n geval waar die regte van 'n kwesbare groep naamlik skooldogters aangetas is deur mense wat kulturele norme bo die reg gehoorsaam het. Ek beoog om in 'n opvolgartikel meer gevalle onder die soeklig te plaas.

Voordat die ideaal van regter Langa werklik kan word, moet daar eers deur 'n spreekwoordelike mynveld beweeg word.



If there are rituals performed ... that do not pass the test of constitutionality they should not prevail merely because they are part of a religion [or culture]. Neither should the followers of a religious [or cultural] belief regard themselves as outside the law merely because they have a constitutional right to practise their religion [or culture] together with other members of their religious [or cultural] community

(Prof Christa Rautenbach soos aangehaal deur Matthee 2014).

No one may invoke cultural diversity to infringe upon human rights guaranteed by international law, nor to limit their scope (UNESCO, 2001).

1. INLEIDING: HOOFRGTER PIUS LANGA IDENTIFISEER 'N DOEL-STELLING

In paragraaf 107 van die Konstitusionele Hof-uitspraak wat onder andere handel oor kultuur en vryheid van uitdrukking in die onderwys (*MEC for Education, KwaZulu-Natal v Pillay* 2008 2 BCLR 99 (KH)) (hierna *Pillay*) het die destydse hoofregter Pius Langa 'n belangrike stelling gemaak wat as 'n riglyn of opdrag oor die hantering van kultuurdiversiteit en -konflik in die onderwys beskou kan word. Hoofregter Langa het sy siening oor kulturele diversiteit in skole soos volg verwoord:

If there are other learners who hitherto were afraid to express their religions or cultures and who will now be encouraged to do so, that is something to be celebrated, not feared.

As a general rule, the more learners feel free to express their religions and cultures in school, the closer we come to the society envisaged in the Constitution. The display of religion and culture in public is not a 'parade of horribles' but a pageant of diversity which will enrich our schools and in turn our country.

Die Hoofregter voer aan dat leerders deur die uitspraak aangemoedig sal word om uitdrukking aan hulle kulture of godsdienste te gee en om nie meer vreesagtig daaroor te wees nie. Hy stel dit ook dat hierdie uitdrukking wat kinders aan hulle kulture of godsdienste kan gee nie deur ander gevrees moet word nie maar gevier moet word. Hy voorsien ook dat hoe meer kinders vry sal voel om uitdrukking te gee aan hulle godsdienste en kulture, hoe nader sal Suid-Afrika daaraan kom om die land te word wat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996 (hierna die Grondwet) (Republiek van Suid-Afrika, 1996) voorsien word en wat die emeritus-aartsbiskop Tutu die Reënboognasie genoem het (South Africa.net 2016). Die hoofregter se verwysing na die land wat in die Grondwet in die vooruitsig gestel word is waarskynlik na die Aanhef van die Grondwet wat dit stel dat die mense van Suid-Afrika die Grondwet aanneem ten einde onder andere die "verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewning gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep...".

Hierdie klink inderdaad na 'n utopie vir die onderwys. Die vraag is egter hoe om by die utopie uit te kom. Ek sal in hierdie artikel aanvoer dat die utopie wel 'n aanloklike bestemming kan wees maar dat die pad daarheen nie met rose besaai en duidelik uitgeplavei is nie. Die bestemming word duidelik voorgestel maar dit lyk of die pad daarheen ongekaart is (soos Coenie de Villiers dit gestel het in een van sy baie bekende liedjies) en asof dit boonop deur 'n mynveld kronkel.

Die bostaande siening van regter Langa is in ooreenstemming met die algemeen-aanvaarde siening van multikulturaliteit (kulturele diversiteit) in die onderwys van 'n land, naamlik dat die onderskeie kulture elkeen gerespekteer, gevier en ontwikkel moet word maar dat daar ook

'n gesamentlike of nasionale kultuur ontwikkel moet word – iets wat ooglopend nie maklik is nie.

Pillay het ook skole se gedragskodes vir leerders onder die loep geneem. Sodanige kodes is uiteraard ondergeskik aan die bepalings van onder meer artikel 9 (3-4) van die Grondwet wat onbillike diskriminasie op grond van onder andere kultuur, taal en godsdiens deur die staat en deur elke persoon (en gevvolglik ook skole wat regspersone is) verbied. Regter Langa se siening oor kultuurdiversiteit in skole kan ook 'n kultuurdiversiteitsimperatif ('n opdrag om diversiteit en die uiting daarvan te vier) genoem word en het tegelyk kommer en tevredenheid in onderwyskringe veroorsaak. Daar was kommer dat kultuur bo skoolreëls en dissipline verhef kan word en tot ordelooseheid in skole kan lei en tevredenheid oor die ondubbelssinnige bevestiging van die grondwetlike reg op vryheid van uitdrukking en kultuur in die onderwys.

Prinsloo (2007:3) haal Moran (1995:295) aan wat die kommer oor multikulturele onderwys in die VSA geformuleer het en 'n soortgelyke respons in die VSA oor die kultuurdiversiteitsimperatif suggereer as wat in Suid-Afrika bestaan:

Demands for multicultural education have in turn sparked concern that traditional norms of excellence will be sacrificed to trendy multiculturalism; critics also fear that heightening cultural awareness will lead to ethnocentrism and divisiveness.

Die Hoofregter se siening oor die diversiteit van kultuur in skole is positief en miskien in 'n mate idealisties wanneer hy opmerk dat die "pageant of diversity" ons skole en ons land sal verryk. Die struikelblokke wat oorkom moet word om die viering van kulturele diversiteit, soos regter Langa dit voorgestel het, moontlik te maak, sluit sake soos die volgende in: die moontlikheid en die werklikheid van die misbruik van kultuur as regverdiging vir onregmatige en ontoelaatbare optrede of om aan die gevolge van onregmatige dade te ontkom (soos die verwysing na prof Christa Rautenbach se stelling deur Matthee hierbo aangehaal dit glashelder stel), hoe kulturele konflik billik teenoor alle belanghebbendes bestuur kan word, onduidelikheid oor die betekenis van die begrip kultuur, die probleem om vas te stel of bepaalde gevalle van onregmatige optrede werklik aan kultuur en nie aan ander beweegredes nie moet toegeskryf word, die vervlegtheid van kultuur en ras met mekaar en die identifisering van watter kulture met mekaar in bepaalde gevalle bots en die problematiek oor die bestaan al dan nie van twee hoof-kultuurstrome in onderwysinstellings in Suid-Afrika, naamlik 'n Westerse en 'n tradisionele Afrika-kultuur.

Alhoewel kultuurverskeidenheid dus geleenthede om onderwys te verryk bied, gaan dit ook gepaard met probleme en uitdagings wat nadelige gevolge vir onderwysinstellings en individue en groepe kan hê. Trouens, die voorkoms van kultuurkonflik en -spanning en die uitdaging om botsings billik te bestuur is van so 'n aard dat dit waarskynlik die skryf van 'n afsonderlike artikel regverdigig.

Dit wil voorkom of die Konstitusionele Hof 'n aanloklike bestemming aan die onderwys voorhou sonder om 'n roetekaart na die bestemming te verskaf. Ek gaan daarom in hierdie artikel net enkele oriénterende opmerkings oor so 'n roetekaart maak. Ek kan nie 'n gedetailleerde roetekaart verskaf nie en sal slegs oriénterende aantekeninge oor kultuur en kultuurdiversiteit in die onderwys en die problematiese en ingewikkeld aard daarvan aanbied. Hierdie aantekeninge sal gebaseer word op relevante regsperspektiewe sowel as perspektiewe uit die algemene literatuur oor kultuur.

Ek sal afsluit met 'n kort verwysing na 'n paar soorte kultuurverwante konflik wat in die onderwys voorkom en wat ek beoog om in 'n opvolgartikel te bespreek. Daarna sal ek 'n

voorlopige gevolgtrekking oor hooffreter Langa se opmerking oor leerders se kultuurregte en vryheid van uitdrukking maak. Die gevolgtrekking kan net voorlopig wees omdat mens alleen 'n verantwoordbare standpunt kan inneem nadat behoorlik aandag geskenk is aan 'n behoorlike ontleding van die begrip kultuur en beide die positiewe en negatiewe vergestaltings (idealiteit en realiteit) van kultuurdiversiteit in die onderwys.

2. ENKELE ORIËNTERENDE OPMERKINGS OOR KULTUUR EN KULTUURKONFLIK IN DIE ONDERWYS

Wie in Suid-Afrika oor kultuur skryf, begewe hom op gevaarlike terrein. In die eerste plek ontglip die begrip eenvoudig eenduidige definisie. Strauss(2011:64) verwys na die "oewerloosheid van die gebruikskontekste van die term kultuur" en verwys ook na literatuur wat aandui dat "kultuur onder die twee of drie moeilikste definieerbare terme in Engels tel". Simone Caramel (2009:2) verwys daarna dat Kroeber en Kluckhohn 'n lys van 164 definisies van die woord "kultuur" opgestel het. Die moontlike negatiewe koppeling van kultuur aan vlakke van beskawing (Huntington 1997; UNESCO 2001; Ferguson 2012; en Vervliet 2009) en die verset teen die gelykstelling van kultuur aan ras sowel as die gebruik daarvan om teen mense te diskrimineer in die apartheidsera beteken dat enige bespreking van 'n aspek van kultuur in sommige kringe met agterdog bejeën en as 'n vermomde of verbloemde uitdrukking van rassisme beskou word. Hoewel ek met Strauss saamstem en meen dat die begrip "kultuur" ook in Afrikaans 'n moeilik-definieerbare begrip is, wil ek tog in die onderstaande paragraaf 'n operasionele definisie van die begrip kultuur en diversiteit probeer bou deur kortlik op aspekte van kultuur en kultuurkonflik te fokus om sodoende 'n roetekaart te ontwikkel vir die reis na hooffreter Langa se voorgestelde bestemming oor kulturele diversiteit.

Kultuurregte is onlosmaakbaar van ander menseregte soos menswaardigheid (United Nations 2001). Iets wat hiermee verband hou, en wat nie algemeen in besprekings oor minderheidskulture na vore kom nie, is die stelling in artikel 2.1 van die Verenigde Nasies se Verklaring (United Nations 1992) dat "[P]ersons belonging to national or ethnic, religious and linguistic minorities ... have the right to enjoy their own culture ...". Hieruit kan mens aflei dat kultuur gevorm word deur mense se etnisiteit, religieuse opvattingen en die tale wat hulle gebruik. Wanneer mens dus oor kultuur besin, besin jy nie bloot oor wat mense doen nie en hoe hulle dit doen nie maar jy raak ook aan drie sake wat aan die kern van menswees lê naamlik etnisiteit, godsdiens en taal en wat saam 'n baie plofbare mengsel skep. Wanneer hierdie drie sake saam in een begrip verreken moet word, beteken dit dat enige hantering van 'n kultuuraangeleenthed ten diepste 'n aanraking van drie hoogs-sensitiewe dimensies van menswees is. Die stelling beklemtoon dat wie hom ook al op die terrein van die kultuur begewe hom inderdaad op 'n baie gevaarlike gebied begewe.

Ten einde 'n operasionele omskrywing van kultuur en kultuurkonflik in ooreenstemming met hooffreter Langa se siening te ontwikkel en om ook riglyne aan die hand te kan doen vir die bestuur van uitdagings en konflik wat daaruit mag voortspruit, wil ek begin deur enkele relevante regsperspektiewe aan die orde te stel. Die oriënterende opmerkings kan dus dien as sake wat oorweeg moet word wanneer beleid en strategie oor kultuur en kultuurkonflik ontwikkel word asook wanneer kultuurverwante insidente wat die klimaat in 'n skool ontwrig voorkom.

2.1 Enkele regsperspektiewe

Caveat

'n *Caveat* is hier gepas. Ek gaan na tersaaklike regsperspektiewe verwys omdat die onderwys, net soos enige samelewingskring, deur die reg gereguleer word en alle aktiwiteit en verhoudinge in die onderwys aan die reg onderworpe is (Beckmann & Prinsloo 2015:386). Mens moet dus van die reg kennis neem in die bespreking van enige aangeleentheid wat uit die uitoefening van kulturele regte mag voortspruit, alhoewel die versoeking altyd daar is om kultuur as iets los van die reg te beskou.

Mens moet egter ook daarvan kennis neem dat hierdie artikel in die eerste plek fokus op kultuuruitinge binne die onderwys en dat dit dus primêr as 'n opvoedkundige aangeleentheid gesien moet word. Een uitvloeisel van hierdie gegewene is dat dissiplinêre prosesse wat in 'n skool uit kultuurkonflik vanweë diversiteit ontstaan hoogstens as kwasi-judisieel van aard en nie as strafregtelike prosesse nie gesien kan word. Hoewel sodanige handelinge kenmerke van regsprosesse kan vertoon, is dit nie regsprosesse nie. Beckmann en Prinsloo (2014:33) stel dit dat 'n "quasi-judicial act is not a judicial act but in a sense and to a degree it appears to be a judicial act. A disciplinary hearing therefore has elements of a court hearing but is not a hearing in a court of law".

Hoewel alles wat in 'n skool gebeur onderhewig is aan die reg (in besonder ook aan die Grondwet van 1996) is 'n skoolhoof en onderwysers eerstens professionele opvoeders wat op die beste belang van die kind en die skep van 'n toekoms vir die kind ingestel is. Hulle uitoefening van discipline is ook, soos die regstelsel, op geregtigheid en billikheid en rehabilitasie ingestel maar hulle vertrekpunt bly die opvoeding van die kind om behoorlike volwassenheid te bereik.

Ek begin met 'n bespreking van konstitusionele en statutêre reg gedagtg aan die oppergesag van die Grondwet van 1996.

2.1.1 Enkele relevante statutêre en ander bepalings

a) Grondwetlike regte

- (1) Artikel 2 van die Grondwet handel oor die oppergesag daarvan en bepaal dat dit die hoogste reg van die Republiek is. Enige regsvoorskrif of optrede (dus ook optrede wat met kultuur verbind kan word) wat daarmee onversoenbaar is, is ongeldig. Die verpligte wat deur die Grondwet opgelê is, moet nagekom word.
- (2) Artikel 9 (2-3) bepaal dat die staat of enige persoon nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand anders mag diskrimineer op grond van onder andere sy ras, geslagtelikheid, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, *kultuur*, taal en geboorte nie (Beklemtoning deur die skrywer bygevoeg).
- (3) Verskeie ander regte kan ook 'n rol speel in konflik oor kultuur. Voorbeeld van sodanige regte is: artikel 10 wat die reg op menswaardigheid verskans, artikel 11 wat bepaal dat elkeen die reg op lewe het, artikel 11 wat mense beskerm teen geweld en vernederende straf, artikel 15 (1) wat aan elkeen die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening gee, artikel 15 (2) wat aan almal die reg op godsdiensbeoefening onder meer by openbare skole gee (onderhewig aan bepaalde beperkings) en artikel 16 wat aan almal 'n wye reg op vryheid van uitdrukking gee wat tog aan beperkings onderworpe is.

- (4) Artikel 30 handel pertinent oor taal- en kulturele regte en bepaal dat elkeen die reg het om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem mits dit nie op 'n wyse gedoen word wat nie met die Handves van Regte onversoenbaar is nie.
- (5) Artikel 31 bevat bepalings oor kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe en bepaal soos volg –
- Persone wat aan 'n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, mag nie die reg ontsê word nie om, saam met ander lede van daardie gemeenskap –
 - hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik nie; en
 - kultuur-, godsdiens- en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit nie.
 - Die regte in subartikel (i) mag nie uitgeoefen word op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onversoenbaar is nie.
- (6) Alle regte in die Handves van Regte kan beperk word soos bepaal in artikel 36 van die Grondwet.
- (7) Hoofstuk 9 van die Grondwet maak voorsiening vir staatsinstellings ter ondersteuning van grondwetlike demokrasie. In artikel 185 (1) in hoofstuk 9 word voorsiening gemaak vir die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe. Hierdie Kommissie het onder andere die volgende hoofdogmerke:
- Om respek te bevorder vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe; en
 - om vrede, vriendskap, menslikheid, verdraagsaamheid en nasionale eenheid onder kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe op die grondslag van gelykheid, nie-diskriminasie en vrye assosiasie te bevorder en te ontwikkel.
- Kragtens subartikel 2 het die Kommissie die bevoegdheid (wat deur nasionale wetgewing gereguleer word) wat nodig is om sy hoofdogmerke te bereik. Dit sluit in die bevoegdheid om kwessies betreffende die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe te monitor, te ondersoek, na te vors, opvoeding daaroor te voorsien, steun daarvoor te werf, daaroor te adviseer en verslag daaroor te doen.
- Subartikel 2 gee aan die Kommissie die bevoegdheid om enige aangeleentheid wat binne sy bevoegdhede en funksies val aan die Menseregtekommisie vir ondersoek te rapporteer.

b) *Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996*

Die Aanhef van hierdie wet verklaar dat Suid-Afrika 'n behoefté het aan 'n nuwe nasionale stelsel vir skole wat Suid-Afrika se verskeidenheid van kulture en tale sal beskerm en bevorder. Dit bevat ook ander bepalings wat betrekking het op die vryheid van kultuur.

- Artikel 5 (3) (B) bepaal dat geen leerder toelating tot 'n openbare skool geweier word nie op grond daarvan dat sy of haar ouer nie die missiestelling van die skool onderskryf nie. Hierdie subartikel beskerm die kind teen moontlike viktimisasie indien sy ouer nie die kultuur (missiestelling) van die skool sou ondersteun of aanvaar nie.
- Artikel 6 (2) bepaal dat die beheerliggaam van 'n openbare skool die taalbeleid van die skool bepaal. Hierdie bepaling bied belangrike beskerming aan leerders ook omdat taal en kultuur onlosmaaklik gekoppel is. Leerders word verder beskerm deur die feit dat hierdie bevoegdheid onderhewig is aan die Grondwet, die Skolewet en enige

ander provinsiale wet. Artikel 6 (3) brei die beskerming uit en verbied alle vorms van rassediskriminasie in die uitvoering van die beleid.

- (3) Artikel 7 bepaal in die lig van artikel 15 (2) van die Grondwet dat godsdiensbeoefening by openbare skole mag plaasvind “ingevolge reëls wat deur die beheerliggaam uitgevaardig is, indien sodanige beoefening op ’n billike wyse geskied en bywoning daarvan deur leerders en personeellede vry en vrywillig is”.
- (4) Artikel 8 (1) beskerm die kultuur van leerders en ouers in ’n mate deur te bepaal dat die beheerliggaam van ’n openbare skool ’n gedragskode vir leerders moet aanvaar “ná oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van die skool”. Hierdie bepaling verseker dat ouers en leerders minstens geraadpleeg moet word in die ontwikkeling van ’n gedragskode vir leerders.
- (5) Artikel 10 (1) bepaal dat geen persoon by ’n skool lyfstraf aan ’n leerder mag toedien nie. Hierdie bepaling druis reëlreg in teen baie kulturele en godsdienstige groepe se oortuigings oor wat toelaatbare straf vir kinders is.
- (6) Artikel 10A (1) verbied alle persone om “enige inisiasiepraktyke teen ’n leerder by ’n skool of in ’n koshuis wat leerders van ’n skool huisves”, te bedryf of daaraan deel te neem. Dit beskerm leerders dus teen onaanvaarbare inisiasiepraktyke in ’n skool (wat kulturele elemente kan insluit) maar dit plaas nie ’n verbood op die sogenaamde kulturele inisiasie wat later bespreek sal word nie.

c) Die regte van die skool

’n Skool as sodanig is ’n regspersoon volgens artikel 15 van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (hierna die Skolewet) (Republiek van Suid-Afrika 1996 (a)) en kan daarom die draer van regte en pligte wees. Dit het ook ’n reg om ’n eie kultuur of etos te definieer en te beoefen – soos afgelei kan word uit artikels 8 en 9 van die Skolewet wat handel oor ’n skool se gedragskode. Artikel 20(1)(c) van die genoemde wet verplig die beheerliggaam van ’n openbare skool om ’n missiestelling (etos / kultuur) vir die skool te ontwikkel. Dit is opmerklik dat skole *verplig* word om ’n eie missiestelling te ontwikkel en nie net *toegelaat* word om dit te doen nie (Beklemtoning deur die skrywer bygevoeg).

d) Die arbeidsregte van onderwysers

Die klem is in hierdie artikel op die kulturele regte van leerders maar dit mag nie los van opvoeders en ander betrokkenes se belang en regte gesien word nie. Prinsloo (2009:2) werp lig op ’n reg van onderwysers wat in hierdie verband waarskynlik meermale oorgesien word. Hy verwys na ’n belangrike dokument wat UNESCO en die Internasionale Arbeidsorganisasie (“International Labour Organization” (ILO)) aanvaar het en in 1966 die lig laat sien het as ’n aanbeveling (“Recommendation”) oor die status van onderwysers (UNESCO en die Internasionale Arbeidsorganisasie, 1966) (hierna Recommendation). Hierdie dokument handel onder andere oor die basiese vereistes vir bevredigende werksomstandighede van onderwysers.

Die Recommendation stel dit dat die gesondheid van onderwysers meer as ooit vantevore deur stres aangetas word. Dit word algemeen aanvaar dat stres die gehalte van die onderrig wat onderwysers gee, nadelig raak. Voorbeeld van faktore wat stres en spanning by onderwysers veroorsaak, word genoem en die Recommendation verwys in die besonder na die “inclusion in ordinary classes of pupils with different national, *linguistic or cultural backgrounds* or children with learning difficulties or special needs” (Beklemtoning deur die skrywer bygevoeg).

Prinsloo (2009:3) merk op dat die kulturele en ander verskille wat tot konflik in skole lei en kan lei op 'n "billike manier hanteer en bestuur word". Billikheid is ingebed in die reg in begrippe soos geregtigheid, die afweeg van belang en redelikheid en impliseer onder andere dat, indien daar nie met die nadelige invloed van kultuurdiverse klasse op 'n onderwyser se werkomsaaklike rekening gehou word nie, dit onbillike arbeidspraktyke tot gevolg kan hê. Uiteraard sal dit nie bevorderlik vir die oplossing van konflik en die skep van 'n harmonieuse kultuur kan wees nie.

Dit wil dus voorkom of daar in die hantering van kultuurdiversiteit in 'n skool ook deeglik met die arbeidsregte van onderwysers rekening gehou sal moet word om onnodige en bykomende spanning en stres te voorkom.

e) *Volkereg ("international law")*

Artikel 39 (1) (b) van die Grondwet bepaal dat by die uitleg van die Handves van Regte 'n hof, tribunaal of forum (soos 'n dissiplinêre verhoor) die volkereg in ag moet neem. Ek gaan daarom kortliks na twee relevante internasionale regsinstrumente verwys.

- 1) UNESCO Universal Declaration on Cultural Diversity (UNESCO, 2001)

Hierdie Verklaring maak 'n aantal baie relevante stellings vir hierdie artikel:

 - i. Kultuur is die hart van kontemporêre debatte oor identiteit, sosiale kohesie en die ontwikkeling van 'n kennisgebaseerde ekonomie.
 - ii. Globalisering skep die geleentheid vir 'n hernude dialoog tussen kulture en beskawings.
 - iii. Kulturele diversiteit is net so nodig vir die mensdom soos biodiversiteit vir die natuur. Dit is die gedeelde ervenis van die mensdom en as sodanig moet dit erken en bevestig word ("affirmed") tot voordeel van huidige en toekomstige generasies.
 - iv. In toenemend-diverse samelewings is dit noodsaaklik om te verseker dat daar harmonieuse interaksie tussen mense en groepe sal wees en dat hulle bereid sal wees om saam te lewe.
 - v. Die beskerming van kulturele diversiteit is 'n etiese imperatief wat nie van menswaardigheid onderskei kan word nie. Geen mens mag kulturele diversiteit gebruik om op die menseregte wat deur die volkereg gewaarborg word inbreuk te maak of om dit te beperk nie.
 - vi. Alle mense is geregtig op kwaliteit onderwys en opleiding wat hulle kulturele identiteit respekteer. By implikasie kan daar dus nie slegs aan een kultuur (die sogenaamde dominante kultuur) in 'n multikulturele opset erkenning gegee word nie.
 - vii. In diverse samelewings moet die insluiting en deelname van groepe van verskillende agtergronde bevorder word.
 - viii. Taaldiversiteit wat die moedertaal van leerders respekteer, moet op alle vlakke van die onderwys aangemoedig word en die aanleer van verskillende tale moet van die vroegste moontlike ouderdom bevorder word.
 - ix. Tradisionele opvoedingswyses ("Traditional pedagogies") en die gebruik van kultuurtoepaslike metodes van kommunikasie en die oordrag van kennis moet bevorder word.
- 2) Die UN Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities (United Nations 1992)

Die Verklaring stel dat die bevordering en beskerming van die regte van nasionale, etniese, religieuse en taalkundige minderhede kan bydra tot die politieke en maatskaplike stabiliteit van die lande waarin hulle leef.

Verskeie artikels is relevant vir hierdie artikel.

- i. Artikel 1.1. Die onderskeie lande wat lede van die Verenigde Nasies is, moet die bestaan van die nasionale etniese, religieuse en taalidentite van minderhede beskerm en omstandighede wat dit sal bevorder aanmoedig.
- ii. Artikel 2.1 Mense wat aan etniese, religieuse en taalminderhede behoort, het die reg om hulle eie kultuur te geniet sonder inmenging en enige vorm van diskriminasie.
- iii. Artikel 4.2 Lidstate van die Verenigde Nasies moet maatreëls tref om gunstige omstandighede te skep waaronder mense wat aan minderhede behoort hulle kultuur, taal, godsdienst, tradisies en gebruik kan ontwikkel solank 'n bepaalde gebruik nie in stryd is met nasionale reg of internasionale standarde nie.
- iv. Artikel 4.4 In die onderwys moet lidstate waar toepaslik maatreëls tref om kennis van die geskiedenis, tradisies, taal en kulture van minderhede in hulle gebiede aan te moedig.

Wanneer daar wel konflik en dispute (ook oor kulturele aangeleenthede) ontstaan, is die laaste uitweg ter beslegting van geskille dat partye hulle tot die hof wend om 'n gesaghebbende besluit te kry oor die bepaalde twispunt(e). Ek gaan daarom in die onderstaande paragrawe kyk na enkele hofuitsprake (regspraak) wat rigtinggewende uitsprake gelewer het oor aspekte van kultuurkonflik in die onderwys.

2.1.2 Regspraak

Dat aspekte van kultuur en onderwys al in die howe bereg is (onderhewig was aan regspraak), is bekend. Bray (2007:13) bespreek artikel 29 (2) van die Grondwet wat bepaal dat elkeen die reg het om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Artikel 29 (2) bevat ook addisionele bepalings om die staat in staat te stel om "doeltreffende toegang tot en verwezenliking van hierdie reg te verseker". Volgens Bray (2007:13) is die addisionele bepalings in 'n demokratiese en multikulturele samelewing nodig om skole te verhoed om 'n enkele kulturele vryheid te beskerm en bevorder ten koste van ander vryhede en om onbillike diskriminasie te bevorder "under the guise of protecting and promoting cultural freedoms".

Matukane v Laerskool Potgietersrus

Bray se stelling oor pogings om onbillike diskriminasie onder die dekmantel van die beskerming van kulturele vryheid te bevorder is 'n verwysing na die uitspraak in die saak *Matukane v Laerskool Potgietersrus* 1996 3 SA 223 (T), waar die skool nie Swart leerders wou toelaat tot 'n laerskool nie omdat die skool gedink het dat hulle nie die kultuur en taal van die skool sou kon hanteer nie. Volgens Bray (2007:13) is die bedoeling van die addisionele bepalings in artikel 29 dat skole verplig moet word om rasse-ongelykhede van die verlede reg te stel sodat leerders die geleenthede kan kry om al hulle menseregte ten volle te geniet.

Mawdsley en Beckmann (2013:312) bespreek ook die *Matukane*-saak en verwys na regter Spoelstra se uitspraak wat ander aspekte van die saak beklemtoon maar ook die onregmatigheid van die betrokke skool, die Laerskool Potgietersrust, se optrede beklemtoon:

The school argued that the school had an exclusively Christian Afrikaans culture and ethos which the school was entitled to protect ‘by refusing to admit pupils from a different or foreign language’. In granting the parents an order for admission to the school, Justice Spoelstra rejected the school’s claim that a culture should be allowed to have its own schools where children can be educated in the mother-tongue according to their own religion and culture.

Gauteng Provincial Legislature In re: Gauteng School Education Bill of 1995

Die kontroversiële aard van besluite oor kultuurverwante skool- of onderwysaangeleenthede wat hierbo uitgelig is, het reeds in 1996 in die uitspraak van die Konstitusionele Hof in die saak *Gauteng Provincial Legislature In re: Gauteng School Education Bill of 1995* duidelik na vore gekom. Die saak het gehandel oor die Gautengse Skolewetsontwerp van 1995 en regter Mahomed het onder andere in paragraaf 19 van die hofbeslissing verwys na artikel 32 (c) van die Grondwet van Suid-Afrika 200 van 1993 (hierna “die Tussentydse Grondwet” soos dit algemeen bekend was) (Republiek van Suid-Afrika 1993) wat bepaal het dat elke persoon die reg het om, waar dit prakties moontlik is, onderwysinstellings gebaseer op ’n gemeenskaplike kultuur, taal of godsdiens tot stand te bring mits dit nie onbillik diskrimineer nie. Die hof het bevestig dat elke persoon wel die reg het om so ’n onafhanklike onderwysinstelling tot stand te bring en dat die staat deur die Tussentydse Grondwet verplig word om hierdie vryheid van elke persoon te respekteer. Geen persoon het egter die reg om van die regering te vereis om ’n skool gebaseer op ’n gemeenskaplike kultuur, taal of godsdiens tot stand te bring nie. Hierdie saak het die gevolg gehad dat alle openbare skole in wese kultureel divers sou word.

Regters Kriegler en Sachs het elk ’n mening uitgespreek waarin regter Mahomed se beslissing ondersteun word. In paragraaf 47 verwys regter Sachs daarna dat Afrikaans (soos alle tale) ’n sentrale element van gemeenkapskohesie het en dat wat daarvan in skole gebeur direkte implikasies vir die kulturele karakter (persoonlikheid) en ontwikkeling van ’n groep selfs buite die grense van skole kan hê. Hy erken ook die vrese dat die demokratiese transformasie tot die vernietiging van Afrikaans en die marginalisering en uiteindelike disintegrasie van die Afrikaanse gemeenskap binne die Suid-Afrikaanse samelewing kan lei (paragraaf 48). Kulturele diversiteit (wat die Afrikaanse kultuur insluit) is ’n “enriching force which merits constitutional protection” (paragraaf 49).

In paragraaf 52 stel regter Sachs sy siening van die moontlike betekenis van die Tussentydse Grondwet vir die oorgang van die beskerming van minderheidsvoordele tot die erkenning en ondersteuning daarvan en vir die verband tussen gelykheid en kulturele diversiteit gebaseer op geregtigheid en billikheid in ’n demokratiese plurale samelewing soos volg –

In my view, the Constitution should be seen as providing a bridge to accomplish in a principled yet emphatic manner, the difficult passage from *State protection of minority privileges, to State acknowledgement and support of minority rights*. The objective should not be to set the principle of equality against that of cultural diversity, but rather to harmonise the two in the interests of both. Democracy in a pluralist society should accordingly not mean the end of cultural diversity, but rather its guarantee, accomplished on the secure bases of justice and equity (beklemtoning deur die skrywer bygevoeg).

Regter Sachs se ontleiding van die riglyne (raamwerk) van die (Tussentydse) Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 van 1993 (hierna die Tussentydse Grondwet) met betrekking tot die hantering van kulturele diversiteit kan waarskynlik steeds as ’n riglyn gebruik

word vir probleme wat mag ontstaan uit die kultuurdiversiteit in 'n onderwysinstelling soos 'n skool. Dit is belangrik om daarop te let dat regter Sachs in paragraaf 53 ook beklemtoon dat die beste belang van die kind volgens die (Tussentydse) Grondwet "van deurslaggewende belang [is] in elke aangeleenthed wat die kind raak". Hierdie aangeleenthede kan in 'n skool ook die kind se uitoefening van sy kulturele en verbandhoudende regte inhoud.

Alhoewel die Konstitutionele Hof eenparig in sy beslissing was, beteken dit nie dat almal dit sonder meer aanvaar het nie of dat die kommer-tevredenheid-dualisme daarna verdwyn het nie. Wyle prof Hans Visser (in Beckmann 2007:212), een van die grondleggers van Onderwysreg in Suid-Afrika, verklaar sy kommer en verklaar ietwat sinies dat die uitkoms van die saak vir hom 'n "foregone conclusion" was. Hy voeg by dat hy baie verbaas sou wees om te verneem dat "schools based on a common culture or language could exist in the public school system as this is simply not in line with the current policy of the government and the mistrust of cultural, language, collective or minority rights". Hy waarsku ook dat die saak 'n aanduiding gee van wat "may be expected in future regarding the new constitutional provisions [in the 1996 Constitution] on education, language and culture, which are unfortunately also susceptible to manipulation".

MEC for Education: Kwazulu-Natal and Others v Pillay (Pillay) (waarna reeds hierbo verwys) is en *Antonie v Governing Body, Settlers High School, and Others (Antonie)* is twee hofsake wat aanduidings gee van hoe die Howe die aangeleenthed van kinders se kulturele regte en hulle reg op vryheid van uitdrukking benader. In beide gevalle het die hof 'n besluit van die skool om 'n leerder te skors, ter syde gestel. In die *Pillay*-saak het die betrokke skool 'n leerder wat 'n neusring wou dra om haar identifisering met die kultuur van haar gemeenskap te demonstreer, geskors. In die *Antonie*-saak het 'n leerder 'n Rastafariër geword en wou haar hare in ooreenstemming daarmee dra. Sy is deur die skool geskors al het sy 'n swart pet oor haar rastakapsel ("dreadlocks") gedra. Die hof het aangedui dat grondwetlike beginsels voorrang bo skole se gedragskodes geniet en dat sodanige kodes voorsiening daarvoor moet maak dat 'n leerder aansoek kan doen om van bepaalde reëls vrygestel te word op grond van kulturele / godsdienstige oortuigings en die reg op vryheid van uitdrukking.

Enigeen (soos 'n onderwyser of skoolhoof) wat konflik wat uit kultuurdiversiteit voortspruit moet hanteer, sal moet rekening hou daarmee dat hy¹ hom vierkantig in die spanningsveld tussen gevoelens van kommer (vrees) en tevredenheid met wat gebeur, bevind.

Omdat kulturele verweer 'n hoë voorkomssyfer in verband met aantygings van oortredings van kodes, voorskrifte en reëls het, stel ek kortlik Matthee (2014:x-xi)) se gedagtes uit 'n regsperspektief hieronder aan die orde en pas ek dit toe op die hantering van byvoorbeeld dissiplinêre verhore in skole.

2.1.3 Beoordeling van die geldigheid van 'n kultuurverweer

Dit is belangrik om daarop te let dat Matthee daarop wys dat mens enige kulturele verweer teen 'n klage van 'n oortreding van 'n kode of wet versigtig moet beoordeel en dit nie sonder meer as "n kulturele verweer ("it is our culture")" moet aanvaar nie. Hy gee die volgende wenke aan die hand vir regterlike beampes wat "aangeleenthede rakende kulturele misdryw bereg". In hierdie artikel kan wat Matthee sê van toepassing gemaak word op die betrokke rolspeler(s) wat in die onderwys moet bepaal of iemand skuldig is aan 'n beweerde oortreding. "Regterlike beampes" en "om te bereg" het ooreenkoms met opvoeders en ander rolspelers

¹ Tensy die konteks anders aandui sluit die manlike vorm in hierdie artikel ook die vroulike in.

wat besluite bv. in dissiplinêre verhore moet neem maar, soos reeds gesê, moet die hantering van klagtes oor onregmatige optrede wat met kultuur verband hou in die eerste plek beskou word as opvoedkundige aangeleenthede en nie as judisiële verrigtinge nie. Desnieteenstaande behoort besluitnemers in die onderwys wat oor konflik en oortredings van 'n kulturele aard moet beslis en dit billik moet hanteer (Prinsloo 2009:3) hulle deeglik vergewis van Matthee se aanbevelings (soos hieronder deur die skrywer aangepas vir rolspelers wat binne die onderwys kwasi-judisiële funksies moet verrig)

- Stap 1: Oorweeg of die oortreding kultureel-gemotiveerd was al dan nie. Indien dit blyk dat die oortreding nie kultureel gemotiveerd was nie, kan die verweer verwerp word.
- Stap 2: Indien dit egter duidelik is dat die oortreding kultureel gemotiveerd was, stel vas welke inheemse geloof of gebruik aanleiding tot die oortreding gegee het.
- Stap 3: Sodra die relevante inheemse geloof of gebruik geïdentifiseer is, stel vas of aspekte van daardie besondere inheemse geloof of gebruik binne die konteks as verweer geopper kan word.
- Stap 4: Die verweerde moet sy verweer duidelik stel aan die betrokke rolspeler(s) wat die geldigheid van die verweer oorweeg.
- Stap 5: Wanneer die getuenis wat deur die beskuldigde aangebied word oorweeg word, moet die betrokke rolspeler(s) wat 'n besluit moet neem relevante regsspraak (veral in die onderwys) oorweeg tesame met die waardes van die Grondwet van 1996.
- Stap 6: Indien 'n beskuldigde se verweer gehandhaaf word, verval die bewering van 'n oortreding.
- Stap 7: Indien die beskuldigde skuldig bevind word, kan oorweeg word om sy argumente rakende sy kulturele agtergrond as 'n strafversagende faktor te gebruik.

Alhoewel die toepassing van Matthee se wenke die taak van rolspelers in die onderwys tot 'n mate kan vergemaklik, word hulle taak terselfdertyd bemoeilik deur die feit dat die begrip kultuur 'n kontinue spanningsveld impliseer. Matthee se wenke hou duidelik verband met UNESCO (2001) se stelling dat "[N]o one may invoke cultural diversity to infringe upon human rights guaranteed by international law, nor to limit their scope (UNESCO 2001) en met die United Nations (1992, artikel 3.2) wat lui dat "[N]o disadvantage shall result for any person belonging to a minority as the consequence of the exercise or non-exercise of the rights set forth in the present Declaration" (beklemtoning deur die skrywer bygevoeg).

Statutêre en ander bepalings werp dus lig op die begrip kultuur en kennis daarvan (soos hieronder saamgevat) verskaf verdere bakens wat die pad na 'n aanvaarbare en positiewe hantering van kultuurdiversiteit in skole duideliker maak. Behalwe vir die regsdimensies van die begrip kultuur moet mens ook rekening hou met die betekenis wat in die menswetenskappe daaraan geheg word en wat hieronder kortliks onder die loep geneem sal word.

2.2 Perspektiewe oor kultuur en diversiteit uit die algemene literatuur

2.2.1 Definisie

2.2.1.1 Inleiding

Voordat ek enkele definisies van kultuur aan die orde stel, wil ek beklemtoon dat kultuur kohesie en samehorigheid in 'n organisasie (soos 'n skool) kan bevorder of belemmer (UNESCO,

2001) (en gevvolglik die bereiking van die doel van die organisasie positief of negatief kan beïnvloed). In hierdie verband is dit belangrik om te onthou dat kulturele regte ook saam met sommige ander regte gelees moet word en dat daar nie net van individuele kulturele regte in 'n skool sprake is nie maar ook van regte wat gesamentlik deur individue uitgeoefen word. Verder is daar ook verskillende rolspelers (soos onderwysers, leerders en ouers) wat elk hul eie regte in verband met kultuuraangeleenthede kan hê.

2.2.1.2 Enkele kerndefinisiës

Die Center for Advanced Research on Language Acquisition (CARLA) van die University of Minnesota (2014) definieer kultuur as “the shared patterns of behaviors and interactions, cognitive constructs, and affective understanding that are learned through a process of socialization. These shared patterns identify the members of a culture group while also distinguishing those of another group.”

CARLA haal ook die definisiës van enkele ander persone (wat nou by navorsing oor kultuur betrokke is of was) aan. Banks, Banks en McGee (1989) het byvoorbeeld die begrip soos volg gedefinieer:

Most social scientists today view culture as consisting primarily of the symbolic, ideational, and intangible aspects of human societies. The essence of a culture is not its artifacts, tools, or other tangible cultural elements but how the members of the group interpret, use, and perceive them. It is the values, symbols, interpretations, and perspectives that distinguish one people from another in modernized societies; it is not material objects and other tangible aspects of human societies. People within a culture usually interpret the meaning of symbols, artifacts, and behaviors in the same or in similar ways.

Wat veral van belang vir hierdie artikel is, is Banks et al. (1989) se siening dat artefakte, gereedskap en ander tasbare kulturele elemente nie die essensie van 'n kultuur is nie. Die essensie van 'n kultuur is hoe die lede daarvan die elemente daarvan gebruik, interpreer en beskou. Botsings tussen kulture spruit juis voort uit gedrag of optrede na aanleiding van 'n kulturele standpuntinname. Mense se waardes, simbole, interpretasies en perspektiewe onderskei ook groepe van mekaar en nie net die tasbare kenmerke van samelewings nie.

UNESCO (2001) vat die bestaande goed saam deur te verklaar dat kultuur 'n unieke vervleugeling en samestelling van die tasbare sowel as nie-tasbare kenmerke van 'n samelewing of sosiale groep verteenwoordig:

... culture should be regarded as the set of distinctive spiritual, material, intellectual and emotional features of society or a social group, and that it encompasses, in addition to art and literature, lifestyles, ways of living together, value systems, traditions and beliefs ...

2.2.2 Kultuur is veranderend

Saayman (1991:31) beklemtoon die veranderende aard van kultuur en toon aan dat 'n kulturele konteks nie staties is nie en dat 'n kontekstuele model van kultuur daarom van die standpunt van "continuous cultural change" moet uitgaan. Die South African Council for Educators (hierna SACE) (2002:52) verwys ook na die veranderende aard van kultuur en verwys ook na die feit dat veralgemeenings oor kultuur met groot omsigtigheid hanteer moet word:

When we speak of African ethics, it's important to remember that no African culture has remained completely intact or unaffected by other cultures. However, we can speak of an ethical system that emerged within traditional cultures and which exists today, often in combination with other ethical systems such as Christianity and Islam. The other important thing to remember is that Africa is a vast and diverse continent so we cannot make any sweeping generalisations about "Africans".

Matthee (2014:74) skryf uit 'n strafregtelike perspektief oor die gebruik van kultuur as 'n verweer in die strafreg en wat hy sê kan dus nie sonder meer byvoorbeeld op die dissiplinêre optrede van 'n skoolhoof of onderwyser of beheerliggaam van toepassing gemaak word nie. Hy wys egter daarop dat dit moeilik is om die begrip kultuur in woorde vas te vang omdat dit nie monolities of staties is nie maar voortdurend ontwikkel en 'n baie gediversifiseerde realiteit is. Matthee toon verder ook aan dat kultuur baie moontlike veelvoudige betekenislae het en dat baie betekenisse daarvan ook deur die konteks bepaal word.

2.2.3 Kultuuruiting as kommunikasie

CARLA haal Kroeber en Kluckhohn (1952) se definisie aan –

Culture consists of patterns, explicit and implicit, of and for behavior acquired and transmitted by symbols, constituting the distinctive achievements of human groups, including their embodiments in artifacts

Saayman (1991) en Evans (2015) fokus beide op interkulturele kommunikasie. Saayman bespreek die aangeleentheid vanuit 'n missiologiese perspektief (met spesifieke verwysing na sendingskole) en Evans se vertrekpunt is sosiale en instruksionele kommunikasie. Hulle maak beide gebruik van kernagtige definisies van kultuur wat tog die wesenlike daarvan vir die doeleindes van hierdie artikel raakvat.

Saayman (1991:31) definieer kultuur as die "sum total of the non-biological inheritance of human beings" in sy hantering van die kontekstuele model van interkulturele kommunikasie. Evans (205:141) definieer kultuur bloot as 'n "set of shared ideas, beliefs or expectations that guides the behaviour and attitudes of a particular group of people". In kulturele interaksie kommunikeer mense dus onder ander hulle kultuurgebaseerde oortuigings, verwagtings en ideale met ander kulture.

Caramel (2009:10) som die beskouinge oor kultuur soos volg op:

Culture could be defined as the shared patterns of behaviors and interactions, cognitive constructs, and affective understanding that are learned through a process of socialization. These shared patterns identify the members of a culture group while also distinguishing those of another group.

Alhoewel die samevatting van Caramel nuttig is, word die begrip "kulturele groep" hier gebruik sonder om dit te definieer. Ek wil daarom in die volgende paragraaf poog om betekenisvol-verskillende groepe in Suid-Afrika te identifiseer met die oog op 'n beter begrip van kultuurkonflik wat kan lei tot die billike hantering van konflik.

2.2.4 Die bestaan van twee hoof-kulturele groepe in Suid-Afrika en die implikasies daarvan: Verheerliking van ubuntu?

Matthee (2014:8) wys daarop dat groepe deur kultuur van mekaar onderskei word. Waar baie lande duidelike minderheids- of meerderheidskultuurgroepe het, het Suid-Afrika streng

gesproke geen meerderheidskultuur nie maar slegs minderhede. Hoewel die moontlikheid van ongegronde veralgemeenings nie ontken kan word nie, is daar tog betekenisvolle aanduidings dat daar in Afrika (en in die besonder in Suid-Afrika) wel genoeg gronde bestaan om te kan verwys na die naasbestaan van, en interaksie tussen 'n moderne, Westers-positivistiese of kapitalistiese of Europese kultuur (minderheid) en 'n tradisionele Afrika-kultuur (in Suid-Afrika en Afrika word dit meestal *ubuntu* genoem) (meerderheid) (Meiring 2017; Erny 1981; Vervliet 2009; Kenyatta 2015; Evans 2016; SACE 2003; Botha 2007; en Cilliers 2008).

Botha (2007:147-148) vra tong in die kies watter groep mense deur die volgende aanhaling beskryf word:

To them punctuality is of little importance, they have little interest in planning for the future. They have a very high regard for their ancestors, and ancestral land is valued extremely highly. To them work and jobs are not critical, they like to make friends and gossip a lot. They like to do things as a group, they have very little ambition for upwards mobility, and their self esteem depends on what others think of them. They do not place a high value on uniqueness, in fact, they actually require that one conform to the group and people are required to be part of the group and what the group does. Individual likes or dislikes are not important in this regard. ... It is necessary to work for the good of the group, and it is not really necessary to pay attention to the needs of outsiders.

Anders as wat baie mense sou raai, verwys hierdie aanhaling na die sosiale waardes van 'n eerste-eeuse Mediterreense persoon (Botha 2007:148). Botha merk op dat sommige mense sou dink dat die bostaande beskrywing miskien Afrikane of Latyns-Amerikane of Suid-Amerikaners sou pas maar beslis nie Westerlinge nie. Hierdie is tegelyk 'n bevestiging daarvan dat mens nie maklik oor kultuur moet veralgemeen nie en ook dat daar, ten minste deur die oë van nie-Afrikane, 'n gemeenskaplike Afrika-kultuur met stereotipiese elemente waargeneem kan word.

Ek het gepoog om prominente verskille tussen die Westers-positivistiese of kapitalistiese of Europese kultuur en 'n tradisionele Afrika-kultuur (*ubuntu*) in tabelvorm voor te stel om persone te bemagtig om konflikte wat tussen die twee groepe voorkom met meer insig te benader en beter te verstaan en in billikhed teenoor alle betrokkenes te kan hanteer. In die samestelling van die tabel het ek dankbaar van veral die werk van Botha (2007), Meiring (2017), die Centre for Constitutional Rights (2009), Masehela en Pillay (2014), Du Plessis (2016) en Kenyatta (2015) gebruik gemaak.

TABEL 1: Die kontras tussen Afrika- en Westers-Europese kulture

Afrika (<i>ubuntu</i>)	Westers-positivisties, kapitalisties
Kommunalisties / geskakel (“Ek behoort aan/is geskakel met; daarom is ek”). Mense is omdat hulle “connected” (geskakeld) is.	Individualisties, aanspreeklikheid, oorsaak en gevolg
Intuïtief	Rasioneel
Multigenerasionele families, poligame verhoudings	Kernfamilies, monogame verhoudings (ten spye van die voorkoms van veelvuldige seksuele verhoudings)
Akkommoderend	Verowerend
Acting vir ouer mense	Aanbidding van die jeug
Hede-gesentreerd, sikiiese tydsbegrip	Toekoms-gesentreerd, lineêre tydsbegrip
Geskakel met voorgeslagte en geeste – ek is	Eie verantwoordelikheid en onafhanklikheid
Werk in verband met voortbestaan van groep gebring; individuele presteerders met agterdog bejën	Prestasiegedrewe in werksverband; acting vir prestasie
Oortredings word binne die groep hanteer en oortreders word gerehabiliteer eerder as gestraf en om gevolge van oortredings te dra. Die dood van 19 skoolkinders in 'n taxi-ongeluk nabij Bronkhorstspruit in April 2017 en die reaksie van die gemeenskap is tekenend van die traagheid en selfs onwilligheid van 'n gemeenskap om 'n oortreder sy oortredings toe te reken. In hierdie geval het gemeenskapsleiers die gemeenskap telkens daaraan herinner dat enige mens 'n fout kan maak en dat hulle nie die taxibestuurder (wat na die ongeluk oorlede is) of sy familie moet verwyt nie – dit terwyl dit redelik duidelik is dat die taxibestuurder voor 'n vragmotor ingedraai het. Die reg kan geïgnoreer word en die groeps-geregtigheidsgevoel kan voorrang geniet, selfs bo die Grondwet (Masehela & Pillay 2014).	Oortreders dra straf vir hulle oortredings. Oortredings het gevolge. Die oppergesag van die Grondwet en die regstaat geld.
<i>Ubuntu</i> verteenwoordig 'n gesamentlike (“corporate”) en kommunale lewenswyse.	'n Hiërargiese, diskriminerende, individualistiese óf-óf-benadering of -lewenswyse word gevolg.
Die verlede, hede en toekoms word op so 'n wyse geïnkorporeer dat dit aan 'n eksistensiële simbiose uitdrukking gee.	Alle dinge is onafhanklik en apart van mekaar.
<i>Ubuntu</i> is 'n -heid en nie 'n -isme nie, dis nie gefikseer op onveranderlike idees en praktyke nie en die epistemologie daarvan kan as 'n sosiale konstruksie van kennis bestempel word	In die humanisme word die mens as 'n aparte, statiese objek gesien
<i>Ubuntu</i> gaan van die veronderstelling uit dat 'n mens sy mensheid en menswaardigheid vind in sy gekoppelheid aan ander. Die mantra in hierdie verband is “Ek is omdat ons is”. 'n Mens se menslikheid word eers waarlik erken in sy verhouding met ander. Die ontologie van <i>ubuntu</i> “language” is antroposentries.	Die Westerse wyse van dink word onderlê deur Descartes se “Ek dink; daarom is ek” – bladsy 14. Individuele ontonomie is belangriker as mense se geskakeldheid met mekaar.

Die tabel hierbo kan mense help om “die ander groep” beter te verstaan al is die beeld wat van die ander geskep word nie volkome akkuraat nie. Dit kan gekritiseer word as ’n oorvereenvoudiging wat afbreuk doen aan die wese van beide *ubuntu* en die Westerse kultuur deur hulle as monolitiese konsepte uit tebeeld en die teenstrydighede en spanning wat binne elk voorkom te ignoreer. Die bostaande kan ook gesien word as ’n verheerliking van *ubuntu* ten koste van ’n Westers-kapitalistiese kultuur.

Die Suid-Afrikaanse Departement van Basiese Onderwys het skynbaar ’n keuse ten gunste van *ubuntu* gemaak en ander kulture in die onderwys potensieel daardeur gemarginaliseer. In die *Policy on the South African Standard for Principalship* (Department of Basic Education 2016) (hierna die Standard), wat op alle skoolhoofde (van openbare en onafhanklike skole) van toepassing is, kondig die Departement aan dat die kerntaak van ’n skoolhoof op agt terreine lê en dat enige skoolhoof ten opsigte van al hierdie terreine bepaalde kennis moet hê en bepaalde handelinge moet kan verrig.

Op drie plekke in die Standard word daar eksplisiet na die skoolhoof en sy verantwoordelikheid met betrekking tot ’n kultuur van *ubuntu* verwys. Op bladsy 3 word gesê dat “in South Africa... *good principals* do not act in isolation but lead and manage their schools professionally and *in ways that are grounded in and embraced by the principles of Batho Pele and ubuntu*” (beklemtoning deur die skrywer bygevoeg om die implikasie dat net hoofde wat doelbewus die beginsels van *ubuntu* en *Batho Pele* nastreef goeie hoofde kan wees uit te lig). Op bladsy 17 word gesê dat ’n skoolhoof “embraces the philosophy and practice of *ubuntu* and has the overall responsibility to build a professional learning community in the school” met die implikasie dat ’n professionele leergemeenskap net op die basis van *ubuntu* gebou kan word. Op bladsy 8 word dit ook eksplisiet gestel dat daar van ’n hoof verwag word om kennis te hê van die betekenisvolheid en interpretasie van *ubuntu*.

Hierdie oënskynlike voorkeur aan *ubuntu* en die gepaardgaande negatiewe beoordeling en minderwaardigverklaring van hoofde wat nie hulle leierskap en bestuur in *ubuntu* begrond nie beteken waarskynlik nie dat kultuurkonflik in die onderwys geëlimineer sal word nie. Dit hou duidelik nie genoegsaam rekening met die feit dat *ubuntu* geensins ’n eenduidige begrip is nie en dat daar konflik kan ontstaan wanneer die beginsels van *ubuntu* met dié van ander kulture in kontak kom ongeag die erkenning al dan nie van ander kulture in ’n onderwysopset. As die Departement van Basiese Onderwys aanvaar dat *ubuntu* ’n insluitende begrip is wat alle kulture wat in onderwysinstellings aangetref word kan ondervang, is die Departement onbewus van, of hou nie rekening met die nuanses van die begrip *ubuntu* wat in die literatuur bestaan nie.

In die volgende paragraaf wil ek daarom kortliks verwys na minder-bekende aspekte van *ubuntu* en vlugtig verwys na ’n voorbeeld waar *ubuntu*-gebruiken met ander kulture en ook met die reg in die onderwys kan bots met funeste gevolge veral vir die kind wie se beste belang volgens artikel 29 (2) van die Grondwet van 1996 van deurslaggewende belang behoort te wees in elke aangeleentheid wat hom raak.

*2.2.5 Minder-bekende aspekte van *ubuntu* en twee kultuurgebaseerde insidente in die onderwys*

Ubuntu is nie ’n eksklusief Suid-Afrikaanse konsep nie en daar is ook nie een monolitiese opvatting daaroor in Suid-Afrika en in die res van Afrika nie. Beide Meiring (2017) en Vervliet (2009:12-14) verwys na die begrip *ujamaa* (familieskap of familiestyl) wat in Tanzanië sentraal

was tot die bewind van Julius Nyerere. Meiring (2017) wys daarop dat die Japannese konsep *ameru* ook die waarde-oriëntering van *ubuntu* wat betref die belangrikheid van openheid en om van ander te leer, deel. Vervliet (2009:9-11) stel dat president Leopold Senghor van Senegal 'n leidende figuur in die Négritude-beweging was wat op communalisme gefokus het. 'n Variasie van personalisme bekend as *Shakçanyya* word geassosieer met die Marokkaanse skrywer en filosoof Mohamed Asiz Lahbai en toon ooreenkoms met *ubuntu* onder andere deur erkenning te gee aan die persoon in verhouding met ander (Vervliet 2009:41-44).

Meiring (2017) se navorsing dui daarop dat *ubuntu*-gemeenskappe gereduseer en gelokaliseer kan word tot iets wat net tussen sekere inwoners van 'n klein plattelandse dorp bestaan en dat mense wat nie deel van die besondere groep is nie, as "inkommers" en nie as deel van die *ubuntu*-groep gesien word nie. Dit lyk dus asof 'n mens eerder na *ubuntu*-kulture as die *ubuntu*-kultuur moet verwys. Hierdie feit maak dit nie vir die onderwysbestuurder wat kultuurgebaseerde konflik moet hanteer makliker om probleme billik te bestuur nie.

Du Plessis (2016:5-6) skets die dilemma van 'n onderwysbestuurder wat verplig is om *ubuntu* as enigste kultuur in sy bestuurspraktyk te implementeer baie duidelik deur te verwys na die uitdagings wat die hantering van oortredings vir skoolhoofde kan inhou:

Where a Westernist philosophy would emphasise the sanction of transgressions to restore relationships, *ubuntu* is viewed as a philosophy that seeks never to exclude anybody but rather tries to continue to include offenders in the connectedness to restore harmony and effect so that the group can exert influence on the offender to remedy wrongdoings. It goes without saying that, in a constitutional democracy like South Africa, it could be a challenge for a school leader to embrace a diversity of cultures if some of the cultures include practices that might seem to fly in the face of the rule of law like not punishing an educator who has abused a child by making its own rules (not necessarily in line with law) about how an offender is to be treated.

Hoewel *ubuntu*, net soos enige ander kultuur, positiewe en negatiewe dimensies het, is dit problematies as dit die enigste kultuur is wat by versteek in besluitneming oor onderwysaangeleenthede gebruik mag word. Veral ook as 'n dokument soos die Standard skoolhoofde wil laat verstaan dat hulle nie *goeie skoolhoofde in Suid-Afrika* kan wees as hulle nie hulle bestuurspraktyke daarin begrond nie (beklemtoning deur die skrywer bygevoeg).

Voordat ek kortlik na die twee Afrika-kultuurgebruiken verwys wat spanning in onderwysinstellings kan skep, verwys ek graag na enkele Afrika-akademici wat bedenkingen uitgespreek het oor die onkritiese aanvaarding dat *ubuntu* die enigste kulturopsié vir 'n land soos Suid-Afrika is.

Vervliet (2009:29) verwys na prof Tinyiko Maluleke wat sy kommer uitgespreek het oor die romantisering van die *ubuntu*-verlede in Afrika. Maluleke sê sodanige romantisering is "ultimately negative towards African culture". Hy sê verder dat Afrika-kultuur ook aanbeweeg het en dat 'n terugkeer daarheen "is not only impossible but perhaps also undesirable". Desnieteenstaande moedig Maluleke tog Afrika-intellektuele aan om te "reconnect to African culture ..." Hy sê egter ook dat hy daarmee nie op die oog het "the resuscitation of romantic negritude" nie, maar 'n "mature re-appropriation of past and present manifestations of African culture within, because of and in spite of oppressive and racist conditions".

Vervliet (2009:29) haal ook Themba Sono, 'n professor en politikus, aan wat die vraag vra of Suid-Afrikaners regtig die communalisme en *ubuntu* van tradisionele Afrika-gemeenskappe wil hê selfs as dit regtig so was in die verlede. Deur die lens van die wenslikheid van oop denke bekyk Sono die rol van die groep in *ubuntu* en maak die opmerking dat die rol

van die groep “overwhelming, totalistic, even totalitarian” kan wees (Sono 1994:7 in Vervliet 2009:29). Sono wys op die gevare van groep-gedomineerde denke in geen onsekere taal:

Discursive rationality is overwhelmed by emotional identity, by the obsession to identify with and by the longing to conform to. To agree is more important than to disagree, conformity is cherished more than innovation. Tradition is venerated, continuity revered, change feared and difference shunned. Heresies (i.e. the innovative creations of intellectual African individuals or refusals to participate in communalism) are not tolerated in such communities.

Die gevallestudie van Masehela en Pillay (2014) wat ek hieronder sal bespreek illustreer duidelik dat Sono se kommer oor die moontlike negatiewe invloed van groepsdenke nie net ongegronde vrese is nie.

Dialoog om konsensus te bereik oor ’n aangeleentheid (byvoorbeeld ’n geskil) is ’n integrale deel van *ubuntu* en word wyd aanvaar as ’n aanvaarbare manier om probleme op te los. Cilliers (2008:3) toon egter aan dat dialoog in ’n *ubuntu*-konteks ook negatief kan wees:

Ubuntu can degenerate into an oppressive conformity and blind loyalty to the group or clan. Failure to conform might be met with harsh punitive measures. A lively debate towards attaining consensus could solidify into stifling conformity.

Louw (in Cilliers 2008:4) onderskei tussen oudmodiese en ware *ubuntu* –

Ubuntu as an effort to reach agreement or consensus should thus not be confused with outmoded and suspect cravings for (an oppressive) universal sameness, often associated with so-called teleological or ‘modernistic’ attempts at the final resolution of differences.... True *ubuntu* takes plurality seriously. While it constitutes personhood through other persons, it appreciates the fact that ‘other persons’ are so called, precisely because we can ultimately never quite ‘stand in their shoes’ or completely ‘see through their eyes’. When the *ubuntuist* reads ‘solidarity’ and ‘consensus’ s/he therefore also reads ‘alterity’, ‘autonomy’, and ‘co-operation’ (note: not ‘cooptation’).

Louw se siening van ware of outentieke *ubuntu* kom nie algemeen in die literatuur voor nie. Uit die gevallestudie van Masehela en Pillay (2014) wat ek hieronder sal bespreek en ook uit die probleemgevalle wat ek hoop om in ’n ander artikel te ontleed wil dit voorkom of ’n onderwysbestuurder dikwels in ’n posisie is waar hy sy oortuigings oor wat die regte ding is om te doen meermale moet prysgee vanweë groepdruk.

’n Voormalige adjunk-voorsitter van die Menseregtekommisie, dr Zonke Majodina (in Cilliers 2008:10), rig ’n sterk-bewoorde waarskuwing oor wat kan gebeur as die soek na groepkonsensus te belangrik word:

*It would seem as if we as South Africans are no longer willing to enter into the reciprocal space of *ubuntu*, where we can face one another; where we can experience mutual formation; and where our ideological points of departure can be challenged within the flow of African epistemology. Rather than facing, we turn away (from the poor, the stigmatized, etc.); rather than forming and being formed, we retreat into enclaves of ethnicity, culture and language; rather than having our stringent ideologies being constantly deconstructed and humanized, we caricaturize the other – and in 25,000 cases per annum we obliterate them.*

Die implikasie in die laaste sin van dr Majodina dat ons diegene wat van ons verskil “obliterate” is skrikwekkend en beteken letterlik dat ons hulle doodmaak. Mens wonder onwillekeurig of dr Majodina nie ook gedink het aan talryke jong meisies wat sterf nadat hulle MIV Vigs-geïnfekteerd geraak het na gedwonge geslagsomgang met ’n volwasse manlike VIGS-lyer wat geglo het dat hy van VIGS genees sal word deur seksuele omgang met ’n maagd.

Ek wil hierdie oriënterende bespreking afsluit met ’n gevalliestudie waarin die dilemmas wat vir bestuurders opgesluit kan lê in botsende kultuuruitgangspunte oor ’n bepaalde vraagstuk belang word.

2.2.6 ’n Voorbeeld van ’n kultuurgebaseerde besluitnemingsdilemma vir ’n bestuurder in die onderwys: Seksuele misbruik van minderjarige meisies¹

In die bespreking van hierdie geval vertrek ek van die standpunt dat ons wel in Suid-Afrika breedweg tussen ’n tradisionele Afrika-kultuur (*ubuntu*) en ’n Westerse kultuur kan onderskei. So ’n benadering is nie onproblematis nie maar dit kan help om helderheid te bring in die debat oor wat vir wie geregverdig is en wat toelaatbaar is. Dit kan help voorkom dat die moontlikheid wat Matthee (2014:98) suggereer naamlik dat anargie kan voortspruit uit ’n stelsel waar regsreëls nie uniform op alle individue toegepas word nie, nie werklikheid word nie. Matthee (2014:98-99) verwys ook na menings dat, indien kultuur as ’n verweer vir onregmatige optrede in terme van die Suid-Afrikaanse gemene reg gebruik word, dit die regte van kwesbare groepe soos vrouens en kinders kan ondermyн.

Samelewings en samelewingsorganisasies funksioneer ooreenkomsdig ooreengekome norme, standarde en reëls. Waar samelewings homogeen is ten opsigte van onder andere kultuur, godsdiens en taal is daar normaalweg relatief min verskille en spanning oor watter reëls geld en hoe hulle verstaan en toegepas moet word. Hoe meer divers ’n samelewing is ten opsigte van onder andere taal, kultuur, afkoms, ras, etnisiteit, politieke en ander geskiedenis, tradisies, godsdiens en wêreldebekouings, hoe groter is die moontlikheid van konflik, misverstand en spanning voortspruitend uit diversiteit. Selfs wanneer daar beginsels vir die organisering van die samelewing in wetgewing en in ander reëls vasgevang is, gebeur dit dat die reëls net papierreëls bly. Die International Development Law Organization se Directeur-Generaal, Irene Khan, het dit treffend gestel tydens ’n paneelbespreking by ’n hoëvlak Verenigde Nasies-debat oor “Human rights at the centre of the global agenda” toe sy gesê het “Human rights and rule of law have to go hand in hand. Without rule of law, human rights are paper promises and without human rights, rule of law becomes rule by law and a system for repression” (International Development Law Organization, 2016).

Mense wat die skynbaar algemeen-aanvaarde reëls wil en moet toepas word dikwels deur plegers van onregmatige dade gekonfronteer met die verweer “But it is our culture!” Die voornemende toepasser van ’n reël bevind hom dan onmiddellik in ’n ongemaklike posisie omdat hy ’n besluit kan neem wat moontlik in stryd is met die kultuurregte van ’n persoon omdat daar onder meer in artikel 15 (3) (ii) van die Grondwet van 1996 staan dat artikel 15 nie wetgewing wat erkenning verleen aan ’n stelsel van godsdiens-, persone of familiereg nie, of wat nagevolg word deur persone wat ’n besondere godsdiens aanhang, belet nie.

Sedert 1994 is hierdie verweer al menigmaal deur mense in gesagsposisies gehoor as verskoning vir onaanvaarbare gedrag. Sodanige kulturele verweer hou kultuur dan voor as iets onveranderliks wat nie onderworpe is aan wette en selfs die Grondwet nie.

Masehela en Pillay (2014) rapporteer oor navorsing wat ekstreme voorbeeld van die eksplisiële en implisiële misbruik van die kulturele verweer en die ondermyning van die regte

van kwesbare groepe soos vrouens en kinders (Matthee 2014:98-99) ondersoek het. In hulle navorsing het Masehela en Pillay (2014:22) ondersoek ingestel na hoekom ouers, skoolhoofde en onderwysers in 'n bepaalde landelike omgewing stilby wanneer jong meisies in hulle sorg seksueel misbruik word. Daar is eenduidige Grondwetlike bepalings teen sodanige misbruik onder meer dat almal se waardigheid gerespekteer moet word (artikel 10), dat elkeen die reg het op sekerheid van en beheer oor die eie liggaam (artikel 12 (2) (b)), dat daar teen niemand onbillik gediskrimineer mag word nie (artikel 9 (2-3)) en dat elke kind ('n persoon onder die ouderdom van 18 jaar) teen mishandeling, verwaarlozing, misbruik of vernedering beskerm moet word (artikel 28 (1) (d)) (kyk ook artikel 7 (1) (l) van die Kinderwet 38 van 2005 (Republiek van Suid-Afrika 2008). Tog het Masehela en Pillay (2014:22) bevind dat "the most vulnerable sector of our communities, namely children, are frequently degraded, exploited or treated unfairly, ironically, by those who have been granted the responsibility for their well-being".

Masehela en Pillay (2014:27) verwys na Mulaudzi (2003) se stelling dat kulturele taboos ouers daarvan weerhou om oor seksuele aangeleenthede met hulle kinders te praat. Seks en seksualiteit word net by inisiasieskole met kinders bespreek deur van die ouer garde wat spesifiek daarvoor getaak is. Waar meer moderne waardes (soos dié wat in die Grondwet verskans word) vereis dat voorvalle van seksuele misbruik gerapporteer moet word, dat oortreders geïdentifiseer en vervolg moet word, neem ouers steeds hulle toevlug tot hulle "cultural values" om die misbruik van kinders aan te meld, te ontdui.

Skole behoort in ooreenstemming met die waardes van die Grondwet te funksioneer maar sommige skole is geleë in gemeenskappe wat kulturele waardes handhaaf ten koste van grondwetlike bepalings (Masehela & Pillay 2014:30). Rolspelers word vasgevang tussen "Western liberal laws and traditional values". Masehela en Pillay (2014:30) bevind dat "the sexual abuse of school children evokes fear in all concerned".

Soms is skoolhoofde self die oortreders maar hulle bly dikwels stil as onderwysers oortredings begaan. Sodoende oortree hulle onder meer artikel 54 (1) (a) van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede 32 van 2007 (Republiek van Suid-Afrika 2007) wat bepaal dat iemand wat weet dat 'n seksuele misdryf teen 'n kind gepleeg is sodanige kennis onmiddellik aan 'n polisiebeampte moet rapporteer. Hulle doen baie keer alles in hulle vermoë om oortreders te beskerm en plaas hulle soms selfs oor na ander skole om die probleem op te los (Masehela & Pillay 2014:30).

Masehela en Pillay (2014:32) haal Bhana en Pittman (2011) se voorstel om die konflik en spanning tussen tradisionele, kulturele en meer moderne (regsgebaseerde) benaderings tot die hantering van seksuele misbruik van kinders op te los aan: "One should consider addressing both cultural tradition on sexuality and liberal laws in order to break the silence which makes learners vulnerable to sexual abuse and incurable sexual diseases". Hierdie voorstel kom neer op 'n gelykstelling van die reg op kulturele gebruikte. Dit is verstaanbaar dat 'n skoolhoof in 'n moeilike posisie kan wees en kan kies om die regtens-onaanvaarbare uitweg te kies om die saak binne die groep te hanteer veral omdat daar selde regsgesvolge van sodanige verontag-saming van duidelike regsbeginsels en -reëls is.

Ongelukkig skep sodanige optrede by kinders die indruk dat die reg nie dieselfde krag as kultuur het nie en dat hulle grootliks deur die reg en deur professionele opvoeders onbeskermd gelaat word. Die uiteindelike gevolge daarvan vir regsgehoorsaamheid in die samelewning en vir respek vir die onderwysprofessionele is iets wat ter wille van die welsyn van die land en al sy mense nie geduld kan word nie.

2.2.7 *Samevatting*

Kultuur verwys na die niebiologies bepaalde erfenis van mense (Saayman 1991) en ook, in besonder, na mense se gedrag (Kroeber & Kluckhohn 1952). Die gedrag spruit uit gedeelde norms, waardes en oortuigings wat met verloop van tyd binne 'n bepaalde groep ontwikkel of aangeleer word. In soverre kultuur aangeleer kan word, kan mens ook kultuurbepaalde gedrag af- en aanleer. Dit behoort daarom deel te wees van die doel van leerdertug en -dissipline in 'n skool om 'n leerder te help om ontoelaatbare kultuurgedrag af te leer.

3. SLOT

Al is alle regsvorskrifte en alle optrede onderhewig aan die Grondwet van 1996 (artikel 2 van die Grondwet) bied die Grondwet nie sonder meer 'n maklike oplossing vir die konflikte wat hierbo bespreek is nie. Die oppergesag van die Grondwet bied wel 'n vertrekpunt vir besinning oor die hantering van konflik van kulturele oorsprong in onderwysinstellings. Die problematiese aard van kultuurkonflik verdiep as mens in gedagte hou dat –

- 1) Kultuur voortdurend verander.
- 2) Suid-Afrika se geskiedenis van die misbruik van die begrip "kultuur" mense steeds agterdogtig maak oor enige gebruik van die begrip kultuur.
- 3) 'n Kultuur wat met ander kulture in aanraking kom, onderworpe is aan moontlike veranderinge wat distorsie van praktyke kan insluit.
- 4) Kultuur mense kan verdeel of verenig.
- 5) Mense die rol wat kultuur in hulle handelinge speel kan ontken of oorskot.
- 6) Alhoewel die deurslaggewende rol wat die Grondwet kan speel in die hantering van konflik van 'n kulturele aard nie ontken kan word nie, moet mens nie die kompromisaard van die Grondwet uit die oog verloor nie. Dit is algemeen bekend dat die Grondwet die produk van onderhandeling en gee-en-neem kompromisie is. In botsings oor die betekenis van begrippe kan partye wat aan die onderhandelinge deelgeneem het terugval op die insette wat hulle tydens die onderhandelings gemaak het en wat nie noodwendig met die letter en die gees van die Grondwet ooreenstem nie.
- 7) Coertzen (2014) verwys na Suid-Afrika voor 1994 en na die "Constantinianism" wat in die verhouding tussen kerk en staat in swang was. Hy (Coertzen 2014:133) merk op dat dit gesê kan word dat –

... the historical development of the relationship between state and church in the Western world [including South Africa] since the sixteenth century, in which the state protected the church but also controlled it, brought about policies of the state that were equated with the Christian point of view.

¹ Soos reeds gestel beoog ek om in 'n opvolgartikel meer praktiese gevalle waar kultuur in die onderwys konflik kan veroorsaak, te bespreek. Ek sou graag sake soos die volgende aan die orde wou stel: Wangedrag en botsing met reëls; eksamenbedrog; verhoudings, geslagtelikheid en seksualiteit (seksuele misbruik, *ukuthwala*, patriargaliteit, gedwonge huwelike, maagdelikhedstoetsing); inisisie; kommunikasie; vryheid van uitdrukking en kultuur (hairstyle, kleredrag en die vertoon van godsdienstige en kulturele simbole); godsdienst en toorkuns, tradisionele geloof en genesers; taal en MIV Vigs.

Hierdie situasie het in Suid-Afrika gegeld tot 1996 toe die Grondwet van 1996 aangeneem is wat vryheid van godsdiens vir almal gewaarborg het. Van toe af sou die Christelike siening oor kultuuraangeleenthede nie noodwendig meer die siening wees wat algemeen aanvaar word en in konflik oor kulturele aangeleenthede die batoon sou voer nie. Die Grondwet wat in 1996 in werking getree het vertoon grondliggend die kenmerke van 'n demokratiese Westerse samelewingsmodel maar gee ook erkenning aan inheemse reg (artikel 15 (3) (ii)).

- 8) Daar skrywers is wat kultuur en beskawing met mekaar in verband bring. Dit spreek vanself dat 'n beweging in 'n debat van kultuur na beskawing waardeur een kultuur as minder beskaafd as en dus ondergeskik aan 'n ander voorgehou kan word, kan lei tot erge misverstande en onoorbrugbare verskille. Huntington (1997), UNESCO (2001), Ferguson (2012) en Vervliet (2008) se werk bevat voorbeelde van die verbandlegging tussen kultuur en beskawing.

Wat die Konstitusionele Hof se kultuurdiversiteitsopdrag betref, kan mens nie ontken dat dit die ideaal behoort te wees nie. Die ideaal is egter moeilik bereikbaar en die pad daarheen lei deur 'n mynveld soos baie onderwysbestuurders sal kan getuig wat al onder gewelddadige optrede en beskuldigings van diskriminasie op grond van kultuur deurgeloop het. Hoofregter Langa se utopie sal net bereik kan word as alle betrokkenes met omvattende kennis toegerus word en aanvaarbare billike bestuurstrategieë van kultuurkonflikbestuur ontwikkel is. Ongelukkig wil dit voorkom of die Departement van Basiese Onderwys se voorkeur vir *ubuntu* nie die langtermynoplossing vir die probleem is nie.

OPDRAG

Die skrywer dra graag hierdie skrywe op aan die nagedagtenis van wyle prof Willem Saayman in lewe van die Departement Missiologie aan die Universiteit van Suid-Afrika. Dit is sy insigte wat my oortuig het dat mens wel 'n Westerse en 'n Afrika-kultuur in Suid-Afrika kan onderskei en gebruik in 'n besinning oor kultuurdiversiteit sonder om onbillik teen mense te diskrimineer of konflik aan te moedig. Die raadpleging van sy eie geskrifte en geskrifte wat deur hom aanbeveel is, asook gesprekke met hom, het my begrip van die konsep kultuur betekenisvol verruim.

WOORD VAN DANK

Die skrywer betuig ook graag sy dank aan dr Lieze Meiring, leraar van die NG Gemeente Skuilkrans wat my goedgunstig insae in haar uitmuntende PhD-tesis gegee het terwyl dit nog in die eksamineringsproses was.

ERKENNING

As houer van 'n toekenning vir navorsing van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) verklaar die skrywer hiermee dat alle menings, bevindings en aanbevelings in enige publikasie wat verband hou met die steun van die NNS sy eie is en dat die NNS geen aanspreeklikheid hoegenaamd in hierdie verband aanvaar nie.

BIBLIOGRAFIE

- Antonie v Governing Body, Settlers High School, and Others* 2002 (4) SA 738 (c).
- Banks, J.A., Banks, & McGee, C. A. 1989. Multicultural education. Needham Heights, MA: Allyn & Bacon. In Center for Advanced Research on Language Acquisition, University of Minnesota (CARLA). 2014. What is culture? <http://carla.umn.edu/culture/definitions.html> [7 Desember 2016].
- Beckmann, J. 2007. Aligning school governance and the law: Hans Visser on education cases and policy. *De Jure*, 2007(2):205-221.
- Beckmann, Johan & Prinsloo, Justus. 2014. In: Kanervio, Pekka, Pulkkinen, Seppo & Haltunen, Lena (eds.). *Mind the Gap. Creating Social Justice through Education Policy*. Verrigtinge van die 2013-konferensie van die International Symposium on Educational Reform (ISER), Jyväskylä en Helsinki, Finland, Junie. 2013:27-47.
- Beckmann, Johan & Prinsloo, Justus. 2015. Developing educationists as globally competent education law researchers for international Interdisciplinary research: A South African perspective. *Quality, Social Justice and Accountability in Education Worldwide. BCES Conference Books*. Vol.13:395-402.
- Botha, J. Eugene. 2007. Exploring issues around Biblical, Western and African social values. *HTS* 63 (1):147-169.
- Bray, E. 2007. Macro issues of Mikro Primary School. *PER/PELJ*, 2007(10)1:2-21.
- Caramel, Simone. 2009. EU culture. Skyfiereeks beskikbaar by www.eurogems.eu/uploads/-5/8/1/7/5817770/eu_culture_2009.pdf [7 Desember 2016].
- Center for Advanced Research on Language Acquisition, University of Minnesota (CARLA). 2014. What is culture? <http://carla.umn.edu/culture/definitions.html> [7 Desember 2016].
- Centre for Constitutional Rights. 2009. Submissions to the SA Law Commission on *ukuthwala* custom. Plattekloof: Centre for Constitutional Rights.
- Cilliers, Johan. 2008. In search of meaning between *ubuntu* and *into*: Perspectives on preaching in post-apartheid South Africa. Referaat gelewer by die agtste internasionale konferensie van die *Societas Homeletica*, Kopenhagen, Denemarke, 19-25 Julie 2008.
- Coertzen, Pieter. 2014. Constitution, Charter and religions in South Africa. *African Human Rights Law Journal*, (2014) 14:126-141.
- Department of Basic Education. 2016. Policy on the South African standard for principalship. Enhancing the professional image and competencies of school principals. 2015. Staatskoerant nr. 39827, 18 Maart 2016. Pretoria: Department of Basic Education.
- Du Plessis, André. 2016. The Policy on the South African Standard for Principalship and the creation of purposeful and meaningful educative space. Referaat voorberei vir die 2016 International Forum for Distinguished Secondary School Principals georganiseer deur die National Training Center for Secondary School Principals Ministry of Education by die East China Normal University in Shanghai, People's Republic of China. Die konferensietema was "Developing students' core competences and principals' mission". Die konferensie is gehou by die Guiyang No. 1 High School in Guiyang in die Guizhou Provinse in China op 4 November 2016.
- Erny, Pierre (vertaal, verkort en aangepas deur G.J. Wanjohi). 1981. *The child and his environment in Black Africa. An essay on traditional education*. Nairobi: Oxford University Press.
- Evans, Rinelle. 2015. Understanding social spaces and cultural practices. In: Evans, Rinelle (ed.). *Communication, culture and the multilingual classroom*. Pretoria: Van Schaik, pp.141-160.
- Ferguson, Niall. 2012. *Civilization: The West and the Rest*. New York: Penguin Books.
- Gauteng Provincial Legislature *In re: Gauteng School Education Bill of 1995* (CCT39/95) [1996] ZACC 4; 1996 (4) BCLR 537; 1996 (3) SA 165 (4 April 1996).
- Huntington, Samuel P. 1997. *The clash of civilizations and the remaking of world order*. New York: Touchstone.
- International Development Law Organization. 2016. Without rule of law, human rights are paper promises. Beskikbaar by <http://www.idlo.int/news/highlights/%E2%80%98without-rule-law-human-rights-are-paper-promises%E2%80%99> [14 Desember 2016].
- Kenyatta, Diallo. List of differences between African and European culture? Where does Arab and Asian culture fit into this mix? Beskikbaar by <http://diallokenyatta.tumblr.com/post/-108694272606/list-of-differences-between-African-and-European> [13 Maart 2017].

- Kroeber, A.L. & Kluckhohn, C. 1952. Culture: A critical review of concepts and definitions. Harvard University Peabody Museum of American Archeology and Ethnology Papers 47. In Center for Advanced Research on Language Acquisition, University of Minnesota (CARLA). 2014. What is culture? <http://carla.umn.edu/culture/definitions.html> [7 Desember 2016].
- Masehela, Boledi & Venitha Pillay, Venitha. 2014. Shrouds of silence: A case study of sexual abuse in schools in the Limpopo Province in South Africa. *Perspectives in Education*, 2014: 32(3):22-35.
- Matthee, J.L. 2014. One person's culture is another person's crime: a cultural defence in South African law? Ongepubliseerde LLD-proefskerif. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Matukane v Laerskool Potgietersrus* 1996 3 SA 223(T).
- Mawdsley, Ralph D. & Beckmann, Johan. 2013. Language and culture restrictions in K-12 non-public schools in the United States: Exploring the reach of federal non-discrimination law and implications for South Africa. *2013 De Jure*, 310-344.
- MEC for Education: Kwazulu-Natal and Others v Pillay* (CCT 51/06) [2007] ZACC 21; 2008 (1) SA 474 (CC); 2008 (2) BCLR 99 (CC) (5 October 2007).
- Meiring, Lieze. 2017. Exploring *ubuntu* language in bridging gaps: A narrative reflection on discussions between members of two reformed churches in a rural town of South Africa. Ongepubliseerde PhD-proefskerif. Pretoria: Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.
- Moran, Rachel F. 1995. In Roedel, Richter & Fuessel (eds.). *Pluralism and Education (Current Trends in Policy, Law, and Administration)*. Berkeley, California: Institute of Governmental Studies Press, University of California.
- Prinsloo, J.G. 2009. Die implikasies van uiteenlopende kulture in die hedendaagse skole in die RSA en hoe die reg tot dusver daarmee (moes) handel. Voordrag gelewer tydens 'n Suid-Afrikaanse Onderwysersunie-seminaar oor multikulturele onderwys. Wes-Kaap, 21 Februarie 2009.
- Republiek van Suid-Afrika. 1993. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 ("die Tussentydse Grondwet"). Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 1996(a). Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 2007. Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 2008. Kinderwet 38 van 2005. Pretoria: Staatsdrukker.
- Saayman, Willem. 1991. 'Who owns the schools will own Africa': Christian mission, education and culture in Africa. *Journal for the Study of Religion*, 4(2):29-44.
- South Africa.net. 2016. South Africa's rainbow nation. <http://www.southafrica.net/za/en/-articles/entry/article-southafrica.net-south-africas-rainbow-nation> [5 Desember 2016].
- Strauss, Danie. 2011. Skakeringe van die begrip kultuur – in historiese en sistematisiese perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(4):645- 665.
- UNESCO. 2001. UNESCO universal declaration on cultural diversity. New York: UNESCO.
- UNESCO and the International Labour Organization. 1966. Recommendation on the status of teachers. In UNESCO and the International Labour Organization. *Teachers and international labour standards: A handbook*. Geneva: International Labour Office.
- United Nations. 1992. Declaration on the rights of persons belonging to national or ethnic, religious and linguistic minorities. General Assembly resolution 47/135 of 18 December 1992. New York: United Nations.
- Vervliet, Chris. 2009. *The human person, African ubuntu and the dialogue of civilisations*. London: Adonis & Abbey.

Die aard en hantering van vooroordeel teen vroulike skoolleierskap in gedepriveerde gemeenskappe: bedreigings, benaderings, behoud

Prejudice against female school leadership within the context of multiple deprivations: Threats, approaches, survival

HETTIE VAN DER MERWE

Departement Onderwysleierskap en -bestuur
Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria
E-pos: vdmerhm@unisa.ac.za



Hettie van der Merwe

HETTIE VAN DER MERWE doseer in die Departement Onderwysleierskap en -bestuur aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sy onderrig nagraadse studente op die gebied van skoolbestuur en tree as studieleier vir studente op meesters- en doktorale vlak op. Sy het al haar kwalifikasies, insluitende haar PhD, aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Voordat sy tot die akademie toegetree het, was sy 'n Afrikaans- en Noord-Sotho-onderwyseres. Een van haar geakkrediteerde artikels is as teks in Afrikaans, Engels en Noord-Sotho gepubliseer. Haar passie vir die onderwys word gemotiveer deur die moontlikheid van optimale vordering vir elke individuele leerling. Haar navorsing is toegespits op skoolfunksionering en hoe hierdie funksionering deur bekwame onderrigleierskap, toegewyde leerkrakte en gedissiplineerde leerlinge beïnvloed word.

HETTIE VAN DER MERWE is a professor in the Department of Educational Leadership and Management at the University of South Africa. She teaches postgraduate students in the field of school management and she acts as a supervisor for master's and doctoral students. She obtained all her qualifications, including her PhD, from the University of Pretoria. Before joining the academic world, she taught Afrikaans and Northern Sotho to secondary school pupils. One of her accredited articles was published with text in Afrikaans, English and Northern Sotho. Her passion for teaching is motivated by the possibility of optimal progress for each individual pupil. Her research is focused on school functioning and the way in which this functioning is influenced by competency in instructional leadership, dedicated teachers and disciplined pupils.

ABSTRACT

Prejudice against female school leadership within the context of multiple deprivations: Threats, approaches, survival

Although school leadership positions are increasingly occupied by females, deep-rooted prejudice prevails regarding their competencies to act as school leaders. In this article, the focus is on the challenges facing female school leaders and the resolutions they implement in the face of ongoing prejudice within the context of a multitude of deprivations. While many studies have been conducted on the challenges and successes of female school leadership in urban and rural Western and non-Western societies, understanding female school leadership within the simultaneously occurring conditions of prejudice and multiple deprivation remains an under-researched terrain.

For this study, data were collected by means of a qualitative case study approach employing individual interviews with eight female school leaders and eight members of the school management teams of eight primary schools, which serve communities where multiple deprivation is rife. The data were interpreted as research findings through the theoretical lenses of feminist theory, relational leadership theory, and multiple deprivation. The findings pertain to the various approaches female school leaders follow as survival measures to counter the threat of deep-seated prejudice against their competence to hold leadership positions. The approaches these female school leaders follow reveal the value they place on positive relationships, joint decision-making and the best possible care for vulnerable learners. Their adoption of these approaches provides a means of persuading and convincing their staff as well as the learner and parent community of their executive leadership capacities as females.

Prejudice against female school leadership manifests as a deeply rooted patriarchal stereotyping of female ability. Especially prevalent in rural areas, such preconceived notions are expressed through the attitudes of members of both the internal and external school society. While some female leaders are discouraged by such prejudice, others deal with it proactively by convincing their school communities of their capacity to lead. Closely related to this attempt at winning over others is the high premium female school leaders place on building positive relationships with their staff as well as the learner and parent community. By considering the suggestions of the parent community when it comes to school improvements, a spirit of cohesive agreement develops which contributes to parents becoming more receptive to female leadership. With their conscious focus on spending enough time (quantitatively speaking) with staff during school breaks, and by considering the anonymous suggestions and complaints of learners, qualitative relationships are engendered which are based on good communication and accessibility. The fact that female leaders focus on these aspects promotes creative problem-solving and negates leadership as an exclusively male domain. Female leaders value collaborative decision-making, which they achieve by eliciting autonomous inputs from committee members. This promotes not only the taking of ownership but also a sense of belonging, which enhances stakeholder receptiveness for female leadership. To convince the community and ensure that the goals of the school are accountably realised through the assertive accommodation of joint decision-making, female school leaders invariably focus on gaining a thorough knowledge of the relevant school policies.

Females make convincing leaders thanks to their disposition as caretakers. Due to their own experience of multiple deprivation as children, many of the female leaders participating in this study revealed that they understand the conditions of absolute poverty to which their learners are exposed. Since they have insight into the hopelessness of their learners' circumstances, they know the value of education as a potential source of social mobility. Their

task as caretakers is closely linked to obtaining sponsorships which will expose their learners to the most holistic education possible within their own context. They realise that in order to persuade the business world to commit sponsorships, their schools must function properly to be marketed as a worthwhile product. The female leaders' empathetic approach to the well-being of their staff and learners inspires good performance which – with the goodwill and cooperation of the parent community – contributes to a well-functioning school. The combination of an empathetic disposition to learner well-being, their own experience of the value of education as a possible platform for social mobility, and their skills in obtaining sponsorships for the holistic schooling of their learners, engenders a positive attitude towards female leadership and serves to eradicate much of the prejudice against their competencies.

The threat of prejudice against female leaders is thus countered by approaches involving the establishment of positive relationships, the application of joint decision-making processes and an empathetic focus on the circumstances inhibiting learners' progress. The dogged pursuit of these approaches results in females being viewed as convincing school leaders who provide the most holistic education possible within their context to learners – elements which serve to help female leaders to survive and thrive.

KEY WORDS: building relationships, female school leadership, joint decisionmaking, leadership prejudice, multiple deprivation, school leadership, stereotyping, supportive care

TREFWOORDE: gesamentlike besluitneming, leierskapvooroordele, meervoudige gebrek, ondersteunende versorging, skoolleierskap, stereotipering, verhoudingstigting, vroulike skoolleierskap

OPSOMMING

Alhoewel skoolleierskapposities toenemend deur vroue gevul word, heers daar steeds diegesetelde vooroordeel teen die vermoëns van vroue om as leiers op te tree. Hierdie artikel fokus op die uitdagings en benaderings van vroulike skoolleiers wat in gedepriveerde gemeenskappe (dit wil sê binne die konteks van meervoudige gebrek) aan vooroordeel teen vroulike leierskapvermoëns uitgelewer is. Aan die hand van 'n kwalitatiewe gevallestudie-ondersoek is individuele onderhoude met agt vroulike skoolhoofde en agt skoolbestuurslede van laerskole in landelike gebiede in KwaZulu-Natal, Noordwes en Mpumalanga gevoer. Al agt laerskole is uitgelewer aan omstandighede van meervoudige gebrek. Die data-ontleding bevestig die aanwesigheid van vooroordeel teen vroulike leierskap en maak die benaderings bekend wat vroulike leiers volg om hierdie vooroordeel te oorkom. Hierdie benaderings hou verband met die hoe waarde wat vroulike skoolleiers aan verhoudingstigting, gesamentlike besluitneming en die versorging van 'n kwesbare leerlinggemeenskap heg.

1. INLEIDING

Wêreldwyd word die onderwysberoep, veral wat laerskole betref, deur die vroulike geslag beoefen en leierskapposities word ook toenemend deur vroue gevul. Hoe vroue hul leierskapsituasies ervaar verskil van samelewning tot samelewning soos wat kontekstuele toestande uitdagings en oplossings beïnvloed. In hierdie artikel is die fokus op die uitdagings en oplossings van vroue in skoolleierskapposities in gedepriveerde gemeenskappe (dit wil sê binne 'n konteks van meervoudige gebrek), waar vooroordeel meer dikwels heers oor vroue se vermoë om as leiers op te tree (Shapira, Arar & Azaiza 2011; Lumby 2015). Antwoorde word gevind op hoe

meervoudige gebrek figureer, hoe vooroordeel teenoor vroulike leierskap manifesteer, en wat die benaderings is wat vroue volg om hul leierskap uitdagings die hoof te bied.

In die literatuur word kwaliteit van vroulike leierskap geïdentifiseer as 'n fokus opveral menseverhoudinge en gedeelde leierskap met as doel die bemagtiging van ander in die proses van organisatoriese doelwitbereiking (Eagly 2007; Krüger 2008). Hoewel nie uitgesonder tot leierskap deur vroue nie, word die kwaliteit van empatie, verdraagsaamheid en 'n hoë premie op gesamentlike besluitneming ter wille van gemeenskaplike eienaarskap as tiperend van vroulike leierskap beskou (Arar & Oplatka 2016). Sherman (2000) en Lumby (2015) beklemtoon vroue as skoolleiers se groter geneigdheid om leerlinge se holistiese welstand eerder as spesifieke prestasies in ag te neem terwyl daar op onderrig en leer gefokus word.

Ongeag die prysenswaardigheid van vroulike leierskap, bly die seksistiese konnotasie van leierskap en geslag 'n realiteit wat vroue in leiersposisies dwarsboom (Krüger 2008). Hul goeie leierseienskappe ten spyte, buig vroue dikwels nog die knie voor hul manskollegas as dit kom by aanstellings in leiersposisies. Hierdie diskriminasie wat met diegesetelde sosio-kulturele opvattingen verband hou en wat ongeag die vlak van samelewingsgesofistikeerdheid steeds voorkom, is veral akut in samelewings waar 'n patriargale hiérargiese kultuur deur ongeskrewe sosiale gewoontes en kodes gerig word (Reynolds, White, Brayman & Moore 2008; Arar & Oplatka 2016). Binne die Suid-Afrikaanse samelewingskonteks waar 'n groot aantal skole wanfunksioneel is (Bloch 2009), word hierdie wanfunksionaliteit deur die vooroordeel teen vroulike skoolleierskap vererger (Maringe & Moletsane 2015).

Talle studies is al onderneem oor die uitdagings en suksesse van vroue ten opsigte van skoolleierskap in stedelike en plattelandse Westerse samelewings (Miller, Graham & Al-Awi 2014; Oplatka & Mimon 2008; Pande & Ford 2011; Reynolds et al. 2008). Die uitdagings vir vroulike skoolleiers in Arabiese samelewings met 'n diegesetelde patriargale aanslag (Arar & Oplatka 2016; Shapira et al. 2011) en Afrika-samelewings wat gekenmerk word deur spanning wat met sosio-ekonomiese tekortkominge gepaardgaan (Zikhali & Perumal 2016; Steyn & Parsaloi 2014), is goed gedokumenteer. Binne die Suid-Afrikaanse konteks belang onlangse studies die aard en wese van die leierskap van vroue in skole wat voorsiening maak vir die kinders van werklose en laagbesoldigde ouers (Lumby 2015; Smit 2014; Van der Merwe 2011). My artikel dra tot die diskous oor vroulike leierskap by deur die aard en wese van vroulike leierskap te kwalifiseer uit die oogpunt van benaderings om uitdagings weens vooroordeel teen vroulike leierskap in gedepriveerde omstandighede die hoof te bied.

Ten einde hierdie uitdagings en benaderings te belangrik, word die teorieë van feminism, verhoudingsleierskap en meervoudige gebrek gesamentlik as teoretiese lens gebruik om navorsingsresultate te interpreteer. As agtergrondkennis vir die empiriese ondersoek wat agt vroulike skoolhoofde en agt skoolbestuurslede van laerskole in landelike gebiede in KwaZulu-Natal, Noordwes en Mpumalanga betrek, word algemene persepsies oor skoolleierskap en die aard van vroulike leierskap ook belangrik.

2. FEMINISMETEORIE EN VERHOUDINGSLEIERSKAP

Die teorie van feminism het as fokus die beëindiging van die onderskiktheid van vroue aan mans deur gelyke geleenthede binne 'n oop en akkomoderende sosiale bestel te verseker. Binne sodanige bestel manifesteer gelyke geleenthede, geen geslagsdiskriminasie en geen geslagsvooroordel (Acker 1987). Hierdie kwaliteit realiseer gelykwerkend as buffer teen ongelyke uitkomste wat ten spyte van gelyke geleenthede steeds geld wanneer sosialisering-sentemente op 'n volgehoudie ontvanklikheid vir geslagsvoorkleur afgestem bly (Yoder 2005).

Ongelyke uitkomste is die gevolg van sosialiseringsaksies met voorskrifte vir geslagsrolle en met geslagstereotipering wat ingesteldhede soos vroue as die ondergeskikte geslag en mans as emosioneel onkreukbaar herbevestig. Geslagsgelykheid met betrekking tot kennis, mag en finansiële welvaart is slegs moontlik wanneer manlike dominansie binne 'n patriargale sosiale bestel wat geslag as onderdrukkende kulturele realiteit in stand hou, uitgewis word (Acker 1987). Geslag as negatiewe kulturele realiteit manifesteer veral as die reëlmataige herbevestiging van manlike dominansie wat die vroulike geslag geleenthede vir onvoorwaardelike kennisvermeerdering, hulprongebruik en selfbeeldverbetering ontneem (Yoder 2005).

Hoewel vroulike leiers as geslagsgroep vroulike eienskappe deel, verteenwoordig elke vrou ook 'n uniekheid met betrekking tot gedrag, sienswyse en persoonlikheid (Cott 1986). Binne hierdie uniekheid dra vroulike leiers as medewerkers tot 'n rekonstruksie van die sosiale bestel by. Hierdie rekonstruksie kom tot stand deur verhoudingsleierskap waarvolgens werknemers mekaar onderling beïnvloed. Vanweë wedersydse beïnvloeding word die werklikheid geherkonstrueer tot gewysigde waardes, houdings en benaderings soos byvoorbeeld 'n groter toegeneentheid teenoor vroulike leierskap (Uhl-Bien 2006). Verhoudingsleierskap berus op die aanname dat die sosiale bestel gelyk is aan sosiale verhoudings en dat begrip en kennisverwerwing deur 'n proses van interaktiewe verhoudingstigting plaasvind (Bradbury & Lichtenstein 2000). Die voortdurende herkonstruering van die werklikheid vind dan plaas vanweë hierdie proses van verhoudingstigting wat tot gevolg het dat werknemers oor sake saamstem omdat hulle mekaar beïnvloed. Verhoudingsleierskap met as kern verhoudingstigting ontstaan horisontaal binne 'n plat organisasiestruktuur ter wille van weder-sydse bemagtiging gebaseer op gedeelde besluitneming oor doelwitbereiking (Grogan & Shakeshaft 2011).

Die skool as 'n organisasie funksioneer as 'n uitgebreide netwerk van verhoudings tussen personeellede. Vanweë interaktiewe verhoudingstigting word die persepsies en gedrag van personeellede aan gedurige verandering onderwerp, wat weer wisselwerkend op die organisatoriese kultuur van die skool inwerk (Uhl-Bien 2011). Hierdie wisselwerkende beïnvloedingskrag het tot gevolg dat leierskapfunksionering deur interpersoonlike verhoudings eerder as organisatoriese reëls en regulasies gerig word. Die taak van die skoolleier om effektiel by te dra tot die verwagte sosiale bestel, soos rolspelers dit veronderstel, is veral 'n taak van verhoudingstigting om personeel, leerlinge, ouers en die breër gemeenskap tot veranderde waardes en die nagevolge daarvan te oorreed (Hogg 2005).

Volgens die feministiese teorie help verhoudingsleierskap om die sosiale bestel aan die hand van die strukturering van verhoudings te verander. Hierdie verhoudingstrukturering vanweë interaktiewe werksverrigting veroorsaak tesame met die ontvanklikheid vir verandering dat werksverhoudinge in die uitvoer van take met verloop van tyd verander (Uhl-Bien 2011). Dat meer en meer vroue algaande leierskapposities in skole beklee, beïnvloed interaksiepatrone en die onvermydelikheid van sosialebestel-veranderings.

'n Komponent van verhoudingsleierskap wat verandering motiveer, is die estetiese waarde wat aan die leierskapproses gekoppel word. Die individu se verwagtings van leierskap, soos dat dit met integriteit, empatie en effektiwiteit gepaard moet gaan, word sensories ervaar. Hierdie sensoriese ervaring beïnvloed kognitiewe denke en 'n bewustelike en onbewustelike instemming met dit waarvoor die leier hom of haar beywer, ongeag die leier se geslag (Taylor & Hansen 2005).

Werklikheid as die gemeenskaplike konstruering van kennis en betekenisgewing is op bepaalde verhoudingstigtings in 'n spesifieke sosio-kulturele bestel gebaseer (Uhl-Bien 2006). Meervoudige gebrek figureer as 'n spesifieke sosio-kulturele bestel.

3. MEERVOUDIGE GEBREK AS KONTEKS

Binne 'n onderrig-en-leer-bestel verteenwoordig meervoudige gebrek die aanwesigheid van faktore wat leerlinge die moontlikheid van suksesvolle leer ontnem. Hierdie faktore, wat nou verwant is aan 'n konteks van swak sosio-ekonomiese omstandighede, omsluit toestande soos armoede, die gebrek aan 'n opvoedkundig stimulerende omgewing en 'n algemene gebrek aan harmonie tussen die sosiale en kulturele bestel (Lumby 2015; Maringe & Moletsane 2015). Armoede op sigself figureer nie as ontneming nie, maar lei tot ontneming wanneer dit 'n aantasting van menswaardigheid en 'n gebrek aan geleenthede om persoonlike en omgewingsomstandighede te verbeter, tot gevolg het (Barnes, Noble, Wright & Dawes 2009). Sodanige ontneming is dan die gevolg van armoedeverwante faktore soos lewensbeperkende inkomste, swak of geen akkommodasie, 'n gebrek aan genoegsame voeding, en 'n gesondheidsbedreigende omgewing wat fisiese ontwikkeling kortwiek. 'n Omgewing van ongeletterdheid, 'n gebrek aan moraliteit en gebrekkige kennis en begrip as epistemologiese besit, inhibeer weer psigologies-kognitiewe ontwikkeling (Noble, Wright, Magasela & Ratcliffe 2007; Townsend 1987; Whelan, Layte & Maître 2002). Hierdie genuanseerde aard van ontneming karakteriseer armoede as relatief of absoluut. Relatiewe armoede kan byvoorbeeld die gevolg van 'n akute moraliteitsgebrek te midde van oorvloedige materiële gerief wees. Absolute armoede omsluit egter alle vorme van ontneming wat fatalisties van geslag tot geslag oorgedra kan word (Noble et al. 2007).

Binne die Suid-Afrikaanse konteks van meervoudige gebrek word kinders aan ontneming as absolute armoede blootgestel. Barnes et al. (2009) verduidelik hierdie ontneming aan die hand van vyf kategorieë met aanwysers vir elke kategorie. Die kategorie van inkomste en materiële ontneming omsluit kinders wat grootword in huishoudings wat nie yskaste het waarin bederfbare kos bewaar word nie en nie radio's of televisies het vir toegang tot kennis en inligting nie. Die ontneming vanweë 'n gebrek aan werk betrek kinders van huishoudings waar geen volwassene ouer as agtien 'n betrekking beklee nie. Onderwys as ontneming omsluit huishoudings waar kinders in die ouderdomsgroep 7 tot 15 nie skoolgaan nie of nie in die regte graad van skoolopleiding is nie. Afgesien van 'n gebrek aan lopende water en elektrisiteit is oorvol huishoudings waar kinders slaapgeriewe deel met verskeie persone van verskillende ouderdomme en geslagte, aanwysers vir die kategorie van leefwêrelodomgewing-ontneming. Die gebrek aan genoegsame volwassene-sorg het betrekking op kinders wat in huishoudings grootword waar albei ouers oorlede is of elders woonagtig is (Barnes et al. 2009). Die totaliteit van hierdie vorme van ontneming as meervoudige gebrek het tot gevolg dat kinders skool betree sonder die nodige basiese sosiale kapitaal om ontvanklik vir volgehoue vordering te wees (Bloch 2009). In gedepriseerde gemeenskappe is suksesvolle skoolleierskap 'n uitdaging omdat leerlinge se reg tot onderwys eerder as ontneming realiseer wat hulle sosiale mobiliteit belemmer (Lumby 2015). Wanneer hierdie ontneming met geslagsgemotiveerde vooroordeel gepaardgaan, kompliseer dit die uitdaging wat vroulike skoolleiers het om onderwys as 'n basiese reg suksesvol aan kinders te voorsien.

4. SKOOLLEIERSKAP

Suksesvolle skoolleierskap omsluit 'n werkbare skoolmissie binne 'n veilige en ordelike skoolomgewing waar hoë verwagtings van leerlinge gekoester word en waar onderrigtyd, leergedreve assessering en konstruktiewe ouerbetrokkenheid belangrik geag word (Bush 2013; Hallinger 2011). Skoolsukses is dan die gevolg van skoolleiers wat hul personeel motiveer en

bemagtig tot suksesvolle werksverrigting wat onderskraag word deur 'n skoolvisiegendrewe samehorigheidsgevoel (Blair 2002). In gedepriveerde omstandighede beteken suksesvolle skoolleierskap dat konflik en onvoorspelbaarheid deur 'n mensgeoriënteerde benadering hanteer word wat die individu se behoeftes bo dié van die organisasie stel (Maringe & Moletsane 2015). Dit beteken ook dat skoolleiers groot waarde aan goeie gemeenskapsbetrekkinge heg en 'n filantropiese ingesteldheid teenoor die welstand van leerlinge in nood het benewens 'n onwrikbare geloof in die vermoë van elke leerling om ongeag absolute armoede te presteer (Kamper 2008; Smit 2014; Van der Merwe 2011).

Skoolleierskap is aangewese op faktore soos die waardes van die eksterne omgewing, die skoolkultuur en die karaktereienskappe van die personeel van die betrokke skool (Hallinger 2011). Hierdie faktore moet versoen word met wêrelmededinging en die aanspreeklikheid vir volgehoue prestasie soos gerig deur inligtingstegnologie-dinamiek (Tucker 2010). Transformasieleierskap as mensgeoriënteerde leierskap-vanaf-die-middel word as die mees ideale leierskapstyl vir volgehoue prestasie geïdentifiseer (Eagly 2007; Krüger 2008). Hierdie leierskap behels dat die leier en personeel mekaar bemagtig tot kreatiewe doelwitbereiking aan die hand van 'n gedeelde visie en gesamentlike besluitneming, met die leier as rolmodel wat personeel akkommoderend tot uitnemende werksverrigting inspireer. Logieserwys is verhoudingstigting inherent in gesamentlike besluitneming.

Hoewel manlike en vroulike skoolleiers aan dieselfde kriteria vir skoolsukses gemeet word, gaan vroulike uitkomstes meer met verhoudingstigtende empatie, instemming en versorging gepaard in teenstelling met manlike uitkomstes wat meer deur 'n prestige-en statusgerigte, selfgeldende taakgeoriënteerdheid gerig word (Arar & Oplatka 2016; Reynolds et al. 2008; Smit 2014). Krüger (2008) voer aan dat die bereiking van uitkomstes soos wat dit van manlik tot vroulik verskil, in 'n groot mate geneties bepaal word deurdat geslagsoriëntering die wyse van bereiking van uitkomstes rig. Vroulike skoolleiers fokus byvoorbeeld meer op positiewe interaksie binne klaskamerverband en op die algemene heil van interne skoolfunksionering, terwyl mans meer op administratiewe effektiwiteit en die analisering en vestiging van oorkoepelende skoolsisteme fokus (Krüger 2008; Shapira et al. 2011).

Diegesetelde persepsies oor suksesvolle leierskap wat veral in plattelandse gebiede steeds as androgene selfgelding geïnterpreteer word, veroorsaak 'n volgehoue bewustelike of onbewustelike siening dat vroue nie opgewasse teen die leierskapptaak is nie (Arar & Oplatka 2016; Eagly 2007; Sherman 2000). Hierdie interpretasie, wat deur beide 'n manlike en vroulike negatiewe stereotipering gevoed word en inherenter op vroue se selfvertroue vir leierskap inwerk, word verder versterk deur vroue se gebrek aan leierskapambisie vanweë hulle versorgingstaak as moeders. Vroue wat wel deur die spreekwoordelike glasplafon van leierskap breek, bly onderhewig aan kritiek soos dat hulle te manlik voorkom wanneer hulle kontrolierend-selfgeldend optree of dat hulle onvermoë openbaar wanneer hulle versorgend-ondersteunend is. Ten einde te kompenseer vir hierdie kritiek waaraan hul manlike eweknieë nie blootgestel is nie, volg vroue 'n middelgrond-leierskapstyl van selfgeldende ondersteuning (Reynolds et al. 2008).

Binne 'n Suid-Afrikaanse konteks van meervoudige gebrek word skoolleiers dikwels aan onrealistiese samelewingsverwagtings van wat met onderrig en leer bereik kan word, blootgestel. Dit plaas vroulike skoolleiers in die kwesbare situasie waar negatiewe geslagstereotipering, eerder as faktore wat met meervoudige gebrek verband hou, die rede vir 'n gebrek aan doelwitrealisering is (Lumby 2015; Moorosi 2007). Die minimumvereiste vir skoolleierskap in Suid-Afrika was aanvanklik slegs 'n onderwyskwalifikasie en jare onderwysservaring (Bush & Heystek 2006). Die generiese leierskapopleiding wat wel vanaf

2007 vir praktiserende en aspirantskoolleiers aangebied word, skiet tekort ten opsigte van die behoefte aan spesifieke kennis en vaardighede wat met die leierskap van skole binne die konteks van meervoudige gebrek gepaardgaan (Maringe & Moletsane 2015). Binne hierdie konteks tree vroue wat self met meervoudige gebrek grootgeword het as skoolleiers op. Dit is in baie gevalle omdat niemand anders in hierdie posisies belangstel nie (Lumby 2015) en omdat hierdie vroue gemotiveer word deur diens aan 'n gemeenskap waarvan hulle die omstandighede goed verstaan (Smit 2014). Hierdie vroue word egter in die uitvoering van hulle pligte gekortwiek deur die vooroordeel van onderwysers, ouers en die plaaslike gemeenskap wat vroue as onbevoeg vir die taak van skoolleierskap beskou. Om die uitdagings van stereotipering en meervoudige gebrek die hoof te bied, steun hierdie vroue op proaktiewe harde werk om rolspelers van hul leierskapvermoëns as vroue te oortuig (Chisholm 2001; Lumby 2015).

Hierdie literatuur oor feminismeteorie, meervoudige gebrek en vroulike leierskap is in ag geneem vir die empiriese ondersoek na die uitdagings en benaderings van vroue in skoolleierskapposities binne die konteks van stereotipering en meervoudige gebrek.

5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Omdat ek die uitdagings van vroulike skoolleierskap wou verstaan soos wat dit van toepassing is op skoolleiers en op personeel wat nou by skoolbestuur betrokke is en uit die oogpunt van die betekenis wat hulle uit hul situasies put, was my empiriese ondersoek op 'n interpretivistiese paradigma geskoei. Gerugsteun deur gerief en toeganklikheid (Cohen, Manion & Morrison 2011) en die doelgerigte seleksie van deelnemers (Toma 2011), is agt vroulike skoolleiers en agt skoolbestuurslede van agt laerskole in landelike gebiede in Noordwes, KwaZulu-Natal en Mpumalanga as deelnemers geselekteer. Afgesien van die maatstawwe "vroulike skoolleiers" en "skoolbestuurslede", was daar 'n derde maatstaf vir steekproefseleksie, naamlik laerskole wat in areas van meervoudige gebrek funksioneer. Semi-gestruktureerde individuele onderhoude is met die agt vroulike skoolleiers en agt skoolbestuurslede gevoer. Twee van die skoolleierdeelnemers het nasionale toekennings vir uitnemendheid in laerskoolleierskap van die Departement van Basiese Onderwys ontvang. Die skoolleierdeelnemers se jare diens in skoolleierskap by hul betrokke skole het van vier tot 13 jaar gewissel. Die skoolbestuurdeelnemers het reeds vir minstens ses jaar as skoolbestuurslede by hul betrokke skole opgetree. Rasverteenvoordiging in die deelnemersgroep van 16 het Indiërs en swart ingesluit, met drie manlike skoolbestuurslede.

Met inagneming van die aanbevelings van Toma (2011) oor deeglikheid met die insameling van data, is triangulasie bewerkstellig deur die antwoorde van die deelnemers op dieselfde vraagstelling naas mekaar te oorweeg. Deur verdere vraagstelling ter wille van meer helderheid, wat deur intensieve betrokkenheid bewerkstellig is (elke onderhou het ongeveer een en 'n half uur geduur), kon tussen vae en spesifieke stellings onderskei word. Die data van die 16 individuele onderhoude het reëlmatighede en herhalende patronen uitgewys. Hierdie reëlmatighede as konteksryke bevindings kon op toepaslike wyse met literatuurbevindings in verband gebring word. Die onderhoude is deur dieselfde oop vraag gerig, naamlik wat dit behels om as vrou aan die hoof van 'n skool te staan, met sub-vrae oor benaderings tot en ondervinding van leierskap, moontlike vooroordeel teen vroulike leierskap, en leierskap binne die konteks van meervoudige gebrek.

Kwalitatiewe inhoudsontleding het behels dat ek die elektroniese opnames van die onderhoude self getranskribeer het as 'n eerste verdieping in die data en as 'n eerste kennisname

van moontlike reëlmatrikeldene en opvallende patronen. Daarna het ek elke onderhoud herhaaldelik gelees om so 'n volledige geheelbeeld as moontlik van die inhoudelike te kry en om aan die hand van reël-vir-reël-kodering elemente te identifiseer wat betekenisvol sou kon bydra om die navorsingsvraag te beantwoord (Henning, Van Rensburg & Smit 2004). Ten slotte het ek die gedekodeerde data geïnterpreteer deur verbandhoudende elemente en patronen saam te kategoriseer as afsonderlike temas. Hierdie temas verteenwoordig 'n perspektief op wat vroulike skoolleierskap behels binne 'n omgewing van meervoudige gebrek en met die hantering van vooroordeel teen vroulike leierskap.

Etiese klaring van die toepaslike owerhede het die voldoening aan die oorkoepelende beginsels van akademiese integriteit, eerlikheid en respek vir almal en alles in die vooruitsig gestel. Met behulp van ingeligte toestemming is verseker dat deelnemers volledig oor die navorsing en die rede vir hulle deelname ingelig is. Toestemming om 'n elektroniese opname van die onderhoud te maak, is vooraf van elke deelnemer verkry. Elke getranskribeerde onderhoud is aan die betrokke deelnemer gestuur om die akkuraatheid van die data te bevestig. Deelnemers se anonimitet en die vertroulikheid van hul bydraes is deurgaans verseker.

6. NAVORSINGSBEVINDINGS

Vier hooftemas het duidelik geword uit 'n ontleding van die inhoud van die onderhoude. Hierdie temas, wat die wese van vroulike leierskap binne konteks belig, omsluit die volgende: vooroordeel teen vroulike leierskap; die waarde van verhoudingstigting; die noodsaak van gesamentlike besluitneming; en versorging as natuurlike roeping. My bespreking van die temas word deur woordelikse aanhalings uit die onderhoude gerugsteun. Ter wille van vertroulikheid en outentieke verteenwoordiging onderskei ek tussen die skoolleierdeelnemers as SL1, SL2, en so meer en tussen die skoolbestuurslede as SB1, SB2, en so meer.

6.1 Vooroordeel teen vroulike skoolleierskap

Uit die onderhoude met deelnemers was die prominensie van geslag as negatiewe realiteit vir vroulike skoolleierskap nog duidelik aanwesig. Hierdie negatiwiteit, in die vorm van die betwyfeling van vrou se vermoëns as skoolleiers, was nog in beide die interne en eksterne skoalgemeenskappe teenwoordig. Die deelnemers se leierskapvermoëns as adjunkhoofde, departementshoofde en waarnemende skoolhoofde voor hul aanstelling as skoolleiers is deur die onderskeie gemeenskappe aanvaar en waardeer. Toe hul aanstellings as skoolleiers egter bekragtig is ná die formele proses waarvolgens hulle aansoek gedoen en die kortlys gehaal het en deur die onderhoudskomitees as die beste kandidate aanbeveel is, was deelnemers onderhewig aan diegesetelde vooroordeel teen vroue as amptelike skoolleiers.

In die een geval is die vooroordeel van die eksterne skoalgemeenskap deur die tradisionele gemeenskapsleier op die spits gedryf toe hy as spreekbuis van die gemeenskap verklaar het dat hy nie die vroulike skoolleier kan aanvaar nie aangesien vroue 'n onvermoë openbaar ("He said openly he is not ready to accept me as the principal because women are weak," SL5). In sommige gevalle kon die gemeenskap hulle nie 'n vrou as skoolleier voorstel nie. Een voorbeeld hiervan was 'n ouerpaar wat die skoolhoof vir die sekretaresse aangesien het ten spyte van die plaatjie op haar kantoordeur wat haar as die skoolhoof geïdentifiseer het ("They requested me to call the principal", SL2). Die afwysing van vroulike leierskap het daarin gerealiseer dat, hoewel die vroulike kandidate die skoolleierposte as die geskikste kandidaat gekry het, die skoolbeheerliggame steeds na die manlike onderhoofde as die skoolleiers verwys het ("They

will only consider a man as the real principal, never a woman”, SB7). Vir ’n Noord-Sotho-moedertaalspreker het die vyandigheid van die gemeenskap teen vroulike leierskap tot vervreemding gelei ten spyte daarvan dat sy Zoeloe, die meerderheidstaal by die skool, ten volle magtig is (“I was told that I am not a daughter of the soil”, SL4). Haar manlike eweknie in soortgelyke omstandighede by ’n buurskool is nie as ’n vreemdeling geëtitketteer nie. Hoewel onderwyservakbonde alle skoolleiers as die skuldige party beskou, is dit vir ’n vroulike leier meer intens vanweë die verstekbenadering dat ’n vrou nooit reg kan wees nie. In een geval waar ’n vroulike leier menslikerwys fouteer het, is dit as “tipies vrou” beoordeel (“What are you expecting from a woman”, SB3).

Binne die interne skoolgemeenskap is vroulike skoolleiers blootgestel aan die teensinnigheid vanveral hul manlike personeel om hul samewerking vir die bevordering van onderrig-en-leer te gee. Vanweë diepgesetelde patriargale persepsies ervaar manlike kollegas dit as ’n persoonlike mislukking om deur ’n vrou tereg gewys te word (“Male educators feel inferior, they think I am not respecting their headship”, SL8). Die gebrek aan samewerking is nie altyd net tot manlike kollegas beperk nie aangesien ’n traagheid ook by vroulike kollegas ondervind word om hulle vir komiteewerk beskikbaar te stel wanneer ’n vrou die skoolleier is. ’n Anomalie heers egter in dié opsig omdat personeellede wat blatant hul weerstand teen enige vroulike leierskap verkondig, vergeet dat die presterende skole waarna hulle verwys, vroue as skoolleiers het (“They pick up schools that are led by women, meanwhile they undermine their capabilities”, SB5).

Vir skoolleierdeelnemers het die eksplisiete demonstrasie van negatiwiteit oor hulle vermoëns tot gevolg dat die vroue oorkompenseer met volgehoue harde werk ten einde so voorbereid as moontlik vir elke dag se taak te wees (“I must be extra-ordinary prepared to convince people”, SL3). ’n Deel van deeglike voorbereiding is om baie goed vertroud te wees met alle beleidsdokumente ten einde onderrig-en-leer so effekief moontlik te reël en as verweer teen enige beskuldigings van rolspelers en vakbonde (“To avoid unions blaming me of failing to manage the school and treating educators badly”, SL8). Om goed toegerus te wees, behels ook formele professionele opleiding in skoolleierskap ter wille van ’n goeie teoretiese onderbou vir geslaagde toepassing binne konteks (“I started educational management at Potch University, that is where I got knowledge from further management and administration”, SL1). Vir ander deelnemers lei volgehoue geslagsvooroordeel tot ’n aftakeling van hul selfbeeld en ’n verlies aan vertroue in hul vermoë om as vroulike skoolleiers goede onderrig-en-leer binne konteks te verseker. Die feit dat van die vroulike skoolleiers, soos baie van hul manlike kollegas, nie ’n formele kwalifikasie in skoolleierskap het nie en Engels nie ten volle beheers nie, inhibeer hulle in so ’n mate dat hulle hul begin vereenselwig met die diepgesetelde persepsies oor die ondergeskikte posisie van die vrou (“Maybe I cannot do this properly because it is meant for men”, SL5).

6.2. Die waarde van verhoudingstigting

Ter wille van goedgesindheid teenoor vroulike leierskap en om die saak van onderrig-en-leer te bevorder, fokus deelnemers op konstruktiewe werksverhoudinge met hulle personeel, leerlinge, ouers en die breër gemeenskap (“You must win them, engage them from all angles”, SL1). Konstruktiewe betrekkinge met ouers realiseer in doelgerigte pogings om ouers se voorstelle, soos die sink van ’n boorgat vir groentetuin-besproeiing, te implementeer. Hoe groter deelnemers se agting vir ouers se insette tot skolverbetering, hoe meer geïnspireerd is ouers om hul dienste vrywillig aan die skool beskikbaar te stel. Hierdie dienste wissel van die ver-

wydering van onkruid op die skoolterrein en die versorging van die skool se groentetuin, tot die instandhouding van higiëne in die badkamers. Goeie verhoudinge met die ouergemeenskap omsluit ook aktiewe betrokkenheid by die breër gemeenskap. Interaktiewe betrokkenheid by openbare vergaderings soos dié wat deur die polisie vir gemeenskapsbeveiliging gereël word, bevorder die samelewing se erkenning van vroulike leierskapvernuf (“Through your working togetherness with all people, you achieve acceptance in totality”, SL1).

Deelnemers het die belangrikheid van positiewe verhoudinge met personeel en leerlinge ter wille van die algemene welsyn en suksesvolle werksverrigting beklemtoon. Positiewe verhoudingstigting met personeel behels toeganklikheid en goeie kommunikasie wat deur informele gesprekke tydens pouses in die personeelkamer bevorder word. Die kwantitatiewe aard van hierdie daaglikse tydsbesteding bevorder kwalitatiewe interaksie wat ’n goeie spangees en die wete dat die skoolleier en elke personeellid daar is vir mekaar, tot gevolg het (“To confide in somebody makes your burden less”, SB8). ’n Gevoel van sekuriteit onder personeel vind neerslag in ’n konstruktiewe afgestemdhed op die welstand van leerlinge. Ontvanklikheid vir die menings en behoeftes van leerlinge word bewerkstellig deur byvoorbeeld ’n voorstellekissie beskikbaar te stel waardeur leerlinge voorstelle en klages anoniem aan die personeel kan kommunikeer. Die nagaan en inagneming van leerlinge se anonieme kommunikasie behels gereelde introspeksie deur die skoolleier en haar personeel (“We check all those pieces of paper to see whether we do things well or not”, SB4). Hierdie introspeksie bevorder die kwaliteit van leerlinge se skoollewe wat saam met agting vir ouerbetrokkenheid, ontvanklikheid vir gemeenskapsamewerking en ’n fokus op toeganklike personeelbetrekkinge tot instemmende waardering vir vroulike leierskap bydra.

6.3 Die noodsaak van gesamentlike besluitneming

Deelnemers het beklemtoon dat hul leierskap afhanklik is van gesamentlike besluitneming ter wille van wedersydse bemagtiging vir die neem van eienaarskap van uitnemende werksverrigting. Gesamentlike besluitneming realiseer deur komitees met komiteeveorsitters wat as raadgewers optree en namens die skoolleier besluite neem. Die rol van die skoolleier is om te kontroleer dat haar komitees se voorstelle en besluite realisties is en met die toepaslike skoolbeleid ooreenstem (“I need the backing from them, I check whether it is in line with the policy”, SL7). Toekennings vir komiteewerk tydens jaarlikse prysuitdelingsceremonies dien as aansporingsmaatreël vir volgehoue werkverrigting binne die konteks van horizontale besluitneming wat positief kan meewerk tot die aanvaarding van vroulike leierskap.

Afgesien van gesamentlike besluitneming aan die hand van komiteestrukture, word wedersydse bemagtiging ook bevorder deur ruimte te skep vir individuele inisiatief. Personeellede wat hul skoolleier nader met duidelik uitgestippelde planne om hul onderrig-en-leer-aksies te verbeter, weet dat hul skoolleier alles in haar vermoë sal doen om hulle te help ten einde hul werkbare versoekte laat realiseer (“She asks us ‘tell us how’ and then she helps”, SB6). Deelnemers het beklemtoon dat die sukses van gesamentlike besluitneming afhanklik is van vrymoedigheid en beslisheid. Die vrymoedigheid van personeel om hul skoolleier te nader word bevorder wanneer die skoolleier nie beskou word as iemand wat bo haar personeel verhewe is nie, maar as een van hulle. Hierdie vrymoedigheid gaan egter gepaard met die beslisheid om verantwoording te doen vir elke dag se werksverpligtinge (“We are friendly and nice, but we follow the systems that are in place and make sure that the protocol is being observed”, SL1).

6.4 Versorging as natuurlike roeping

Uit die onderhoude met deelnemers was dit duidelik dat die samelewingsomstandighede by al agt die geselecteerde skole dieselfde is, naamlik dat leerlinge die kinders van ongeskoolde werkers is, dat hulle woonagtig is in informele nedersettings en dat hulle ouers of versorgers blootgestel is aan hoe vlakte van werkloosheid. Vir baie leerlinge is die daaglikse maaltyd van die skool se voedingskema hulle enigste maaltyd vir die dag. Skoolleierdeelnemers wat as kinders aan dieselfde omstandighede uitgelewer was, verstaan leerlinge se omstandighede en weet uit ondervinding dat onderwys, hoe beperkend ook al, die enigste hoop op sosiale mobiliteit is (“I am from a very, very poor family”, SL6; “Our motto is: Education is life”, SL7). Ten einde onderrig-en-leer vir leerlinge in hierdie omstandighede so aan te bied dat hulle blootstelling aan ’n holistiese skoling kry, steun die skoolleierdeelnemers swaar op borgskappe. Hierdie borgskappe wissel van vennootskappe met kettingwinkels vir kos wat naby hul verval datum is, fondse vir leermateriaal en donasies vir opvoedkundige uitstappies tot blomme vir die skool se voorportaal. Omdat moontlikheid (as ’n oortuigingsfaktor) die défaitisme van ’n uitsiglose-situasie neutraliseer, besef deelnemers dat hul skool as ’n bemerkbare entiteit goed binne konteks moet funksioneer ten einde die privaat sektor tot borgskappe te oorreed (“You cannot go to businesses and say ‘I want sponsorship’ and when they visit the school, they can’t see any product there”, SL6).

Vanweë vroulike skoolleiers se natuurlike geneigdheid tot verhoudingstigting en toeganklikheid, beskik hulle oor die vermoë om soos ’n moederfiguur hul personeel en leerlinge empaties te ondersteun. Vroulike skoolleiers se afgestemdheid op wat in hulle skool aangaan, funksioneer as ’n sesde sintuig wat hulle in staat stel om ongelukkigheid aan te voel en sake proaktief te beredder (“She is like a real mother, she senses tension, she gets to the point”, SB2). Vanweë huislike omstandighede wat remmend op leerlinge se emosies inwerk, is ’n proaktiewe reëling dat die skooldag met strelende musiek begin om leerlinge se emosies te sus en hulle reg in te stel vir die onderrig-en-leer-aktiwiteite van die dag (“That learner came with stress from home, with that music it has made his emotions at ease, now he can focus”, SL7). Hul vermoë tot empatiese begrip, gerugsteun deur hul eie moeilike kinderjare, stel deelnemers in staat om ten spyte van leerlinge se benarde sosio-ekonomiese omstandighede die moontlikheid van goeie onderrig-en-leer binne konteks na te streef en hulle te verheug in elke leerling se vordering (“What makes you happy as a leader, you are achieving something that it is not achievable, those learners that had hopeless lifestyles and then now you are bringing hope into their lives”, SL1).

7. BESPREKING VAN BEVINDINGS

Vooroordeel teen vroulike skoolleierskap manifesteer nog as ’n diepgesetelde patriargale stereotipering van vroulike vermoëns wat veral in landelike gebiede deur die houdings van beide die eksterne en interne skolgemeenskap uitdrukking vind. In ooreenstemming met Acker (1987) se bevindings oor ongelyke uitkomstes vir vroue, manifesteer hierdie stereotipering daarin dat vroulike skoolleiers nie die ondersteuning van hul personeel en ouergemeenskap as vanselfsprekend kan aanvaar nie. Die gedrag van personeel en ouers is in baie gevalle blatant negatief in hul verwering van amptelike vroulike skoolleierskap. Hoewel sommige vroulike skoolleiers deur hierdie verwering ontmoedig word, spoor dit ander aan om, in ooreenstemming met Taylor en Hansen (2005) se bevindings oor oorreding, die skolgemeenskap van hulle vermoëns as vroulike skoolleiers te oortuig.

Hierdie oorreding hou verband met vroulike leiers se hoë premie op verhoudingstigting (Uhl-Bien 2006). Deur bewustelik die ouergemeenskap se voorstelle vir skoolterreinontwikkeling (byvoorbeeld die sink van 'n boorgat) in ag te neem en hulle insette in die verbetering van skoolomstandighede (byvoorbeeld 'n groentetuyn of beter badkamerhygiëne) te waardeer, ontwikkel 'n gees van instemmende samehorigheid as 'n toegeneentheid vir vroulike skoolleierskap. Vanweë die waarde wat vroulike skoolleiers aan positiewe verhoudinge met hulle personeel en leerlinge heg, maak hulle voorsiening vir genoeg informele tyd met hulle personeel (skoolpouses) en neem hulle die anonieme voorstelle en besware van hul leerlinge (voorstellekissie) in ag. Dit lei tot toeganklikheid en goeie kommunikasie, wat kreatiewe oplossings bevorder en leierskap as 'n uitsluitlik manlike beroep negeer. Oorreding tot toegeneentheid teenoor vroulike leierskap hou ook verband met vroulike skoolleiers se hoë premie op gesamentlike besluitneming wat hulle deur komitee-insette reël. As deel van hierdie demokratiese besluitneming dra vroulike skoolleiers sorg dat hul kennis van skoolbeleid deeglik is ten einde skooldoelwitte deur 'n benadering van selfgeldende akkommodering op verantwoordbare wyse te bereik.

In ooreenstemming met Lumby (2015) en Noble et al. (2007) se bevindings oor gedepriveerde omgewings, is die vroulike skoolleiers goed vertroud met die omstandighede van absolute armoede waaraan hulle leerlinge uitgelewer is. Hulle verstaan daarom die uitsigloosheid van leerlinge se omstandighede, maar weet ook dat onderrig-en-leer die enigste vonk vir 'n moontlike verbetering van leerlinge se persoonlike situasie is. Vroulike skoolleierskap as 'n versorgingstaak hang daarom nou saam met die verwerwing van borgskappe ten einde leerlinge bloot te stel aan 'n holistiese skoling wat, aanvullend tot die gewone skooldag, ook voedsame kos, estetiese genot en opvoedkundige uitstappies insluit. 'n Belangrike faktor vir sukses met borgskappe is 'n skool wat goed funksioneer ten einde die privaat sektor tot skenkings te oorreed. Vroulike leiers se empatiese ingesteldheid teenoor die welstand van hulle personeel en leerlinge inspireer goeie werksverrigting wat, met die positiewe samewerking van die ouergemeenskap, tot gevolg het dat die skole as suksesvolle produkte binne konteks bemark kan word. Die gevolg is dat die kombinasie van 'n empatiese ingesteldheid teenoor leerlingwelstand, die bekouing van skoling as moontlike reddingsboei uit hopeloze omstandighede, en vaardigheid in die verwerwing van borgskappe vir 'n meer holistiese aanbieding van hierdie skoling, positief tot die uitwisseling van vooroordeel teen vroulike leierskapvermoëns bydra.

8. GEVOLGTREKKING

Vroulike skoolleierskap in landelike omgewings met meervoudige gebrek word steeds deur diepgesetelde vooroordeel teen vroulike leierskapvermoëns bedreig. Hoewel hierdie bedreiging remmend inwerk op die pogings van sommige vroue om hulle skole effektiel te bestuur, slaag ander wel daarin om 'n groter ontvanklikheid vir die vermoëns van vroue as skoolleiers te vestig. Deur hulle benaderings van positiewe verhoudingstigting met alle rolspelers, gesamentlike besluitneming aan die hand van deeglike kennis van skoolbeleid, en 'n empatiese afgestemdheid op leerlinge se remmende omstandighede, onderskei hierdie vroue hulle as bekwame skoolleiers. Waar leerlinge vanweë absolute armoede deur uitsiglose toekomsverwagtings gekniehalter word, is vroulike skoolleiers se behoud hulle vermoë om leerlinge aan so 'n holisties doenlike skoling bloot te stel as enigste hoop vir sosiale mobiliteit.

Die bevindinge van hierdie navorsing dra by tot die diskouers oor vroulike skoolleierskap binne die konteks van meervoudige gebrek met die teenwoordigheid van diepgesetelde

vooroordeel teen vroulike leierskapvermoëns. Die empiriese ondersoek was gefokus op deelnemers uit 'n landelike omgewing van meervoudige gebrek. Ek beveel aan dat die navorsing uitgebrei word na 'n meer verteenwoordigende deursnit van alle vroulike skoolleiers ter wille van 'n meer holistiese begrip van die behoud van vroulike skoolleierskap vanweë vroue se benaderings om bedreigings wat met vooroordeel verband hou, die hoof te bied.

BIBLIOGRAFIE

- Acker, S. 1987. Feminist theory and the study of gender and education. *International Review of Education*, 33(4):419-435.
- Arar, K. & Oplatka, I. 2016. Current research on Arab female educational leaders' career and leadership. In Barnett, Shoho & Bowers (eds). *Challenges and opportunities of educational leadership research and practice: the state of the field and its multiple futures*. Israel: Tel Aviv University printers, pp. 87-115.
- Barnes, H., Noble, M., Wright, G. & Dawes, A. 2009. A geographical profile of child deprivation in South Africa. *Child Indicators Research*, 2(2):181-199.
- Blair, M. 2002. Effective school leadership: the multi-ethnic context. *British Journal of Sociology of Education*, 23(2):179-191.
- Bloch, G. 2009. *The toxic mix. What's wrong with South Africa's schools and how to fix it*. Cape Town: Tafelberg.
- Bradbury, H. & Lichtenstein, B. 2000. Relationality in organisational research: exploring the 'space between'. *Organization Science*, 11(5):551-564.
- Bush, T. 2013. Instructional leadership and leadership for learning: global and South African perspectives. *Education as Change*, 17(S1):5-20.
- Bush, T. & Heystek, J. 2006. School leadership and management in South Africa: Principals' perceptions. *International Studies in Educational Administration*, 34(3):63-76.
- Chisholm, L. 2001. Gender and leadership in South African educational administration. *Gender and Education*, 13(4):387-399.
- Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. 2011. *Research methods in education*. (7th ed.). London: Routledge Falmer.
- Cott, N. 1986. Feminist theory and feminist movements: the past before us. In Mitchell & Oakley (eds). *What is feminism?* Oxford: Basil Blackwell, pp.49-62.
- Eagly, A.H. 2007. Female leadership advantage and disadvantage: resolving the contradictions. *Psychology of Women Quarterly*, 31:1-12.
- Grogan, M. & Shakeshaft, C. 2011. *Women and educational leadership*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Hallinger, P. 2011. Leadership for learning: lessons from 40 years of empirical research. *Journal of Educational Administration*, 49(2):125-142.
- Henning, E., Van Rensburg, W. & Smit, B. 2004. *Finding your way in qualitative research*. Pretoria: Van Schaik.
- Hogg, M.A. 2005. Social identity and leadership. In Messick & Kramer (eds). *The psychology of leadership: new perspectives and research*. Mahwah, NY: Erlbaum, pp. 53-80.
- Kamper, G. 2008. A profile of effective leadership in some South African high-poverty schools. *South African Journal of Education*, 28(1):1-18.
- Krüger, M.L. 2008. School leadership, sex and gender: welcome to difference. *International Journal of Leadership in Education*, 11(2):155-168.
- Lumby, J. 2015. Leading schools in communities of multiple deprivation: women principals in South Africa. *Educational Management Administration & Leadership*, 43(3):400-417.
- Maringe, F. & Moletsane, R. 2015. Leading schools in circumstances of multiple deprivation in South Africa: mapping some conceptual, contextual and research dimensions. *Educational Management Administration & Leadership*, 43(3):347-362.
- Miller, J., Graham, L. & Al-Awiwe, A. 2014. Fast track, bush track: late career female rural school leaders taking the slow road. *Australian and International Journal of Rural Education*, 24(1):91-102.

- Moorosi, P. 2007. Creating linkages between private and public: challenges facing women principals in South Africa. *South African Journal of Education*, 27(3):507-521.
- Noble, M.W.J., Wright, G.C., Magasela, W.K. & Ratcliffe, A. 2007. Developing a democratic definition of poverty in South Africa. *Journal of Poverty*, 11(4):117-141.
- Oplatka, I. & Mimon, R. 2008. Women principals' conceptions of job satisfaction and dissatisfaction: an alternative view? *International Journal of Leadership in Education*, 11(2):135-153.
- Pande, R. & Ford, D. 2011. Gender quotas and female leadership: a review. Background paper for the World Development Report on Gender. April 7.
- Reynolds, C., White, R., Brayman, C. & Moore, S. 2008. Women and secondary school principal rotation/ succession: a study of the beliefs of decision makers in four provinces. *Canadian Journal of Education*, 31(1):32-54.
- Shapira, T., Arar, K. & Azaiza, F. 2011. 'They didn't consider me and no-one even took me into account': Female school principals in the Arab education system in Israel. *Educational Management Administration & Leadership*, 39(1):25-43.
- Sherman, A. 2000. Women managing/managing women: the marginalization of female leadership in rural school settings. *Educational Management & Administration*, 28(2):133-143.
- Smit, B. 2014. An ethnographic narrative of relational leadership. *Journal of Sociology and Social Anthropology*, 5(2):117-123.
- Steyn, G.M. & Parsaloi, M.W. 2014. Moving towards gender equality: the case of female head teachers in Kenya. *Gender & Behaviour*, 12(1):5980-5993.
- Taylor, S.S. & Hansen, H. 2005. Finding form: looking at the field of organisational aesthetics. *Journal of Management Studies*, 42(6):1211-1231.
- Toma, J.D. 2011. Approaching rigour in applied qualitative research. In Conrad & Serlin (eds). *The SAGE handbook for research in education. Pursuing ideas as the keystone of exemplary inquiry*. Los Angeles: SAGE, pp.263-280.
- Townsend, P. 1987. Deprivation. *Journal of Social Policy*, 16(2):125-146.
- Tucker, S. 2010. An investigation of the stresses, pressures and challenges faced by primary school head teachers in a context of organisational change in schools. *Journal of Social Work Practice*, 24(1):63-74.
- Uhl-Bien, M. 2006. Relational leadership theory: exploring the social processes of leadership and organising. *The Leadership Quarterly*, 17(6):654-676.
- Uhl-Bien, M. 2011. Relational leadership theory: exploring the social processes of leadership and organising. In Werhane & Painter-Morland (eds). *Leadership, gender, and organisation*. Chicago: Springer, pp.75-108.
- Van der Merwe, H.M. 2011. Education of quality to the poor. *Koers – Bulletin for Christian Scholarship*, 76(4):771-787.
- Whelan, C.T., Layte, R. & Maître, B. 2002. Multiple deprivation and persistent poverty in the European Union. *Journal of European Social Policy*, 12(2):91-105.
- Yoder, Z.E. 2005. Constructing a feminist inclusive theory of school leadership. Paper presented at the annual meeting of African Educational Research Association Nairobi, Kenya, April 18–20.
- Zikhali, J. & Perumal, J. 2016. Leading in disadvantaged Zimbabwean school context: Female school heads' experiences of emotional labour. *Educational Management Administration & Leadership*, 44(3):347-362.

Oliver Tambo en die kommunisme

Oliver Tambo and communism

LEOPOLD EN INGRID SCHOLTZ

Navorsingsgenote, Navorsingsfokusgebied Sosiale Transformasie
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomse kampus
E-pos: leoscholtz@yahoo.com



Leopold Scholtz

Ingrid Scholtz

LEOPOLD SCHOLTZ het aan die Universiteit van Stellenbosch, die ou Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Leiden gestudeer, waar hy in 1978 in die geskiedenis gepromoveer het. Hy was onder meer adjunkredakteur van *Die Burger* en Europa-korrespondent vir die Media24-koerante. Hy was lid van die Raad van die SA Akademie, asook buitengewone professor aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy sy verbintenis as navorsingsgenoot voortgesit en later vir die Noordwes-Universiteit verruil het. Hy is tans – op papier – afgetree, maar gaan voort as akademikus en ontleder van die internasionale politiek saam met sy vrou.

LEOPOLD SCHOLTZ studied at the University of Stellenbosch, the former Rand Afrikaans University and the University of Leiden, where he received a PhD in history in 1978. He was, inter alia, deputy editor of *Die Burger* and Europe correspondent for the Media24-newspapers. He was a member of the Council of the SA Academy, as well as professor extraordinaire at the University of Stellenbosch, where he continued as research fellow, before he exchanged it for the Northwest University. He is presently – on paper – retired, but he continues as academic and analyst of international politics together with his wife.

INGRID SCHOLTZ het aan die Universiteit van Leiden gestudeer, waar sy in 1974 met die graad Doctorandus Historiae afgestudeer het. Sy was dosent aan die Universiteit van Wes-Kaapland, die Universiteit van Stellenbosch en redakteur van *Wêreldburger*, 'n bylae oor die internasionale politiek tot *Die Burger*. Sy is tans afgetree, maar gaan voort as akademikus saam met haar man. Sy is tans navorsingsgenoot aan die Noordwes-Universiteit.

INGRID SCHOLTZ studied at the University of Leiden, where she graduated in 1974 as Doctorandus Historiae. She was a lecturer at the University of the Western Cape, the University of Stellenbosch and editor of *Wêreldburger*, a supplement of *Die Burger*, focussing on international politics. Currently retired, she continues her academic work together with her husband. She is currently a research fellow at the Northwest University.

ABSTRACT

Oliver Tambo and communism

Oliver Tambo, who led the ANC/SACP alliance throughout the difficult struggle era, is often portrayed as a religious Christian who, not being a member of the SACP, allied himself only for pragmatic reasons with that party. This is the narrative spread by the alliance itself, but also by his biographer, Luli Callinicos and certain other historians. Tambo's political views

with regard to communism have, however, never been independently investigated. This article seeks to fill in that lacune. Firstly, the general relationship between the ANC and the SACP is broadly analysed. The conclusion is that the SACP's ideological and political domination of the ANC grew through the years until Party members filled almost all leading positions by the 1980's. Tambo's public pronouncements during the exile years are then subjected to analysis. It is shown that Tambo tailored his message according to the audience he was addressing. When speaking to Western audiences, he spoke like a moderate social democrat. Before Third World audiences, he extolled the virtues of socialism. And in the presence of communist audiences, he sounded almost more communist than the Kremlin. In the conclusion, it is taken into account that his main task had to be to keep the fractious alliance together; and that the alliance was very dependent on the USSR and other communist powers, so that he could not very well stray too far from the beaten communist path. Nevertheless, it is shown that Tambo's political and socio-economic ideas differed formally only marginally from those of the SACP, although one gets the impression that his attitude towards communism was, to a certain extent, opportunistic.

KEY TERMS: Oliver Tambo, ANC, SACP, struggle, USSR, communism, apartheid

TREFWOORDE: Oliver Tambo, ANC, SAKP, struggle, USSR, kommunisme, apartheid

OPSUMMING

Oliver Tambo word dikwels deur die ANC/SAKP-alliansie en historici afgesilder as 'n gelowige Christen wat slegs om pragmatiese redes met die SAKP saamgewerk het. Sy houding teenoor die kommunisme word hier nou vir die eerste keer akademies ondersoek. Die basiese gevolgtrekking is dat Tambo sy boodskap vir verskillende gehore aangepas het. Voor Westerse gehore was hy 'n gematigde sosiaal-demokraat; voor Derdewêrldse gehore het hy die sosialisme geprys, en by kommuniste was hy byna ortodokser kommunisties as die Kremlin. Uiteindelik word bevind dat Tambo se politieke idees formeel slegs nuanseverskille met dié van die ortodokse Marxisme-Leninisme vertoon het, ofskoon 'n mens die indruk kry dat sy idees in dié opsig in sekere sin opportunisties was.

INLEIDING

Wat presies was die verhouding tussen die ANC en die kommunisme? Anders gestel, was die ANC 'n kommunistiese organisasie, of minstens een waarvan die leiding deur ortodokse kommuniste oorheers is?

Deur die jare heen het 'n verwoede politieke en akademiese debat hieroor geheers. Die beskuldiging dat die ANC 'n kommunistiese organisasie is, was een van die sentrale elemente van die Nasionale Party-regering se propaganda van voor 1990.¹ Daarteenoor het die ANC dit self altyd ontken. In sy gepubliseerde memoires het Nelson Mandela byvoorbeeld toegegee dat die ANC en die SA Kommunistiese Party (SAKP) noue bande in hul gemeenskaplike stryd teen apartheid gehad het, maar volgehou dat laasgenoemde nie die ANC oorheers het nie:

I was prepared to use whatever means necessary to speed up the erasure of human prejudice and the end of chauvinistic and violent nationalism. I did not need to become a communist in order to work with them. I found that African nationalists and African communists

¹ Vgl. Anthea Jeffery: *People's War. New Light on the Struggle for South Africa* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2009), p. xxxii.

generally have far more to unite them than to divide them ...The cynical have always suggested that the communists were using us. But who is to say that we were not using them?²

Mandela het ook verskeie kere in sy lewe pertinent ontken dat hy ooit lid van die SAKP was.³ Die laaste jare het dit egter bekend geword dat dit wel deeglik die geval was, sy dit slegs tydelik rondom 1960.⁴ Ook wys 'n ontleding van Mandela se openbare en geheime geskrifte uit die jare vyftig tot tagtig dat hy – in dié tyd altans – 'n ortodokse aanhanger van die Marxisme-Leninisme was, al het sy pragmatisme wel gegroeい.⁵

Tog is dit ná sy vrylating en aktiewe najaag van versoening nooit teen Mandela gehou nie. Selfs wittes, sy mees verbete teenstanders in die apartheidstyd, het hom dit klaarblyklik vergewe.

Oliver Tambo het minder kans gehad om in die harte van die wittes te kruip; hy is kort ná sy terugkeer uit ballingskap in 1993 oorlede. Maar onder die swartes was hy wel deeglik 'n held. Toe die Johannesburgse Internasionale Lughawe in Oktober 2006 na Tambo hernoem is, het oudmin. Kader Asmal baie mense se gevoel verwoord toe hy geskryf het dat Tambo saam met Nelson Mandela "the principal architect of our freedom" was. "Like his friend and comrade Mandela, Tambo gave us many gifts: humility, belief in the capacity of people to be their own saviours and the kind of leadership which we can today contrast with the stridency and opportunism of those who desire to be our new heroic leaders."⁶ In sy memoires het Asmal na Tambo verwys as "profoundly religious", as iemand wat gehoorsaam was aan die Christelike opdrag "not to surrender to the forces of evil and not to be deflected from the path of righteousness".⁷

Tambo het in 'n gelowige Christelike ouerhuis grootgeword en 'n Christelike opvoeding in Metodiste- en Anglikaanse skole ontvang. Hy het lidmaat van die Anglikaanse Kerk geword, maar het ekumenies oor kerke gedink.⁸

Onder akademici is daar ook 'n konsensus dat Tambo, formeel gesproke, geen kommunis was nie. Mandela se biograaf, Anthony Sampson, het Tambo saam met die skrywer Nadine Gordimer "a devout Christian" genoem "who was never a Communist."⁹ Luli Callinicos, skrywer van 'n biografie van Tambo, gee toe dat Tambo in ballingskap 'n deeglike studie van die Marxisme-Leninisme gemaak het, maar meen dat "the materialist philosophy was at odds

² Nelson Mandela: *Long Walk to Freedom* (Londen, Abacus, 1994), pp. 138-139.

³ Vgl. bv. Nelson Mandela: *The Struggle is my Life. His Speeches and Writings, 1944–1990* (Mayibuye, Bellville, 1994), pp. 91-92.

⁴ Martin Meredith: *Nelson Mandela. A Biography* (Londen, Penguin, 1997), pp. 182-183; Paul Trewhela: "Unreliable Friend" (*London Review of Books*, 11.11.1999); Padraig O'Malley: *Shades of Difference. Mac Maharaj and the Struggle for South Africa* (Viking, New York, 2007), p 63; Stephen Ellis: *External Mission. The ANC in Exile 1960–1990* (Hurst, Londen 2012), pp. 17 en 20-23; Irina Filatova en Appollon Davidson: *The Hidden Thread. Russia and South Africa in the Soviet Era* (Jonathan Ball, Johannesburg, 2013), pp. 300-301; Gareth van Onselen: "Yes, he was a Communist, say ANC, SACP" (*Sunday Times*, 8.12.2013).

⁵ Leopold en Ingrid Scholtz: "Nelson Mandela se houding teenoor die kommunisme" (*Historia* 59/2, November 2014, pp. 79-83).

⁶ Kader Asmal: "The author of our political morality" (*Sunday Times*, 23.10.2006).

⁷ Kader Asmal: *Politics in My Blood. A Memoir* (Auckland Park, Jacana, 2011), p. 1457.

⁸ Luli Callinicos: *Oliver Tambo. Beyond the Engeli Mountains* (Claremont, David Philip, 2004), pp. 30, 44, 48-59.

⁹ Nadine Gordimer en Anthony Sampson: "President Mbeki's career" (*The New York Review of Books*, 47/18, 16.11.2000).

with Tambo's own Christianity". Tog, "it was their [die kommuniste se] vision of an egalitarian society, which valued people above property, that he found both inspiring and powerful, conferring an added meaning to the ANC's rather more general version of African nationalism".¹⁰ Dit herinner enigsins aan die houding van Christelike sosialiste in veral Latyns-Amerika wat 'n Marxistiese revolusie gesteun het.¹¹

Dit staan soos 'n paal bo water dat Tambo – in teenstelling met Nelson Mandela – nooit 'n ingeskreve lid van die SAKP was nie. Maar dit is verreweg nie al wat oor sy houding teenoor die kommunisme gesê kan word nie. 'n Ontleding van sy geskrifte en toesprake as leier van die ANC in die ballingskap-jare bring 'n aansienlik genuanseerdeerder beeld na vore.

Maar voordat dié beeld in besonderhede behandel word, eers dié vraag: Waarom nou, 'n kwarteeu ná Tambo se dood, ou koeie by wyse van spreke uit die sloot opgrawe? Die antwoord is eenvoudig. Die geskiedskrywing hou nie van wit vlekke nie. Oor Mandela se houding ten opsigte van die kommunisme is die wit vlek genuanseerd ingeval.¹² Dit moet ook met Oliver Reginald Tambo gebeur. Daardeur kan ook 'n bydrae gelewer word tot ons kennis oor die verhouding tussen die ANC en SAKP in die struggle-era.

DIE ANC EN DIE SAKP

In sowel die ANC as die SAKP is altyd weggeskram van enigiets wat sou dui op die oorheersing van die ANC deur die SAKP. So het Tambo in 1987 voor die studente van die Georgetown-universiteit in Amerika gesê die ANC het sy eie agenda en program. "There is no conflict because the Communist Party has accepted the programme of the ANC. What the Communist Party may want to do in the future, well, that's something it will want to tell a democratic people of South Africa and try to convince them, if it is able to."¹³ En in 1989 het Mandela aan die destydse pres. P.W. Botha verduidelik: "As members of the ANC engaged in the anti-apartheid struggle, their [die kommuniste se] Marxist ideology is not strictly relevant. The SACP has throughout the years accepted the leading role of the ANC, a position which is respected by the SACP members who join the ANC."¹⁴

Dit was nie die onveralste waarheid nie; die situasie was ingewikkelder as dit. Die verhouding tussen die ANC en die SAKP kan nie los van die stryd teen apartheid gesien word nie. Apartheid was die bindende faktor wat die twee bewegings bymekaar gebring en gehou het.

Die ANC het sy lewe in 1914 begin, diep beïnvloed deur die Britse liberalisme. Mandela het later getuig: "Britain exercised a tremendous influence on our generation, at least, because it was British liberals, missionaries, who started education in this country." Sy biograaf, Anthony Sampson, voeg by: "At another occasion he said that without the English missionaries there would be no Robert Mugabe, no Seretse Khama, no Oliver Tambo. And on Robben

¹⁰ Callinicos: *Oliver Tambo*, pp. 308-309 en 357.

¹¹ Vgl. hieroor bv. Gustavo Gutierrez en Gerhard Ludwig Müller: *On the Side of the Poor. The Theology of Liberation* (New York, Orbis, 2015).

¹² Leopold en Ingrid Scholtz: "Nelson Mandela se houding teenoor die kommunisme" (*Historia*, 59/2, November 2014, pp. 79-93).

¹³ "Speech by Oliver Tambo at Georgetown University", 27.1.1987 (www.anc.org.za/content/speeches-oliver-tambo-georgetown-university). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017). Vgl. verder Andrew Masondo: "The struggle will intensify" (*Dawn*, Junie 1982, p. 13).

¹⁴ Mandela: *The Struggle is my Life*, p. 204 (Mandela – P.W. Botha, 5.7.1989).

Island he had long and intense debates with Trotskyites who denied the worth of the English liberals.”¹⁵

Die ANC se aanvanklike verset teen segregasie en dié se opvolger, apartheid, is inderdaad tot diep in die jare vyftig deur dié liberalisme bepaal.

Die inspirasie vir die SAKP (aanvanklik was sy naam Kommunistiese Party van Suid-Afrika of KPSA) se verwerping van rassediskriminasie het daarteenoor uit 'n heel ander oord gekom, te wete die ortodokse Marxisme-Leninisme. In 1928 het die Komintern – die internasionale organisasie van kommunistiese partye, maar in wese 'n front van die Kremlin¹⁶ – die KPSA dié opdrag in 'n uitvoerige dokument¹⁷ gegee: “The Party should pay particular attention to the embryonic national organisations among the natives, such as the African National Congress. The Party, while retaining its own independence, should participate in these organisations, should seek to broaden and extend their activity. Our aim should be to transform the African National Congress into a fighting nationalist revolutionary organisation against the white bourgeoisie and the British imperialists ... developing systematically the leadership of the workers and the Communist Party in this organisation.”

Die eerste leier van die Sowjetunie, Wladimir Lenin, se beleid het neergekom op 'n revolusie in twee fases. In die eerste inflitreer die Kommuniste 'n gesukte strydbare nasionalistiese beweging (in dié geval die ANC) en neem allengs die meeste leidende posisies oor. Dié beweging word dan as stormram gebruik om die bewind omver te werp (bekend as die nasionaal-demokratiese revolusie). Wanneer dit gebeur het, is die kommuniste eintlik reeds in beheer, en dan kan die tweede fase – die sosialistiese revolusie – naatloos en sonder geweld volg.¹⁸

Die opdrag is in verskeie fases uitgevoer. Die eerste was in die jare vyftig, toe die SAKP sy geloofwaardigheid by die ANC gevestig het deur sy aan sy met die ANC teen apartheid en rassediskriminasie te veg. Nadat die ANC in 1960 verbied is, het Kommuniste ideologies steeds meer invloed in die beweging gekry. Die rigtinggewende dokument *Strategy and Tactics of the ANC* wat op die beweging se raadgewende konferensie van 1969 te Morogoro aanvaar is en wat deur Joe Slovo en Joe Matthews (albei Kommuniste) opgestel is, was deurdrenk van 'n ortodokse Marxisties-Leninistiese wêreldbeskouing.¹⁹

Dié ideologiese oorheersing is toenemend opgevolg met 'n organisatoriese dominansie. In 1970 het die SAKP besluit “to assert its ideology and the leadership of the working class. At the same time the Party will maintain and build its separate and independent political existence.” Die opdrag was dat Partylede primêr trou aan die SAKP verskuldig was, nie aan die ANC nie.²⁰ Die Party moes sy leierskap van die revolusie herbevestig, nie bloot deur die teenwoordigheid van partylede in die ANC nie, maar *as party*. Partylede sou verantwoordelik

¹⁵ Anthony Sampson: *Mandela. The Authorised Biography*, pp. 15-16.

¹⁶ Richard Pipes: *Communism. A brief History* (Londen, Weidenfeld & Nicolson, 2001), p. 94.

¹⁷ South African Communist Party: *South African Communists Speak. Documents from the History of the South African Communist Party 1915–1980* (Londen, Inkululeko, 1981) “Resolution on ‘The South African Question’ adopted by the Executive Committee of the Communist International held in Moscow in August and September 1928”, pp. 91-96.

¹⁸ Vgl. Irina Filatova: “South Africa’s Soviet connection” (*History Compass*, 6/2, 2008, pp. 389-403).

¹⁹ “First National Consultative Conference: Report on the Strategy and Tactics of the African National Congress”, 26.4.1969 (www.anc.org.za/content/first-national-consultative-conference-report-strategy-and-tactics-african-national-congress). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

²⁰ Ben Turok: *Nothing but the Truth*, p. 312.

wees aan die Sentrale Komitee, ongeag watter posisies hulle in ander organisasies (lees: die ANC) beklee. Partylede mog nie hul Party-aktiwiteit aan nie-lede bekend maak nie. Die beste en intelligentste revolusionêre kaders moes vir die Party gerekruteer word.²¹

Uit die SAKP se interne stukke blyk dat partylede in die alliansie die plig gehad het “to discuss and decide collectively on their common approach to all matters which affect the basic direction and content of the revolutionary struggle, and to ensure that they advance and support such decision in any organ in which the matter rises”. Voorts was elke partylid “accountable to the Party collective”. Dissiplinêre stappe kon gedoen word teen diegene wat dié beleid verbreek. Hulle moes egter nie só optree dat dit lyk of hulle besluite aan ander opdwing nie.²² Partylede mog dus apart en in die geheim op ’n kollektiewe standpunt besluit wat op ANC-byeenkomste ingeneem word, en al die lede moes dit dan steun. Die nie-lede mog egter nie daarvan weet nie. Soos die party se hoofsekretaris, Moses Mabhida, dit op ’n vertroulike SAKP-vergadering in 1983 in Lusaka gestel het: “Only if [the] P[arty] is strong it can influence the ANC decisively.”²³

Dié beleid het vrugte afgewerp, want die invloed van die SAKP in die ANC het stelselmatig gegroei. Teen Junie 1985, toe die ANC sy tweede raadplegende konferensie te Kabwe, Zambië, gehou het, is ’n uitgebreide Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) van 30 man aangewys. Vooraf het Tambo ’n lys name laat sirkuleer. Afgevaardigdes is aangemoedig om uit dié lys te kies. Van die 30 wat aangewys is, was geeneen nie op die lys nie.²⁴ Minstens 25 van die 30 lede was ook lid van die SAKP, en volgens ’n SAKP-dokument is die volledige politburo van die party – met die uitsondering van Josiah Jele – tot die NUK verkies. Bowendien is Jele ’n jaar later tog gekoöpteer. Dit ondanks die feit dat die Party as sodanig teen 1989 slegs 340 lede gehad het, wat wys dat hy die room van die ANC in sy geledere had.²⁵ Chris Hani se biograwe praat van “[t]he blurring of the political lines between the ANC and the SACP”.²⁶

Aangesien die SAKP regdeur sy bestaan tot 1990 ideologies besonder nougeset agter die Kremlin se leiding aangeloop het, beteken dit dat ook die ANC se ideologiese benadering grotendeels deur die Leninisme bepaal is.

Kabwe het dus beteken dat die SAKP die ANC nie slegs ideologies oorheers het nie, maar ook organisatories en magspolities.²⁷ Dit het beteken dat die SAKP eindelik die opdrag wat

²¹ “Central Committee, Inner-Party Bulletin Number 1”, Julie 1970, (www.aluka.org/action/doBrowse?t=646865&sa=xst&br=tax-collections|part-of|collection-minor&p=5). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

²² “Special resolution: Party work in the fraternal organisations”, November 1981 (www.aluka.org/action/showPDF?doi=10.5555/AL.SFF.DOCUMENT.LET19811100.026.021.000&type=img). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017),

²³ Gail M. Gerhart en Clive L. Glaser (reds.): *From Protest to Challenge, Volume 6: Challenge and Victory, 1980–1990* (Bloomington, Indiana University Press, 2010), p. 524 (Notule van vergadering van die SAKP se Eenheid 7, Lusaka, 15.9.1983).

²⁴ Stephen Ellis en “Tsepo Sechaba”: *Comrades against Apartheid. The ANC & the South African Communist Party in Exile* (London, James Currey, 1992), pp. 148–150.

²⁵ Ellis: *External Mission*, p. 219; Mark Gevisser: *Thabo Mbeki. The Dream Deferred* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2007), p. 465; Janet Smith en Beauregard Tromp: *Hani. A Life too Short* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2009), p. 160.

²⁶ Janet Smith en Beauregard Tromp: *Hani. A Life too Short*, p. 161.

²⁷ Vir ’n breë behandeling van die verhouding tussen die ANC en die SAKP, vgl. Leopold en Ingrid Scholtz: “Die oorsprong en ontwikkeling van die SA Kommunistiese Party se tweefase-revolusiemodel”, twee dele (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45/3 en 45/4, Oktober en Desember 2005).

hy in 1928 ontvang het, tot uitvoering kon bring. “There is no question that the Party’s influence, in the years of exile, far outweighed its numerical size,” is die oordeel van Mark Gevisser, Thabo Mbeki se biograaf.²⁸ Stephen Ellis stem basies saam: “Soviet thinking influenced the ANC deeply. For South African communists, the USSR was a guide to thought and action to the extent that one of them [Garth Strachan] described it as ‘a kind of pro-Soviet hysteria’ ... The Party imported into the ANC this loyalty to the USSR and all it stood for.”²⁹ Ons sal sien hoe Oliver Tambo deel van dié lojaliteit geword het.

(Billikheidshalwe moet bygevoeg word dat die Britse historikus Hugh Macmillan dié vertolkning betwis. “The SACP was in fact more of an intellectual pressure group within the ANC in exile than a controlling cabal,” skryf hy. Hy baseer dié mening op ontkennings van prominente SAKP-lede soos Chris Hani, Joe Slovo en Jack Simons, asook die “indruck” wat hy uit SAKP-notules kry.³⁰ Dit is egter ’n mening wat nie deur die getuienis gesteun word nie.)

OLIVER TAMBO

Ofskoon Tambo geen ingeskreve lid van die SAKP was nie, het dit die SAKP goed gepas om ’n nie-kommunis – formeel gesproke – as front aan die buitewêreld te toon. Tambo was geen sterk en dinamiese leier soos byvoorbeeld Nelson Mandela nie. Hy was ’n minsame, vriendelike mens wat nie van konfrontasie gehou het nie. Sy oorkoepelende doel tydens die era van ballingskap was om die middelpuntvliedende kragte in die ANC/SAKP in toom te hou en ’n skeuring te voorkom, iets waarin hy goed geslaag het.³¹ Sy dubbelpratery voor uiteenlopende gehore, wat hieronder behandel word, het ongetwyfeld hierby gehelp.

Stephen Ellis se enigsins onvleiende beskrywing van hom lui: “Tambo was the perfect frontman, since he was not a communist, his manner was disarmingly mild, and he could generally be relied upon to deliver whatever speech was put in front of him by his aides, of whom Thabo Mbeki was the most important.”³² (Ofskoon, dit moet gesê word dat Hugh Macmillan, wat die ANC-narratief taamlik nougeset volg, Ellis besonder hiervoor verkwalik.³³)

Tog het die ANC se houding met Tambo as leier deur die jare steeds meer in ’n ortodokse Marxisties-Leninistiese rigting ontwikkel. Dit blyk onder meer uit die feit dat die ANC in 1968 prinsipeel die Sowjetunie se kant gekies het toe dié die “Praagse Lente” in Tsjeggo-Slowakye beëindig het deur die land met geweld militêr te beset. In ’n verklaring wat onder die naam van die ANC se sekretaris-generaal, Duma Nokwe, uitgereik is, is verwys na ’n “dangerous situation” in Tsjeggo-Slowakye “which was deliberately engineered by right-wing counter-revolutionaries with the support of imperialism”. Die Sowjet-ingryping “will protect and consolidate the achievements” van die revolusie en die twee lande in staat stel “to march arm-in-arm to fulfill the objectives of international socialism”.³⁴

²⁸ Gevisser: *Thabo Mbeki*, p. 466.

²⁹ Ellis: *External Mission*, p. 281.

³⁰ Hugh Macmillan: *The Lusaka Years 1963 to 1994. The ANC in Exile in Zambia* (Auckland Park, Jacana, 2013), pp. 284-286.

³¹ Stephen Ellis: *External Mission. The ANC in Exile 1960-1990* (Londen, C. Hurst, 2012), pp. 79 en 102.

³² Ellis: *External Mission*, p. 219.

³³ Macmillan: *The Lusaka Years*, p. 10.

³⁴ Duma Nokwe: “Statement of the ANC (SA) on the situation in Czechoslovakia”, 19.9.1968 (*Mayibuye*, 27.9.1968, p. 13).

Dit blyk voorts uit die rigtinggewende beleidsdokument *Strategy and Tactics of the ANC*, wat in 1969 op die konferensie van Morogoro aanvaar is. Die dokument se eerste paragraaf lui in woorde wat nie vir misverstand vatbaar is nie: “The struggle of the oppressed people of South Africa is taking place within an international context of transition to the Socialist system, of the breakdown of the colonial system as a result of national liberation and socialist revolutions, and the fight for social and economic progress [tipies Marxistiese jargon vir 'n Marxisties-Leninistiese stelsel] by the people of the whole world.”³⁵

Wanneer Tambo met buitestanders oor die ANC se betrekkinge met die SAKP gepraat het, het hy die amptelike standpunt daaroor getrou weergegee. Om maar 'n voorbeeld te noem: Toe hy en ander ANC-leiers in 1985 met 'n groep invloedryke Suid-Afrikaanse sakemanne onder leiding van Gavin Relly, voorsitter van Anglo-American, beraadslaag het, het hy gesê: “In all frankness, I have great respect for those members of the SACP who are members of the ANC. I feel that they have absolute loyalty to the ANC, despite the fact that they are members of the SACP as well.” Hy het bygevoeg: “It is not possible to say that the fight is for a capitalistic state or a communistic state – the fight is simply to be free.” Bowendien, het hy voortgegaan, maak die SAKP geen aanspraak daarop dat hy die bevrydingsalliansie lei nie – die Party erken die ANC se leiersrol in die bevrydingstryd. Tog het Tambo 'n tipe nasionalisering van “monopolieë” voorgestel waarvolgens die staat 51% van die aandele neem.³⁶

'n Ontleding van Tambo se uitsprake gedurende die jare van ballingskap toon ewenwel dat sy denke skaars nuanseverskille met dié van die SAKP en die Sowjetunie vertoon.

In Desember 1977 het hy byvoorbeeld in Luanda voor die eerste kongres van die MPLA, die regerende party in Angola, die tipiese tweefase-benadering van die SAKP gebruik toe hy gepraat het oor die doel “of translating our liberation into a genuine people's liberation, leading to the radical social transformation of our country”. Wat die situasie ná die bevryding betref, het hy gesê die doel is om seker te maak “that no elements of the enemy's fascist State machinery, including his armed forces, remain as organised units within the new society”.³⁷

Waarop die ANC volgens Tambo dus uit was, was 'n totale oorwinning, sonder enige sprake van 'n kompromis. Dit het ingepas by die SAKP se houding, soos geformuleer in dié se eie rigtinggewende program uit 1962, *The Road to South African Freedom*, dat “a vigorous dictatorship must be maintained by the people against those who would seek to organise counter-revolutionary plots, intrigues and sabotage, against all attempts to restore White colonialism and destroy democracy”.³⁸

In 1981 het hy by die viering van die SAKP se 60ste bestaansjaar daarop gewys dat die verhouding tussen die ANC en die SAKP “is not an accident of history, nor is it a natural and inevitable development ... Ours is not merely a paper alliance ... Our alliance is a living

³⁵ “First National Consultative Conference: Report on the Strategy and Tactics of the African National Congress”, 26.4.1969 (www.anc.org.za/content/first-national-consultative-conference-report-strategy-and-tactics-african-national-congress). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

³⁶ Macmillan: *The Lusaka Years*, p. 202; Callinicos: *Oliver Tambo*, pp. 582-583.

³⁷ Address by Oliver Tambo to the first congress of MPLA”, 12.12.1977 (www.anc.org.za/content/address-oliver-tambo-first-congress-mpla). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

³⁸ SACP: *South African Communists Speak. Documents from the History of the South African Communist Party 1915-1980*, “The Road to South African Freedom”, programme of the South African Communist Party adopted at the fifth national conference of the Party held inside the country in 1962”, p. 316.

organism that has grown out of struggle.”³⁹ Dit was woorde wat hy in 1985 by ’n ander geleentheid feitlik net so herhaal het.⁴⁰

Oliver Tambo se versamelde toesprake en boodskappe uit ballingskap aan die Suid-Afrikaanse bevolking⁴¹ bied fassinerende bronnenmateriaal vir ’n ontleding van die ANC se ideologiese houding teenoor die kommunisme. Soos politici maar is, het hy verskillende boodskappe vir verskillende gehore gehad. Voor Westerse gehore was hy ’n gematigde sosiaal-demokraat, voor mederevolutionêre bewegings in die Derde Wêreld het hy vaagweg ten gunste van ’n algemene soort sosialisme gepraat en negatiewe dinge oor Amerika gesê. Maar wanneer hy voor Oosblolk-gehore opgetree het, was hy ’n ortodoxe Leninis en by wyse van spreke Roomser as die Pous. Soos Dale McKinley, ’n ortodoxe kommunistiese skrywer, dit stel: “[T]he ANC was content to adopt the tactic of talking to its different constituencies with different voices.”⁴²

Voor Westerse gehore

Toe hy in 1985 getuenis gelewer het voor die buitelandse-sake-komitee van die Britse laerhuis, is Tambo onder meer gevra of hy die kapitalistiese stelsel wil vernietig. Nee, was sy antwoord, die Vryheidsmanifes voorsien slegs “a mixed economy”. Die motief daarvoor is “a more equitable distribution of the wealth of the country”, iets wat hy “a pragmatic point of view” genoem het.⁴³ Dit was ’n taamlik onskuldige standpunt wat waarskynlik deur talle van sy toehoorders, veral dié in die gematig-linkse Arbeidersparty, gedeel is.

In ’n toespraak by die Georgetown-universiteit in Amerika het hy vroeg in 1987 eweneens verwys na “burning questions as freedom from hunger, disease, ignorance, homelessness and poverty”. Dit kon slegs bereik word deur die “equitable distribution of wealth”, wat op sy beurt teweeg bring kon word deur “a mixed economy”. Tambo het ook gesê die ANC is verbind tot “a society in which all democratic freedoms would be guaranteed, including those of association, of speech and religion, the press, and so on. We wish to guarantee the rule of law and ensure the protection of the rights of the individual as a fundamental feature of any constitutional arrangement.”⁴⁴

’n Paar weke later het hy hom in soortgelyke trant by die La Trobe-Universiteit in Melbourne, Australië, uitgelaat. Daar het hy eksplisiet gesê die ANC “will allow various political parties to exist, to operate, and to put their case before the people”. Hy het wel daaraan toegevoeg dat “racist political formations in terms of their constitutions or in terms of their objectives … will not be allowed”.⁴⁵

³⁹ “Speech by Oliver Tambo to observe the 60th anniversary of the South African Communist Party”, 30.7.1981(www.anc.org.za/content/speech-oliver-tambo-meeting-observe-60th-anniversary-south-african-communist-party). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

⁴⁰ “The alliance born in struggle” (*Umsebenzi*, 1/1985, p. 2).

⁴¹ Te vind by www.anc.org.za/documents/Speeches/any-author/1977.

⁴² McKinley: *The ANC and the Liberation Struggle*, p. 57.

⁴³ “Evidence before the Foreign Affairs Committee of the House of Commons: Oliver Tambo”, 29.10.1985 (www.anc.org.za/content/evidence-foreign-affairs-committee-house-commons-oliver-tambo). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017). ’n Verkorte weergawe van die getuenis verskyn in Gerhart en Glaser (reds.): *From Protest to Challenge, Volume 6: Challenge and Victory, 1980-1990*, pp.580-587. Die aanhaling kom voor op p. 583.

⁴⁴ “Speech by Oliver Tambo at Georgetown University”, 27.1.1987 (www.anc.org.za/content/speech-oliver-tambo-georgetown-university). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

⁴⁵ “Address by Oliver Tambo at the La Trobe University”, 3.4.1987 (www.anc.org.za/content/address-oliver-tambo-la-trobe-university). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

Dit is trouens bevestig deur die grondwetlike riglyne wat die ANC in Julie 1988 uitgereik het, ingevolge waarvan slegs “rassistiese” politieke partye nie toegelaat sou word nie.⁴⁶

Voor Derdewêrld-gehore

Wanneer hy met die ANC of ander bondgenote in die Derde Wêrld gepraat het, was Tambo minder gematig. Dan het hy gepraat van “the confrontation between the liberating theory and practice of socialism and the oppressive, exploitative and anti-human system of capitalism”.⁴⁷ Dan het hy pres. Ronald Reagan en Amerika daarvan beskuldig dat hulle, “[l]ike Hitler’s Germany”, hul voorberei “for world conquest and world domination”⁴⁸ en dat hulle gedryf word deur “the same suicidal urge for world domination as was Adolf Hitler”.⁴⁹ Daarteenoor was Fidel Castro, diktator van Kuba, “[a]n outstanding leader”, “this hero of the liberation struggle, this hero of the people”,⁵⁰ en “the tried and tested leader of the victorious Cuban Revolution”.⁵¹

Wanneer hy met sy eie aanhangers gepraat het, het Tambo – byvoorbeeld in 1972 – gewys op die veelbewoë geskiedenis van die twintigste eeu: “Within this 60 years and before our very eyes, the Great October Socialist Revolution broke out to change the course of human history of all time.”⁵² In ’n ander boodskap het hy in die herinnering geroep dat die wêrld se eerste kommunistiese staat vyf jaar ná die stigting van die ANC ontstaan het: “Today, a powerful world socialist system exists and the principles upon which it is founded win growing acceptance as man develops from his past to his future”. Elders in die boodskap is hy nog meer eksplisiet wanneer hy vertel hoe die “forces of independence, democracy and peace” die oorhand in die wêrld kry: “The mainstay of this world revolutionary process are the socialist countries ... We too ... are part and parcel of this revolutionary stream ...”⁵³

In 1975 het hy voor die NUK gesê: “Let me invoke the revolutionary genius, discipline, determination, vision and sheer hard work which went into the Great October Socialist

⁴⁶ Sheridan Johns en R. Hunt Davis, Jr. (eds.): *Mandela, Tambo and the African National Congress. The Struggle against Apartheid 1948-1990. A Documentary Survey* (Oxford, Oxford University Press, 1991), pp. 302-305 (“Constitutional guidelines for a democratic South Africa”, Julie 1988).

⁴⁷ Address by Oliver Tambo to the first congress of MPLA”, 12.12.1977 (www.anc.org.za/content/address-oliver-tambo-first-con⁴⁸ “Speech by Oliver Tambo at the opening session of the first Conference of the Women’s Section of the ANC”, 10.9.1981 (www.anc.org.za/content/speech-oliver-tambo-opening-session-first-conference-womens-section-anc). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

⁴⁸ “Speech by Oliver Tambo to the OAU Liberation Committee”, 10.2.1983 (www.anc.org.za/content/speech-oliver-tambo-oau-liberation-committee). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

⁵⁰ “Speech by Oliver Tambo at the Sixth Conference of the Heads of State or Government of Non-Aligned Countries, Havana, Cuba”, 3.9.1979 (www.anc.org.za/content/speech-oliver-tambo-behalf-national-liberation-movements-opening-session-sixth-conference). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

⁵¹ “Speech by Oliver Tambo on behalf of the liberation movements, at the opening session of the Sixth Conference of the Heads of State or Government of Non-Aligned Countries, Havana, Cuba,” 3-9.1979” (www.anc.org.za/content/speech-oliver-tambo-behalf-national-liberation-movements-opening-session-sixth-conference). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

⁵² “Statement of the National Executive Committee on the occasion of the 60th anniversary of the ANC”, 8.1.1972 (www.anc.org.za/content/statement-national-executive-committee-occasion-60th-anniversary-anc). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

⁵³ “Statement of the National Executive Committee on the occasion of the 70th anniversary of the ANC”, 8.1.1982, (www.anc.org.za/content/statement-national-executive-committee-occasion-70th-anniversary-anc). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

Revolution” om die taak wat voorlê, uit te voer, naamlik “the conquest of power for the people from the high concentrate of racists, capitalists, colonialists and imperialists”.⁵⁴

Wanneer hy na die beoogde nuwe Suid-Afrika verwys het, het hy – soos in 1987 – nie bloot ’n gemengde ekonomie in die vooruitsig gestel nie; “the question of ownership, control and direction of the economy as a whole” moet aangepak word. “The transfer of power to the people must therefore be accompanied by the democratisation of the control and direction of the economy ...” Wat die demokrasie betref, het hy herhaal dat verskillende politieke partye mag bestaan, maar die beperkings het verder gegaan as wat hy voor Westerse gehore wou toegee: “But as a people and a government, we must state it clearly that democracy in our country cannot succeed if it permits the organised propagation of ideas of fascism, racism and ethnicity”.⁵⁵

Volgens dié definisie sou alle blanke partye in die ou Suid-Afrika, met inbegrip van die NP, die KP en dalk selfs die PFP, onder ’n ANC-regering verbied gewees het.

Voor Oosblok-gehore

Die mees openlike ontboesemings het Tambo egter gelaat vir geleenthede waar hy met gehore uit die Oosblok gepraat het. Toe hy die kongres van die Kommunistiese Party van die Sowjetunie (KPSU) in 1971 toespreek het, het hy volgens die Russiese notule daarop aanspraak gemaak dat die ANC die massa na die revolusie lei vir die “omverwerping van die fascistiese regime”, asook die gryp van die mag en die bou van ’n “sosialistiese samelewing”. Die USSR se hulp, het hy gesê, “is ’n deurslaggewende faktor in die vasberade opmars van die revolucionêre stryd van die verdrukte en uitgebuite mense van Suid-Afrika teen fascisme en aggressie in ons land, vir nasionale bevryding en sosiale emansipasie”. (Vir enigiemand wat die Marxistiese jargon ken, is dit duidelik dat Tambo hiermee die SAKP se tweefaserevolusie bedoel het.) Hy het voortgegaan: “Lank lewe die groot party van Lenin. Die magtige USSR is tans in die sentrum van die wêreld se sosialistiese gemeenskap van volke en marsjeer aan die voorpunt van die stryd vir internasionale bevryding en vrede regdeur die wêreld.”⁵⁶

’n Paar jaar later het hy dié woorde by die 60ste herdenking van die Russiese Revolusie geëggo deur te praat van die “onsterlike leiding en onvergelyklike genialiteit van Wladimir Iljitsj Lenin”. Hy het sy toespraak só afgesluit: “Lank lewe die Kommunistiese Party van die Sowjetunie – die Party van Lenin! ... Lank lewe die Groot Oktober- Sosialistiese Revolusie!”⁵⁷

Ter geleentheid van die 26ste kongres van die Sowjetunie se Kommunistiese Party het die ANC-leiding in 1981 ’n verklaring uitgereik waarin gesê is al rede waarom die “oppressed peoples of the former colonial world” die juk van kolonialisme kon afwerp, is die “achievements of the Great October Socialist Revolution and inspired Leninist leadership of the Bolshevik Party”. Ná die revolusie van 1917, het die verklaring voortgegaan, “the infant socialist state

⁵⁴ “Statement by Oliver Tambo to the extended meeting of the National Executive Committee of the African National Congress”, 1.4.1975 (www.anc.org.za/content/statement-oliver-tambo-extended-meeting-national-executive-committee-african-national). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

⁵⁵ “Statement of the National Executive Committee on the occasion of the 75th anniversary of the ANC”, 8.1.1987 (www.anc.org.za/content/statement-national-executive-committee-occasion-75th-anniversary-anc). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

⁵⁶ Shubin: *ANC. A View from Moscow*, p. 361; Filatova en Davidson: *The Hidden Thread*, pp. 239 en 361.

⁵⁷ Filatova en Davidson: *The Hidden Thread*, p. 239.

demonstrated beyond any doubt the *superiority of scientific socialism over the anarchy and corruption of monopoly capitalism ...*” Lenin, lui die verklaring, was ‘n “brilliant theoretician and far-sighted strategist” (ons kursivering).⁵⁸

Naas gereflekteerde verwysings na die Russiese Revolusie van 1917⁵⁹ het Tambo in toesprake verwys na die “revolutionary world process” en die “final victory over all forces of imperialism, colonialism, racism, Zionism and exploitation of man by man”.⁶⁰ Die “sphere of imperialist domination” is aan die taan, mede deur die sosialistiese lande, wat die “mainstay of this world revolutionary process” is. Die “revolutionary transformations” wat in Afrika aanskou kan word, is deel van die stryd teen “the dark forces of imperialist domination over the world and of the exploitation of man by man” (kommunistiese jargon vir die kapitalisme).⁶¹ Tambo het die vordering van die revolucionäre stryd van die ANC uitdruklik gekoppel aan die “successes and the consistent foreign policy of the socialist community of countries and above all, of the USSR – the stronghold of peace in the world, the selfless friend of all fighting peoples”.⁶²

Met die dood van die Sowjet-leier Leonid Brezjinjef in 1982 het Tambo hom geloof as ‘n “outstanding son of the Soviet people” wat ‘n verlies nie net vir die USSR is nie, maar ook vir die ANC. Sy naam sal vir ewig geskryf staan in die annale van die geskiedenis “as a selfless and indomitable fighter for the emancipation from the shackles of imperialism and fascism”. Hy het byna uitsem geraak: “At this hour of grief for the Soviet people, we lower our banners in respectful memory of the late comrade president Brezhnev ... we extend our deeply felt condolences ... his memory and the example he set will live for ever and the cause for which he lived and sacrificed will triumph.”⁶³

Die hoogtepunt was egter waarskynlik toe hy in 1987 in Moskou voor die KPSU by die 70ste herdenking van die Russiese Revolusie gepraat het:

The unfading significance of the days of Red October seventy years ago rests precisely on the fact that the victory the working class scored in this country in 1917 resulted in

⁵⁸ UK-bilioteek, BC 1981 (P9.2), ANC: “Statement of the African National Congress of South Africa on the occasion of the 26th Congress of the Communist Party of the Soviet Union”, ongedateer.

⁵⁹ “Statement of the National Executive Committee on the occasion of the 60th anniversary of the ANC”, 8.1.1972 (www.anc.org.za/content/statement-national-executive-committee-occasion-60th-anniversary-anc). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017); “Speech by Oliver Tambo on the occasion of the award of an honorary Doctorate to Nelson Mandela by the Karl Marx University of the German Democratic Republic”, 11.11.1987 (www.anc.org.za/content/speech-oliver-tambo-occasion-award-honorary-doctorate-nelson-mandela-karl-marx-university). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017); “Speech by Oliver Tambo at the meeting of representatives of the parties and movements participating in the celebration of the 70th anniversary of the ‘Great October Socialist Revolution’”, 4-5.11.1987 (www.anc.org.za/content/speech-oliver-tambo-meeting-representatives-parties-and-movements-participating-celebration). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017); “Speech by Oliver Tambo on the occasion of the award of an honorary Doctorate to Nelson Mandela by the Karl Marx University of the German Democratic Republic”, 11.11.1987 (www.anc.org.za/content/speech-oliver-tambo-occasion-award-honorary-doctorate-nelson-mandela-karl-marx-university). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

⁶⁰ “All roads led to Berlin” (*Sechaba*, Jan. 1981), p. 29.

⁶¹ “Statement of the National Executive Committee on the occasion of the 70th anniversary of the ANC”, 8.1.1982, (www.anc.org.za/content/statement-national-executive-committee-occasion-70th-anniversary-anc). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

⁶² “Anti-imperialist solidarity” (*Sechaba*, Sept. 1979, pp. 26).

⁶³ “Pres. Brezhnev – ANC statement” (*Mayibuye*, Nov. 1982, p. 3).

the emergence on the world scene of a reliable base and spearhead in the struggle against imperialist, colonial and racist domination, against imperialist reaction and war.

True to the behest of the great Lenin, the first socialist state in the world has never deviated from the foreign policy course of a consistent struggle for world peace, for social progress and happiness of mankind ...

The 70-year revolutionary course blazed by the Great October Socialist Revolution has not only changed the geopolitical face of our planet but has also irreversibly altered the world balance of forces in the interests of mankind's social progress. The socialist system now embraces one-third of the world's population; the colonial system as all but collapsed ...

The spirit engendered by the 70th anniversary of the Great October Socialist Revolution must reinforce this historic task. The lead given by the Soviet Union provides humanity with a noble example to emulate.⁶⁴

Vir enigiemand wat objektief daarna probeer kyk, kan dit nie klink soos die woorde van iemand wat nie werklik in die kommunisme glo nie.

Tog sou billikheidshalwe aangevoer kon word dat die ANC militêr en polities van die USSR en die Oosblok se steun afhanklik was, en dat Tambo dus uit die oogpunt van realpolitiek kommunistiese geluide móés maak. Daar is egter getuienis wat dit in twyfel trek.

In Oktober 1978 het 'n afvaardiging van ANC- en SAKP-leiers Viëtnam besoek om te sien hoe dié kommunistiese staat die magtige Amerika verslaan het. Volgens Thabo Mbeki se biograaf, Mark Gevisser, het Tambo sterk onder die indruk gekom van die rol wat die Marxisties-Leninistiese ideologie in die proses gespeel het. Veral die feit dat Viëtnam (anders as die Sowjetunie en China) nie godsdienst bestry het nie, het hom as gelowige Christen beïndruk. Joe Slovo, 'n leidende figuur in die SAKP en doktrinêre kommunis, het die gaping gevat en Tambo oortuig van die noodsaak dat die ANC uiteindelik openlik uit die kas as Marxisties-Leninistiese beweging moes klim. Mbeki het egter heftig beswaar gemaak, en die idee is laat daar.⁶⁵ (Terloops, die Vietnamese het vertel van hul eie strategie om 'n stelselmatige reeks sluipmoorde op prominente politieke ondersteuners van hul kapitalistiese teenstanders te pleeg. Volgens Thula Simpson, wat dit op 'n dagboek van Tambo baseer, was die doel "to spread the influence of the revolutionary forces in the locality, since such actions would demonstrate that the revolutionaries were strong enough to deal with the enemy". Onder leiding van Tambo is besluit om die Vietnamese voorbeeld in Suid-Afrika te volg.⁶⁶)

Teen bogenoemde agtergrond is 'n omvattende beleidsdokument na aanleiding van die Viëtnam-besoek opgestel, die sogenaamde "Green Book". Uit die dokument blyk dat daar 'n debat was oor die "extent to which the ANC, as a national movement, should tie itself to the ideology of Marxism-Leninism and publicly commit itself to the socialist option." Die uiteindelike besluit, luidens die verslag, het daarop neergekom dat só iets die maatskaplike grondslag van die revolusie kon vernou en dat daar huis 'n noodsaak was "to attract the broadest range of social forces amongst the oppressed to the national democratic liberation". Die ANC

⁶⁴ "Speech by Oliver Tambo at the meeting of Representatives of the parties and movements participating in the celebration of the 70th anniversary of the 'Great October Socialist Revolution'", 4-5.11.1987 (www.anc.org.za/content/speech-oliver-tambo-meeting-representatives-parties-and-movements-participating-celebration). Laaste keer opgeroep op 27.4.2017).

⁶⁵ Gevisser: *Thabo Mbeki*, pp. 462-463.

⁶⁶ Thula Simpson: *Umkhonto we Sizwe. The ANC's Armed Struggle* (Kaapstad, Penguin, 2016), pp. 240-241.

se openlike verbintenis tot die sosialisme “may undermine its basic character as a broad national movement”. Dan volg ’n veelseggende sin: “It should be emphasised that no member of the Commission had any doubts about the ultimate need to continue our revolution towards a socialist order; the issue was posed only in relation to the tactical considerations of the present stage of our struggle.” In ’n bylae word dan ook erken dat “real national liberation and social emancipation” (’n eufemisme vir die twee fases van die revolusie) slegs bereik kan word indien “the dominant part is played by the oppressed working people” (’n eufemisme vir die SAKP).⁶⁷

Overgezet zijnde: Almal is ten gunste van die kommunisme, maar om pragmatiese redes – die noodsaak om die maksimum steun vir die revolusie te kry – kan dit nie openlik gesê word nie. Onder die name van die groep wat die dokument opgestel het, kom ook dié van Oliver Tambo voor.

Dit word verder bevestig deur wat Slovo in 1984 aan Wladimir Sjoebin vertel het nadat eersgenoemde voorsitter van die SAKP geword het: “Tambo welcomed Slovo’s words that perhaps in the future the ANC and SACP would merge in one organisation of a socialist character.” En met sy laaste besoek aan die Kremlin in 1989 het Tambo opnuut na die “national democratic revolution” – die eerste fase in die SAKP se tweefaserevolusie – verwys. “There are long-term goals as well,” het hy betekenisvol bygevoeg. “We are not pushing them.”⁶⁸

Siedaar ’n meesterlike opsomming van die SAKP se houding uit die mond van iemand van wie graag voorgehou word dat hy geen ingeskreve lid van die party was nie. Maar, soos Stephen Ellis en “Tsepō Sechaba” (skuilnaam vir Oyama Mbandla) opmerk, “it suited the [Communist] Party to have a relatively weak non-communist president of the ANC serving as the symbolic leader of the triple alliance of the ANC, the Party and SACTU [die vakbondfederasie wat saam met die ANC en SAKP in ballingskap was].”⁶⁹

GEVOLGTREKKING

Dit staan vas dat Oliver Tambo geen ingeskreve lid van die SAKP was nie. Tog, as sy uitsprake en oortuigings deur die jare goed ontleed word, verskil dit (meestal) in feitlik geen opsig van dié van sy makkers in die Kommunistiese Party nie. ’n Mens soek dan ook vergeefs in sy toesprake en ander uitlatings op kritiek – selfs by implikasie – op die Sowjetunie en die kommunisme. Dis natuurlik waar dat Tambo se groot taak was om die ANC/SAKP-alliansie deur beproewende tye in ballingskap bymekaar te hou, wat sy beweegruimte beperk het. Daarmee was hy in uiters moeilike omstandighede suksesvol. Hy moes ook daarmee rekening hou dat verreweg die leeue-aandeel van die alliansie se praktiese hulp van agter die Ystergordyn, veral die Sowjetunie, gekom het. Hy kon gevolglik moeilik – sê maar – in Moskou of Havana skerp kritiek op die kommunisme gaan uitspreek.

Daar is ook ’n alternatiewe vertolking. Dit is dat Tambo bloot ’n swakkerige opportunis was wat sy seile na die wind gespan het. Wat die vraag laat ontstaan hoe diep sy oortuigings rakende die kommunisme was. Dit is ’n vraag waarop ’n antwoord moeilik te gee is.

⁶⁷ Thomas G. Karis en Gail M. Gerhart (eds.): *From Protest to Challenge, Volume 5: Nadir and Resurgence, 1964-1979* (Pretoria, Unisa Press, 1997), pp. 724-725 (“Report of the Politico-Military Strategy Commission to the ANC National Executive Committee”, Aug. 1979) en 726 (“Annexure ‘B’ – Summarized Themes on Our Strategic Line”).

⁶⁸ Shubin: *ANC: A View from Moscow*, pp. 361-362.

⁶⁹ Ellis en Sechaba: *Comrades against Apartheid*, pp. 52 en 59.

Tambo was uiteraard instrumenteel in die bevordering van die eerste fase van die Leninistiese tweefaserevolusie, die sogenoemde Nasionaal-Demokratiese Revolusie (die begrip leef vandag by die ANC voort, maar sonder sy destydse ideologiese lading). Tambo het egter slegs soms by implikasie daarna verwys. Nietemin het dit – altans na buite – deel van sy lewens- en wêreldbeskouing gevorm.

In September 1985 het ANC-afgevaardigdes op 'n ontmoeting in Zambië aan verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse private sektor verduidelik: "In all our dealings with the Socialist countries we have not once experienced a situation where they have tried to influence our views or tell us what to do."⁷⁰ Ronnie Kasrils, 'n leidende figuur in die ANC/SAKP en latere minister, bevestig dit in sy memoires: "I never came across or heard of a situation where strings were attached to assistance we received, as Party or the ANC, nor influence directed away from the primary goals of an independent, non-racial and democratic South Africa."⁷¹

Dit is uitsprake wat uiteraard, soos elke uitspraak van enige politikus, met 'n knippie sout geneem moet word. Tog klink die hoofelement – dat die Sowjetunie nie aktief gedetailleerde voorskrifte aan die ANC/SAKP gegee het nie – korrek. Met 'n manipuleerbare leier soos Oliver Tambo, wat hom in byna elke relevante oopsig besonder na aan die Sowjet-weergawe van die kommunisme geposioneer het, was dit in elk geval nie nodig nie. Soos Irina Filatova en Apollon Davidson dit stel: "There was no need for the Soviet government to attach any strings to Soviet assistance to the ANC and SACP ... the ANC itself was ideologically very close to the Soviet leadership."⁷²

Tambo het duidelik nie 'n groot rol gespeel om gebeure te bepáál nie; hy het eerder die gebeure om hom heen weerspieël. Ook Mandela het soms taktiese onwaarhede gebesig, maar hy het veel sterker as Tambo vóór geloop. Tambo was die formele leier van die ANC/SAKP-alliansie, maar hy is in groot mate deur die ontwikkelinge en die mense om hom heen geleid. Juis daardie eienskap, saam met sy minsame en sagmoedige karakter, het gehelp om die middelpuntvliedende kragte in die alliansie genoeg vryheid te gee sodat 'n breekspul vermy kon word.

Nelson Mandela is in 1990 vrygelaat, enkele weke ná die val van die Berlynse Muur en die snelle verkrummeling van die kommunisme as internasionale magsfaktor, waardeur die belangrikste ideologiese en magspolitiese rigsnoer van die ANC-Kommunistiese alliansie daarmee heen was. As vrye politikus, sowel voor as ná sy bewindsaanvaarding in 1994, moes Mandela dus opereer in 'n praktiese wêreld binne die grense van die sogenoemde Washington-konsensus, die liberaal-demokratiese vrye mark. Dit was die politieke werklikheid waarmee hy moes werk, en hy het hom uitstekend daarby aangepas.

Tambo het nooit daardie kans gekry nie, en gevoleklik is sy erfenis veel meer deur die kommunisme bepaal as dié van Mandela. Tog, selfs as 'n mens dit in aanmerking neem, is dit duidelik dat Tambo in alles behalwe naam op die allerminste baie sterk deur die kommunisme beïnvloed is. Voor Westerse gehore het hy dit klaarblyklik om taktiese redes weggesteek, maar wanneer hy voor sosialiste of kommuniste gepraat het, het hy openlik vir sy oortuigings

⁷⁰ Gerhart en Glaser: *From Protest to Challenge, Volume 6: Challenge and Victory, 1980-1990* ("Summary of Discussions between certain Representatives of Big Business and Opinion-Makers in South Africa and the ANC", ANC-memorandum, 14.9.1985), p. 580.

⁷¹ Ronnie Kasrils: *Armed & Dangerous. From Undercover Struggle to Freedom* (Bellville, Mayibuye, 1993), p. 273.

⁷² Irina Filatova en Apollon Davidson: *The Hidden Thread. Russia and South Africa in the Soviet Era* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2013), pp. 238-239. Vgl. ook pp. 310-311.

uitgekom. Wie weet wat sou gebeur het as Tambo, soos Mandela, nog 'n rol van betekenis in die Suid-Afrika van ná 1990 kon gespeel het? Moontlik sou hy, soos Mandela, afstand van 'n belangrike deel van sy vroeëre ideologiese oortuigings moes gedoen het.

Tambo is in 1993 aan die nagevolge van 'n beroerte oorlede. Ons sal nooit weet of hy Mandela se voorbeeld sou gevolg het nie.

Die weg beweeg vanaf gematigdheid na 'n radikale grondherverdelingsbenadering as transformasieprioriteit in Suid-Afrika

The move away from a moderate to a radical land redistribution approach as transformation priority in South Africa

HERMAN VAN DER ELST

Politieke Wetenskap

Noordwes-Universiteit, Vaaldriehoekkampus

E-pos: Herman.vanderelst@nwu.ac.za



Herman van der Elst

HERMAN VAN DER ELST is 'n medeprofessor en voorsitter van die vakgroep Politieke Wetenskappe by die Vaaldrifhoekkampus van die Noordwes-Universiteit (NWU). In 2000 verwerf hy 'n magistergraad in Internasionale Politiek aan die Universiteit van Pretoria (UP) en in 2008 'n PhD in Openbare Bestuur en Regering by die Potchefstroomkampus van die NWU met 'n tesis oor "Grondhervorming in Suid-Afrika en die oogmerke van post-vestiging: die ontwerp van 'n bestuursmodel vir volhoubare ontwikkeling". 'n Gedeelte van sy navorsing is by die Vrye Universiteit van Amsterdam (VU) gedoen. Hy is outeur van 'n aantal nasionale en internasionale artikels in vakwetenskaplike tylskrifte en hoofstukke in boeke met 'n fokus op volhoubare ontwikkeling in die kontemporêre transformrende Suid-Afrikaanse, en Afrika politieke landskap.

HERMAN VAN DER ELST is an associate professor and chair of the subject group Political Sciences at the Vaal Triangle campus of the North West University (NWU). He obtained a master's degree in International Politics at the University of Pretoria (UP) in 2000, followed by a PhD in Public Management and Governance at the Potchefstroom campus of the NWU in 2008. The title of his thesis was "Post settlement support land reform objectives in South Africa: towards a management model for sustainable development". Part of his research was completed at the Vrye Universiteit van Amsterdam (VU). He is the author of a number of articles in local and international academic journals, as well as chapters in books with a focus on sustainable development in the contemporary transforming South African, and African political landscape.

ABSTRACT

The move away from a moderate to a radical land redistribution approach as transformation priority in South Africa

A key reason for the establishment of the African National Congress (ANC) in 1912 was ensuring and securing access to land for the landless masses. Since then land redistribution remained key concepts in the ANC's policy vocabulary. This importance of redistribution and access to land was also emphasized in the 1955 Freedom Charter of the movement, and again

in the 1994 ANC election manifesto. In 2017 the objective of access to land and redistribution has however not yet been realised. A contemporary priority concept that is therefore frequently linked to the notion of radical socio-economic transformation in South Africa (SA) is the call for accelerated land redistribution towards black economic empowerment. In this respect there is consensus amongst most academics and opinion formers, that land reform with a specific emphasis on the pace of redistribution is slow and does not necessarily benefit the previously disadvantaged masses. It is argued from different angles that government has, up to now, followed a moderate approach to land redistribution. This moderate approach contributed to a large extent to the current slow pace of land redistribution. In line with calls for radical economic transformation the SA government is currently under pressure to move away from this moderate school of thought to a more radical land redistribution approach. It is the purpose of this article to analyse the reasons for this moderate approach and contrast it with the elements of the evolving more radical policy and implementation approach. In effect the following question is being addressed: What is die rationale behind the current moderate government approach to land redistribution and which factors and elements will have an influence on the evolving radical approach?

In order to answer the above question the article will be divided into three levels. On a macro level, and as contextual background, the focus briefly falls on the origins and nature of the contemporary moderate approach to land redistribution and the meaning of socio-economic transformation as a development objective.

On a micro level the article will be narrowed down to the transformation pressure that the SA government is currently experiencing and the now familiar, nature and scope of land expropriation during the apartheid timeframe as well as redistribution progress that has been made since 1994. Against this background emphasis is placed on land redistribution as a contemporary transformation priority in SA.

On the application level the article is comparatively narrowed down to the move away from a moderate school of thought to the causal factors that led to the evolving more radical approach to land redistribution. In conclusion possible key elements that will influence the unfolding of the more radical approach are identified, highlighted and analysed. In the final analysis the aim is therefore to provide a predictive scenario analysis that points towards the consequences and unfolding of the mind shift to this more radicalised approach to land redistribution.

KEYWORDS: Policy, Land redistribution; Washington consensus; Slow progress; moderate approach; radical socio-economic transformation; radical approach; Custodian; Constitution

TREFWOORDE: Beleid, grondherverdeling; Washington konsensus, traie vordering, gemitigde benadering, radikale sosio-ekonomiese transformasie, radikale benadering, voogdyskap, Grondwet

OPSUMMING

'n Prioriteitskonsep wat deesdae gereeld gekoppel word aan radikale sosio-ekonomiese transformasie in Suid-Afrika (SA) is die oproep om versnelde grondherverdeling. In hierdie verband is daar konsensus onder akademici en meningsvormers dat grondhervorming in SA, met 'n spesifieke fokus op herverdeling, uiterstaan plaasvind, en nie noodwendig die voorheen benadeelde massas bevoordeel nie. Vanuit verskillende oorde word geargumenteer dat die regering tot op hede 'n baie gemitigde benadering tot grondherverdeling gevolg het. Dit is

juis hierdie gematigde benadering wat bygedra het tot die trae pas van grondherverdeling. Teen die agtergrond van oproepe om radikale sosio-ekonomiese transformasie word daar toenemend gesinspeel dat daar wegbeweeg gaan word van 'n gematigde na 'n meer radikale grondherverdelingsbenadering. Dit is dan ook die doel van hierdie artikel om die regering se gematigde benadering tot grondherverdeling in oënskou te neem en te kontrasteer met die elemente van die ontvouende meer radikale beleids- en implementeringsbenadering. Die vraag word gestel: Wat is/was die rasional agter die huidige gematigde regeringsbenadering tot grondherverdeling, en watter faktore en beleidselemente gaan moontlik rigtinggewend wees vir die ontvouende meer radikale benadering?

INLEIDING

Die oneffektiwiteit van die huidige beleid van grondherverdeling in SA word aan 'n verskeidenheid interne en eksterne faktore toegeskryf. Vir die doeleinnes van hierdie artikel word die trae pas van herverdeling, as hoofkomponent van grondhervorming, egter verbind met die SA regering se, tot nou toe, gematigde benadering tot beleids- en implementeringstrategieë, wat sedert 1994 nagevolg is. Die Oxford-woordeboek (2017) definieer gematigdheid as kenmerk van 'n persoon of instansie wat gekant is teen ekstreme perspektiewe, opinies en optredes. Dit word spesifiek verbind met politiek of religie.

Die SA regering se gematigde benadering tot grondherverdeling is tans steeds ganker in die neo-liberale denkwysie van die post-Koue-oorlog Washington-konsensus wat internasionale ontwikkelingsdebatvoering gedurende die 1980's en middel 1990's gedomineer het (Marangos 2009:197). Teen die agtergrond van die einde van die Koue-oorlog en die val van Marxisties georiënteerde sosialisme is daar veral binne Westerse kringe geglo dat vryemarkkrakte en minimale staatsinmenging die enigste oorblywende wyse is waarop ontwikkeling, in veral ontwikkelende lande, gestimuleer kan word. Hierdie denkwysie het dan gekristalliseer in die Washington-konsensus en is ondersteun deur prominente Westerse ekonome, die Europese Unie (EU), die Verenigde State van Amerika (VSA), die Wêreldbank en die Internasjonale Monetêre Fonds (IMF). Die uitgangspunte van die Washington-konsensus wat gebaseer is op minimale staatsinmenging, voortgesette demokratisering en vryemarkkrakte was dan ook sigbaar in die finansiële bystandsvoorwaardes van ontwikkelingsorganisasies soos die IMF en die Wêreldbank (O' Brien & Williams 2013:268; en Pettinger 2013). Ontwikkelende state wat voldoen het aan die voorskrifte van die Washington-konsensus, het dan ook gekwalifiseer vir bystand- of ontwikkelingshulp van die IMF, Wêreldbank of individuele ontwikkelde state (Driver 2007:67). Die gematigde Suid-Afrikaanse grondherverdelingsbeleid is tot 'n groot mate geskoei op die post-1994 navolging van die Wêreldbank se liberale sogenaamde vryemark-ondersteunde voorskriftelike model vir onderhandelde grondherverdeling soos ontwikkel in die 1990s. Die hoofkenmerke van hierdie model kan volgens Pilipinas (2000:4-5) soos volg opgesom word:

- a) In lyn met die gewillige-koper-verkoper beginsel moet daar onderhandelings met die oog op prysvasstelling wees;
- b) Die rol van die staat moet beperk word tot die verskaffing van tegniese finansiële bystand;
- c) Daar mag nie ekplisiete teikendatums vir die afhandeling van grondherverdeling wees nie;
- d) Die grondherverdelingsproses moet markgedreve wees en potensiële begunstigdes moet die proses inisieer;

- e) Begunstigdes moet spesifieke projekte identifiseer voor post-vestigingsondersteuning in die vorm van finansiële bystand sal word; en
- f) Die privaat sektor en nieregeringsorganisasies moet aktief betrokke wees.

Die SA regering het dus werklik geglo dat toepassing van die breë beginsels van die Washington-konsensus, grondhervorming sou bevorder. In hierdie verband is Changuiou (2012:559) van mening dat die regering tot so onlangs as 2010 'n realistiese benadering tot grondhervorming nagevolg het. Hier gaan dit spesifiek oor die noodsaaklikheid van oordragte van vaardighede sowel as realistiese teikendatums vir die oordrag van grond.

Ander belangrike redes vir hierdie aanvanklike gematigde benadering was om die negatiewe ekonomiese en maatskaplike gevolge van grondvergrype wat in ander Afrikastate soos byvoorbeeld Angola, Kenia en Zimbabwe tydens dekolonialisasie plaasgevind het, te voorkom (Boyle 2001:695). Verder wou die regering buitelandse investeringsvertroue behou, kweek en uitbou deur die navolging van 'n liberaal-georiënteerde grondherverdelingsmodel. In bovenoemde verband is dit ook as uiterst belangrik beskou om bestaande stabiele vlakke van voedselsekerheid te handhaaf. Hierdie benadering moet dan oorhoofs gesien word teen die agtergrond van die versoenende benadering van die Nelson Mandela-era en tewens beskou word binne die konteks van SA se hertoelating tot, en verhoogde aansien in, die internasionale gemeenskap.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks vind die gematigde benadering spesifiek vergestalting in die geïnstitutionaliseerde grondwetlike beginsels van die beskerming van private eiendom en die gewillige-koper-verkoper-beginsel soos vervat in artikel 25 van die Suid-Afrikaanse Grondwet (Suid-Afrika 1996:13). Dit beteken dat niemand verplig word om grond te verkoop nie en dat die waarde van grond bepaal word deur markkrakte of deur die grondbesitter. Huidige wetgewing maak wel voorsiening vir onteiening in sekere gevalle maar dit kan nie lukraak plaasvind nie, en is onderworpe aan deeglike konsultasieprosesse en onderhandeling.

TRANSFORMASIE AS 'N ONTWIKKELINGSDOELSTELLING IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE LANDSKAP

Die konsep (politiek-ekonomiese) transformasie is 'n sogenaamde sponsbegrip en kan op verskillende wyses en binne spesifieke kontekste en dissiplines, geïnterpreteer word. Daar kan egter met sekerheid aanvaar word dat transformasie die weg beweeg vanaf 'n spreekwoordelike politieke-ekonomiese punt A na 'n punt B impliseer. Riggs (1964:12-30) beskou transformasie as die algehele oorgang van 'n tradisionele na 'n moderne samelewing. Binne die Suid-Afrikaanse konteks gaan dit spesifiek oor die weg beweeg van die apartheidbedeling (punt A) na 'n allesinsluitende demokratiese bedeling (punt B). In baie gevalle word transformasie gekenmerk deur 'n tydperk van politieke en ekonomiese onstabilititeit, aldus Riggs.

Volgens Duvenhage (2009:716) behels transformasie tendense van politieke veranderinge in 'n gemeenskap of staat. Dit vind plaas in die vorm van rewolusie, ewolusie, transisie of politieke ontwikkeling. In SA is daar tans sprake van radikale sosio-ekonomiese transformasie in terme van regeringsbeleidsoogmerke. Die betekenis en formaat van hierdie transformasie is nog nie duidelik deur die regering gedefinieer nie. Radikalisme verwys egter na die gedrag van mense wat ten gunste is van ekstreme veranderinge, binne veral 'n regeringsopset sowel as die beleidsdoelstellings van daardie regering (Cambridge woordeboek 2017). Volgens Davies R. (2014), die Suid-Afrikaanse Minister van Handel en Nywerheid, hou radikale transformasie binne die SA konteks verband met die fundamentele aard van 'n verskynsel. Dit gaan oor

verreikende en weldeurdagte optredes waartydens weg beweeg moet word van tradisie na progressiewe innovering.

Die dringendheid van radikale sosio-ekonomiese transformasie kom vervolgens steeds meer akut voor binne alle bemagtigings- en diensleweringsfere van Suid-Afrikaanse politieke debatvoering. In hierdie verband bly grondhervorming met sy klem op herverdeling 'n sleuteltransformasieprioriteit vir die regering.

DIE AARD EN OMVANG VAN GRONDONTEIENING GEDURENDE DIE APARTHEIDSTYDVAK (1913–1991)

Gedurende die apartheidjare het 'n beraamde 3.5 miljoen Suid-Afrikaners, spesifiek in landelike gebiede, hulle grond ingevolge die bepalings van 'n verskeidenheid apartheidswette verloor (Williams 1994:14-18). In hierdie verband het die Naturellen grondwet van 1913 en die Naturellentrust en -grondwet in 1936 'n prominente rol gespeel. Ingevolge die 1913-wet is dertien persent van SA se grondoppervlakte as sogenaamde "swart reservate" of tradisionele areas afgebaken (Richter 1975:14). Daar is aanvaar dat swart mense oorspronklik in hierdie areas gewoon het. Swart mense is slegs toegelaat om grond binne die afgebakende gebiede te koop en te verkoop. Eiendom wat aan swart mense buite die gereserveerde areas behoort het, is geklassifiseer as sogenaamde "swart kolle", en die oorspronklike inwoners is gevollerlik gedwing om na tuislande of reservate te verskuif (Malan & Hattingh 1975:25). Voorts is gesamentlike inisiatiewe soos die aankoop van grond, boerdery of die huur van blanke plase deur swart mense onwettig verklaar en vice versa (Deininger 1999).

Ingevolge die 1936-wetgewing is die bepalings van die 1913-wetgewing herbevestig en verskerp (McClintock 1999:9,14). Hierdie wetgewing het nou ingehou dat alle aspekte van swart ekonomiese bedrywigheide, insluitende die boerderybedryf, beheer en gereguleer kon word (Richter 1975:18). Sedert 1948 het die regering op grond van die 1936-wetgewing die gesag en infrastruktuur binne die land so geïnstitutionaliseer dat dit die oogmerke van segregasie moes bevorder (Suid-Afrika 1994:19-20). Met die oog hierop is mense verder hervestig in tuislande soos die Transkei, Venda, Ciskei en Bophuthatswana (Boyle 2001:675). Die tuislande was egter in die meeste gevalleoorbevolk, onderontwikkeld en nie geskik vir landbouproduksie of selfs bestaansboerderye nie. Verder was daar 'n gebrek aan infrastruktuur wat volhoubare ontwikkeling gestrem het.

Ook binnelandse nasionale en internasionale investeringsinisiatiewe het ontbreek (Lahiff 2003:1-6). Benewens die realiteit dat mense hulle eiendom en persoonlike waardigheid verloor het, is hulle tradisionele bestaanswyse en oorlewingsmetodes ook vernietig. Grondonteiening het dus nie net mense se menswaardigheid aangetas nie maar ook gelei tot 'n verlies aan inkomste met gevollerlike onderontwikkeling en armoede.

Bogenoemde gebeurtenisse het daar toe gelei dat die ongelyke toegang tot ekonomiese en sosiale hulpbronne tussen wit en swart verder geïnstitutionaliseer is. Die geïnstitutionaliseerde vorme van grondbesit het beteken dat swart Suid-Afrikaners blootgestel is aan 'n kettingreaksie van agteruitgang en onderontwikkeling wat gepaardgegaan het met die uitbreiding en formalisering van die apartheidstelsel (Xulu & Maharaj 2004:48-57).

In wese was die grondwetgewing sedert 1913 dus so gestruksureer dat die grootste gedeelte van alle bewerkbare grond in blanke besit moes bly (Kostiv 2008:7). Die stigting van die ANC in 1912 was dan ook, soos genoem, 'n direkte reaksie teen die destydse Suid-Afrikaanse regering se wette rakende grondbesit wat in effek gerig was op die skeiding tussen wit en swart mense (Walshe 1987:31). Sedert die stigting van die ANC was grondherverdeling reeds

vir die organisasie 'n transformasieprioriteit. Om hierdie rede stel die ANC se Vryheidsmanifest van 1955 dit dus duidelik dat alle grond herverdeel moet word onder diegene wat dit bewerk het (Qalam & Lumet 2012:1).

KONKRETE VORDERING EN BESTAANDE KONTRASTERENDE PERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN GRONDHERVERDELING

In sekere opsigte kan die Suid-Afrikaanse grondhervormingsproses, sedert 1994, wel gedeeltelik as suksesvol beskryf word. Wat betref beleidsimplementering is byvoorbeeld formele beleidsriglyne, wetgewing, strukture en prosesse gevestig waardeur grondeise ingedien kan word, herverdeling kan geskied, sekuriteit van verblyf beding kan word of grond aan oorspronklike eienaars teruggegee kan word (Boyle 2001:694-695).

Ondanks bogenoemde gedeeltelike suksesse was en is die regering se gematigde beleids- en -implementeringsbenadering egter gekenmerk deur uitgerekte diskussies, administratiewe oponthoude sowel as voortslepende hofsake. Die praktiese uitkoms was dat die pas waarteen grondherverdeling sedert 1994 plaasgevind het as uiter traag en selfs as oneffektief beskryf kan word.

Daar is egter ook uiteenlopende opinies oor hoeveel grond nou werlik al verdeel is, en watter omvang dit aanneem en aangeneem het. Du Preez (2017) is byvoorbeeld van mening dat minder as sestig persent van alle bewerkbare landbougrond steeds in die besit van blanke boere is. Volgens Nel (2017:4) is daar talle voorbeeld van plase wat op 'n onregmatige wyse toegeken is aan sogenaamde "naweekboere" wat nie noodwendig daarvoor kwalifiseer nie. Die Demographic Information Group and Population of SA beweer dat een kwart van alle grond in besit van munisipaliteite is (Van Staden 2017). Lahiff en Li (2012:9) maak die stelling dat daar nie akkurate statistieke bestaan oor die geografiese verspreiding van verdeelde grond, die soort grond wat aangekoop is en oor die soort projekte wat aangepak is nie. Oor die finansiering wat vir die aankoop van grond gebruik is, is daar ewemin duidelikheid. Groenewald (2014) beweer dat tot sewentig persent van alle bewerkbare grond in die besit van kommersiële boere is. Dit is onduidelik hoeveel van hierdie kommersiële boere swart is.

Ondanks bogenoemde onsekerheid word daar vir die doeleindes van die artikel gefokus op die regeringspersepsie rakende die eienaarskap van grond, en stand van grondherverdeling in SA. Dit is per slot van sake hierdie persepsie wat as dryfveer dien vir die wegbeweg van gematigdheid na 'n ontvouende radikale regeringsbenadering.

Daar word beraam dat daar sewe-en-tagtig miljoen hektaar bewerkbare landbougrond in SA is. Alhoewel daar oënskynlik nie betroubare statistieke is nie, is daar wye konsensus dat die meerderheid van alle bewerkbare landbougrond steeds deur kommersiële boere besit word. Die aanvanklike post-1994- grondherverdelingsdoel was dat ses-en-twintig miljoen hektaar landbougrond teen 2014 herverdeel moes wees. Dit verteenwoordig dertig persent van alle landbougrond. Tot op hede is slegs agt miljoen hektaar daarvan verdeel. Dit verteenwoordig sewe-en-twintig persent van die 2014-doelwit en 'n skrale sewe persent van die totale herverdelingsdoelwit. Daar is ook genoegsame bewyse dat die lewensgehalte van baie begunstigdes van grondherverdeling nie werklik verbeter het nie. Cousins en Aliber (2013) meen ook dat begunstigdes tot dusver blootgestel is aan onwerkbare projekontwerpe en landboumodelle. Die doelwit van produktiewe grondgebruik en effektiewe armoedeeverligting is dus nie bereik nie. Teen die agtergrond van die breë transformasiedruk wat daar tans op die regering is, en die genoemde traie pas van grondherverdeling is daar 'n denkskuif vanaf gematigdheid na radikalisme in terme van die beleids- en -implementeringstrategieë van die

regering sigbaar. In praktiese terme beteken dit dat die pas van grondherverdeling in die komende jare dramaties gaan versnel (Brown & Van Rensburg 2017). Hierdie neiging is ook opmerklik in onlangse uitsprake deur politieke leiers en bewegings soos mnr. Julius Malema, pres. Jacob Zuma, die ANC-Jeugliga, die ANC-Vroueliga en ander.

GRONDHERVERDELING EN DIE AANLOOP TOT DIE WEGBEWEEG VAN GEMATIGDHEID NA RADIKALISME

Die onmiddellike tydperk na die Koue-Oorlog is gekenmerk deur internasionale optimisme rakende die ontwikkelingsvoortsigte vir veral ontwikkelende state. Daar is geglo dat liberaal-demokratiese ontwikkeling nou kon voortgaan in die afwesigheid van ideologiese motiewe gekombineerd met minimale staatsinmenging in die sosio-ekonomiese strukture van ontwikkelende state (Manuel 2003:18). Hierdie beleidstrategie het dan ook neerslag gevind in die postapartheid gematigde (neo-liberale) grondherverdelingsbeleid van die SA regering.

Die mislukking van strukturele aanpassingsprogramme (SAPs) en ontwikkelingsinisiatiwee sowel as 'n eskalerende skuldas, in veral Subsahara Afrika gedurende die 1990s, het egter globaal 'n demper op die optimistiese benadering van die Washington-konsensus geplaas. Binne ontwikkelende state is daar toenemend tot die besef gekom dat "vryemarkfundamentalisme" in die vorm van die Washington-konsensus nie toereikend is om ontwikkeling in veral ontwikkelende state te stimuleer nie (Manuel 2003:18). In hierdie verband het baie ontwikkelende state stelselmatig begin wegbeweeg van minimale staatsinmenging in die ekonomie na 'n beleid van konstruktiewe staatsinmenging.

Die wegbeweeg van gematigdheid in die SA grondherverdelingsbenadering het dus ook globale oorsake en is nie iets wat slegs intern gedrewe is nie. Teen die agtergrond van bogenoemde internasionale gebeure het die voormalige president, Thabo Mbeki, hom reeds in sy staatsrede van 2006 uitgespreek ten gunste van 'n meer sentrale regeringsrol in die grondherverdelingproses sowel as die hersiening van die gewillige-koper-verkoper beginsel (Mbeki 2006). In die aanloop tot die 2011 nasionale verkiesing het pres. Jacob Zuma byvoorbeeld aangedui dat landelike ontwikkeling en grondherverdeling een van die regering se vyf sleutelprioriteite is (Zuma 2016; en Brown & Van Rensburg 2017).

DIE ONTVOUING VAN 'N MEER POPULISTIESE BENADERING

Die Suid-Afrikaanse Grondwet stel dit duidelik dat grond wel onteien mag word. Dit is egter onderhewig aan die volgende vereistes (Suid-Afrika 1996:13):

- Dit moet in die openbare belang wees en vir 'n openbare doel aangewend word; en
- Vergoeding, bedrag en tyd van betaling moet aanvaar word deur diegene wat geraak word, of die vergoeding moet deur 'n hof vasgestel, of goedgekeur word.

Teen die agtergrond van die erosie van die beginsels van die Washington-konsensus sedert die 1990s is die regering genoop om met verloop van tyd 'n meer radikale en populistiese benadering te volg. Vanweë die traie pas van grondhervorming in kombinasie met internasionale gebeure het die regering geleidelik onder druk gekom om sekere sleutelinisiatiwee te neem om die proses te wysig en spesifiek herverdeling te versnel naamlik:

- a) In terme van wysiging 48 van 2003 van die Wet op Restitusie van Grondregte van 1994 het die Minister van Grondsake ook die bevoegdheid om grond sonder 'n lasbrief te onteien indien die proses onnodiglik vertraag word (Suid-Afrika 2003). Bogenoemde

- bepalings beteken dat die betrokke minister reeds die gesag het om in ekstreme gevalle grond sonder vergoeding te onteien tot voordeel van die eiser; en
- b) Tydens die 2005 NASREC Grondberaad (Suid-Afrika 2007:13-15) is daar konsensus bereik dat beperkings geplaas moet word op die vryemarkbenadering. Die Suid-Afrikaanse Grondwet bepaal byvoorbeeld dat vergoeding aan huidige grondeienaars wat in terme van die grondherverdelingsprogram onteien word, nie noodwendig markverwant hoef te wees nie. Soos genoem, kan 'n hof bepaal watter bedrag aanvaarbaar en billik is.

Bogenoemde twee inisiatiewe sou as rigtinggewende aanwyser dien vir die verdere ontvouing van kontemporêre beskouings rakende grondherverdeling in SA. Toekomstige inisiatiewe sou dan hoofsaaklik sentreer rondom hersiene voorwaardes vir onteiening en die herbesinning oor die relevansie van die gewillige-koper-verkoperbeginsel.

GRONDHERVERDELING AS 'N SLEUTELTRANSFORMASIEPRIORITEIT EN DIE ONTOUENDE FORMAAT VAN RADIKALISME

Meer as honderd jaar na die stigting van die ANC bestaan die persepsie binne regeringskringe steeds dat sewe-en-tagtig-persent van alle bewerkbare landbougrond nog steeds, soos genoem, in besit van blanke boere is. Hierdie opvatting bestaan steeds ondanks die pro-aktiewe grondherverdelingsprogram wat sedert 1994 in plek gestel is.

Die toenemende dringendheid van grondherverdeling word bevestig in hoofstuk 6 van die 2009 Nasionale Ontwikkelingsplan (Suid-Afrika 2009). Hier word dit uitgestippel dat Suid-Afrikaanse landelike gemeenskappe beter geïntegreer moet word in die ekonomie. Daar word klem gelê op grondherverdeling, werkskepping en armoedeverligting as instrumente tot bemagtiging (Suid-Afrika 2009 en Suid-Afrika 2011). Kortom die lewenskwaliteit van mense moet dus ook daadwerklik verbeter. Ondanks bogenoemde maatreëls en beleidsoogmerke bestaan die persepsie egter steeds dat grondherverdeling in SA in vele opsigte nie aan die verwagtinge van die breë bevolking voldoen nie. Vanuit 'n regeringsperspektief is dit te wyte aan die volgende faktore (ANC 2012b):

- Die vestiging van die "gewillige-koper-verkoper-beginsel" wat op kapitalistiese beginsels gebaseer is en sodoende die grondverdelingsproses duur maak en vertraag; en
- Die gebrek aan armoedeverligting in veral landelike gebiede. Met ander woorde die gebrek aan volhoubare ontwikkeling nadat grond toegeken of teruggegee is.

Teen die agtergrond van die belangrikheid van grond en afwesigheid van vordering met grondherverdeling is dit dan ook verstaanbaar dat 'n radikale oplossing vir die grondkwestie 'n gegewe geword het. Met betrekking tot kontemporêre grondhervorming gaan sosio-ekonomiese transformasie dus steeds oor die herverdeling van bewerkbare landbougrond wat nog steeds nie plaasgevind het nie (Changuiou 2012:559). Om hierdie rede is grondherverdeling 'n sleutel en emosionele transformasieprioriteit vir die ANC en die regering. Hierdie gegewe is ook beklemtoon tydens pres. Zuma se staatsrede van Februarie 2016. In sy staatsrede van 2017 het hy dit ook benadruk dat die regering die pas van radikale sosio-ekonomiese hervorming gaan versnel. Dit sal spesifiek gedoen word om bestaande vorme van rasgebaseerde eienaarskap van die ekonomie te beëindig. Daar sal ook gefokus word op die herverdeling van grond in plaas van finansiële vergoeding aan begunstigdes (Zuma 2017). Ook in die begrotingsrede (2017) van die voormalige Minister van Finansies, Pravin Gordhan (Gordhan 2017), is radikale

sosio-ekonomiese transformasie ook gekoppel aan eiendomsbesit en 'n dringendheid om grondherverdeling te versnel. In effek is grondherverdeling weereens uitgewys as 'n belangrike faktor in die strewe na sosio-ekonomiese gelykheid en versoening in SA. Die presiese aard, inhoud en omvang van hierdie radikale grondherverdelingsbenadering is egter, soos genoem, nog vaag (Brown & Van Rensburg 2017). Daar is dus nog nie werlik uitgewei oor hoe hierdie radikale benadering prakties gaan realiseer nie. Daar is wel enkele elemente identifiseerbaar wat in die toekoms as sleuteldryfveer vir voortgesette radikale grondherverdeling sal dien. Hierdie elemente word vervolgens opgesom.

Die opbou en invloed van antikoloniale sentiment rakende grondherverdeling

Die Groenskrif vir Grondhervorming verbind grondbesit in SA met kolonialisme en stel dit duidelik dat 'n meer radikale regeringsbenadering tot grondherverdeling op die kort termyn in die vooruitsig gestel moet word (Suid-Afrika 2011). In die Groenskrif beklemtoon die SA regering die rol wat die herstel van grondregte vertolk in die herstel van wanbalanse tussen rasse-, geslag- en klasongelykhede. Hierdie radikale en versnelde benadering word vervat in die antikoloniale trant van die Groenskrif (Suid-Afrika 2011):

Alle antikoloniale stryde/konflikte draai, in wese, rondom twee dinge: om grond wat onder dwang of bedrieglike wyse verloor is terug te neem, en om die sentrale rol van die inheemse kulture te bevestig

Die noodsaak van 'n radikale benadering tot grondherverdeling is herbevestig tydens die ANC se beleidskonferensie in 2012 en is soos volg verwoord (ANC 2012a):

Land reform must represent a radical and rapid break from the past without significantly disrupting production and food security

In aansluiting hierby is Heydenrych (2012:492-493) van mening dat SA as 'n tipiese konstitusionele staat steeds binne Westerse waardes opereer wat inderwaarheid koloniale oorblyfsels is. Dit is dan juis die Westerse beginsels van byvoorbeeld gewillige-koper-verkoper, private eiendomsreg en die *rule of law* binne die Afrikakonteks en meer spesifiek SA wat ontwikkeling kompliseer en vertraag. Volgens Heydenrych moet daar wegbeweeg word van tradisionele Westerse beginsels (soos die gewillige-koper-verkoper-beginsel) aangesien dit nog deel is van die nalatenskap van kolonialisme. 'n Meer radikale benadering tot die problematiek van grondherverdeling, met 'n antikoloniale sentiment as onderbou, word derhalwe in die vooruitsig gestel ten einde 'n regverdigde bestel en versoening te bevorder.

Die invloed van ubuntu op grondherverdelingsoogmerke

Alles dui daarop dat die regering deur 'n gewysigde beleids- en implementeringsbenadering die proses van grondherverdeling gaan versnel. In aansluiting by die antikoloniale sentiment is dit duidelik dat die gedagtegang van ubuntu 'n wesentlike impak op hierdie beleidsformulering sal hê. Voorts vorm die oogmerke van ubuntu die fondasie van grondherverdelingsdoelstellings. Dit word soos volg in die Groenskrif vir Grondhervorming (Suid-Afrika 2011) verwoord:

Dit (ubuntu) is 'n oorkoepelende lewenswyse van die Afrikamense wat onafskeidbaar aan grond gekoppel is. Enige poging om ubuntu te herstel sonder om terselfdertyd grond terug te gee, sou nutteloos wees

Nussbaum (2003) beskou ubuntu as 'n kollektiewe lewenswyse en gedragskode wat geanker is in die Afrikakultuur. Dit gaan oor die respektering van die waardigheid van alle individue wat betrokke is by die ontwikkeling, handhawing en uitbouing van menslike interaksie en verhoudings. Volgens Dandala (*in Nussbaum 2003:2*) is die beginsel van ubuntu gebou op menslike interafhanklikheid. Daar bestaan egter nie 'n spesifieke metodologiese prosedure vir die implementering van ubuntu nie. Dit is eerder 'n spesifieke optimistiese denkwyse, lewenswyse of kultuur wat menslike interaksie en verhoudings binne sosiale, gemeenskaplike en korporatiewe omgewings moet rig en lei. Sindane en Liebenberg (2000:38) beskryf ubuntu weer as:

A humanistic experience of treating all people with respect, granting them their human dignity.

It is a way of life that sustains the wellbeing of a people/community/society.

'n Bekende voorbeeld van ubuntu ter bevordering van ontwikkeling was Nelson Mandela se besluit om een derde van sy salaris aan die Nelson Mandela-kinderfonds te skenk (Nussbaum 2003). Dit is dus 'n optimistiese denkwyse wat staatmaak op die goedheid van die mens. Dit is dan ook hierdie optimistiese denkwyse wat vanuit 'n beleidmatige hoek 'n invloed sal hê op die beantwoording van die volgende kritieke vrae (Cousins 2016):

- Hoe lank moet grondherverdeling nog voortduur?
- Hoeveel grond moet nog herverdeel word?
- Watter voorwaardes moet aan onteiening gekoppel word? en
- Hoe moet voedselsekerheid verseker word?

Teen bogenoemde beredeneringsagtergrond is dit duidelik dat die ondertoon van antikoloniale sentiment gepaard met die ideale van ubuntu 'n belangrike motiveringsfaktor in grondherverdeling sal bly.

Grondherverdeling as ruimte vir politieke wedywering

Binne enige demokratiese politieke bestel word regeerders deur geregistreerde kiesers verkies. Dit beteken dat regeerders verkies word op grond van gemeenskaplike doelwitte wat nagestreef word namens die kiesers. Regeerders word dan ook bemagtig om besluite te neem en op te tree ten einde hierdie gemeenskaplike doelwitte te bereik (Ranney 1987:23). Soos aangedui, blyk dit dat grondhervorming oneffektief is weens die traes pas van herverdeling. Dit beteken dat daar steeds meer druk is op die regering om die pas van grondherverdeling te versnel ten einde gestelde doelwitte te bereik. Heydenrych (2012:593-594) is van mening dat grond huis om hierdie rede 'n sogenaamde ruimte vir politieke wedywering en stryd in SA geword het. In aansluiting hierby bevestig Joubert (2012:593-594) dat die grondkwessie 'n emosionele kwessie is en tussen 2004 en 2011 na die middelpunt van die Suid-Afrikaanse politieke landskap beweeg het. Vanuit partypolitieke kringe word daar ook steeds meer druk op die regering geplaas om die pas van grondherverdeling te versnel. Tydens die bekendstelling van die Ekonomiese Vryheidsvegters (EFF) se verkiesingsmanifes op 30 April 2016 het die party byvoorbeeld geëis dat tagtig persent van alle grond, sonder vergoeding, aan voorheen benadeeldes oorgedra moet word (Eybers 2016:6). Die Demokratiese Alliansie (DA) fokus weer op voedselsekerheid en die opbou van effektiewe regeringstrukture. In terme van grondherverdeling is die party voorstanders van samewerking tussen die regering, landbousektor, privaat sektor en begunstigdes. Hierdie samewerking moet tot voordeel van

alle Suid-Afrikaners strek en moet plaasvind binne die raamwerk van liberale doelstellings (vryemarkbeginsels en demokratiese waardes) (DA 2013). In effek is politieke partye toenemend besig om die grondkwessie te gebruik ten einde hulle steun by die stembus te verhoog. Vanuit 'n regeringsperspektief speel grondherverdeling dus steeds 'n sleutelrol in die herraangskikking van die Suid-Afrikaanse politieke, ekonomiese en sosiale landskap.

Die afname in ANC kiesersteun as dryfveer agter algemene radikale sosio-ekonomiese transformasie

Binne die Suid-Afrikaanse konteks gaan transformasie spesifiek oor die weg beweeg van die apartheidbedeling (punt A) na 'n allesinsluitende sosio-ekonomiese demokratiese bestel (punt B). Gedurende die afgelope aantal jare is die transformerende Suid-Afrikaanse politieke landskap egter gekenmerk deur kritiek vanuit die samelewing teen die regerende party en politiek-ekonomiese onstabilitet (ISS 2016). Hierdie onstabilitet het gepaardgegaan met wydverspreide protesaksies saam met geweld en selfs lewensverlies. Baie protesaksies is aangevuur deur veronderstelde swak dienslewering, aantygings van korruksie en die algemene persepsie onder die Suid-Afrikaanse bevolking dat sosio-ekonomiese transformasie te traag is, en nie die gewenste resultate lewer nie (ISS 2016). Afgesien van protes teen trae grondherverdeling hou prominente brandpunte byvoorbeeld verband met aspekte soos onvoldoende swart ekonomiese bemagtiging, onrus op die myne, onderwys, taalregte, behuising, sport, water, sanitasie, kragvoorsiening, openbare vervoer ensovoorts.

Sedert 1999 het bogenoemde neigings terselfdertyd gepaardgegaan met 'n merkbare afname in kiesersondersteuning vir die regerende ANC. In hierdie verband is steun afgestaan aan beide die linker- en regterkant van die politieke spektrum. Op nasionalevlak staan die regerende party se steun tans op twee-en-sestig persent. Op plaaslikevlak het hierdie steun verder gedaal na afloop van die 2016 plaaslike verkiesing tot rondom vier-en-vyftig persent (Mahr & Pilling 2016). Teen hierdie agtergrond kan met reg gesê word dat die Suid-Afrikaanse regering onder toenemende politieke druk verkeer om sosio-ekonomiese transformasie te versnel en om dienslewering aan die bevolking binne alle sfere van die samelewing daadwerklik te verbeter. Dit is dan radikale sosio-ekonomiese transformasie op alle terreine met die klem op grondherverdeling. Laasgenoemde kan dan inderwaarheid aangewend word as 'n poging deur die ANC om die ooglopende daling in kiesersteun te stuit en terselfdertyd kiesersteun te verhoog met die oog op die 2019 algemene verkiesing.

Die ewolusionêre erosie van die vryemarkstelsel as onderbou tot grondherverdeling in SA

Die eerste stap in grondherverdeling was die onmiddellike afskaffing van die destydse diskriminerende wette wat bepaal het wie grond mag besit en hoe dit gebruik mag word. In effek het dit beteken dat voorheen benadeelde indiwidue en gemeenskappe in landelike gebiede, na 1994, nou ook toegang tot grond deur middel van vryemarkpraktyke verkry het. Met ander woorde indiwidue en gemeenskappe is sodanig bemagtig dat hulle nou na willekeur grond kon koop, verkoop en gebruik ingevolge liberale vryemarkbeginsels (De Villiers 2003:45). Tydens die apartheidjare is baie mense blootgestel aan byvoorbeeld gedwonge verskuiwings, swak dienslewering, algemene onderontwikkeling en armoede. Die realiteit was en is dat die meerderheid mense wat veral in landelike gebiede gewoon het, en nog steeds woon, nie oor die koopkrag beskik om grond ingevolge vryemarkbeginsels te bekom nie. Diegene wat wel

grond kon aankoop, het in vele gevalle nie oor die tegniese (landbou) kundigheid en geldelike vermoë beskik om grond op 'n volhoubare wyse te benut nie (Xulu & Maharaj 2004:48-57). Teen bogenoemde agtergrond stel May (2000:21-24) dit dat die blote skrapping van apartheidswetgewing in kombinasie met die vryemarkstelsel nie sou verseker dat voorheen benadeelde gemeenskappe en indiwidue toegang tot grond sou kry of bemagtig word nie. Hierdie gegewe word soos volg verder verwoord in die regering se 1994 Heropbou en Ontwikkelingsprogram (Suid-Afrika 1994:19-20).

The abolition of the Land Acts cannot redress inequities in land distribution. Only a tiny minority of black people can afford land on the free market.

Binne regeringskringe is dit derhalwe aanvaar dat die blote afskaffing van wette onvoldoende was en dat 'n meer pro-aktiewe grondherverdelingsbenadering gevolg moet word. Binne die transformerende Suid-Afrikaanse konteks veronderstel pro-aktief dat daar wegbeweeg word van minimale staatsbetrokkenheid soos voorgeskryf deur die Wêreldbank na staatsintervensie wat weer die erosie van die Washington-konsensus weerspieël (Meyer & Van der Elst 2014: 75-79). Met ander woorde, die staat is nie slegs meer 'n fasiliteerde van grondherverdeling nie maar is verantwoordelik vir beleidsformulering sowel as die implementering daarvan. Hierdie proses moet spesifiek gerig word op voorheen benadeelde indiwidue en gemeenskappe ten einde die nalatenskap van apartheid effektiel uit te wis. Hierdie pro-aktiewe benadering word dan ook soos volg verwoord in die regering se 1994 HOP (Suid-Afrika 1994:19-20):

The RDP must implement a fundamental land reform programme. This programme must be demand-driven and must aim to supply residential and productive land to the poorest section of the rural population and aspirant farmers.

Ter erkenning van die voorafgaande aannames gee artikel 25 (1-9) van die Suid-Afrikaanse Grondwet (Suid-Afrika 1996:13-14) 'n duidelike mandaat aan die post-apartheidsregering om 'n pro-aktiewe grondherverdelingsprogram, met spesifieke doelwitte te formuleer en te implementeer, ten einde die ongelykhede van die verlede reg te stel. Hierdie program moet gefokus word rondom die teruggee van grond aan voorheen benadeeldes asook die bemagtiging van diegene wat grond ontvang het. Grond moet dus nie net teruggegee of herverdeel word nie. Mense moet ook bemagtig word om grond te benut.

Die bekragtiging van die voorgestelde 2015 wetsontwerp op grondontteiening en die reg op privaat besit

Om eiendom te besit, is die hoeksteen van enige demokrasie en vryemarkekonomie. Binne demokratiese bedelings is dit egter internasionaal geregverdig om voorsiening te maak vir die onteiening van grond deur die regering onder sekere omstandighede. In terme van die beleidsriglyne van die artikel 25 van die SA Grondwet (Suid-Afrika 1996:13) kan onteiening plaasvind indien dit vir 'n openbare doel aangewend moet word, of in openbare belang is. Onteiening van grond in SA vind egter tans steeds plaas ingevolge die bepalings van die 1975-wet (Suid-Afrika 1975). Hierdie wetgewing bepaal dat eiendom slegs vir 'n openbare doel onteien mag word. Hier gaan dit spesifiek oor byvoorbeeld die bou van paaie, infrastrukturele ontwikkeling, kraglyne en ander vorme van ontwikkeling wat onder openbare doeleindes ressorteer. Inderwaarheid word die 1975-wet beskou as verouderd aangesien dit die regering se reg tot onteiening beperk en in effek openbare belang negeer. Die voorgestelde 2008-wysigingswetsontwerp vir onteiening soos geïnisieer deur pres. Thabo Mbeki was gerig

op die bevordering van openbare belang, en dus in effek 'n opgradering van die 1975-wet, asook 'n belyning met die grondwet (Jeffrey 2013). Die doel van die voorgestelde 2008-wetsontwerp was om die magte van die Howe te beperk tydens die onteienings- en vergoedingsproses. Dit het egter hewige kritiek ontlok vanuit opposisiekringe en investeerders en is derhalwe onttrek (Steward 2016).

Die 2015-konsepwetsontwerp word allerweeë beskou as 'n verbetering op die 2008-weergawe en is reeds goedgekeur deur die Nasionale Vergadering van die Parlement. Dit moet nog deur die Nasionale Raad van Provincies goedgekeur word alvorens dit deur die president bekragtig kan word (Jeffrey 2016). Samevattend word redes vir onteiening nou gekoppel aan die dringendheid van sosio-ekonomiese transformasie soos vervat in die HOP. Die konsepwet is dus in effek 'n reaksie op die traie pas van grondherverdeling. Ingevolge die nuwe voorstelle kan grond nou ook onteien word indien dit in openbare belang is. Dit strek dus verder as slegs openbare doeleinades (Steward 2016). Openbare belang sinspeel op aangeleenthede wat in die belang van die bevolking as geheel is. In hierdie geval gaan dit spesifiek oor grondherverdelingsoogmerke. 'n Sleutelaspek van die konsepwet is egter om alle landbougrond so gou moontlik onder voogdyskap van die staat te plaas (Genis 2015; en Steward 2016). In klousule 3.2 van die 2015-konsepwetsontwerp op die bewaring en ontwikkeling van landbougrond word voogdyskap soos volg gedefinieer (Suid-Afrika 2015):

As the Custodians of the nation's agricultural land, the Department, acting through the Minister, Intergovernmental Committee or MEC's, concerned or as the case may be, may approve, reject, control, administer and manage any rezoning or subdivision of agricultural land

Volgens Jeffrey (2015) bedreig die konsepwetgewing op onteiening om hierdie rede die reg op privaat besit soos vervat in artikel 25 van die Grondwet. Pogings om landbougrond onder voogdyskap van die staat te plaas, is soortgelyk aan die bepalings van die 2002 Petroleum Hulpbronne-ontwikkelingswet. Ingevolge hierdie wet behoort alle minerale in die land aan die bevolking. Hiervolgens word die staat aangestel as voog oor alle minerale hulpbronne in die land. Die staat het dus die reg om minerale te administreer, te beheer en te bestuur in nasionale belang (Van der Schyf 2005:131). Met verwysing na voogdyskap is dit dan ook die oogmerk met die toekomstige formaat van grondbesit indien die wysigingswetsontwerp finaal goedgekeur en aanvaar word.

SAMEVATTING

Teen die agtergrond van die kabinetkommelinge van Maart 2017 en hernieuide oproepe tot veral radikale sosio-ekonomiese transformasie is dit onseker wat die formaat, effek en uiteinde van grondherverdeling in SA sal wees. Na afloop van die plaaslike verkiesings van 2016 het dit egter duidelik geword dat daar 'n verskuiwing binne die politieke magsbalans in SA besig is om plaas te vind. Die afname in kiesersvertroue in die aanloop tot die nasionale verkiesing van 2019, en die formaat en omvang van bogenoemde magsverskuiwing sal uiteraard die beleids- en implementeringsriglyne van die regering beïnvloed. Enersyds is die radikalisering van grondherverdeling 'n poging om te voldoen aan die 1912-stigtingsbeloftes van die ANC maar andersyds is dit ook 'n poging om verlore kiesersteun te herwin en uit te bou.

Inderwaarheid kan met reg gesê word dat grondherverdeling in SA in snelrat geplaas is. Hier is dus sprake van 'n kwantumsprong wat daarop gerig is om die formaat van grondbesit en die gebruik daarvan drasties, op die kort termyn, te verander. Ondanks die veronderstelde

radikale regeringsdenkskuif tot grondherverdeling bly artikel 25 van die SA Grondwet egter steeds van krag. In effek beteken dit dat die reg tot die privaat besit van eiendom steeds beskerm word. Geen grond mag dus aangekoop of onteien word sonder deeglike konsultasie nie (Van Wyk 2015:2-3). Grondbesitters kan hulle nog steeds beroep op artikel 25 van die Grondwet indien daar sprake is van onreëlmatighede of onbillikheid. Vanuit 'n beleidmatige oogpunt sal die volgende elemente egter in die toekoms deurslaggewend wees vir die aard en formaat van grondherverdeling:

- a) Antikoloniale sentiment;
- b) Die gees van ubuntu;
- c) Politieke wedywering;
- d) Verskuiwing in kiesersteun;
- e) Wysiging van onteieningswette en privaat besit; asook
- f) Die erosie van die vryemarkstelsel as meganisme vir grondherverdeling.

Ten slotte kan die stelling met reg gemaak word dat daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat die voortgesette radikalisering van grondherverdeling uiteindelik gepaard kan gaan met die wysiging, aanpassing of selfs skrapping van spesifieke artikel 25 van die Grondwet.

BIBLIOGRAFIE

- ANC. 2012a. Recommendations from the 4th national policy conference, Junie. http://www.anc.org.za/docs/pol/2012/policy_conference.pdf [12 Mei 2016].
- ANC. 2012b. ANC conference resolution on economic transformation <http://www.politicsweb.co.za/party/anc-conference-resolution-on-economic-transformation> [13 Augustus 2016].
- Boyle, H. 2001. The land problem: What does the future hold for South Africa's land reform programme. *Indiana international & comparative law review*, 11.
- Brown, J. & Van Rensburg, D. 2017. <http://www.fin24.com/Economy/South-Africa/how-radical-will-zuma-really-be-20170210> [17 Feb 2017].
- Cambridge woordeboek. 2017. Radicalism. <http://dictionary.cambridge.org/dictionary/english/radical> [17 April 2017].
- Changuion, L. 2012. Die Suid-Afrikaanse grondvraagstuk – Is daar 'n oplossing? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 52(4):552-565. Desember.
- Cousins, B. 2016. Land reform in South Africa is sinking. Can it be saved? https://www.nelsonmandela.org/uploads/files/Land__law_and_leadership_-paper_2.pdf [25 April 2017].
- Cousins, B. & Aliber, M. 2013. Unworkable land reform project designs offer inappropriate farming models to rural dwellers. <http://www.plaas.org.za/blog/unworkable-land-reform-project-designs-offer-inappropriate-farming-models-rural-dwellers#sthash.BFaGLP5n.dpuf> [12 Mei 2016].
- DA. 2013. DA policy on land reform. <http://www.da.org.za/wp-content/uploads/2014/01/Land-Reform1.pdf> [10 Februarie 2017].
- Davies, R. 2014. What we mean by radical economic transformation. <http://www.politicsweb.co.za/documents/what-we-mean-by-radical-economic-transformation--r> [24 Maart 2016].
- Deininger, K. 1999. Making negotiated land reform work: Initial experience from Colombia, Brazil and South Africa. <http://web.worldbank.org/archive/website01066/WEB/IMAGES/11351332.PDF> [21 April 2016].
- De Villiers, B. 2003. *Land reform issues and challenges: A comparative overview of experiences in Zimbabwe, Namibia, South Africa and Australia*. Johannesburg: Konrad Adenauer stigting.
- Driver, T. 2007. South African land reform and the global development industry. *African studies quarterly*, 9(4):67, Herfs.
- Du Preez, M. 2017. Stop the alternative facts about land reform. <http://www.news24.com/Columnists/MaxduPreez/stop-the-alternative-facts-about-land-reform-20170221> [24 Februarie].
- Duvenhage, A. 2009. Die ANC en die nasionale demokratiese rewolusie: Politiese strategiese perspektiewe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(4) Desember.

- Eybers, J. 2016. Malema praat na sy kiesers se hart, *Rapport*: 6, 1 Mei.
- Genis, A. 2015. Nuus: Grondhervorming: Meer tyd vir kommentaar op voogdskap-wet. https://www.google.co.za/?gfe_rd=cr&ei=KZ81V9eZO4ap8weiwo3ADQ#q=konsep+bewaring+en+ontwikkeling+van+landbougrond+wet [17 Maart 2015].
- Gordan, P. 2017. Minister Pravin Gordhan: 2017 budget speech. <http://www.gov.za/SPEECHES/MINISTER-PRAVIN-GORDHAN-2017-BUDGET-SPEECH-22-FEB-2017-0000> [17 April 2017].
- Groenewald, Y. 2014. Who owns the land. <http://city-press.news24.com/News/Who-owns-the-land-Ownership-by-numbers-20150503> [17 Feb 2017].
- Heydenrych, P.W. 2012. Grond as ruimte van politieke stryd in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 52(4):492-493, Desember.
- ISS. 2016. ISS: Desperate and divided – South Africa has had enough. http://www.defenceweb.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=42281:iss-desperate-and-divided-south-africa-has-had-enough&catid=49:National%20Security&Itemid=115 [27 April 2017].
- Jeffery, A. Flaws in the current expropriation bill. <http://www.bdlive.co.za/national/law/2013/06/27/business-day-tv-flaws-in-the-current-expropriation-bill> [5 Mei 2016].
- Jeffrey, A. 2015. Encouraging expropriation. <https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2015-03-03-encouraging-expropriation/#.WQBRatyxWUk> [27 April 2017].
- Joubert, J.J. 2012. Die demokratiese puberteit, 2004–2011. (In Pretorius, F.J. ed. 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 593-594.
- Kostiv, P. 2008. The progress of land reform in South Africa: Two case studies for Kwazulu-Natal. UKZN (mimi verhandeling M.A.) 106.
- Lahiff, E. 2003. *Land reform and sustainable livelihoods in South Africa's Eastern Cape Province*. Brighten: Institute of development studies.
- Lahiff, E., Li, G. 2012. Land redistribution in South Africa: A critical review <http://documents.worldbank.org/curated/en/525981468302460916/pdf/808740WP0South0ox0379822B00PUBLIC0.pdf> [21 Julie 2016].
- Mahr, K. & Pilling, D. 2016. South Africa's ANC suffers worst election result since end of apartheid. <https://www.ft.com/content/a4d6f4c2-5a03-11e6-9f70-badea1b336d4> [13 Oktober 2016].
- Malan, T. & Hattingh, P.S. *Swart tuislande in Suid-Afrika*. Pretoria: Afrika instituut van Suid-Afrika.
- May, J. 2000. The structure and composition of rural poverty and livelihoods in South Africa (in Cousins, B. *At the crossroads: land and agrarian reform in South Africa into the 21st century*) Kaapstad: PLAAS.
- Manuel, T. 2003. Africa and the Washington consensus. *Finance and development*: 18, Sept.
- Marangos, J. 2009. What happened to the Washington consensus? The evolution of international development policy. *The journal of socio-economics*, 38:197. Julie.
- Mbeki, T. 2006. Staatsrede deur Thabo Mbeki, President van die Republiek van Suid-Afrika <http://www.dfa.gov.za/docs/speeches/2006/mbeki0203.htm> [17 April 2016].
- McClintock, L. 1999. 'n Eksplorerende ondersoek na die impak van die apartheidbedeling op die swart gesin. Johannesburg. RAU (Verhandeling M.A.) 213.
- Meyer, D.F. & Van der Elst, H.J. 2014. The interventionist role of the state in the socio-economic and political development in democratic South Africa (1994–2014), *Mediterranean journal of social sciences*. May.
- Nel, J. 2017. Ryk naweekboere kry plase verniet. *Rapport*: 4, Mrt.
- Nussbaum, B. 2003. African culture and ubuntu: Reflections of a South African in America. *World business academy*, 17 (1): 1-12. Februarie.
- (NDP) National development plan. 2011. Chapter 6: An integrated and inclusive rural economy. http://www.gov.za/sites/www.gov.za/files/devplan_ch6_0.pdf [14 Mei 2015].
- O'Brien, O. & O. Williams 2013. *Gobal political economy*. New York: Palgrave Macmillan.
- Oxford woordeboek. 2017. Moderate. <https://en.oxforddictionaries.com/definition/moderate> [21 Maart 2017].
- Pettinger, T. 2013. Washington consensus – definition and criticism. <http://www.economicshelp.org/blog/7387/economics/washington-consensus-definition-and-criticism/> [26 April 2017].
- Pilipinas, K.M. 2000. The World Bank's market-assisted land reform: Obstacle to Rural Justice. http://www.geocities.ws/kmp_ph/reso/wb/wbandar.pdf [14 Maart 2017].

- Ranney, A. 1987. *Governing: An introduction to political science*. New Jersey: Englewood Cliffs.
- Richter, D. 1975. *Swart ontwikkeling*. Pretoria: Benbo.
- Riggs, F.W. 1964. *Administration in developing countries*. Boston: Houghton Mifflin company.
- Sindane, J. & Liebenberg, J.C.R. 2000. Reconstruction and the reciprocal other: The philosophy and practice of ubuntu and democracy in African society. *Politeia*, 19 (3):38.
- Steward, D. 2016. <http://www.politicsweb.co.za/opinion/consequences-of-expropriation-bill-will-be-catastrophic> [25 Feb 2017].
- Suid-Afrika. 1975. Onteieningswet 63 van 1975 (afdeling 2). Pretoria: Regeringsdrukker.
- Suid-Afrika. 1994. The RDP: A policy framework. Johannesburg: Umanyano.
- Suid-Afrika. 1996, Grondwet van die Republiek van SA, no. 108 van 1996 soos aanvaar deur die Grondwetlike vergadering op 8 Mei 1996 en gewysig op 11 Oktober 1996.
- Suid-Afrika. 2002. Minerale en petroleum hulpbronne ontwikkelingswet 28 van 2002. Pretoria: Regeringsdrukker.
- Suid-Afrika. 2003. Wysiging 48 van 2003 wat die Restitusie van Grondregte wet van 1994. Pretoria: Regeringsdrukker.
- Suid-Afrika. 2007. Manual for the implementation of the proactive land acquisition strategy. http://www.ruraldevelopment.gov.za/phocadownload/Land_Acquisition_Warehouse/manual%20for%20the%20implementation%20of%20the%20proactive%20land%20acquisition%20strategy.pdf [17 April 2017].
- Suid-Afrika. 2009. The national development plan. Pretoria. Regeringsdrukker.
- Suid-Afrika. 2011. Departement van landelike ontwikkeling en grondhervorming, Groenskrif vir grondhervorming. http://www.ruraldevelopment.gov.za/phocadownload/Green-Papers/Languages/groenskrif_afrikaans.pdf [24 November 2015].
- Suid-Afrika. 2015. Konsepwetsontwerp op die bewaring en ontwikkeling van landbougrond. <http://www.nda.agric.za/docs/media/Draft%20Preservation%20and%20Development%20of%20%20Agricultural%20Land%20Framenwork%20Bill.pdf> [12 April 2016].
- Van der Schyf, E. 2005. South African mineral law: A historical overview of the state's regulatory power regarding the exploitation of minerals *New Contree*, 64, Julie.
- Van Staden, M. 2017. Government land is central to land reform. <http://www.freemarketfoundation.com/article-view/government-land-is-central-to-land-reform> [17 April 2017].
- Van wyk, J. 2015. Hou die drie elemente dop in die onteieningswet. <http://landbou.com/nuus/hou-drie-elemente-dop-in-onteieningswet/> [17 April 2016].
- Walshe, P. 1987. *The rise of African nationalism in South Africa*. London: Christopher Hurst & Co.
- Williams, G. 1994. *Land and freedom*. Durban: Centre for social and development studies.
- Qalam, I. & Lumet, J. 2012. The failure of land reform in South Africa. <http://www.wsfs.org/en/articles/2012/12/06/land-d06.html> [19 April 2016].
- Xulu, B. & Maharaj, B. 2004. Land restitution during apartheid's dying days. *Africa insight*, Junie-September.
- Zuma, J.G. 2016. Staatsrede deur Jacob G Zuma, President van die Republiek van SA, Februarie 2016. <http://www.gov.za/af/speeches/president-jacob-zuma-state-nation-address-2016-11-feb-2016-0000> [9 Mei 2016].
- Zuma, J.G. 2017. Staatsrede deur Jacob G Zuma, President van die Republiek van SA, Februarie 2016. <http://www.gov.za/speeches/president-jacob-zuma-2017-state-nation-address-9-feb-2017-0000> [21 April 2017].

Die rol van die Nasionale Studentefinansieringskema (NSFAS) in die fasilitering van toegang tot hoër onderwys vir studente uit armer gemeenskappe in Suid-Afrika

The role of NSFAS in facilitating access to higher education for students from poorer communities in South Africa

PIERRE DE VILLIERS

Departement Ekonomie
Universiteit Stellenbosch
E-pos: apdv@sun.ac.za



Pierre de Villiers

PIERRE DE VILLIERS is medeprofessor in die Departement Ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch. Hy het sy loopbaan as 'n hoëskoolonderwyser begin en daarna na die universiteitswese geskuif. Hy behaal sy PhD (Ekonomie) met 'n proefskerif oor die effektiwiteit van Suid-Afrika se onderwysstelsel. Sy belangstelling in die onderwys het daartoe geleid dat hy verskeie handboeke geskryf het wat op skool voorgeskryf is.

Aanvanklik het hy ekonomiese vir eerstejaarstudente doseer en was mede-auteur van 'n handboek wat spesifiek vir kursusse oor inleidende ekonomie opgestel is. Tans doseer hy mikro-ekonomie op voorgraadsevlak. Hy het ook 'n intermediêre handboek vir Suid-Afrikaanse studente geskryf wat deur 'n hele paar universiteite voorgeskryf word. Op nagraadsevlak doseer hy ekonomiese van onderwys.

Deur die jare het hy artikels gepubliseer wat oor die skoolstelsel handel. Sy fokus het daarna meer na hoër onderwys verskuif en op hierdie gebied publiseer hy heelwat navorsingsverslae en artikels. By meer as een geleentheid het hy ook die Rektor se Toekenning vir Uitnemendheid in Onderrig ontvang.

PIERRE DE VILLIERS is an assistant professor in the Department of Economics at the University of Stellenbosch. He started his career as a high school teacher before he moved to university. He received his PhD (Economics) with a dissertation regarding the efficiency of South Africa's education system. His interest in school education led to his being involved in the writing of several textbooks that were subsequently prescribed at school.

Initially he lectured economics for first year students and he was co-author of a textbook specifically aimed at introductory economics courses. Currently he lectures micro economics at undergraduate level. He has written an intermediate textbook for South African students prescribed by a number of universities. At post-graduate level he teaches economics of education.

Over the years he has published articles dealing with the school system. His focus then shifted to higher education and in this study field he published numerous research reports and articles. At more than one occasion he received the Rector's Award for Excellence in Teaching.

ABSTRACT

The role of NSFAS in facilitating access to higher education for students from poorer communities in South Africa

In the previous political dispensation, the student population at universities did not reflect the demographics of South Africa. In 1990, for example, only 37,7% of the students were black while no less than 50,3% were white. In the new democratic South Africa people were of the opinion that the injustices of the past would be rectified and that more people who had previously been prevented from entering the higher education system as a result of discriminatory racial laws would now be able to enter the system. However, financial constraints became an important factor prohibiting prospective students from poor communities to enter the system.

The expenditure of the state on higher education in real per capita terms decreased after 1990. The percentage of GDP devoted to higher education as well as the percentage of total state expenditure and the percentage of educational expenditure devoted to higher education continued to decrease over time. Universities have three income streams: subsidies from the state, tuition fees and the third income stream including items like donations, investment returns and contract research. The result being that universities were forced to increase tuition fees by more than the inflation rate to balance their books, because state subsidies had become a smaller percentage of their income. This made higher education even more unaffordable to the poor.

To rectify the situation, the National Student Financial Aid Scheme (NSFAS) was established in the middle 1990s. With NSFAS the student receives a 100% loan, but depending on the success rate a student's loan could proportionally be converted into a bursary. For example, for every 25% of courses passed, 10% of the loan is converted into a bursary. Thus, a maximum of 40% of the loan may eventually be converted into a bursary. If a student registers as a final year student and succeeds in completing his degree, that year's loan is also converted into a bursary. There is thus a built-in incentive in the scheme to be successful in order for students to be able to decrease the size of their loan.

NSFAS started on a small scale and 40 002 students received NSFAS awards in 1995 and R154 million was paid to students. The state then contributed R40 million towards NSFAS. Over time that changed quite substantially and in 2016 NSFAS helped 225 950 university students (as well as 225 557 students at TVET colleges) and paid out R10,3 billion to the students (with a further R2,11 billion paid to TVET students). In 2016 the state contributed R14,04 billion towards NSFAS. In total the state has contributed R56,8 billion to NSFAS while over time R72,3 billion was paid out to NSFAS students. On average 121 253 university students were helped annually for the period 1995–2016 and since 2007 on average 138 034 TVET students were supported.

According to NSFAS annual reports NSFAS students, pass more than 75% of the courses for which they enrol. When the progress of the cohorts of NSFAS and non-NSFAS students that entered universities for the first time in 2000 to 2004 are compared, the NSFAS students seem to be more successful. A higher percentage of the original group of NSFAS students obtained a qualification by 2009 and a smaller percentage dropped out relative to the non-NSFAS cohort.

It does seem as though NSFAS funds make it possible for students to stay in the higher education system even if they are not fully successful. The financial burden on non-NSFAS students is too high if they are not successful and they then tend to leave the system. Over time the demographics of university students changed dramatically and in 2014 71,1% of the students were black. Although it is by no means the only reason, NSFAS definitely had a positive influence on getting more students from previously disadvantaged backgrounds into the higher education system.

KEY WORDS: Higher education, state subsidies, tuition fees, third income stream, increasing costs, NSFAS awards, state expenditure, NSFAS, loan repayment, student profile, student performance

TREFWOORDE: Hoër onderwys, staatsubsidies, klasgelde, derde geldstroom, stygende koste, NSFAS-toekennings, staatsbesteding, NSFAS, leningterugbetaling, studenteprofiel, studenteprestasie

OPSOMMING

In die vorige politieke bestel was swart studente onderverteenvoerdig aan universiteite in Suid-Afrika. In 1990 was byvoorbeeld slegs 37,7% van studente swart. Met die oorgang na die nuwe politieke bestel is alle beperkings tot hoëronderwysinstellings wat op ras gebaseer was, verwyder. 'n Nuwe struikelblok vir toegang van voorheen uitgeslote groepe was die hoë koste van universiteitsopleiding. Finansiële realiteit het verhoed dat armer studente dit kon bekostig om verder by hoëronderwysinstellings te gaan studeer.

Die staat se subsidie aan universiteite het sedert 1990 toenemend in reële per capita-termē afgeneem. Gevolglik het universiteite hulle klasgelde verhoog om hul boeke te laat klop. NSFAS is gestig om hoër onderwys meer bekostigbaar vir armer studente te maak. Sedert 1995 is R60,6 miljard aan universiteitstudente en R12,1 miljard aan TVET-studente uitbetaal. NSFAS-studente vaar beter as nie-NSFAS-studente in die sin dat 'n groter persentasie van hulle kwalifikasies verwerf en 'n kleiner persentasie van hulle onsuksesvol uit die stelsel val, vergeleke met die nie-NSFAS-studente. In die proses het die demografie van universiteitstudente ook baie verander. Teen 2014 was 71,1% van universiteitstudente swart. NSFAS het beslis 'n positiewe bydrae daartoe gelewer.

INLEIDING

Die #FeesMustFall-studenteprotesbeweging op Suid-Afrikaanse kampusse aan die einde van 2015, en weer met hernude ywer en dringendheid in 2016, het opnuut die fokus gerig op die bekostigbaarheid – oftewel die onbekostigbaarheid – van hoër onderwys vir studente uit armer gemeenskappe in Suid-Afrika. Tot redelik onlangs is hoër onderwys wêreldwyd as die reg van 'n bevoorregte elite beskou, en die sogenaamde massifikasiësie van hoër onderwys¹ – wat toegang vir 'n groter deel van die samelewing as 'n realistiese en opeisbare reg daarstel – het eers gedurende die laaste dekade of twee wesenlike momentum gekry.

Een van die maniere waarop daar internasional teen armes gediskrimineer is, is die koste van hoër onderwys wat só hoog gestel is dat dit buite die finansiële vermoëns van potensiële studente uit armer gemeenskappe was.

In Suid-Afrika is hierdie situasie verder vererger deur die politieke stelsel van apartheid wat toegang tot hoëronderwysinstellings vir sogenaamde nieblanke studente bemoeilik het. In 1980 was byvoorbeeld 74,5% van universiteitstudente blank en slegs 12,5% swart. Alhoewel die sosiopolitiese landskap teen die laat tagtigerjare begin verander het, het swart studente in 1990 steeds slegs 37,7% van alle studente verteenwoordig (De Villiers 1996:359). Die feit dat

¹ Die massifikasiësie van hoër onderwys skep sy eie uitdagings soos groter klasse, fasilitate wat oorbenut word, meer studente wat nie gereed vir universiteit is nie, probleme wat met die volhoubaarheid van akademiese standarde ervaar word; en dit lei ook soms tot laer deurvloeikoerse (Girmaw 2016). Die vraag kan tereg gevra word of die Suid-Afrikaanse ekonomiese nie meer tegnies opgeleide werkers benodig nie, maar in hierdie artikel word nie daarop gefokus nie.

studente by universiteite glad nie die demografie van Suid-Afrika verteenwoordig het nie, weerspieël die groter onreg van die vorige politieke bestel.

Juis daarom het die politieke transformasie in die negentigerjare hoë verwagtinge geskep datveral groepe wat voorheen as gevolg van ras uitgesluit was, nou in 'n groter mate tot hoër onderwys sou toetree. Weens redes wat in hierdie artikel uitgelig word, het klasgelde by hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika ongelukkig so duur geword dat bekostigbaarheid die nuwe struikelblok vir die armer (meestal swart) potensiële studente geword het. Met rassegroepbeperkings wat verwyder is, het 'n finansiële realiteit die nuwe struikelblok geraak. Die totstandkoming van die Nasionale Studentefinansieringskema (National Student Financial Aid Scheme – NSFAS) in die middel negentigs was 'n poging om hierdie situasie aan te spreek deur hoër onderwys meer bekostigbaar vir 'n Suid-Afrikaanse laer- en middelklasgroep te maak, en verder te verseker dat studentegetalle in 'n groter mate die demografie van die land verteenwoordig.

Hierdie artikel ondersoek die openbare finansiering van hoër onderwys in Suid-Afrika gedurende die laaste nagenoeg twee en 'n half dekades en bespreek daarna die ontstaan en ontwikkeling van NSFAS. Die demografiese profiel van studente gedurende hierdie tydperk geniet ook aandag, waarna die akademiese prestasie van studente bespreek word. Gevolglik word die rol wat NSFAS gespeel het om die demografiese profiel van studente te verander, uitgelig. Sekere probleme wat met NSFAS ondervind is, sal ook aandag geniet.


OPENBARE FINANSIERING VAN DIE HOËRONDERWYSSTELSEL VAN SUID-AFRIKA

Tydens die afgelope 25 jaar het openbare finansiering in reële per capita-terme afgeneem. In 1989/90 het staatsubsidies vir hoëronderwysinstellings R2 042 miljoen beloop en in 1999/2000 het dit tot R6 977 miljoen toegeneem. In 2009/10 was dit R17 516 miljoen (met 'n addisionele R1 909 miljoen vir NSFAS) en in 2015/16 het dit tot R30 651 miljoen gestyg (met 'n addisionele R14 035 miljoen vir NSFAS). Dit het egter nie altyd met die toename in studentegetalle tred gehou nie en gevvolglik het die staatsubsidie per FTE-student² in reële terme gedurende die tydperk 1986/87–2004/05 met 36% by universiteite afgeneem en by die voormalige tegnikons met 43% (Steyn & De Villiers 2006). Hierdie tendens is gedurende die tydperk 1999/2000–2008/09 voortgesit en reële staatstoekennings per FTE-student het met 1,1% per jaar afgeneem (Bunting 2011:4). Sedertdien het die reële staatsubsidie per FTE-student aan universiteite (d.w.s. sonder die NSFAS-betaling) bykans konstant gebly: In 2008/09 was dit R31 063 en in 2013/14 was dit R32 307 in konstante 2012-pryse (Departement van Hoër Onderwys en Opleiding 2010b–2015).

Die staat se begroting vir NSFAS het met verloop van tyd relatief tot die subsidies wat direk aan universiteite betaal is toegeneem. Tussen 1995/96 en 2006/07 het die bedrag wat vir NSFAS begroot is tussen 4,5% en 6,0% van die totale staatstoekenning beloop (as aanvaar word dat NSFAS-toekennings deel van die staat se begroting vir hoër onderwys is). In 2009/10

² Die samevoeging van die gestandaardiseerde kredietwaardes van die modules waarvoor 'n student in 'n spesifieke jaar inskryf, staan as die 'voltydse ekwivalente waarde' (full-time equivalent value – FTE) bekend. 'n Voltydse student wat die volle komplement van modules neem wat vir 'n spesifieke program in 'n spesifieke jaar voorgeskryf word, sal normaalweg 'n FTE-waarde van 1.0 hê, maar dit kan effens verskil na gelang van die spesifieke keuse van modules. 'n Student wat net vir een of twee modules inskryf of 'n deeltydse student sal 'n FTE-waarde van kleiner as 1.0 hê.

het dit 10,9% van die staatsbegroting beloop; teen 2013/14 was dit 25,14% en daarna was die groei selfs vinniger. Vir die 2015/16-boekjaar was NSFAS 35,1% van die begroting vir universiteite, maar vir 2016/17 is meer as die helfte van die begroting (51,4%) in die vorm van NSFAS (Nasionale Tesourie 2016). 'n Gedeelte van NSFAS-toekennings kan op kos en klere spandeer word en word dus nie by universiteite inbetaal nie. Gevolglik word 'n kleiner deel van staatsbesteding op hoër onderwys direk aan universiteite betaal, wat dit meer problematies vir hierdie instellings maak om hulle boeke te laat klop.



Figuur 1: Openbare besteding op hoër onderwys in Suid-Afrika: 1987–2015

Die dalende tendens van staatsbesteding op hoër onderwys word in figuur 1 geïllustreer. Waar ongeveer 0,86% van die bruto binnelandse produk (BBP) in 1986/87 op hoër onderwys gespandeer is, het dit in die jare daarna effens verlaag, maar in 1995/96 was dit amper weer dieselfde op 0,84% van die BBP. (Hier moet in aanmerking geneem word dat NSFAS by die staatsbesteding ingesluit is – wat nie heeltemal korrek is nie. Slegs daardie bedrag van lenings wat in beurse omgesit word, behoort hier ingesluit te word omdat die lenings weer terugbetaal moet word. Internasionale vergelykings werk egter met die staatsubsidies aan universiteite plus NSFAS-betallings en daarom is daar met hierdie metode volstaan.) Ná 1996 het dit bykans elke jaar verminder om in 2008/09 'n minimumwaarde van 0,64% van die BBP te bereik. Daarna styg hierdie persentasie weer en tans het dit in die omgewing van 0,74% van die BBP gestabiliseer.

TABEL 1: Totale staatsbesteding op hoër onderwys as persentasie van totale staatsbesteding, as persentasie van staatsbesteding op onderwys en as persentasie van die BBP vir 2011–2013* volgens kontinent/streek

Kontinent/ streek	Aantal lande	Persentasie van totale staatsbesteding	Persentasie van staats- besteding op onderwys (gemiddeld)	Persentasie van BBP (gemiddeld)
Afrika suid van die Sahara	23	2,85	17,20	0,80
Suid- en Wes-Asië	7	2,91	21,79	0,73
Noord-Amerika en Wes-Europa	22	3,04	23,91	1,41
Latyns Amerika en Karibiese Eilande	18	2,85	17,20	0,90
Oos-Asië en die Pasifiese Streek	14	3,61	22,99	1,21
Sentraal en Oos-Europa	21	2,99	19,81	0,91
Arabiese State	6	2,51	21,33	0,83
Suid-Afrika (2015)		2,38	12,41	0,74
TOTAAL	111	3,01	20,53	1,01

* Die nuutste waardes wat beskikbaar is, is in hierdie berekeninge gebruik. Slegs lande met data vir al drie veranderlikes vir 2011 of later is gebruik. Van die 111 lande wat ingesluit is, het 36 data vir 2013 gehad, 39 tot 2012 en 36 tot 2011. Die data oor die drie jaar is geneem om die steekproef meer verteenwoordigend van alle lande te maak.

Bron: Unesco 2016: Datatabelle (outeur se eie berekening)

Daarteenoor was die internasjonale gemiddeld van 111 lande in 2011/2013 nagenoeg 1,01% van hulle BBP (sien tabel 1). Duidelik het Suid-Afrika agter geraak teenoor die internasjonale norm. Slegs die lande in Suid- en Wes-Asië het 'n laer persentasie van hulle BBP op hoër onderwys bestee. Vergeleke met ontwikkelde lande in Noord-Amerika en Wes-Europa, is Suid-Afrika selfs verder agter. 'n Onrusbarende tendens is dat selfs vergeleke met Afrika suid van die Sahara, Suid-Afrika 'n laer persentasie op hoër onderwys spandeer.

Die persentasie staatsbesteding wat aan hoër onderwys afgestaan word, volg bykans dieselfde tendens as bogenoemde veranderlike. In 1986/87 is 3,03% van staatsbesteding aan hoër onderwys afgestaan, maar in die negentigerjare het dit afgeneem. Teen die einde van daardie dekade het dit egter weer toegeneem en in 1998/99 is 3,05% van staatsuitgawes aan hoër onderwys afgestaan. Daarna het dit egter bykans elke jaar afgeneem en teen die einde van 2014/15 is slegs 2,36% van staatsuitgawes op hoër onderwys gespandeer. In ag genome die internasjonale gemiddeld van 3,01% is Suid-Afrika tans redelik ver agter.

Met verloop van tyd het die persentasie onderwysuitgawes wat spesifiek vir hoër onderwys in Suid-Afrika bestem is ook afgeneem. In 1986/87 is 15,43% van openbare onderwysuitgawes op hoër onderwys gespandeer en deur die jare het dit stelselmatig afgeneem. Soos met albei die ander twee indikatore het dit teen die laat negentigerjare weer effe toegeneem, waarna die

dalende tendens voortgesit is tot 2010/11, toe hierdie persentasie tot 11,71% gedaal het. Daarna het dit weer effe toegeneem tot 12,23% in 2014/15, maar as dit met ander wêreldstreke vergelyk word – waar meer as 20% van hulle onderwysbegroting aan hoër onderwys afgestaan word – is dit beduidend ver agter.

Hierdie tendense toon duidelik aan waarom hoëronderwysinstellings onder al hoe groter finansiële druk gekom het en gevolelik hulle klasgelde selfs in reële terme verhoog het om te kan oorleef. Ongelukkig het dit 'n baie negatiewe effek op voornemende studente uit arm gemeenskappe gehad en hoër onderwys het net nog meer onbekostigbaar vir hulle geraak.

Weens die afname in reële staatsubsidie per FTE-student het klasgelde tussen 1987 en 2003 by universiteite in reële terme met 49% gestyg en met 85% by tegnikons (Steyn & De Villiers 2006). In die dekade 2000–2010 het klasgelde per FTE-student verder in reële terme met 2,5% per jaar toegeneem (Bunting 2011:4). Calitz en Fourie (2016) toon ook aan dat klasgelde en koshuisgelde by universiteite vir die tydperk 2009–2015 jaarliks met heelwat meer as die inflasiekous toegeneem het. Terwyl daar verwag is dat universiteite meer inklusief sou word deur 'n meer diverse studenteprofiel te akkommodeer, het hierdie onvermydelike kosteverhogings die bekostigbaarheid van hoër onderwys net verder buite die bereik van arm studente geplaas. Die studente wat wel tot die stelsel toegetree het, is dikwels met 'n groot skuldlas opgesaal.

Alhoewel data oor uitstaande studenteskuld nie algemeen beskikbaar is nie, toon Steyn en De Villiers (2006) aan dat vir 26 van die 36 hoëronderwysinstellings waarvoor daar betroubare data beskikbaar is, studenteskuld in 2001 van R669 miljoen bykans verdubbel het tot R1 337,4 miljoen in 2003. Studenteskuld wat afgeskryf is, het van R94,2 miljoen in 2000 tot R190,2 miljoen in 2003 toegeneem. Einde 2015 is uitstaande studenteskuld by slegs die universiteite KwaZulu-Natal, Witwatersrand, Stellenbosch, Rhodes, Unisa, Kaapstad, Johannesburg en Noord-Wes op nie minder nie as R711,9 miljoen beraam (Business Tech 2015). Dit illustreer duidelik die dilemma waarmee studente sit om die koste van hoër onderwys te bekostig. Dit is dan ook die belangrikste rede waarom NSFAS ingestel is: om dit meer bekostigbaar vir armer studente te maak, sowel as om in die proses die demografiese profiel van studente by hoëronderwysinstellings te verander.

Die bron van inkomste van hoëronderwysinstellings kan verdeel word tussen subsidies wat hulle van die owerheid ontvang, klasfooie van studente verhaal en die sogenaamde derdegeldstroominkomste (wat items soos donasies, inkomste uit investering en kontraknavorsing insluit). In 1987 was 55,2% van hoëronderwysinstellings se inkomste subsidies wat hulle van die owerheid ontvang het, met klasgelde wat net 13,4% van hulle inkomste beloop het. Die restant van 31,4% was derdegeldstroominkomste. Teen 2003 was 43,1% van hoëronderwysinstellings se inkomste in die vorm van staatsubsidies, 26,6% was studenteklasgelde en 30,3% in die vorm van die derde geldstroom (Steyn & De Villiers 2006). Hierdie tendens is daarna voortgesit en in 2014 het staatsubsidies tot 38% van hierdie instellings se inkomste gedaal terwyl klasgelde tot 33% van hulle inkomste gestyg het. Die derde geldstroom het marginaal tot 28% van hulle inkomste afgeneem (Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasverhoudinge 2016:449). Hoëronderwysinstellings het dus mettertyd al hoe afhankliker van studentegelde geraak om hulle boeke te laat klop. Een van die redes vir hierdie toedrag van sake is die gebruik van die owerheid om meer fondse via NSFAS na hoër onderwys te kanaliseer, pleks van by wyse van subsidies wat direk aan universiteite betaal word. Daar kan inderdaad gevra word of dit die beste metode is om hoër onderwys in Suid-Afrika te befonds, maar hierdie spesifieke vraagstuk word nie in hierdie artikel bespreek nie.

DIE NASIONALE STUDENTEFINANSIERINGSKEMA (NSFAS)

Agtergrond

Sedert die vroeë negentigerjare, toe Suid-Afrika in die hervormingsproses op pad na 'n demokrasie was, het die probleem van uitstaande studenteskuld gedreig om 'n situasie te skep waarbinne sekere hoëronderwysinstellings nie in staat sou wees om met hulle bedrywigheede voort te gaan nie. Iets moes in plek gestel word om dit finansieel moontlik te maak vir studente uit voorheen benadeelde gemeenskappe om wel tot hoër onderwys toe te tree en hulle opleiding te voltooi. Die voorsiening van finansiële hulp aan arm studente was 'n poging om gelyke geleenthede en toegang tot hoëronderwysinstellings te skep en so die ekstreme raswanbalanse – wat so kenmerkend van hierdie instellings se studentegetalle in die verlede was – te verbeter.

Die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys (1996) het in hulle verslag aanbeveel dat 'n nasionale finansiële hulpskema ingestel moet word. Hierdie siening is ten volle ondersteun in die Witskrif op Onderwys 3 (Republiek van Suid-Afrika 1997). Die tersiëre onderrigfonds van Suid-Afrika (Tertiary Education Fund of South Africa – TEFSA) is in 1991 deur die Onafhanklike Ontwikkelingstrust as 'n niewinsgewende organisasie geskep om lenings aan studente by hoëronderwysinstellings te voorsien. Hulle het op daardie tydstip oor die nodige infrastruktuur beskik om die nuwe hulpskema, wat hoofsaaklik deur die staat gefinansier is, te administreer. TEFSA is gevvolglik deur die Minister van Onderwys gekontrakteer om NSFAS te administreer en die eerste toekennings van die staat vir NSFAS is in 1995 gedoen. Die vraag na fondse was egter so groot dat NSFAS nie naastenby daarin kon slaag om in die vraag te voorsien nie. In 1996 het 223 000 studente aansoek gedoen om finansiële hulp, terwyl slegs 70 000 gehelp kon word. NSFAS is in 1999 amptelik deur middel van wetgewing (Wet 56 van 1999) deur die Parlement geproklameer. In 2000 is TEFSA omgeskakel in NSFAS – 'n statutêre liggaam met 'n beheerraad – verteenwoordigend van al die belangegroepe in Suid-Afrika – wat deur die Minister van Onderwys aangestel word. NSFAS is toegelaat om self fondse te werf en ook om donateursontvangste as beurse en lenings aan behoeftige studente toe te ken.

In hoofsaak is die doel van NSFAS om te verseker dat die meeste Suid-Afrikaanse burgers toegang tot hoër onderwys het en nie uitgesluit word weens finansiële beperkings nie. NSFAS ontvang toekennings van die staat sowel as van nasionale en internasionale donateurs en hierdie fondse word dan gebruik om finansiële hulp aan finansieel behoeftige studente in die vorm van beurse en lenings te voorsien. Volgens die NSFAS-wet van 1999 mag enige student aansoek doen om finansiële bystand, maar om te kwalifiseer vir 'n NSFAS-lening moet die student:

- 'n Suid-Afrikaanse burger wees;
- as 'n geregistreerde student aanvaar wees by 'n tradisionele universiteit, 'n omvattende (*comprehensive*) universiteit, 'n universiteit vir tegnologie of 'n FET-kollege (FET = *further education and training*) in Suid-Afrika wanneer die toekenning gemaak word. (Laasgenoemde is nou in die sogenaamde TVET-kolleges (tegniese en beroepsderrig en opleiding [*technical and vocational education and training*] verander.);
- vir sy/haar eerste tersiëre kwalifikasie studeer;
- vir sy/haar tweede kwalifikasie studeer op voorwaarde dat hierdie tweede kwalifikasie die student in staat sal stel om 'n spesifieke beroep te bedryf;
- as iemand beskou word wat oor die potensiaal beskik om suksesvol te wees; en
- as finansieel behoeftig beskou word.

Om hierdie proses suksesvol te doen, moet 'n middeleetoets gedoen word. Die verskillende hoëronderwysinstellings pas hierdie middeleetoets by hulle spesifieke omstandighede aan, maar oor die algemeen kan dit saamgevat word in een of meer van die volgende vyf kategorieë:

- Bereken die bruto inkomste van die huishouding met die aansoeker wat kwalifiseer indien hierdie inkomste laer as 'n voorafbepaalde minimum is.
- Bereken die per capita-inkomste wat die bruto inkomste van die gesin, sowel as die aantal afhanklikes in die huishouding, in berekening bring.
- 'n Puntestelsel wat bostaande in berekening bring, maar ook in ag neem indien die ouers geskei is of ander afhanklikes in die huishouding ook by 'n hoëronderwysinstelling studeer.
- 'n Vraelys en onderhoud moet deur 'n opgeleide onderhoudvoerder gedoen word om die kompleksiteit van die student se agtergrond vas te stel.
- Bereken die besteebare inkomste, in ag genome die grootte van die huishouding, wat elke lid van die huishouding nodig het om te oorleef en die inkomste wat beskikbaar is om tot die aansoeker se studiekoste by te dra.

Hierdie kriteria vereis 'n hoë mate van administratiewe kapasiteit en omdat NSFAS nie al hierdie administrasie kan hanter nie, maak hulle staat op die finansiële hulppersonnel by die hoëronderwysinstellings om as plaaslike agente op te tree om die verdeling van die fondse te koördineer.³ Hierdie instellings is ook verantwoordelik vir die opstel van die geskrewe kontrakte met NSFAS, die toekenning van die lenings of beurse, die rapportering van die vordering van die studente en om die beheerraad van NSFAS in te lig indien van hierdie studente hulle studies staak.

Om te verseker dat fondse regverdig tussen die verskillende hoëronderwysinstellings verdeel word, word elke instansie se toekenning gebaseer op die aantal voorheen benadeelde studente by daardie spesifieke instelling, sowel as die koste van studie (ooreenkomsdig die studieprogram) by elke instelling. Die gemiddelde volle koste van studie (*full cost of study – FCS*) vir alle akademiese programme by onderwysinstellings sluit sowel die klasgelde as verblyfskoste in. Die geweegde gemiddelde van voorheen benadeelde studente (*weighted disadvantaged students – WDS*) by elke hoëronderwysinstelling word deur die volgende formule bereken:

$$\begin{aligned} \text{WDS} = & (\text{FTE-ingeskrewe swart studente} \times 3) \\ & + (\text{FTE-ingeskrewe bruin studente} \times 2) \\ & + (\text{FTE-ingeskrewe Indiërsstudente} \times 1) \end{aligned}$$

Ten laaste word die WDS- en FCS-waarde van elke instansie geneem om te bereken wat die totale NSFAS-toekenning vir 'n spesifieke finansiële boekjaar tussen al die hoëronderwysinstellings moet wees. Die bedrag wat 'n spesifieke instelling ontvang, word dus uitsluitlik bepaal deur die rassesamestelling van die studente by daardie instansie, veral die aantal swart studente. Wanneer elke instansie egter hulle toekenning vanaf NSFAS ontvang het, word die toedeling

³ Samesprekings word tans gevoer omdat NSFAS die hele skema sentraal wil beheer. Met ander woorde, studente sal sentraal aansoek doen en nadat toekenning geskei is, kan hulle gaan studeer by die instelling van hul keuse. Die administratiewe vermoë van NSFAS om dit sentraal te bestuur is opnuut in die spervuur geplaas deur die incident waar 'n student van Walter Sisulu Universiteit van Tegnologie in Junie 2017 R14 miljoen in plaas van R1 400 ontvang het (Bezuidenhout 2017). Binne drie maande het die student R818 000 op kos en klere spandeer sonder dat enige van die betrokke partye dit agtergekom het.

by elke instansie volgens meriete gedoen en sal die armste studente (daardie studente wat aan die kriteria van die middeletoets voldoen) die NSFAS-toekennings ontvang, ongeag hulle ras.

Met die vasstelling van die grootte van die toekenning is hoëronderwysinstellings veronderstel om die volgende formule te gebruik (alhoewel die meeste instansies ervaar dat die maksimum bedrag wat deur NSFAS beskikbaar gestel word nie genoeg is om al die koste van 'n student te dek nie):

$$\text{NSFAS-toekenning} = \text{koste} - \text{beurse} - \text{verwagte huishoudingbydrae}$$

In beginsel klink die funksionering van die stelsel redelik eenvoudig, maar dit beteken nie dat dit in die praktyk sonder probleme funksioneer nie. Gebrekkige inligting of kommunikasie word deur voornemende studente as 'n groot probleem uitgelyk. Veral in verafgeleë gebiede is daar dikwels nie genoeg inligting beskikbaar om in die besonder eerste-generasiestudente na universiteite te lok nie. Onderwysers is ook soms swak opgelei en beskik nie oor die inligting om leerders na behore hieroor in te lig nie. Potensiële studente is daarom nie altyd ingelig oor watter fondse beskikbaar is nie en ook nie watter prosedure gevvolg moet word om aansoek te doen nie. Dan is van hulle ook oningelig oor wat die verskil tussen beurse en lenings is (wat dalk 'n aanleidende oorsaak mag wees waarom die terugbetalingskoers van NSFAS-lenings so swak is).

'n Ander probleem wat nou hieraan verbind word, is die gebrekkige kommunikasie tussen NSFAS en voornemende studente nadat aansoeke ingedien is (Hornsby in Nicolson 2017). Reëlings om universiteit toe te gaan moet lank voor die tyd getref word en indien studente nie voortydig oor die sukses (al dan nie) van hulle NSFAS-aansoeke ingelig word nie, plaas dit studente in 'n baie onseker posisie. Die laat uitbetaling van NSFAS-toekennings het in die verlede al baie probleme veroorsaak omdat studente registrasiefooie aan die begin van die akademiese jaar moet betaal. Om hierdie probleem te probeer oplos, is byvoorbeeld in 2017 R1,3 miljard vooruit aan universiteite en TVET-kolleges betaal om studente te laat registreer sonder dat hulle registrasiefooie hoef te betaal (Nicolson 2017).

Aantal studente gehelp

Tabel 2 gee 'n aanduiding van hoeveel studente tussen 1995 en 2016 finansiële ondersteuning ontvang het, sowel as die bedrag wat deur NSFAS uitbetaal is. Dit dui op 'n aansienlike toename in die getal studente wat jaarliks finansiële hulp ontvang het: gedurende die hele tydperk is gemiddeld 121 253 universiteitstudente per jaar finansieel bygestaan. Aanvanklik is slegs studente by universiteite finansieel gehelp, maar hierdie hulp is later ook na FET- en landboukolleges uitgebrei. Tans word daar onderskeid getref tussen die universiteite en die sogenaamde TVET-kolleges.

Soos duidelik blyk uit tabel 2 is die koste om studente op TVET-kolleges te befonds veel laer as op universiteite. In 2016 is byvoorbeeld 225 557 studente aan TVET-kolleges gehelp met R2,1 miljard. Daarteenoor is R10,3 miljard op 225 950 universiteitstudente spandeer.

Die bedrag wat as NSFAS-toekennings uitbetaal is, het deur die jare baie toegeneem – van slegs R154 miljoen in 1995 tot R12,4 miljard in 2016. Sedert 1995 is in totaal R72,7 miljard via NSFAS-toekennings aan behoeftige studente uitbetaal. Hiervan is R60,6 miljard aan universiteitstudente betaal en R12,1 miljard aan studente by TVET-kolleges. In totaal is 1 083 210 universiteitstudente en 853 712 TVET-studente finansieel bygestaan (NSFAS 2017). Aangesien heelwat studente oor meer as een jaar finansiële hulp ontvang, moet in ag geneem word dat die aantal studente wat jaarliks toekennings ontvang (sien tabel 2) nie net gesommeer kan word om die aantal studente wat gehelp is, te bereken nie. Dit sou dubbeltelling impliseer.

TABEL 2: NSFAS-toekennings aan studente en staatsbegroting vir NSFAS 1995–2016

Jaar	Aantal studente	Bedrag uitbetaal	Bedrag uitbetaal in konstante 2012-pryse	Staatsbegroting	Staatsbegroting in konstante 2012-pryse
1995	40 002	154,0	420,2	40,0	109,1
1996	67 641	333,3	847,6	300,0	894,0
1997	63 272	350,9	821,6	200,0	548,7
1998	67 558	394,5	863,5	296,3	760,6
1999	68 363	441,1	918,0	384,8	938,9
2000	72 038	510,8	1 009,2	437,4	1 012,8
2001	80 513	635,1	1 187,3	440,0	963,9
2002	86 147	733,5	1 255,6	489,0	981,2
2003	96 552	893,7	1 446,0	533,0	1 010,8
2004	98 813	985,0	1 570,2	578,0	1 081,1
2005	106 852	1 217	1 872,6	864,0	1 563,0
2006	107 586	1 358	2 001,0	926,0	1 600,1
2007	113 519*	1 791	2 463,9	1 113,0	1 795,5
	12 283**	66,7	90,8		
2008	118 450*	2 375	2 931,9	1 502,0	2 205,4
	35 352**	220,7	273,6		
2009	135 208*	3 154	3 631,2	2 015,0	2 762,4
	55 838**	335,0	387,6		
2010	148 387*	3 344	3 692,8	2 373,0	3 118,4
	62 205**	336,4	373,1		
2011	216 874*	4 833	4 104,7	3 956,0	4070,6
	115 313**	1 131	1 194,6		
2012	194 504*	5 871	5 871,0	5 196,7	5 334,4
	188 182**	1 839	1 839,0		
2013	194 923*	6 729	6 366,1	5 769,4	6 261,0
	220 978**	1 953	1 847,7		
2014	186 150*	6 969	6 214,1	6 138,8	8 245,4
	228 642**	1 991	1 775,3		
2015	178 961*	7 194	8 753,2	9 247,0	12 060,8
	235 988**	2095	2 482,7		
2016	225 950*	10 304	9709,5	14 035,0	13 225,3
	225 557**	2 106	1984,5		

* Universiteitstudente gehelp. Tot 2007 is daar nie onderskeid tussen die ontvangers getref nie, maar dit was amper uitsluitlik universiteitstudente.

** Studente by FET- of landboukolleges gehelp. Word tans as TVET-betalings geklassifiseer.

Bron: NSFAS (2007), (2008), (2010), (2011), (2012), (2013), (2014), (2015), (2016), (2017); Steyn en De Villiers (2006); Nasionale Tesourie (2015), (2016).

TABEL 3: Maksimum waardes van NSFAS-toekennings: 1999–2015

Jaar	Maksimum	Maksimum in konstante 2012-pryse
1999	13 300	27 385
2000	14 600	28 529
2001	16 000	29 578
2002	17 600	29 801
2003	20 000	32 007
2004	25 000	39 459
2005	30 000	45 797
2006	32 500	47 392
2007	35 000	47 659
2008	38 000	47 084
2009	43 000	49 747
2010	47 000	52 121
2011	54 000	57 036
2012	56 400	56 400
2013	60 000	56 764
2014	64 000	57 068
2015	71 800	60 591

Bron: NSFAS-webwerf by <http://www.nsfas.org.za/profile-statistics.htm>

Tabel 3 toon die maksimum bedrag wat 'n student as 'n NSFAS-toekenning kon ontvang. Dit het van R13 300 in 1999 tot R47 000 in 2010 en verder tot R71 800 in 2015 gestyg. Alhoewel dit in reële terme meer as verdubbel het van R27 860 in 1999 tot R60 590 in 2015, het die groei geleidelik verlangsaam. Gedurende die tydperk 1999–2007 het die maksimum bedrag in reële terme met 7,2% per jaar toegeneem, maar van 2007–2015 was die toename heelwat laer op 3,0% per jaar.

Alhoewel die persentasie verdeling tussen rassegroepe en geslagte marginaal deur die jare verskil, word nagenoeg 57% van NSFAS-toekennings aan vrouestudente gedoen en 43% aan manstudente. Nagenoeg 91.1% van die ontvangers was swart, 3.9% bruin, 2.7% wit en ongeveer 1.5% was Indiërs-studente.

Die staat se bydrae tot NSFAS in 1994/95 was 'n skamele R40 miljoen. Tabel 2 duï ook die beduidende groei in die bedrag wat die staat jaarliks tot NSFAS bygedra het. In 2009/10 is R2,4 miljard aan NSFAS gespandeer en in 2015/16 was dit R14,0 miljard. In totaal was die staat se bydrae tot NSFAS van 1994/95 tot 2009/10 R12,5 miljard, maar daar was tydens die

afgelope ses jaar 'n klemverskuiwing, met die staat wat doelbewus meer vir NSFAS begroot het. Gedurende die volgende ses jaar (2010/11–2015/16) is R44,3 miljard vir NSFAS bewillig en het die staat in totaal oor die hele tydperk tot 2015/16 R56,8 miljard op NSFAS spandeer.

Dit is duidelik dat die staat daadwerklik probeer om hoër onderwys meer bekostigbaar vir armer studente te maak. Ook die feit dat die reële waarde van die maksimum wat studente kan ontvang toegeneem het, maak dit vir armer studente meer bekostigbaar om te studeer indien hulle hierdie maksimumwaarde ontvang. Dit is egter nie genoeg om 'n student se volle koste van studie te dek nie. Byvoorbeeld, in 2017 is die klasgelde vir 'n BA- graad by Rhodes Universiteit R40 176 en by die Universiteit van Kaapstad R49 440. Losiesgelde in 'n koshuis by Rhodes beloop tussen R51 900 en R54 500 en by Kaapstad is dit tussen R42 200 en R52 300 (Bussiness Tech 2017). Indien 'n student dus nie nog alternatiewe fondse kan bekom nie, is dit onmoontlik om die volle koste van studie uit NSFAS-toekennings te befonds.

'n Ander kommerwekkende tendens is dat minder universiteitstudente in 2015 NSFAS-toekennings ontvang het as wat in 2011 die geval was. Minder studente ontvang dus groter toekennings, maar dit kan wees dat daar tans meer studente is wat nie gehelp word nie. Dit kan gesien word as 'n beduidende oorsaak vir die studentebetogings oor studiegeld. Hierdie tendens is na die #FeesMustFall-betogings omgekeer en in 2016 het 225 988 studente (die meeste nog) NSFAS-toekennings ontvang. Vir 2017 is 161 938 nuwe aansoeke vir NSFAS-fondse ingedien en is steeds 53 043 aansoeke afgewys (Nicolson 2017). Hier moet onthou word dat R122 000 die boonste limiet was vir inkomste om vir NSFAS te kwalifiseer en dat baie studente met finansiële behoeftes weet dat dit 'n futiele oefening sal wees om aansoek te doen.

Die besef dat NSFAS nie voldoende is om in die finansiële nood van voornemende studente te voorsien nie, is die rede waarom die Ikusasa Student Financial Aid Programme (ISFAP) voorgestel word om langs NSFAS te opereer en om fondse beskikbaar te stel aan huishoudings wat meer as R122 000 per jaar verdien (Republiek van Suid-Afrika, 2016). Daar word 'n onderskeid gemaak tussen die baie arm, die arm en die sogenaamde "missing middle" studente. Laasgenoemde is studente wat uit huishoudings kom wat tot R600 000 per jaar verdien. Die gedagte is om slegs beurse aan die baie arm studente te verskaf en 'n kombinasie van beurse en lenings aan die ander studente. Indien hierdie voorstel aanvaar word, beteken dit dat 63% van die huidige studente finansieel gehelp sal moet word. Die onvermoë van NSFAS om die finansiële nood van studente na behore aan te spreek blyk duidelik hieruit.

Terugbetalings van lenings

Die NSFAS word bedryf as 'n inkomste-voorwaardelike lening ("income-contingent loan" – ICL) en beursskema. Dit beteken dat 'n student wat 'n lening ontvang het eers in diens gestel moet wees en 'n sekere minimum inkomste moet verdien alvorens met die terugbetaling van die lening begin hoof te word. Tans is die minimum inkomste wat verdien moet word R30 000 per jaar – dan moet 3% van sy/haar inkomste as 'n afbetaling op die lening betaal word ('n skamele R75 per maand). Hierdie persentasie verhoog op 'n gelyskaal en bereik 'n maksimum van 8% indien inkomste R59 300 per jaar beloop (wat op 'n maandelikse afbetaling van R395 neerkom). Die aanvanklike toekenning wat gedoen word is 'n 100%-lening. Tot 'n maksimum van 40% van die lening kan in 'n beurs omgesit word, wat dan nie terugbetaal hoof te word nie. Die omvang van hierdie omskakeling word deur die student se akademiese prestasie bepaal. Vir elke 25% van kursusse wat die student slaag, kan 10% van die lening in 'n beurs omgesit word. Indien 50% van kursusse geslaag word, word 20% van die lening in 'n beurs omgesit, ens. Die rentekoerse word sedert 1 April 2008 vasgepen op 80% van die repokoers

soos deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank vasgestel. Sedert 2013 geld 'n verdere aansporing dat indien 'n student as 'n finalejaarstudent registreer en al die modules in daardie jaar slaag, die laaste jaar se lening in 'n beurs omskep word (NSFAS 2016).

Terugbetaling van die lenings nadat studente hoëronderwysinstellings verlaat het, is die grootste struikelblok wat wêreldwyd met die ICL-stelsels ervaar word. NSFAS is dan ook geen uitsondering in hierdie verband nie. Die opsporing van debiteure nadat hulle die universiteit verlaat het en hulle eerste werk aanvaar het, blyk 'n komplekse en tydrowende saak te wees. Die situasie word vererger deur studente wat nie hulle studies voltooi nie en die onderwysstelsel verlaat. In baie gevalle verloor NSFAS kontak met die student, wat die verhaling van uitstaande skuld aansienlik bemoeilik. Hierdie probleem bestaan ten spyte van die feit dat werkgewers deur wetgewing verplig word om te rapporteer indien hulle NSFAS-studente in diens neem.

TABEL 4: Fondse ontvang van voormalige studente wat NSFAS-lenings ontvang het

Jaar	Bedrag (R miljoen)	Bedrag teruggeploeg uit rente leningafbetaalings (R miljoen)
1998	30,3	–
1999	67,7	13,7
2000	91,7	9,2
2001	112,4	149,3
2002	155,8	150,0
2003	208,5	168,8
2004	245,3	246,5
2005	329,0	261,3
2006	392,4	296,0
2007	479,2	294,8
2008	555,7	396,9
2009	636,3	580,1
2010	637,8	616,3
2011	719,4	704,0
2012	689,4	719,4
2013	712,8	296,4
2014	372,3	476,9
2015	261,2	445,6
2016	379,9	517,4

NSFAS (2007), (2008), (2009), (2010), (2011), (2012), (2013), (2014), (2015), (2016), (2017).

Ten spyte van al hierdie probleme toon tabel 4 dat die terugbetaalings wat van voormalige NSFAS-studente ontvang is, aansienlik toegeneem het – van R30,3 miljoen in 1998 tot R712,8 miljoen in 2013. ’n Persoonlike navraag aan die NSFAS-hoofkantoor het egter aan die lig gebring dat – weens onvoldoende inligting oor presies wat verskuldig is en wat ontvang word – daar nie sekerheid bestaan oor presies wat geskuld word nie. Dit is gevvolglik onduidelik of Suid-Afrika beter vaar as ander lande waar ’n soortgelyke stelsel in plek is. Die persentasie van die leningsinkomste wat in die fonds inbetaal is om as nuwe lenings uitbetaal te word, het redelik konstant op 29% van die bedrag gestabiliseer. Saam met die rente verdien, is in 2012 byvoorbeeld R719,4 miljoen van die leningsinkomste in die poel van fondse gestort waaruit nuwe lenings gefinansier is. Daarna is egter heelwat minder inbetalings ontvang.

Die voorsiening vir oninbare skuld het van 2004 tot 2009 van R1 239,9 miljoen tot R1 774,1 miljoen toegeneem. In 2010 is die leningsboek hersien deur wetgewing en ekonomiese faktore in ag te neem, en dit het uitstaande studentelenings met R2,6 miljard verlaag (NSFAS 2010). Daarna is heelwat kleiner bedrae as oninbaar afgeskryf en in 2014 is byvoorbeeld slegs R285,4 miljoen afgeskryf.

Sukses van studente wat NSFAS-toekennings ontvang het

Soos vroeër bespreek, is daar ’n aansporing vir suksesvolle studente in die stelsel ingebou om ’n gedeelte van hulle lening in ’n beurs te omskep. Tot 40% van die lening kan in ’n beurs omgesit word, sowel as die laaste studiejaar se toekenning. Uit tabel 5 blyk dit dat NSFAS-studente redelik suksesvol met hulle studies is. Gedurende die periode 1996–2016 het NSFAS-studente gemiddeld 75,9% van die kursusse geslaag waarvoor hulle ingeskryf het. (Namate meer TVET-studente toekennings ontvang het, kon hulle hierdie slaagsyfer moontlik opwaarts beïnvloed het omdat die slaagsyfers nie tussen hulle en universiteitstudente onderskeid maak nie.) Nagenoeg 28,5% van die lenings is ook omgesit in beurse – wat konsekwent is met ’n slaagsyfer van hoër as 70%.

Daarteenoor het die Ministeriële Komitee (Departement van Hoër Onderwys en Opleiding 2010a:69-70) in 2010 gerapporteer dat van al die universiteitstudente wat al deur NSFAS befonds is, 33% nog studeer, terwyl 67% die hoëronderwyssektor verlaat het. Van diegene wat reeds die stelsel verlaat het, het slegs 28% gegradeer, terwyl die oorblywende 72% onsuksesvol uitgeval het. Dit wil dus voorkom asof NSFAS en die Ministeriële Komitee se statistiek mekaar weerspreek. Hier moet egter in gedagte gehou word dat modules wat geslaag word nie ekwivalent is aan die verwerwing van ’n kwalifikasie nie. Dit kan hierdie weerspreekende statistiek moontlik gedeeltelik verklaar.

Sukses van kohort NSFAS-studente deur gebruik te maak van studente-eenheidsrekords

Hierdie gedeelte handel hoofsaaklik oor die resultate van ’n navorsingsverslag (De Villiers, Van Wyk & Van der Berg 2012) oor die vordering van kohorte van nuweling-eerstejaarstudente wat vir die tydperk 2000–2004 hulle studies begin het en NSFAS-toekennings ontvang het. Die verslag maak gebruik van HEMIS-data van 2000 tot 2009 om studente deur die hoëronderwysstelsel te volg deur gebruik te maak van studente-eenheidsrekords. Hulle kon dus vasstel of ’n student:

- van kursus of van onderwysinstansie verander het;
- die hoëronderwysstelsel sonder ’n kwalifikasie verlaat het;

TABEL 5: Persentasie kursusse geslaag deur ontvangers van NSFAS-toekennings en die persentasie toekennings omgesit in beurse: 1996–2015

Jaar	Persentasie	Persentasie lenings omgesit in beurse
1996	72,6	26,6
1997	75,3	28,9
1998	76,1	29,4
1999	73,8	28,8
2000	74,6	29,4
2001	73,1	28,9
2002	73,9	28,7
2003	72,3	28,2
2004	74,3	29,1
2005	73,9	28,6
2006	73,4	27,5
2007	74,7	27,9
2008	72,9	28,3
2009	73,9	28,0
2010	74,7	27,2
2011	75,7	28,4
2012	75,7	nie beskikbaar nie
2013	75,8	nie beskikbaar nie
2014	85,7	nie beskikbaar nie
2015	84,0	nie beskikbaar nie
2016	85,7	nie beskikbaar nie
Gemiddeld	75,9	28,5

NSFAS (2007), (2010), (2016), (2017) en NSFAS-webwerf <http://www.nsfas.org.za/profi-statistics.htm>

- weer tot die hoëronderwysstelsel toegetree het (nadat hulle vroeër die stelsel onsuksesvol verlaat het);
- in die stelsel bly sonder om 'n kwalifikasie te verwerf; of
- indien 'n kwalifikasie(s) verwerf is.

Hulle het ondersoek hoe 'n student wat in 2000 die eerste keer 'n NSFAS-toekenning ontvang het vir die tydperk 2000–2009 deur die stelsel beweeg het. Dieselfde prosedure is vir die kohortgroep gevolg wat hulle eerste toekennings in 2001 tot 2004 ontvang het. Om resultate vergelykbaar te maak, is resultate bereken vir daardie studente wat in daardie vyf jaar die eerste keer eerstejaarstudente was.

Van die studente wat in 2000 die eerste keer eerstejaarstudente was en 'n NSFAS-toekenning ontvang het, het 55% teen die einde van 2008 minstens een kwalifikasie (diploma, sertifikaat of graad) verwerf. Van hierdie kohort het 36% uit die stelsel geval sonder om 'n kwalifikasie te behaal terwyl 6% steeds in die stelsel was, maar nog nie 'n kwalifikasie behaal het nie. Insiggewend genoeg, was dit beter as die prestasie van studente wat nie NSFAS befondsing ontvang het nie. Teen 2008 het 48% van hierdie nie-NSFAS-studente 'n kwalifikasie behaal, 46% het sonder 'n kwalifikasie uit die stelsel geval en 6% was steeds in die stelsel, maar het nog nie 'n kwalifikasie behaal nie. Hierdie bevindings stem ooreen met dié van 'n meer uitgebreide studie van eerste keer eerstejaarkohortgroep wat vir die tydperk 2000–2014 gedoen is (Departement van Hoër Onderwys en Opleiding 2017: Hoofstuk 7). Die ander kohortgroep toon 'n merkwaardige ooreenstemming met hierdie sukses- en mislukkingskoers, maar slegs die 2004-kohortgroep word verder bespreek.

Die sukseskoers van die 2004-kohortgroep is effe laer as die 2000-kohortgroep omdat minder jare verloop het vandat hierdie kohortgroep met hulle hoër onderwys begin het. Teen einde 2008 het 44% van hierdie NSFAS-kohort 'n kwalifikasie behaal, 38% het onsuksesvol uit die stelsel geval en 18% was nog in die stelsel sonder om al 'n kwalifikasie te verwerf het. Van die studente wat nie NSFAS-toekennings ontvang het nie, het 42% teen 2008 'n kwalifikasie behaal, 43% het sonder 'n kwalifikasie uitgeval en 15% was nog in die stelsel sonder dat hulle reeds 'n kwalifikasie behaal het.

Volgens hierdie analise blyk dit dat die NSFAS-studente meer suksesvol was in die sin dat 'n groter persentasie van hulle kwalifikasies behaal het en dat 'n kleiner persentasie onsuksesvol uit die stelsel geval het. Dit wil voorkom asof die finansiële ondersteuning NSFAS-studente in staat gestel het om langer met hulle studies voort te gaan selfs al was hulle nie ten volle suksesvol nie. Daarteenoor was nie-NSFAS-studente meer geneig om die stelsel te verlaat indien hulle nie suksesvol was nie. Fondse is ook redelik suksesvol op die studente gespandeer. 71,2% van die fondse wat op die 2000-kohortgroep gespandeer is, is op suksesvolle studente bestee (m.a.w. wat 'n kwalifikasie behaal het); dit daal tot 64,2% van die geld wat op die 2004-kohortgroep gespandeer is (grotendeels weens die korter tydperk wat van 2004 tot 2009 verloop het). Alhoewel dit blyk dat die fondse relatief effektiel gespandeer is, het dit in sekere gevalle te lank geneem om onsuksesvolle studente te identifiseer wat steeds toekennings ontvang het. Sommige studente het 9 jaar toekennings ontvang sonder om 'n kwalifikasie te verwerf.

SLOTOPMERKINGS

Met verloop van tyd het die owerheid se besteding op hoër onderwys afgeneem – sowel in terme van die persentasie van die owerheid se besteding op onderwys as 'n persentasie van die BBP. Dit is uit pas met internasionale tendense. Omdat die owerheidstoekenning in reële

per capita-terme afgeneem het, het hoëronderwysinstellings klasgelde met meer as die inflasiekoers verhoog wat universiteitskoste vir armes meer onbekostigbaar gemaak het.

NSFAS is in 1995 ingestel om, onder meer, die skewe rasverdeling van universiteitstudente aan te spreek deur meer fondse beskikbaar te stel vir arm maar verdienstelike studente om sodoende hoër onderwys vir hulle meer bekostigbaar te maak. Van 1995–2016 is gemiddeld 121 253 universiteitstudente per jaar finansieel bygestaan en R60,6 miljard is aan hierdie ontvangers uitbetaal. Sedert 2007 is daar ook jaarliks gemiddeld 138 034 TVET-studente gehelp waarop R12,1 miljard uitbetaal is. Die staat se bydrae tot NSFAS het van R40 miljoen in 1995 tot 14,0 miljard in 2016 toegeneem, en in totaal het die staat R56,8 miljard aan NSFAS betaal.

Deur die jare is sekere informasie en administratiewe probleme ervaar met die aansoek en verwerking van NSFAS-aansoeke. Betalings is ook nie altyd betydsgemaak nie. Een groot verbetering in hierdie opsig is die voortydige betaling wat tans aan universiteite gemaak word sodat NSFAS-studente nie registrasiegelde hoef te betaal nie. Nie alle behoefte studente kan gehelp word nie. Veral die groep waar die huishouding meer as R120 000 per jaar verdien (die sogenaamde “missing middle”), en nie vir NSFAS toekennings kwalifiseer nie,ervaar groot finansiële nood (Republiek van Suid-Afrika 2016). Sedert 2011 word al hoe minder NSFAS-toekennings gemaak. Dit impliseer dat minder studente gehelp word, maar dat dié wat wel fondse ontvang, groter toekennings kry. Gegewe die inkomsteprofiel van Suid-Afrikaanse studente kan die wenslikheid van hierdie praktyk bevraagteken word.

NSFAS het dekades lank bygedra om hoër onderwys meer bekostigbaar vir potensiële studente uit arm gemeenskappe te maak en ook bygedra om die boeke van hoëronderwysinstellings, veral dié wat tradisioneel studente uit die armer gemeenskappe bedien, te laat klop. NSFAS-studente het verbasend goed presteer, relatief tot die prestasie van studente wat nie NSFAS-toekennings ontvang het nie. Tog is die prestasie van studente aan Suid-Afrikaanse universiteite steeds ontstellend swak en dui op 'n skoolstelsel wat hulle nie voldoende vir naskoolse opleiding voorberei nie.

Met verloop van tyd het die rassesamestelling van universiteitstudente heelwat verander. In 1990 was 37,7% van universiteitstudente swart en 50,3% blank. Teen 2014 was 71,1% van studente (koppeling) swart en het die aantal blanke studente tot 17,2% gedaal (Sentrum vir Hoëronderrigtransformasie 2016). Alhoewel NSFAS nie die enigste faktor was wat hiertoe aanleiding gegee het nie, het dit beslis 'n bydraende rol gespeel deur hoër onderwys meer bekostigbaar en toeganklik vir arm studente te maak.

BIBLIOGRAFIE

- Bezuidenhout, C. 2017. Student nou van diefstal aangekla. *Die Burger*, 5 September.
- Bunting, I. 2011. *Higher Education Funding in South Africa*. First report to the HESA funding strategy group.
- Calitz, E & Fourie, J. *The historically high cost of tertiary education in South Africa*. Stellenbosch Economic Working Papers: 02/16, Department of Economics and Bureau of Economic Research.
- Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. 2010a. *Report of the Ministerial Committee on the Review of the National Student Financial Aid Scheme*. Beskikbaar by <http://www.education.gov.za> [15 November 2010].
- Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. 2010b. *Annual Report 2009/10*.
- Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. 2011. *Annual Report 2010/11*.
- Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. 2012. *Annual Report 2011/12*.
- Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. 2013. *Annual Report 2012/13*.
- Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. 2014. *Annual Report 2013/14*.
- Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. 2015. *Annual Report 2014/15*.

- Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. 2017. *2000 to 2014 First Time Entering Undergraduate Cohort Studies for Public Higher Education Institutions*.
- De Villiers A. P. 1996. Effektiwiteit van Suid-Afrika se skoolstelsel – ’n Ekonomiese analise. Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.
- De Villiers, P., Van Wyk, C. & Van der Berg, S. 2012. *The first five year project – a cohort study of students awarded NSFAS loans in the first five years 2000–2004*, Research Report for NSFAS, May 2012.
- Girmaw, A. A. 2016. Higher education massification and challenges to the professoriate: do academics' conception of quality matter? *Quality in Higher Education*, 22(3): 260-276.
- How much money students owe South Africa's universities*. 2015. Business Tech publikasie. <http://businesstech.co.za/news/general/101826/how-much-money-students-owe-south-africa's-universities> [12 Junie 2016].
- Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys. 1996. *A Framework for Transformation*. Council on Higher Education Resource Centre.
- Nasionale Studentefinansieringskema. *Annual Report*. 2007. Donors. <http://www.nsfas.org.za> [6 Oktober 2009].
- Nasionale Studentefinansieringskema. *Annual Report*. 2008. http://www.nsfas.org.za/resources10/NSFAS_Annual_Report2008.pdf [16 Februarie 2011].
- Nasionale Studentefinansieringskema. *Annual Report*. 2010. <http://www.nsfas.org.za/docs/annual-reports/2010/AnnualReport2010.pdf> [16 Augustus 2011].
- Nasionale Studentefinansieringskema. *Annual Report*. 2011. <http://www.nsfas.org.za/docs/annual-reports/2011/AnnualReport2011.pdf> [16 September 2012].
- Nasionale Studentefinansieringskema. *Annual Report*. 2012. <http://www.nsfas.org.za/docs/annual-reports/2012/AnnualReport2012.pdf> [10 April 2013].
- Nasionale Studentefinansieringskema. *Annual Report*. 2013. <http://www.nsfas.org.za/docs/annual-reports/2013/AnnualReport2013.pdf> [10 April 2014].
- Nasionale Studentefinansieringskema. *Annual Report*. 2014. <http://www.nsfas.org.za/docs/annual-reports/2014/AnnualReport2014.pdf> [2 Oktober 2015].
- Nasionale Studentefinansieringskema. *Annual Report*. 2015. <http://www.nsfas.org.za/docs/annual-reports/2015/AnnualReport2015.pdf> [2 Oktober 2015].
- Nasionale Studentefinansieringskema. *Annual Report*. 2016. <http://www.nsfas.org.za/docs/annual-reports/2016/AnnualReport2016.pdf> [2 September 2016].
- Nasionale Studentefinansieringskema. *Annual Report*. 2017. <http://www.nsfas.org.za/docs/annual-reports/2017/AnnualReport2017.pdf> [5 Oktober 2017].
- Nasionale Tesourie. 2015. *Budget Review 2015*. Eie publikasie, Pretoria 25 Februarie 2015.
- Nasionale Tesourie. 2016. *Budget Review 2016*. Eie publikasie, Pretoria 24 Februarie 2016.
- Nicolson, G. 2017. NSFAS: Students claim their future is on hold after fund's continued failures. *Daily Maverick*. 18 August 2017. <https://www.dailymaverick.co.za/article/217-02-19-nsfas-Students-claim-their-future-is-on-hold-after-fund's-continued-failures> [27 August 2017]
- Republiek van Suid-Afrika. 1997. Witskrif op Onderwys 3– A Programme for Higher Education Transformation. *Government Gazette*, 18207: 15 Augustus 1997.
- Republiek van Suid-Afrika. 2016. Report of the Ministerial Task Team to develop a Support and Funding Model for Poor and “Missing Middle” students (Executive Summary). *Government Gazette*, 40504: 15 Desember 2016.
- Sentrum vir Hoëonderrigtransformasie. 2016. *South African Higher Education. Open Data*. Beskikbaar by <http://chet.org.za/data/sahe-open-data> [15 Oktober 2016].
- Steyn, G. & de Villiers, P. 2006. *The Impact of Changing Funding Sources on Higher Education Institutions in South Africa*. Research Report for the Council of Higher Education, Higher Education Monitor no 4.
- Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge. 2016. *2016 South Africa Survey*, Johannesburg.
- UNESCO. 2016. *Results of the 2016 UIS Education Survey now available*, <http://uis.unesco.org/en/news/results-2016-uis-education-survey-now-available> [12 September 2017]
- University fees in 2017: how much it costs to study in South Africa*. 2017. Business Tech publikasie. <https://businesstech.co.za/news/finance/ 184653/university-fees-in-2017-how-much-it-costs-to-study-in-south-africa/> [15 August 2017].

Familiemoord gepleeg deur kinders: 'n Gevallestudie

Family murder by children: A case study

MELANIE MOEN

Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit van Pretoria
E-pos: melanie.moen@up.ac.za



Melanie Moen Christiaan Bezuidenhout

CHRISTIAAN BEZUIDENHOUT

Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria
E-pos: christiaan.bezuidenhout@up.ac.za



MELANIE MOEN is 'n dosent in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria. Sy het haar PhD in 2017 voltooi en is 'n geregistreerde sielkundige. Haar PhD het gefokus op kinders wat familiemoord pleeg en haar meestersgraad het op die moeder-kind interaksiepatrone in die gevangenis gelet. Sy het ervaring as sielkundige in privaat praktyk. Sy het 19 gepubliseerde artikels in nasionale en internasionale joernale. Tans is haar fokusnavorsing op die gebied van jeugmisdadigheid.

MELANIE MOEN is a lecturer in the Faculty of Education at the University of Pretoria. She completed her PhD in 2017 and is a registered psychologist. Her PhD focussed on family murder committed by children and her master's degree dealt with mother-child interaction patterns in prison. She is an experienced psychologist in private practice. She has published 19 articles in national and international journals. Her current research focus area is within the field of youth violence.

CHRISTIAAN BEZUIDENHOUT verwerf die grade BA, BA Honeurs en MA in Kriminologie; asook 'n DPhil in Kriminologie. Hy verwerf ook 'n MSc-graad in Kriminologie en Kriminele Regspleging aan die Universiteit van Oxford. Tans is hy verbondé aan die Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie aan die Universiteit van Pretoria, waar hy op voor- en nagraadse vlakke psigokriminologie, kriminale regspleging en kontemporêre kriminologie doseer. Voorts is hy koördineerde van die Honneursprogram in Kriminologie en het hy ook as studieleier en promotor opgetree vir verskeie meesters- en doktorale studente. Psigokriminologie, polisiëring en jeugwangedrag tel onder sommige van sy navorsingsareas. Hy het 'n kruis-kulturele studie in samewerking met 'n Amerikaanse kollega voltooi, waarin veral gefokus word op die reg- en polisiëringsdilem-

CHRISTIAAN BEZUIDENHOUT holds the following degrees: BA (Criminology), BA Honours (Criminology), MA (Criminology), DPhil (Criminology), and an MSc in Criminology and Criminal Justice from the University of Oxford. He is currently attached to the Department of Social Work and Criminology, University of Pretoria, where he teaches psychocriminology, criminal justice and contemporary criminology at undergraduate and postgraduate levels. He is also the coordinator of the Criminology Honours degree programme at the University of Pretoria, besides having supervised several MA and DPhil students. Psychocriminology, policing and youth misbehaviour are some of his research foci. He has completed a cross-cultural study with an American colleague, focussing on the legal and policing dilemmas of trafficking in humans and he holds a research rating from the National

mas rondom mensehandel. Hy is 'n NNS-gegradeerde navorser van die Suid-Afrikaanse Nasionale Navorsingstigting. Hy het verskeie wetenskaplike artikels in eweknie-geëvalueerde joernale tot sy krediet en is die outeur van hoofstukke in 'n aantal boeke. Hy het ook opgetree as hoofredakteur vir verskeie wetenskaplike boeke. Voorts het hy deelgeneem aan nasionale en internasionale konferensies, was hy aktief betrokke by verskeie gemeenskapsprojekte wat fokus op misdaadvoorkoming, en het hy ook die Suid-Afrikaanse regering bygestaan in die vestiging van verskillende misdaadvor- komingsinisiatiewe. Christiaan tree op as spesialisgetui in hof sake. Tans is hy president van die Kriminologiese en Viktimologie Vereniging van Suid-Afrika (CRIMSA).

Research Foundation in South Africa. During his academic career, Christiaan has published numerous scientific articles in peer reviewed journals and has authored chapters in several books. He has also acted as editor-in-chief for various scholarly works. He has participated in national and international conferences, has been actively involved in various community projects focusing on crime prevention, and has assisted the South African government in the development of different crime prevention initiatives. Christiaan also does court work as an expert witness. He is currently the president of the Criminological and Victimological Society of South Africa (CRIMSA).

ABSTRACT

Family murder by children: A case study

South African society is perceived as violent, with an average murder rate significantly higher than in the rest of the world. The family is a core system within the broader community and is traditionally seen as a safe environment. The reality, however, is that a high percentage of all murders is committed by someone known to the family or a member of a family or household. The aim of the article is to understand the child who commits family murder by determining the contributing individual and systemic factors that lead to family murder. A qualitative research design was followed and qualitative content analysis was used to analyse the data.

The case presented in this article to illustrate the typical characteristics of children who committed family murder formed part of a PhD study in educational psychology. Although each case of family murder has unique features, similar characteristics are often present in all these cases, and it is hoped that this case study will increase insight into the general characteristics of this phenomenon.

Simone (pseudonym), whose case is described in this article, was subjected to severe family dysfunction and physical abuse by her father and grandmother. She had an ambivalent relationship with her grandmother, who was sometimes caring but sometimes abused her verbally. Simone also had to perform adult duties from an early age, having to collect money for her grandmother at nightclubs her grandmother owned. Her mother did not intervene when the grandmother took over the care of Simone. When Simone was 10 years old, her father committed suicide. Two days before the suicide the father discussed his feelings and suicide plans with Simone. Simone's grandmother blamed Simone for her father's suicide. At the age of twelve, Simone slipped sleeping tablets into her grandmother's tea. She approached two unknown men on the street and persuaded them to kill her grandmother, who, she told them, had murdered her parents. In return she promised the men household goods and sexual intercourse. The men agreed to commit the murder and followed Simone to the grandmother's home where she was asleep due to the medication she had been given. Simone was in the next room when the men strangled her grandmother. Not being convinced that her grandmother was dead, she gave the men a kitchen knife and insisted they slit her grandmother's throat as

well. The men subsequently each received 25-year prison sentences. For her role in the murder of her grandmother, Simone received 36 months' correctional supervision, suspended for 7 years. She became South Africa's youngest female murder accomplice.

The general characteristics of children who commit family murder (including this case study) relate to weak or no attachment to the primary caregiver. This, as well as the accumulated individual and environmental stressors, lead to feelings and perceptions of rejection. A safe and supportive family environment is often absent; the child's emotional needs are not acknowledged. These children are often not supported when they experience loss. Family dysfunction, which includes abuse and extreme parenting styles, is evident. The accumulated stressors often lead to feelings of anxiety and aggression. The individual and systemic stressors accumulate over several years and result in murder at a seemingly "unimportant" moment.

KEYWORDS: family murder, children, etiological factors, family dysfunction, attachment, rejection, anxiety, aggression

TREFWOORDE: familiemoord, kinders, etiologiese faktore, gesinswanfunksiionering, binding, verwerping, mishandeling, angs, aggressie

OPSOMMING

Die Suid-Afrikaanse samelewing word as gewelddadig beskou, met 'n gemiddelde nasionale moordsyfer wat beduidend hoër is as in die res van die wêreld. Die familie is 'n kernsisteem binne die breëre gemeenskap en word tradisioneel as 'n veilige sisteem beskou. Die realiteit is egter dat 'n groot persentasie moorde in Suid-Afrika deur 'n kennis, familielid of lid van 'n huishouding gepleeg word. Die doel van die artikel was om die kind as 'n persoon wat familiemoord pleeg, beter te verstaan. 'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is gevvolg en kwalitatiewe inhoudsonleding is vir data-analise gebruik. Die geval wat in hierdie artikel bespreek word om die tipiese kenmerke te illustreer van kinders wat familiemoord pleeg, het deel uitgemaak van 'n PhD-studie in opvoedkundige sielkunde. Alhoewel elke geval van familiemoord tot 'n mate uniek is, is daar wel kenmerke wat in die meerderheid gevalle voorkom en tot dieper insigte rakende die fenomeen kan bydra. Kenmerke wat dikwels voorkom, dui op 'n swak (of geen) band met die primêre sorggewer. Geborge huislike omstandighede ontbreek oorwegend en die kind se emosionele behoeftes word grotendeels misken. Die akkumulatiewe stressors lei dikwels tot gevoelens en persepsies van verwerping. Verlies word nie altyd toereikend hanteer nie. Gesinswanfunksiionering, wat mishandeling en ekstreme ouerskapstyle insluit, is opvallend. Akkumulatiewe stressors het dikwels gevoelens van angs en onderliggende agressie tot gevvolg. Die akkumulatiewe individuele en sistemiese gebeure vind oor jare plaas en lei daartoe dat die kind uiteindelik moord pleeg.

1. INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse samelewing word as gewelddadig beskou. Die nasionale moordsyfer is 5 maal hoër as die wêrelgemiddelde, met 33 moorde per 100 000 mense (Krieger & Shaw 2016). Die moordsyfer in Suid-Afrika het in die afgelope paar jaar met 4,9% toegeneem (Evans & Verster 2016), en vanaf April 2015 tot en met Maart 2016 is daar 51 mense per dag vermoor. Die Misdaadnavorsings- en Statistiekverslag van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) berig dat 70%–80% van die slagoffers en moordenaars/aanstigators gedurende die afgelope dekade mekaar geken het (Kearney & Erasmus 2013). Dit is verontrustend dat 24,9% van alle moorde deur 'n familielid of lid van 'n huishouding gepleeg word (Statistiek Suid-Afrika

2014). Daar is bevind dat aggressiewe en seksuele oortredings deur kinders in Suid-Afrika van 1995 tot 2011 met ongeveer 12% toegeneem het (Muntingh & Ballard 2012). Volgens statistiese inligting van die Departement van Korrektiewe Dienste is 234 kinders onder die ouderdom van 18 jaar gedurende 2011 en 2012 vir aggressiewe misdade gevonnis (www.dcs.gov.za). Alhoewel die bogenoemde syfers hoofsaaklik op algemene misdade van kinders in die gevangenis fokus, is dit belangrik om daarvan kennis te neem, aangesien dit 'n steeds toenemende spiraal van geweld in die Suid-Afrikaanse samelewing beklemtoon.

Soos reeds gemeld, word verskeie vorms van geweld, van roof tot moord, op alle vlakke van die samelewing aangetref en bly die voorkoms daarvan in Suid-Afrika uiters hoog. In 'n toenemend gewelddadige samelewing word dit noodsaaklik om die verskynsel van moord te verstaan en die oorsake in oënskou te neem. Alhoewel belangstelling in misdaad nog altyd hoog was, bly dit moeilik om te verstaan waarom dit plaasvind en wat daaromtrent gedoen kan word. Ons onvermoë om misdaad te voorkom, is deels te wyte aan ons onvermoë om die komplekse aard van kriminele gedrag te verstaan (Bartol & Bartol 2014:2). Lancaster (2013) is van mening dat moord as 'n maatskaplike probleem beskou moet word wat nie deur polisiëring alleen opgelos kan word nie. Weens ons gebrek aan kennis is ons dikwels onkundig oor die waarskuwingstekens in ons gesinne, skole en gemeenskappe. Daarom is dit noodsaaklik om 'n diep insig in sowel sistemiese as individuele faktore rondom hierdie verskynsel te verkry.

In hierdie artikel postuleer die navorser dat familiemoord deur kinders 'n samelewingsprobleem is wat te omvangryk is om slegs deur die kriminele regstelsel hanteer te word. Kennis wat die begrip, voorspelling en voorkoming van gewelddadige gedrag in kinders kan bevorder behoort dus aangemoedig te word. Sulke kennis kan ook gebruik word om ouer- en skoolprogramme as beskermende en voorkomende maatreëls te ontwikkel. Insig in die lewe en motivering van hierdie kinders is ook noodsaaklik om familielede teen die moontlike moorddadige optrede van 'n gevvaarlike kind in die familie te beskerm.

Die doel van die artikel is dus om die unieke leefwêreld van kinders wat familiemoord pleeg, te interpreteer en uit te lig. Binne die raamwerk van die artikel is 'n familiemoord die opsetlike veroorsaking van die dood van 'n familielid/-lede deur 'n kind. In hierdie navorsing verwys die term "familielid" na die hele verwantskapsnetwerk van minstens drie geslagte in 'n familie, in die huidige staat én namate dit met verloop van tyd ontwikkel het. Dit sluit biologiese en uitgebreide familie in, primêre versorgers en aangename of pleegfamilies (Pillay 2009). Familielede sluit dus biologiese moeders, vaders, broers, susters en aangename kinders en stiefouers, asook grootouers, niggies, nefies, ooms en tantes in. Medepligtigheid, aanmoediging of fasilitering van familiemoord/e word by die definisie van familiemoord ingesluit. In Tabel 1 word voorbeeld van Suid-Afrikaanse gevalle van familiemoord deur kinders opsommend uiteengesit.

Een geval (Simone), wat deel gevorm het van 'n PhD-studie aan die Universiteit van Pretoria, word in hierdie artikel onder die loep geneem. Die navorser wou sodoende die algemene omstandighede van kinders wat familiemoord pleeg, toelig en deur 'n grondige bespreking en analise van die geval insig in hierdie tipe moorde verhoog. Daar word gehoop dat beter begrip en insig daartoe sal bydra dat risikokenmerke by kinders vroegtydig geïdentifiseer word.

TABEL 1: Voorbeeld van familiemoord deur kinders

Geval *	Ras en geslag	Ouderdom ten tyde van oortreding	Misdryf
Selile	Swart / Manlik	14 jaar	Hy het sy ouma, ma, broer en suster vermoor.
Gideon	Blank / Manlik	15 jaar	Hy het sy ma, pa en suster vermoor.
Neels	Blank / Manlik	17 jaar	Hy het sy ma en pa vermoor.
Mandla	Swart / Manlik	17 jaar	Hy het sy stiepfa vermoor.

* Skuilname is gebruik om die identiteit van die persone te beskerm

2. METODOLOGIE

Die navorser het op 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering besluit om die faktore wat tot familiemoord deur kinders lei, te verken. Kwalitatiewe navorsing is dikwels gegrond op anekdotes wat mense oor 'n sekere aspek in die navorsing gesê en/of geskryf het. Kwalitatiewe navorsing beskryf ook gedrag soos dit gedokumenteer is en poog verder om die betekenis van die gedokumenteerde gedrag te verstaan (Joubert, Hartell & Lombard 2016). Dit is belangrik in kwalitatiewe navorsing om sin van die verskynsels soos wat dit in die werklike wêreld plaasvind, te maak (Rule & John 2011). In hierdie artikel was die fokus op hoe hierdie persepsies en betekenisne in die dokumente na vore kom.

Ten einde 'n diepgaande begrip te verkry van die onderliggende redes waarom kinders hierdie misdade pleeg, is 'n gevallestudie-ontwerp gebruik, waarin 'n probleem ondersoek word deur een of meer relevante gevalle binne 'n spesifieke konteks te verken (Creswell 2014). Gevallestudienavorsing is 'n kwalitatiewe benadering waarin die navorsing een of meer gevalle oor 'n tydperk ondersoek en kan gebruik word om ingewikkelde faktore binne 'n enkele geval te ontleed (McLeod 2011).

Die gekose gevallestudie in hierdie artikel moes aan die volgende kriteria voldoen:

- Die moord is deur 'n kind gepleeg, met of sonder medepligtige(s).
- Een of meer familielede is vermoor.
- Die kind is deur 'n hof skuldig bevind aan moord op ('n) familielid(ede).
- Dokumentasie oor die kind se agtergrond, beskrywing van die misdaad, sielkundige en/of psigososiale verslae was beskikbaar.
- 'n Vonnisopleggingsverslag was beskikbaar.

Diverse tipes dokumente is benut en het oor die algemeen hofverslae, sielkundige en maatskaplike verslae, koerantberigte en polisiedossiere ingesluit. Dokumentontleding word dikwels as 'n sistematiese prosedure gebruik om dokumente – gedruk sowel as elektronies – na te gaan en te evaluateer (Bowen aangehaal in Sallabas 2013:364). Die voordele van die gebruik van dokumentontleding as data-insamelingstrategie is dat die navorsing toegang tot 'n verskeidenheid tipes dokumente kan verkry en bree gedagtes kan nagaan. Dokumente bied ook die moontlikheid van 'n ryk beskrywing van inhoud en om temas met verskeie databronne te verifieer.

Kwalitatiewe inhoudsontleding is vir die data-ontledingsproses gebruik. Kwalitatiewe inhoudsontleding kan beskryf word as 'n analitiese benadering wat vir enige soort kommunikasieopname gebruik kan word deur die sistemiese inhoudsontledingsreëls te volg (Breakwell, Smith & Wright 2012). Deur kwalitatiewe inhoudsontleding as data-ontledingstegniek te gebruik, wou die navorsers die ingewikkeldheid van 'n omvangryke versameling tekste verminder (Bauer & Gaskell 2000). In hierdie artikel is skuilname gebruik om die identiteite van die kind en die betrokkenes te beskerm. Die navorsers het etiese goedkeuring gekry vir die studie van die Fakulteit Opvoedkunde by die Universiteit van Pretoria. In Tabel 2 word die persoonsbeeld van die kind wat familiemoord pleeg, weergegee. Die persoonsbeeld is saamgestel uit die data uit die breëre PhD-studie.

TABEL 2: Die persoonsbeeld van die kind wat familiemoord pleeg

Persoonsbeeld
Die kind wat familiemoord pleeg, kom dikwels uit 'n ouerhuis waar daar aanvanklik 'n swak of geen band met die primêre versorger bestaan. Warm en geborge huislike omstandighede ontbreek ook dikwels. Beperkte (of geen) emosionele ondersteuning en leiding word aan die kind gebied. Daar word van die kind verwag om self sin te maak van ingrypende gebeure soos die verlies van 'n nabye familielid. Die verhouding met die vaderfiguur is oorwegend ontoereikend of afwesig. Die voorafgaande minimale ondersteuning deur die opvoeders lei in die meerderheid van die gevalle tot gevoelens van verwerping, ongeborgenheid en angs.
Die kind wat familiemoord pleeg word oor die algemeen blootgestel aan gesinswanfunksionering, wat dikwels mishandeling insluit. Van die kind word daar dikwels vereis om aan te pas by die ouer se idee van 'n "ideale" kind. Die afwyking van hierdie "ideale" beeld word nie geduld nie en gaan dikwels met verwerping gepaard. Die kind wat familiemoord pleeg, word ook aan ekstreme ouerskapstyle blootgestel wat kan strek van 'n buitengewoon permissiewe ouerskapstyl tot en met streng, outhoritêre ouerskapstyle. Hierdie kinders fantaseer dikwels oor beter lewensomstandighede en probeer uit die omstandighede ontvlug.
Die kind wat familiemoord pleeg vind interpersoonlike verhoudinge met hulle portuurs dikwels uitdagend, en met tye is hulle sosiaal geïsoleer. Hierdie kinders toon oor die algemeen nie gedragsprobleme by die skool voor hulle die moord/e pleeg nie. Dieakkumulatiewe individuele en sistemiese gebeure vind oor jare plaas en veroorsaak dat die kind die onderliggende aggresie en angs in familiemoord tot uiting laat kom.
Enkele kenmerke van gedragsversteuring en/of antisosiale persoonlikheidsversteuring is slegs in twee gevalle ná die moorde opgemerk. Ten tyde van die moorde is die kind woonagtig by die familielid/lede wat hulle vermoor.

3. GEVALLESTUDIE

Alle bronne wat in die gevallestudie gebruik is, word as voetnotas aan die einde van die narratief gegee. Simone se ouers het mekaar ontmoet toe haar ma 19 en haar pa 23 jaar oud was. Hulle is kort na hulle ontmoeting getroud en Simone is 'n paar maande daarna gebore. Die ma het net na die geboorte 'n harttoestand en anemie ontwikkel. Sy kon Simone nie

borsvoed nie, en Simone se ouma aan moederskant het vir die fisiese versorging van die baba ingestaan. Simone het 'n broer wat 5 jaar jonger is as sy.

Die eerste jaar van die huwelik was gelukkig, waarna Simone se pa alkohol begin misbruik het. Hy het Simone begin verwaeloos en min respek vir haar ma getoon, wat hy emosioneel asook fisies begin mishandel het. Hy het ook aggressief opgetree en Simone fisies mishandel. In hierdie tydperk was hy gereeld werkloos. Die ouers het met tye uitmekaar gegaan en op verskillende plekke gewoon.

Die pa se verhouding met sy eie ma is as stormagtig beskryf. Hy was baie afhanklik van haar en het dit moeilik gevind om enige versoek van haar te weier. Wanneer hy dit wel gedoen het, het dit spanning en skeiding tussen hulle veroorsaak. Die pa se ma was die mees dominante persoon in sy lewe. Sy het werk aan hom verskaf en hom afhanklik van haar gehou deur hom slegs 'n klein salaris te betaal. Verder het sy hom van 'n huis voorsien, maar hom gereeld gedreig dat sy dit sou terugneem. Hy is selfs voorgesê hoe om aan te trek en sy kinders te behandel. Sy het ook bepaal na watter skool haar kleinkinders moes gaan. Sy het gereeld haar skoondogter verkleineer en afgekraak en daarop aangedring dat die kinders vir lang tydperke by haar moes oorbly.

Toe Simone 4 jaar oud was, het haar ouma haar pa na 'n argument ernstig fisies aangerand. Hy het snymerke, drie gebreekte ribbes en 'n gekraakte vinger gehad. Simone het die beserings gesien en was daarvan bewus dat haar ouma dit veroorsaak het. Toe Simone 10 jaar oud was, het haar pa agtergekom dat hy nie deur sy biologiese pa grootgemaak is nie. Dit was vir hom 'n groot skok en dit het in 'n intense argument tussen hom en sy ma ontaard. Hy het depressief geraak en sy gevoelens met Simone gedeel. Hy het vir haar gesê dat die lewe saam met sy ma onuithoudbaar was en dat hy selfmoordoorweeg. Twee dae later het hy homself geskiet. Haar pa se dood was 'n groot skok vir Simone, en na sy dood het sy gereeld van hom gedroom. Sy het na sy selfmoord 'n tyd lank sielkundige terapiessessies bygewoon, maar haar ouma aan vaderskant het die sessies beëindig toe sy van mening was dat Simone genoegsaam aangepas het. Hoewel Simone beweer dat sy nooit selfmoordgedagtes gehad het nie, is daar wel melding gemaak van 'n selfmoordpoging twee maande na haar pa se dood.

Na die pa se dood het sy ma die familie uit die huis wat sy aan hulle voorsien het, laat sit. Alhoewel Simone se ma 'n onderdanige rol binne die familieverband gespeel het, was sy die hoofbroodwinner. Sy is egter ook deur haar skoonma gedomineer. Belangrike besluite, soos waar Simone moes tuisgaan en na watter skool sy kon gaan, is deur die skoonma geneem, en Simone se ma se opinie is selde in ag geneem. Die skoonma en Simone se pa (toe hy nog geleef het) het saam besluit dat Simone vir lang tydperke by haar ouma (die skoonma) moes bly (Grade 1, 5 en 7).

Haar verhouding met haar ouma is gekenmerk deur dominansie en manipulasie, maar met tye ook toegeeflikheid. Die ouma het nagklubs besit, en Simone moes vanaf die ouderdom van 9 jaar namens haar ouma geld by die instellings gaan invorder. Hierdie take moes meestal in die aande uitgevoer word. Haar ouma het baie gekla oor Simone se telefoongebruik en die tyd wat sy op die telefoon gespandeer het. Hierdie gesprekke was meestal met 'n vriend wat 20 jaar oud was, heelwat ouer as sy. Die ouma het die verhouding met hierdie vriend beëindig. Die kere wat sy by haar ma wou gaan woon, het die ouma haar gemanipuleer deur vir haar te sê dat haar ma haar emosioneel skade kon aandoen. Die ouma se beledigings en afkrakery van Simone se ouers het haar gereeld laat huil. Haar ouma het Simone met haar eie dogter vergelyk en dan genoem dat sy nie so intelligent of mooi soos haar dogter is nie. Simone het haar ouma beskryf as iemand wat kil was, maklik rusie gemaak het, ongeskik was en nie ander se gevoelens in ag geneem het nie. Omdat sy so ambivalent was, was Simone onseker of haar

ouma vir haar omgee. Soms was sy toegeeflik en ander kere het sy wreed opgetree. Die wyse waarop haar ouma Simone se jonger boetie fisies gestraf het, het haar ook dikwels ontstel. Simone was van mening dat die ouma die oorsaak van haar pa se selfmoord was, maar die ouma het Simone die skuld daarvoor gegee.

Die skool en sielkundiges het Simone beskryf as 'n aangename jong meisie wat met selfvertroue opgetree het. Die skoolpersoneel, die gesinsadvokaat en die sielkundiges wat Simone in terapie gehad het, was van mening dat Simone op 'n hoër emosionele en sosiale vlak gefunksioneer het as haar kronologiese ouderdom en portuurgroep. In die verslae en onderhoude was daar geen vermelding van wangedrag nie. Inteendeel; sy het 'n goeie skoolbywoningverslag getoon, aan sport deelgeneem en was 'n prefek op skool. Haar verhoudinge met haar portuurgroep is ook as toereikend beskryf.

'n Paar weke voor die moorde het Simone gemeld dat 'n familievriend onverwags by die skool opgedaan het. Sy het die vriend met tye by haar ouma se klub gesien. Hy het Simone 'n bedrag geld gegee en gesê dat hy haar in die toekoms 'n guns sal vra. Sy het die versoek vreemd gevind, maar sy het op daardie stadium niks daarvan gedink nie. Simone was bewus daarvan dat hy soms aggressief opgetree het en na bewering iemand vermoor het. Sy was ook daarvan bewus dat die familievriend geld by haar ouma geleent en nie terugbetaal het nie. 'n Paar dae voor die moord het die man haar weer opgesoek en met haar gepraat oor die guns wat hy benodig. Hy het haar gevra om mense te kry om haar ouma te vermoor. Simone was baie ontsteld en het skynbaar hieroor gehuil. Die man het genoem dat haar ouma vir Simone, haar ma en jonger broer wou vermoor. Vir haar was dit geloofwaardig, want in haar opinie was die ouma tot moord in staat.

Volgens Simone het die familievriend voorgestel dat sy twee arm swart mans moet soek om haar ouma te vermoor. Hy het ook gesê sy moet hulle waardevolle items in die huis gee as betaling. Die familievriend het haar verseker dat dit in haar eie belang is en dat hy haar sou beskerm teen enige wetlike gevolge. Hy sou haar ook bystaan met 'n alibi. Simone het ook beweer dat die vriend vir haar een of ander teken sou gee wanneer die tyd reg is om haar ouma te vermoor. Hy het voorgestel dat sy slaaptablette in haar ouma se tee gooï op die dag wat hy sou aandui waarop die moord moes plaasvind.

Volgens Simone het die familievriend wat haar vroeër vir die guns genader het, die betrokke Saterdag by haar verby gery. Dit is onduidelik hoe sy geweet het sy moes uitgaan en of dit bloot toevallig was dat hulle mekaar gesien het. Volgens Simone het die vriend haar geroep en vir haar gewaai. Sy het dit as die teken beskou waarop hulle ooreengekom het om die moord te laat pleeg, teruggegaan na haar ouma se woning en haar ouma se slaaptablette in haar tee gegooi. Daarna het sy uitgegaan om die mans te soek wat haar ouma sou vermoor. Sy het twee mans op straat gesien wat by die beskrywing gepas het wat die familievriend vir haar gegee het en hulle genader. Sy was emosioneel en het gehuil. Die mans het later haar emosionele toestand bevestig. Sy het hulle gevra om haar ouma dood te maak omdat die ouma haar ouers vermoor het. In ruil vir hulle hulp kon hulle enige items uit die huis neem. Een van die mans het genoem dat hy ook seksuele omgang met haar as deel van die vergoeding vir die moord versoek. Simone het ingestem om na die moord aan sy versoek te voldoen. Die mans het saam met haar in die huis ingegaan. Sy het vir hulle kombuismesse gegee om haar ouma te vermoor. Die mans het na die kamer gegaan en een van hulle het haar slapende ouma verwurg. Hoewel die ouma reeds dood was, was Simone nie tevrede nie; sy het haar ouma ondersoek en daarop aangedring dat die mans haar ouma se keel afsny. Hulle het teruggegaan na die kamer en die ouma se keel afgesny met die messe wat aan hulle verskaf is. Simone het vir hulle juwele, 'n

videomasjien, dekodeerde en klere gegee. Die twee mans is later gearresteer en het elk 25 jaar tronkstraf vir hulle aandeel in die moord gekry.

Simone het genoem dat sy hierdie moord slegsoorweeg het na aanleiding van die versoek en inligting wat die familievriend vir haar gegee het. Sy het egter nooit weer die familievriend gesien nie, en sy het hierdie verklaring eers aan die polisie gegee nadat die twee mans gearresteer is en haar betrokkenheid by die moord verduidelik het. Ofskoon die hof nie haar verduideliking van die familievriend se betrokkenheid by die moord aanvaar het nie, het sy in die jare na die moord nooit haar weergawe hieroor verander nie. Haar motief vir die moord was nie baie duidelik nie. Een moontlike verduideliking is dat sy met haar ouma geargumenteer het oor haar verhouding met die 20-jarige man en die hoë telefoonkoste, maar die maatskaplike werker het beweer dat die dood van die ouma Simone verlos het van 'n ontoereikende verhouding met haar ouma.

Simone is skuldig bevind en het 'n vonnis van 36 maande korrektiewe toesig gekry, opgeskort vir 7 jaar, vir haar aandeel in die moord. Sy was 36 maande onder huisarres. 'n Deel van haar vonnis was gemeenskapsdiens. Op daardie stadium was Simone Suid-Afrika se jongste vroulike medepligtige moordenaar. In die jare na die moord het haar pa se familie kontak met haar verbreek.

Die laaste berigte oor haar het genoem dat haar verhouding met haar ma verbeter het en dat sy getroud is en self kinders het. Haar destydse advokaat asook haar maatskaplike werker het beide genoem dat sy goed aangepas het in die samelewning na die moord en haar straf.¹

4. BESPREKING

Soos vroeër genoem, is die bostaande geval een van dié wat in 'n PhD-studie ondersoek is. Oorsaaklike faktore behoort gesien te word as 'n sameloop van omstandighede wat tot die moord geleid het, en hierdie geval word gebruik ter illustrasie van die faktore wat dikwels met hierdie tipe moord gepaardgaan.

In hierdie geval was die binding tussen ma en dogter asook tussen pa en dogter problematies. Simone se verhouding met haar pa was ook gekompliseerd; hy het met sy eie siekundige probleme geworstel en het Simone fisiese mishandel. Na Simone se geboorte was haar ma sieklik en is Simone se fisiese versorging grotendeels deur haar ouma aan moederskant oorgeneem. Beide ouers het toegelaat dat die ouma grotendeels die kind se opvoeding oorneem. Navorsing toon dat alle normale babas binne die eerste agt maande van hulle lewe met hulle primêre versorger bind, maar in hierdie tydperk ook in staat is om met meer as een persoon te bind (Pearce 2009). Die bindingsproses ontwikkel stelselmatig oor die kind se eerste vier lewensjare (Pearce 2009:13). 'n Jong kind wat veilig voel, is gemaklik om sy leefwêreld te verken en kan sy/haar energie gebruik om sin te maak van nuwe ervaringe. Die kind wat angstige binding toon, voel egter onveilig en aggressief teenoor die versorger, aangesien daar nie 'n stabiele verhouding bestaan nie. Sulke kinders is bang om uiting te gee aan hulle gevoelens van angs en aggressie, aangesien dit dalk verdere verwering kan veroorsaak.

¹ CC 155/2003 Court document.

Pillay, A.L. *Psychological report*. Fort Napier hospital.

Singh, N. 2011. Baby for granny killer. *IOL*. <http://www.iol.co.za/news/south-africa/kwazulu-natal/baby-for-granny-killer-1021999> [6 February 2016].

Skelton, A. (2016, February 23). *Interview with advocate*.

Van Niekerk, J.M. (2005). *Report from social worker*. Pietermaritzburg.

Van Niekerk, J.M. (2016, February 2). *Telephonic interview with social worker*.

Willows, C. (2003). *Psychological report*. Pietermaritzburg.

Gevolgtrek word emosies onderdruk. In hierdie geval was daar ook sprake van angstige binding tussen Simone en haar ouers enersyds en haar ouma andersyds. Sy is van een ouerhuis na 'n ander gestuur en haar verhoudinge met nabye familielede is gekenmerk deur straf, wat moontlik gevoelens van onderdrukte agressie en angs tot gevolg gehad het.

Familieverhoudinge is uiters belangrik vir kinders om toereikend in die samelewing aan te pas. Die literatuur toon dat kinders wat familiemoord gepleeg het, op een of ander stadium in hulle lewens aan geweld en verwaellosing blootgestel is (Dantas, Santos, Dias, Dinis-Oliveira & Magalhães 2014). Roe-Sepowitz (2009) het gevind dat 96% van die kinders wat moord gepleeg, uit gebroke huise kom waar gesinswanfunkzionering voorkom. Gesinswanfunkzionering was opmerklik in Simone se geval. Die ouers het huweliksprobleme gehad en Simone se pa asook haar ouma het haar mishandel. Die ouers het toegelaat dat Simone se ouma haar opvoeding grotendeels oorneem. Simone het gesien hoe haar ouma haar pa fisies aanrand. Simone se pa het selfmoord gepleeg, en Simone se ouma het haar laat glo dat sy die oorsaak van die selfmoord was. Haar ouma het haar ouers gereeld afgekraak. Daarbenewens moes Simone vanaf die vroeë ouderdom van 9 jaar geld by nagklubs invorder.

Soos reeds genoem, is Simone blootgestel aan verskeie vorme van mishandeling deur haar pa en ouma. Haar pa het haar fisies mishandel en haar ouma sielkundig. Simone het gesien hoe haar ouma haar pa aanrand en haar broer fisies straf. Fisiese mishandeling het negatiewe fisiese asook sielkundige gevolge, wat met tye ook tot die dood kan lei. Kinders wat mishandel word, staan 'n groter kans om later in hulle lewens ook gewelddadig op te tree (Hollin 2013). Knight en Sims-Knight (2004) het bevind dat daar 'n korrelasie bestaan tussen mishandeling (verbaal en fisies) en persoonlikheidsafwykings in kinders. Angsversteurings, dwelmmisbruik en selfmoordpogings deur kinders word ook met fisiese mishandeling geassosieer (Norman, Byambaa, De, Butchart, Scott & Vos 2012). Volgens die dokumentasie het Simone selfmoord probeer pleeg.

Indien kinders liefde en aanvaarding van die primêre versorger ervaar, beleef hulle hulself as waardig en is hulle oop vir positiewe interaksie met ander persone. Hulle gedrag ontlok dan ook aanvaarding en versorging van die primêre versorger. Indien die teendeel waar is en die kind verwerping ervaar, is hulle geneig om hulself as onwaardig en ongeliefd te ervaar. Hulle verwag dan ook verwerping van ander en is ook vatbaar vir die latere ontwikkeling van depressie (Crockenberg & Lerkens 2003). 'n Verband bestaan tussen sensitiwiteit vir verwerping en agressie (Bondü & Richter 2016). Downey en Feldman (1996) noem dat gevoelens van verwerping gepaardgaan met vyandigheid, jaloesie en neerslagtigheid. Simone se ouers het toegelaat dat haar ouma die opvoeding oorneem, en haar ma het nie vir haar ingetree toe die mishandeling en die herhaalde verskuiwing van een huis na 'n ander plaasgevind het nie. Mishandeling, verbale kritiek en die rondskuif van een ouerhuis na 'n ander het aanleiding gegee tot gevoelens van ongeliefdheid en verwerping.

Die invloed wat ouerskapstyle op kinders het, word reeds dekades lank bestudeer. Die outhouerlike ouerskapstyl word gekenmerk deur rigiede strengheid, straf en min ondersteuning. Waar jeugdiges familiemoord gepleeg het, was 'n outhouerlike ouerskapstyl van beide ouers redelik algemeen (Hill-Smith, Hugo, Hughes, Fonagy & Hartman 2002). Soos reeds genoem, is Simone blootgestel aan verskeie vorme van mishandeling. Die ouma was uitermate streng en het min warmte teenoor Simone getoon, wat tipies is van die outhouerlike ouerskapstyl (Ihabe & Bentler 2016). Aan die ander kant het Simone se ouers 'n onbetrokke ouerskapstyl gehandhaaf, wat gepaardgaan met beperkte beheer en minimale warmte teenoor die kind (Ihabe & Bentler 2016): beide ouers, maar veral die ma, het toegelaat dat die ouma grotendeels Simone se opvoeding oorneem en haar tussen huise rondskuif. Die onbetrokke ouerskapstyl

lei tot die meeste negatiewe aanpassingsprobleme vir die kind, soos wangedrag, dwelm-misbruik, sielkundige probleme en 'n swak selfbeeld (Boshier 2011). Dit word ook geassosieer met hoë vlakke van aggressie en antisosiale gedrag (Ihabe & Bentler 2016). Spraitz (2011) het in sy studie oor ouerskapstyle bevind dat kinders wat in ouerhuise grootword waar verwerping en verwaarlozing aanwesig is, meer geneig is tot kriminele optrede. Simone is dus aan twee ontoereikende ouerskapstyle blootgestel.

Die selfmoord van Simone se pa was vir haar 'n groot skok. Sy het dikwels na die selfmoord oor hom gedroom. Daar word beweer dat 'n permanente verandering van die identiteit plaasvind wanneer verlies ervaar word. Verlies en rou is oor die algemeen stresvol, en indien 'n persoon nie verlies toereikend hanteer nie, kan angs, depressie en selfs antisosiale gedrag ontwikkel (Sacks 1998). Persone wat veilige binding toon, vind dit makliker om verlies te verwerk as persone wat angstige, vermydende of ongeorganiseerde binding toon (Stroebe & Archer 2013). 'n Veilige en nabye band met haar ma was egter afwesig ten tyde van die pa se selfmoord; Simone se ouma het haar vir terapie geneem, maar dit gestaak toe dit na haar mening genoeg was. Sy het selfs Simone as die oorsaak van die selfmoord gesien.

'n Verskeidenheid faktore moet in ag geneem word wanneer daar na familiemoord wat deur kinders gepleeg is, gekyk word. Faktore soos hiperaktiwiteit, sosiale isolasie, ekstreme ouerskapstyle, swak binding met die ouer, bepaalde persoonlikheidstipes, mishandeling en antisosiale portuurverhoudinge word dikwels met aggressiewe gedragshandelinge geassosieer (Hill-Smith et al. 2002). 'n Kind wat vanaf 'n vroeë ouderdom aan geweld in die ouerhuis blootgestel word, het in adolesensie 'n verhoogde geneigdheid tot aggressie, antisosiale gedrag en geweld. Ander negatiewe langtermyngevolge kan ook depressie en 'n swak selfbeeld wees (Kemme, Hanslmaier & Pfeiffer 2014:129). Heide en McCurdy (2010) beweer dat kinders wat mishandel word en dan later familiemoord pleeg, dit moeilik vind om 'n emosionele band met ander persone te ontwikkel. Hierdie kinders ervaar ekstreme gevoelens van aggressie en haat. Hulle het dikwels nie empatie met ander persone nie en vind dit moeilik om deurdagte besluite te neem. In verskeie gevalle van familiemoord wat deur Mones (1991) en Heide (2013) ondersoek is, was daar sprake van mishandeling wat tot uitermatige stres en angs by die kinders aanleiding gegee het. Onsekere binding met die primêre versorger word dikwels verbind met angs (Bögels & Brechman-Toussaint 2006). Aangesien daar in die gevallestudie sprake was van problematiese binding, kan die afleiding gemaak word dat 'n verband tussen angs en bindingsprobleme bestaan. Dit skyn dus dat bindingsprobleme aanleiding tot angs kan gee by kinders wat uiteindelik familiemoord pleeg. In Simone se geval het haar onveilige en ongeborgte huislike omstandighede aanleiding gegee tot angs. Die feit dat niemand vir haar ingetree of haar beskerm het nie, het haar aan die een kant onveilig laat voel, maar aan die ander kant het dit waarskynlik aanleiding gegee tot onderdrukte aggressie. Persone wat voel dat hulle deur hulle ouers verwerp word, ontwikkel dikwels gevoelens van aggressie om die stres van die verwerping te hanteer (Rohner 2004). Heide (2013) en Mones (1991) het 'n verband aangedui tussen mishandeling en uitermatige stres by kinders wat familiemoord pleeg. Soos reeds genoem, is Simone blootgestel aan mishandeling en uitermatige straf, wat gevoelens van angs en aggressie kon vererger.

Opsommend kan aangevoer word dat Simone 'n swak band met haar primêre sorggewers gehad het. Haar emosionele behoeftes is oorwegend misken of nie toepaslik deur haar familie hanteer nie. Dit het haar onseker en verwerp laat voel. Geborge huislike omstandighede het ontbreek. Verlies is nie toereikend hanteer nie. Gesinswanfunksiionering was opmerklik in die gevallestudie. Dieakkumulatiwe stressors het gevoelens van angs en onderliggende aggressie tot gevolg gehad, en dieakkumulatiwe individuele en sistemiese gebeure wat oor jare plaasgevind het, het daartoe geleid dat Simone haar ouma laat vermoor het.

5. SLOTOPMERKINGS EN AANBEVELINGS

Die aantal geweldsmisdade in Suid-Afrika is kommerwekkend. Die gesin word beskou as die kernsisteem in die gemeenskap, en navorsing rakende geweld behoort geprioriteer te word. Gesinswanfunkzionering, verwerping en problematiese binding was opmerklik in die bogenoemde geval asook in die groter navorsingsprojek.

Die navorser kon geen ander opvoedkundige-sielkundige studies oor kinders wat familiemoord pleeg in Suid-Afrika onspoor nie, dus sal toekomstige studies wat spesifiek op hierdie fenomeen fokus, belangrik wees. Die akademiese kennis in Suid-Afrika behoort dus uitgebrei te word. Studies wat fokus op gesinswanfunkzionering en die effek daarvan op die kind se ontwikkeling en gewelddadige gedrag word aanbeveel. Sielkundiges behoort opleiding te kry in die vroeë identifikasie van risikofaktore wat tot familiemoord deur kinders aanleiding kan gee.

Aangesien hierdie tipe moorde ook uitkring na die breëre gemeenskap word skolastiese programme wat fokus op veerkragtigheid en die vroeë identifikasie van huislike probleme aanbeveel. Gemeenskapsentrum wat hulp en ondersteuning bied aan families wat gesinsgeweld en gesinswanfunkzionering beleef, behoort aandag te geniet ten einde gevalle soos dié van Simone te vermy.

BEDANKING

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Nasionale Navorsingstigting (NNS) word bedank vir ondersteuning van die navorsingsprojek wat kon uitmond in die PhD-studie, waarvan hierdie artikel 'n verwerkte uittreksel verteenwoordig.

BIBLIOGRAFIE

- Bartol, C.R. & Bartol, A.M. 2014. *Criminal behaviour: A psychosocial approach*. (10th ed.). Boston: Pearson.
- Bauer, M.W. & Gaskell, G. 2000. *Qualitative researching with text, image and sound: A practical handbook*. London: SAGE.
- Bögels, S.M. & Brechman-Toussaint, M.L. 2006. Family issues in child anxiety: Attachment, family functioning, parental rearing and beliefs. *Clinical Psychology Review*, 26:834-856. doi:10.1016/j.cpr.2005.08.001.
- Bondü, R. & Richter, P. 2016. Linking forms and functions of aggression in adults to justice and rejection sensitivity. *Psychology of Violence*, 6:292-302.
- Boshier, P. 2011. Parenting and crime: An evidence-based review with implications for the New Zealand family and youth court. *Family Court Review*, 49: 8-15.doi:10.1111/j.1744-1617.2010.01349.
- Breakwell, G.M., Smith, J.A. & Wright, D.B. 2012. *Research Methods in Psychology* (4th ed.). London: SAGE.
- Creswell, J.W. 2014. *Research design: qualitative, quantitative, and mixed methods approaches* (4th ed.). Thousand Oaks, CA: SAGE.
- Dantas, S., Santos, A., Dias, I., Dinis-Oliveira, R.J. & Magalhães, T. 2014. Parricide: a forensic approach. *Journal of Forensic and Legal Medicine*, 22(3): 1-6. doi:10.1016/j.jflm.2013.11.008.
- Department of Correctional Services. (2015). *Statistical information*. <http://www.dcs.gov.za/AboutUs/StatisticalInformation.aspx> [10Maart 2015].
- Downey, G. & Feldman, S.I. 1996. Implications of rejection sensitivity for intimate relationships. *Journal of Personality and Social Psychology*, 70:1327-1343. doi:10.1037/0022-3514.70.6.1327.
- Evans, J. & Verster, J. 2016. Crime Stats 2016: Murder up 4.9%. *News 24*. <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/murder-up-49-20160902> [2 September2016].

- Cronkenberg, S.C. & Leerkes, E.M. 2003. Parental acceptance, postpartum depression and maternal sensitivity: Mediating and moderating processes. *Journal of Family Psychology*, 17: 80-93. doi: 10.1037/0893-3200.17.1.80.
- Heide, K.M. 2013. *Understanding parricide: When sons and daughters kill parents*. New York: Oxford University Press.
- Heide, K.M. & McCurdy, J. 2010. Juvenile parricide offenders sentenced to death. *Victim and Offenders*, 5: 76-99. doi: 10.1080/15564880903048545.
- Hill-Smith, A.J., Hugo, P., Hughes, P., Fonagy, P. & Hartman, D. 2002. Adolescent murderers: abuse and adversity in childhood. *Journal of Adolescence*, 25: 221-230.
- Hollin, C.R. 2013. *Psychology and crime: An introduction to criminological psychology*. (2nd ed.). Hove, East Sussex: Routledge.
- Ihabe, I. & Bentler, P.M. 2016. The contribution of family relationships to child-to-parent violence. *Journal of Family Violence*, 31: 259-269. doi:10.1007/s10896-0159764-0.
- Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. 2016. *Navor sing: 'n Gids vir die beginnernavorser*. Pretoria: Van Schaik.
- Kearney, L. & Erasmus, J. 2008. *Crime in South Africa*. <http://www.mediaclubsouthafrica.com/africa/34-democracy/developmentbg/117crime-in-south-africa?showall=1&limitstart> [10 September 2016].
- Kemme, S., Hanslmaier, M. & Pfeiffer, C. 2014. Experience of parental corporal punishment in childhood and adolescence and its effect on punitiveness. *Journal of Family Violence*, 29:129-142. doi: 10.1007/s10896-013-9564-3.
- Knight, R.A. & Sims-Knight, J.E. 2004. Testing an etiological model for male sexual offending against females. *Journal of child sexual abuse*, 13(3-4): 33-35. doi:10.1300/J070v13n03_03.
- Kriegler, A. & Shaw, M. 2016. *A Citizen's guide to crime trends in South Africa*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.
- Lancaster, L. 2013. Where do murders occur in South Africa? <http://www.issafrica.org/iss-today/where-do-murders-occur-in-south-africa> [9 November 2015]
- McLeod, J. 2011. *Qualitative research in counselling and psychotherapy* (2nd ed.). London: SAGE.
- Mones, P.A. 1991. *When a child kills: Abused children who kill their parents*. New York: Pocket Books.
- Muntingh, L. & Ballard, C. 2012. *Report on children in prison in South Africa*. <http://cspri.org.za/publications/research-reports/report-on-children-in-prison-in-southafrica> [10 Maart 2015].
- Norman, R.E., Byambaa, M., De, D., Butchart, A., Scott, J. & Vos, T. 2012. The longterm health consequences of child physical abuse, emotional abuse, and neglect: A systematic review and meta-analysis. *PLoS Medicine*, 9(11), e1001349.
- Pearce, C. 2009. *Attachment and attachment disorder*. London: Jessica Kingsley.
- Pillay, K. 2009. Family systems analysis of family murderers. (Unpublished master's thesis). University of South Africa, Pretoria.
- Roe-Sepowitz, D.E. 2009. Comparing male and female juveniles charged with homicide: Child maltreatment, substance abuse, and crime details. *Journal of interpersonal Violence*, 24: 601-617. doi: 10.1177/0886260508317201.
- Rohner, R.P. 2004. The parental "Acceptance-Rejection Syndrome": Universal correlates of perceived rejection. *American Psychologist*, 59:830-840.
- Rule, P. & John, V. 2011. *Your guide to case study research*. Pretoria: Van Schaik.
- Sacks, A.M. 1998. Bereavement: A special disorder of object loss, a comparison of two cases. *Psychoanalytic Psychology*, 15: 213-229. doi: 10.1037/07369735.15.2.213.
- Sallabas, M.E. 2013. Analysis of narrative texts in secondary school textbooks in terms of values education. *Educational Research and Reviews*, 8:361-366.
- Spratz, J.D. 2011. Parenting styles and criminal involvement: A test of Baumrind's typology. (Doctoral dissertation). Retrieved from ProQuest. (3465872). <http://search.proquest.com.uplib.idm.oclc.org/docview/884580405/previewPDF/8D4139D3FDC4729PQ/1?accountid=14717> [11 September 2016]
- Statistics South Africa. 2014. *Victims of crime survey*. <http://www.statssa.gov.za/?s=crime&sitem=publications> [10 Maart 2015].
- Stroebe, M.S. & Archer, J. 2013. Origins of modern ideas of love and loss: contrasting forerunners of attachment theory. *Review of General Psychology*, 17: 28-39. doi:10.1037/a0030030.

Taal, tegniek en Waarheid¹

Language, techniques and truth

HERCULES BOSHOFF

Departement Filosofie (doktorale student)
Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
E-pos: Boshoff.hercules1@gmail.com



Hercules Boshoff

HERCULES BOSHOFF is 'n PhD navorser verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy het sy MA voltooi by die Universiteit van Pretoria, en het ook uitruilprogramme by die Vrije Universiteit van Amsterdam en Radboud Universiteit Nijmegen meegemaak. Sy werk dek filosofie van taal, tegniek, individuasie, geskiedenis van filosofie, en ekonomiese. Hy is medestigter en tans voorsteerder van die Chairefoon Inisiatief, 'n organisasie wat filosofie onder Afrikaanstalige nagraadse studente bevorder. Daarbenewens is hy ook aktief betrokke by die NAWG (Nederlands-Afrikaanse Wysgerige Genootskap), wat dialoog tussen Afrikaans- en Nederlandstalige filosowe bevorder.

HERCULES BOSHOFF is a PhD student at the University of the Free State. He completed his MA at the University of Pretoria, and has also participated in exchange programs at the Vrije Universiteit Amsterdam and Radboud University Nijmegen. His work covers philosophy of language, techniques, individuation, the history of philosophy, and economics. He is co-founder and current chairman of the Chairefoon Initiative, an organisation founded for the development of philosophy in the Afrikaans-speaking post-graduate philosophy community. He is also involved with the NAWG (Dutch-Afrikaans Philosophical Fellowship), that promotes dialogue between philosophers of the Dutch affiliated languages.

ABSTRACT

Language, techniques and truth

In this article, the question concerning technics will be considered, not in terms of its current nature/state, or the impact that it has on contemporary society, but rather in terms of the myths on its origin and meaning. These myths point to the access gained through the use of technology in two senses: to the sphere of the gods on the one hand, but also to the solitude and independence of mankind from the gods on the other. Plato's account of the myth of the theft of technics by Prometheus will serve as an example of the first approach, and Nietzsche's lingual turn in On Truth and Lying in a non-moral sense will represent the latter.

¹ Hierdie artikel is 'n verwerking van die eerste hoofstuk uit 'n MA-verhandeling in Filosofie getiteld *Die Ontogenese van Filosofie*, Universiteit van Pretoria, 2015.

A space for the middle-ground between these approaches will be explored in Aeschylus' Prometheus Bound, in which language and technics are depicted as being simultaneously bound to an overarching principle, as well as being representative of a concrete situation. In the tragedy, the characters representing both positions don't fit comfortably within the spheres they represent: firstly, Hephaestus was a cripple god that created technics to compensate for his shortcoming, and secondly there is Prometheus, the giant who sympathised with humanity by stealing technics from the gods. It will be argued that the use of technics positions humanity in a similar "in-between" position, a position that is constitutive of being human. The position comprises of a necessary tension between the metaphysical and the concrete, a tension that should not be resolved in favour of one side, but rather strengthened.

This notion will be supported by Freud's term Spur, as appropriated by Derrida into différence. Spur refers to the trace of what is thought. However, this trace does not serve as an exact replica of what it depicts, because what is thought always remains beyond its representation. Furthermore, the means of and the act of representation bring about deviation in relation to what is represented, hence the description of différence. This does not imply that the act of thinking should be regarded as failing in its very purpose, but rather as a proof of the interplay between the elements constituting the zone of the imprint. Therefore, the zone of the imprint, différence, opens itself to what lies beyond itself without claiming to contain it on the one hand, and recognizes itself as being situated and limited on the other. But bringing these two parts together also implies changing our perceptions about truth and relativity. To this end, the suggestion of Heidegger to regard truth not as static, but as simultaneously/continuous veiling and unveiling, could be considered for bringing together or making the two approaches adaptable to each other.

The binding force between the act of seeking what lies beyond, and the expression of what is immanent, is technics. Technics should not therefore be regarded merely as a supplement to or extension of human capabilities, but as something constitutive of being human. Such an explanation may leave the impression that humanity could be defined in terms of its technicity, which would amount to a distortion of the nature of the relationship between humanity and technics. The relationship in its most preferable form, is one in which a tension between that which lies beyond one's immediate situation and the immanent is maintained, a tension through which meaning becomes constituted.

The tension is maintained by two aspects of technicity, firstly the always temporally transcendent character of technology, that seeks by means of invention and archiving to reach beyond its particular milieu, and secondly, the always pragmatic use of technology, that seeks to maintain and improve conditions.

In conclusion a case will be made that the above-mentioned dichotomy between the universal and particular should instead be interpreted as an ongoing dynamism which seeks a balance between facilitating the preservation and transfer of that which shapes human society, as well as preventing its detrimental stagnation.

KEY WORDS: Différence, Spur, Prometheus, Hephaestus, technics, truth, language, thinking, tradition, metaphysics

TREFWOORDE: Différence, Spur, Prometheus, Hephaestus, tegniek, waarheid, taal, denke, tradisie, metafisika

OPSOMMING

Hierdie artikel gaan die kwessie van tegniek oorweeg, nie in terme van die huidige aard daarvan of die invloed wat dit op die moderne samelewing uitoefen nie, maar in terme van die mites oor die oorsprong en betekenis van tegniek. Hierdie mites dui ener syds op die toegang wat tegniek tot die sfeer van die goddelike bied, en andersyds op die afsondering en selfstandigheid waartoe tegniek die mens in staat stel. Daar gaan beredeneer word dat die spanning tussen hierdie benaderings verhoog moet word, eerder as om 'n keuse ter bevoordeling van een uit te oefen. Freud se begrip *Spur*, soos deur Derrida opgeneem in sy filosofie van *diffrance*, gaan as platform vir die spanningsveld dien. In die spanningsveld word tegniek verstaan in terme van die kontekstuele leefruimte waarbinne dit gestalte kry, maar ook as dit wat sy konteks oorstyg deur toegang te soek na dit wat buite sy konteks lê, en toegang te bied aan diegene in 'n ander milieu. Laastens gaan die tegnisiteit van die mens beklemtoon word, nie as dit waartoe die mens wys as doel van sy bestaan nie, maar as komponent van die dinamisme waarbinne die mens 'n voortdurende wyser na betekenis word.

INLEIDING

Filosofie funksioneer sedert Plato as die dissipline wat essensie ondersoek.² Dit word in sy taak gesterk deur die wyse waarop na die dinge gevra word. Vrae word geformuleer op so 'n wyse dat die antwoord alreeds deur die vraag aangeroer word. 'n Onderwerp word deur die vraag na essensie afgesper van ander onderwerpe, sodat slegs die unieke kenmerke daarvan oorbly. Dit is egter nie slegs onderwerpe wat van mekaar onderskei word nie, maar die een wat onderskei, die subjek, kry ook beslag in die proses. Die drif tot onderskeiding gee dus aan die objek en die subjek beslag.

Om tot 'n beter begrip van die vormgewing van subjek en objek te kom, sal dit behulpsaam wees om die bemiddelaar van dié proses te ondersoek. Ons kan voorlopig die tussenganger tussen die self en die objekte – die lig – taal noem. Taal dien as 'n aanvulling en filter tot die situasie. Die mens beskik nie oor taal as 'n ingebore eienskap nie, maar leer dit aan. Verder dien taal nie net as toegang tot die aard van dinge nie, maar ook as voorwaarde vir 'n persoon om binne 'n gemeenskap met ander mense om te gaan, sy intersubjektiwiteit.

Die intersubjektiewe sy van taalgebruik is egter kompleks aangesien taal deur konvensies en tradisies die gebruikers daarvan voorafgaan. Tradisie bepaal hoe elke persoon sigself in verhouding tot ander verstaan. Die konvensies waaromheen taal gebou word, maak dus nie net die individu bewus van die werklikheid nie, maar leer terselfdertyd die individu hóé om met die werklikheid om te gaan.

DIE OORSPRONG VAN TAAL: PROMETHEUS SE SONDE

Daar is in die filosofiese tradisie geen gebrek aan debat oor hoe helder die lig van taal op die onderwerpe van ondersoek skyn nie.³ Maar dat taal dikwels die bepalende gesag bied oor die mens se verhouding tot die werklikheid, is nie te betwyfel nie. Hoe het dit gebeur dat die lig van taal in die eerste plek soveel status by die mens geniet?

² In *Die Republiek* (1997) stel Plato sy bekende vraag na die aard van geregtigheid.

³ Sedert Johann Gottfried Herder (1744–1803) die invloed van taal op die mens se begrip van die werklikheid beklemtoon het, is daar in die afgelope twee eeue veel oor die saak gedebatteer. Tydens die sogenaamde *linguistiese wending* in die vorige eeu, waarmee Heidegger en veral Gadamer geassosieer word, is genoemde beklemtoning waarskynlik tot op die spits gedryf.

Ons kan begin deur te noem dat mites oor die oorsprong van taal in sommige invloedryke tradisies die bonatuurlike as bron vermeld.⁴ Die mens se gebruik van taal is verwant aan die oorsprong daarvan, en dien as 'n herinnering aan die verhouding tussen mense en gode. In sommige tradisies word woorde op 'n meganiese wyse vanaf die gode na die mense oorgedra,⁵ terwyl ander weer geglo het dat taal oorspronklik verborge was, en nooit bestem om aan mense geopenbaar te word nie. 'n Voorbeeld hiervan is die Griekse, wat verwys na die bekendstelling van taal aan mense in terme van "die sonde van Prometheus". Plato verduidelik so die nagevolge van dié sonde:

It is because humans had a share of the divine dispensation that they alone among animals worshipped the gods, with whom they had a kind of kinship, and erected altars and sacred images. It wasn't long before they were articulating speech and words and had invented houses, clothes, shoes, and blankets, and were nourished by food from the earth. (Protagoras 322a)

In die eerste gedeelte van Plato se weergawe van die mite word die mens uitgebeeld as 'n passiewe ontvanger van taal, wat met die ingebruikneming daarvan 'n bewustheid, enersyds van die gode, en andersyds van hulle eie tekortkominge in verhouding tot die gode ontwikkel. Taal, vanweë die heilige oorsprong daarvan, skep dus geleenthed vir die mens om die geheime van die kosmos te ontsluit en moet met die gepaste ontsag vir hierdie moontlikheid gebruik word. Taal kom tot haar reg indien dit erkennung aan die metafisiese gee. Die gerigtheid van taal tot die metafisiese kan derhalwe ook as die "vertikale" beskouing van taal beskryf word.

In die tweede gedeelte van Plato se oorvertelling word die moontlikheid oopgelaat vir 'n ander interpretasie van dié mite, waarvolgens taal die mens aktiever om onafhanklik van die gode te funksioneer. Plato se oorvertelling van die Egiptiese mite van Theuth in die *Faedrus* – waarin die god die geskenk van skrif aan die mens betreur – beklemtoon sy bewustheid van hierdie moontlikheid. Afgesien van Plato se mite wil dit voorkom of die "sekulêre", en vir die doelwit van verduideliking kan ons miskien daarna verwys as die "horizontale" benadering tot taal, slegs sydelings (sien Derrida 1997:19 hieronder) deur die filosofiese tradisie voor Nietzsche genoem is. Een van Nietzsche se vroeë opstelle, *On Truth and Lying in a non-Moral sense*, behandel taal nie as 'n tegniek wat die mensdom gebruik om na die sfeer van die gode deur te dring nie; die hoofkenmerk van taal is volgens Nietzsche nie primêr dat dit aan sogenaamde "waarheid" verbind is nie: "the constant fluttering of human beings around the one flame of vanity is so much the rule and the law that there is virtually nothing which defies understanding so much as the fact that an honest and pure drive towards truth should ever have emerged in them" (Nietzsche 1999:142). Taal is volgens Nietzsche uit die staanspoor bevlek met sonde en leuens, en gemeenskappe voer die voordele wat hierdie sonde bring verder deur taal te gebruik vir hulle eie gewin eerder as om daarvan erkenning aan die gode te gee. Taal funksioneer derhalwe nie volgens Nietzsche as 'n deursigtige medium wat tot die "aard" van objekte deurdring nie, maar as 'n praktyk waarbinne relasies in 'n gemeenskap gevorm word:

Nietzsche far from remaining simply (with Hegel and as Heidegger wished) within metaphysics, contributed a great deal to the liberation of the signifier from its dependence

⁴ Afgesien van die bekende Griekse mites wat hier bespreek word, kan die Joodse tradisie ook genoem word. In die boek Genesis is die toering van Babel die bekendste voorbeeld.

⁵ Soos die geval is met die neerskryf van byvoorbeeld die Koran.

or derivation with respect to the logos and the related concept of truth or the primary signified, in whatever sense that is understood. (Derrida 1997:19)

Die klem word sedert Nietzsche toenemend geplaas op die intersubjektiewe eienskappe van taal (sien voetnota oor die *linguistiese wending*). Die implikasie van die sterker klem op die betekenaar, is dat die rol van konvensie en tradisie ook sterker beklemtoon word.

Die invloed wat Nietzsche se benadering op denke oor taal gedurende die 20ste eeu gehad het, kan illustreer word deur Derrida se beskrywing van De Saussure se denke, wat volgens Derrida die intersubjektiewe aspek van taal tot die uiterste dryf: “Whether we take the signified or the signifier, language has neither ideas nor sounds that existed before the linguistic system, but only conceptual and phonic differences that have issued from the system” (Derrida 1982:11). Die betekenaars kom slegs na vore uit die sisteem van relasie tussen mense, en ignoreer die verbintenis wat dit tot die werklike objek mag hê.

Daar blyk dus ’n spanning te wees tussen die twee gebruikte van taal. Dié spanning kan miskien verwoord word deur die woordeskat wat Nietzsche aanwend om die horizontale gebruik van taal mee te beskryf. Taal neem die eienskap van “waarheid” aan indien dit deurdring tot die vertikale sfeer, die sfeer van die gode, en “leuens” indien dit slegs besig bly met die horizontale sfeer, die sfeer van menslike interaksie. In eersgenoemde geval is die sfeer waartoe taal deurdring stabiel en onveranderbaar, anders as die sfeer waarin die gebruiker hom bevind. Volgens hierdie beskouing moet taal só aangewend word dat stabiliteit daardeur aan die werklikheid toegeken kan word. In die tweede geval is die sfeer waarin die gebruiker hom bevind, soos in die eerste geval, ook onstabiel, maar die onstabilitet dien juis as ’n maatstaf waarvolgens taal gebruik moet word. Die spanning tussen die twee verskillende sienswyses oor taal, kan uit hierdie beskrywing herken word in die debatte wat in die 20ste eeu sterk gewoed het waarin waarheid, soos byvoorbeeld verteenwoordig deur die korrespondensiebegrip by Russel, teenoor relativiteit, waarvan die strukturalisme beskuldig word, gestel is.

OOR DIE GEBONDE AARD VAN TEGNIEK

Uit oorweging van die Prometheus-mite in die teks van Aeschylus, die *Gebonde Prometheus*, blyk dit dat die verweefdheid tussen die vertikale en horizontale sfere beklemtoon word, in plaas van die begunstiging van een van die sfere. Die toneelstuk neem ’n aanvang met die interaksie tussen Prometheus, die figuur wat sonde verpersoonlik, en Hephaestus, die god by wie Prometheus tegniek gesteel het. Tydens die interaksie lewer Prometheus sy betoog namens die horizontale sfeer van mense, waaraan hy “godeneer” verskaf het (Geboeide Prometheus 107), terwyl Hephaestus die straf wat vanaf die vertikale sfeer van gode aan Prometheus voorgeskryf word, teen sy sin moet toedien: “Ik ben gedwongen dit te doen” (Geboeide Prometheus:72). Belangrik om ag op te slaan, is dat nie een van hierdie twee figure heeltemal tuishoort binne die sfere waarvan hulle in hierdie toneelstuk verteenwoordigers is nie. In die geval van Prometheus is dit maklik om te verduidelik waarom hy nie tot die sfeer van mense, die horizontale, behoort nie: hy is ’n reus. In die geval van Hephaestus kan my argument ondersteun word deur te verwys na sy herkoms. Hoewel hy gebore is as ’n god, is hy aanvanklik uit Olimpus verwerp as gevolg van sy kreupelheid. Hy kon egter terugkeer na Olimpus nadat hy met behulp van die tegniek die vermoë aangeleer het om te kompenseer vir sy gebreklikheid. Die kwessie van tegnisiteit, as die bemiddelde interaksie van die mens met die werklikheid (en in die mite van Prometheus impliseer dit ook taal) is volgens die mite van die herkoms van Hephaestus uit die staanspoor verweef met die tema van gebreklikheid en kompensasie, die ruimte tussen die vertikale en die horizontale.

In Hephaestus se geval dien tegniek letterlik as 'n prostese. Daarsonder is hy nie minder goddelik nie, dit vul bloot sy goddelikhed aan tot 'n aanvaarbare standaard. Die mens daarenteen, word nie soos Hephaestus 'n god met behulp van tegniek nie, maar is ook nie 'n mens sonder tegniek nie. Menslikheid veronderstel daarom tegnisiteit.

So gesien, behoort die vraag na die aard van tegnisiteit 'n belangrike deel te vorm van denke rondom die aard van die werklikheid. Indien ons tegnisiteit aan die hand van die Prometheus-mite beskou, kom ons agter dat die debat tussen waarheid en relatiwiteit nie sonder inagneming van die middel gevoer kan word nie. Is dit egter moontlik om tegnisiteit te bedink sonder bevoordeling van een van die pole? Die debat oor die aard van die werklikheid hou alreeds 'n voorveronderstelling in; dat waarheid slegs in opposisie teenoor relatiwiteit verstaan kan word, dus kan waarheid slegs as die teenoorgestelde van relatiwiteit, naamlik as stabiliteit en universaliteit beskryf word. So 'n debat oor waarheid/relatiwiteit bemoei hom slegs met die aard van die werklikheid sonder om die mediums waarmee die ervaring van werklikheid geskep word, in ag te neem. Die inagneming van tegniek, op sy beurt, vereis dat die kwessie van waarheid nie uitgesluit word nie, maar eerder herbedink word. Daarom kan dit nie aan toeval toegeskryf word nie dat Heidegger, in wie se denke tegniek 'n belangrike plek inneem, ook oor die herinterpretasie van waarheid nagedink het. 'n Voorbeeld van sy herinterpretasie van waarheid kan huis gevind word in 'n opstel getiteld *Die Frage nach der Technik*. Die punt wat daarin oor waarheid gemaak word, is dat dit nie meer as 'n onveranderbare essensie beskou moet word nie, maar as iets wat nie losgemaak behoort te word van deurlopende verandering, wat met die veranderende mediums verband hou nie. Tog word die kwessie van waarheid nie noodwendig onder die mat gegee met die oorweging van tegnisiteit nie. Inteendeel, 'n waarheid word ontbloot, 'n waarheid wat nie die vooruitgang en oorheersing van die mens deur tegniek beklemtoon nie, maar huis die teenoorgestelde:

Pas als het wezen van de mens in het Gebeuren van de In-blik, van menselijke eigenzinnigheid afstand doet, omdat de mens door deze blik van de mens zich naar de In-blik toe, *van zich weg, ontwerpt*, dan pas beantwoordt de mens in zijn wezen aan de aanspraak van de In-blik. (Heidegger 2014:64, my kursivering)

Deur so na die saak te kyk, kan Plato se verduideliking dat taal toegang tot die gode bewerkstellig, versoen word met die volgende verduideliking wat Nietzsche oor waarheid bied:

What then is truth? A movable host of metaphors, metonymies, and anthropomorphisms: in short, a sum of human relations which have been poetically and rhetorically intensified, transferred, and embellished, and which, after long usage, seem to a people to be fixed, canonical, and binding? (Nietzsche 1999:146)

Nietzsche benader die saak vanuit die teenoorgestelde hoek as Plato, maar wys ook op die twee kante van taal, die vertikale sowel as die horizontale. By Plato het taal hoofsaaklik 'n heilige herkoms en bring dit die gebruiker nader aan die sfeer van die gode, en kan op praktiese vlak tot sy reg kom indien die praktyke volgens hoër beginsels ingestel word. Vir Nietzsche is taal van die begin af allesbehalwe heilig, maar maak die mense so trots dat hulle later daarmee gode skep om hulle eie mag te projekteer tot op kosmiese vlak (Nietzsche 1999:24).

En tog bly die waarheid oor in Nietzsche se denke as dit wat uitlokkend buite die bereik van beskrywing bly. Derrida ontleed die bekende uitspraak van Nietzsche in die voorwoord van sy *Beyond Good and Evil*: "Veronderstel dat waarheid 'n vrou is" (Nietzsche 2007:3, my vertaling), om daarop te wys dat "distance is the very element of her power... *is necessary*" (Derrida 1978: 49). In wat volg gaan ek hierdie gelykydighe onttrekende-onthulling verder ondersoek deur die begrip *Spur*, soos verduidelik deur Derrida.

SPOOR

Derrida verduidelik hieronder dat dit nie nodig is om te besluit of die horisontale of die vertikale sfeer die eintlike aard van die werklikheid beskryf nie: albei kante van die debat verkeer in 'n noodsaklike spanning met mekaar. Die spanning self is die ruimte, die "sone" waarbinne menslike ervaring plaasvind. Hierdie sone is die "geleefde ervaring":

It is in the specific zone of this imprint and this trace, in the temporalization of a lived experience which is neither in the world nor in 'another world', which is not more sonorous than luminous, not more in time than in space, that differences appear among the elements or rather produce them, make them emerge as such and constitute the texts, the chains, and the systems of traces. (Derrida 1997:65)

Dit is op hierdie punt belangrik om te let op die begrip "trace" (spoor). Sover het ons na die vertikale sfeer van taalgebruik verwys as iets wat 'n metafisiese en theologiese betekenis dra, en vir lank verwant was aan die idee van waarheid as vas en onveranderbaar. Derrida wil die term "spoor" behou, maar probeer wegbeweeg van hierdie konnotasies: "I have attempted to indicate a way out of the closure of this framework via the 'trace',⁶ which is no more an effect than it has a cause, but which in and of itself, outside its text, is not sufficient to operate the necessary transgression" (Derrida 1982:11). In hierdie aanhaling spreek Derrida beide sienings oor taal aan, die metafisiese sowel as die inter-subjektiewe. Die spoor kan nie beskou word as 'n plekhouer vir die metafisiese werklikheid nie, maar behoort terselfdertyd ook nie beskou te word as bloot 'n sosiale konstruk nie.

Om tot 'n beter begrip van die spoor te kom, met ander woorde om beter daaroor na te dink, wil ek die leser eers wys op 'n paar opmerkings wat Heidegger oor denke maak. Heidegger wys daarop dat dit wat ons bedink, dit wat ons tot denke rig, ook dit is wat homself van totale begrip onttrek: "ze onttrekt zich aan hem door sich von ihm terug zu halten" (Heidegger:33). Die onttrekkings mag met die eerste oogopslag as 'n totale verlating voorkom, waarin die mens aan homself oorgelaat word. Heidegger wys egter daarop dat die onttrekking 'n hewige krag is wat 'n "Zug" of "trek" agterlaat waarin ons meegesleur word: "Dat was sich terughoudt, is ons echter steeds al voorgehouden" (Heidegger 2002:11). Die meesleuring het 'n beduidende invloed op ons omgang met die werklikheid: "Wat sich onttrekt, kann der Mensch wesentlichlicher angehen und inniger beroep auf ihn machen als um das eben vorhandene Geschehen, das er trifft" (Heidegger 2002:10).

Die mens word nie slegs getrek na die onttrekkende nie, maar deur die aantrekking word hy ook daarna gerig, hy wys daarheen. Die toestand van gerigtheid tot dit wat onttrek, is volgens Heidegger die toestand waarin die wese wat hom in hierdie toestand bevind, "mens" word: "We zijn gewoon slechts onszelf en zijn slechts die we zijn, doordat we wijzen naar wat sich onttrekt. Dit wijzen is ons wezen." (Heidegger 1986:35). Volgens Hölderlin maak die gerigtheid van die mens in sy wese 'n wyser, 'n teken, of in Freud se terme 'n spoor: "Een teken zijn wir, ohne Sinnbedeutung" (Heidegger 1986: 35). Die betekenislose aard van die teken maak nie die posisie van die mens nutteloos nie. Die teken wys altyd na dit wat onttrek: sodra die teken vaste betekenis inhoud, verloor dit sy moontlikheid om meegesleur te word deur dit wat onttrek.

⁶ Derrida se gebruik van die term is oorgeneem en verwerk van Freud se begrip *Spur* wat in 'n vroeë teks *Project for a Scientific Psychology* (1895) voorkom. Derrida ondersoek die belang van die term in "Freud and the scene of writing" in *Writing and Difference* (2005).

Spoor is primêr. Spoor wyk af van die ontrekkende sowel as die werklikheid waarvandaan dit weg beweeg wanneer dit na die ontrekkende gerig word: “the trace is not more ideal than real, not more intelligible than sensible, not more a transparent signification than an opaque energy and no concept of metaphysics can describe it” (Derrida 1997:65). Maar omdat die spoor nooit die ontrekkende omvat nie kan dit ook beskryf word as afwykend. Spoor is in sy aard afwykend: “The instituted trace cannot be thought without thinking the retention of difference within a structure of reference where difference appears as such and thus permits a certain liberty of variations” (Derrida 1997:46).

Die term waarmee Derrida die samehang tussen spoor en afwyking beskryf, is *différance*. Eerstens wil Derrida sy Franse lesers daarop bedag maak dat *différance* ’n afwyking van die woord *difference* is, ’n afwyking wat nie op die Franse oor ’n verskil sal maak nie (Derrida 1982:3). Die uitspraak van die *a* in *différance* klink in Frans dieselfde as die e waarvan dit die plek inneem. Afwyking onderlê *différance* tot so ’n mate dat Derrida nie bereid is om *différance* tot ’n konsep te verklaar nie. *Différance* kan nie enige vaste betekenis dra soos wat daar van konsepte verwag word nie, omdat die woord meer na ’n taak verwys, die taak om betekenis te bevry van vaslegging. Derrida verduidelik dat “*différance*“ maintains our relationship with that which we necessarily misconstrue, and which exceeds the alternative of presence and absence” (Derrida 1982:20).

Nadat ons die verhouding tussen ontrekking, spoor en afwyking ondersoek het, is dit moontlik om die belang van *différance* vir denke te artikuleer: “To say that *différance* is originary is simultaneously to erase the myth of a present origin. Which is why ‘originary’ must be understood as having been crossed out, without which *différance* would be derived from an original plenitude. It is a non-origin which is originary” (Derrida 2005:255).

Différance kan verstaan word as ’n dinamisme wat daarop ingestel is om die moontlikhede van die twee beskouings oor taal wat ek hierbo beskryf het, te ondersoek, sowel as om nuwe moontlikhede te beproef. Wanneer ons die werklikheid in terme van *différance* ondersoek, word die volgende moontlikhede oopgestel: “*Différance* is therefore the formation of form. But it is on the other hand the being-imprinted of the imprint” (Derrida 1997:63). *Différance* neem dus vorm sowel as vorming in ag deur die klem op die *Spur* te plaas.

DIE MENS AS *SPUR*

Die mens self is ook *Spur*. Die mens se denkaktiwiteit bind hom op so ’n wyse aan dit wat hy ondersoek, dat hy self daardeur bepaal word. Sy middele, waaronder taal tel, ontwikkel egter ook konvensies, wat, afgesien van die nodigheid daarvan, verbintenis met die werklikheid kan belemmer. Wanneer dit gebeur, is taal nie “die huis van die Syn” (Heidegger 2010:1), soos Heidegger se bekende uitspraak aandui nie, maar by uitstek ’n instrument van magsverhouding. Hiermee word bedoel dat die gebruik van taal nie gerig word tot die verstaan van die mens se verhouding tot die Syn nie, maar tot die mens se beskikking oor die werklikheid. Dit sou afbreuk doen aan die kompleksiteit van die verhouding, waaraan beter reg geskied kan word vanuit ’n gelatenheid waarbinne die werklikheid deur taal gehuisves word, tuis word in taal, eerder as om daardeur vervreem te word.

Met inbegrip hiervan, deel taal tog kenmerke met die mens wat dit onderskei van die werklikheid wat dit poog om te beskryf. Plato (Filebus 15e) wys daarop dat die werklikheid enersyds uit ’n oneindige aantal partikulariteite bestaan, en andersyds dat die werklikheid steeds een is. Partikulariteit word hier verstaan as enersyds eenhede wat opgetel en in verband met ander eenhede gebring kan word (deur abstrahering –dus vertikalisering), en andersyds

as besondersheid wat slegs in die horison voorkom. So is die eenheid van die werklikheid ook metastruktuur en sintetisering van geleefde ervaring.

Die mens, daarteenoor, is beperk, en so ook die taal waarmee hy die werklikheid probeer beskryf – die werklikheid “übersteigen allen Vermögen der Menschlichen Vernunft” (Kant 1944: 5). Dit behoort die mens egter nie te verhinder om die dele en die geheel saam te probeer bedink nie, of soos Kant dit in die eerste voorrede tot die *Kritik der Reinen Vernunft* stel: “zu Grundsätzen ihre Zuflucht zu nehmen” (Kant 1944:5). Uit hierdie skeptiese posisie wil ek aantoon dat die onvoldoende wese van die rede om die werklikheid ten volle te begryp huis daaraan aansporing moet gee om sy aktiwiteit voort te sit. Die besef van onvolmaaktheid word huis geprikkel enersyds van buite die rede en andersyds vanuit ’n deeglike omgang daarmee.

Taal stel die mens oop tot die werklikheid, maar ook tot homself. In die gebruik van taal behoort die mens tot homself, raak hy tuis binne homself. Hoewel taal ’n menslike eienskap of vermoë is, kan ons nie sê dat taal reduseerbaar is tot die mens nie; dit gaan elke mens vooraf en beweeg verby hom, die toekoms in. Tegniek en vaardighede word vanuit die konteks en omstandighede aangeleer, maar word aangewend om die konteks te oorstyg. Dit beteken dat die mens tegniek aanleer vir funksionele doelwitte en om sy relasie tot die werklikheid uit te druk. Indien tegniek slegs tot die horizontale aspek beperk was, sou dit nie moontlik wees om dit buite die konteks te begryp en daarvan in gesprek te tree nie, en indien dit tot die vertikale beperk was, sou die aanpassing van tegniek vir nuwe kontekste nie moontlik gewees het nie. Ten slotte moet opgemerk word dat die verhouding tussen die mens en tegniek nie tot die relativiteit van sy milieu afgemaak kan word nie, maar dat gepaardgaande hiermee, die metafisiese nie los van die tasbare verstaan kan word nie.

BIBLIOGRAFIE

- Aeschylus. 1953. *De Geboeide Prometheus*. Leiden: E.J. Brill.
- Derrida, J. 1978. *Spurs: Nietzsche's styles*. Chicago: Chicago University Press.
- Derrida, J. 1982. *Margins of Philosophy*. Chicago: Chicago University Press.
- Derrida, J. 1997. *Of Grammatology*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Derrida, J. 2005. *Writing and Difference*. London: Routledge.
- Heidegger, M. 1986. *Over bouwen, denken, wonen*. Nijmegen: Sun uitgeverij.
- Heidegger, M. 2002. Gesamtausgabe I Abteilung: veröffentlichte Schriften 1910–1976. Band 8 *Was heisst Denken?* Frankfurt am Main: Vittorio Klostermann.
- Heidegger, M. 2010. Gesamtausgabe Band 11: *Über den Humanismus*. Frankfurt am Main: Vittorio Klostermann.
- Heidegger: M. 2014. *De vraag naar de Tegniek*. Rotterdam: Vantilt.
- Kant, I. 1944. *Kritik der Reinen Vernunft*. Leipzig: Raymund Schmitt.
- Nietzsche, F.W. 1999. *The Birth of Tragedy and Other Writings*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Nietzsche, F.W. 2007. *Beyond Good and Evil*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Plato. 1997. *Complete Works*. Indianapolis: Hackett Publishing Company.

Hoe jong Afrikaanssprekende kinders betekenis aan hul vroeë taalgebruik verbind

The way in which young Afrikaans children connect meaning to their early vocabulary

NINA BRINK

Afrikaans & Nederlands, Skool vir Tale
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
E-pos: Nina.Brink@nwu.ac.za



Nina Brink



Adri Breed

ADRI BREED

Afrikaans & Nederlands, Skool vir Tale
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
E-pos: Adri.Breed@nwu.ac.za

NINA BRINK is dosent in Afrikaanse taalkunde binne die Skool vir Tale aan die Noordwes-Universiteit (NWU) se Potchefstroomkampus en 'n navorser binne die Subprogram: Beskrywende Taalkunde. Sy voltooi haar Honneurs in Afrikaans/Nederlands in 2013 en haar Meestersgraad in Afrikaanse taalkunde in 2016 aan die NWU. Die navorsingsfokus van haar MA-studie berus op Afrikaanse eerstetaalverwerwing wat vanuit 'n semantiese en kognitiewe perspektief bestudeer word.

NINA BRINK is a lecturer in Afrikaans linguistics in the School of Languages at the North-West University (NWU) and a researcher within the Subprogram: Descriptive Linguistics. She completed her Honours in Afrikaans/Dutch in 2013 and her Master's Degree in Afrikaans linguistics in 2016 at the NWU. The research focus of the MA-study concerns Afrikaans first language acquisition studied from a semantic and cognitive perspective.

ADRI BREED is dosent in Afrikaanse taalkunde aan die Noordwes-Universiteit (NWU) se Potchefstroomkampus. In 2007 voltooi sy haar Meestersgraad in Afrikaanse letterkunde (Skryfkuns) aan die NWU en in 2012 haar PhD in Afrikaanse taalkunde. Sy spandeer ongeveer tien maande van haar studietydperk in Antwerpen, België. Adri is al vir etlike jare by die ATKV-Skryfskool betrokke as fasilitateerde. In haar vrye tyd hou sy haarself besig met vryskut video-produksies en regiewerk en sy skryf ook graag gedigte, teaterstukke en draaiboeke wanneer die geleenthed hom voorndoet.

ADRI BREED is a lecturer in Afrikaans linguistics at the North-West University (NWU). She completed her Master's Degree in Afrikaans literature (Creative Writing) in 2007 and her PhD in Afrikaans linguistics in 2012, both at the NWU. She spent almost ten months of her study term in Belgium. Related interests include freelance video productions, editing, as well as, on occasion, writing poetry, drama and film scripts.

ABSTRACT

The way in which young Afrikaans children connect meaning to their early vocabulary

The acquisition of a first language can be described as becoming proficient in the phonology, morphology, lexicon, syntax and semantics (and pragmatics) of a language, as well as mastering the underlying abstract rules associated with these grammatical levels. Seeing that each child should master a form of each of these elements, one can assume that language typological factors will be involved in the process. However, some of these aspects will be language specific seeing that languages differ with regard to grammar and context specific factors. Language specific studies on first language acquisition that employ language typological factors are therefore necessary to explore this field of study.

Lieven (2010:92,103) specifically indicates a universal need for more language acquisition studies in a variety of languages and especially research on how children connect form and meaning (make form-meaning mappings) from the input in their different communicative settings. However, very little research has been done on Afrikaans first language acquisition in general and a number of research opportunities, such as exploring the form-meaning mappings of Afrikaans children, within this field still exist. A survey on the available literature within this field has also not been conducted as yet. Another gap is that very few of the available Afrikaans studies make use of original data and of data on children just beginning to learn a language.

This present study therefore aims to (i) provide a survey on the available literature in Afrikaans first language acquisition and on the research opportunities within this field, (ii) start to fill some of these gaps in the literature by studying the first form-meaning mappings that Afrikaans children just beginning to acquire their language, make, and (iii) do this by presenting an analysis of original data.

Therefore, a literature review of the available literature on Afrikaans first language acquisition from an educational, psychological and linguistic perspective that indicates the research opportunities within these fields is provided.

Furthermore, data from 21 Afrikaans speaking children between the ages of eight and 24 months using their first lexical items was analysed in order to make conclusions on how the children connect form and meaning, in other words make form-meaning mappings. During the investigation period of five months, the children's parents recorded their children's first lexical items and also indicated the contexts in which the lexical items were used.

Studies on first language acquisition are usually carried out from one of two opposite approaches, namely empiricism and rationalism. This study followed an empiricist approach considering that this approach accounts for the process in which children extract meaning from their linguistic environments. Theoretical assumptions from the usage-based theories, and together with that cognitive linguistics, were used in the description of the language data of the particular Afrikaans children.

The theoretical framework chosen from the usage-based theories and cognitive linguistics in order to optimally describe the children's form-meaning mappings consists of cognitive models and processes such as the prototype model of categorisation, image schematic structure, metonymy, metaphor and conceptual blending. These models and processes aid a description of the way in which the children structure and categorise concepts (thus make sense of meaning) before linking them to a particular form.

Results firstly reveal two main types of form-meaning mappings, namely simplex mappings and complex mappings. With a simplex mapping, the conceptualisation process is more conventionalised, and therefore not necessarily difficult to establish. A complex mapping is

made when the conceptualisation process needs more description and analysis in order to be fully interpreted. The complex mappings can further be divided into two types of mappings, namely metaphoric mapping (not that common in the data) and metonymic mapping. These four types of mappings reveal information on how the children connect form and meaning by means of a conceptualisation process.

A significant finding is that the use of metaphor is not really active at this early stage of language acquisition, but that metonymy is a more productive categorisation mechanism at this stage. This corresponds with studies done by Pérez-Hernández and Duvignau (2016) on French speaking children and Rundblad and Annaz (2010) on English children in which it was found that metonymy is more basic than metaphor.

KEYWORDS: Afrikaans first language acquisition; categorisation; cognitive linguistics; conceptualisation; conceptual blending; form-meaning mapping; image-schematic structure; metaphor; metonymy; prototype model; usage-based theories

TREFWOORDE: Afrikaans eerstetaalverwerwing; beeldskematische struktuur; gebruiksgebaseerde teorieë; kategorisering; kognitiewe linguistiek; konseptualisering; konseptuele versmelting; metaforiek; metonimie; prototipemodel; vorm-betekenis-passing

OPSUMMING

Eerstetaalverwerwing kan beskryf word as die aanleer van die fonologie, morfologie, leksikon, sintaksis, semantiek (en pragmatiek) van 'n taal. Daar kan dus aangelei word dat beide taaltipologiese en taalspesifieke faktore betrokke is by hierdie proses en derhalwe is taalspesifieke studies oor eerstetaalverwerwing wat taaltipologiese faktore aanwend, nodig om hierdie navorsingsveld te ontgin. In Afrikaans is nog min navorsing gedoen oor eerstetaalverwerwing en die noodsaak wat Lieven (2010:92,103) aandui vir 'n verskeidenheid taalverwerwingstudies in verskillende tale en spesifiek oor hoe kinders vorm en betekenis aan mekaar verbind (dus vorm-betekenis-passings maak), word nie in die huidige Afrikaanse literatuur gevul nie. Hierdie studie se doel is om (i) 'n bestekopname van beskikbare navorsing oor Afrikaanse eerstetaalverwerwing te verskaf en die navorsingsmoontlikhede te identifiseer en (ii) deur middel van 'n analise van oorspronklike data (iii) afleidings te maak oor hoe jong Afrikaanse kinders wat net begin om taal aan te leer, vorm en betekenis aan mekaar verbind. Data van 21 Afrikaanssprekende kinders tussen die ouderdom van agt en 24 maande is geanalyseer vanuit 'n teoretiese raamwerk van die gebruiksgebaseerde benadering en kognitiewe linguistiek en afleidings oor die wyse waarop die kinders vorm en betekenis aan mekaar verbind, is gemaak op grond van vier tipes passings, naamlik simplekse passing, komplekse passing, metaforiese passing en metonimiese passing.

1. INLEIDING: EERSTETAALVERWERWING IN AFRIKAANS¹

'n Eerste taal word deur alle mense in een of ander vorm aangeleer. Bloomfield (1933:29) beskryf dit as "doubtless the greatest intellectual feat any one of us is ever required to perform".

¹ Hierdie artikel is gedeeltelik gebaseer op 'n Meestersgraadstudie waarin verskillende temas binne die veld van Afrikaanse eerstetaalverwerwing bestudeer is.

Taalverwerwing² kan kortliks beskryf word as die aanleer van die fonologie, morfologie, leksikon, sintaksis, semantiek (en pragmatiek) van 'n taal, asook die onderliggende en abstrakte reëls verbonde aan hierdie grammaticale vlakke (Lust 2006:9-27). Hoewel dit 'n vermoë is wat alle mense op 'n stadium in hul lewens aanleer, verduidelik Christophe et al. (2010:53) dat daar 'n paar moeilike take is wat kinders wat hul moedertaal aanleer, moet bemeester: "[T]hey have to acquire the phonology of the language, construct their vocabulary and discover the syntactic rules governing the organisation of words within sentences."

Vanuit die bogenoemde omskrywing van taalverwerwing as die aanleer van die grammaticale vlakke van 'n taal, is dit duidelik dat daar taaltipologiese aspekte is wat universeel is tot taalaanleer en wat met ander woorde deur alle kinders – ongeag watter taal hulle begin praat – aangeleer word. Tog leer kinders 'n spesifieke taal aan. Daar is dus, buiten die universele taalaanleerprosesse, ook nog taalspesifieke aspekte wat 'n kind moet aanleer wanneer hy/sy begin om 'n taal te praat. Wanneer 'n ondersoeker dus navorsing doen oor die wyse waarop kinders 'n bepaalde taal aanleer, behoort hy/sy beide die taaltipologiese én taalspesifieke aspekte van die taalaanleerproses by die studie te betrek.

Lieven (2010:92;103) duï 'n universele behoefté aan vir meer taalverwerwingstudies in 'n verskeidenheid tale, maar spesifiek ook navorsing oor hoe jong kinders vorm en betekenis aan mekaar verbind vanuit die insette in verskillende kommunikatiewe kontekste. Lieven (2010:92) sê dat die "typological characteristics of the language children are learning will be important in how they start to assemble a vocabulary and break into structure". Hierdie tema, naamlik hoe kinders vorm aan 'n sekere betekenis of funksie verbind, is al in sommige ander tale soos Engels en Nederlands bestudeer (vergelyk onder andere Clark 1993; De Groot 1991; Gillis 1984; Halliday 1975; Nelson 1991), maar 'n taalspesifieke studie in hierdie verband is nog nie in Afrikaans uitgevoer nie.

Soos aangetoon sal word in Afdeling 2, is daar oor die algemeen nog min navorsing gedoen oor hoe Afrikaanse kinders hul eerste taal aanleer en 'n bestekopname van die beskikbare Afrikaanse navorsing is ook nog nie gedoen nie. Die navorsing wat wél al oor eerstetaalverwerwing van Afrikaans gedoen is, is grotendeels te vinde in drie ondersoeksveldé, naamlik opvoedkunde, sielkunde en taalkunde. Die studies in opvoedkunde fokus meestal op die proses van *tweedetaalverwerwing* en taalverwerwing in *onderrigsituasies*. In die veld van sielkunde val die fokus op *taalontwikkeling* en veral op kinders met leer-, ouditiewe of neurologiese gestremdhede. Wat die veld van taalkunde betref, is enkele studies uitgevoer wat fokus op i) ouderdomme waarop sekere mylpale in die kinders se taalontwikkeling bereik word, ii) 'n vergelyking tussen die taalgebruik van eerste- en tweedetaalsprekers, en iii) ouer kinders (veral op laerskoolvlak) se taalvermoëns.

Lieven (2010:103) benadruk die belangrikheid van taalspesifieke studies oor passings tussen vorm en betekenis in kindertaal en vanuit 'n literatuurstudie oor die beskikbare bronne

² 'n Onderskeid kan gemaak word tussen eerste- en tweedetaalverwerwing. Eerstetaalverwerwing is 'n proses van natuurlike assimilasie, terwyl tweedetaalverwerwing daarteenoor 'n bewustelike proses is (Shine 2011:736). Ghazali (2006:2) verduidelik dat die mees basiese verskil tussen eerste- en tweedetaalverwerwing is dat eerstetaalverwerwing ontstaan uit natuurlike en onbewustelike taalgebruik en in die meeste gevalle lei tot vlotheid in gespreksituasies, terwyl tweedetaalverwerwing die bewustelike aanleer van taal deur middel van formele instruksie behels en nie noodwendig lei tot vlotheid in gespreksituasies nie. Die fokus van hierdie artikel is op die wyse waarop kinders hul eerste taal aanleer, en derhalwe verwys die term *taalverwerwing* in hierdie artikel voorts deurgaans na *eerstetaalverwerwing*.

oor Afrikaanse eerstetaalverwerwing, is dit duidelik dat daar, soos aangetoon sal word in hierdie artikel, nog nie 'n studie in Afrikaans uitgevoer is wat spesifiek hierop fokus nie.

Verder is daar vanuit die literatuurstudie 'n tweede duidelike leemte in die studieveld van Afrikaanse eerstetaalverwerwing, naamlik studies waarin die navorser self oorspronklike eerstetaalverwerkingsdata insamel en ondersoek. Met ander woorde, daar word in die bestaande literatuur oor Afrikaanse eerstetaalverwerwing meestal op ander bestaande literatuur staatgemaak in die beskrywing van prosesse betrokke by eerstetaalverwerwing. 'n Afrikaanse taalverwerwingstudie waarin oorspronklike data ingesamel en geanalyseer word, sal dus 'n groot bydrae maak tot die Afrikaanse literatuur.

Die doel van hierdie artikel is derhalwe drieledig. In die eerste plek is dit om 'n **bestekopname** aan te bied wat gemaak is van die beskikbare bronne oor Afrikaanse eerstetaalverwerwing. Vanuit hierdie bestekopname kan daar aangetoon word watter leemtes – náás die reeds geïdentifiseerde leemte aan navorsing oor hoe jong Afrikaanse kinders vorm en betekenis aan mekaar verbind – in die Afrikaanse literatuur oor taalverwerwing bestaan. Ten tweede is die doel van hierdie artikel om die leemte aan **inligting oor vorm-betekenis-passings** by jong kinders aan te spreek deur 'n studie binne die veld van Afrikaanse eerstetaalverwerwing huis rondom hierdie tema uit te voer. Derdens is die doel ook om 'n analise van nuwe en **orspronklike Afrikaanse eerstetaalverwerkingsdata** aan te bied.

2. BESTAANDE LITERATUUR OOR EERSTETAALVERWERWING IN AFRIKAANS

Eerstetaalverwerwing is 'n fenomeen wat relevant is vir 'n verskeidenheid dissiplines. Derhalwe vind 'n mens studies oor eerstetaalverwerwing wat veral vanuit opvoedkundige, sielkundige of taalkundige perspektiewe aangepak word. Daar is ook studies wat interdissiplinêr te werk gaan om hierdie fenomeen te ondersoek. Tog is daar min navorsing oor Afrikaanse eerstetaalverwerwing beskikbaar. In hierdie afdeling word die enkele beskikbare bronne oor Afrikaanse eerstetaalverwerwing kortliks bespreek, ten einde aan te toon dat daar verdere potensiaal is vir taalspesifieke eerstetaalverwerwingnavorsing in Afrikaans – maar meer spesifiek, dat daar veral 'n bydrae te maak is oor die wyse waarop Afrikaanse kinders betekenis en vorm skakel.

2.1 Eerstetaalverwerwingnavorsing vanuit 'n opvoedkundige perspektief

Naas Pieterse (1989a), Pieterse (1989b), Mongiat (1993) en Klop (2003), is daar binne die opvoedkundige konteks nie 'n groot verskeidenheid studies oor Afrikaanse eerstetaalverwerwing beskikbaar nie. Die eersgenoemde drie artikels het hoofsaaklik betrekking op die taal van laerskoolkinders, en Klop (2003) fokus op kinders tussen die ouderdom van vyf-en-'n-half en ses-en-'n-half jaar. Nie een van hierdie studies se fokus betrek jong kinders wat maar pas begin om taal aan te leer nie.

Pieterse (1989a) en Pieterse (1989b) bespreek kortliks die rol van die onderwyser in die ontwikkeling van die skoolbeginner se eerste taal en sy/haar kommunikasievermoëns in hierdie taal, sowel as die effek wat skoolgereedheid het op die suksesvolle verwerwing van die kind se taal in die klaskamersituasie. Oorspronklike data word nie vir hierdie studie gebruik nie en die besprekings is uitsluitlik gebaseer op 'n literatuurstudie.

Mongiat (1993) fokus in haar artikel op die verhouding tussen die verwerwing van die moedertaal en die verwerwing van 'n tweede taal in die klaskamersituasie. Sekere kennis

rakende die verwerwing van 'n eerste taal word toegepas op die kommunikatiewe onderrig van 'n tweede taal. Daar word egter in hierdie studie ook hoofsaaklik op literatuurstudie staatgemaak en oorspronklike data word nie aangebied om die teoretiese besprekingspunte mee toe te lig nie.

Klop (2003) se studie fokus op die ontluikende geletterdheid van 'n kind en sy is van mening dat hierdie geletterdheidsvaardighede al in die vroeë kinderjare begin ontwikkel. Klop (2003:157) onderskei tussen taalvaardighede, "wat spontaan deur kinders van alle kulture verwerf word, sonder instruksie en ongeag kognitiewe, psigo-sosiale en omgewingsveranderlikes", en geletterdheidsvaardighede, "wat as 'n sekondêre stel vaardighede beskou kan word wat spesifieke instruksie vereis en nie in alle omgewings en kulture voorkom nie". Klop (2003:157-158) lê veral klem op die rol wat volwassenes in die kinders se verwerwing van geletterdheidsvaardighede speel. Alhoewel Klop (2003) haar eie data ingesamel het, was die fokus van die studie meer op hoe dialogiese lees kinders wat alreeds 'n taal verwerf het, se taal- en kommunikasievaardighede kan verbeter en nie op die vroeë fasies van taalverwerwing nie.

Samevattend handel die beskikbare artikels binne opvoedkunde veral oor tweedetaalverwerwing en -onderrig, die ontwikkeling van taal binne 'n klaskamersituasie en die ontwikkeling van kinders se geletterdheids- en taalvaardighede deur middel van sekere tegnieke. Binne hierdie veld word daar ook oor die algemeen op die skoolgaande kind gefokus, en van die gemelde studies is Klop (2003) die enigste een wat oorspronklike data gebruik het.

Daar is wel nog heelwat navorsingsmoontlikhede wat betref eerstetaalverwerwing oor Afrikaans vanuit 'n opvoedkundige perspektief. Tweetaligheid in die klaskamer is 'n onderwerp wat al wyd in ander tale bestudeer is (vergelyk onder meer Beardsmore 1996; Clegg 2011; Larking 1996; Planas 2014) en kan nog verder uitgebrei word in die Afrikaanse literatuur. Nog 'n onderwerp wat vanuit 'n opvoedkundige perspektief bestudeer kan word, is dié van die rol van die versorger wat betref die Afrikaanse kind se eerstetaalverwerwing. Studies wat al in hierdie verband uitgevoer is, veral op jonger kinders onder die ouerdom van sewe jaar, is Asztalos et al. (2017), Buac, Gross en Kaushanskaya (2014) en Rhyner et al. (2013). Verder kyk Berry (2016) in 'n studie na die effek van klaskamerondersteuning op die taalontwikkeling van die Engelse voorskoolse kind, en 'n soortgelyke taalspesifieke studie oor Afrikaans kan in die Suid-Afrikaanse konteks ook 'n belangrike bydrae tot die veld van opvoedkunde bied.

2.2 Eerstetaalverwerwingnavorsing vanuit 'n sielkundeperspektief

Studies oor eerstetaalverwerwing en spesifiek taalontwikkeling is ook algemeen binne die veld van sielkunde. Daar word dikwels binne hierdie veld gefokus op die taalontwikkeling en kommunikasievermoëns van kinders met gestremdhede. Studies binne die veld van sielkunde werk telkemale interdissiplinêr om sekere probleme op te los. Nietemin is daar min navorsing oor Afrikaanse eerstetaalverwerwing vanuit 'n sielkundeperspektief gepubliseer.

Daar is tans slegs vier³ Afrikaanse navorsingsartikels in die veld van sielkunde wat enigsins melding maak van eerstetaalverwerwing, naamlik Du Preez (1976a; 1976b), Louw en Louw (2007) en Lessing (2012). Laasgenoemde artikel handel hoofsaaklik oor die wyse waarop taal kan bydra tot opvoedkundig-sielkundige aspekte.

³ Drie ander studies wat sielkunde en taalgebruik van kinders kombineer, maar wat spesifiek fokus op 'n bepaalde gestremdheid, is Smit et al. (1987), Kaltenbrunn et al. (2005) en Tolmie en Van Staden (2015). Navorsing oor kinders met gestremdhede is egter nie relevant vir hierdie studie nie, en dit word ook nie verder bespreek nie.

Du Preez (1976) verskaf in 'n artikel wat in twee onderskeie, maar opeenvolgende dele gepubliseer is, 'n literatuurstudie van die tipiese taalontwikkelingsvlakke waarvolgens 'n kind taal aanleer en dan ook sekere taalmoeilikhede wat die kind op die verskillende ontwikkelingsvlakke kan teëkom. Die taalontwikkelingsvlakke wat deur Du Preez (1976a:63) onderskei word en ook in dié volgorde voorkom, is: refleksiewe taal, innerlike taal, ouditief-reseptiewe taal (luister), ouditief-ekspressiewe taal (praat), visueel-reseptiewe taal (lees), visueel-ekspressiewe taal (skryf) en in die finale stadium 'n taalverfyning. Du Preez (1976a:63) meen dat dit taalontwikkeling kan strem indien die nodige stimulering tydens een van hierdie fases agterweë bly.

Wat die tweede deel van die artikel betref, naamlik 'n bespreking van taalmoeilikhede in die taalontwikkeling van die kind asook 'n aantal moontlike oplossings vir hierdie probleem, meen Du Preez (1979b:109) dat taalmoeilikhede op enige van die ontwikkelingsvlakke kan manifesteer. Taalontwikkelingsvlakke van 'n hoër hiérargiese orde word dikwels deur taalmoeilikhede van 'n laer hiérargiese orde beïnvloed, alhoewel die omgekeerde ook moontlik kan wees. Drie oorsake van taalmoeilikhede word bespreek, naamlik neurogeniese-, psigogeniese- en skologeniese oorsake. Du Preez (1979b:112) kom vanuit die literatuurstudie tot die slotsom dat 'n kind se taalontwikkeling sterk steun op die persoonlike en individuele kommunikasie van die ouer met die kind – "in situasie met as fundamentele vereistes oneindige geduld, liefdevolle versorging, veiligheid, geborgenheid, indiwidueel-gerigte leiding, en 'n gestructureerde en geordende gesinsatmosfeer". Du Preez (1979) gebruik dus nie oorspronklike data nie, maar verskaf slegs 'n literatuurstudie van 'n kind se taalontwikkelingsvlakke en taalmoeilikhede wat op dié vlakke kan manifesteer.

Louw en Louw (2007) bied in hul handboek getitled *Die ontwikkeling van die kind en adolescent* 'n oorsigtelike bespreking van die kind se taalontwikkeling en die onderskeie lewensfases wat daarvan verband hou. Hulle kyk ook na faktore wat 'n moontlike invloed op 'n kind se taalontwikkeling kan hê soos geslag, sosiale klas, intelligensie, tweetalighed, ouers en die media. Louw en Louw (2007) se handboek fokus op algemene inligting en prosesse betrokke by eerstetaalverwerwing en kyk nie in diepte na hierdie aspekte nie.

In bogenoemde vier bronne word hoofsaaklik op literatuurstudies staatgemaak en oorspronklike data is derhalwe nie ingesamel of aangebied nie.

Net soos in die veld van opvoedkunde, is daar nog heelwat navorsingsmoontlikhede rakende Afrikaanse eerstetaalverwerwing in die veld van sielkunde, veral wat betref interdissiplinêre studies, aangesien psigolinguistiek 'n aktiewe navorsingsveld is. Psigolinguistiek en rekenaarlinguistiek word dikwels gekombineer om eerstetaalverwerwingsprobleme op te los (vergelyk Langdon 2013; Nyamapfene 2011).

2.3 Eerstetaalverwerwingnavorsing vanuit 'n taalkundige perspektief

Slegs sewe bronne⁴ kon opgespoor word wat 'n taalkundige beskouing op eerstetaalverwerwing in Afrikaans bied, naamlik De Klerk (1971), Nel (1983), Verwey et al. (1987), Van der Merwe en Southwood (2008), Southwood (2010), Southwood (2013) en Perold Potgieter en Southwood (2016).

⁴ Southwood en Van Hout (2010), Van der Merwe en Adendorff (2012) en Gagiano en Southwood (2015) fokus op die Afrikaanse taalontwikkeling van kinders met 'n spesifieke taalgebrek, maar aangesien dit nie binne die bestek van hierdie artikel val nie, word dit nie hier verder bespreek nie.

In De Klerk (1971) word gekyk na die probleme betrokke by 'n ondersoek in die veld van kindertaal, en 'n poging word aangewend om die voorvereistes wat 'n kind moet besit om 'n taal aan te leer, te evalueer aan die hand van beskikbare literatuur. De Klerk verskaf dus ook slegs 'n sistematiese oorsig van beskikbare literatuur.

Nel (1983) se studie handel oor die taalontwikkeling van Afrikaanstalige kleuters met spesifieke verwysing na sintaksis en woordeskat. 'n Psigolinguistiese benadering tot die sintaktiese ontwikkeling van die kind word gevolg. Temas soos spraakontwikkelingsfases, taalteorieë, eenwoorduitinge, klankvorming, taalgebreke, taalproduktiwiteit, tweewoorduitinge, sintaktiese uitbreiding, die verskil tussen die ontwikkeling van seuns en dogters en die rol van die moeder by die ontwikkeling van sintaksis en woordeskat, word oorsigtelik ondersoek en bespreek. Nel (1983) gebruik die spraakontwikkeling van haar eie twee dogtertjies as data en bevind dat die "sintaktiese en leksikale ontwikkeling van 'n kleuter in belangrike mate bepaal word deur oorerwings- en omgewingsfaktore, maar ook beïnvloed word deur die rol van die moeder, wat as primêr beskou moet word" (Nel 1983:96). Aangesien Nel (1983) slegs oorsigtelik en samevattend na hierdie temas kyk, kan ander studies wat meer in diepte op een of meer van die temas fokus, by Nel se studie aansluit.

Verwey et al. (1987) se studie ondersoek die woordassosiasievermoëns van Afrikaans-sprekende laerskoolkinders. Die doel van hierdie studie is om die ontwikkeling van woordassosiasies by Afrikaanssprekende kinders te bestudeer, asook die wyse waarop hierdie woordassosiasies moontlik verander soos die kinders ouer word. Hulle het veertig kinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar as proefpersone gebruik, en het spesifiek gekyk na kinders se sintagmatiese (opvolgende) en paradigmatische (respons in dieselfde grammatikale klas) assosiasies (1987:213). Die artikel word afgesluit deur te meld dat dit belangrik is om die ontwikkeling van woordassosiasievermoëns te bestudeer, aangesien dit 'n belangrike rol speel in 'n kind se semantiese en kognitiewe ontwikkeling. Hulle studie het ook gepoog om 'n leemte te vul deur 'n Afrikaanse woordassosiasietoets te ontwikkel.

Verwey et al. (1987) se fokus val net op laerskoolkinders se taalontwikkeling, dit wil sê tussen ses en twaalf jaar. Verder word daar nie duidelik van die begin af beskryf wat presies met woordassosiasievermoëns bedoel word nie. Daar kan egter vanuit die eksperiment wat hulle uitgevoer het, afgelei word dat die fokus slegs op 'n leksikale vlak lê, en nie soseer ook op semantiese vlak nie (hulle kyk dus nie spesifiek en in diepte na woordbetekenisse nie). Hierdie studie het ook kwantitatief te werk gegaan (teenoor kwalitatief) om persentasies en frekwensies te bepaal en daardeur statistiese afleidings te maak.

Nog 'n studie waarvan kortliks melding gemaak kan word, is dié van Van der Merwe en Southwood (2008) waarin eerste- en tweedetaalsprekers van Afrikaans tussen die ouderdom van agt en tien se kennis van figuurlike taalgebruik getoets is. Dit is gedoen deur 25 idiome sonder enige gebruikskonteks aan die kinders voor te stel. Slegs wanneer die kind 'n verkeerde interpretasie van die idioom verskaf het, is die idioom vir die kind binne konteks gestel. Van der Merwe en Southwood (2008:45) skryf die volgende rakende die resultate van hierdie toets: "There was no statistically significant difference between the comprehension of idioms by the two language groups and they gave comparable numbers of literal interpretations. Providing context was beneficial to both groups." Hierdie studie is ook nie van toepassing op die vroeë fasies van eerstetaalverwerwing nie, aangesien dit kinders se taalvermoëns op 'n later ouderdom toets. Ander studies wat ook uitgevoer is op ouer kinders of op kinders wat Afrikaans as 'n tweede taal aanleer, is Conradie (2005) en Vorster en Reagan (1990).

Southwood (2010) ondersoek in haar artikel of die teenwoordigheid van primêre manlike versorgers kinders se taalvermoë beïnvloed. 'n Taaltoets is uitgevoer op 342 Afrikaanssprekende

kinders tussen die ouerdom van vier en nege. Hierdie kinders was afkomstig vanuit verskeie sosio-ekonomiese agtergronde. Die uitslae van die kinders met 'n primêre manlike versorger is vergelyk met dié daarsonder en daar is bevind dat die groep met primêre manlike versorgers se taalvermoë baie beter is as dié kinders sonder een. Die fokus van Southwood (2010) se studie val dus ook op ouer kinders wat alreeds 'n eerste taal aangeleer het se taalvermoë.

Twee studies waarin die sosio-ekonomiese agtergrond van die kinders 'n hooffokus vorm, is dié van Southwood (2013) en Perold Potgieter en Southwood (2016). Southwood (2013) se artikel fokus daarop om te bepaal of daar 'n korrelasie is tussen die sosio-ekonomiese agtergrond van Afrikaanssprekende kinders en hulle prestasie in 'n dialekneutrale taaltoets. Die taaltoets is toegepas op 231 kinders tussen die ouerdom van vier en tien. 'n Positiewe korrelasie is gevind tussen die "composite language scores as well as the scores for each of the language domains (syntax, pragmatics, semantics) and the primary female caregivers' highest level of education" (Southwood 2013:415).

Perold Potgieter en Southwood (2016) se studie fokus op die volgende: "This study investigated how trilinguals fare on the cross-linguistic lexical tasks (CLT)-Afrikaans, -isiXhosa and -South African English (SAE) (cf. Haman et al., 2015) compared to monolingual controls, and whether the CLT-Afrikaans renders comparable results across socioeconomic status (SES) backgrounds" (2016:87). 'n Taaltoets is uitgevoer op 41 lae-SES vierjariges (elf drietalige sprekers en tien eentalige sprekers van Afrikaans, isiXhosa en SAE) en op elf mid-SES vierjarige eentalige sprekers. Die resultate het aangetoon dat "trilinguals' proficiency in their exposure-dominant language did not differ significantly from monolinguals' proficiency, but their proficiency in their additional two languages was significantly lower than monolinguals' proficiency" (Perold Potgieter & Soutwood 2016:87). Verder het die resultate ook aangetoon dat lae- en mid-SES eentaliges beduidend verskil het wat betref die "noun-related CLT measures", maar nie wat betref die "verb-related CLT measures" nie (Perold Potgieter & Soutwood, 2016:87). Hierdie twee studies fokus dus ook op ouer kinders wat alreeds 'n redelike kennis van hul eerste taal of van meer as een taal het.

Tot op hede is daar dus binne die Afrikaanse taalkunde met betrekking tot eerstetaalverwerwingstudies hoofsaaklik gefokus op i) algemene taalontwikkeling; ii) probleme betrokke by die ondersoek van kindertaal, iii) laerskoolkinders se sintagmatiese en paradigmatische response; iv) 'n vergelyking tussen eerste- en tweedetaalsprekers; en v) op die verhouding tussen sprekers se sosio-ekonomiese agtergrond en hul taalontwikkeling. Alhoewel Nel (1983), Verwey et al. (1987), Van der Merwe en Southwood (2008), Southwood (2010), Southwood (2013) en Perold Potgieter en Southwood (2016) wel oorspronklike data by hul studies betrek, word die twee spesifieke leemtes wat in hierdie artikel gestel is, nie voldoende deur hierdie bestaande studies aangevul nie.

Daar is dus ook nog heelwat navorsingsmoontlikhede vanuit 'n taalkundige perspektief oor eerstetaalverwerwing, veral wat die huidige internasionale fokus betref. In die eerste plek word daar internasionaal baie op teorieë van taalverwerwing gefokus en die invloed wat 'n teoretiese perspektief op die analise van kindertaaldata het (vergelyk Ambridge & Lieven 2011; Cole et al. 2015). Verder word daar ook internasionaal heelwat vergelykende studies uitgevoer van eerstetaalverwerwing in verskillende tale (vergelyk Bassano & Hickmann 2013; Kail & Hickmann 2010; Küntay et al. 2014). Beskrywende studies waarin ondersoek ingestel word na fonologiese (Archer & Curtin 2016; Kaur & Rau 2015; Swingley 2017; Tribushinina 2013), semantiese (Abend et al. 2017; Srinivasan et al. 2017) en morfosintaktiese (Cuza 2016; Legendre et al. 2014; Lustigman 2013) aspekte van eerstetaalverwerwing of waarin een of meer van hierdie aspekte gekombineer word, is ook algemeen in die internationale literatuur.

2.4 Samevattung

Vanuit hierdie bestekopname oor watter literatuur beskikbaar is in die veld van Afrikaanse eerstetaalverwerwing en watter onderwerpe internasionaal bestudeer word, is dit duidelik dat daar nog heelwat navorsingsmoontlikhede binne hierdie veld bestaan. Die studieveld van eerstetaalverwerwing is in Afrikaans nog tot 'n groot mate onontgin, en bied heelwat navorsingsmoontlikhede aan taalkundiges wat in hiérdie veld wil werk. Die behoefte aan navorsing oor hoe kinders vorm en betekenis aan mekaar verbind (vergelyk Lieven 2010:103), word byvoorbeeld nie tans in navorsing oor Afrikaans gevul nie. Verder is daar skynbaar ook nie veel oorspronklike kindertaaldata vir navorsers wat op Afrikaans wil werk beskikbaar nie. Dit is veral hiérdie twee leemtes wat deur hierdie studie se fokus gevul wil word.

3. HOE AFRIKAANSE KINDERS TAALTEKENS EN BETEKENIS AAN MEKAAR VERBIND

In hierdie afdeling word daar eerstens kortliks verslag gelewer oor die teoretiese raamwerk wat gebruik is om die vorm-betekenis-passings (skakeling tussen vorm en betekenis) van jong Afrikaanse kinders te analiseer. Die gebruiksgebaseerde benadering is in hierdie studie gevolg. Vanuit hierdie benadering is sekere modelle, meganismes en prosesse van kategorisering en konseptualisering wat aansluit by die kognitiewe linguistiek gekies om die vorm-betekenis-passings mee te beskryf. Tweedens word die proses van dataversameling en -analise, sowel as die resultate van die data-analise ook bespreek.

3.1 'n Gebruiksgebaseerde benadering tot eerstetaalverwerwing

Studies oor eerstetaalverwerwing word meestal hoofsaaklik binne een van twee teenoorstaande benaderings aangepak, naamlik die *empirisme* of *rasionalisme*. Die basiese uitgangspunt van die empirisme is dat kennis (en dus ook taalstruktur) afgelei word van ervarings afkomstig vanaf die buitewêreld, terwyl die rasionalisme stel dat kennis afgelei word vanuit die struktuur van die menslike verstand en dat taalstruktur 'n inherente verskynsel is waarmee 'n kind gebore word (Lust 2006:50). 'n Empirisistiese benadering word in hierdie studie gevolg. Die rede daarvoor is dat hierdie studie oor hoe kinders vorm en betekenis aan mekaar verbind (dus 'n vorm-betekenis-passing maak) probeer bepaal hoe die kinders deur middel van ervarings (afkomstig vanaf die buitewêreld) konsepte, en dus betekenis, met sekere woordvorme assosieer. Dit impliseer met ander woorde 'n proses van konseptualisering en kategorisering.

Gebruiksgebaseerde teorieë is geskoei op die empirisistiese benadering en Tomasello (2003:5) meld dat hierdie siening ontstaan het as teenvoeter vir dié van die Chomskiaanse generatiewe grammatika.⁵ Gebruiksgebaseerde teorieë beklemtoon die sentrale uitgangspunt dat taalstruktur ontluik vanuit taalgebruik: "Usage-based theories hold that the essence of language is its symbolic dimension, with grammar being derivative" (Tomasello 2003:5).

Die gebruiksgebaseerde teorieë veronderstel kortliks, volgens Tomasello (2001:169), dat kinders linguistiese uitdrukings leer deur die taal wat in hul omgewing gepraat word en dan sekere algemene kognitiewe en sosiaal-kognitiewe vaardighede soos kategorisering, skemativering, ens. gebruik om hierdie aangeleerde uitdrukings op 'n kreatiewe wyse te kombineer

⁵ Vergelyk Chomsky (1965).

en te struktureer. Tomasello en Bates (2001:4) stel ook dat kognitiewe ontwikkeling van kardinale belang is vir die proses om nuwe woorde aan te leer, aangesien 'n mens nie kan praat oor iets wat hy/sy nog nie op 'n manier verstaan en gekonseptualiseer het nie.

Tomasello en Bates (2001:5-6) maak verder die belangrike stelling dat "children must acquire words by extracting their forms from complex utterances and their meanings from complex social-communicative situations; and to produce them they must integrate them into their larger communicative situations". Hulle erken dat die woordleerproses deel is van 'n baie komplekse stel prosesse waardeur kinders leer om linguistiese vorme met die bedoelde betekenis te assosieer (Tomasello & Bates 2001:6). Aangesien die gebruiksgebaseerde teorieë voorsiening maak vir hierdie proses, is dit toepaslik vir 'n studie waar kinders se vorm-betekenis-passings ondersoek word.

Die fase waartydens kinders hul eerste leksikale items begin gebruik, word oor die algemeen gekenmerk as 'n holofrastiese fase (Cattell 2000:6). Volgens Tomasello (2000:65) wil 'n kind uit die aard van die saak verstaan wat 'n volwassene aan hom/haar in 'n uiting probeer kommunikeer, maar wanneer die kind met ander mense probeer kommunikeer, slaag hy/sy dikwels slegs daarin om net een linguistiese element van die volwassene se hele uiting te (her)produseer. 'n Holofrase kan dus gedefinieer word as een linguistiese simbool wat as 'n hele uiting funksioneer.

Volgens Behrens (2009:384) maak die gebruiksgebaseerde teorieë tot taalverwerwing staat op insigte vanuit die kognitiewe linguistiek, wat sy in hierdie konteks beskryf as 'n "a nonmodular theory that assumes that linguistic structure is tied to the semantics and pragmatics it encodes". Aspekte van kognitiewe linguistiek word ingesluit by die teoretiese raamwerk ten einde die kinders se kategorisering en konseptualisering te kan beskryf. Hierdie aspekte is (i) die prototipemodel as voorstelling van kategoriestruktuur, (ii) beeldskematisiese struktuur, (iii) metaforiek en metonimie en (iv) konseptuele versmelting, en dit word in Afdeling 3.2 verder bespreek.⁶

3.2 Kategorisering en konseptualisering

3.2.1 Prototipemodel

Konseptualisering en kategorisering is in wese die proses wat ondersoek word wanneer kinders se vorm-betekenis-passings geanaliseer word. 'n Kind moet eers 'n sekere entiteit konseptualiseer alvorens hy/sy dit kan kategoriseer. Hierdie kategorisering is dan ook as 't ware wanneer die kind hierdie gekonseptualiseerde entiteit aan 'n bepaalde woordvorm verbind. Volgens Barcelona en Valenzuela (2011:19) is een van die basiese uitgangspunte van kognitiewe linguistiek dat "our typically human categorization strategies, especially our tendency to construct categories on the basis of prototypical basic-level subcategories or exemplars jointly account, together with cultural, contextual and functional parameters, for the main design features of languages and our ability to learn and use them".

Kategorisering is onderliggend aan 'n mens (en dus ook aan 'n kind wat besig is om taal aan te leer) se konseptuele sisteem en volgens die prototipemodel as voorstelling van kategoriestruktuur is konseptuele kategorieë nie klinkklare entiteite wat deur 'n stel nodige en voldoende kriteria gedefinieer kan word nie. Die prototipemodel stel dat kategoriegrense

⁶ Die gebruiksgebaseerde teorieë tot taal word omvattend in onder meer Behrens (2009), Bybee (2006), Goldberg (1995), Tomasello (2000; 2001) en Van Rooy en Kruger (2015) bespreek.

onafgebakend is en dat sommige konsepte in meer as een kategorie kan behoort. Ander konsepte kan weer gesien word as die prototipe van 'n spesifieke kategorie, aangesien dit daardie kategorie se beste verteenwoordiger is (Croft & Cruse 2004; Jackendoff 1983; Lakoff 1987; Rosch 1978; Rosch & Mervis 1975; Taylor 1995; 1998; 2007).

Twee vlakke van kategorisering kan onderskei word binne die prototipemodel en word veral deur Rosch (1978) bespreek. Die vertikale vlak kan voorgestel word as 'n taksonomie en dit is die dimensie waarlangs superordinaat-, basisvlak- en subordinaatitems van mekaar onderskei word. Die horizontale vlak is die dimensie waarlangs hiponimiese lede van dieselfde superordinaatkategorie van mekaar onderskei word. Wanneer daar op een van hierdie kategorieë binne die taksonomie gefokus word, kan die kategorie as 'n radiale netwerk voorgestel word waar daar 'n graad van lidmaatskap is. Dit beteken dat daar lede is wat 'n hoër "gradering" het binne die kategorie as ander lede.

Om die prototipemodel vir die voorstelling van kategoriestruktuur te gebruik in die bestudering van kinders se konseptualisering en kategorisering, maak meer sin as die klassieke model (wat stel dat kategorieë afgebakende grense het), aangesien kinders se konseptuele kategorieë nog nie uitgebreid is nie. Dit beteken dat hulle kategorieë nog baie oorvleuel en dat sekere konsepte by 'n verskeidenheid kategorieë ingesluit word en dat een leksikale item dan gebruik word om daarna te verwys.

3.2.2 Beeldskematische struktuur

Beeldskemas is prelinguistiese kognitiewe strukture wat op die basis van 'n mens se vroegste ervaringsverwerf word en gebruik word in die vorming van die mees basiese konsepte (Barcelona 2003:214). Beeldskemas is dus onderliggend aan talle ervarings wat daagliks deur 'n mens (en ook 'n kind) beleef word. Die volgende beeldskemas is die vernaamste wat deur Johnson (1987) onderskei en ook deur Lakoff (1987) verder bespreek word: (1) HOUER ("CONTAINER"); (2) DEEL-GEHEEL ("PART-WHOLE"); (3) SKAKEL ("LINK"); (4) SENTRUM-PERIFERIE ("CENTER-PERIPHERY"); (5) BRON-ROETE-DOELWIT ("SOURCE-PATH-GOAL"); (6) OP-AF ("UP-DOWN"); (7) BALANS ("BALANCE"); (8) DWANG ("COMPELCTION"); (9) VERSPERRING ("BLOCKAGE"); (10) TEENKRAAG ("COUNTERFORCE"); (11) INSTAATSTELLING ("ENABLEMENT"); (12) AANTREKKING ("ATTRACTION"); (13) SIKLUS ("CYCLE"); en (14) SKAAL ("SCALE").

3.2.3 Metaforiek en metonimie

Metaforiek en metonimie (Lakoff & Johnson 1980) is aktiewe kognitiewe meganismes in volwasse taalgebruik en aangesien die moontlikheid dat dit in kindertaal kan figureer, nie uitgesluit kan word nie, is dit ook by die teoretiese raamwerk betrek.

Metaforiek vind plaas wanneer een ervaringsdomein gedeeltelik op 'n ander ervaringsdomein gepas word – die tweede ervaringsdomein word dan gedeeltelik verstaan in terme van die eerste en die leksikale item van die eerste ervaringsdomein word gebruik om albei domeine in te sluit (Barcelona 2003:211). Lakoff en Johnson (1980:5) meld dat die essensie van die metafoor daarin lê om een konsep in terme van 'n ander konsep te verstaan en teervaar.

Metonimie is 'n kognitiewe megisme waar een konsep van 'n ervaringsdomein gedeeltelik verstaan word in terme van 'n ander konsep binne dieselfde ervaringsdomein of waarvan die konsep instaan vir die ervaringsdomein as geheel (Barcelona 2003:215). Die verskil tussen metaforiek en metonimie is dat die twee konsepte wat in metonimie ter sprake is, in 'n gemeenskaplike ervaringsdomein vervat is (dus tot dieselfde superordinaat behoort),

terwyl die twee konsepte in metaforiek in aparte ervaringsdomeine lê, maar deur sekere meganismes aan mekaar gelykgestel word.

Lakoff en Johnson (1980:36) verduidelik dat metonimie ook die funksie het om 'n mens te help om iets te verstaan, aangesien daar byvoorbeeld talle dele is wat kan instaan vir die geheel, maar dat die deel wat 'n mens uitkies huis bepaal op watter aspek van die geheel daar gefokus moet word. Metonimie is ook volgens Lakoff en Johnson (1980:37) "part of the ordinary, everyday way we think and act as well as talk". Metonimie kan op grond van 'n deel-geheel-verhouding, deel-deel-verhouding, of geheel-deel-verhouding plaasvind.

3.2.4 Konseptuele versmelting

Konseptuele versmelting kan beskou word as 'n illustrasie van die werking van kognitiewe meganismes en prosesse soos beeldskemas en metaforiek en metonimie (Barcelona & Valenzuela 2011:29). Konseptuele versmelting vind plaas wanneer konsepte met mekaar vergelyk word en kan in baie gevalle die proses van kategorisering verduidelik. 'n Konseptuele versmelting verwys na die proses waartydens struktuur van twee of meer mentale invoerruimtes geprojekteer en gepas word op 'n versmelte ruimte (Turner & Fauconnier 1995:183). Volgens Turner en Fauconnier (1995:183) erf die versmelte ruimte dan gedeeltelik struktuur vanaf die invoerruimtes, maar het ook 'n ontluikende struktuur van sy eie. 'n Versmelting vind meestal plaas wanneer daar met 'n onbekende entiteit in die wêreld kennis gemaak word en hierdie entiteit met ander entiteite (wat reeds bekend is) vergelyk moet word om dit te kan verstaan.

3.2.5 Slotsom

Die data is met behulp van die bogenoemde teoretiese raamwerk ontleed. Die data-analise is ingebied in die gebruiksgebaseerde benadering tot taalverwerwing, met sekere uitgangspunte vanuit die kognitiewe linguistiek wat ook in gedagte gehou is.

Daar is 'n mate van sistematiek waarvolgens hierdie aspekte van kategorisering en konseptualisering verpak en op kindertaal toegepas kan word. Ervarings en konsepte word eerstens mentaal gestructureer volgens sekere beeldskemas. Volgens Evans (2015:123) begin kinders al van geboorte af om eenvoudige konsepte mentaal te stoor. Evans (2015:123) sê verder dat 'n kind se vroeeste verteenwoordigings die vorm van skemas aanneem waarna hy verwys as "relatively sketchy concepts that derive from a child's experience of perceiving the world in motion".

Hierdie ervaringskemas kan dan geprojekteer en uitgebrei word met behulp van metaforiese en metonimiese passings. Hierdie tipies passings is veral nuttig wanneer 'n kind se woordeskataf nog nie uitgebreid genoeg is om konsepte te benoem waarmee hy/sy deur middel van nuwe ervarings te doen kry nie. Volgens Pérez-Hernández en Duvignau (2016:384) blyk dit dat voorskoolse kinders nie-konvensionele boodskappe produseer "involving analogies that allow them to succeed in communicating their thoughts in the absence of a conventional name for the intended referent". Pérez-Hernández en Duvignau (2016:385) meld verder dat jong kinders se gebruik van metaforiek en metonimie van die volwasse gebruik verskil, aangesien kinders hierdie konseptuele hulpmiddels aanwend om die gapings in hul onvolwasse leksikon te vul. Hulle doen dit "by means of stretching the meaning of those terms they have already acquired" (Pérez-Hernández & Duvignau 2016:385).

Die proses van konseptuele versmelting kan die funksionering van metaforiek en metonimie verder toelig en ook meer inligting verskaf oor hoe kinders verskillende konsepte

met mekaar in verband bring en dan as 't ware met mekaar versmelt. Die prototipemodel van kategorisering is gedurig onderliggend aan al hierdie aspekte van konseptualisering. Hierdie prosesse verloop nie altyd chronologies nie, maar is aanhoudend met mekaar in wisselwerking en nie noodwendig verbonde aan 'n sekere volgorde nie.

3.3 Insameling van oorspronklike Afrikaanse kindertaaldata

3.3.1 Ondersoekgroep en respondentē

Die ondersoekgroep van hierdie studie het bestaan uit 21 Afrikaanssprekende kinders⁷ tussen die ouderdomme van agt en 24 maande. Die rede vir die reikwydte van die ouderdomsgroep is dat nie alle kinders taal op dieselfde ouderdom begin gebruik nie. Kinders begin oor die algemeen rondom eenjarige ouderdom taal gebruik, alhoewel hulle al teen agt maande sekere woorde kan herken en onthou (Lust 2006; Louw & Louw 2007; Gillis & De Houwer 2001). Die kinders moes binne hierdie ouderdomsgroep gewees het gedurende die vyf maande wat die data ingesamel is (begin Desember 2014 – einde April 2015).

Die ma's van die kinders was die respondentē en dataversamelaars vir die studie en daar is slegs met hulle gekommunikeer. Die ouers het dus die rol van deelnemer én waarnemer vervul, aangesien die kinders in hul natuurlike omgewing waargeneem moes word ten einde natuurlike en spontane data te bekom. Die ouerverslag is al in verskeie studies suksesvol gebruik. Volgens Naigles (2012:241) is die metode waar ouers aantekeninge maak van hul kinders se optrede deel van die vroegste studies van navorsing in kindertaal, maar dit is ook al gebruik deur Greenfield en Smith (1976), Pérez-Hernández en Duvignau (2016) en Tomasello (1992). Verder het Kristen et al. (2012:635) asook Guiberson en Rodríguez (2010:225) bevind dat ouerverslag, alhoewel onderworpe aan moontlike subjektiewe vooroordeel, 'n waardevolle en suksesvolle instrument is in die versameling van longitudinale⁸ kindertaaldata.

Aangesien daar in hierdie studie uitsluitlik op taalverwerwing gefokus is, is daar grotendeels met 'n homogene groep kinders gewerk. Sodoende kon die taaldata van verskillende kinders met mekaar vergelyk en verbande getrek word, sonder die inagneming van te veel kontekstuele en kulturele faktore. Twintig van die kinders se gesinsamestelling bestaan uit 'n wit ouerpaar, terwyl 'n enkele gesin bestaan uit 'n wit enkelmaet 'n swart aangename dogter. Daar is vir elke kind 'n skuilnaam toegeken en slegs die skuilnaam is gebruik wanneer daar na die spesifieke kind se data verwys word. Die fokus het demografies gevall op kinders wat in Noordwes, Limpopo, Gauteng, Vrystaat en Mpumalanga woonagtig is, gebaseer op 'n gerieflikheidsteekproef.⁹

Behalwe vir een kind, is al die kinders se moedertaal Afrikaans. In hierdie een kind se huishouding word daar beide Afrikaans en Nederlands deur die ouers gepraat. In sommige huishoudings word daar wel ook, veral deur die huishulp, ander tale soos Setswana, isiZulu en Engels met die kinders gepraat. Sommige kinders kry ook blootstelling aan Engels deur

⁷ Die etieknommer van hierdie studie is NWU-00184-14-A7.

⁸ Longitudinale data is die versameling van data oor 'n langer tydperk waar dieselfde subjek se ontwikkeling in verskillende stadia in die tydsraamwerk ondersoek word. Afleidings rondom die subjek se taalontwikkeling kan dus met behulp van longitudinale data gemaak word.

⁹ Volgens Emerson (2015:166) verwys 'n gerieflikheidsteekproef na 'n steekproef wat saamgestel is uit respondentē wat geïdentifiseer is volgens hul gepastheid vir die kriteria van die studie. Verder is die respondentē ook maklik bereikbaar vir die navorsing en woon dus dikwels in dieselfde geografiese area en het dieselfde sosio-ekonomiese status of etniese agtergrond.

veral televisieprogramme. Hierdie blootstelling aan ander tale, met die uitsondering van die kind wat tweetalig grootword, blyk egter nie op hierdie stadium 'n ingrypende invloed op hul taalontwikkeling te hê nie.

3.3.2 Data-insameling en kontrole

Data is ingesamel deur middel van 'n dagboekinskrywingsformaat.¹⁰ Aan die begin van die ondersoektydperk is daar per e-pos vir elke respondent drie elektroniese dokumente gestuur, naamlik (i) 'n Microsoft Word-templaat vir die dagboekinskrywings, (ii) 'n inligtingsdokument en (iii) 'n videosnit met verdere toelighting. Die inligtingsblad het al die nodige inligting bevat rakende die studie. Die video het gedien as 'n verdere verduideliking van presies wat van die ouer as respondent verwag is wanneer hul die dagboekinskrywings voltooi. Daar is per e-pos gekorrespondeer met alle respondenten wat ná hierdie aanvanklike kommunikasierondte nog onseker was oor enige aspekte van die data-insameling.

Die dagboekinskrywingsformaat bestaan uit 'n voorblad waarop inligting van die studie verskaf is en waarop respondenten toestemming gegee het dat die data van hul kinders se taalgebruik in die studie geanalyseer mag word. Die daaropvolgende bladsye bestaan uit 'n tabel met ses kolomme wat gebruik is om die data-insameling te struktureer. Hierdie kolomme het die volgende inligting vereis:

- a) Wat die woorde en/of woordkombinasies is wat die kind gebruik het.
- b) Drie voorbeeld van kontekste waarin die spesifieke leksikale item gebruik is.
- c) 'n Aanduiding van die moontlike betekenis wat die kind aan die leksikale item verbind.
- d) Die ouer se graad van sekerheid rakende hierdie moontlike betekenis. Dit is aangedui deur 'n skaal van 1 tot 5, waar 1 heeltemal onseker en 5 heeltemal seker is.
- e) Die ouerdom waarop die kind vir die eerste keer die leksikale item gebruik het.
- f) 'n Aanduiding of daar 'n ouerdom was waarop die kind opgehou het om die leksikale item te gebruik en of dit toe met 'n ander leksikale item vervang is.

Na een maand van datadokumentering het die respondenten hul eerste weergawe van die dagboekinskrywings aangestuur sodat daar gekontroleer kon word of hulle die dokumente reg invul. Vir sommige respondenten is aanbevelings gemaak oor hoe hul die dagboekinskrywings kon verbeter of aanpas om die gepastheid van die data vir die ondersoeksdoel te verseker.

3.3.3 Kodering en organisering van data

Die data-analise in hierdie studie is ingebed in die raamwerk van die gebruiksgebaseerde benadering tot taalverwerwing en 'n kwalitatiewe paradigma is gevolg.

Die rekenaarsageware ATLAS.ti is gebruik vir die kodering van die data. Wat die kodes betref, is daar in die eerste plek met 'n deduktiewe metode gewerk ten einde kodes te identifiseer. Kodes wat deur deduktiewe metodes geïdentifiseer is, verwys na vooropgestelde kategorieë vanuit die literatuur (vergelyk Afdeling 3.2) wat as vertrekpunt gebruik is. Daar is egter na gelang van die aard van die data ook kodes op 'n induktiewe wyse toegeken, dit is kategorieë wat ontlukkend vanuit die data na vore getree het. Die kodes wat deduktief toegeken is, is *metaforiese passing* en *metonimiese passing*. Simplekse, komplekse, metaforiese en

¹⁰ Die outeurs is tans besig om die data beskikbaar te stel vir die *South African Centre for Digital Language Resources* (SADiLaR) wat tans ontwikkel word.

metonimiese passings word in Afdeling 3.4 verder bespreek. Die kodes wat induktief toegeken is, is *onbruikbaar/onseker*,¹¹ *nabootsing*,¹² *simplekse passing* en *komplekse passing*.

3.1 Resultate

3.4.1 Simplekse en komplekse passings

Tydens die eerste analisefase is die data induktief volgens die aard van die leksikale items (oftewel die vorm-betekenis-passings) gekategoriseer. Twee belangrike hoofkategorieë is tydens hierdie fase geïdentifiseer, naamlik *simplekse passing* en *komplekse passing*.

Met *simplekse passing* word bedoel dat die vorm-betekenis-passing meer volgens van nader aan konvensie is, alhoewel die passing tussen die leksikale item en die volledige gebruik (wat die funksie betref) moontlik verdere interpretasie verg. Dit word wel gereken as 'n wyse waarop 'n vorm en 'n sekere betekenis aanmekaar verbind word. 869 voorbeeld van simplekse passings is geïdentifiseer. Voorbeeld¹³ van *simplekse passings* word in (1), (2) en (3) weergegee.

(1)	Alicia	pappa	As sy vir pappa sien Staan in die kot en roep hom
(2)	Liandri	ghoela	Wys na 'n foto van 'n gorilla en noem hom ghoela Wys na haar teddiebeer gorilla en noem hom ghoela

In Alicia se passing in (1), te wete [[PAPPA]/|pappa|], verwys die leksikale item |pappa| slegs na die entiteit [PAPPA] en is in ooreenstemming met gekonvensionaliseerde, oftewel *volwasse* taalgebruik. Alicia gebruik egter hierdie leksikale item holofrasties om twee funksies uit te druk, naamlik om te verwys na die bestaan of herkenning van 'n objek en as 'n versoek dat 'n sekere handeling moet plaasvind.

Wat Liandri se leksikale item betref, kan daar duidelik uit die konteks afgelei word dat dit haar intensie was om die gekonvensionaliseerde uitspraak van gorilla te gebruik, maar dat sy nog nie die vermoë het om die woord korrek uit te spreek nie. Daar kan vanuit hierdie kontekste afgelei word dat verdere interpretasie nie noodwendig nodig is rakende die wyse waarop Liandri konseptualiseer en kategoriseer ten einde 'n vorm-betekenis-passing te maak nie en daar kan verwag word dat sy mettertyd die konvensionele fonologiese vorm sal begin gebruik.

¹¹ Sommige leksikale items is op grond van verskeie redes as *onbruikbaar/onseker* geklassifiseer. Hierdie redes sluit in dat die respondent nie geweet het hoekom die kind die spesifieke leksikale item gebruik nie en dat 'n leksikale item slegs een keer gebruik is.

¹² 'n Leksikale item is as *nabootsing* gekodeer indien dit nie spontaan deur die kind gebruik is nie, maar slegs as nabootsing van die ouer of iemand anders se taalgebruik. Dit word vir die doeleindes van hierdie studie nog nie as 'n tipe vorm-betekenis-passing geklassifiseer nie, en is dus nie verder geanaliseer nie.

¹³ In elke voorbeeldstruktuur word i) die pseudoniem van die kind wat die leksikale item gebruik het, ii) die leksikale item self en iii) die kontekste waarin die item gebruik is, weergegee. Die bewoording is presies so oorgeneem vanuit die respondent se dagboekinskrywings. In die geval waar een van die kontekste onderstreep is, is dit slegs daardie konteks wat toepaslik is vir die spesifieke bespreking.

(3) Wilma	op	As sy op die kas wil sit As sy opgetel wil word As sy sien haar sussie klim op iets
-----------	----	---

Uit hierdie kontekste wat aangebied word, is dit duidelik dat Wilma gewoon 'n sin impliseer soos "Ek wil op die kas sit" of "Tel my op" of "Sussie klim op die kas". Hierdie kontekste verwys egter ook na die aanwending van die leksikale item om verskillende funksies te verrig.

Wat *komplekse passings* betref, word die passing tussen vorm en betekenis op 'n meer komplekse wyse gevorm, en 'n passing tussen vorm en betekenis is derhalwe nie direk afleibaar nie. Dit beteken dat die konseptualiseringssproses verder geanaliseer en geïnterpreteer moet word om die vorm-betekenis-passing optimaal te kan verstaan. 145 voorbeeld van komplekse passings is geïdentifiseer. Voorbeeld (4) se tweede konteks (onderstreep) is 'n illustrasie van 'n komplekse passing.

(4) Mandie	pê	As sy perde sien <u>As sy beeste sien</u>
------------	----	--

Mandie gebruik die leksikale item |pê| om na perde en beeste te verwys. Die vorm-betekenis-passing is dus [[PERD]/|pê|], wat beskou kan word as 'n simplekse passing, maar ook [[BEES]/|pê|]. In hierdie tweede geval is die vorm-betekenis-passing kompleks. Deur middel van 'n proses van vergelyking, wat kategorisering veronderstel, sien Mandie raak dat 'n perd en 'n bees soortgelyke eienskappe het, en op grond van hierdie verband word die leksikale item vir [PERD] verleng om na die konsep [BEES] ook te verwys. Komplekse passings word in afdeling 3.4.2 en 3.4.3 verder bespreek.

3.4.2 Metaforiese en metonimiese passings

Tydens die tweede analisefase is daar gefokus op die leksikale items wat as *komplekse passings* beskou kan word met die doel om hierdie passings verder te differensieer. Die komplekse passings is toe verder verdeel in *metaforiese passing* of *metonimiese passing*.

Tydens 'n *metaforiese passing* word 'n leksikale item gebruik om die ervaar of verstaan van een konsep in terme van 'n ander konsep uit te druk, alhoewel die konsepte tot twee verskillende konseptuele domeine behoort (Lakoff & Johnson 1980:5). Daar is slegs twee voorbeeld van moontlike metaforiese passings in die data geïdentifiseer en dit word in (5) en (6) weergegee. Hierdie voorbeeld is egter nie so eenduidig of direk nie en kan verskillend geïnterpreteer word, wat 'n verdere aanduiding is dat metaforek nog nie op hierdie stadium produktief deur die kinders gebruik word nie.

(5) Jana	eina	Wanneer sy huil as sy seergekry het As ek haar boudjies skoonmaak en sy het brandboudjies As sy ongelukkig is oor iets <u>As iets stukkend is of gebreek het</u> Sê dit ook vir 'n pynappel (kan wees oor dit haar seergemaak het of omdat sy die "pyn" assosieer met eina)
----------	------	---

(6) Mandie	eina	Wanneer sy seergekry het Wanneer iemand anders seerkry <u>Wanneer iets brand</u> ¹⁴
------------	------	--

Jana gebruik die woord ook as iets stukkend of gebreek is en Mandie gebruik dit ook as iets brand. In albei hierdie gevalle word nie-lewendige entiteite gepersonifieer en die konsep van [SEERKRY] (soos weergegee deur |eina|) word aan entiteite wat nie werklik seer kan kry nie, toegeken. Dit kan dus moontlik as 'n metaforiese passing beskou word, aangesien 'n lewendige en nie-lewendige entiteit in twee verskillende konseptuele domeine voorkom. Personifikasie word immers by uitstek as 'n soort metafoor gesien (Lakoff & Johnson 1980:33).

Met 'n *metonimiese passing* word 'n leksikale item van een entiteit binne 'n bepaalde domein gebruik om na 'n ander entiteit binne dieselfde domein (of wat dieselfde superordinaat het) te verwys (Lakoff & Johnson 1980:36). 'n Metonimiese passing word derhalwe gemaak op grond van 'n uitbreidings- of verlengingsverhouding tussen kategorielede wat binne dieselfde konseptuele domein bestaan. In die meeste gevalle waar 'n kind 'n metonimiese passing maak, is dit omdat die kind se kategorie nog ongedifferensieerd is en hy/sy dan die leksikale item tot sy/haar beskikking aanwend vir die beskrywing van verbandhoudende konsepte. Daar is heelwat meer metonimiese passings as metaforiese passings in die data geïdentifiseer, naamlik 135 voorbeeld. Twee voorbeeld van metonimiese passings word in (7) en (8) weergegee.

(7) Jana	tá	Wanneer jy vir haar 'n tak wys Wanneer sy 'n stokkie optel <u>Wanneer sy 'n boom of struik sien</u>
----------	----	---

'n [TAK] is 'n interafhanklike deel van 'n [BOOM] of 'n [STRUIK] en kan ook as die basisvlak tot die toepaslike taksonomie beskou word, aangesien dit konseptueel vir Jana voorstelbaar is. Dit kan ook gesien word as Jana se prototipe tot die kategorie {BOOM} en dit is moontlik dat Jana op grond van die perseptuele interafhanklikheid die twee konsepte met mekaar in verband bring het. Die versmelting wat Jana maak tussen [TAK] en [BOOM] of [TAK] en [STRUIK] is nie verrassend nie, aangesien daar 'n duidelike korrelasie tussen hierdie konsepte is, naamlik dat 'n [TAK] op 'n interafhanklike wyse deel is van 'n [BOOM] of 'n [STRUIK].

(8) Henri	te	<u>Wanneer hy 'n leë bottel na my toe bring om iets in te gooí</u> <u>Wanneer hy sy bottel sien</u> Wanneer hy tee of koeldrank sien
-----------	----	--

Voorbeeld (8) illustreer 'n markante proses vir 'n klein kind, naamlik om iets in 'n bottel (gewoonlik tee of melk) te kry om te drink. Dit is dus 'n algemene ervaring vir kinders en op grond van hierdie ervaring word die leksikale item vir die inhoud van die houer, naamlik [TEE] of [MELK], gebruik om die houer, naamlik die [BOTTEL], as 'n geheel te benoem. Hierdie voorbeeld sluit ook aan by die HOUER-skema, aangesien die kinders ervaar dat die bottel 'n houer is en daar gewoonlik iets in hierdie houer is.

¹⁴ Hoewel hierdie voorbeeld 'n meerduidige betekenis kan hé, word daar vanuit die konteks wat deur die respondent verskaf is, afgelei dat dit hier verwys na 'n entiteit wat aan die brand is.

'n Belangrike afleiding kan hier gemaak word, naamlik dat metonimie op hierdie stadium 'n meer produktiewe kategorisermeganismse vir jong Afrikaanse kinders is as metaforek. Dit sluit aan by 'n studie wat uitgevoer is deur Pérez-Hernández en Duvignau (2016:390) waarin bevind is dat jonger kinders (ouderdom 20 maande tot 3 jaar) metonimiese passings verkies het bō passings gebaseer op metafore. Rundblad en Annaz (2010:556) het ook bevind dat metonimie kognitief meer basies is as metafoor en dat die verstaan en gebruik van metonimie vinniger ontwikkel as dié van metaforek.

3.4.3 Versmeltingsreeks

Nog 'n verskynsel wat in die data geïdentifiseer is, is wat benoem word as 'n versmeltingsreeks. 'n Versmeltingsreeks word nie hanteer as 'n tipe passing op sigself nie, maar eerder as 'n wyse waarop sekere vorm-betekenis-passings verstaan en aangebied kan word. Dit sluit aan by die idee van konseptuele versmelting. 'n Versmeltingsreeks verwys na passings wat op mekaar volg waar kontekstuele inligting rakende die vóórige passing nodig is om die volgende passing optimaal te kan interpreteer. Passings werk dus eintlik in 'n ontwikkeling of 'n "reeks" saam om betekenis te skep.

'n Voorbeeld van 'n versmeltingsreeks is Jana se gebruik van die leksikale item |miaa| soos weergegee in (9).

(9)	Jana	miaa	Aanvanklik net herhaal agter ons aan As sy 'n prentjie van 'n kat sien As sy gevra word hoe maak 'n kat As sy die grondboontjiebotterbottel sien Op 17 maande dit begin sê vir enige bottel uit die konfytkas (waar die grondboontjiebotter gebêre word)
-----	------	------	--

In die eerste plek, nadat sy die leksikale item spontaan begin gebruik het, het sy dit as 'n metonimiese passing op grond van 'n deel-geheel-verhouding gebruik, aangesien sy die klank wat 'n kat maak as naamgewing van die objek self gebruik het. Sy het dit toe ook gebruik as sy gevra word hoe maak 'n kat en in hierdie geval is dit 'n voorbeeld van 'n simplekse passing, aangesien 'n volwassene dit ook in hierdie konteks sal gebruik. Ons aanvaar dat Jana, toe sy aanvanklik begin het om vir die grondboontjiebotter |miaa| te sê, waarskynlik verwys het na die prentjie van die kat wat op die etiket is. Van daar af het sy die konseptuele sprong gemaak na die ruimte waar hierdie tipes bottels gebêre word, naamlik die konfytkas en deur middel van hierdie assosiasie het sy alle bottels wat daar gebêre word, 'n |miaa| begin noem (dus ook 'n metonimiese passing op grond van 'n deel-deel-verhouding). Die drie kontekste van gebruik waar sy dit vir 'n kat of 'n prentjie van 'n kat sê, waar sy dit vir die grondboontjiebotterbottel sê en waar sy dit vir enige bottel uit die konfytkas sê, kan saamgegroepeer word en moet dus saam ontleed word om sin daarvan te kan maak.

Nog 'n duidelike voorbeeld van 'n versmeltingsreeks is Ashley wat 'n versmelting tussen die gebruik van |aaam| en |padda| gemaak het en dit word weergegee in (10) en (11).

(10) Ashley	padda	As sy enige liedjie wil luister As sy 'n spesifieke liedjie ("Paddatjie, wat maak jy daar?") wil sing As sy wil hê ek moet vir haar 'n liedjie sing
(11) Ashley	aaam	As sy wil hê ek moet vir haar "Padda wou gaan oopsit" sing As sy klaar gebid het (vir amen) Sy het egter 'n uitgebreide assosiasie gemaak tussen: "padda" (die dier), "padda" (die liedjie van die padda wat op sy rug val"), "padda" (die liedjie van die padda wat wou gaan oopsit met sy nooi in die vlei"), "Amen" (as sy klaar gebid het") en "Ahah" (die refrein van die genoemde liedjie". Aanvanklik het sy "aaam" of "ahah" gesê vir "amen", en toe een keer, nadat ons gebid het, gesê "padda", in plaas van "Amen".

Ashley maak 'n uitgebreide assosiasie tussen [PADDA] (die dier), [PADDATJIE, WATMAAK JY DAAR?-LIEDJIE], [DIE PADDA WOU GAAN OPSIT-LIEDJIE], [AMEN] (einde van 'n gebed) en [AHAM] (die refrein van die liedjie *Die padda wou gaan oopsit*).

Sy het aanvanklik die leksikale item |padda| gebruik vir die spesifieke liedjie *Paddatjie, wat maak jy daar?* en dit toe begin gebruik vir enige liedjie wat gesing moes word. In hierdie opsig is dit 'n metonimiese passing, aangesien hierdie spesifieke liedjie haar mees prototipiese liedjie is en die leksikale item toe aangewend is om na alle liedjies as 'n geheel te verwys. Sy het toe op 'n later stadium die leksikale item |aaam| begin gebruik vir die spesifieke liedjie *Die padda wou gaan oopsit*, waarvan *aham* die refrein is. Verder het sy aanvanklik, heel waarskynlik op grond van 'n fonetiese assosiasie, |aaam| of |aham| gesê vir [AMEN] en toe een keer nadat sy en haar ma klaar gebid het, het sy *padda* gesê in plaas van *amen*. Dit is dus moontlik dat Ashley dink dat wanneer daar aan die slot van 'n gebed *amen* gesê word, dit verwys na die padda-liedjie waarin die refrein *aham* voorkom. Dit is dus noodsaaklik om die vorige kontekste van gebruik in ag te neem ten einde te verstaan hoekom sy |padda| in hierdie situasie gebruik het.

4. BESPREKING EN GEVOLGTREKKING: HOE AFRIKAANSE KINDERS VORM EN BETEKENIS AAN MEKAAR VERBIND

Die doel van hierdie studie was drieledig. Eerstens was dit om 'n bestekopname aan te bied van beskikbare navorsing oor Afrikaanse eerstetaalverwerwing ten einde navorsingsgeleenthede in hierdie ondersoeksveld te identifiseer. Tweedens was dit om 'n studie uit te voer oor hoe jong Afrikaanse kinders tussen die ouderdom van agt en 24 maande, wat dus net begin om taal aan te leer, vorm en betekenis aan mekaar verbind en derdens om oorspronklike kindertaaldata te versamel.

Die gevolgtrekking van die bestekopname is dat daar in die eerste plek nog baie min studies uitgevoer is oor Afrikaanse eerstetaalverwerwing en nog heelwat navorsingsmoontlikhede bestaan. Daar bestaan onder andere ook nog nie 'n Afrikaanse studie oor die belangrike

tema binne die breër veld van eerstetaalverwerwing, naamlik hoe jong kinders vorm-betekenis-passings maak nie.

Die resultate van hiérdie studie van vorm-betekenis-passings van jong Afrikaanse kinders (aan die hand van oorspronklike kindertaaldata) toon aan dat daar hoofsaaklik twee maniere is waarop vorm en betekenis op mekaar gepas word, naamlik op 'n simplekse of komplekse manier. 'n Simplekse passing veronderstel 'n eenvoudige vorm-betekenis-passing waar die konseptualiseringssproses meer volgens of nader aan konvensie is. Die meerderheid leksikale items, 869 van 1014, is simplekse passings en dus word afgelei dat kinders tog die vermoë het om konsepte vanuit die staanspoor volgens konvensie uit te druk, alhoewel die simplekse passings ook aangewend word om 'n verskeidenheid funksies te vervul.

'n Komplekse passing veronderstel 'n proses waartydens die passing tussen vorm en betekenis nie so eenvoudig is nie en die konseptualisering op 'n interessante en indirekte wyse plaasvind. 145 van 1014 leksikale items is as komplekse passings gekategoriseer en hieruit word afgelei dat jong kinders wel ook konseptuele kategorieë het wat nog ongedifferensieerd is en met tyd verder uitgebred sal word.

Verder het die resultate getoon dat die komplekse passings nog verdeel kon word in metaforiese passing (slegs twee moontlike voorbeeld) en metonimiese passing (135 moontlike voorbeeld). 'n Metaforiese passing word gemaak wanneer een ervaringsdomein gedeeltelik op 'n ander ervaringsdomein gepas word – die tweede ervaringsdomein word dan gedeeltelik verstaan in terme van die eerste een en die leksikale item van die eerste een word gebruik om albei domeine in te sluit. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat metaforiek nog nie op hierdie stadium 'n produktiewe kategoriseringssmeganisme is nie. Dit is wel nie noodwendig verrassend dat daar so min voorbeeld van metaforiese passings in sulke jong kinders se taalgebruik te vind was nie, aangesien metaforiek hoogs abstrak is (soos ook genoem deur Popova 2013:3) en kinders van hierdie ouerdom nog nie noodwendig geleer het hoe om hierdie abstrakte kategorieë te verstaan nie. 'n Metonimiese passing is wanneer die leksikale item van een konsep (waarskynlik die mees prototipiese konsep vir die kind) binne 'n spesifieke konseptuele domein gebruik word om een of meerdere konsep(te) in dieselfde konseptuele domein te benoem.

Nog 'n verskynsel wat in die data geïdentifiseer is, is 'n versmeltingsreeks. Dit is nie 'n tipe passing nie, maar wel 'n manier waarop 'n reeks vorm-betekenis-passings verstaan en bestudeer word. 'n Versmeltingsreeks verwys na passings wat op mekaar volg waar kontekstuele inligting rakende die vóórige passing nodig is om die volgende passing optimaal te kan interpreteer. Die passings werk dus eintlik as 'n reeks saam om betekenis te skep en sluit aan by die idee van konseptuele versmelting waar 'n nuwe konsep met 'n bestaande konsep versmelt word ten einde daarvan sin te maak.

Die jong Afrikaanse kinders maak dus op 'n verskeidenheid wyses 'n skakel tussen vorm en betekenis, maar hul konseptualisering en kategorisering, sowel as hul linguistiese repertoire waarmee hul die betekenisse kan uitdruk, moet nog uitbrei. 'n Aanhaling van Nerlich et al. (1999:366) kan dien as 'n samevatting van hierdie proses: "[T]he children's semantic system as well as their systems of concepts and categories, although not altogether different from adult ones, are as yet incomplete and unstructured and will have to be adjusted and modified in the years to come."

Daar is ruimte vir verdere navorsing oor Afrikaanse eerstetaalverwerwing in die algemeen (vergelyk Afdeling 2), maar spesifieker ook oor hoe Afrikaanse kinders vorm en betekenis aan mekaar verbind. 'n Studie oor vorm-betekenis-passings kan aangepak word met 'n groter, meer heterogene ondersoeksgroep waarin data vir 'n langer tydperk ingesamel word. Longitudinale data kan afleidings oor die ontwikkeling van kinders se konseptualisering en

kategorisering moontlik maak. Verdere navorsingsmoontlikhede sluit ook in dat Afrikaanse kinders se ontwikkeling van die gebruik van metaforek en metonimie met behulp van longitudinale data bestudeer word.

BIBLIOGRAFIE

- Abend, O., Kwiatkowski, T., Smith, N.J., Goldwater, S. & Steedman, M. 2017. Bootstrapping language acquisition. *Cognition*, 164:116-143.
- Ambridge, B. & Lieven, E. 2011. *Child language acquisition: contrasting theoretical approaches*. Cambridge; New York: Cambridge University Press.
- Archer, S.L. & Curtin, S. 2016. Nine-month-olds use frequency of onset clusters to segment novel words. *Journal of Experimental Child Psychology*, 148:131-141.
- Asztalos, E.V., Church, P.T., Riley, P., Fajardo, C. & Shah, P.S. 2017. Association between Primary Caregiver Education and Cognitive and Language Development of Preterm Neonates. *American Journal of Perinatology*, 34(4):364-371.
- Barcelona, A. 2003. Clarifying and applying the notions of metaphor and metonymy within cognitive linguistics: An update. In R. Dirven & R. Pörings (eds). *Metaphor and metonymy in comparison and contrast*. Berlin: Mouton de Gruyter, pp. 207-277.
- Barcelona, A. & Valenzuela, J. 2011. An overview of cognitive linguistics. In M. Brdar, S.T. Gries & M.Z. Fuchs (eds). *Cognitive Linguistics: Convergence and Expansion*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company, pp. 17-44.
- Bassano, D. & Hickmann, M. (eds). 2013. *Grammaticalization and first language acquisition: crosslinguistic perspectives*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.
- Beardsmore, H.B. 1996. Reconciling Content Acquisition and Language Acquisition in Bilingual Classrooms. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 17(2-4):114-122.
- Behrens, H. 2009. Usage-based and emergentist approaches to language acquisition. *Linguistics*, 47(2):383-411.
- Berry, S.R. 2016. An analysis of preschool classroom supports on child language development. North Carolina: University of North Carolina. [Dissertation – PhD].
- Bloomfield, L. 1933. *Language*. New York: Henry Holt.
- Buac, M., Gross, M. & Kaushanskaya, M. 2014. The Role of Primary Caregiver Vocabulary Knowledge in the Development of Bilingual Children's Vocabulary Skills. *Journal of Speech, Language and Hearing Research*, 57(5):1804-1816.
- Bybee, J. 2006. From usage to grammar: The mind's response to repetition. *Language*, 82:711-733.
- Cattell, R. 2000. *Children's Language: Consensus and Controversy*. London; New York: Cassell.
- Chomsky, N. 1965. *Aspects of the Theory of Syntax*. Cambridge; Massachusetts: The M.I.T. Press.
- Christophe, A., Millotte, S., Brusini, P. & Cauvet, E. 2010. Early bootstrapping of syntactic acquisition. In M. Kail & M. Hickman. (eds). *Language Acquisition across Linguistic and Cognitive Systems*. Amsterdam; Philadelphia: John Benjamins Publishing Company, pp.53-66.
- Clark, E.V. 1993. *The Lexicon in Acquisition*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Clegg, J. 2011. Teaching and learning in two languages in African classrooms. *Comparative Education*, 47(1):61-77.
- Cole, P., Hermon, G. & Yanti. 2015. Grammar of Binding in the languages of the world: Innate or learned? *Cognition*, 141:138-160.
- Conradie, S. 2005. Verb movement parameters in Afrikaans: Investigating the Full Transfer Full Access Hypothesis. Montreal: McGill University. [Thesis – PhD].
- Croft, W. & Cruse, D.A. 2004. *Cognitive Linguistics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Culbertson, J. & Newport, E.L. 2015. Harmonic biases in child learners: In support of language universals. *Cognition*, 139:71-82.
- Cuza, A. 2016. The status of interrogative subject–verb inversion in Spanish-English bilingual children. *Lingua*, 180:124-138.
- De Groot, A. 1991. Structuuren inhoud van het mentale lexicon. In A. Thomassen, L. Noordman & P. Eling (eds). *Lezen en Begrijpen: De Psychologie van het Leesproces*. Lisse: Swets & Zeitlinger.

- De Klerk, G.J. 1971. Enkele gedagtes oor die probleme en uitkomste van kindertaalstudie. *Taalfasette*, 15:67-87.
- Du Preez, J.J. 1976a. Taalontwikkeling by die kind met besondere verwysing na taalmoeilikhede. *Unie*, 73(2):63-69.
- Du Preez, J.J. 1976b. Taalontwikkeling by die kind met besondere verwysing na taalmoeilikhede (vervolg). *Unie*, 73(3):109-114.
- Elbers, L. & Van Loon-Vervoorn, A. 1998. Acquiring the Lexicon: Evidence from Dutch Research. In S. Gillis & A. De Houwer (eds). *The Acquisition of Dutch*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company, pp. 301-371.
- Emerson, R.W. 2015. Convenience Sampling, Random Sampling, and Snowball Sampling: How does sampling affect the validity of the research? *Journal of Visual Impairment and Blindness*, 109(2):164-168.
- Evans, V. 2015. *The Crucible of Language: How Language and Mind Create Meaning*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Gagiano, S. & Southwood, F. 2015. The use of digit and sentence repetition in the identification of language impairment: The case of child speakers of Afrikaans and South African English. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 44:37-60.
- Goldberg, A.E. 1995. *Constructions: A construction grammar approach to argument structure*. Chicago: Chicago University Press.
- Ghazali, F.A. 2006. First Language Acquisition Vs Second Language Acquisition: What is the difference? http://usir.salford.ac.uk/22469/1/First_Language_Acquisition_Vs_Second_Language_Learning.pdf [19 February 2015].
- Gillis, S. 1984. De verwerwing van Talige Referentie. Antwerp: University of Antwerp. [Thesis – PhD].
- Gillis, S. & De Houwer, A. 2001. Dutch Child Language: An Overview. In S. Gillis & A. De Houwer (eds). *The Acquisition of Dutch*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company, pp. 1-100.
- Greenfield, P.M. & Smith, J.H. 1976. *The Structure of Communication in Early Language Development*. New York; San Francisco; London: Academic Press.
- Guiberson, M. & Rodríguez, B.L. 2010. Measurement Properties and Classification Accuracy of Two Spanish Parent Surveys of Language Development for Preschool-Age Children. *American Journal of Speech-Language Pathology*, 19:225-237.
- Halliday, M.A.K. 1975. *Learning how to mean*. London: Edward Arnold Publishers.
- Hickmann, M. 2010. Linguistic relativity in first language acquisition. In M. Kail & M. Hickmann (eds). *Language Acquisition across Linguistic and Cognitive Systems*. Amsterdam; Philadelphia: John Benjamins Publishing Company, pp.125-146.
- Jackendoff, R. 2002. *Foundations of Language: Brain, Meaning, Grammar, Evolution*. Oxford; New York: Oxford University Press.
- Johnson, M. 1987. *The Body in the Mind: The Bodily Basis of Meaning, Imagination, and Reason*. Chicago; London: The University of Chicago Press.
- Kail, M. & Hickmann, M. (eds). 2010. *Language Acquisition across Linguistic and Cognitive Systems*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.
- Kaltenbrunn, I., Louw, B. & Hugo, R. 2005. Jong kinders se gebruik van kommunikasiefunksies vóór en ná kogleére implanting. *The South African Journal of Communication Disorders*, 52:15-24.
- Kaur, R. & Rau, T.A.S. 2015. Descriptive Analyses of Phonological Development in Typically Developing Hindi-Speaking Children. *Language in India*, 15(5):235-255.
- Klop, D. 2003. Die verhoging van voorskoolse kinders se sintaktiese kompleksiteit deur blootstelling aan dialogiese lees. *SPIL Plus*, 32:157-171.
- Kristen, S., Sodian, B., Licata, M., Thoermer, C. & Poulin-Dubois, D. 2012. The Development of Internal State Language during the Third Year of Life: A Longitudinal Parent Report Study. *Infant and Child Development*, 21:634-645.
- Küntay, A.C., Nakamura, K. & Şen, B.A. 2014. Crosslinguistic and crosscultural approaches to pragmatic development. In D. Matthews (ed.). *Pragmatic development in first language acquisition*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company, pp.317-341.
- Lakoff, G. 1987. *Women, fire, and dangerous things*. Chicago; London: University of Chicago Press.
- Lakoff, G. & Johnson, M. 1980. *Metaphors we live by*. Chicago; London: University of Chicago Press.

- Langdon, C. 2013. The Linguistic Structure and Neural Representation of Classifier Constructions: Through the Lens of Child Acquisition and fNIRS Neuroimaging of Adults. Washington: Gallaudet University. [PhD – Dissertation].
- Larking, L. 1996. Bilingualism Through the Classroom: Strategies and Practices in Brunei Darussalam. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 17(2-4):296-311.
- Legendre, G., Culbertson, J., Zaroukian, E., Hsin, L., Barrière, I. & Nazzi, T. 2014. Is children's comprehension of subject–verb agreement universally late? Comparative evidence from French, English, and Spanish. *Lingua*, 144:21-39.
- Lessing, A. 2012. Opvoedkundig-sielkundige aspekte wat kan bydra tot leerders se belangstelling in lees. *Mousaion*, 30(1):174-191.
- Lieven, E. 2010. Language development in a cross-linguistic context. In M. Kail & M. Hickmann (eds). *Language Acquisition across Linguistic and Cognitive Systems*. Amsterdam; Philadelphia: John Benjamins Publishing Company, pp. 91-108.
- Louw, D.A. & Louw, A. 2007. *Die ontwikkeling van die kind en die adolescent*. Bloemfontein: Psychology Publications.
- Lust, B. 2006. *Child Language: Acquisition and Growth*. New York: Cambridge University Press.
- Lustigman, L. 2013. Developing Structural Specification: Productivity in Early Hebrew Verb Usage. *First Language*, 33(1):47-67.
- Mongiat, M. 1993. Moedertaalverwerwing en die implikasie daarvan vir tweedetaalonderrig. *Journal for Language Teaching*, 27(1):53-59.
- Naigles, L.R. 2012. Not Sampling, Getting It All. In E. Hoff (ed). *Research Methods in Child Language*. Sussex: Blackwell Publishing Ltd, pp. 100-112.
- Nel, J.C.A.S. 1983. Taalontwikkeling by Afrikaanstalige kleuters met spesifieke verwysing na sintaksis en woordeskat. Pretoria: Universiteit van Pretoria. [Verhandeling – MA].
- Nelson, K. 1991. Concepts and meaning in language development. In D. Krasnegor, R. Rumbaugh, R. Schiefelbusch & M. Studdert-Kennedy (eds). *Biological and Behavioral Determinants of Language Development*. Hillsdale: Erlbaum.
- Nerlich, B., Clarke, D.D. & Todd, Z. 1999. "Mummy, I like being a sandwich": Metonymy in Language Acquisition. In K. Panther & G. Radden (eds). *Metonymy in Language and Thought*. Amsterdam; Philadelphia: John Benjamins Publishing Company, pp. 361-384.
- Nyamapfene, A. 2011. Towards Understanding Child Language Acquisition: An Unsupervised Multimodal Neural Network Approach. *Journal of Information Science and Engineering*, 27(5):1613-1639.
- Pérez-Hernández, L. & Duvignau, K. 2016. Metaphor, metonymy, and their interaction in the production of semantic approximations by monolingual children: A corpus analysis. *First language*, 36(4):383-406.
- Perold Potgieter, A. & Southwood, F. 2016. A comparison of proficiency levels in 4-year-old monolingual and trilingual speakers of Afrikaans, isiXhosa and South African English across SES boundaries, using LITMUS-CLT. *Clinical Linguistics and Phonetics*, 30(2):87-100.
- Pieterse, R. 1989a. Die rol van die onderwyser in die taalontwikkeling van die skoolbeginner. *Klasgids*, 24(4):3-6.
- Pieterse, R. 1989b. Doelgerigte taalverwerwing in die moedertaal. *Klasgids*, 24(1):3-9.
- Planas, N. 2014. One speaker, two languages: Learning opportunities in the mathematics classroom. *Educational Studies in Mathematics*, 87(1):51-66.
- Popova, M. 2013. The Magic of Metaphor: What Children's Minds Reveal about the Evolution of the Imagination. <https://www.brainpickings.org/2013/08/19/james-geary-i-is-an-other-children-metaphor/> [28 October 2015].
- Rashid, A. 2013. An Interplay of English and Urdu Languages in Pakistani ESL Learners: Implications of Sapir-Whorf hypothesis of Linguistic Relativity and Linguistic Determinism. *NUML Journal of Critical Inquiry*, 11(1):58-79.
- Rhyner, P.M., Guenther, K.L., Pizur-Barnekow, K., Cashin, S.E. & Chavie, A.L. 2013. Child caregivers' contingent responsiveness behaviors during interactions with toddlers within three day care contexts. *Communication Disorders Quarterly*, 34(4):232-241.
- Rosch, E.H. 1978. Principles of Categorization. In E. Rosch & B.B. Lloyd (eds). *Cognition and Categorization*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, pp. 27-46.

- Rosch, E. & Mervis, C.B. 1975. Family resemblances: Studies in the Internal Structure of Categories. *Cognitive Psychology*, 7:573-605.
- Rundblad, G. & Annaz, D. 2010. Development of metaphor and metonymy comprehension: Receptive vocabulary and conceptual knowledge. *British Journal of Developmental Psychology*, 28:547-563.
- Southwood, F. 2010. The presence of a primary male caregiver affects children's language skills. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 39:75-84.
- Southwood, F. 2013. Towards a dialect-neutral assessment of instrument for the language skills of Afrikaans-speaking children: the role of socioeconomic status. *Journal of Child Language*, 40:415-437.
- Swingley, D. 2017. The infant's developmental path in phonological acquisition. *British Journal of Psychology*, 108(1):28-30.
- Taylor, J.R. 1995. *Linguistic Categorization: Prototypes in Linguistic Theory*. Oxford: Clarendon Press.
- Taylor, J.R. 1998. Syntactic Constructions as Prototype Categories. In M. Tomasello (ed.). *The New Psychology of Language*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates Publishers, pp. 177-202.
- Taylor, J.R. 2007. *Ten Lectures on Applied Cognitive Linguistics by John Taylor*. Beijing: Foreign Language Teaching and Research Press.
- Tolmie, A. & Van Staden, A. 2015. Lees- en spellingagterstande van leerders met serebrale gestremdhede: Interaksie van werkgeheue, fonologiese prosessering en visueel-ruimtelike aspekte tot leer. *Journal for Language Teaching*, 49(1):11-31.
- Tomasello, M. 1992. The Social Bases of Language Acquisition. *Social Development*, 1(1):67-87.
- Tomasello, M. 2000. First steps toward a usage-based theory of language acquisition. *Cognitive Linguistics*, 11(1/2):61-82.
- Tomasello, M. 2001. The Item-Based Nature of Children's Early Syntactic Development. In M. Tomasello & E. Bates (eds). *Language Development: The Essential Readings*. Massachusetts; Oxford: Blackwell Publishers Ltd, pp. 169-186.
- Tomasello, M. 2003. *Constructing a Language*. Cambridge; Massachusetts: Harvard University Press.
- Tomasello, M. & Bates, E. (eds). 2001. *Language Development: The Essential Readings*. Massachusetts; Oxford: Blackwell Publishers Ltd.
- Tribushinina, E. 2013. Adjective Semantics, World Knowledge and Visual Context: Comprehension of Size Terms by 2- to 7-Year-Old Dutch-Speaking Children. *Journal of Psycholinguistic Research*, 42(3):205-225.
- Turner, M. & Fauconnier, G. 1995. Conceptual Integration and Formal Expression. *Metaphor and symbolic activity*, 10(3):183-204.
- Shine, K.P. 2011. Differences between Second Language Learning and First Language Acquisition. *Language in India*, 11(11):736-744.
- Smit, H.J.E., Louw, B. & Uys, I.C. 1987. 'n Ondersoek na die Ekspressiewe Kommunikasievermoëns van Premature Hoërisikokinders. *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kommunikasieafwykings*, 34:23-31.
- Southwood, F. & Van Hout, R. 2010. Production of Tense Morphology by Afrikaans-Speaking Children With and Without Specific Language Impairment. *Journal of Speech, Language, and Hearing Research*, 53:394-413.
- Srinivasan, M., Al-Mughairy, S., Foushee, R. & Barner, D. 2017. Learning language from within: Children use semantic generalizations to infer word meanings. *Cognition*, 159:11-24.
- Van der Merwe, K. & Adendorff, R.D. 2012. Comprehension and production of figurative language by Afrikaans-speaking children with and without specific language impairment. *South African Linguistics and Applied Language Studies*, 30(1):39-63.
- Van der Merwe, K. & Southwood, F. 2008. First and second language child speakers of Afrikaans's knowledge of figurative language. *Per Linguam*, 24(1):45-64.
- Van Rooy, B. & Kruger, H. 2015. The case for an emergentist approach. *SPIL Plus*, 48:41-67.
- Verwey, S., Tesner, H.E.C. & Louw, B. 1987. 'n Ondersoek na die ontwikkeling van woordassosiasievermoëns van Afrikaanssprekende laerskoolkinders. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 27(3):213-225.
- Vorster, J. & Reagan, T. 1990. On the lexical development of L1 and L2 speakers. *South African Journal of Linguistics*, 9(3):80-84.

Professionele ontwikkeling vir Afrikaans Huistaal-onderwysers ter bevordering van leesbegrip van niemoedertaalsprekers

Professional development of Afrikaans Home Language teachers to enhance reading comprehension of non-mother-tongue speakers

MAYLENE BASSON EN MICHAEL LE CORDEUR

Departement Kurrikulumstudies

Universiteit Stellenbosch

E-pos: mbasso@sun.ac.za; mlecorde@sun.ac.za



Maylene Basson Michael le Cordeur

MAYLENE BASSON is 'n Senior Onderwyskundige (leerondersteuning) by die Kaapse Wynland Onderwysdistrik in die Wes-Kaapprovin西e. Dit is hier waar haar besondere belangstelling in die professionele ontwikkeling van onderwysers wat niemoedertaalsprekers onderrig, ontstaan het. Sy verwerf die BEd-Honeursgraad (cum laude) aan UNISA in 2011. In Maart 2013 verwerf sy die meestersgraad (MEd) in Kurrikulumstudies en in Desember 2016 die doktorsgraad (PhD) aan die Universiteit Stellenbosch. Haar publikasies en referate handel oor die verbetering van niemoedertaalsprekers se lees- en leesbegripvaardighede asook die professionele ontwikkeling van onderwysers in dié verband.

MAYLENE BASSON is a Senior Education Specialist (learning support) at the Cape Winelands Education District in the Western Cape. Her special interest in the professional development of teachers of non-mother-tongue speakers developed here. In 2011 she obtained her BEd-Honours degree (cum laude) at UNISA. This was followed by a masters degree (MEd) in Curriculum Studies in March 2013 and a doctorate (PhD) in December 2016 at Stellenbosch University. Her publications and research deal with the enhancement of reading and reading comprehension skills of non-mother-tongue speakers as well as the professional development of teachers in this regard.

MICHAEL LE CORDEUR is medeprofessor en 'n NNS-gegradeerde navorsing. Hierdie voormalige kringbestuurder van Onderwys en skoolhoof in Stellenbosch is tans die hoof van die Departement Kurrikulumstudie in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch. Sy navorsing en publikasies handel oor leerders se lees- en skryfvermoë; taalbeleide; taal in onderwys en taalidentiteit en hy het verskeie referate hieroor gelewer op internasionale en nasionalevlak. Prof. le Cordeur dien die gemeenskap op talle terreine: as voorstander van die Wes-Kaapse Taalkomitee is

MICHAEL LE CORDEUR is an Associate Professor and a NRF-rated researcher. The former Circuit Manager of Education in Stellenbosch currently chairs the Department of Curriculum Studies in the Faculty of Education at Stellenbosch University. His research and publications focus on learners' reading skills, language and identity, language policies and language in education and he has spoken on these topics at both international and national levels. A former chair of the Western Cape Language Committee he co-authored the Western Cape Language

<p>hy die mede-opsteller van die Wes-Kaapse taalbeleid. As onder-voorsitter van Rachel's Angels tree hy op as mentor vir talle voorheen benadeelde leerders om universiteitstoelating te kry. Hy dien in die bestuur van die Internasionale Vereniging vir Taal in Onderwys (ARLE), asook die <i>Internationale Centrum voor het Afrikaans</i> by die Gent Universiteit. Voorts is hy 'n direksielid van die <i>Het Jan Marias Nationale Fonds</i>, die ATKV en die SBA. Hy is die ontvanger van vyf rektorstoekennings, die Elisabeth Steijn-medalje van die SA Akademie en die Kanselierstoekening van die Universiteit van Stellenbosch.</p>	<p>Policy. The former deputy chair of Rachel's Angels mentored several disadvantaged learners to gain access to tertiary education. Currently he serves on the executive of the ATKV, the SBA, the <i>Het Jan Marais Nationale Fonds</i>, the International Association for Research in L1 Languages in Education (ARLE) and the <i>Internationale Centrum voor het Afrikaans</i> at Gent University. Prof le Cordeur is the recipient of various awards, amongst others the South African Academy's Elisabeth Steijn Medal for his contribution to education, the Rectors Award for Excellence for five consecutive years and Stellenbosch University's Chancellors Award.</p>
---	---

ABSTRACT

Professional development of Afrikaans Home Language teachers to enhance reading comprehension of non-mother-tongue speakers

This study investigated and addressed the professional development needs of teachers to improve their pedagogies regarding the reading comprehension of non-mother-tongue speakers in Afrikaans-medium Intermediate phase classes. A professional development programme was designed and implemented based on collected data. The investigation was undertaken against the background of the poor overall achievement of pupils in the national systemic evaluations and international assessment studies, which is currently a cause of great concern. Teachers have indicated that they feel frustrated and overwhelmed, because they do not have adequate knowledge to support the non-mother-tongue speakers in their classes. Therefore, they have expressed the need for professional development to assist them to improve their pedagogical content knowledge (PCK) in this regard.

Action research as part of a mixed method approach was the design of choice for this study. Empirical data were generated by two cycles of this action research study. In this way, research questions could be explored without the constraints of using only one research method. The main approaches to data collection were quantitative (questionnaires) and qualitative (questionnaires, teacher journals, observations and interviews with the participating teachers). The data collection was supported by a literature study that investigated the professional development of teachers, reading models, approaches and strategies as well as comprehension strategies with specific reference to non-mother-tongue speakers.

As this study included the professional development of teachers, a theoretical framework that addresses their knowledge base and the degree to which their continued professional development and growth should be supported was adopted. Teacher learning and the development of their PCK as described by Shulman (1986) were therefore included. Shulman investigated the content understanding of teachers as a special kind of technical knowledge required for teaching. He suggested that "high-quality instruction requires certain typologies, namely subject matter, content knowledge, pedagogical content knowledge (PCK) and curricular knowledge". The most influential of these three typologies is PCK. PCK can be described as the subject matter required for teaching. It is the ability of teachers to interpret the subject matter, find different ways to represent it and make it accessible to pupils. In addition, Shulman concluded that teachers' teaching skills and pedagogical knowledge require a theoretical

framework that addresses their knowledge as well as providing support for their continued professional development with specific reference to PCK. They therefore analysed ways in which teachers learn individually and in communities. They named their new conceptual scheme Fostering Communities of Teachers as Learners (FCTL). This model asserts that an accomplished teacher is a member of a professional community which shares its experiences with colleagues and reflects together on teaching and learning.

Study findings prior to commencement of the professional development programme indicated that the majority of the respondents had received no professional development on reading models and reading strategies, nor on comprehension strategies to enhance the reading and comprehension skills of the non-mother-tongue speakers in their Afrikaans-medium classes. Furthermore, 84% of the respondents indicated that they do not explicitly teach comprehension strategies.

The study found that the professional development programme may have had a positive influence on the PCK of the participating teachers regarding reading models and strategies as well as comprehension strategies. Similarly, the programme may have resulted in increased implementation of these strategies in their classes, as indicated by the 92% of participants who explicitly taught comprehension strategies after the conclusion of the professional development programme. The results show that the participants' implementation of action research may have contributed to effective application of reading and reading comprehension strategies.

The responsibility to ensure that pre- and in-service teachers receive professional development, which includes the appropriate methodologies and strategies to adequately support the literacy skills of non-mother-tongue speakers, lies with universities and the Department of Basic Education. The study, its findings and recommendations can therefore be used as a resource for the development of training programmes to improve teacher PCK regarding the enhancement of the reading comprehension of non-mother-tongue speakers.

KEY WORDS: professional development of teachers, pedagogical content knowledge, non-mother-tongue speakers, reading comprehension strategies, reading models

TREFWOORDE: professionele ontwikkeling van onderwysers, pedagogiese inhoudskennis, niemoedertaalsprekers, leesbegripstrategieë, leesmodelle

OPSOMMING

Hierdie studie ondersoek die professionele ontwikkelingsbehoeftes van onderwysers met betrekking tot die bevordering van die leesbegrip van niemoedertaalsprekers in Afrikaans-huistaalklasse. Gebaseer op die data wat gegenereer is, is 'n professionele ontwikkelingsprogram ontwerp en geïmplementeer. Onderwysers het aangedui dat hulle oorweldig en gefrustreerd voel, omdat hulle nie oor die nodige kennis beskik om die niemoedertaalsprekers in hulle klasse in die Intermediére fase te ondersteun nie en het behoefte gehad aan professionele ontwikkeling sodat hulle pedagogiese inhoudskennis in dié verband uitgebrei kan word. Hierdie studie het 'n gemengde navorsingsbenadering gevolg. Empiriese data is gegenereer op die volgende wyses: kwantitatiewe (vraelyste) en kwalitatiewe data (vraelyste, onderwysers-joernale, klaskamerwaarnemings en onderhoude met onderwysers). Aangesien hierdie studie die professionele ontwikkeling van onderwysers behels, is 'n teoretiese raamwerk, wat hulle voortgesette professionele ontwikkeling en groei in ag neem, oorweeg soos beskryf deur Shulman (1986) se teoretiese raamwerk. Gesprekke voor die aanvang van die studie dui daarop dat die meerderheid respondenten geen professionele ontwikkeling ondergaan het aangaande

die bevordering van lees- en leesbegripstrategieë van niemoedertaalsprekers in hulle Afrikaans Huistaal-klas nie en die meerderheid respondenté het aangedui dat hulle nie leesbegripstrategieë eksplisiet onderrig nie. Bevindinge van die studie dui daarop dat die professio-neleontwikkelingsprogram 'n positiewe invloed op die pedagogiese inhoudskennis van die deelnemende onderwysers rakende leesmodelle en -strategieë sowel as leesbegripstrategieë gehad het. Eweneens het die professioneleontwikkelingsprogram gelei tot die verhoogde implementering van leesbegripstrategieë in hulle klasse. Voorts dui die resultate daarop dat aksienavorsing moontlik 'n bydrae kon lewer tot die effektiewe toepassing van lees- en leesbegripstrategieë in hulle klasse. Die studie, die bevindinge en aanbevelings kan as verwysing dien wanneer professionele ontwikkeling van onderwysers beplan word veral wat betref die bevordering van onderwysers se pedagogiese inhoudskennis aangaande lees- en leesbegripstrategieë van niemoedertaalsprekers.

1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Die Grondwet van Suid-Afrika (RSA, 1996) asook die Taal-in-Onderwysbeleid (TiOB) wat in 1998 gepromulgeer is, verskaf gelyke status aan elf amptelike tale in Suid-Afrika. Die beleid het ten doel om betekenisvolle toegang tot onderwys vir alle landsburgers te verseker (Scheepers 2006:2; DoE 1997:1). Ouers voer dus hulle demokratiese reg uit deur hulle kinders in Afrikaans- of Engelsmediumskole te plaas, omdat hulle van mening is dat die vermoë om Engels of Afrikaans magtig te wees, tot beter geleenthede in die toekoms sal lei. Gevolglik het onderwysers toenemend te kampe met leerders uit diverse agtergronde wat nie die taal van onderrig en leer magtig is nie, wat unieke uitdagings in die klaskamer tot gevolg het. Onderwyskenners soos Moodley (2013:1), Bloch (2009:26) en Jansen (2009:37) is van mening dat die toename van niemoedertaalsprekers in Afrikaans-huistaalklasse een van die redes is waarom die onderwyssisteem in Suid-Afrika 'n geletterdheidskrisis beleef. Voorts het studies wat deur Basson en Le Cordeur (2013:387) en Hoojer en Fourie (2009:148) onderneem is, bevind dat onderwysers nie die nodige opleiding ontvang om hierdie uitdaging die hoof te bied nie. Onderwysers benodig dus indiensopleiding sodat hulle beter in staat sal wees om die niemoedertaalsprekers in hulle klasse te onderrig (Hoojer & Fourie 2009:148; Basson & Le Cordeur 2013:387).

Die PIRLS- (Progress in International Reading Literacy Study) verslag toon aan dat 'n derde van graad 4- en 5-onderwysers minder as ses ure se indiensopleiding ontvang het wat leesonderrig betrek. Hierdie opleidingsessies het nie onderskei tussen onderwysers wat moedertaal- of niemoedertaalsprekers onderrig nie (Howie, Van Staden, Tshele, Dowse & Zimmerman 2011:xvi). Voorts het Van Staden en Bosker (2014:2) die resultate van prePIRLS 2011 gebruik om faktore wat die geletterdheidsprestasie van Suid-Afrikaanse leerders beïnvloed te ondersoek. Hulle analise van die prePIRLS-data toon aan dat faktore wat 'n negatiewe impak op die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders het, gebrekkige vakkennis van onderwysers sowel as onvoldoende kommunikasie tussen onderwysers en leerders in die taal van onderrig en leer insluit. Hulle bevindings dui daarop dat onderwysers die veranderde pedagogie vanaf 'n onderwysgesentreerde benadering na 'n leerdergesentreerde benadering moeilik vind om te bemeester. Voorts bevestig Pretorius en Klapwijk (2016:16) dat voorgraadse onderwysers in Suid-Afrika nie opleiding ontvang ten opsigte van die relevante leeskonsepte en metodologieë nie. Hulle beveel aan dat onderwysers bewus gemaak en opgelei word rakende die eksplisiële onderrig van leesbegripstrategieë. Hierdie studie is deur die navorsers onderneem sodat bogenoemde leemtes aangepak kan word deur die ontwikkeling en implementering van 'n professioneleontwikkelingsprogram. Vir die doel van hierdie studie is op die Intermediêre

fase gefokus, omdat leerders by addisionele leerareas moet aanpas. Voorts beskik niemoedertaalsprekers nie oor die nodige kognitiewe akademiese taalbevoegdheid in Afrikaans om die meer komplekse beginsels wat hierdie addisionele leerareas meebring, te verstaan nie.

Wanneer die professionele ontwikkeling van onderwysers beplan word, is dit belangrik om 'n teoretiese raamwerk te gebruik wat hulle groei en professionele ontwikkeling ondersteun wat die ontwikkeling van hulle pedagogiese inhoudskennis, soos deur Shulman (1986:9) beskryf word, insluit. Vervolgens word die teoretiese begronding van hierdie studie beskryf.


1.1 Teoretiese raamwerk

Shulman (1987:9) beskryf die inhoudskennis wat onderwysers benodig om te onderrig, as volg:

[a]n understanding of what makes learning of specific topics easy or difficult: the conceptions and preconceptions that students of different ages and backgrounds bring with them to the learning of those most frequently taught topics and lessons.

Pedagogiese inhoudskennis is dus meer omvattend as kennis van 'n spesifieke vak en verwys ook na die konseptuele kennis van 'n vak, wat tegnieke insluit om vakkennis meer toeganklik vir leerders te maak. Voorts behels pedagogiese inhoudskennis ook die kennis waarom leerders sekere konsepte makliker of moeiliker begryp.¹ Ball, Thames en Phelps (2008:389) beskryf pedagogiese inhoudskennis as die brug tussen inhoudskennis en onderrigpraktyk.

Ball et. al. (2008:402) borduur voort op Shulman se teorie deur subkategorieë te identifiseer wat besonderhede in verband met vakkennis wat effektiewe wiskunde onderrig ten doel het, uitlig. Hierdie subkategorieë is algemene inhoudskennis, gespesialiseerde inhoudskennis en horizontale kennis. Scott (2009:164) het in haar studie 'n kennisteorie vir die onderrig van leesbegrip voorgestel deur algemene inhoudskennis, gespesialiseerde inhoudskennis en horizontale kennis te kombineer om pedagogiese inhoudskennis te vorm. Vergelyk Figuur 1.



Figuur 1: Scott (2009:164) se kennisteorie vir die onderrig van leesbegrip.

¹ Shulman (1986:9); James, Bansilal, Webb, Goba & Khuzwayo (2015:153); Le Cordeur & Thornhill (2016:104).

Vervolgens word bogenoemde kennisdomeine kortlik bespreek.

1.1.1 Algemene inhoudskennis en horizontale kennis

Wanneer leesbegrip bestudeer word, verwys algemene inhoudskennis na onderwysers se denke oor geletterdheid asook die wyse waarop hulle hierdie geletterdheid toepas (Scott 2009:165). Voorts behoort onderwysers oor voldoende kennis te beskik om leerders wat probleme ervaar, te help. Onderwysers behoort dus self vaardige lesers te wees en kennis oor lees en boeke te hê sodat hulle leerders se geletterdheidsvaardighede kan ontwikkel (Pretorius & Klapwijk 2016:15).

Die tweede domein, naamlik horizontale kennis, verwys na kennis waaroer onderwysers beskik ten opsigte van leesontwikkeling sodat hulle geskikte aktiwiteite vir hulle leerders kan ontwikkel. Onderwysers behoort bewus te wees van die wyse waarop hulle leerders se interaksies en hulle begrip van tekste met verloop van tyd verander (Scott 2009:167). Horizontale kennis sluit onder meer kennis in oor kinderontwikkeling, soos beskryf deur Piaget (Woolfolk 2010:33-35).

1.1.2 Gespesialiseerde inhoudskennis

Gespesialiseerde inhoudskennis – uniek tot die onderrig van leesbegrip – is die derde domein soos voorgestel deur Scott (2009:164). Sy het struikelblokke wat leerders verhoed om met begrip te lees, gebruik om vier kategorieë vir die onderrig van leesbegrip te vestig (Scott 2009:166).

Die eerste struikelblok verwys na begrip van prosesse wat effektiewe lees beskryf, soos woordherkenningsvaardighede, leesbegrip, kritiese evaluering en die verbinding van die teks met voorkennis. Kennis van genre en die kenmerke van verskillende teksttipes soos dialoog, dagboekinskrywings, narratiwe en niefiksietekste verwys na die tweede struikelblok. Onderwysers moet bewus wees daarvan dat elke vak sy eie taalkundige uitdagings het wat leesbegrip kan verhinder sodat hulle betekenis vir hulle leerders kan bemiddel. Die laaste struikelblok om effektiewe leesbegrip te verseker, verwys na gebrekkige kennis van woorde en konsepte. Onderwysers behoort dus oor 'n uitstekende woordeskata asook gevorderde kennis van die teks wat gelees word te beskik om leerders se voorkennis te aktiveer (Scott 2009:173). Hierdie gespesialiseerde kennis kan slegs verwerf word indien onderwysers vaardige lesers is met goeie leesgewoontes (Pretorius & Klapwijk 2016:15).

1.1.3 Pedagogiese inhoudskennis vir die onderrig van leesbegrip

Pedagogiese inhoudskennis is die kennis waaroer onderwysers ten opsigte van hulle vakgebied beskik en wat hulle in staat stel om algemene inhoudskennis, horizontale kennis en gespesialiseerde inhoudskennis in leergeleenthede vir hulle leerders om te skakel (Shulman 1987). Scott (2009:174) beveel aan dat suksesvolle geletterdheidsonderwysers oor die volgende vaardighede moet beskik: geskikte tekste kies; duidelike onderrigdoelwitte stel; voorkennis aktiveer; vrae stel; na leerders se onvolledige en ontlukkende denke luister, dit interpreteer en erkenning gee aan bydraes van leerders. Die spesifieke behoeftes van niemoedertaalsprekers benodig addisionele riglyne, dus het hierdie navorsers die volgende aspekte bygevoeg: selekteer kultureel relevante tekste en ontwikkel woordeskata deur voorwerpe, prente, semantiese kaarte, grafiese organiseerders asook woordmure te gebruik. Volgens Shulman (1987:4) is dit

noodsaaklik dat onderwysers gereeld indiensopleiding bywoon, omdat nuwe kennis en metodes voortdurend deur navorsing ontwikkel word. Dit is dus belangrik dat onderwyseropleiers die vermoë van onderwysers om kwaliteit leesonderrig vir die diverse leerders in hulle klas te bied, gereeld moniteer sodat hulle indiensopleidingsbehoeftes bepaal kan word (Howie et al. 2011:116).

Die professionele ontwikkeling van onderwysers word in die volgende afdeling bespreek.

2. DIE PROFESSIONELE ONTWIKKELING VAN ONDERWYSERS

Die professionele ontwikkeling van onderwysers het ten doel om hulle klaskamerpraktyk sowel as hulle houdings en waardes te verbeter. Hierdie professionele ontwikkeling behoort tot verbeterde prestasie van leerders te lei. Indien professionele ontwikkeling nie die vaardighede en kennis van onderwysers met die leer in die klaskamer verbind nie, kan professionele ontwikkeling nie suksesvol wees nie (De Clercq 2014:304). Voorts behoort onderwysers 'n bydrae te lewer ten opsigte van hulle professionele opleidingsbehoeftes (Nir & Bogler 2008:379).

Volgens Guskey (2002:386) behoort die volgende aspekte in aanmerking geneem te word om meer volhoubare opvoedkundige veranderings te verseker: Eerstens is verandering 'n geleidelike en moeilike proses vir onderwysers. Nuwe onderrigmetodes verg addisionele energie en voorbereidingstyd wat tot 'n verhoogde werklast bydra. Verandering kan ook tot angs lei aangesien onderwysers onseker is of nuwe metodes tot effektiewe leer van hulle leerders sal lei. Onderwysers wyk baie moeilik van reeds gevinstige praktyke af, al word hulle aan meer effektiewe benaderings blootgestel. Hulle behoort die geleentheid gegun te word om te reflekteer, hulle ervarings te deel asook om voorstelle vir aanpassings te maak wat kan bydra om die veranderingsproses te vergemaklik (Nielsen, Barry & Staab 2008:1290).

Tweedens behoort onderwysers gereelde terugvoering te ontvang ten opsigte van die effektiwiteit van nuwe praktyke op leerdervordering. Onderwysers sal meer geredelik volhou met nuwe praktyke indien hierdie praktyke 'n positiewe uitwerking in hulle klasse tot gevolg het. Ten einde volhoubare verandering te verseker behoort onderwysers dus gereelde positiewe terugvoering tydens klaskamerwaarnemings te kry (Nir & Bogler 2008:378). Laastens is volgehoue opvolgbesoeke en ondersteuning noodsaaklik vir die vestiging van nuwe praktyke (Guskey 2002:386). Samewerking tussen kollegas is noodsaaklik om nuwe kennis te internaliseer (Evans 2002:127). Volgens Guskey (2002:388) word hierdie aspekte die meeste afgeskeep tydens professionele ontwikkeling. Voorts beklemtoon Moodley (2013:2) dat professionele ontwikkeling nie vir alle onderwysers op dieselfde wyse kan geskied nie.

Professionele ontwikkeling kan op verskillende wyses gestructureer en georganiseer word ten einde 'n verandering ten opsigte van onderwysers se kennis, waardes en houdings te weeg te bring.

Vervolgens word 'n oorsig van sewe professionele modelle gegee.

2.1 Opleidingsmodel

Die opleidingsmodel word gebruik om spesifieke vaardighede waaroor op nasionalevlak besluit is te ontwikkel soos byvoorbeeld die implementering van 'n nuwe kurrikulum. Hierdie model hou voor dat die standaardisering van onderwys tot beter resultate en leerderretensie sal lei (Kennedy 2005:237). Onderwysers beklee egter 'n passiewe rol terwyl 'n deskundige van buite kennis oordra wat nie die konteks van die skool en klaskamer in aanmerking neem

nie (Moodley 2013:3; Burbank & Kauchak 2003:500). Onderwysers vind dit moeilik om die nuwe pedagogiek in hulle klasse te implementeer (Moodley 2013:3; Ono & Ferreira 2010:60). Hierdie model lei nie tot betekenisvolle verbetering in onderrig nie, soos Fullan (1991:135) tereg aandui:

Nothing has promised so much and has been so frustratingly wasteful as the thousands of workshops and conferences that led to no significant change in practice when teachers returned to their classrooms.

2.2 Tekortkominge-model (“Deficit”)

Hierdie model veronderstel dat onderwysers tekortkominge in hul pedagogiek het wat reggestel moet word (Day & Sachs 2004:171; Guskey & Huberman 1995:269). Soos die opleidingsmodel, besluit amptenare, wat die tekortkominge-model toepas, dat onderwysers professionele ontwikkeling benodig (Moodley 2013:3; Dadds 2007:3; Guskey & Huberman 1995:269). Onderwysers beklee dus ’n passiewe rol en gevolelik vind hulle dit moeilik om idees toe te pas wat nie hulle unieke kontekste in aanmerking neem nie (Dadds 2007:3). Volgens Rhodes en Beneicke (2003:124) speel die bestuur en organisasie van ’n skool ’n bykomende rol in die onderprestasie van onderwysers. Hierdie model plaas egter die verantwoordelikheid van onderprestasie op individuele onderwysers, maar die gesamentlike verantwoordelikheid van alle personeellede, die bestuur en skoolhoofde word nie in ag geneem nie (Kennedy 2005:239).

2.3 Groeimodel

Die groeimodel het ten doel om onderwysers bewus te maak van nuwe ontwikkelings in hulle veld, asook om hulle pedagogiek te verbeter (Reddy 2004:140; Guskey & Huberman 1995:270). Hierdie model skep geleenthede vir onderwysers om saam te werk. Voorts word onderwysers gereken as professionele persone met waardevolle kennis en opinies oor hulle werk. Gevolglik kry hulle die geleentheid om betrokke te wees by die beplanning en aanbieding van hulle professionele ontwikkeling (Reddy 2004:141; Moodley 2013:3). Hierdie professionele ontwikkelingssessies word gewoonlik by hulle skole aangebied deur kollegas wat kenners op hulle vakgebied is. Tydens hierdie sessies word onderwysers gelei om gemeenskaplike kennis te ontwikkel deur hulle ervarings, onderrigstyle en toestande in die klaskamer met mekaar te deel.

2.4 Afwentelingsmodel

Die afwentelingsmodel word gewoonlik gebruik wanneer beperkte bronre beskikbaar is, omdat ’n groot getal onderwysers binne ’n kort tyd bereik kan word (Ono & Ferreira 2010:60; de Clercq & Phiri 2013:80). Spesialiste op distriksvlak word op nasionale vlak opgelei. Hierdie distriksgbaseerde amptenare moet dan geïdentifiseerde leieronderwysers in skole oplei wat op hulle beurt onderwysers in hulle onderskeie skole oplei. Opleiding vind in fases plaas wat monitering vergemaklik (Ono & Ferreira 2010:60; Christie, Harley & Penny 2004:184). Alhoewel die afwentelingsmodel effektiel kan wees om inligting van onderwyshervormings te versprei, word die boodskap nie altyd effektiel oorgedra aan onderwysers wat die beleid moet toepas nie. Die oneffektiewe oordrag van inligting geskied veral in die geval wanneer hoofopleiers onbevoeg is en self nie die nuwe beleid en strategieë begryp nie (Ono & Ferreira 2010:60; De Clercq & Phiri 2013:80). Die resultaat is dat belangrike inligting verkeerd geïnterpreteer of afgewater word (Christie et al. 2004:184).

2.5 Afrigting/Mentorskapmodel

Hierdie model beklemtoon die een-tot-een verhouding tussen twee onderwysers ten einde hulle professionele ontwikkeling te ondersteun (Kennedy 2005:242). Die afrigting- of mentorverhouding kan kollegaal (soos 'n eweknie) of hiërargies wees, byvoorbeeld wanneer 'n nuweling deur 'n meer ervare onderwyser begelei word. Hierdie model ondersteun die transformerende of transmissiebenadering. Die transformerende sienswyse word gekenmerk deur vertroulikheid en 'n ondersteunende benadering, terwyl die transmissie-sienswyse gekenmerk word deur 'n meer hiërargiese benadering, omdat die mentoronderwyser betrokke is by die beoordeling van die beginneronderwyser (Robins in Rhodes & Beneicke 2003:298; Kennedy 2005:242). Voorts verg hierdie model goeie interpersoonlike vaardighede (Rhodes & Beneicke 2003:298).

2.6 Aksienavorsingmodel

Aksienavorsing word deur McMillan en Schumacher (2010:444) beskryf as die onderzoek van 'n konkrete probleem binne 'n sosiale konteks sodat 'n oplossing gevind kan word. Volgens die aksienavorsingsmodel kry onderwysers die geleenthed om 'n bydrae ten opsigte van hulle kennis en ervaring te maak wat in samehang met opleiers se kennis geleenthede kan skep waar nuwe kennis gedeel kan word (Kennedy 2005:246; Herbert & Rainford 2014:247). Navorsers soos Kennedy (2005:246), Herbert en Rainford (2014:247) asook Burbank en Kauchack (2003:501) het bevind dat die aksienavorsingsmodel effektiief is, omdat onderwysers eienaarskap van hulle professionele ontwikkeling neem wat hulle in staat stel om hulle eie klaskamerpraktekte krities te evalueer.

Nadat die voor- en nadele van bogenoemde modelle in ag geneem is, is daar besluit om die aksienavorsingsmodel te gebruik om die professioneleontwikkelingsprogram te implementeer.

3. LEES EN LEESBEGRIP VOLGENS DIE KABV

Die Kurrikulum Assesseringsbeleid Verklaring (KABV), meer bekend as CAPS (Curriculum Assessment Policy Statement), is baie duidelik oor Huistaal en beklemtoon dat taalonderwysers leerders moet begelei om taalvaardighede aan te leer vir akademiese leer. (DvBO 2011:7). Die vermoë om met begrip te lees vorm deel van hierdie taalvaardighede. Die belangrikheid van leesonderrig in die Intermediêre fase word deur die KABV uitgelig. Die KABV bepaal dat 5 ure per tweeweeklikse sirklus aan leesonderrig spandeer moet word (DvBO 2011:13). Voorts word dit van onderwysers verwag om leesstrategieë te implementeer onder andere gedeelde lees, groepbegeleide lees, paarlees asook onafhanklike lees. Die KABV bepaal dat gedeelde lees aan die begin van die Intermediêre fase gebruik word om leerders in die fase te begelei. Grootboeke, handboeke en ander leesboeke kan vir hierdie doel aangewend word. Voorts word aanbeveel dat groepbegeleide lees, paarlees asook onafhanklike lees aangewend moet word om leerders tot onafhanklike lesers te begelei. Daar word ook van onderwysers verwag om 'n verskeidenheid leesbegriptoetse saam te stel om te versker dat leerders begryp wat hulle lees (DvBO 2011:10). Ongelukkig bly die KABV in gebreke om riglyne te verskaf ten opsigte van die moeilikhedsgraad van die verskillende begripstrategieë in alle grade wat dalk die effektiewe implementering daarvan mag affekteer.

4. DIE ONDERRIG VAN LEESBEGRIP VIR NIEMOEDERTAALSPREKERS

Bauer en Arazi (2011:383) beskryf leesbegrip as 'n komplekse proses wat deur 'n leser uitgevoer word. Beide semantiese en sintaktiese leidrade sowel as uitstekende woordherkenningsvaardighede word deur die leser gebruik om betekenis te konstrueer. Tsai, Ernst en Talley (2010:1) beskryf leesbegrip as 'n komplekse proses wat uitstekende taalvaardighede en kennis in die eerste asook tweede taal verg. Onderwysers moet bewus gemaak word daarvan dat daar nie 'n aparte leerteorie is wat die onderrig van niemoedertaalsprekers rig nie. Soos moedertaalsprekers benodig hierdie leerders dieselfde hoë kwaliteit onderrig. Klein aanpassings soos byvoorbeeld meer intensiewe aandag aan woordeskatontwikkeling, aktivering van voorkennis, die gebruik van grafiese organiseerders, semantiese kaarte en woordmure sal waardevolle hulp verleen (Block & Parris 2008:296; Little & Box 2011:25).

Durkin (1979:483) het tydens haar navorsing in Amerikaanse skole bevind dat byna geen leesbegripstrategieë onderrig word nie. Sedertdien het verskeie ander navorsers tot dieselfde gevolgtrekking gekom (Palinscar & Brown 1984; Scardmalia & Bereiter 1985; Oakhill & Yuill 1996; Perfetti, Marron & Foltz 1996). In Suid-Afrika het navorsers bevind dat sommige onderwysers heeltemal onbewus is van leesbegrippraamwerke en dat leesbegriponderrig dikwels slegs uit vrae oor 'n teks bestaan (Pretorius & Klapwyjk 2016:3; Zimmerman & Smit 2014:2; Le Cordeur 2011:435-461). Onderwysers moet dus begryp wat leesbegrip behels sodat hulle die korrekte strategieë kan modelleer en leerders begelei om onafhanklik betekenis te konstrueer (Pardo 2004:272).

Vervolgens word een strategie bespreek wat deel gevorm het van die professioneleontwikkelingsprogram wat tydens hierdie studie ontwerp is.

4.1 Transaksionelestrategie-onderrig

Transaksionelestrategie-onderrig is deur Duffy en Roehler (1984) voorgestel as 'n model om leesbegrip te onderrig. Hierdie model het ten doel om interaksie tussen die onderwyser en leerders te gebruik om leesbegrip te bevorder deur middel van modellering (Block & Parris 2008:161-162; Pressley 2006:308). Onderwysers modelleer hulle denkprosesse deur hardop te dink en sodoende word die leesbegripstrategieë aan hulle leerders oorgedra (Migyanka, Policastro & Lui 2005:173). Leerders word op hierdie wyse geleer wanneer, hoe en waarom 'n spesifieke leesbegripstrategie gebruik word, sowel as om selfregulasie ten opsigte van hulle eie begripsprosesse toe te pas. Bruner en Ross (1976 in Woolfolk 2010:50) het hierdie proses van mediëring deur 'n persoon wat meer kundig op 'n spesifieke gebied is, beskryf as "scaffolding."² Dit is belangrik om kennis te neem dat modellering van 'n leesbegripstrategie in isolasie nie effekief is om leesbegripsvaardighede uit te brei nie, maar dat die leesbegripstrategie binne die konteks van 'n spesifieke teks moet plaasvind. Transaksionelestrategie-onderrig behels dus die ontwikkeling van selfregulerende lesers wat die begripstrategieë van uitstekende lesers aktief gebruik (Pressley 2006:320; Block & Parris 2008:162). Onderwysers wat niemoedertaalsprekers in hulle klasse het, behoort egter in ag te neem dat hulle behoeftes uniek is en dat onderrig van leesbegripstrategieë deeglike beplanning verg (Block & Parris 2008:300).

Vervolgens word begeleide leesbegrip wat in die professioneleontwikkelingsprogram toegepas is, bespreek.

² "Scaffolding" verwys na ondersteuning wat deur 'n onderwyser, ouer of meer vaardige medeleerders gebied word om leer te faciliteer.

4.1.1 Begeleide leesbegrip

Begeleide leesbegrip behels drie stappe wat direkte onderrig, toepassing en refleksie behels (McLaughlin & Allan 2002:3). Tydens stap een bespreek die klas die teks onder leiding van die onderwyser. Die teks word voorgelees deur onderwysers terwyl hulle denkprosesse gemodelleer word. Addisionele leesstof word deur die leerders geoefen met die hulp van die onderwyser. Daarna word die leerders in klein groepies verdeel en die begripstrategieë ingeoefen. Laastens reflekteer leerders oor die gebruik van die strategieë tydens onafhanklike lees. Assosiasies kan gebruik word om 'n leesbegripstrategie beter vas te lê.

Tydens stap twee word die leesbegripstrategieë toegepas in kleiner groepe, gefasiliteer deur die onderwyser of medeleerders. Elke groep lees gepaste tekste volgens hulle leesvermoëns. Daarna vind klasbesprekings plaas waartydens die klem geplaas word op die leesbegripstrategie van die dag, terwyl vorige leesbegripstrategieë hersien word. Leerders word deur die onderwyser ondersteun terwyl die strategie toegepas word vir vaslegging. Laastens reflektereer leerders oor hulle prestasie, deel hulle ervarings en stel nuwe doelwitte (McLaughlin & Allan 2002:4).

Die volgende leesbegripstrategieë is in die professioneleontwikkelingsprogram ingesluit: voorspelling, opklaring, vraagstelling, visualisering, samevatting en evaluering. Die volgende vier leesbegripstrategieë is deur middel van assosiasies vasgelê: voorspelling, opklaring, vraagstelling en samevatting.

5. NAVORSINGSMETODE

Vir hierdie ondersoek is aksienavorsing toegepas, omdat hierdie tipe navorsing vir onderwysers die geleentheid bied om aktief by die navorsingsproses betrokke te wees. Volgens Stoller en Grabe (2001:97) bemagtig aksienavorsing onderwysers, die navorsing lei tot volhoubare veranderinge in skole en het 'n positiewe impak op leerderprestasie tot gevolg. In Suid-Afrika is aksienavorsers werksaam in benadeelde gemeenskappe waar hulle plaaslike omstandighede bestudeer. Hierdie kennis word gebruik om gemeenskappe bewus te maak van leerders se swak geletterdheidsvaardighede sodat oplossings gevind kan word (Herbert & Rainford 2014:249; Le Cordeur 2016:171). Vervolgens word die twee sikkusse van hierdie aksienavorsingstudie bespreek.

5.1 Siklus 1

5.1.1 Ondersoek die probleem

Die eerste stap in fase 1 van sikklus 1 was om die probleem wat tot swak geletterdheidsuitslae van niemoedertaalsprekers in Afrikaans Huistaal-klasse lei, te identifiseer. Dus is 'n literatuurstudie onderneem om die stand van geletterdheid in Suid-Afrika, oorsake van swak leesbegripvaardighede van niemoedertaalsprekers, lees- en leesbegripstrategieë volgens die KABV asook die onderskeie professionele ontwikkelingsmodelle vir onderwysers te ondersoek.

5.1.2 Data-insameling

Nadat die literatuurstudie afgehandel is, is 'n vraelys ontwerp om Afrikaans-huistaalonderwysers in die Intermediére fase se professionele ontwikkelingsbehoeftes ten opsigte van die

onderrig van niemoedertaalsprekers in hulle klasse te bepaal. Beide kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe data is ingesamel. Die vraelyste het die onderwysers se kennis en implementering van lees- en leesbegripstrategieë vir niemoedertaalsprekers gemeet. Om betroubaarheid te verseker, is die vraelys voorgelê aan 'n spesialis/statistikus by Stellenbosch Universiteit se Sentrum vir Statistiese Analise. Die vraelys is by 'n vakvergadering waar 81 van hierdie onderwysers teenwoordig was, uitgedeel. Sodoende is tyd bespaar en goeie kwaliteit data is verseker deurdat die navorsers in beheer van die data- insamelingsproses was (Punch & Oancea 2014:30). Die vraelys is deur 62 onderwysers voltooi. Sommige onderwysers het nie die vraelys voltooi nie, omdat daar geen niemoedertaalsprekers in hulle klasse is nie.

5.1.3 Data-analise

Die statistiese analise van die kwantitatiewe data is deur die spesialis/statistikus van Stellenbosch Universiteit se Sentrum vir Statistiese Analise onderneem. Opleiding in verband met leesstrategieë vir niemoedertaalsprekers is deur 53 respondenten aangedui terwyl 56 respondenten opleiding in verband met leesbegripstrategieë vir niemoedertaalsprekers aangedui het.

Kwalitatiewe data is volgens vier kategorieë gekodeer en gegroepeer, naamlik geïmplementeerde leesstrategieë en leesbegripstrategieë, professionele ontwikkelingsbehoeftes, suksesse en uitdagings. Die data-analise het aangetoon dat 78% van respondenten professionele ontwikkeling in verband met leesstrategieë benodig terwyl 70% van respondenten professionele ontwikkeling in verband met leesbegripstrategieë benodig. Uitdagings wat onder meer ervaar is, was gebreklike woordeskatastrofes van niemoedertaalsprekers asook onvoldoende indiensopleiding. Suksesse is gerealiseer in verbeterde leesvlotheid en groter selfvertroue van leerders.

5.1.4 Ontwerp 'n plan van aksie

Nadat die geanalyseerde data bestudeer is, is 'n literatuurstudie onderneem om die mees gepaste strategieë vir die beoogde professioneleontwikkelingsprogram na te vors. Lees in 'n tweede taal, leesmodelle, -benaderings en -strategieë sowel as leesbegripstrategieë met spesifieke verwysing na aanpassings om unieke behoeftes van niemoedertaalsprekers aan te pak, is ondersoek.

5.1.5 Refleksie en aanpassing

Na afloop van die literatuurstudie is 'n professioneleontwikkelingsprogram ontwikkel. 'n Steekproef van twaalf Afrikaans-huistaalonderwysers in die Intermediêre fase is gekies om aan die professioneleontwikkelingsprogram deel te neem. Hierdie steekproef is doelmatig saamgestel, aangesien onderwysers geselekteer is op grond van die navorsers se kennis van skole in die area. Onderwysers in die steekproef het aangedui dat hulle uitdagings ervaar om die unieke behoeftes van niemoedertaalsprekers te ondersteun.

Die inhoud van die professioneleontwikkelingsprogram is met die deelnemende onderwysers bespreek, sodat hulle bydraes ten opsigte van die inhoud kon maak. Tydens die besprekings is konsensus bereik rakende die frekwensie van die opleidingsessies aangesien dit na skoolure sou plaasvind. Daar is besluit om die volgende onderwerpe aan te spreek: aksienavorsing, reflektiewe denke, leesmodelle, fonologiese en fonemiese bewustheid, alle leesstrategieë wat in die gebalanseerde leesbenadering ingesluit is; begeleide leesbegrip; die skema-teorie; metakognitiewe strategieë; leesbegripstrategieë; die geleidelike oordra van die

verantwoordelikheidsmodel en strategieë om niemoedertaalsprekers se woordeskat te verryk. Daar is besluit dat bogenoemde onderwerpe in agt sessies een keer per week aangebied sou word.

5.2 Siklus 2

5.2.1 Ondersoek die probleem

Die literatuurstudie sowel as die data van die vraelyste het aangedui dat Afrikaanse Huistaal-onderwysers nie oor genoegsame pedagogiese inhoudskennis beskik om die leesbegrip van niemoedertaalsprekers te ondersteun nie. Volgens Van Staden en Bosker (2014:2) kan gebrekkige vakkennis van onderwysers, sowel as onvoldoende kommunikasie tussen onderwysers en leerders in die taal van onderrig en leer, die oorsaak van swak geletterdheidsprestasie van leerders in Suid-Afrika wees. Navorsers soos Pretorius en Klapwijk (2016:16), Basson en Le Cordeur (2014:110) en O'Connor en Geiger (2009:263) het bevind dat onderwysers die behoeftte ervaar om professionele ontwikkeling in hierdie verband te ondergaan.

Die professioneleontwikkelingsprogram is tydens hierdie fase geïmplementeer. Onderwysers is bewus gemaak daarvan dat kennis nie slegs aan leerders oorgedra moet word nie, maar dat leerders geleenthede moet kry om hulle eie leerervarings te skep. Leerders se voorkennis behoort in ag geneem te word wanneer geletterdheidsaktiwiteite beplan word. Tydens die professionele ontwikkelingssessies is geleenthede vir onderwysers gebied om in kleiner of groter groepe te werk sodat hulle bymekaar kon leer soos gepostuleer deur die sosio-konstruktivistiese teorie (Woolfolk 2010:50). Onderwysers is aangemoedig om as deel van 'n leergemeenskap hulle ervarings te deel en van mekaar te leer (Shulman & Shulman 2004:259).

5.2.2 Data-insameling

Na afloop van die professionele ontwikkelingssessies moes die onderwysers die nuwe strategieë vir 'n periode van agt maande in hulle klasse implementeer deur van aksienavorsing gebruik te maak. Die Skoolgebaseerde Ondersteuningspan (SGOS) het leerders geïdentifiseer weens hulle agterstande in Afrikaans Huistaal. Hierdie leerders het 'n aanvangsassessering afgelê om hulle leesbegripvlak te bepaal sodat gepaste tekste geselekteer kon word. Daarna is die leerders weekliks vir twee periodes van 'n uur elk onderrig.

Joernalinskrywings van die onderwysers, klaskamerwaarnemings en semi-gestrukturerde onderhoude het kwalitatiewe data gelewer. 'n Onderhoudskedule is gebruik om struktuur aan die onderhoude te verleen (McMillan & Schumacher 2010:356). Om goeie kwaliteit data te verseker, is onderhoude met 50% van die deelnemende onderwysers gevoer om die onderhoudskedule te evalueer. Daarna is 'n addisionele vraag bygevoeg. Verdere kwantitatiewe en kwalitatiewe data is gelewer deur die afneem van vraelyste agt maande na die professioneleontwikkelingsprogram voltooi is.

Bogenoemde databronne het insig verleen in die onderwysers se ervaring, hulle begrip, asook die implementering van die lees- en leesbegripstrategieë wat tydens die professionele ontwikkelingssessies verkry is.

5.2.3 Data-analise

i) Vraelyste

Wat kwantitatiewe data betref, is 'n McNemar Chi-kwadraattoets³ afgeneem om te bepaal of daar 'n statisties beduidende verskil tussen die ja-response van die eerste en tweede meting was. Uit die data-analise kon afgelei word dat die professionele ontwikkelingsbehoeftes van tussen 98% en 100% van die twaalf opvoeders wat aan die professioneleontwikkelingsprogram deelgeneem het, aangespreek is wat betref lees- en leesbegripstrategieë. Verdere data-analise het getoon dat 98% van die onderwysers leesbegripstrategieë eksplisiet onderrig het na afloop van die professioneleontwikkelingsprogram.

Kwalitatiewe data is volgens vier kategorieë gekodeer en gegroepeer, naamlik geïmplementeerde leesstrategieë en leesbegripstrategieë, professionele ontwikkelingsbehoeftes, suksesse en uitdagings. Uit die data-analise was dit duidelik dat nege respondenten geen verdere professionele ontwikkeling in verband met leesstrategieë of leesbegripstrategieë benodig nie. Twee respondenten het verdere opleiding in leesmodelle aangedui en twee het voorspelling, opklaring en die vind van hoofgedagtes aangedui. Altesam 30% van die respondenten het die vermoë van leerders om onafhanklik te lees as 'n uitdaging ervaar. 'n Verdere uitdaging was tyd, aangesien 80% van die onderwysers aangedui het dat dit langer neem om lesse vir niemoedertaalsprekers te beplan en dat die leerders langer neem om die gestelde uitkomste te bereik. Alle respondenten het aangedui dat hulle suksesse ervaar het. Hierdie suksesse is as volg: leerders se woordeskataloog het verbeter, hulle het 'n liefde vir lees en Afrikaanse boeke ontwikkel, hulle selfvertroue asook geskrewe werk het verbeter en hulle het geleer om mekaar te ondersteun.

ii) Joernale

Data is volgens vier kategorieë gekodeer en gegroepeer, naamlik geïmplementeerde leesstrategieë en leesbegripstrategieë, implementeringsproses in die klas, asook woordeskatalooguitbreiding ter bevordering van leesbegrip. Uit die data-analise kon afgelei word dat alle leesstrategieë gedurende die agt maande implementeringsperiode toegepas is. Gedeelde lees en begeleide lees is egter met groter sukses toegepas, omdat leerders meer ondersteuning tydens die leespistes van mekaar en die onderwyser kry. Tydens die agt maande implementeringsperiode is alle leesbegripstrategieë toegepas. Die onderwysers het aangedui dat assosiasievorming die aanleer van vraagstelling, opklaring, voorspelling en die vind van hoofgedagtes vergemaklik het. Die gebruik van rekenaartegnologie en die eksplisiële aanleer van woordeskataloog tydens die voorleesfase kon bygedra het tot woordeskatalooguitbreiding en verbeterde leesbegrip. Aanvanklik was die keuse van gepaste tekste 'n uitdaging en te veel nuwe woordeskataloogwoorde is gekies. Hierdie uitdagings is egter oorkom namate meer ervaring opgedoen is. Uit die data-analise is gevind dat die gebruik van taktiele en kinestetiese aktiwiteite, prente, cloze-aktiwiteite en grafiese organiseerders, woordeskatalooguitbreiding bevorder. Onderwysers het aangedui dat die leerders toenemend selfvertroue openbaar het om in Afrikaans te kommunikeer namate hulle woordeskataloog verbeter het.

³ Chi-kwadraattoets is 'n nieparametriese statistiese prosedure wat met ordinale data soos persentasies gebruik word. Hierdie toets beantwoord vrae gebaseer op verwantskappe tussen frekwensies van waarnemings wat in kategorieë geplaas is.

iii) Klaskamerwaarnemings

Data is volgens vier kategorieë gekodeer en gegroepeer, naamlik geïmplementeerde leesstrategieë en leesbegripstrategieë, implementeringsproses in die klas, asook woordeskatautbreiding ter bevordering van leesbegrip. Uit die data-analise blyk dit dat nuwe tekste aan die leerders bekend gestel is tydens klaskamerwaarnemings. Onderwysers het van voorlees gebruik gemaak, omdat die tekste onbekend vir die leerders was. Voorts is gedeelde lees, begeleide lees en onafhanklike lees gebruik om woordeskatautbreiding en leesbegrip te fasiliteer. Die leesbegripstrategie wat hoofsaaklik tydens die observasies gebruik is, is vraagstelling. Vraagstelling is gevvolg deur voorspellings, opklaring, die vind van hoofgedagtes en samevatting. Alle deelnemende onderwysers het prente, voorwerpe of rekenaartegnologie gebruik om leerders se voorkennis te aktiveer en om nuwe kennis bekend te stel. Toepaslike ondersteuning is gedemonstreer deur van modellering gebruik te maak. Uitdagings wat deur sommige onderwysers ervaar is, het verband gehou met ondersteuning, toepassing van leesbegripstrategieë en die onvermoë van leerders om in vol sinne te antwoord. Hierdie uitdagings en oplossings is na afloop van die klaskamerwaarneming bespreek. Verdere indiensopleiding is in fase vier van siklus twee gereel. Die onderwysers het daarin geslaag om 'n positiewe klaskameratmosfeer te skep waarin leerders die vrymoedigheid gehad het om entoesiasties aan aktiwiteit deel te neem. Block en Parris (2008:230) beklemtoon die belangrike rol wat 'n positiewe klaskameratmosfeer in leesmotivering speel. Nuwe woordeskatautbreiding van woordmure is in klaskamers vertoon sodat vaslegging kon plaasvind.

iv) Semi-gestrukteerde onderhoude

Data is volgens vier kategorieë gekodeer en gegroepeer, naamlik geïmplementeerde leesstrategieë en leesbegripstrategieë, implementeringsproses in die klas asook woordeskatautbreiding ter bevordering van leesbegrip. Uit die data-analise kon afgelei word dat die onderwysers gedeelde lees, begeleide lees en onafhanklike lees beskou het as die mees effektiewe leesstrategieë om niemoedertaalsprekers se lees te verbeter. Vraagstelling en voorspellings is aangedui as die mees effektiewe leesbegripstrategieë, gevvolg deur opklaring en samevatting. Verder het die onderwysers aangedui dat hulle in die toekoms verdere professionele ontwikkeling sal benodig sodat hulle vaardighede voortdurend opgeskerp en aangepas kan word. Wat interpersoonlike ontwikkeling betref, het die onderwysers aangedui dat die professionele ontwikkelingssessies samewerking tussen hulle en mede-onderwysers bewerkstellig het. Voorts het die professionele ontwikkelingssessies onderwysers gehelp om groter selfvertroue te ontwikkel in hulle vermoëns om niemoedertaalsprekers te onderrig. Die geleenthede wat aan die deelnemende onderwysers gebied is om bydraes ten opsigte van die inhoud van die program te gee, is uiters positief ervaar. Uit die data-analise kon afgelei word dat die geleentheid wat hulle gebied is om bydraes tot die program te maak, tot groter gewilligheid kan lei om in die toekoms aan soortgelyke professionele ontwikkelingsaktiwiteite deel te neem. Sommige onderwysers het egter die byhou van joernale as 'n addisionele administratiewe las beskou, alhoewel hulle aangedui het dat die joernale meer doelgerigte onderrig tot gevolg gehad het.

5.2.4 Ontwikkel 'n plan van aksie

Na die agt maande implementeringsperiode het die onderwysers aangedui dat hulle 'n behoefté het om as 'n groep te reflekteer rakende die onderrig en leer van niemoedertaalsprekers in

hulle klasse. Hulle wou idees uitruil en lesse sowel as leerondersteuningsmateriaal ontwerp. Daar is besluit dat kultureel relevante boeke as vertrekpunt vir elke les sal dien. Data van die onderhoude het aangedui dat hierdie sessies bygedra het tot die onderwysers se pedagogiese inhoudskennis. Hierdie data word bevestig deur De Clercq en Phiri (2013:84) se navorsing.

5.2.5 Refleksie en aanpassing

Die studie is voltooi na afloop van siklus twee. Volgens die data behoort die volgende aanpassings ten opsigte van die professioneleontwikkelingsprogram gemaak te word: meer tyd moet bestee word aan die inoefening van reflektiewe denke en die aanpassing van onderrigstrategieë daarvolgens; die belangrikheid om 'n joernaal by te hou moet meer beklemtoon word en meer sessies moet gewy word aan die modellering van leesbegripstrategieë in klasverband. Bataglia (1995:89) beklemtoon dat onderrigstrategieë gedurig bevraagteken moet word tydens die refleksiefase. Sodoende vind gefokusde onderrig plaas wat tot verbeterde onderrigprakteke kan lei.

6. GEVOLGTREKKINGS

Die data van die vraelyste en onderhoude het aangetoon dat die professioneleontwikkelingsprogram aan die professionele ontwikkelingsbehoeftes van die meerderheid van die onderwysers voldoen het. Die deelnemende onderwysers het aangedui dat hulle beter in staat is om die leesbegrip van niemoedertaalsprekers in hulle klasse te bevorder.

Aksienavorsing as 'n professioneleontwikkelingsmodel kan 'n effektiewe meganisme wees om die pedagogiese inhoudskennis van onderwysers te bevorder. Volgens die data het aksienavorsing tot groter deelname van die onderwysers aan refleksie-aktiwiteite en leergemeenskappe gelei. Hierdie aktiwiteite het geleenthede vir onderwysers gebied om idees uit te ruil en mekaar te ondersteun. Die refleksiefases in die aksienavorsingsiklus het geleenthede aan onderwysers gebied om onderrigstrategieë volgens die unieke behoeftes van die niemoedertaalsprekers in hulle klasse aan te pas.

Die deelnemende onderwysers het aangedui dat hulle die lees- en leesbegripstrategieë van die professioneleontwikkelingsprogram gaan toepas in klasse waar moedertaalsprekers aanwesig is, omdat dit so effektiel vir niemoedertaalsprekers was.

Volgens die data van die onderhoude en die vraelyste kon die implementering van leesbegripstrategieë van die professioneleontwikkelingsprogram gelei het tot die verbetering van die leesbegrip van niemoedertaalsprekers. Die verskeidenheid woordeskataktiwiteite kon 'n verdere bydrae gelewer het tot die verbetering van die leerders se leesbegrip soos gereflekteer in die jomale.

Onderwysers het dit aanvanklik moeilik gevind om die leesbegripstrategieë te modelleer en die geleidelike oordra van 'n verantwoordelikhedsmodel toe te pas. Met ondersteuning van hulle medekollegas en inoefening van die onderskeie leesbegripstrategieë, het hulle selfvertroue en vermoëns egter verbeter.

7. AANBEVELINGS

Gegrond op die voorafgaande gevolgtrekkings, word die volgende aanbevelings gemaak (Basson 2016:315):

Tersiêre opleidingsinstansies behoort hulle kurrikulum aan te pas om die veranderende demografie ten opsigte van niemoedertaalsprekers in Suid-Afrikaanse skole te akkommodeer.

Onderwyseropleiers moet dus toesien dat hulle studente die onderwysberoep betree met die nodige kennis van die teorieë wat niemoedertaalonderwys rig sowel as om die nodige aanpassings aan die gebalanseerde benadering te maak om niemoedertaalsprekers te akkommodeer.

Sistemiese navorsing dui dat die lae geletterdheidsvlak van leerders in Suid-Afrikaanse skole nie effektiewe akademiese leer verseker nie. Een van die redes vir die lae geletterdheidsprestasie mag die gebrek aan indiensopleiding wees wat die unieke behoeftes van niemoedertaalsprekers aanspreek. Indiensopleidingsprogramme behoort dus die onderrig van lees- en leesbegriphaardighede vir niemoedertaalsprekers in te sluit, asook leerteorieë vir die onderrig van tale. Onderwysers se bydraes in die samestelling van indiensopleidingsprogramme behoort verky te word tydens beplannings- en implementeringsfasies. Indiensopleiding wat slegs uit 'n enkele sessie bestaan, behoort vervang te word met voortdurende opvolgessessies, asook ondersteuning en monitering in klasverband.

Navorsers beskryf aksienavorsing as 'n effektiewe model om onderwysers se onderrigpraktyke te verbeter (Herbert & Rainford 2014:247; Le Cordeur 2016:185). Tydens hierdie studie het dit aan onderwysers die geleentheid gebied om aktief by hulle professionele ontwikkeling betrokke te wees. Wanneer onderwysers toegelaat word om eienaarskap van hulle professionele ontwikkeling te neem, kan dit lei tot aktiewe refleksie van hulle eie klaskamerpraktyke. Voorts het die deelnemende onderwysers aangedui dat reflektiewe praktyke baie effektiel was ten einde hulle klaskamerpraktyke te verander. Onderwyseropleiers behoort dus die aksienavorsingsmodel te oorweeg wanneer indiensopleiding van onderwysers beplan word.

Die deelnemende onderwysers het aangedui dat hulle die refleksie- en beplanningssessies met kollegas baie leersaam gevind het. Hierdie sessies het vir hulle die geleentheid gebied om mekaar te ondersteun sodat beter begrip ten opsigte van die onderrig van niemoedertaalsprekers ontwikkel kan word. Deur saam te werk kon hulle oplossings vir uitdagings in klasverband vind, idees is uitgeruil en lesse asook leerondersteuningsmateriaal is ontwikkel. Onderwysers behoort dus deur skoolhoofde en kurrikulumadviseurs aangemoedig te word om te reflekter en deel te vorm van leergemeenskappe sodat verandering aan klaskamerpraktyke blywend kan wees.

8. SLOTOPMERKINGS

Die navorsers het in hulle interaksie met belanghebbendes by skole bewus geraak van die uitdagings wat onderwysers in Afrikaans Huistaal-klasse beleef ten opsigte van die onderrig van toenemende getalle niemoedertaalsprekers in hulle klasse. Daarom het hierdie aksienavorsingstudie gefokus op die professionele ontwikkelingsbehoefte van Afrikaanse Huistaal-onderwysers ter bevordering van hulle pedagogiese inhoudskennis sodat beter ondersteuning aan niemoedertaalsprekers gebied kan word.

Studies wat deur hierdie en ander navorsers onderneem is, het bevind dat Afrikaanse Huistaal-onderwysers die onderrig van niemoedertaalsprekers uitdagend vind, omdat hulle oor onvoldoende pedagogiese inhoudskennis ten opsigte van die onderrig van lees- en leesbegripstrategieë beskik. Gevolglik het onderwysers aangedui dat hulle professionele ontwikkeling in hierdie verband benodig.

Hierdie navorsing het bevind dat baie min leesbegriponderrig in Afrikaanse Huistaalklasse plaasvind, veral om die unieke behoeftes van niemoedertaalsprekers te akkommodeer. Die verantwoordelikheid berus dus op tersiêre instansies sowel as die Departement van Basiese Onderwys om te verseker dat studente en diensdoende onderwysers opleiding in dié verband ontvang.

Tydens hierdie studie is 'n professioneleontwikkelingsprogram ontwerp volgens die behoeftes van 68 respondentte in die Kaapse Wynland Onderwysdistrik. Daarna is dit geïmplementeer ter bevordering van die pedagogiese inhoudskennis van twaalf Afrikaans-huistaal-onderwysers in die Intermediêre fase in die Stellenbosch- en Franschhoek- omgewing. Hierdie onderwysers het die geleentheid gehad om die program deur middel van aksienavorsing in hulle klasse te implementeer. Volgens die data kan professionele ontwikkeling, wat die behoeftes van onderwysers in aanmerking neem en hulle die geleentheid bied om insette te lewer, tot verbeterde prestasie van hulle leerders lei.

Ten slotte, bied hierdie studie nie 'n oplossing vir alle uitdagings in Afrikaanse Huistaalklasse met niemoedertaalsprekers nie. Die navorsers glo egter dat onderwyseropleiers by tersiêre inrigtings en onderwysdepartemente hierdie professioneleontwikkelingsprogram as 'n riglyn kan gebruik om hulle eie professioneleontwikkelingsprogramme te ontwikkel sodat studente en diensdoende onderwysers die leesbegripvaardighede van niemoedertaalsprekers in hulle Suid-Afrikaanse skole kan bevorder.

BIBLIOGRAFIE

- Ball, D.L., Thames, M.H. & Phelps, G. 2008. Content knowledge for teaching: What makes it special? *Journal of Teacher Education*, 59(5):389-407.
- Basson, M. & Le Cordeur, M.L.A. 2013. Bevordering van woordeskat en leesbegrip by Xhosa-moedertaalsprekers in graad 4-6 in Afrikaanse skole. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(3):377-390.
- Basson, M. & Le Cordeur, M.L.A. 2014. Effektiewe ondersteuning aan Xhosa-moedertaalsprekers in Afrikaansmediumklasse. *Per Linguam*, 30(1):109-123.
- Basson, M. 2016. Pedagogiese ondersteuning ter bevordering van leesbegrip van niemoedertaalsprekers in Afrikaanse Huistaal-klasse. Ongepubliseerde PhD-proefskerif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Bataglia, C. 1995. Confused on a higher level about more important things! *Educational Action Research Bulletin*, 5:1-16.
- Bauer, E.B. & Arazi, J. 2011. Promoting literacy development for beginning English learners. *The Reading Teacher*, 64(5):383-386.
- Bloch, G. 2009. *The toxic mix*. Kaapstad: NB, Tafelberg.
- Block, C.C. & Parris, S.R. 2008. *Comprehension instruction: Research-based best practices*. 2^{de} weergawe. New York: Guilford Press.
- Burbank, M.D. & Kauchak, D. 2003. An alternative model for professional development: Investigations into effective collaboration. *Teaching and Teacher Education*, 19:499-514.
- Christie, P., Harley, K. & Penny, A. 2004. Case studies from Sub-Saharan Africa, in C. Day & J. Sachs (eds). *International handbook on the continuing professional development of teachers*. Maidenhead, UK: Open University Press.
- Dadds, M. 2007. School improvement inside out. *Education 3-13: International Journal of Primary, Elementary and Early Years Education*, 25(3):3-10.
- Day, C. & Sachs, J. 2004. Professionalism, performativity and empowerment: Discourses in the politics, policies and purposes of continuing professional development, in C. Day & J. Sachs (eds). *International handbook on the continuing professional development of teachers*. Maidenhead, UK: Open University Press.
- De Clercq, F. 2014. Improving teachers' practice in poorly performing primary schools: The trial of the GPLMS intervention in Gauteng. *Education as Change*, 18(2):303-318.
- De Clercq, F. & Phiri, R. 2013. The challenges of school-based teacher development initiatives in South Africa and the potential of cluster teaching. *Perspectives in Education*, 31(1):77-86.
- Duffy, G.G. & Roehler, L.R. 1993. *Improving classroom reading instruction: A decision-making approach*. 3^{de} weergawe. New York: McGraw Hill.

- Durkin, D. 1979. What classroom observations reveal about reading comprehension instruction. *Reading Research Quarterly*, 14:482–533.
- DvO (Departement van Onderwys). 1997. *Taal-in-Onderwysbeleid*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Fullan, M.G. 1991. *The new meaning of educational change*. 2^{de} uitgawe. New York: Teachers' College Press.
- Guskey, T.R. 2002. Professional development and teacher change. *Teachers and Teaching: Theory and Practice*, 8(3/4):381-391.
- Guskey, T.R. & Huberman, M. 1995. *Professional development in education*. New York: Columbia University.
- Herbert, S. & Rainford, M. 2014. Developing a model for continuous professional development by action research. *Professional Development in Education*, 40(2):243-264.
- Hooijer, E. & Fourie, J. 2009. Teacher's perspectives of multilingual classrooms in a South African school. *Education as Change*, 13(1):135-151.
- Howie, S., Van Staden, S., Tshele, M., Dowse, C. & Zimmerman, L. 2011. *Progress in International Reading Literacy Study (PIRLS): South African Children's Reading Literacy Achievement summary report*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- James, A., Bansilal, S., Webb, L., Goba, B & Khuzwayo, H. 2015. Teacher professional development programmes in MST for developing contexts. *Africa Education Review*, 12(2):145-160.
- Jansen, J.D. 2009. *Knowledge in the blood: Confronting race and the apartheid past*. Stanford: Stanford University Press.
- Kennedy, A. 2005. Models of continuing professional development: A framework for analysis. *Journal of In-service Education*, 31(2):235-250.
- Le Cordeur, M.L.A. 2011. Moedertaal gebaseerde tweetalige onderwys: 'n Moontlike oplossing vir Suid-Afrika se geletterdheids- en syferkundigheidsprobleme. *LitNet Akademies*, 8(3):435-461.
- Le Cordeur, M.L.A. & Thornhill, A.C. 2016. First additional language teaching in selected grade 4–6 classes in Western Cape urban schools: The case of Afrikaans. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 50(1):103-123.
- Le Cordeur, M.L.A. 2016. Aksienavorsing, in I. Joubert & C. Hartnell (eds.). *'n Gids vir die beginnernavorser*. Kaapstad: Van Schaik, pp. 167-188.
- Little, D.C. & Box, J.A. 2011. The use of a specific schema theory strategy – semantic mapping – to facilitate vocabulary development and comprehension for at-risk readers. *Reading Improvement*, 48(1):23-31.
- McLaughlin, M. & Allen, M.B. 2002. Guided comprehension: A teaching model for grades 3-8. Newark: International Reading Association.
- McMillan, J.H. & Schumacher, S. 2010. Research in education: Evidence-based inquiry. 7^{de} weergawe. Upper Saddle River: Pearson Education.
- Migyanka, J.M., Pollicastro, C. & Lui, G. 2005. Using a think-aloud with diverse students: Three primary grade students experience chrysanthemum. *Early Childhood Educational Journal*, 33(3):171-177.
- Moodley, V. 2013. In-service teacher education: Asking questions for higher order thinking in visual literacy. *South African Journal of Education*, 33(2):1-18.
- Nielsen, D.C., Barry, A.L. & Staab, P.T. 2008. Teachers' reflections of professional change during a literacy-reform initiative. *Teaching and Teacher Education*, 24:1288-1303.
- Nir, A.E. & Bogler, R. 2008. Antecedents of teacher satisfaction with professional development programs. *Teaching and Teacher Education*, 24:377-386.
- Oakhill, J. & Yuill, N. 1996. Higher order factors in comprehension disability: Processes and remediation, in C. Cornaldi & J. Oakhill (eds). *Reading comprehension difficulties: Processes and intervention*. Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- O'Connor, J. & Geiger, M. 2009. Challenges facing primary school educators of English second (or other) language learners in the Western Cape. *South African Journal of Education*, 29:253-269.
- Ono, Y. & Ferreira, J. 2010. A case study of continuing teacher professional development through lesson study in South Africa. *South African Journal of Education*, 30:59-74.
- Palinscar, A.S. & Brown, A.L. 1984. Reciprocal teaching of comprehension-fostering and comprehension-monitoring activities. *Cognition and Instruction*, 1:117-175.

- Pardo, L.S. 2004. What every teacher needs to know about comprehension. *The Reading Teacher*, 58(3):272-280.
- Perfetti, C., Marron, M. & Foltz, P.W. 1996. Sources of comprehension failure: Theoretical perspectives and case studies, in C. Cornaldi & J. Oakhill (eds). *Reading comprehension difficulties: Processes and interventions*. Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- Pressley, M. 2006. *Reading instruction that works. The case for balanced reading*. New York: The Guilford Press.
- Pretorius, E.J. & Klapwijk, N.M. 2016. Reading comprehension in South African schools: Are teachers getting it and getting it right? *Per Linguam*, 32(1):1-20.
- Punch, K.F. & Oancea, A. 2014. *Introduction to research methods in education*. 2^{de} weergawe. Londen: Sage Publications.
- Reddy, C. 2004. Democracy and in-service processes for teachers: A debate about professional teacher development programmes, in Y. Waghid & L. le Grange (eds.). *Imaginaries on democratic education and change*. Pretoria: Southern African Association for Research and Development in Higher Education.
- Rhodes, C. & Benecke, S. 2003. Coaching, mentoring and peer-networking: Challenges for the management of teacher professional development in schools. *Journal of In-service Education*, 28:297-309.
- Scardmalia, M. & Bereiter, C. 1985. Fostering development of self-regulation in children's knowledge processing, in J. Chipman, J.W. Segal & R. Glaser (eds.). *Thinking and learning skills, volume 2*. Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- Scheepers, R. 2006. The effects of immersion on Grade 7 learners' vocabulary size: Is incidental learning of vocabulary enough? *Tydskrif vir Taalonderrig*, 40(2):1-19.
- Scott, S.E. 2009. Knowledge for teacher reading comprehension: mapping the terrain. Dissertation submitted in partial fulfilment of the requirements for Doctor of Philosophy (Education). Michigan: Universiteit van Michigan.
- Shulman, L.S. 1986. Those who understand: Knowledge growth in teaching. *Educational Researcher*, 15(2):4-14.
- Shulman, L.S. 1987. Knowledge and teaching: Foundations of the new reform. *Harvard Educational Review*, 57(1):1-22.
- Shulman, L.S. & Shulman, J.H. 2004. How and what teachers learn: A shifting perspective. *Journal of Curriculum Studies*, 36(2):257-271.
- Stoller, F.L. & Grabe, W. 2001. Action research as reflective teacher practice in the context of L2 reading classrooms. *Journal for Language Teaching*, 35(2&3):97-109.
- Tsai, Y., Ernst, C. & Talley, P.C. 2010. L1 and L2 strategy use in reading comprehension of Chinese EFL learners. *Reading Psychology*, 31:1-29.
- Van Staden, S. & Bosker, R. 2014. Factors that can affect South African reading literacy achievement: Evidence from prePIRLS 2011. *South African Journal of Education*, 34(3):1-9.
- Woolfolk, A. 2010. *Educational psychology*. 11^{de}weergawe. Saddle River: Pearson Education.
- Zimmerman, L. & Smit, B. 2014. Profiling classroom reading comprehension development practices from the PIRLS 2006 in South Africa. *South African Journal of Education*, 34(3):1-9.

Revolusie of reformatie? Die moontlike betekenis van Guillaume Groen van Prinsterer (1801–1876) se besinning daaroor vir vandag

Revolution or reformation? The possible relevance of Guillaume Groen van Prinsterer's (1801–1876) reflections for today

BENNIE J VAN DER WALT

Skool vir Filosofie
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
E-pos: bennievanderwalt@gmail.com



Bennie van der Walt

BENNIE VAN DER WALT studeer aan die (destydse) Potchefstroomse Universiteit vir CHO en die Vrije Universiteit van Amsterdam en behaal die grade ThB en DPhil (Filosofie). Vanaf 1970 tot 1974 was hy senior lektor in Filosofie aan die Universiteit van Fort Hare, vanaf 1975 tot 1999 direkteur van die Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme, later herdoop tot die Instituut vir Reformatoriese Studie, en (vanaf 1980) ook professor in Filosofie. Sedert sy emeritaat (1999) is hy navorsingsgenoot – tans by die Skool vir Filosofie op die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit. Deesdae skryf hy heelwat artikels vir geakkrediteerde tydskrifte in Afrikaans en publiseer ook monografieë in Engels. Van sy geskrifte is ook vertaal in onder andere Hongaars, Nederlands, Koreaans, Spaans, Portugees, Xhosa en Tswana. Hy het twee eregrade van instellings in Korea en Hongarye asook die Stalsprys (vir Filosofie) van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang.

BENNIE VAN DER WALT studied at the Potchefstroom University for Christian Higher Education and at the Free University of Amsterdam and obtained the degrees of ThB (Theology) and DPhil (Philosophy). From 1970 to 1974 he was senior lecturer in Philosophy at the University of Fort Hare; from 1975 to 1999 he was director of the Institute for Reformational Studies and also (from 1980) professor in Philosophy at the Potchefstroom University for Christian Higher Education. After his retirement (1999) he was appointed as research fellow of the School of Philosophy at the North-West University (Potchefstroom Campus). He has written many books and articles in refereed journals. Some of his writings were translated into the English, Dutch, Hungarian, Korean, Spanish, Portuguese, Xhosa and Tswana languages. He received two honorary degrees from institutions in Korea and Hungary and also the Stals Prize (for Philosophy) from the South African Academy for Science and Arts.

ABSTRACT

Revolution or reformation? The possible relevance of Guillaume Groen van Prinsterer's (1801–1876) reflections for today

A new global spirit of radical, revolutionary change is characterizing our contemporary world. It is, for instance, evident in revolutionary wars against oppressive dictatorial governments, the attacks the world over by ISIS and other radical Islamic groups. Concerned thinkers are asking two basic questions. Firstly, what are the deepest source, character and implications of a revolutionary view of societal change? Secondly, is there an alternative to revolution? Can a Christian reformational approach perhaps be an option in our multireligious world?

In this article Unbelief and revolution, a book which was published in 1847, a year ahead of Karel Marx's revolutionary Communist manifesto (1848), will serve as a guide for reflection. 170 Years ago its writer, Guillaume Groen van Prinsterer (1801–1876), the intellectual leader of the Dutch Reveille in the Netherlands, was confronted with similar questions, albeit in a different context.

As few people in South Africa are still acquainted with Guillaume's ideas (nothing about his life and work is available in Afrikaans with only a few overseas sources in English), this essay may therefore also serve as a first introduction to South African readers. It develops as follows.

Apart from a motivation for this study, the first part indicates the original and the secondary sources (mostly in Dutch) available.

The second main section briefly sketches the cultural-philosophical, religious and political context as background for Guillaume's reflections.

Section three explains his own Christian-historical or anti-revolutionary approach to the revolutionary temper of his time. According to his perspective the revolutions of his time were the result of a rejection of the Christian belief in God, his revelation and ordinances. He therefore sees a clear antithesis between secular-revolutionary solutions and the biblically based idea of reform.

By way of a review of Unbelief and revolution the fourth main part follows the development of his hypothesis, providing a detailed description of revolution's basic characteristics, its consequences when applied to society (especially politics), as well as five stages during which it usually progresses.

The last (fifth) part indicates the possible relevance of his ideas for the present. The question is posed whether the idea of reform does not boil down to reprimination, conservatism and a condonation of the status quo. It is indicated that neither he, nor subsequent likeminded reformational thinkers accepted the dilemma between a reactionary, contra-revolutionary stance (regarded as conservative) and a revolutionary approach (viewed as progressive). Finally, a distinction between structure and direction proves to be a helpful way of distinguishing between revolution and reformation, confirming reformation as perhaps a better choice for social renewal. Since it advocates structural and confessional pluralism, it may also ensure justice in a multireligious world.

KEYWORDS: Anti-revolutionary approach; Aufklärung (Enlightenment philosophy); Christian-historical approach; democracy (relationship between citizens and government in a state); French Revolution (1779); "Ongeloof en revolutie" (Unbelief and revolution" (1847, 1868); philosophy; rationalism; reformation; Reveille (the Dutch of about 1815–1865); revival; revolution; Groen van Prinsterer, Guillaume (1801–1876)

TREFWOORDE: Antirevolusionêre benadering; Aufklärung (Verligtingsfilosofie); Christelik-historiese benadering; demokrasie (verhouding tussen burgers en regering in 'n staat); filosofie; Franse Revolusie (1779); herlewing; "Ongeloof en revolutie" (1847, 1868); rasionalisme; reformasie; Réveil (die Nederlandse van ongeveer 1815–1865); revolusie; Groen van Prinsterer, Guillaume (1801–1876)

OPSOMMING

Byna daagliks berig die media oor revolusionêre bewegings en hulle soms bloedige aksies. Ook in Suid-Afrika beoog die regering tans 'n (sogenaamde demokratiese) revolusie op sosiaal-ekonomiese gebied. In die lig daarvan probeer hierdie ondersoek antwoorde op die volgende twee belangrike vrae vind: (1) Wat is die geestelike dryfveer, die karaktertrekke en die implikasies van 'n revolusionêre manier van samelewingsverandering? (2) Wat presies behels die alternatief van 'n Christelike reformatoriese benadering?

Die *opus magnum* van die denker, Groen van Prinsterer (1801–1876), *Ongeloof en revolutie*, verskyn in 1847, 'n jaar voor Karel Marx se revolusionêre Kommunistiese Manifest bevat waardevolle insigte wat vandag nie vergeet mag word nie. 170 Jaar gelede het hierdie leier van die Nederlandse Réveil – 'n merkwaardige Christelike herlewing – ook voor die keuse gestaan van revolusie of reformasie. Daarom dien sy werk in hierdie bydrae as inspirasie vir verdere besinning. Ongelukkig dra min mense in Suid-Afrika en ook elders (buite Nederland) nog kennis van sy denke. Daarby is daar geen lektuur oor hom in Afrikaans beskikbaar nie en selfs min in Engels wat die leemte sou kon vul. Hierdie ondersoek wil dus ook in hierdie behoefté 'n bydrae lewer.

1. INLEIDING

Om te begin, volg hier (1) iets oor die vraagstuk; (2) 'n motivering waarom die gedagtes van 'n denker uit die negentiende eeu vandag nog steeds relevant kan wees; (3) die beskikbare navorsingsmateriaal oor die denker se nalatenskap.

1.1 Die vraagstuk

Hoe kan 'n mens 'n omvattende maar terselfdertyd grondige greep kry op wat in die wêreld rondom jou gebeur? Dit is nodig om jou eie tyd te probeer verstaan om te weet hoe jy daarop moet reageer. Hoe jy jou situasie interpreteer, sal ook bepaal watter metode van samelewingsverandering gevolg behoort te word om dit te verbeter: deur geleidelike reformasie of vinnige revolusie?

Hierdie vraag is in die verlede deur sowel sekulêre as Christelike denkers beantwoord. Eersgenoemdes, veral met behulp van die konsep van 'n revolusionêre ideologie, terwyl laasgenoemdes vanuit 'n Bybelbegronde lewensvisie 'n antwoord probeer vind het.

1.1.1 'n Sekulêre metode

Gedurende die 19e eeu word Atonie Destutt de Tracy (1754–1836), 'n rasionalistiese denker, die eerste persoon wat die idee van ideologie formuleer (vgl. Kennedy 1978). Daarvolgens analiseer hy nie net die destydse samelewing nie, maar hy skryf ook 'n nuwe, revolusionêre bestel voor wat skerp kritiek op die Christendom bevat.¹

¹ De Tracy se volledige filosofiese konsepsie kan nagegaan word in Vollenhoven (2000:246).

So 'n ideologiese benadering is daarna voortgesit (vgl. Thompson 1990) en het veral bekend geword deur Karl Marx (1818–1883), nog 'n rasionalistiese denker, maar behorende tot 'n latere stroming daarvan (die neo-positivisme) se revolucionêre denke. Sy *Kommunistiese Manifes* (1848) is bekend. Op verskillende maniere is hierdie soort ideologiese analyses deur verskillende Neo-Marxiste voortgesit.²

1.1.2 'n Christelike benadering

Dit is heel waarskynlik weens die sekulêre aard van hierdie soort ideologiese benaderings dat sommige Christelike denkers huiwerig is om die begrip "ideologie" te gebruik om hulle eie lewensvisie aan te duï waardeur hulle die wêreld bekyk en heg hulle gewoonlik 'n negatiewe betekenis aan die woord. 'n Ideologie is volgens hulle 'n verstarde lewensvisie wat, indien nodig, met geweld ook op publieke terreine afgedwing word.

Reeds 170 jaar gelede stel Groen van Prinsterer teenoor die rasionalisties-revolusionêre ideologie van sy tyd sy eie Christelike lewensvisie wat van nie-ideologiese aard sou wees. Vanuit hierdie perspektief analiseer hy die geestesgeskiedenis van die voorafgaande eeu en die voortgaande invloed daarvan op sy eie tyd. Hy doen dit in sy hoofwerk, *Ongeloof en revolutie* (in vervolg afgekort as *OR*), waarvan die eerste uitgawe in 1847 verskyn, 'n jaar voor Karl Marx se manifes van die kommunistiese ideologie.

1.1.3 Fokus

Die fokusvraag wat hierdie ondersoek dus wil probeer beantwoord, is of 'n sekulêr-revolusionêr-ideologiese benadering of 'n Christelik-geïnspireerde lewensbeskoulik-reformatoriese 'n oplossing kan bied vir samelewings wat vandag oral weer om verandering roep.

Omdat Guillaume Groen van Prinsterer (in vervolg kortheidshalwe afgekort as G vir sy noemnaam) egter in die negentiende eeu geleef en geskryf het, is dit nodig om eers te motiveer waarom vandag nog aan sy nalatenskap aandag gegee sou word. Hier volg enkele redes.

1.2 Motivering vir die ondersoek

G was die "generaal" van die 19e-eeuse Réveil in Nederland, die stamland van baie Suid-Afrikaners. In sy werke vind 'n mens die rypste vrugte van hierdie merkwaardige Christelike herlewing (vgl. o.a. Algra 1966). Isaac da Costa (die "ysbreker" van die Réveil genoem) het nog op 'n populêre, elementêre wyse in sy *Beswaren tegen de geest der eeuw* (1823) die 19e eeu probeer peil (vgl. Van der Walt 2017). G analiseer dit op 'n grondiger, meer wetenskaplike wyse. Kluit (1970:205) skryf dat die klem by G ook verskuif van die meer persoonlike en negatief-reaksionêre na 'n veel breër benadering en alternatief.

Tweedens was hierdie Nederlandse ikoon uit die geskiedenis se hoofwerk, *OR*, 'n klassieke geskrif wat selfs gedurende die vorige eeu (tussen 1900 en 1976) nie minder nie as 'n dosyn keer herdruk is (vgl. Van Dyke 1989:206-207) en nog steeds weer uitgegee word (vgl. Groen

² Vir 'n deeglike oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van die begrip "ideologie" (met uitgebreide literatuurverwysings) word die bydraes deur verskillende skrywers in *Historisches Wörterbuch der Philosophie* (band 4, pp. 158-185) nog steeds aanbeveel (vgl. Ritter & Gründer 1976). Vir die ontwikkelinge na Marx, vgl. bv. Freedan (2003:12 e.v.), asook op internet die Stanford Encyclopedia of Philosophy *sub voce* "Critical theory" en die New World Encyclopedia *sub voce* "Ideology".

van Prinsterer 2008a en 2008b). Dit bly vandag nog steeds 'n besondere studie oor die Westerse denkgeskiedenis.

OR bied, in die derde plek, nie net 'n deeglike analise van die Westerse kultuur en filosofieë nie. Dit word ook die manifies van Christelike onderwysaksies en 'n Christelike politieke party, die Anti-Revolusionêre Party, wat vir meer as 'n eeu in Nederland Christene saamgesnoer het vir betrokkenheid op onderwys en staatkundige terrein en verskeie belangrike leiers opgelewer het.

Vierdens is *OR* ook 'n voorbeeld van 'n ernstige poging tot 'n integraal-Christelike wetenskapsbeoefening in die algemeen en 'n Christelike geskiedenisbeskrywing in besonder.³

Daarbenewens het (in die vyfde plek) *G* ook die saad gesaai van 'n reformatoriële denkwyse wat later vrugte sou dra in die werke van teoloë soos Kuyper en Bavinck en die filosowe Vollenhoven, Dooyeweerd en hulle navolgers tot op die huidige dag.⁴

Sesdens het *G* – lank voor die irrasionalistiese en vandag se postmodernistiese filosofieë – al grondige kritiek gelewer op die rasionalisme en aangetoon hoe die outonomie en veronderstelde neutraliteit van die menslike rede en wil ellendige gevolge kan inhoud.

Ten spyte van groot verskille tussen destyds en vandag, bestaan daar ook nog belangrike parallelle tussen toe en tans. Miskien is die belangrikste die oooreenkoms tussen die opkoms van 'n sekularistiese gees van destyds wat in ons eie tyd in omvang en intensiteit net toegeneem het.

Dit is vanselfsprekend dat 'n werk van 170 jaar gelede in sekere opsigte verouderd sal wees. Smitskamp (vgl. Groen van Prinsterer 1951:7) noem ook eensydighede en selfs aanvegbaarhede in *OR*. Maar Van Dyke (1989:2) oordryf nie as hy skryf dat 'n boek soos *OR* maar slegs eenmalig binne 'n geslag verskyn nie.

G bly vandag nog die geeste boei, ook omdat daar soveel fasette aan sy denke is. Daarom verbaas dit nie dat daar nie minder as vyftien doktorsgraadproefschrifte (hoofsaaklik in Nederlands) reeds oor verskillende fasette van sy denke gepubliseer is.

'n Volgende rede waarom hierdie persoon en sy werk weer hier ter sprake kom, is dat Nederlands vir die meeste van veral ons jongere geslag 'n struikelblok is. Gedurende die begin van die vorige eeu het *G* se beskouing oor Christelike onderwys en politiek nog 'n duidelike invloed op onder andere die denke aan die Potchefstroomse Universiteitskollege gehad (vgl. Van der Schyff 2003: 129, 130). Dit het later verander. Die enigste stof oor *G* in Afrikaans wat opgespoor kon word, is van sestig jaar gelede en gevvolglik vandag moeilik bekomaar. Dit is die werk (van 90 bladsye) van Du Toit (1947), 'n vertaling van 'n Nederlandse geskrif deur prof. H.S. Smitskamp.

OR bied ten slotte – die fokus van hierdie ondersoek – 'n diepgaande analise van wat revolusie beteken asook die oorsake en gevolge daarvan – as gevolg van politieke en godsdienstige radikalisme vandag weer 'n aktuele kwessie in ons land en wêreldwyd.

1.3 Beskikbare navorsingsmateriaal

Om moontlike verdere navorsing te stimuleer, volg hier 'n aanduiding van *G* se oorspronklike geskrifte asook publikasies oor hom in Nederlands en Engels.

³ Vgl. bv. Smitskamp (1944); Van Essen (1982); Harinck & Kuyper (1994); Zwaan (1994) en Van Vliet (2008).

⁴ Vgl. Taylor (1966:28 e.v., 238 e.v.); Kalsbeek (1975:16-17); Skillen & McCarthy (1991:53 e.v.); Bratt (2013:15-17); Heslam (1998:19) en Van Dyke (2013).

1.3.1 Oorspronklike geskrifte

Baie van G se eie werke (hoofsaaklik in Nederlands) kan gelukkig vandag nog opgespoor word in die biblioteke van instellings wat vir hierdie ondersoek besoek is, soos die Vrye Universiteit van Amsterdam in Nederland (bv. Groen van Prinsterer 1990); by Calvin College, Grand Rapids, VSA en ook in die biblioteek van die Teologiese Skool van die GKSA op Potchefstroom.⁵

1.3.2 Bronne in Engels

Ongelukkig is die oes in Engels maar skraal. Myns insiens bied Van Dyke (1989) die mees omvattende studie in dié moderne *lingua franca*.⁶ Die enigste vertalings in Engels van G se eie geskrifte is die uittreksels uit hoofstukke 1,2,3 en 10 van *OR* in Skillen en McCarthy (1991:53-77) en die vollediger, maar nogtans verkorte, weergawe van die hele *OR* wat as bylaag gepubliseer is in die proefskrif van Van Dyke (1989, na p. 292).⁷

1.3.3 Geraadpleegde uitgawe en fokus

Vir hierdie ondersoek is gebruik gemaak van die (plaaslik beskikbare) heruitgawe van *OR* van 1951 (bewerk deur prof. H. Smitskamp). Dit bevat die teks van die tweede, hersiene uitgawe, wat in 1868 nog tydens G se lewe verskyn het.⁸

1.4 Opset

Die oogmerk van hierdie bydrae is nie om G se nalatenskap nogeens krities te analiseer nie. Dit is deur die jare in talle geskrifte alreeds gedoen.⁹ As waarskynlik die eerste kennismaking

⁵ Van die baie bronne oor Groen se beskouings in die algemeen in Nederlands, word net enkeles vanaf 1960 genoem: Kamphuis (1962), Zwaan (1973), Puchinger (1976), Bremmer & Kool (1976), Van Essen (1992), Harinck & Kuiper (1994), Van Dijk & Van der Straaij (2001) en De Bruijn & Harinck (2004).

⁶ Sover die skrywer kon vasstel, het daar, behalwe die paar Engelse werke wat Van Dyke (1889:285 e.v.) noem, asook dié van Langley (1985), Van Essen (1982), Van Essen & Morton (1990), Sap (2001:284-302), Van der Stelt (1996) en Van Dyke (2007 en 2013) nie verdere publikasies in Engels oor Groen verskyn nie.

⁷ Van Prinsterer (s.j. (1) en 2015) was onverkrygbaar. Volgens Wolfe (2016) se resensie van Van Prinsterer (2015) bevat die werk hoofsaaklik die beginsels en aktiwiteite van Groen se Antirevolusionäre Party.

⁸ Van *OR* bestaan daar, terloops, ook 'n Spaanse vertaling deur De la Sienra (2010).

⁹ Van die 1847-uitgawe bestaan daar 'n nuwe gedrukte uitgawe (Van Prinsterer 2008a) sowel as 'n gedigitaliseerde versie (Van Prinsterer 2008b) asook (in die RGP-reeks) 6 dele van sy korrespondensie, uitgegee deur die Instituut voor Nederlandse Geschiedenis.

Debat is gevoer oor verskeie fasette van G se denke. So byvoorbeeld oor die (te groot?) invloed op hom van die Duitse regsfilosof, F.J. Stahl (1802–1861), se (konserwatiewe) historiese skool (vgl. verskillende skrywers in die bundel onder redaksie van Suttorp 1949 asook Klink 1994).

In verband met sy visie op die geskiedenis is ook sy oorsaaklikheidsbegrip bevraagteken, naamlik dat ongeloof die oorsaak van revolusie sou wees. Bremmer (1981:58-71) bied van hierdie debat 'n oorsig. Smitskamp (1944) het gevra waarom (net) ongeloof en nie byvoorbeeld ook stygende voedselprysse en inflasie die oorsaak van revolusie sou wees nie. Hy praat dus van 'n tweërlei of 'n dualistiese kousaliteit: 'n historiese (bv. die invloed van persone, graanpryse ens.) en 'n

van huidige Afrikaanstalige lezers met G behandel hierdie bydrae agtereenvolgens die volgende: (1) Die agtergrond waarteen G geleef, gedink en geskryf het asook sy eie lewensloop; (2) sy benadering van die gees van revolusie; (3) ongeloof as die diepste oorsaak van die revolusionêre malaise van sy tyd en (4) 'n verdere besinning oor die verskil tussen revolusionêre en reformatoriële metodes van samelewingsverandering.

2. DIE NEGENTIENDE-EEUSE AGTERGROND

Die volgende drie fasette van die negentiende-eeuse konteks kan onderskei word: die kultureel-filosofiese, godsdienslike en politieke. (Vgl. o.a. De Bruijn & Harinck 2004 en Van der Walt 2016.)

2.1 Die kultureel-filosofiese agtergrond

Die kultuur gedurende die tyd van G toon duidelik die vrugte van die voorafgaande eeu, wat gekenmerk is deur die invloed van 'n tweede substrooming binne die vroeg-rasionalisme, naamlik die Aufklärung of Verligting en (tot 'n mate) van 'n derde stroming, die Idealisme.¹⁰ Belangrike verteenwoordigers van eersgenoemde tendens was onder ander Hume (1711–1776), Voltaire (1694–1778) en Rousseau (1712–1775) en van laasgenoemde die filosoof, Kant (1722–1804).

Die meeste van hulle staan skepties en selfs vyandig teenoor geloof in God en sy openbaring. (Vgl. die bekende slagspreuk van die Franse Revolusie: "Ni dieu ni maître", geen god, geen meester.) Fundamentele Bybelse waarhede soos die sondeval en verlossing in Christus is deur hulle as bygeloof afgemaak. Israel (2001:11-12) skryf byvoorbeeld die volgende:

The Radical Enlightenment, whether on an atheistic or deistic basis, rejected all compromise with the past and sought to sweep away existing structures entirely, rejecting the Creation as traditionally understood in Judeo-Christian civilization, and the intervention of the providential God in human affairs, denying the possibility of miracles, and reward and punishment in afterlife, scorning all forms of ecclesiastical authority...

Vertroue is in die veronderstelde ongeskonde menslike rede en wil gestel. In plaas van gehoorsaamheid aan God se verordeninge is menslike outonomie verkondig – die mens is sy eie wetgewer. Volgens eie redelike norme sal die mens self 'n samelewing van vryheid, gelykheid en broederskap – van vooruitgang – skep. Hierdie vooruitgangsidee is byvoorbeeld duidelik verwoord deur De Condorcet (1743–1794; vgl. De Condorcet 2009).

Hierdie proses van ontkerstening of sekularisering neem verder toe ten tye van G self wanneer 'n nuwe stroming binne die rasionalistiese denke, die positivisme die Europese kultuur

bohistoriese. Hy word deur sommige ondersteun, maar ander, soos Kamphuis (1962) en Zwaan (1990/1991), verskil van hom. Wie, volgens Bremmer, G. Se standpunt volgens 'n tweede oorsaaklikheid probeer analyseer, verstaan hom nie. Want G was 'n *getuigende* historikus; dit het hom nie om kousale verbande gegaan nie, maar om die *prediking* van God se seën en vloek in die geskiedenis (Bremmer 1981:69-70).

Van Deursen (1994:36) se evaluering van G se historiografie is dat dit sowel visie as vakmanskap of tegniese vermoë insluit – dié kenmerke van groot geskiedskrywing.

Van Dyke (1989:217-169) bied 'n uitvoerige oorsig van al hierdie en ander voorafgaande diskussies oor verskillende aspekte van G se denke.

¹⁰ Vgl. Vollenhoven (2005a:78-80), Kok (1996:133-138) en Goudzwaard & Bartholomew (2017:15-36) vir 'n populêre oorsig.

begin stempel deur die idees van byvoorbeeld Comte (1798–1857), Darwin (1709–1882) en Marx (1818–1883). G fokus egter meer op die implikasies van die Verligtingsdenke wat nog duidelik in sy eie tyd deurwerk en hy vestig sy mede-Christene se aandag op die nadelige gevolge daarvan. Sy kritiek impliseer nie dat hy hoegenaamd geen waardering vir sekere elemente daarvan gehad het of selfs onbewus die invloed daarvan kon ondergaan het nie.

2.2 Die godsdienstige klimaat

Kerklik-godsdienstig was dit nie 'n bloeityd nie. As gevolg van die invloed van bogenoemde sekulêre filosofiese strominge op teoloë, predikante en gewone lidmate is die Evangelie al meer verduister deur Bybelse waarhede te bevragekten. In baie gevalle is ook gepoog om 'n versoening tussen die heersende filosofieë en die Woord van God te bewerk.

Afgesien hiervan was die Christelike geloof ook nie meer lewend en daadkragtig nie. Dooie skolastiese ortodoksie (leersuiwerheid) en oppervlakkige moralisme het die theologiese denke gekenmerk en talle lidmate van die Hervormde Kerk van Nederland was net nog nominale Christene. Aanvanklik was G self ook so 'n soort liberale naamchristen.

Teen hierdie agtergrond vind daar vanaf die begin van die 19e eeu 'n merkwaardige Christelike herlewing, (die Réveil genoem), in verskillende lande in Europa plaas (vgl. Kluit 1970). G word, as bekeerde Christen, een van die belangrikste eksponente daarvan in Nederland. Hy voer die stryd nie net teen die verwêreldliking op lewensbeskoulike filosofiese en kerklik-teologiese gebied nie, maar ook teen die heersende politiek-staatkundige idees.

2.3 Die politieke omstandighede

Terwyl die outonoomverklaarde rede nadelige gevolge op godsdienstige gebied gehad het, het die eweneens verklaarde outonome wil onvoorsiene politieke gevolge ingehou. Anders as die voorafgaande sciëntialistiese denkers, wat met wetenskaplike nadenke tevreden was, was die Verligtingsdenkers praktikaliste, wat ook resultate op hul teorieë verwag het, hulle insigte moes deur die menslike wil konkreet op die hele samelewing toegepas word. Op teoretiese gebied was die menslike rede die finale gesag en in die praktyk is dit aangevul met die menslike wil as bron van gesag.

Die gedagte van 'n outonome wil het veral duidelik na vore gekom in hulle visie op die staat. 'n Regering moes volgens 'n gemeenskaplike volkswil (demokrasie) ontstaan en is as finale gesag beskou om vryheid, gelykheid en broederskap te waarborg (vgl. Israel 2010).

Die ironie is dat die agtiende en negentiende eeue op politieke terrein allerminds 'n goue tyd van vrede, vryheid, gelykheid en broederskap geword het. (Vgl. Groen van Prinsterer, s.j. (2) vir sy fundamentele kritiek op hierdie slagspreuk van die Franse Revolusie.) Presies die teendeel was die geval. Dit was 'n onstuimige, revolusionêre tyd, gekenmerk deur talle oorloë dwarsoor Europa.

Die Franse Revolusie (1779) stuur skokgolwe deur die hele Europese samelewing.¹¹ Daarna volg die talle Napoleontiese oorloë in Europa tot in Rusland. Na Napoleon se skrikbewind volg (vanaf 1830 tot 1850) nog revolusies in Griekeland, Oostenryk, Duitsland,

¹¹ Van die talle studies oor die Franse Revolusie word slegs dié van Schama (1989), Israel (2014) en Tackett (2015) hier genoem. Vgl. verder die aanhangsel tot Groen van Prinsterer (1951:335–336) wat 'n oorsig van die gebeure van 1788 tot 1799 bied, d.w.s. vanaf voor die Franse Revolusie tot by Napoleon se staatsgreep en hoe dit ook Nederland geraak het, asook Van Velzen e.a. (1989).

Hongarye en Pole. In 1854 volg die Krimoorlog en selfs na G se dood is Frankryk en Rusland nog in oorlog gewikkel.

As Christendenerker, historikus, regsgelerde en politikus probeer G in *OR* vasstel wat die diepste oorsaak van al hierdie staatkundige woelinge – en wreethede – kon wees. Die titel van sy meesterwerk bied sy antwoord. Ongeloof in God en sy Woord lei tot die bygeloof in die menslike rede en wil as afgode en uiteindelik tot revolusie. Volgens 'n sogenaamde ongeskonde menslike wil moet 'n revolusionêre ideologiese sisteem as eksperiment op die samelewings toegepas en, indien nodig, afgedwing word.

2.4 Bronne oor G se eie lewensloop

Iemand se lewensvisie en denkwêrel ontstaan nooit geïsoleerd van die omstandighede waarin hy/sy lewe nie, maar ook nie van sy/haar persoonlike lewensgeskiedenis nie. Weens ruimtegebrek word hier nie op G se lewensloop en op almal wat sy denke (bv. deur hulle korrespondensie en geskrifte) beïnvloed het, ingegaan nie. 'n Kort weergawe daarvan word in Van der Walt (2017) gegee, terwyl ander bronne dit meer in besonderhede weergee.¹²

3. GROEN SE BENADERING TOT DIE ONGELOOF VAN SY TYD WAT REVOLUSIE TOT GEVOLG SOU HÊ

In sy voorrede by die eerste (1847) en tweede (1868) uitgawes en in hoofstuk 1 van *OR* verduidelik G wat sy eie benadering is teenoor die heersende ongelof of sekulêre geloof wat sy tyd deurdring. (Al die hieropvolgende bladsyverwysings is na die 1951-heruitgawe van *OR* deur Smitskamp.)

3.1 Benaming vir sy benadering

In die 1847-edisie noem hy sy eie vertrekpunt "Christelik-histories" en in die finale 1868-uitgawe word dit 'n alternatief vir "Antirevolusionêr" (p. 17).

Wat hy met Christelik-histories bedoel, word duidelik as hy skryf dat sy leuse is "Er staat geschreve! En er is geschied!" (p. 14). Eersgenoemde dui op sy Christelike geloof in die Skrifwoord en laasgenoemde op die belangrikheid van die geskiedenis (God se openbaring in die skepping). Die "historiese" word by die "Christelike" gevoeg omdat die revolusionêre denke van G se tyd die voorafgaande geskiedenis wou uitvee aangesien veronderstel is dat niks goed daaruit te lere sou wees nie.

'n Mens sou kon sê dat met "Christelik-histories" G sy eie standpunt formuleer het, terwyl "antirevolusionêr" op sy polemiese instelling teenoor die heersende kultuur van sy tyd dui.

3.2 Allesbepalende geloof

G het (enige soort) geloof – ook sy eie – nie as 'n blote addendum tot die gewone lewe beskou nie, maar as die onontwykbare en alles bepalende religieuse rigting in die lewe van elke mens. Sy Christelike geloof het ook sy wetenskaplike ondersoek bepaal (p. 24). Dit beteken dat die

¹² Vgl. Schutte (1977) en meer recent en uitgebreid Kuiper (2001). Van Dyke (2013:11-14) bied 'n kort oorsig en Van Dyke (1989:39-84) meer besonderhede. Die basiese gegewens oor Groen se lewensgeskiedenis kan ook via die internet bekom word.

geskiedenis in die lig van die Skrif bestudeer moet word (p. 25). God se openbaring in die Skrif en in die geskiedenis mag volgens G nie van mekaar geskei word nie.

3.3 Idees het voete

Vervolgens skryf G dat die geskiedenis nie net bestaan uit feite (dade of gebeurtenisse) nie. Dit word bepaal deur idees, is die ontplooiing van begrippe. Teorie bepaal praktyk, 'n boom word geken aan sy vrugte. Die konkrete gebeure is slegs die vorme waarin die tydsgees sig openbaar. In hierdie oopsig is G waarskynlik mede deur die praktikalistiese Verligtingsdenke beïnvloed (vgl. 2.1 hierbo).

3.4 Ongeloof as die diepste oorsaak

Die gees van sy tyd, skryf G, is dié van ongeloof of 'n anti-geloof. Reeds vroeg al (p. 14) stel hy dat dit geen ander gevolg as revolusie kan hê nie. Die volgende revolusiebegrippe beteken vir hom 'n totale omkering van denkwyse: vryheid, gelykheid, die idee van 'n maatskaplike verdrag en volksoewereiniteit. Veral wanneer hulle op politieke terrein toegepas word, lei hierdie idees tot die ergste gruwels en geweld (p. 22).

Die woord "revolusie" stam uit die tyd van die Renaissance toe dit 'n aanduiding was van die omwenteling van die hemelligame. G pas die begrip ook toe op die menslike denke en handele.

Wat is vir hom die Christelike antwoord op die ideologie van revolusie en die gevolge daarvan? Dit moet reformasie wees. (In hoofstuk 7 blyk reeds duidelik sy waardering vir die 16e-eeuse Reformasie.) Wat is die verskil tussen die twee visies?

3.5 Die verskil tussen revolusie en reformasie

G (p. 27, voetnoot) noem die volgende verskille waarop hieronder verder ingegaan sal word: (1) Revolusie gaan uit van die soewereiniteit van die mens, reformasie buig voor die absolute soewereiniteit van God. (2) Eersgenoemde laat die verafgode rede en wil God se openbaring beoordeel, terwyl laasgenoemde die feilbare menslike verstand en wil toets aan God se Woord. (3) Die een laat die samelewing disintegreer, die ander bind dit saam. (4) Revolusie oorwin deur moord, geweld en reformasie deur martelaarskap. (5) Daarom het eersgenoemde sy oorsprong uit die afgrond en ontspring laasgenoemde uit die hemel.

G ontken nie dat daar meer faktore as die gees van revolusie is wat die loop van die geskiedenis beïnvloed nie. Hy herhaal ook weer (p. 28) dat dit nie voldoende is om net die revolutionêre *leer* (waaruit die historiese *feite* vloeи) te ontsenu nie. Die werklike geskiedenis self is ook 'n leermeester.

Ten slotte waarsku hierdie Christenderker teen twyfel, moedeloosheid, berusting en onverskilligheid onder mede-Christene. Hulle het 'n verantwoordelikheid om vir reg en waarheid te stry. Hy stel sy hoop op die Christelike herlewning wat die Réveil teweeggebring het en sluit af met 'n beroep om die tekens van die tyd te lees.

Hoe het G self sy eie tyd verstaan? Hier volg 'n vlugtige oorsig van verskillende hoofstukke van *OR* om die vraag te beantwoord.

4. ONGELOOF AS DIE WORTELOORSAAK VAN DIE ELLENDE VAN DIE NEGENTIENDE EEU

Hoofstuk 2 en 3 van *OR* bou in meer besonderhede voor op hoe G self die gees van sy tyd lees en beoordeel. Hy kontrasteer sy antirevolusionêre visie met die revolusionêre in hoofstuk 2 soos volg: “Al wat tot de echte kennis van Openbaring en Geschiedenis leidt, is antirevolutioner” (p. 33). Hier teenoor: “Openbaring en Historie ter zijdestellen is de levensbeginsel der revolutie” (p. 34). Sy groot agting vir die waarde van die geskiedenis blyk weer uit die volgende woorde. Die digter (waarskynlik Bilderdijk) sê: “in ‘t verleden ligt het heden; in het nu wat worden zal” (p. 36). Teenoor revolusie wat die verlede probeer uitvee, erken hy ‘n sekere kontinuïteit.

4.1 Antirevolusionêre beginsels

Hoofstuk 3 bevat die verdediging van G se antirevolusionêre beginsels op politieke terrein teen kritiek daarop. Indien ‘n Christen aanvaar dat alle mag deur God verordineer is (Rom. 13:1b), beteken dit volgens hom nie dat elke soort mag ook wettig sou wees nie. Mag is ook nie dieselfde as geweld nie. Dit beteken dat sowel die burgers as die owerheid God se verordeninge vir die staat moet gehoorsaam (p. 52, 53). Ook die staat en sy regering is slegs diensknegte van God, sy rentmeesters en daarom in finale instansie aan Hom verantwoording verskuldig.

Alle menslike gesag en mag is volgens G altyd beperk want dit geld net in ‘n bepaalde samelewingskring (p. 53). In elke samelewingsvorm geld ook nie net bepaalde regte nie, maar ook duidelike verpligte. So ‘n standpunt was die eerste formulering van die later bekende beginsel van soewereiniteit in eie kring of verspreide verantwoordelikheid van ‘n Christelik-reformatoriiese samelewingsfilosofie. Dit is later deur byvoorbeeld Kuyper, Dooyeweerd en Vollenhoven verder uitgewerk.

Hierdie beginsel geld ook vir die verhouding tussen staat en kerk. Teenoor die staatsabsolutisme van destyds stel G onderskeid, maar geen skeiding tussen kerk en staat voor (p. 58-62). En omdat alle menslike gesag en mag beperk behoort te wees, erken hy ook die reg van lydelike, nie-gewelddadige verset teen die misbruik van gesag en mag.

4.2 Mense as voertuie van ongeloof en revolusie

In hoofstuk 8 toon G aan wat die implikasies is van die teoretiese ongeloof (gegrond op die outonome rede) en praktiese ongeloof (gelei deur die menslike wil). Hy bedoel met “ongeloof” natuurlik nie geen geloof nie (vgl. 3.2 hierbo), maar ‘n afvallige, nie-Christelike geloof wat ook konkreet toegepas word (p. 138). So ‘n valse geloof skakel egter geensins menslike verantwoordelikheid uit nie.

Later (p. 143) stel hy egter duidelik dat hy dit nie teen mense, soos Robespierre, Voltaire, Rousseau en Napoleon het nie. Hulle was slegs die voertuie van ‘n bedwelmende revolusionêre sisteem; hulle was daarvan onderworpe, daardeur voortgestu. G het dus die misleidende, verblindende en dwingende karakter van ‘n ideologie raakgesien.

4.3 Revolusie keer alles in sy teendeel om

Volgens G is 'n tydperk van wêreldhistoriese gedaanteverwisseling met die Franse Revolusie (1779) gebore. Hy erken wel sekere verbeterings wat daardeur op politieke gebied ontstaan het, maar dit het volgens hom 'n ysterdyd ingeleei, nie 'n goue tyd nie (p. 141). Indien die oppergesag aan die gevalle menslike verstand en wil toegeken word, word vooruitgang agteruitgang; verligting word eerder verduistering; vryheid word dwang; verdraagsaamheid word onverdraagsaamheid; humaniteit word onmenslikheid; sedelikheid word sedeloosheid (p. 142).

Na hierdie algemene opmerkings spits G hom in *OR* op twee terreine toe, die godsdiestige en die politiek-staatkundige.

4.4 Godsdiestige implikasies

Die figure op wie G hier veral sy brandpyle rig, is Voltaire (1694–1775), Diderot (1713–1784) en La Mettrie (1709–1751), al drie rasionalistiese verligtingsdenkers en vyandig teenoor die Christelike geloof. G sien by hulle 'n duidelike antitetiese houding teenoor dit wat hyself glo. Hul eie bygeloof, goddeloosheid en afgodery (almal woorde waarmee hy hulle religieuse uitgangspunt aandui), verplig hulle om die waarheid van die Evangelie en diegene wat daarin glo te haat (p. 150).

Hulle was egter nie tot meer in staat nie as om die evangeliese waarhede af te water of selfs in hulle teendeel om te keer nie (p. 146–148). Sonde word vergoeilik as blate menslike onvolmaaktheid; heiligmaking word gelykgestel aan sedelike vervolmaking; plig geskied net uit eie belang; deug is net 'n naam vir bedrog; gesag word magsmisbruik. Nog erger: God is slegs 'n abstrakte denkbeeld en sy openbaring in die Skrif is niks anders as 'n fabel nie. Hoewel dit alles skyngeloof is, skryf G dat dit werksame skyn is, reële gevolge inhou.

4.5 Nog meer kenmerke

In hoofstuk 10 van *OR* kom G weer terug op die praktiese uitwerking van die filosofieë van sy tyd op godsdiestige gebied. Hy skryf eers dat die geloof in die onfeilbaarheid van die menslike rede nie algemeen aanvaarbaar kon word sonder die vervalkking wat by die Christelike geloof van die Nederlanders ingetree het nie. Hy erken dus dat die Christendom nie sonder skuld is aan die ontstaan van die sekulêre geloof en toestand van sy tyd nie.

Die implikasies van hierdie redegoeloof is, eerstens, dat elke ander geloof gesmaad word – onverdraagsame sogenaaarde verdraagsaamheid. Voltaire het selfs spottend geskryf dat, indien God nie bestaan nie (wat hy geglo het), dan moet ons Hom uitvind (p. 167).

In die tweede plek volg skeptisme. Mense soek nie langer meer na die waarheid nie. Hy haal La Mennais aan wat geskryf het dat die siekte van die negentiede eeu nie soseer is dat dwaling nagejaag word nie, maar dat die waarheid in onverskilligheid geminag word.

Derdens word die gees van sy tyd gekenmerk deur materialisme. Alles – 'n mens se gewete, eer, oortuiging, gesag, godsdiens – is te koop.

'n Toenemende gerigtheid op eie belang en genot (hedonisme) is 'n vierde kenmerk van sy tyd.

Wanneer 'n mens hierdie tipering van die negentiede eeu lees – dalk soms 'n bietjie oordrew? – wonder jy of daar vandag enigiets nuut onder die son is.

4.6 Politieke gevolge

Op politieke gebied verloop die revolusie volgens G in die volgende vyf fases (hoofstuk 10, p. 171 e.v.). Dit gebeur volgens hom omdat so'n politieke orde indruis teen natuur en geskiedenis (God se skeppingsorde) en revolusie op teëstand moet stuit.

Die vyf fases is die volgende: (1) 'n *voorbereiding*, waarin die revolusieleer veld begin wen; (2) die *ontwikkeling* daarvan, waarin die tweedrag tussen die konsekwente in inkonsekwente aanhangers van die leer tot 'n diktatuur lei (diktatuur word as redmiddel teen chaos beskou); (3) 'n *reaksie*, wat die revolusie konsolideer deur, ten koste van vryheid, 'n skrikbewind te voer; (4) 'n *hernieuwe toepassing* van die revolusieleer (wat poog om anargie en tirannie te oorkom deur 'n onhoudbare kompromis tussen die oue en die nuwe); (5) 'n *moedeloze berusting* in die bestaande toestand.

Deur al hierdie gedaanteverwisselinge word staatsabsolutisme egter gehandhaaf. Die kenmerke van hierdie absolutisme is die volgende (p. 187): (1) dit vernietig individuele vryheid; (2) dit maak ook politieke en sosiale vryhede tot niet; (3) dit is grensloos; (4) is in stryd met 'n land se belang; (5) is onstuitbaar solank die revolusieleer heers. In die volgende vier hoofstukke (11-14) van *OR* word elkeen van bogenoemde vyf fases deur G in besonderhede bespreek.¹³

Hierdie historiese verloop wys duidelik daarop dat revolusie uiteindelik sy eie kinders opvreet. En dat een gewelddadige revolusie weer 'n daaropvolgende oproep. Op die ou einde bestaan daar nie werklik 'n wenner nie – net ruïnes. Geweld kan nie effektiief met teeneweld bestry word nie. Hoe paradoksaal dit ook al mag klink: Die kwade kan slegs met hoop op sukses deur die goeie teengestaan word (Rom. 12:21).

Wat behels hierdie goeie, beter weg? Dit bestaan daarin dat G nie net (negatief) antirevolusionêr gedink het nie, maar ook (positief) proreformatories.

5. REVOLUSIE OF REFORMASIE?

Sal die wêreldwyre revolusionêre geweld van byvoorbeeld radikale Moslemgroepe 'n oplossing vir hulle probleme bied? Moet 'n mens vandag in Suid-Afrika saamgaan met 'n regering wat ook 'n voortgaande (sogenaamde demokratiese) revolusie voorstaan of moet 'n mens dit probeer teenstaan en hoe moet dit gedoen word? Sulke vrae bring ons by die moontlike relevansie van G vir vandag.

5.1 Verskillende standpunte

Heelwat Christelike denkers, wat ook oortuig was dat 'n integrale Christelike lewensvisie transformerende krag kan besit, het op G se gedagtegang voortgebou.¹⁴

Ander denkers, waaronder ook Christene, was en is egter van mening dat reformasie nie radikaal genoeg is nie, dat dit 'n blote oppervlakkige verandering sou inhoud. Of dat reformasie

¹³ Die vyf verskillende fases wat G reeds in 1847 onderskei het, kom nogal ooreen met die volgende ses fases wat Goudzwaard en Bartholomew (2017:67-68) vandag weer in die ontwikkeling van enige ideologie onderskei: (1) konsepsie, (2) aktualisering, (3) die rekonstruksie daarvolgens van 'n hele samelewing, (4) dominasie deur geweld of geldmag, (5) terreur en (6) die ontbinding van die ideologie.

¹⁴ Vgl. bv. Taylor (1970), Van Velzen, e.a. (1989), Wolterstorff (1983) en wat Suid-Afrika betref, bv. Smit e.a. (1975), Van der Walt (1981 en 1991) en Van Wyk e.a. (1985).

eenvoudig reaksionêr is en selfs op repristinasie neerkom. (Die woorde “re-formeer” of “her-vorm” kan die indruk skep.) Reformasie sou dus konserwatief (op die verlede gerig) teenoor progressiewe revolusie (op die toekoms gerig) wees. “Transformasie” is tans die modewoord in ons land en klink ook meer toekomsgerig. Maar vir baie is dit nie duidelik wat presies daaronder verstaan word nie en vir ander mag dit selfs maar net ’n nuwe benaming vir revolusie wees.

Voordat revolusie en reformasie vergelyk word, word eers aandag gegee aan hierdie teenstellende kenmerke wat dikwels aan die twee toegeskryf word: reformasie sou regressief en revolusie progressief wees, reformasie reaksionêr en revolusie positief ingesteld. Is dit ’n korrekte tipering?

5.2 Konserwatief of progressief

Vooraf eers hoe G self daaroor gedink het en dan ’n verdere besinning daaroor.

5.2.1 G se standpunt teenoor konserwatisme

G (2015:97 e.v.) identifiseer (volgens Wolfe 2016 se resensie) twee soorte van verkeerde konserwatisme. Die eerste is om die verlede te probeer herstel sonder om die hede te verbeter. Dit kom neer op ’n fatale verbondenheid aan verslete en verouderde dinge (p. 97). Hy is egter nie teen die verlede as sodanig ingestel nie. Om sekere dinge te bewaar, is ook belangrik. Hy is ook nie teen verbetering nie (p. 99).

Die tweede vorm van ’n verkeerde konserwatisme is – merkwaardig – die revolusionêre. Wanneer mense met die onvoorsiene gevolge van ’n revolusionêre filosofie gekonfronteer word, beveg hierdie soort konserwatiewes die implikasies daarvan in plaas daarvan om hulle revolusionêre vertrekpunte (beginsels) prys te gee (p. 98).

Volgens G moet ’n regte soort “konserwatisme” van die beginsels van die sestiede-eeuse Reformasie uitgaan en daarop vir nuwe omstandighede voortbou.

5.2.2 Konserwatief versus progressief ná G

Couwenberg wy ’n lywige studie aan hierdie baie algemene teenstelling in die Westerse denke (veral op politiek-maatskaplike gebied) tussen die twee begrippe, ook ten tye van G (vgl. Couwenberg 1959:91-116). Dit is etikette wat mense graag – ook vandag nog – om hulle teëstanders se nekke hang.

Vollenhoven (2005b:12 e.v.) gaan op hierdie verskynsel in op die gebied van die filosofie en waarsku daarteen om in dieselfde strik op ander gebiede te trap. ’n Christenwetenskaplike en politikus mag nie die rol van *laudator tempris acti* (’n bewonderaar van die verlede) vervul nie, maar behoort ook nie die rol van ’n demagoog te speel wat die massas revolusionêr die toekoms injaaag nie. Die rede is dat die verlede nie volledig goed of sleg was nie. En wat die toekoms betref, is nie die *spoed* nie, maar die regte normatiewe *rigting* waarin beweeg word die belangrikste. Hy vestig ook die aandag daarop dat die sogenaamde progressiewes aavanklik nogal aggressief kan optree, maar dat hulle na ’n tyd, onder nuwe omstandighede, taamlik konserwatief vir ’n nuwe generasie mag voorkom (p. 18).

Vollenhoven ontbloot dus konserwatisme en progressiwisme (albei -ismes of oordrywings) as oppervlakkige slagkrete. Dat die een die ander bloot vanuit sy eie (konserwatiewe of progressiewe) standpunt beoordeel, bevredig nie. En bowendien is die verskille tussen hulle

met die verloop van die tyd ook nie meer so duidelik nie. Die norm vir die beoordeling van al twee standpunte kan dus nie een van hulle wees nie, maar moet buite albei gesoek word in 'n hoëre, belangriker kriteria.

Ook Dooyeweerd (1996:56-58) beklemtoon dat regressief of progressief nie norme vir die beoordeling van 'n lewensvisie en kultuur behoort te wees nie. Agteruitgang of vooruitgang moet volgens ander, eksterne norme wat nie aan 'n reaksionêre of 'n revolucionêre instelling ontleen is nie, bepaal word.

5.3 Negatief-reaksionêr teenoor 'n positiewe ingesteldheid?

G self (1951, voetnoot 7 op p. 173-174) was alreeds bewus van die kritiek dat hy (veral omdat hy weens sy Christelik-historiese standpunt soveel klem op die geskiedenis gelê het) reaksionêr sou dink. Aan die begin van die Réveil was daar (soos bv. by Da Costa) wel 'n sterk reaksionêre element, maar G het dit geleidelik oorkom.

Hy waarsku teen 'n verkeerde soort reaksie op dit wat in die hede gebeur, want dit sou beteken dat 'n mens dan nie 'n oog vir jou huidige roeping sou hê nie. So 'n foutiewe reaksie kan verder in plaas van net die slegte van die hede ook goeie ontwikkelings daarin teenstaan. Soms is kontrarevolusionêre optrede wel nodig, maar dit bring ook nie noodwendig 'n einde aan die gees van revolusie nie – dit wek eerder nuwe revolucionêre reaksies op. (Vgl. weer 4.6 hierbo.)

Daar is egter ook die moontlikheid van 'n gesonde reaksie. Volgens G is dit 'n terugdryf van die verkeerde in die hede deur 'n terugkeer na die eerste beginsels van reg en waarheid. So 'n terugkeer beteken nie repristinasie en agteruitgang nie, maar volgens hom huis vooruitgang, omdat dit daarin bestaan dat 'n mens dit terugbring wat nog steeds reg en waar is.

Daarom tref G ook 'n duidelike onderskeid tussen 'n reaksionêre, *kontra-revolusionêre* standpunt en sy eie *anti-revolusionêre* visie. Die eersgenoemde is slegs *teen* revolusie, terwyl laasgenoemde die *teenoorgestelde* van revolusie beoog, nie bloot daarteen is nie, maar 'n eie alternatief bied.

Na die voorafgaande kan nou verder filosofies besin word oor die keuse tussen revolusie en reformasie. Die praktyk is natuurlik ingewikkelder: Revolusie kan reformerende trekke bevat, terwyl reformasie revolucionêre elemente kan huisves.

5.4 Revolusie of reformasie?

Wolters (1992) bied verdere verheldering op wat G reeds hieroor geskryf het.

5.4.1 Uitgangspunt

Hy benader die probleem vanuit sy onderskeid (oorspronklik van Vollenhoven) tussen struktuur en rigting. Struktuur dui op die aard van iets volgens God se skepping. Rigting wys op die religieuze koers (vir of teen God) van die menslike hart en die dinge wat hy tot stand bring. Alles is oorspronklik (struktureel) goed deur God geskep, maar as gevolg van die sondeval het alles ook in mindere of meerdere mate ontaard. Alles kan egter danksy die verlossing in Christus en onder leiding van sy Gees weer vernuwe word. Aan al twee, struktuur (skepping) en rigting (val en verlossing), moet gelyke gewig toegeken word.

Natuurlik kan 'n mens nie rigting en struktuur waterdig onderskei nie. Die rede is dat daar ook 'n duidelike verband van wedersydse beïnvloeding tussen hulle bestaan. 'n Verkeerde

normatiewe rigting kan verwronge en selfs onderdrukkende strukture tot gevolg hê wat dus om strukturele reformasie roep. Sonde en vernuwend verlossing (die twee rigtings) neem duidelike vorme aan in allerlei menslike strukture en praktyke soos huwelike, gesinne, kerke, staatkundige stelsels. Die omgekeerde is ook waar: gevinstigde strukture bevorder 'n bepaalde goeie of slegte rigting in die samelewings, 'n geestesklimaat.

Hierdie onderskeid (sonder skeiding) help om die noue verband by G tussen ongeloof en revolusie beter te verstaan. Ongeloof in die ware God (die verkeerde religieuse rigting) lei tot revolusie (die skep van verkeerde samelewingsstrukture). Omgekeerd bevorder revolusionêre samelewingsvorme 'n steeds vaster geloof in menslike outonomie.

Volgens sy rigting-struktuur onderskeid tref Wolters (1992:78) vervolgens die volgende onderskeid tussen revolusie en reformasie.

5.4.2 Revolusie

Revolusie vertoon die volgende drie karaktertrekke. (1) 'n Volledige uitvee van die voorafgaande geskiedenis en omverwerping of vernietiging van alle stelsels en strukture van 'n bestaande samelewingsorde. (2) Daarom noodsak dit meestal geweld. (3) Die instelling van 'n nuwe, veronderstelde volmaakte sosiaal-politiek-ekonomiese orde volgens 'n bepaalde ideologiese bestel.

5.4.3 Reformasie

Hiereenoor vertoon reformasie die volgende vier kenmerke.

Eerstens die noodsak om by die verandering van 'n bestaande orde geweld te vermy – sowel persoonlike leed as die onnodige vernietiging van gevinstigde samelewingsvorme en ander strukture.

Tweedens die erkenning dat geen enkele struktuur (soos huwelik, onderwys, ekonomiese of staat) geheel en al korrum kan wees en dus volkome verwerplik hoef te wees nie. Elke struktuur en omstandigheid bly deel van God se skeppingsmoontlikhede. Want ten spyte van die verwoesting van die sonde, bly sy ordeninge geld, sodat geen situasie volkome reddeloos kan wees nie. As gevolg van die verlossing in Christus kan nie net die menslike hart, maar ook die strukture wat hy tot stand bring vernuwe word – hulle hoef nie vernietig te word nie. Reformasie gebruik dus die gegewe (historiese) situasie as vertrekpunt en hou die Bybelse opdrag in gedagte "... toets alles, behou wat goed is, en bly weg van alles wat sleg is" (1 Tes. 5:21).

'n Mens kan dus, soos G gedoen het, die nodige agting vir die geskiedenis toon sonder om die noodsak van reformasie te ontken. Dit hoef nie te beteken dat reformasie eintlik maar neerkom op repristinasie (terugkeer na 'n vermeende ideale verlede) of konserwatisme (handhawing van die bestaande orde) nie. Wolters (1992:79) skryf:

Kragtens ons fokus op struktuur, verwerp ons simpatie vir revolusie, en weens ons fokus op rigting, verwerp ons die stilswyende aanvaarding van konserwatisme.

In die derde plek behels reformasie nie 'n blinde vertroue op idees en ontwerpe vir 'n ideale, utopiese samelewing wat geskep kan word deur wetenskaplike of pseudo-wetenskaplike spekulasies of ideologieë nie. As gevolg van die sondegebrokenheid wat alles deurdring, sal 'n ideale samelewing in die hiermaals 'n pypdroom bly.

Omdat geen samelewing ooit volmaak kan wees nie, beklemtoon die reformatoriese ingesteldheid in die laaste plek *voortdurende, volgehoue* reformasie. Want, indien dit nie gebeur nie, volg degenerasie en word revolusie naderhand die enigste opsie.

6. VIR VERDERE BESINNING

Hoewel G die beginsel van reformasie duidelik gestel het, is die metodes en strategieë om so 'n visie te verwerklik nog nie by hom volledig uitgespel nie. Verder leef ons vandag in 'n komplekser en meer pluralistiese samelewing met verskillende, selfs botsende visies oor hoe 'n bepaalde samelewing daaruit behoort te sien. Duidelike onderskeidinge is egter die eerste stap op die moeilike pad van ingrypende veranderinge.

Die pas genoemde onderskeid tussen struktuur en rigting kan dalk help om in so 'n situasie 'n vreedsamer koers aan te duい. Sonder om hulle te skei (want hulle beïnvloed mekaar) onderskei Mouw en Griffioen (1993:16-19) die volgende drie soorte pluraliteit: die verskeidenheid van samelewingsverbande, van kulture en van religieuse oortuigings. Die eerste twee tipes is van strukturele aard, terwyl die derde 'n religieus-rigtinggewende karakter het. McCarthy et al. (1981:30-50) asook Skillen en McCarthy (1991) onderskei dus tussen strukturele en konfessionele pluraliteit.

Die botsings in 'n plurale samelewing lê veral op laasgenoemde religieus-normatiewe vlak. Revolutionêre en gewelddadige optrede kan op hierdie gebied voorkom word deur nie (soos ten tye van die Franse Revolusie) die feit van 'n verskeidenheid diepgewortelde religieus-lewensbeskoulike oriëntasies te ontken of te probeer onderdruk nie, maar te erken. Dit gebeur wanneer die aanhangers van verskillende godsdienstige oortuigings die reg gegun word om ook in die openbare lewe aan hul diepste oortuigings gestalte te gee in byvoorbeeld eie lewensbeskoulik-georiënteerde onderwys, politieke partye, vakbonde en meer.

Daarom onderskryf ek ten slotte graag wat Goudzwaard en Bartholomew (2017:101-102) pas geskryf het:

In the Soviet Union and Marxist China serious attempts were made to eradicate religion. In Western democracies freedom of religion has been the norm but, it must be noted, freedom of a privatized religion. To a major extent religion has been left free to function as long as it stays out of the great public spheres of life such as politics, economics, and education. While this is far better than the persecution of religion, in some ways it is the more dangerous course, giving the appearance of freedom while clipping the wings of religion so it can never again fly as it were.

Om 'n wyle in die skaduwee van die "generaal" van die Réveil te kon vertoeф, was verrykend. Hoewel hy – soos ons almal – 'n kind van sy tyd was, strek die betekenis van sy nalatenskap tot vandag – ook hier aan die suidpunt van Afrika. Hy praat nog steeds deur ons te stimuleer om, in die lig van 'n Christelike lewensvisie, oor die brandende lewensvrae van ons eie tyd en land te besin.

BIBLIOGRAFIE

- Algra, H. 1966 (met talle herdrukke). *Het wonder den 19e eeuw*. Franeker: Wever.
- Bratt, J.D. 2013. *Abraham Kuyper; modern Calvinist, Christian democrat*. Grand Rapids, Michigan: Erdmans.
- Bremmer, C. & Kool, M.N.G. (reds). 1976. *Een staatsman ter navolging: G van Prinsterer herdacht (1876–1976)*. Voorhoeven/Woerden: Stichting ARP, CHU & KVP.
- Bremmer, R.H. 1981. *Er staat geschreven! Er is geschied!* Apeldoorn: Willem de Zwijgerstichting.
- Couwenberg, S.W. 1959. *De strijd tussen progressiviteit en conservatisme*. 's-Gravenhage: Uitgeversmaatschappij Pax.

- Da Costa, I. 1823 (herdruk 1974). *Bezwaren tegen de geest der eeuw*. Bleiswijk: Uitgeverij Tolle Lege.
- De Bruijn, J. & Harinck, G. 2004. *G van Prinsterer in Europese context*. Hilversum: Verloren.
- De Condorcet, A-N. 2009. *Outlines of a historical view of the progress of the human mind* (1798). Chicago: G. Langer.
- De la Sienra, A.G. 2010. *Incredulidad y Revolución*. Xalapa: Fabrica de Ideas.
- Dooyeweerd, H. 1996. *Christian Philosophy and the meaning of history*. Lewiston: The Edwin Mellen Press.
- Du Toit, S. 1947. *Teen die revolusie die Evangelie; die betekenis van G van Prinsterer vir ons tyd*. Bloemfontein: SACUM.
- Freedan, M. 2003. *Ideology; a very short introduction*. Oxford: Oxford University Press.
- Goudzwaard, B. & Bartholomew, C.B. 2017. *Beyond the modern age; an archaeology of contemporary culture*. Downers Grove: Illinois: InterVarsity Academic.
- Groen van Prinsterer, G. 1847. *Ongeloof en revolutie; een reeks van historische voorlezingen*. Leiden: S&J Luchtmans.
- Groen van Prinsterer, G. 1951 *Ongeloof en revolutie; een reeks van historische voorlezingen*. (Smitskamp, H., red). Franeker: T. Wever.
- Groen van Prinsterer, G. 1990. *Schriftelijke nalatenschap*. DL. I (1821–1842) en DL. II (1842–1876). (Gerretson, C.F., red). 's-Gravenhage: Instituut voor Nederlandse Geschiedenis.
- Groen van Prinsterer, G. 2008a. *Ongeloof en revolutie (1847)*. (Bewerk en ingeleid door A. Kuiper en R. Kuiper.) Barneveld: Nederlands Dagblad.
- Groen van Prinsterer, G. 2008b. *Ongeloof en revolutie; eene reeks van historische voorlezingen*. Leiden: D.B.N.L. (Gedigitaliseerde versie van die 1847-uitgawe. Online resource XII, 430 pp.)
- Groen van Prinsterer, G. 2015. *Christian political action in an age of revolution* (Translated by C. Wright). Aalten: Word Bridge Publishing.
- Groen van Prinsterer, G. s.j.(1) *The anti-revolutionary principle*. (Third chapter of *La Parti Anti-Revolutionnaire et Confessional dans L'Englise Reformée des Pays Bas* (1847). (Translated for the G. van Prinsterer Society in Grand Rapids, Michigan by J. Faber.)
- Groen van Prinsterer, G. s.j. (2) *Vrijheid, gelijkheid, broederschap; toelichting van de spreuk der revolutie* (Schutte, G.J. red). Groningen: De Vuurbaak.
- Harinck, G. & Kuiper, R. (reds). 1994. *G van Prinsterer en de geschiedenis*. Kampen: Uitgeverij Van den Berg.
- Heslam, P.S. 1998. *Creating a Christian worldview*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Israel, J. 2001. *Radical Enlightenment; philosophy and the making of modernity, 1650–1750*. Oxford (UK): Oxford Univ. Press.
- Israel, J. 2010. *A revolution of the mind; radical Enlightenment and the intellectual origins of modern democracy*. Princeton, N.J.: Princeton Univ. Press.
- Israel, J. 2014. *Revolutionary ideas; an intellectual history of the French Revolution from "The rights of man" to Robespierre*. Princeton, N.J.: Princeton Univ. Press.
- Kalsbeek, L. 1975. *Contours of a Christian philosophy* (translated by Zylstra, B.). Toronto: Wedge Publishing Foundation.
- Kamphuis, J. 1962. *De hedendaagse kritiek op die causaliteit bij G van Prinsterer als historicus*. Goes: Oosterbaan & Le Cointre.
- Kennedy, E. 1978. *A philosopher in the age of revolution; Destutt de Tracy and the origins of ideology*. Philadelphia: American Philosophical Association.
- Klink, A. 1994. Groen van Prinsterer en Stahl. In Harinck, G. & Kuiper, R. (eds). *Groen van Prinsterer en de geschiedenis*. Kampen: Uitgeverij Van den Berg, pp. 55-60.
- Kluit, M.E. 1970. *Het Protestantse Réveil in Nederland 1815–1865*. Amsterdam: Paris.
- Kok, J.H. 1996. *Patterns of the Western mind*. Potchefstroom: PU vir CH0.
- Kuiper, R. 2001. "Tot een voorbeeld zal gij blijven"; Mr. G. G van Prinsterer (1801–1876). Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
- Langley, M.R. 1985. The legacy of G van Prinsterer. *Reformed Perspective*, January-issue, pp. 25-28.
- McCarthy, R., Oppewal, D., Peterson, W. & Spykman, G. 1981. *Society, state and schools; a case for structural and confessional pluralism*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

- Mouw, R.J. & Griffioen, S. 1993. *Pluralisms and horizons; an essay on a Christian public philosophy*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- New World Encyclopedia: Ideology by <http://www.newworldencyclopedia.org/entry/Ideology> [21 March 2017].
- Puchinger, G. 1976. Omgang met G van Prinsterer. In Gilhuis, T., Puchinger, G., Algra, H. en Van der Hoeven, A. *Krijgsknechten van Zoodanigen Veldheer*. Kampen: Kok, pp. 30-53.
- Ritter, J. & Gründer, K. 1976. *Historisches Wörterbuch der Philosophie* (sub voce “Ideologie”, Band 4, p. 158-185). Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Sap, J.W. 2001. *Paving the way for revolution; Calvinism and the struggle for a democratic state*. Amsterdam: VU Uitgeverij.
- Schama, S. 1989. *Citizens; a chronicle of the French Revolution*. New York: Knopf.
- Schutte, G.J. 1977. *G van Prinsterer*. Goes: Oosterbaan & Le Cointre.
- Skillen, J.W. & McCarthy, R.M. (eds). 1991. G van Prinsterer, “Unbelief and revolution” (1847). In Skillen & McCarthy (eds). *Political order and the plural structure of society*. Atlanta, Georgia: Scholars Press, pp. 53-78.
- Smit, E.J., Taljaard, J.A.L., Van der Walt, P.D. & Duvenage, S.C.W (eds). 1975. *Reformasie en revolusie*. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie (PU vir CHO).
- Smitskamp, H. 1944. Groen van Prinsterers opvatting van de zin der wereldhistorie. In: Honders, H., Scholten, W.G. & Veldkamp, J. (eds). *De zin der geschiedenis*. Wageningen: Zomer & Keunings, pp. 96-113.
- Stanford Encyclopedia of Philosophy: Ideology by <http://plato.stanford.edu/entries/critical-theory> [21 March 2017].
- Suttorp, L.C. (red). 1949. *Groen's ongeloof en revolutie; een bundel studieën*. Wageningen: Zomer & Keunings.
- Tackett, T. 2015. *The coming of terror in the French Revolution*. Cambridge, M.A.: Belknap Press.
- Taylor, E.L.H. 1966. A Christian philosophy of law, politics and state. Nutley, New Jersey: The Craig Press, pp. 28-41, 238-251, 633-642.
- Taylor, E.L.H. 1970. *Reformation or revolution?* Nutley, New Jersey: The Craig Press.
- Thompson, J.B. 1990. *The concept of ideology*. Stanford, California: Stanford Univ.Press.
- Van Deursen, A. Th. 1994. Kritiek en waardering voor Groen van Prinsterer als historicus in de 20e eeuw. In Harinck, G. & Kuiper, R. (eds). *Groen van Prinsterer en de geschiedenis*. Kampen: Uitgeverij Van den Berg, pp. 27-38.
- Van der Schyff, P.F. 2003. *Wonderdaad! Die Puk tot 1951: wording, vestiging en selfstandigheid*. Potchefstroom, PU vir CHO.
- Van der Walt, B.J. 1981. Reformasie of revolusie. In Van der Walt, B.J. *Christen en kultuur: gister en vandag*. Potchefstroom: Pro Rege Pers, pp. 349-377.
- Van der Walt, B.J. (red). 1991. *Die idee van reformasie/The idea of reform*. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.
- Van der Walt, B.J. 2016. Die godsdienstig-teologiese en filosofiese konteks van die negentienda-eeuse Réveil in Nederland. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 52(2):227-250.
- Van der Walt, B.J. 2017. Isaac de Costa (1798-1860) se besware teen die gees van sy tyd. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 53(1 & 2):19-58.
- Van Dijk, D.J.H. & Van der Staaij, C.G. (eds). 2001. *Vonken van heilig vuur; G van Prinsterer twee honderd jaar*. Heereveen.
- Van Dyke, H. 1989. *G van Prinsterer's lectures on Unbelief and Revolution*. Ontario: Wedge Publishing Foundation. (Dieselfde werk is in Nederland onder dieselfde titel maar onder naam van A.J. van Dijk as proefschrift aan die Vrije Universiteit gepubliseer.)
- Van Dyke, H. 2007. G van Prinsterer's appreciation of classical antiquity. In *The Phrygian mode; Neo-Calvinism, Antiquity and the lamentations of Reformational Philosophy*. Lanham: University Press of America, pp. 13-24.
- Van Dyke, H. 2013. Abraham Kuyper: heir of an anti-revolutionary tradition. In Bishop, S. & Kok, J.H. (eds). *On Abraham Kuyper; a collection of readers on the life, work and legacy of Abraham Kuyper*. Sioux Center, Iowa: Dordt College Press, pp. 7-26.

- Van Essen, J.L. & Morton, H.D. 1990. *Guillaume G van Prinsterer; selected studies*. Jordan, Ontario: Wedge Publishing Foundation.
- Van Essen, J.L. 1982. Guillaume G van Prinsterer and his conception of history. *Westminster Theological Journal*, 44:205-249.
- Van Essen, J.L. 1992. *Een ziel van vuur; opstellen over G van Prinsterer en zijn omgeving*. Leiden.
- Van Velzen, N.C., Van der Graaf, J., Oostdijk, E.A., De Blois, M. & Strengohlt, L. 1989. *Reformatie en revolutie; 200 jaar Franse Revolutie*. Nunspeet: Marnix van St. Aldegonde Stichting.
- Van Vliet, W.G.F. 2008. *G van Prinsterer's historische benadering van de politiek*. Hilversum: Verloren.
- Van Wyk, J.H. & Vorster, J.M. (eds). 1985. *Altijd reformeer; besinning oor politiek en godsdiens*. Braamfontein: Boekhandel De Jong.
- Van der Stelt, J.C. 1996. History of Christian Philosophy. (Unpublished Lecture Notes for Philosophy 309.) Sioux Center, Iowa: Dordt College, pp. 56-61.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2000. *Schematische Kaarten; filosofische concepties in probleem historische verband*. (Bril, K.A. & Boonstra, P.J., eds.). Amstelveen: De Zaak Haes.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2005a. *The problem-historical method and the History of Philosophy*. Amstelveen: De Zaak Haes.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2005b. Conservatism and progressiveness in philosophy. In Vollenhoven, D.H.Th. *The problem-historical method and the history of philosophy*. Amstelveen: De Zaak Haes. pp. 11-19.
- Wolfe, J. 2016. Resensie van G.G. van Prinsterer: "Christian political action in an age of revolution". *Philosophia Reformata*, 81(2):193-196.
- Wolters, A.M. 1992. *Die skepping herwin; Bybelse grondslae vir 'n Reformatoriiese lewensbeskouing*. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriiese Studie (PU vir CHO).
- Wolterstorff, N. 1983. *Until justice and peace embrace*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Zwaan, J. (red). 1990-1991. *Groen van Prinsterer. Schriftuurlijke nalatenschap. Bescheiden (2 dele)*. 's-Gravenhage: RGP.
- Zwaan, J. 1973. *G van Prinsterer en de Klassieke Oudheid*. Amsterdam: Uitg. Adolf M. Hakkert.
- Zwaan, J. 1994. Theorie en praktijk in Groen van Prinsterers geschiedschrijving. In Harinck, G. & Kuiper, R. (eds). *Groen van Prinsterer en de geschiedenis*. Kampen: Uitgeverij Van den Berg, pp. 61-92.

Aktueel: Debat

Navorsings- en oorsigartikels / Research and review articles (2)

Redakteursnota

In hierdie uitgawe gee Danie Strauss 'n uiteensetting van die *geheel-dele-relasie*, gesien vanuit 'n algemeen-wysgerige sowel as 'n vakfilosofiese perspektief. In 'n inleidende opmerking verduidelik die outeur dat hy beoog om in 'n verdere artikel nader in te gaan op die implikasies van hierdie ondersoek vir die wyse waarop sosiale omgang en verkeer in 'n gedifferensieerde samelewning verstaan moet word. Sowel die huidige as die beplande opvolgartikel geskied dus, binne die voortgesette debat oor staat en samelewning, met Danie Goosen se werk oor die gemeenskap in gedagte. Benewens hierdie verdere bydrae sal van Andries Raath ook 'n slotartikel in Maart 2018 geplaas word. Tensy ander rolspelers intussen beduidend toetree tot die gesprek, word beplan om hierdie aktuele debat, wat deurgaans op 'n gesofistikeerde beredeneerde wyse gevoer is, in Junie 2018 af te sluit by wyse van Danie Goosen en Koos Malan se repliek op al die voorafgaande bydraes.

Ter inligting word die vorige bydraes tot die debat hieronder kortlik geskets:

In die Junie 2016-nommer van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* het Andries Raath, in 'n diskous met Danie Goosen en Koos Malan, die politieke en regsfilosofiese implikasies van politieke kommunitarisme van nader bekyk.

In die September 2016-nommer tree Danie Strauss toe tot die debat deur aan te voer dat die tekortkominge van sowel individualistiese (atomistiese) as universalistiese (holistiese) benaderings ondervang kan word "indien erns gemaak word met die ontiese beginsels van *soewereiniteit-in-eie-kring* en *universaliteit-in-eie-kring*".

In Desember 2016, in die tweede boek, lewer sowel Danie Goosen as Koos Malan repliek op die vorige twee standpunte, soos verwoord deur Andries Raath (Junie 2016) en Danie Strauss (September 2016) onderskeidelik.

In Junie 2017, in die tweede boek, reageer Danie Strauss opveral Danie Goosen se repliek wat in die Desemberuitgawe van 2016 verskyn het. Die outeur beplan om in opvolgbydraes bepaalde raak- en verskilpunte met sowel Danie Goosen as Koos Malan se standpunte breër uit te werk.

In September 2017 beredeneer sowel Andries Raath as Danie Strauss spesifieke filosofiese vooropstellings in die voortgesette debat rondom staat en samelewning. Andries Raath bepleit 'n diepgaande gesprek oor grondslagkwessies – vir hom is dit essensieel dat voldoende aandag geskenk word aan "die grondmotiewe, grondidees en ideologiese ladings van wetenskaplike begrippe in die antieke Griekse politieke denke". Eweneens beredeneer Danie Strauss in sy artikel, met spesifieke verwysing na Koos Malan se *Politokrasie*, "wysgerige onderskeidings relevant vir 'n besinning oor staat en samelewning".

Alle lezers van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word weer eens hartlik uitgenooi om deel te neem aan die debat. Beperk u debatsbydraes tot hoogstens 2 000 woorde. Indien u sou verkies om liever uitvoeriger by wyse van 'n navorsingsartikel te reageer, sal dergelike bydraes aan die gewone keuringsprosedure onderhewig wees, maar steeds in die afdeling AKTUEEL geplaas word.

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Oktober 2017

Die aard en plek van die *geheel-dele relasie* – gesien vanuit 'n algemeen-wysgerige sowel as 'n vakfilosofiese perspektief

The nature and place of the whole-parts relation both from a general philosophical perspective and from that of the philosophy of the special sciences

DANIE STRAUSS

Skool vir Filosofie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom Kampus

E-pos: dfms@cknet.co.za



Danie Strauss

DANIE STRAUSS word in 1971 as senior lektor in Wysbegeerte aan die destydse UOVS aangestel. Vanaf Januarie 1976 is hy bevorder tot mede-professor en in Oktober 1977 word hy aangestel as professor en hoof van die Departement Wysbegeerte aan die UOVS. In 1994 vertrek by na Kanada waar hy as eerste Direkteur van die *Dooyeweerd Centre* die publikasie van die versamelde werke van Herman Dooyeweerd in Engels van stapel stuur. Hy keer in 1997 terug na Suid-Afrika en vanaf April 1998 tot 31 Desember 2001 agter hy as Dekaan van die nuwe Fakulteit van Geesteswetenskappe aan die UVS. Benewens 15 selfstandige publikasies, 42 internasionale konferensievoordrage en 20 bydraes tot versamelde werke het meer as 290 vakartikels in nasionale en internasionale tydskrifte uit sy pen verskyn. In 2005 is 'n werk oor die wysgerige grondslae van die moderne natuurwetenskappe deur die Duitse Uitgewer Peter Lang gepubliseer, *Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln* (216 pp.) (Frankfurt am Main). In 2006 het 'n werk oor die sosiologie ook by Peter Lang verskyn – *Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology* (310 pp.) (Oxford; New York). In 2009 het sy werk, *Philosophy: Discipline of the Disciplines* by Paideia Press, Grand Rapids, USA verskyn (715 pp.). In 2011 is dit in Amsterdam deur die *Stichting Reformatrice Filosofie* beloon as die mees omvattende uitbouing van die sistematische erfenis van hierdie filosofie. Sedert 2013 is Danie Strauss Navorsingsgenoot by die Skool vir Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus.

DANIE STRAUSS was appointed as senior lecturer in Philosophy at the then University of the Orange Free State (UOFS) in 1971. He was promoted to associate professor in January 1976 and in October 1977 he became professor and head of the Department of Philosophy at the UOFS. In 1994 he went to Canada, where as the first Director of the *Dooyeweerd Centre*, he initiated the publication of the collected works of Herman Dooyeweerd in English. He returned to South Africa in 1997 and from 1 April 1998 to 31 December 2001 he was Dean of the new Faculty of Humanities at the UFS. Apart from 15 independent publications, 42 international conference papers and 20 contributions to collected works, he has published 290 articles in national and international journals. In 2005 his work on the philosophical foundations of the modern natural sciences was published by Peter Lang Publishers – *Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln* (216 pp.) (Frankfurt am Main). In 2006 Peter Lang published his work *Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology* (310 pp.) (Oxford New York). In 2009 his work, *Philosophy: Discipline of the Disciplines* was published by Paideia Press, Grand Rapids, USA (715 pp.). In 2011 this book received the award for work in the fields of systematic philosophy or the history of philosophy for advancing the cause of the "Philosophy of the Cosmopolitan Idea". Since 2013 Danie Strauss is a Research Fellow at the School of Philosophy, North West University, Potchefstroom Campus, South Africa.

ABSTRACT

The nature and place of the whole-parts relation both from a general philosophical perspective and from that of the philosophy of the special sciences

This article focuses on the broader philosophical and special scientific context within which an account is given of the nature and place of the whole-parts relation within scholarly disciplines (the natural sciences and the humanities). This investigation will pave the way for a follow-up article in which attention will be given to the implications of our current analysis for scholarly reflection on human society and for a more comprehensive understanding of communal forms of social life (including "gemeenskappe"). In the initial sections of this article the conceptual element of rationality is related to the nature of (scientific) thinking while contrasting it with the absence of logical-analytical abilities within the higher developed animals. What is striking about the human being is the erect gait, free hand with an opposing thumb geared towards formative cultural activities guided by the spiritual expression of the human face. A few observations about concept and word are made in order to address the question where to position the whole-parts relation. The nature of a numerical unity and multiplicity also underlies our awareness of the individual person (unity) and many individuals (multiplicity). At once it becomes the starting-point for an individualistic understanding of human society. Udehn (2002) distinguishes between methodological individualism and methodological holism – thus introducing the idea of wholeness – an idea serving holism. He supports a remark made by Jellinek (1966) namely that the individualistic-atomistic and opposing collectivistic-universalistic orientations represent contrasting world views. Since scientific thinking is characterized by modal abstraction (lifting out one or another aspect of reality by disregarding others), the special sciences have to proceed from a view of reality which exceeds the confines of a single aspect and therefore inevitably operates on the basis of a philosophical view of reality. This requires an account of the coherence between unique aspects and an acknowledgement of the fact that the whole-parts relation first of all should be appreciated as a function concept and not as a thing concept. Locating the whole-parts relation within the spatial aspect opens up the way to an analysis of backward- and forward-pointing moments of coherence (analogies) between the spatial aspect and the aspect preceding it (i.e. the numerical aspect), and the coherence between those aspects succeeding the spatial aspect evinced in spatial analogies within them. The discovery of the spatial meaning of the whole-parts relation is found in the school of Parmenides, particularly in Zeno's B Fragment 3. His discovery presupposes infinity as an endless succession but this meaning was turned "inwards" by the insight that continuity is infinitely divisible. Parmenides and his school transcended the restricted Pythagorean claim that everything is number by actually exploring space as a new mode of explanation. It will be argued that the spatial whole-parts relation mediate the interconnections between the numerical aspect, spatial aspect, the kinematic aspect and the other post-spatial aspects. The implication is that human society can neither be interpreted in terms of isolated individuals nor in terms of one or another social whole or totality embracing individuals as integral parts. From the perspective of the numerical aspect one should distinguish between the concept of the successive infinite and the idea of the at once infinite – where one may also, in the latter case, contemplate the idea of infinite totalities. A first indication is given of the limitations of the whole-parts relation by using the example of NaCl. In addition, the transition from closed physical systems to opened systems is briefly explained in order to pave the way for our follow-up article. It turned out that since ancient Greece, organicistic modes of thinking constantly gave shelter to both individualistic and universalistic orientations. The systematic distinctions explained in this article will provide

the basis for our subsequent analysis of the role (limits and scope) of the whole-parts relation in an understanding of human society.

KEY WORDS: Whole-parts relation; succession; totality; individualism; atomism; universalism; holism; uniqueness and coherence; world views

TREFWOORDE: Geheel-dele relasie; suksessie/opeenvolging; totaliteit; individualisme, atomisme, universalisme; holisme; uniekheid samehang; primitiewe terme; wêreldbeskouings

OPSUMMING

Hierdie artikel is gerig op die onderliggende breëre wysgerige en vakfilosofiese onderbou van 'n sinvolle verstaan van die geheel-dele relasie. Die nodige begripsonderskeidings staan in kontras tot die onvermoë van diere om logies-analities genormeer te kan dink en handel. Die regop gestalte, vrye hand en opponerende duim wat vir kultuurvorming gereedstaan onder leiding van die geestelik-gestempelde blik belig die uniekheid van die mens. Die argument wat gevoer word plaas die geheel-dele relasie binne die ruimte-aspek en skenk dan aandag aan die uniekheid en samehang wat tussen die ruimte-aspek en die ander aspekte van die werklikheid bestaan. Die oorspronklike sin van getal (eenheid en veelheid) en die oorspronklike sin van ruimte (kontinue uitgebreidheid wat die geheel-dele relasie impliseer) word in die eensydige *ismiese* posisies van individualisme en universalisme skeefgetrek. Laasgenoemde dui op 'n oorspanning van die geheel-dele relasie. Die lang geskiedenis waarin hierdie twee opponerende sienings 'n rol sou speel, gryp terug tot by die Griekse denke. Sommige outeurs meen selfs dat hierdie twee stellingnames so diep gewortel is dat dit as opponerende *wêreldbeskouings* gesien moet word. Die sistematiese onderskeidings en insigte wat in hierdie artikel ontwikkel word, sal in 'n opvolgartikel nader uitgewerk word en wel deur ondersoek in te stel na die moontlikhede en beperkings van die geheel-dele relasie vir ons verstaan van die menslike samelewing.

1. VOORAF-OPMERKING

Uit die geskrifte van Danie Goosen (2016 en 2016a) en Koos Malan (2011) asook in die reaksie daarop van Andries Raath (2015, 2016 en 2016a) en Danie Strauss (2016 en 2017) is dit duidelik dat die gebruik van die *geheel-dele relasie* 'n kern-rol in die besinning oor die aard van die menslike samelewing speel. In hieder voortgaande besinning word egter veel breër gekyk, want die onderliggende problematiek wat uit die gebruik van die geheel-dele relasie voortvloeи, beliggaam 'n erfenis wat sowel in die geskiedenis van die filosofie as in die verskillende vakwetenskappe nog steeds 'n rol sou speel.

In hierdie artikel word op wysgerige en vakfilosofiese gesigspunte rakende die geheel-dele relasie gefokus. Daarna sal in 'n verdere artikel nader ingegaan word op die implikasies van die huidige besinning oor die aard en plek van die geheel-dele relasie ten opsigte van die wyse waarop sosiale omgang en verkeer in 'n gedifferensieerde samelewing verstaan moet word. Dit sal uiteindelik lig werp op die idee van menslike gemeenskappe en van die plek van die geheel-dele relasie in 'n genuanseerde filosofie van die menslike samelewing.

1.1 Enkele voorvrae rakende begrip en werklikheid

Wanneer wetenskaplik oor die menslike samelewing nagedink word, moet daar allereers aan allerlei *voorvrae* aandag gegee word. Aangesien die bedoeling is om *wetenskaplik* met hierdie

vraag om te gaan, sal dit derhalwe onder meer nodig wees om vas te stel wat uniek en onderskeidend is wanneer wetenskaplik met iets soos die geheel-dele relasie omgegaan word. Daar sal egter dieper gedelf moet word, want alvorens vasgestel kan word wat die aard van *wetenskaplike* denke is, moet aandag gegee word aan die meer algemene vraag, naamlik wat menslike *denke* behels. Op sy beurt suggereer hierdie vraag 'n onderskeid tussen menslike en niemenslike denke, wat op sy beurt die vraag oproep of diere ook kan *dink*. Hiermee betree ons die terrein van die ooreenkomste en verskille tussen dier en mens. Op hierdie punt moet ook na die aard van *rasionaliteit* gekyk word. Die wiskundige, Paul Bernays (1974:601) is byvoorbeeld oortuig daarvan dat die hoekpilaar van rasionaliteit in die aard van *begrippe* te vindie is: “[The] proper characteristic of rationality [resides] in the conceptual element”.

Uiteraard sal nie uitvoerig op al hierdie voorvrae ingegaan kan word nie.

2. MENSELIKE DENKE EN BEGRIPSVORMING IN DIE WETENSKAP

Die pan-psigistiese neo-Darwinis, Bernard Rensch (1973) verwys na uitgebreide eksperimentele ondersoeke rakende die vermeende “denkvermoë” van diere, op grond waarvan hy van *a-verbale begrippe* (begrippe sonder woorde – *verba*) by diere wil praat. Hy gee egter toe dat slegs die mens daartoe in staat is om 'n begrip van *oorsaaklike* (kousale) *samehang* te vorm. Derhalwe kan slegs die mens *afleidings* (inferensies) *maak*, gewoonlik ingelei deur uitdrukkingsoos “*as gevolg van*”, “*omdat*”, “*in geval van*” en so meer.

Rensch (1973:118) beklemtoon dat sy gebruik van die term “a-verbaal” geensins impliseer dat diere op grond van logiese oorwegings handel nie. Daarom is hy oortuig dat die gaping tussen mense en mensape (die antropoëde) in *logiese denke* te vind is (Rensch 1968:147; sien ook Rensch 1973 in sy geheel).

'n Eenvoudige toets is bloot om te vra of diere *onlogiese* begrippe kan vorm, soos die onlogiese begrip van 'n “*vierkantige sirkel*.” In Münster is daar vir 'n halfjaar lank pogings aangewend om sjimpansees so ver te kry om 'n voorgetekende vierkant of driehoek te *kopieer* – maar sonder enige sukses. Die kritieke vraag is derhalwe hoe om sjimpansees tot die begrip *vierkantige sirkel* te bring of om hulle te laat besef dat dit *onlogies* is? Dit beteken dat die menslike logiese oordeelsvermoë eenvoudig by die dier ontbreek.

Die toonaangewende Duitse wetenskaplike in die veld van *vergelykende gedrag* (*vergleichenden Verhaltensforschung*), Eibl-Eibesfeldt (2004), beklemtoon die afstand tussen dierlike, nie-insigtelike stemmingsuitinge en menslike taalgebruik: “Dit wat by die dier daarenteen as ‘taal’ aangedui word, . . . beweeg sig . . . uitsluitlik op die gebied van interjeksie, die uiting van nie-insigtelike stemmingsveranderinge”.¹

Portmann (1990:79) tipeer die dier as instink-versekerd en milieugebonde en die mens as instink-arm en oop tot die wêreld (*Weltoffen*). Die besondere aard van die onderskeidend-menslike keuse-vryheid beskryf hy treffend:

Die enge begrensheid van dierlike belangstelling staan teenoor ons keusevolle wendings-vryheid. Die dier kan slegs in 'n beperkte mate loskom van drangmatige bindinge, terwyl ek myself in elke oomblik ooreenkomsdig my ganse opmerksaamheid, my totale innerlik-deelnemende toewyding na een of ander saak kan wend, hoe gering dit ook al mag skyn te wees. (Portmann 1974:102)

¹ “Das, was man beim Tier dagegen als ‘Sprache’ zu bezeichnen pflegt, bewegt sich, ... ausschließlich auf dem Gebiet der Interaktion, der uneinsichtigen Stimmungsäußerung” (Eibl-Eibesfeldt 2004:214). [Vertalings uit Duits is deur die oueur gedoen.]

3. MENSELIKE KEUSE-VRYHEID IN TAAL EN DENKE

Kortom, die mens wat *regop loop*, met sy *vrye hand* en *sterk opponerende duim* (ongespesialiseerd-bruikebaar in *kultuurvormende aktiwiteite*), en met die *geestelik-gestempelde* gelaat, openbaar die *egte* mens. Die Nobel-pryswenner, Konrad Lorenz (1973:183-184 en 239-241) stel tereg, in die konteks van neotenie-verskynels en self-domestikasie, dat die mens tewens 'n *spesialis* in *ongespesialiseerdheid* is. Die werkermier is slegs dit, maar die mens kan veel-vuldige sosiale rolle vervul sonder om deur enige daarvan totaal of volledig in beslag geneem te word.

Hierdie wendingsvryheid van die mens onderlê tegelyk alle menslike taalgebruik. Sonder keuse-vryheid en die daarmee gepaardgaande betekenisnuanses wat deurlopend interpretasie van beide gespreksgenote verg, is taal onmoontlik.

Begripsvorming is nogtans funderend vir taalgebruik. Daarom is dit streng gesproke onmoontlik om 'n begrip te vertaal. 'n Begrip kan slegs *begryp* of *ingesien* word. Die woord (verbale teken) waarmee 'n begrip (talig) aangedui word, kan wel vertaal word. In Afrikaans praat ons byvoorbeeld van 'n *driehoek*, in Engels van 'n *triangle* en in Duits van 'n *Dreieck*. Die begrip wat onderliggend aan hierdie terme is, bly dieselfde ongeag vanuit watter taal daaroor gepraat word. Hoewel wetenskaplike begrippe en insigte 'n universele appèl uitoefen, benodig wetenskapsbeoefening altyd 'n taal-toegang, wat verstaanbaar waarom daar wêreldwyd taal-gedifferensieerde universiteite bestaan: Engelse, Franse, Nederlandse en Duitse universiteite en so meer. Gevolglik vind wetenskaplike kommunikasie altyd in een of ander taal plaas – hoe seer dit steeds oor die onderliggende begripsarsenaal wat *begryp* moet word, handel. Metaforiese taalgebruik besit bykomend 'n semantiese vryheid wat die eise van die suiwerse logika te bowe gaan. Hoewel die begrip vierkantige sirkel onlogies is, is dit sinvol om metafories van 'n "boxing ring" te praat. Ons sal egter later vlugtig terugkom op die rol van metafore in wetenskaplike taalgebruik asook op die verhouding tussen wetenskaplike begrippe en metafore.

4. WAAR MOET ONS DIE GEHEEL-DELE RELASIE PLAAS?

Die kritieke vraag is immers of die uitdrukking "geheel-en-sy-dele" 'n voorbeeld van *metaforiese* taalgebruik is. En wat van die woord: *samelewing*? Ons besinning stuur immers af op die aard van die *menslike samelewing* in die lig van die "geheel-dele relasie". Die woord "samelewing" rus op twee pilare: die *saam-wees* van individue en hul gesamentlike *lewe*. In watter *sin* word hierdie geleidinge van die woord "samelewing" egter gebruik? "Saam" verwys uiteraard nie bloot na die *biotiese* samesyn van mense nie, want daar is meer op die spel. Natuurlik omsluit die *bio-milieu* van mense, diere en plante al drie hierdie tipiese entiteite – en tewens ook ('n *leefbare*) fisiese omgewing.

Dat mense gesamentlik by die samelewing betrokke is, appelleer implisiet op die aard van *eenheid* (die enkeling) en *veelheid* (verskeie individue). Wie nogtans bloot op die aard van eenheid en veelheid let, sal nie daarin slaag om toereikend te verstaan waaroor dit in 'n (menslike) samelewing gaan nie. Nogtans is die geskiedenis van besinning oor die aard van die samelewing deurspek van opvattings wat in alle erns meen dat die menslike samelewing niks anders en niks meer as die interaksie van *individue* behels nie. In die loop van die 20^{ste} eeu het die uitdrukking "metodologiese individualisme" na vore getree as aanduiding van hierdie individu-sentriese siening van die samelewing.

Udehn (2002:479) wys selfs daarop dat die rede waarom "metodologiese individualisme" steeds weer saam met die teenpool daarvan, "metodologiese holisme", in teoretiese oriëntasies

opduik, “is probably that it touches upon our most deep-seated beliefs about the nature of the individual and of society, our knowledge about these, and no doubt, also our ideals of the good society”.²

Volgens Jellinek (1966:174) is die dissipline *Allgemeine Staatslehre* gedomineer deur twee opponerende wêreldbeskouings, naamlik ’n *individualisties-atomistiese* en ’n *kollektivisties-universalistiese*. Dit geld volgens hom eweseer vir die Grieks-Middeleeuse en die post-Renaissance ontwikkelinge.

Hierdie beoordelings laat blyk tot watter mate besinning oor individualistiese (atomisme) en universalistiese (holisme) in lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings ingebed is.

Weber (1922:13) verduidelik die aard van metodologiese individualisme deur daarna te verwys dat ons oor verskillende “social collectivities, such as states, associations, business corporations, foundations” praat “as if they were individual persons”. Weber meen verder dat “in sociological work ... collectivities must be treated as solely the resultants and modes of organization of the particular acts of individual persons, since these alone can be treated as agents in a course of subjectively understandable action” (Heath 2015; sien ook Weber 1922:13).

Vooruitgrypend op die denke van Hobbes en Nietzsche vind ons weliswaar reeds by Kallikles in die Griekse oudheid *individualistiese* oortuigings. Nogtans sou die Griekse samelewingsbeskouing sy hoogtepunt in die Griekse *polis* of stadstaat bereik, wat ook die basis van die dominante Middeleeuse samelewingsbeskouing sou vorm. Hierdie opvatting beliggaam die keersy van die individualisme, want dit vertrek vanuit die oortuiging dat die menslike samelewing vanuit een of ander hoogste en omvattende *geheel* verklaar moet word, waarbinne die individu slegs ’n *deel* is, hetsy die politieke gemeenskap (regnum) of die kerk.

Met die oorgang na die moderne era, via die laat-skolastiese nominalisme³ en veral die opkoms van die moderne meganistiese wêreldbeeld, het individualistiese beskouinge opnuut speelruimte verwerf, onder meer deur die sosiale verdragsteorieë van Hobbes, Pufendorff, Locke en Rousseau. Hierdie wending is spoedig weer opgevolg deur die na-Kantiaanse vryheidsidealisme (Schelling, Hegel⁴ en Fichte) waarin die individu opnuut bloot as ’n onafskoerbare deel van ’n groter geheel gesien is (soos reeds deur Rousseau verwoord in sy beskrywing van die uitkoms van die sosiale verdrag). Die spanningsverhouding tussen individualisme en universalisme⁵ sou egter nie alleen in die 19de eeu figureer nie, want selfs die 20ste eeu worstel nog steeds hiermee.

² Die frase metodologiese individualisme is vir die eerste keer in 1908 deur Joseph Schumpeter, ’n student van Max Weber, gebruik – hoewel Schumpeter nie self ’n metodologiese individualis was nie. Gunnar Myrdal plaas die debat binne die konteks van ’n teenstelling tussen ’n “utilitaristiese en liberalistiese atomisme” aan die een kant en ’n meer “heterogeen-organiese” benadering van die Duitse politieke teorieë aan die ander kant (Myrdal 1932:87).

³ ’n Bespreking van die Antiek-Middeleeuse asook moderne realisme en nominalisme word by Bloch aangetref (Bloch 1956:36 en verder).

⁴ Andreae bestempel Kant as ’n “uitgesproke liberale individualis” (Andreae 1931:74) en tipeer dan later die posisie van Hegel ten aansien van die individualisme en die universalisme (Andreae 112 en verder). Sien ook Schickling se bespreking van Othmar Spann se tipering van die individualisme en die universalisme (Schickling 1936:72 en verder).

⁵ Let daarop dat die term *universalisme* in hierdie artikel in die sin van ’n oorspanning van die ruimtelike geheel-dele relasie gebruik word – dit betref die vraag na ’n grondhoemer of vergelykingsnoemer. Daarteenoor kan die term universalisme ook in die konteks van die onderskeiding tussen wat universeel is en wat individueel is gebruik word.

4.1 Die onderskeidende kenmerk van wetenskaplike denke

Op hierdie punt is dit egter noodsaklik dat ons vir 'n oomblik by die onderskeidende aard van wetenskaplike denke stilstaan. Hoewel wetenskaplike denke sistematies, verifiërend/falsifiserend en abstraherend te werk gaan, benodig ons nog 'n meer genuanseerde kriterium, want in ons alledaagse (niewetenskaplike) lewenservaring word al hierdie kenmerke teruggevind. Wanneer 'n regter byvoorbeeld 'n uitspraak lewer, moet ook sistematies te werk gegaan word, seker gemaak word wat die toepaslike feite is terwyl afgesien word van dit wat irrelevant is en bloot dít uit te lig wat ter sake is.⁶ Abstrahering vind reeds plaas byvoorbeeld wanneer 'n dogterjie vir die eerste keer 'n duif sien en verneem dat dit 'n "duif" is. Wanneer sy dan die volgende dag 'n mossie sien en dit 'n "duif" noem, het 'n bepaalde tipe abstrahering plaasgevind, naamlik "entiteitsgerigte" abstrahering (of: "konkrete" abstrahering). Dit beteken immers dat sy die ooreenkoms tussen 'n duif en 'n mossie opgemerk het (vlerke, snawel, vere) deur tegelyk af te sien van verskille (soos grootte en kleur). Die dogtertjie het dus die begrip "voëltjie" gevorm – wat duwe en mossies insluit – maar by gebrek aan die nodige woordeskat het sy die naam "duif" daarvoor gebruik.

Eers wanneer 'n bepaalde gesigshoek, bestaanswyse of aspek uitegelyk word om as toegangspoort tot ons verstaan van die werklikheid ingespan te word, kom ons met die onderskeidende kenmerk van wetenskaplike denke in aanraking. Hierdie insig maak erns met die gegewe dat die verskillende bestaanswyses van die werklikheid tegelyk diens doen as gesigshoeke deur die "bril" waarvan na die werklikheid gekyk kan word. Die aspekte (modi – afgelei van die Latynse term *modus*) kan ook diens doen as *verklaringswyses* met behulp waarvan die werklikheid verstaan kan word. Wetenskaplike denke word derhalwe gekenmerk deurdat een of ander aspek van die werklikheid uitgelig word en wel deur af te sien van alle ander gesigspunte. Samevattend kan dit ook as *modale abstrahering* aangedui word. Let egter daarop dat dit nie die struktuur van 'n aspek self is wat ondersoek word nie, want vakwetenskappe kyk bloot deur die gesigshoek van bepaalde aspekte na die volle konkrete werklikheid wat in hierdie (en alle ander) aspekte van die werklikheid funksioneer. Wanneer iemand met 'n bril (die fisiese aspek, sosiale aspek of etiese aspek) na die volle konkrete werklikheid kyk, vorm die bril waarmee gekyk word nie self deel van die blikveld nie.

Die aard van modale abstrahering impliseer dat om een of ander aspek as vakwetenskaplike gesigshoek te identifiseer die betrokke aspek uitgelig moet word deur tegelyk van ander gesigshoeke (aspekte) af te sien. Met ander woorde, modale abstrahering verg 'n blik op méér-as-een aspek, waaruit vanself volg dat die vakwetenskappe onvermydelik 'n wysgerige voetstuk besit.

4.2 Uniekheid en samehang

Die mees basiese filosofiese probleem waarmee alle vakwetenskappe implisiet of eksplisiet worstel, is die vraag hoe die eenheid en verskeidenheid in die werklikheid verstaan moet word. Dit handel oor beide die uniekheid van aspekte en entiteite en oor die onverbreeklike samehang wat tussen aspekte en dinge bestaan. Gegewe die geskiedenis van eensydige beklemtonings wat ons beide in die wysbegeerte en in die verskeidenheid vakwetenskappe aantref, moet allereers aan die aard van en die samehang tussen die verskillende aspekte van die werklikheid

⁶ *Afsien van en uitlig uit = abstrahering = analise = identifisering en onderskeiding.*

aandag gegee word. Daarna kan aan konkrete entiteite aandag gegee word: stof, plant, dier, natuurprodukte (skulpe, spinnerakke, voëlnessies) menslike samelewingsverhoudings en objektiewe kultuurdinge (proefbuise, woordeboek, trou-ringe) – met die bypassende tipiese *dingbegrippe* (entiteitsbegrippe). In sub-paragraaf 5.1 sal ons hierdie probleem van uniekheid en samehang verbind aan die klem wat Gödel tereg daarop gelê het.

5. DIE GEHEEL-DELE RELASIE AS FUNKSIE-BEGRIP

Vanuit hierdie hoek benader, verskyn die *geheel-dele relasie* allereers as 'n modale funksiebegrip. Die dimensie van modale aspekte onderlê immers die onvermydelike gebruik van funksiebegrippe in alle vakwetenskappe, in onderskeiding van tipiese dingbegrippe. Dink bloot aan kwantitatiewe funksiebegrippe soos diskreetheid, eenheid en menigvuldigheid (the "one and the many"); ruimtelike funksiebegrippe soos kontinuïteit, gekonnekteerdheid (samehang), totaliteit (die geheel-dele relasie); kinematiese funksiebegrippe soos eenparige beweging, duursaamheid (konstansie); fisiese funksiebegrippe soos energie (werking), massa, krag, volume, oorsaak en gevolg (kousaliteit); biotiese funksiebegrippe soos lewe, groei, differensiasie (vertakkings), integrasie, aanpassing; sensitief-psigiese funksiebegrippe soos gevoel, bewussyn, begeerte (wil); logies-analitiese funksiebegrippe (soos argument, inferensie, kontradiksie); kultuur-historiese funksiebegrippe soos reaksie, reformasie, revolusie; linguale funksiebegrippe soos betekenis, metaforiek, teken, interpretasie; sosiale funksiebegrippe soos omgang en verkeer, respek, takt; ekonomiese funksiebegrippe soos spaarsaamheid, vereffening, wering van eksesse; estetiese funksiebegrippe soos harmonie, skoonheid, mooi-lelik; juridiese funksiebegrippe soos regmatig, onregmatig/wederregtelik, skuld, toerekeningsvatbaarheid; etiese funksiebegrippe soos liefde, integriteit, trou; geloofsfunksiebegrippe soos sekerheid, geloofwaardigheid, vastigheid van vertroue.

Hierdie vlugtige oorsig help ons reeds om te verstaan wat in alle sogenaamde *monistiese ismes* plaasvind. Bedink hierby wat Strauss (2017) in sy artikel oor die *Politokrasie* van Koos Malan (2011) sê in verband met die verskil tussen 'n atomistiese (individualistiese) en 'n holistiese (universalistiese) benadering – binne die konteks van eensydige *ismes*.

Onderliggend aan die teenstelling tussen individualisme en universalisme (atomisme en holisme) is die wysgerige vraag na 'n *grondnoemer* of *vergelykingsnoemer*⁷ in terme waarvan die verskeidenheid aspekte en entiteite in die werklikheid verantwoord kan word. Dit betrek onder meer die vraag watter *modus* (of *modi*) van *verklaring* gekies word. Die aspekte van die werklikheid is immers nie bloot bestaanswyses nie, maar ook *verklaringswyses*. Wanneer 'n enkele verklaringswyse verselfstandig of aangewend word om alles in die werklikheid te verklaar tref ons *monistiese ismes* aan – soos die aritmetisisme (die Pythagoreërs en Cantor se versamelingsleer – sien Riedweg 2005 en Cantor 1932:192; sien ook Cantor 1895), Meganisme (die hooftendens van die klassieke fisika – tot by Heinrich Herz),⁸ fisikalisme (Hawking en Dawkins),⁹ vitalisme (Driesch,

⁷ Waarna ons pas verwys het.

⁸ Max Planck merk in 1910 op dat hierdie benadering "alle kwalitatiewe verskille in laaste instansie wou verklaar deur die beweging" van al of nie-gelade massapunte sodat "alle fisiese prosesse volledig op die bewegings van onveranderlike, gelyksoortige massapunte teruggevoer kan word" (Planck 1910 – opgeneem in Planck 1973:53).

⁹ Wanneer saam met Stephen Hawking en die fisikus Leonard Miodinow geargumenteer word dat die fisiese heelal onafhanklik deur die gravitasiewet uit nikks geskep kan word (sien Hawking et al. 2010) bevestig hulle bloot dat een aspek van die werklikheid tot oorsprongsbeginsel verhef

Johannes Haas, en Heitler),¹⁰ psigologisme (Hume, Berkeley, Freud, Adler en Jung), logisisme (Russell en Gödel), historisme (Troeltsch), ekonomiese materialisme (Marx), en so meer.

6. ANALOGIESE GRONDBEGRIPPE

Natuurlik benodig die plasing van bepaalde funksiebegrippe by spesifieke aspekte argumente wat toereikende gronde daarvoor aan ons bied. Dit geld ook ten opsigte van die plasing van die geheel-dele relasie in die ruimte-aspek. Die situasie is weliswaar meer gekompliseerd, want benewens terme wat in 'n spesifieke aspek hul modale tuiste vind, moet bykomend ook nog van die onverbreeklike samehang tussen aspekte rekenskap gegee word en wel deur middel van die *analogiese grondbegrippe* van uiteenlopende dissiplines.

Dink byvoorbeeld aan die ooreenkoms en verskil tussen 'n getalseenheid en -menigvuldigheid enersyds en 'n logiese eenheid en menigvuldigheid andersyds. In die oorspronklike sin van die getalsaspek lewer die optelling van $2+2$ die getal 4. 'n Suiwer logiese sintese van 2 en 2 (wat Kant reeds ingesien het), bied aan ons slegs meer as een instansie van dieselfde getal 2 – dit kan nooit 4 lewer nie, maar bloot die algemene begrip van "tweeheid". Insogelyks kan ons let op die ooreenkoms en verskil tussen *getalsoptelling* en *ruimteoptelling*: $3+4=7$ (getalsoptelling) maar wanneer vektore (gekenmerk deur rigting en afstand) benut word is $3+4=5$ (byvoorbeeld in die geval waar ons eers 3 km noord en daarna 4 km oos beweeg en ons ons dan uiteindelik 5 km van ons beginpunt bevind). 'n Logiese eenheid en menigvuldigheid herinner ons aan die aard van 'n aritmetiese eenheid en menigvuldigheid want dit weerspieël 'n *getalsanalogie* binne die struktuur van die logiese aspek. Wanneer Bertrand Russell egter probeer om die getal 2 met behulp van die logiese klasbegrip te definieer verloop sy argument in 'n sirkelredenasie (*petitio principii*). Hy argumenteer immers dat die getal 2 na vore tree as die logiese som van twee versamelings u en v wat geen gemeenskaplike element en elk slegs een element besit. Ongelukkig gebruik Russell hierdie twee getalle ('1' en '2') reeds in hul oorspronklike getalsin: hy begin dus met die getal 2 om by die getal 2 uit te kom – 'n pertinente sirkelredenasie.

7. DIE ONTDEKKING VAN DIE GEHEEL-DELE RELASIE DEUR DIE SKOOL VAN PARMENIDES

Besinning oor die heelal het reeds in die Griekse filosofie tot eensydige beklemtonings aanleiding gegee. Die strewe na oneindigheid (die *apeiron* van Anaksimandros) is deur Parmenides en met name deur Zeno aan kontinuïteit verbind. Die outentieke *Fragmente* van die vroeë Griekse filosowe is deur Hermann Diels en Walther Kranz saamgevat, aangedui as die *B Fragmente*, in onderskeid van die *A Fragmente* wat uitsprake van latere filosowe oor die vroegste Griekse filosowe weergee.

word, naamlik die *fisiiese* aspek. Die geponeerde "niks" ontpop dan skielik as 'n "iets", naamlik die "self-skeppende" *fisiiese* oorsprong van alles. Gravitasie word tegelyk verhef tot *oorsprongsbeginsel*. Ironies genoeg stel die eerste hoofwet van die fisika dat energie nie geskep of vernietig kan word nie – regstreeks *in stryd* met die idee dat die gravitasiewet die heelal uit *niks* sal skep. Max Planck stel kategoriees dat die wet van "energie-behou" die hele fisika beheers (Planck 1915:95).

¹⁰ Dink hier aan die werk van Johannes Haas (1968), Walter Heitler (1976) en Adolf Portmann (1990).

Zeno se B *Fragment 3* bestaan uit 2 dele – en albei begin met *veelheid*: “As daar ’n veelheid is ...”. Die eerste gedeelte vervolg dan egter met ’n argument waarvolgens die aantal dinge *begrens* is (daar is net soveel as wat daar is): “As daar soveel dinge bestaan as wat daar is, dan kan dit (ooreenkomsdig die aantal daarvan) begrens wees”. Die tweede gedeelte wil egter vanuit die veelheid dinge tot onbegrensheid konkludeer: “Want steeds is ander dinge tussen die bestaande en weer ander tussen hulle. Bygevolg is die bestaande dinge (ooreenkomsdig hul getal) onbegrens”.

Indien ons (saam met Hermann Fränkel) die geheel-dele relasie gebruik om te verstaan wat Zeno in hierdie B *Fragment 3* in die oog het, kan sy bedoeling soos volg verduidelik word: Hy ontgin bloot die twee kante van die geheel-dele relasie. Die eerste argument verwys dan na die aantal dele van die wêreldeheel – ’n redenasie vanuit die hoek van die samestellende dele na die geheel, op grond waarvan dan ’n begrensde aantal dele voorgestaan word. Indien omgekeerd met die wêreldeheel begin word, blyk dit dat elke deel verdere verdelings moontlik maak – tussen dele is daar altyd nog dele. Hierdie proses van verdeling kan eindeloos voortgesit word, waaruit volg dat hierdie argument op ’n onbegrensde aantal dinge uitloop (sien Fränkel 1968; Strauss 2017 asook die bespreking van Verelst 2006:94 en verder). Tegelyk is die oorspronklike aritmetiese besef van eindeloosheid na “binne” gekeer deur die oneindige verdeelbaarheid van ’n kontinuum.

Aristoteles vat hierdie ervenis saam wanneer hy in sy “Physica” opmerk dat elke ding wat kontinu is verdeelbaar is in verdeelbares wat oneindig verder verdeelbaar is (Aristoteles 2001:317; *Phys.* 231b15-16). Parmedenis se synsleer steun ook op ruimtelike eienskappe. Hy vereenselwig denke en syn (B Fr. 3) en lig dan kentekens van die syn uit: “aangesien dit ongebore en onverganklik is, is die struktuur daarvan onwrikbaar ... dit was nie en sal nie wees nie aangesien dit in die hede gesamentlik voorhande is as geheel, een, samehangend (kontinu)” (Parmenides B Fr. 8:3-6).

Teenoor die Pythagoreërs, wat vanuit hul grondstelling dat *alles getal is*, ’n “arithmeticus universalis” wou ontwikkel (sien Hasse & Scholtz 1928:5), het die swaartepunt by Parmenides en sy skool na die ruimte-aspek verskuif. Daarmee is die geheel-dele relasie na vore gebring as een element met behulp waarvan die ruimte-aspek as verklaringsbeginsel gebruik kan word. Dit kan egter op verskillende maniere ontgin word.

Allereers belig die geheel-dele relasie iets van die oorspronklike ruimtelike aard van kontinue uitgebreidheid. Dit onderlê tewens een van die twee kriteria wat sowel deur Aristoteles as die moderne wiskunde ten opsigte van die “kontinuum” gestel word: oneindige verdeelbaarheid. Die ander maatstaf is dat ’n verdelingspunt *twee* keer figureer, as eindpunt van die een deel en tegelyk as die beginpunt van die aangrensende deel (sien Böhme 1966:309). Tweedens sou die beskrywing wat Parmenides van die “syn” gegee het ’n invloed uitoefen op latere metafisiese sienings rakende tyd en ewigheid – wat met ruimtelike gelyktydigheid, opgeneem as die “tydllose hede”, vereenselwig is. In die derde plek is die geheel-dele relasie toenemend gebruik as uiteindelike verklaringsbeginsel in terme waarvan die ganse werklikheid begryp moet word. Dit staan derhalwe in die tradisie van teoretiese benaderings wat die werklikheid bloot in terme van een of die kombinasie van ’n paar aspekte probeer verstaan. Die “alles is getal” eensydigheid wat ons by die Pythagoreërs aantref, sou die individualistiese teenpool word van universalistiese oorbeklemtonings van die ruimtelike geheel-dele relasie.

Die vraag is natuurlik op watter wyse enige modale aspek sinvol in ’n nie-reduksionistiese sin as “mode of explanation” gebruik kan word. Dit bring ons by twee verdere perspektiewe: (a) die aard van analogieë van die ruimtelike geheel-dele relasie in latere aspekte en (b) die

gebruik van die geheel-dele relasie om na gegewens te verwys wat die grense van die ruimte-aspek te bove gaan.

Ons begin derhalwe deur terug te keer na die aard van analogiese begrippe waarna ons reeds verwys het toe ons saaklik stilgestaan het by die getalsanalogie in die logies-analitiese aspek.

7.1 Die ruimtelike geheel-dele relasie te midde van terugwysende en vooruitwysende analogieë tussen aspekte

Endersyds veronderstel die gebruik van analogiese grondbegrippe dat elke aspek van die werklikheid *uniek* en *onherleibaar* is en andersyds kom die sin van 'n aspek slegs tot openbaring in die *samehang* daarvan met die ander aspekte. In die geval van modale aspekte gaan dit daaroor dat die uniekheid van 'n aspek deur die sin-kern daarvan bepaal word en dat dit tegelyk ondefinieerbaar is. Dit beteken dat die unieke sin-kern van 'n aspek onmiddellik ("intuïtief") ingesien moet word omdat dit *primitiewe terme* is wat 'n laaste verwysingspunt bied en tewens die grense van begripsvorming te bove gaan en tewens verhoed dat ons in 'n eindeloze regressie beland. Gödel stel daarom tereg dat dit oor 'n intuïsie van wat primitief is gaan en oor die samehang van die "primitives". Yourgrau wys daarop dat Gödel "insisted that to know the primitive concepts, one must not only understand their relationships to the other primitives but must grasp them on their own, by a kind of 'intuition'" (Yourgrau 2005:169).

Zeno probeer byvoorbeeld om menigvuldigheid en beweging te elimineer. In sy B Fr. 3 argumenteer hy dat dit wat beweeg nog in die ruimte waarin dit is, nog in die ruimte waarin dit nie is nie beweeg. Die onderliggende antinomie kom tot uitdrukking in die volgende kontradiksie: iets wat beweeg kan slegs beweeg as dit nie kan beweeg nie. Om te beweer dat alles *getal is* of dat alles in 'n staat van *statiese rus verkeer* is ewe antinomies.

Die kinematisiese aspek van eenparige (uniforme) beweging kan derhalwe eenvoudig nie sonder teësprake tot ruimte herlei word nie. Die vraag is egter of die moderne wiskunde nie sedert Weierstrass, Dedekind en Cantor daarin geslaag het om ruimtelike kontinuïteit te aritmatiser nie? Hoewel hierdie aanspraak by wiskundiges uit die skool van die aksiomatiese formalisme bestaan, is die mede-werker van Hilbert, Paul Bernays, daarvan oortuig dat wat hy as die "aritmatiserende monisme" beskou 'n willekeurige tese is omdat die aard van 'n kontinuum oorspronklik 'n geometriese idee is (Bernays 1976:188). In die besonder beklemtoon hy dat dit die totaliteitskarakter (*geheel*-karakter) van kontinuïteit is wat in die weg van 'n volledige aritmatisering van die kontinuum staan.¹¹ Hierdie insig bevry ons van die eensydighede wat in atomistiese (individualistiese) en universalistiese (holistiese) benaderings opgesluit lê omdat dit sowel die uniekheid van as die wederkerige samehang tussen getal en ruimte belig. Ons wys voorlopig daarop dat die implikasie hiervan is dat die samelewing nog uit geïsoleerde individue (of uit individue in interaksie) bestaan, nog uit blote sosiale gehele of totaliteite met hul integrale dele.

Wat werklik primitief in die getalsaspek is, is *menigvuldigheid* en *suksessie* – en beide bring die sin-kern van getal tot uitdrukking: *diskrete kwantiteit*. Elke numeriese sukcessie (opeenvolging) is die korrelaat van 'n *orde* van opeenvolging wat die mees basiese sin van die oneindige moontlik maak, ten beste aangedui as die *suksessief-oneindige*. Binne die

¹¹ "daß die intuitionistische Vorstellung nicht jenen Charakter der Geschlossenheit besitzt, der zweifellos zur geometrischen Vorstellung des Kontinuums gehört. Und es ist auch dieser Charakter, der einer vollkommenen Arithmetisierung des Kontinuums entgegensteht" (Bernays 1976:74).

struktuur van die ruimte-aspek vind ons 'n (terugwysende) *analogie* van die suksessief-oneindige (ook bekend as die potensieel-oneindige) en wel in die suksessief-oneindige verdeelbaarheid van kontinuiteit. 'n Hoeksteen van die moderne versamelingsleer benut tewens bykomend 'n vooruitwysende analogie van getal na ruimte, gegee in die idee van *oneindige totaliteite*. Op sy beurt berus hierdie idee van oneindige totaliteite op die opeens-oneindige – tradisioneel as die aktueel-oneindige aangedui. In die opeens-oneindige gryp die arimetiese tydsorde van opeenvolging dus vooruit na die ruimtelike tydsorde van opeens (gelyktydigheid). Onder leiding van hierdie oneindigheidsidee kan enige arimetiese suksessie van opeenvolgende getalle beskou word asof dit as 'n oneindige totaliteit (geheel) gelyktydig (opeens) voorhande is – soos byvoorbeeld wanneer die natuurlike getalle (via die breuke-ry $\frac{1}{1}, \frac{1}{2}, \frac{1}{3}, \dots$ op die punte van 'n reguit lyn met lengte-maat 1 afgebeeld word – d.w.s. die geslote interval $[0, 1]$].

Ruimte in oorspronklike sin (soms as *matematisiese ruimte* aangedui), is beide oneindig verdeelbaar en kontinu (samehangend in die sin dat verdelingspunte twee keer geneem word). In die lig van die kwantumstruktur van energie beteken dit dat fisiese ruimte daarenteen nog oneindig verdeelbaar, nog kontinu is. Beide soorte ruimte is wel *uitgebreid*, wat die ooreenkoms tussen fisiese ruimte en matematische ruimte belig. Maar juis in hierdie moment van ooreenkoms kom die verskil tussen beide soorte ruimte tot openbaring: die een is oneindig verdeelbaar en kontinu en die ander een is nie oneindig verdeelbaar nie en is nie kontinu nie. Dit belig tegelyk die aard van 'n analogie: wanneer twee gegewens ooreenstem in die oopsig waarin dit verskil (of verskil in die oopsig waarin dit ooreenstem), tref ons 'n *analogie* aan.

7.2 Verskillende tipes analogieë

Daar is tewens vier tipes analogieë moontlik: tussen aspekte (modale analogieë); tussen verskillende entiteite ("die neus van die motor"); tussen aspekte en entiteite ("die sosiale gom van die samelewning"); en tussen entiteite en aspekte ("die bevolkingsgroei van 'n land"). Waar die laaste drie verwisselbaar is, kan modale analogieë slegs met uitdrukkings vervang word wat *sinonieme* van die oorspronklike terme is. Wanneer oorspronklike modale terme met behulp van terme uit ander (ewe oorspronklike) aspekte gedefinieer word, loop dit onvermydelik op antinomiese reduksies uit – soos wat ons in die geval van Zeno vroeër gesien het.

In die moderne sisteem-teorie van von Bertalanffy (1973) en diegene wat sy beskouinge verder uitgewerk het, word deurlopend 'n sentrale plek aan die geheel-dele relasie toegeken. Deur die veralgemening van die tweede hoofwet van die termodinamika tot oop sisteme het von Bertalanffy bykomend daarop gewys dat daar in oop sisteme 'n dinamiese ewewig (*Fliessgleichgewicht*) bestaan – dink aan 'n vuurvlam, gletser of 'n motor wat luier (von Bertalanffy 1973:149).

7.3 Van geslote sisteme na oop sisteme

Ten spyte van hierdie sinvolle verruiming van die oorspronklike fisiese idee van 'n geslote sisteem, moet daar tegelyk in die fisika en chemie omsigtig met hierdie relasie omgegaan word. Dink bloot aan die verhouding van atoom en molekuul, soos in die geval van tafelsout (NaCl). Die vraag is: is Natrium en Chloor egte dele van 'n tafelsout molekule? Wanneer NaCl verdeel word, kom ons in aanraking met die onder-grens in 'n enkele sout molekuul want sodra ons 'n Natrium atoom en Chloor atoom alleen het, besit geeneen daarvan meer 'n soutstruktuur nie. Natrium is nie sout nie en ewe min is Chloor sout.

7.4 Die tweeslagtigheid van organisiese denk-patrone

Sedert Arisoteles is die geheel-dele relasie as 'n ruimte-analogie in die biotiese aspek benut – d.w.s. in die sin van 'n biotiese of organiese geheel met sy dele. In die biologie word na hierdie ervenis as die vitalistiese benadering verwys. In organologiese denkwyses word die samelewung self as 'n biotiese organisme met verskillende organe gesien. Meestal word een of ander samelewingsvorm tot hoogste organiese geheel verhef, sodanig dat alle ander sfere bloot as organiese dele daarvan gesien word. Dit beteken egter nie dat slegs die ruimte-analogie in die biotiese aspek (eensydig) benut kan word nie, want iemand soos Herbert Spencer was 'n individualistiese organisistiese denker wat die getalsanalogie in die struktuur van die biotiese aspek oorbeklemtoon het.

Waar August Comte die moderne sosiologiese denke gegrondves het getrou aan 'n universalisties-organologiese denkwyse, het Spencer 'n organologiese denkwyse voorgestaan wat individualisties georiënteer was. Hy formuleer sy strewe soos volg: "Its aim is not the increase of authoritative control over citizens, but the decrease of it. A more pronounced individualism, instead of a more pronounced nationalism, is its ideal" (Spencer 1968:22).

In 1887 het Tönnies die tweeslagtige *Westerse intellektuele* ervenis van individualistiese en universalistiese benaderings saamgevat in sy onderskeiding tussen *Gemeinschaft* en *Gesellschaft*. Eersgenoemde word deur hom in kenmerkende universalisties-organiese terme gekarakteriseer terwyl laasgenoemde op 'n tipiese individualistiese wyse gekenskets word. Hy begryp hierdie onderskeid egter nie in 'n strukturele sin nie maar as 'n histories-genetiese proses waarin die era van *Gemeinschaft* deur 'n era van *Gesellschaft* opgevolg word. Die Westerse samelewung is toenemend besig om weg te beweg van *Gemeinschaft* na *Gesellschaft*. Nisbet kenskets die siening van Tönnies soos volg:

Similarly, some of the German sociologists of the late nineteenth century called attention to the processes of modern history that have led to an atomization or mechanization of the primary social relationships. Tönnies expressed this as a continuous weakening of the ties of *Gemeinschaft* – the communal ties of family, gild, and village – and a constant maximization in modern times of the more impersonal, atomistic, and mechanical relationships of what he called *Gesellschaft*. (Nisbet 1962:78; sien Strauss 2016:879)

Die taakstelling waarmee ons hier gekonfronteer word, is om te probeer uitstyg bo die eensydighede wat in 'n (aritmetiese, organiese of sosiale) *individualisme* en in 'n (ruimtelik-georiënteerde, organiese of sosiale) *universalisme* andersyds opgesluit lê.

Dit sal in 'n opvolgstudie gedoen word.

BIBLIOGRAFIE

- Alexander, J.C. 1987. *Sociological Theory since World War II, Twenty Lectures*. New York:Columbia University Press.
- Andreae, W. 1931. *Staatsozialismus und Ständestaat*. Jena: Verlag von Gustav Fischer.
- Aristoteles. 2001. *The Basic Works of Aristotle*. Uitgegee deur Richard McKeon met 'n Inleiding deur C.D.C. Reeve. (Oorspronklik deur Random House in 1941 gepubliseer). New York: The Modern Library.
- Bernays, P. 1974. Concerning Rationality. In: *The Philosophy of Karl Popper*, The Library of Living Philosophers, Volume XIV, Book I. Edited by P.A. Schilpp. La Salle, Illinoi: Open Court.
- Bernays, P. 1976. *Abhandlungen zur Philosophie der Mathematik*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

- Bodin, J. 1981. *Sechs Bücher über den Staat*, Buch I-III. Vertaal met opmerkinge deur Bernd Wimmer. Ingelei en uitgegee deur P.C. Meyer-Tasch. München: Uitgewer CH Beck.
- Böhme, G. 1966. Unendlichkeit und Kontinuität. *Philosophia Naturalis*, 11:304–17.
- Cantor, G. 1895. Beiträge zur Begründung der transfiniten Mengenlehre. In: *Mathematische Annalen*, Volume 46:481-512 en 1897 Volume 49:207-246.
- Cantor, G. 1962. *Gesammelte Abhandlungen Mathematischen und Philosophischen Inhalts*. Hildesheim: Oldenburg Verlag (1932).
- Diels, H. & Kranz, W. 1959-60. *Die Fragmente der Vorsokratiker*. Vols. I-III. Berlin: Weidmannsche Verlagsbuchhandlung.
- Driesch, H. 1920. *Philosophie des Organischen*. Leipzig: E. Reinicke.
- Driesch, H. 1931. *Wirklichkeitslehre: ein metaphysischer Versuch*. Leipzig: E. Reinicke.
- Duvenhage, P. 2016. *Afrikaanse Filosofie, Perspektiewe en dialoë*. Bloemfontein: Sun Press.
- Eibl-Eibesfeldt, I. 2004. *Grundriß der vergleichenden Verhaltensforschung, Ethologie*. 8^{ste} hersiene uitgawe. Vierkirchen-Pasenbach: Buch Vertrieb Blank GmbH.
- Fränkel, H. 1968 (heruitgever: Gadamer). Zeno im Kampf gegen die Idee der Vielheit. In: Gadamer, H.-G. 1968. *Um die Begriffswelt der Vorsokratiker*. Wege der Forschung, Band IX, Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Goosen, D. 2016. Die werklikheid as deelnemende gebeure, of die verwikkeld samehang tussen eenheid en veelheid. In: Duvenhage, P. 2016:221-248.
- Goosen, D. 2016a. Hermeneutiek, sisteme en state. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4-2):1246-1251.
- Haas, J. 1968. *Sein und Leben, Ontologie des organischen Lebens*, Karlsruhe: Badenia Verlag.
- Hasse, H. & Scholz, H. 1928. Die Grundlagenkrise der griechischen Mathematik. *Kant-Studien*, Vol.33:5-34.
- Hawking, S.W. & Mlodinow, L. 2010. *The Grand Design*. Massachusetts: The Belknap Press of Harvard University Press.
- Heath, J. 2015. Methodological Individualism. In: *The Stanford Encyclopedia of Philosophy* (Spring 2015 Edition), Edward N. Zalta (ed.), URL = <http://plato.stanford.edu/archives/spr2015/entries/methodological-individualism/> (accessed on 28-05-2015).
- Hegel, G.F.W. 1821. *Grundlinien der Philosophie des Rechts*. Herdruck, Stuttgart: Reclam (2002).
- Heitler, W. 1976. Über Komplimentarität von leblosen und lebender Materie, In: *Abhandlungen der Mathematisch-Naturwissenschaftliche Klasse*, year 1976, Number 1, Mainz/Wiesbaden.
- Heitler, W. 1979. *Schöpfung als Gottesbeweis. Die Öffnung der Naturwissenschaft zum Göttlichen*. Zürich: Verlag der Arche.
- Jellinek, G. 1966. *Allgemeine Staatslehre* (Dritte Auflage). Berlin: Verlag Dr. Max Gehlen.
- Loch, K. 1956. *Zur Theorie der naturwissenschaftlichen Systematik*. Leiden: E.J. Brill.
- Lorenz, K. 1973. *Ueber tierisches und menschliches Verhalten, Aus dem Werdegang der Verhaltenslehre, Gesammelte Abhandlungen*, Volume II, 10thed. München: R. Piper.
- Malan, K. 2011. *Politokrasie: 'n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*. Pretoria: Pretoria University Law Press.
- Myrdal, G. 1932. *Das politische Element in der nationalökonomische Doktrinbildung*. Berlyn: Junker und Dunnhaupt Verlag
- Nisbet, R.A. 1962. *Community and Power*. [formerly The Quest for Community]. New York: Oxford University Press.
- Planck, M. 1910. Die Stellung der neueren Physik zur mechanischen Naturanschauung (Vortrag gehalten am 23. September 1910 auf der 82. Versammlung Deutscher Naturforscher und Ärzte in Königsberg i. Pr.). In: Max Planck (1973:52-68).
- Planck, M. 1915. Das Prinzip der kleinsten Wirkung. In: Max Planck (1973:95-105).
- Planck, M. 1973. *Vorträge und Erinnerungen*, 9th reprint of the 5th edition. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Portmann, A. 1974. *An den Grenzen des Wissens*. Düsseldorf: Econ Verlag.
- Portmann, A. 1990. *A zoologist looks at humankind*, translated by Judith Schaefer. New York: Columbia University Press.

- Raath, A. 2015. Political Naturalism and the French "Nouvelle Droite": Reflections On Politocratic Communitarianism in Contemporary Afrikaans Political Literature. *Journal for Contemporary History / Joernaal vir Etietyse Geskiedenis* 40(2):110-132.
- Raath, A.G.W. 2016. Politieke en regsfilosofiese perspektiewe op politokratiese kommunitarisme: 'n Diskoers met Danie Goosen en Koos Malan. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jaargang 56 (2-2): Junie 2016:573-591 – doi.10.17159/2224-7912/2016/v56n2-2a4.
- Raath, A.G.W. 2016a. Regs- en staatsosiologiese grondslae van politokratiese kommunitarisme. 'n Gesprek oor enkele aspekte van die meta-etiiese historisme in die Afrikaanse politieke en regsliteratuur. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap/Journal for Christian Scholarship* – 52(1):55-90.
- Rensch, B. & Schultz, A.H. (eds). 1968. *Handgebrauch und Verständigung bei Affen und Frühmenschern*. Symposium der Werner-Reimers-Stiftung für anthropogenetische Forschung. Bern: Huber.
- Rensch, B. 1968. Discussion Remarks, attached to Von Bertalanffy: Symbolismus und Anthropogenese. In: Rensch, B. & Schultz, A.H. (eds) 1968.
- Rensch, B. 1973. *Gedächtnis, Begriffsbildung und Planhandlungen bei Tieren*. Hamburg: Parey.
- Riedweg, C. 2005. *Pythagoras: His Life, Teaching, and Influence*. Ithaca: Cornell University Press.
- Russell, B. 1956. *The Principles of Mathematics*. London: George Allen & Unwin. (First published in 1903, Second edition 1937, Seventh edition 1956).
- Schickling, H. 1936. *Sinn und Grenze des aristotelischen Satzes* "Das Ganze ist vor dem Teil". München: Verlag Josef Kösel und Friedrich Pustet.
- Spencer, H. 1968. *Reasons for Dissenting from the Philosophy of Comte and other Essays*. Berkely: Glendessary Press (1864).
- Stanford Encyclopedia of Philosophy Archive. Spring 2011. In: *Callicles and Thrasymachus*. First published Wed Aug 11, 2004; substantive revision Thu Oct 27, 2011; [besoek op 20-06-2015] (verwysing is na: Stanford CT,2011).
- Strauss, D.F.M. 2012. A history of attempts to delimit (state) law. *Journal for Juridical Science* 37(2):35-64.
- Strauss, D.F.M. 2016. Die debat oor die moderne staat. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September, (56)(3):876-880. doi.10.17159/2224-7912/2016/v56n3a10.
- Strauss, D.F.M. 2017. Besinning oor staat en samelewing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-2):668-679, Junie: doi.10.17159/2224-7912/2017/v57n2-2a11.
- Tönnies, F. 1887. *Community and Society*. Harper & Row, vertaal en gerедigde deur C.P. Loomis, New York 1957.
- Udehn, L. 2002. The changing face of methodological individualism. *Annual Review of Sociology*, 28:479-507.
- Verelst, K. 2006. De Ontologie van den Paradox. Proefschrift ingediend tot het behalen van de graad van Doctor in de Wijsbegeerte, Faculteit Letteren en Wijsbegeerte, Vrije Universiteit Brussel.
- Weber, M. 1922. *Economy and Society*. Redakteurs. Guenther Roth en Claus Wittich. Berkeley: University of California Press (1968).
- Yourgrau, P. 2005. *A World Without Time. The forgotten Legacy of Gödel and Einstein*. London: Penguin Books.

Boekbesprekings / Book Reviews

Titel: *Ons kom van ver.* Naledi
Outeurs: Carstens, W.A.M. en M. le Cordeur. 2016 (Redakteurs)
Bladsye: 599pp

Oor mense, afstande en Afrikaans

In 2016 het Wannie Carstens en Michael le Cordeur 'n betekenisvolle bundel van 36 verhale, *Ons kom van vêr*, saamgestel. Hulle het Afrikaanssprekendes wat Afrikaans oorwegend as 'n variëteit buite Hoofstroomafrikaans beleef het, vir vertellings gevra oor 'n incident uit hulle lewens waarby Afrikaans ter sprake was (vgl.: xvi). Die stories van "hierdie groep sprekers van Afrikaans" (Le Cordeur: xvi) handel oor verskeie gebeurtenisse, waarvan die subteks Afrikaanssprekendes se verset teen apartheid was, veral tydens die 1980's tot in die middel van die 1990's. Dié gebeurtenisse is 'n onweglaatbare deel van die tans nog ongeskrewe geïntegreerde geskiedenis van die Afrikaanssprekende mense van Suider-Afrika.

"My moedertaal is ook op Vryheiditag in 1994 bevry", het Patrick Mettler ervaar (p. 141). Sy verhaal, en die meeste ander verhale van *Ons kom van vêr*, gaan oor gebeure uit die tweede helfte van die twintigste eeu, maar die mense van lank gelede, die "eerste nasies" (Le Cordeur, p. xviii; Boesak, pp. 112-128), se ou-ou erflatings en strewes na selfverwesenliking is ook ingesluit. Hulle het ook 'n aandeel aan dié verhale, en leef van vroeg af met 'n "geankerheid aan hierdie land" (Titus, p. 187). Afrikaans en sy baie kante kom inderdaad van vêr.

Hierdie bundel is by verre nie 'n griefskrif nie. Die meeste van die vertellings boei, en baie is met 'n aansteeklike geesdrif geskryf. Incidente en feite en vertellings vleg deureen, en lig dokumentêr nuwe aksente uit. Hoeveel mense is daar nie wat in daardie jare aan die struggle deelgeneem het nie? Mense wat hulle belangrike aandeel in die stryd teen apartheid daarna vir ander rolle verruil het. Die boek is vol name van gemeenskapsleiers, predikante, burgemeesters, politici en akademici, asook van voetsoolaktiviste wat 'n bevryde Afrikaans in die oog gehad het (vgl. p. 233): 'n Ererol. Mettler voer aan dat dáárdie doelwitte nog nie bevredigend bereik is nie (pp. 129-149).

Soms verwys skrywers in die verbygaan na die greep van apartheid op hulle lewens, ander kere staan die verhaal van verset en bevryding meer prominent.

Fatima Allie (pp. 506-520) gee nie die status aan die apartheidsspraktyk wat 'n direkte frontaanval sou doen nie. Met grepe van haar Afrikaans deel sy in haar vertelling die geur en die smake en kleure van Maleise kos met lesers. Om self sulke kos te maak "moet [jy] versieker da rit reg smaak en darie kleur reg is" (p. 509). Soos die kos, kom haar voorsate ook van vêr af, uit Indonesië en Maleisië. Een van Fatima Allie se voorvaders was die vooraanstaande Kaapse Imam, Tuan Guru ("meneer die onderwyser") wat die tradisie van geskrewe Kaap Afrikaans en geletterdheid aan die einde van die agtiende eeu in die Dorpstraat Madrassa begin het. Op 'n nostalgiese noot herinner sy haar nog aan die lekkers wat Achmat Davids, die bekende kenner van Kaapse Moesliemaafrikaans, "vir ons kinners ... gegie het" (p. 510).

Sy vertel terloops dat dit maklik is om haar geboortedag te onthou. Dit was die dag toe Distrik Ses vir haar 'n verbode gebied geword het. Inwoners is toe kragtens die onverdedigbare Wet op Groepsgebiede van 1950 (Wet No. 41 van 1950), uit hulle woonhuise gesit, en mense is van hulle geboorte af lewenslank gemerk. Verdedigbaar? Die vraag is aanhoudend gevra.

Ook nadat die Nederduitse Gereformeerde Kerk besluit het om in 1881 'n afsonderlike kerk in die lewe te roep (p. 43), die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK), ondergeskik aan die moederkerk, waaroor Llewellyn MacMaster (pp. 237-256) skryf. Dit was nie op theologiese gronde verdedigbaar nie, wys Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel (p. 73) uit.

Gavin Davis (pp. 272-283) se vertelling volg in die trant van Fatima Allie s'n. Hy koester die elegansie van die langarm-*kappyt* danskultuur met geesdrif, en deel met die leser iets van die eie aard hiervan soos dit op die Kaapse Vlakte en daarbuite ervaar word, waar *kappyt*'n tipiese langarmdanswoord is (p. 275). Hy verskaf verbasende besonderhede oor orkeste met hulle treffende name, en waardeer die radio-erkenning daarvan. Is daar 'n insinking in die uitleef van *langarm* in dié musiekwêreld, wonder hy? Hy het daarmee grootgeword, in Willowdene en in die Baai. En dan noem hy, so half in die verbygaan, wat besondere trefkrag aan sy mededeling gee, dat daar "vandag net 'n bos is nadat die mense van sy grootwordwêreld daar verwyder is" (p. 275). Óók kragtens daardie Groepsgebiedewet.

Christo van der Rheede wys vroeg in *Ons kom van vêr* op die gevolge van die ingreep wat op rasseskeiding gegrond was (p. 22), op die normale sosio-maatskaplike patronen van gemeenskappe in Suid-Afrika. Dit het 'n groot deel van die Afrikaanse gemeenskap met "opgekropte emosies, bitterheid en uitsigloosheid" gelaat (p. 23). In sy stimulerende bydrae wys Reggie Nel (pp. 57-71) hoe daardie ingrepe by "die rol van die opkoms van rasteorieë in die 18de en 19de eeu" invoeg (p. 64).

'n Illustrasie van die gevolge van hierdie ingrepe op normale sosio-maatskaplike gedrag? Patrick Mettler (pp. 129-145) en Charles P. Beukes (pp. 327-352) illustreer dit met binnekandektes wat hulle met die lesers deel uit 'n tyd toe sport die politieke voetangels van daardie tyd nie kon systap nie, en vertel ook van presteerders se individuele prestasies. Odessa (Krause) Swarts "was waarskynlik die mees begaafde vroue-naelloopkampioen van SACOS in die 1980's" (p. 339). Hoe sou sy nie gevaa het in die wêreld daarbuite wat vir haar gewink het nie? Haar man was 'n hoogspringer. Hulle seun, Wayde van Niekerk, is tans die 400 meter wêrelrekordhouer. Onafhanklik van mekaar roep hierdie skrywers die tennisser David Samai se prestasies in herinnering: hy het drie keer op Wimbledon deelgeneem, maar kon nie tuis teen die Suid-Afrikaanse kampioen kragte meet nie (p. 134). Hulle wys op nog baie ander gevalle. Hoe verdeel 'n ambisieuse jong koerantman hom in twee of meer? Hy moes maar! Van dié rondhardloper vertel Beukes ook (p. 331).

Onder die oppervlaktes van die verhale in *Ons kom van vêr* lê daar nóg verhale. Willa Boesak (p. 128) vertel nie net van die bekoorlike eiesoortighed van binnelandse Afrikaans, en van die N/u en die †Khomani San (p. 117), en van die pleknaamerflatings van die sprekers van Khoi-Afrikaans (pp. 112-115) nie. Hy vertel ook 'n verhaal van soek na identiteit (o.a. p. 144). Dit is ook die geval met Elias P. Nel (p. 318-326) se bydrae oor die ontwikkeling van die kulturele erfenis van die Khoi en San (p. 319). Reggie Nel (p. 61 e.v.) vou sy verhaal om die gevolge van die Kapenaars se deelname aan "die ekonomiese belang van die VOC" wat ook vra na 'n hedendaagse perspektief op gebeurtenisse van vêr terug.

Die verhale is vol besondere wetenswaardighede. Marlène le Roux vertel (pp. 284-298) van die rol van Afrikaans in opbouende jeugprogramme om sosiale transformasie te faciliteer. Henry Jeffreys (pp. 354-363) se vertelling gaan oor sy rol in 'n media-binnekamer (*Die Burger*), in die stoel van D F Malan, en hy maak die uitspraak "dat Afrikaans ons almal sal oorleef". As gewese redakteur het hy ander ervarings gehad as Conrad Sidego (pp. 380-392) wat uit 'n vroeër periode as Redakteur van *Ekstra-Burger* vermaaklik vertel hoe hy "soos 'n koejawel in 'n piesangboom" (p. 381) die koerantopset van daardie tyd ervaar het.

Die reaksie op die tweede deel van die versoek aan die skrywers, dat Afrikaans by die

vertellings betrek word, lig belangrike gegewens uit oor taalhoudings, persepsies en taalfunksies, en oor Afrikaans se gebruik in verskillende omgewings. Die vertellers se ervarings van Afrikaans illustreer die uitgangspunt dat tale se geskiedenis in der waarheid om die lotgevalle van sprekers wentel. Al die sprekers van Afrikaans het aan die maak van sy geskiedenis deel gehad en hulle taal bewaar die getuienis van hulle lotgevalle, oor baie geslagte heen.

Dialekte verkeer in die reël onder druk van die standaardkode, omdat onderwys- en ander normerende funksies daarin uitgevoer word. Met die dialekte van Afrikaans is dit anders gesteld. Dialekafrikaans se lewe is verleng omdat dié taalvorm as protessimbool teenoor Standaardafrikaans gefunksioneer het. Adam Small, aan wie hierdie boek opgedra is, se werk in Dialekafrikaans het daartoe bygedra (vgl. Nico Koopman, pp. 539-551 daaroor), soos die Dialekafrikaans van ander skrywers en digters ook. Variëteite waarin hoër funksies beoefen word, kan nie sommer tersyde gestel word nie, toon Danny Titus (pp. 200-201) aan. Nie een van Afrikaans se variëteite kan in elk geval as die toonaangewende Afrikaanse taalvorm beskou word nie. 'n Dialek kan nie die gestandaardiseerde spel- en skryfkode se rol oorneem nie, dialekte is tale wat anders funksioneer as die standaardkode.

Die Afrikaans van die verhale? Meermale kom die leser verfrissende uitlopers van Dialekafrikaans teen, en gedagtes daaroor. John D. Diergaardt vertel hoe nasieners (vgl. pp. 394-40) juis oor antwoorde in Dialekafrikaans kop gekrap het. Meermale gebeur dit dat Afrikaans nie net die taal van die vertelling is nie, maar ook die objek van die vertelling: die taal van die struggle was ook die taal van Apartheid: die lem van Afrikaans is aan al twee kante geslyp, waarop Franklin Sonn ook wys (agterblad). Die afdwing van verskillende leefwêrelde het verskillende taalervarings meegebring, kom die leser gou agter, in 'n Suid-Afrika waar "heterogene Afrikaans" (Titus, p. 83 e. v.) buitendien, al is dit om ander redes, 'n werklikheid is.

Die warmte van die vertelling van Le Cordeur (pp. 258-271) oor die Kaapse en Wellingtonse Klopse, en hulle lang tradisie, is 'n heerlike leeservaring. Hy verf die klopsefamilie se mengeling van kleure op hulle groot dag meevoerend in sy storie in, noem 'n rits treffende name, vertel van die verhale daaragter, en wys ook op die ironie wat in die groepnaam *millionaires* skuil. Wat is 'n moppie, en wie ken die storie van die Alabama? Daaroor, en oor nog baie meer, skryf hy. Hoekom Klopse? Vir niks anders nie as "net virrie liefde daarvan" (p. 270).

Openbare gedagtekansel was een van die maniere om verset teen apartheid te stimuleer en te koördineer. In 'n tyd toe sulke diskourse nie moontlik was nie, is ander planne beraam. Le Cordeur (pp. 299-317) vertel van die plegtige openings van die krisanteskou op Wellington. Van 1966 af, na die eerste 50 jaar van die bestaan van dié vereniging, lui die storie agter die storie, het die belangrike genooidie sprekers hulle toespraakgeleenthede gebruik om kritiese kommentaar op die politieke situasie te lewer, en het sodoende "'n gemeenskap wat grotendeels uitgesluit was van die politieke debat in die media"'n kans gegee om ook 'n "sê te sê" (p. 304). Dié gemeenskap het 'n naastiglike behoefte aan gespreksgleenthede oor die onbegryplike diskriminasie teenoor hulle gehad. Vir Basil Kivedo (pp. 476-488) was dit al vervullend om net te kon hoor "hoe die mense van die [Christelike Instituut van Beyers Naudé] teen apartheid" praat (p. 478). Later was daar sprake van direkte verteenwoordiging in plaaslike regering, en kon politieke gesprekke ongehinderd plaasvind, herinner Herman Bailey hom. In die Boland was Afrikaans daardie gesprekstaal (p. 458-475).

Die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) het ook 'n platform geskep om op 'n intellektuele vlak in Afrikaans vorm te gee aan verset. Individue het hulle rewolusionêre insigte gedeel, in Afrikaans, en as 'n groep het die teologiestudente hulle stempel op gesprekke afgedruk (Beukes, p. 45). Dié gedagtes is omgesit in daadwerklike optredes, waарoor Llewellyn

MacMaster (p. 243 e.v.) informatief skryf (en die akroniem UWC interessant uitlê!). Kampusse, ook van onderwyskolleges, is gou “beskou as ‘sites of struggle’” (p. 417), skryf Basil May in sy vermeldenswaardige bydrae (p. 410-426). En op skoolvlak? Danie van Wyk (pp. 427-443) onthou hoe individue in gemeenskappe van vêr af uitgereik het om skoolkinders te huisves wat slegs na die skole toe kon gaan wat vir hulle aangewys is.

Op 'n ander vlak was die Belydenis van Belhar ook 'n manier om teen apartheid te protesteer. Dit is in Afrikaans gekonsipieer, “twee jaar na die 1976-opstand”, beklemtoon Jaques Beukes (p. 39) die simboliese betekenis van die Soweto-opstand. In dié belydenis was “die invloed van ... Afrikaanssprekende Christene deurslaggewend in die bevryding van die land se mense”, skryf hy met trots (Beukes p. 43). Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel verwys na die N G-Kerk “se stilstwyte teen die onregverdige apartheidbestel” (p. 104) wat deels die aanloop vir dié belydenis verskaf het, en wat aansluit by Beukes (p. 44) se vertelling oor ds. Isak Morkel, 'n “profeet” wat nie in sy eie land geëer is nie, en wat nie “liefde kon preek en apartheid in praktyk ... beoefen nie”. Dit het op sy stigting van die Calvyn Protestantse Kerk uitgeeloop. 'n Geskiedenis wat Raymond van Diemel (pp. 93-110) met passie dokumenteer.

Dié Soweto-onluste van 1976 het simboliese waarde gekry in die struggle-tyd, en het dit daarna behou. Edwena Goff (pp. 205-219), soos ander skrywers ook, gebruik dié onluste as 'n verwysingspunt in haar verhaal: “(e)k was in die middel van standerd 9 (graad 11) toe die 1976-Soweto-opstand” plaasgevind het, onthou sy (p. 208). Michael le Cordeur (pp. 220-236) deel waardevolle herinneringe oor “daardie grou wintersdag, 16 Junie 1976”, en noem dat daardie opstand “meer kompleks is as wat dikwels uitgebeeld word” (p. 234). Hy wys op die rol van Steve Biko se Swartbewussynsbeweging daarin (pp. 230-232), soos Llewellyn MacMaster (pp. 237-256) ook. Daarna het die land begin brand, en is lewens in die Wes-Kaap uitmekaar geruk. Die kreet “hek toe” het aan UWK opgeklink as gevaar gedreig het. Basil Kivedo, 'n gewese MK-soldaat, herinner hom aan die vergaderings wat as “ghoemas”, “langarmdanse” of “brieksies” bekend gestaan het (p. 482), en waar Afrikaans die vergaderings-taal was, ondanks die etiket van “die taal van die verdrukker” (p. 233). Llewellyn MacMaster (pp. 237-256) vertel ook van die herlewing van die bevrydingstryd, van 1968 af, en wys interessant op die “sukses van bevrydingsbewegings teen Portugese kolonialisme in Angola en Mosambiek” (p. 240) wat as aansporing daarvoor kon gedien het.

Afrikaans kom op 'n ongewone pad saam met die bydraers van *Ons kom van vêr*, en met hulle voorsate. Dit is 'n gekoesterde moedertaal met die baie gesigte van baie variëteite (vgl. Patrick Mettler, pp. 129, 143). Aan Afrikaans se vestiging “as skrytaal van die Afrikaanssprekendes” (Van Huffel, p. 76) in die plek van Nederlands, het die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) tussen 1910 en 1920 aktief meegewerk. Afrikaans het sy vroeëre funksies egter nie deurgaans daar behou nie. Nadat die Verenigde Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (VGKSA) in 1994 gestig is, het die Algemene Sinode in 1997 op grond van sy “multikulturele en multitalige agtergrond” besluit om Engels op sinodevlak te gebruik (Van Huffel, p.89).

Dialeksprekers kan die Standaardkode van Afrikaans in 'n diglossiesituasie gemaklik naas Dialekafrikaans beheers. Basil Kivedo vertel hoe hy vir sy teenstand teen apartheid gearresteer is, en hoe die landdros tydens sy verhoor by tye oopmond sit en luister het na die keurige Afrikaans waarin hy sy verdediging waargeneem het (p. 478). In 'n politiekgelaaide dialek-omgewing het Standaardafrikaans soms 'n stigma gedra, en is Standaardsprekers geëtiketteer as “'n boejong” (boerejong), onthou Edwena Goff (p. 212).

Die oorkoepelende narratief oor Afrikaans en sy mense het baie kante en het baie vertellers. Die verhale in *Ons kom van vêr* vorm boublomme van belangrike momente vir 'n oorkoepelende

geskiedenis van Afrikaans. Om dit na behore te ontgin, het die boek 'n indeks nodig, wat ongelukkig ontbreek. Die bundel gee ook nie blyke van "die ontwikkeling van Afrikaans" soos wat die subtitel te kenne gee nie. Die samestellers moet krediet kry vir die netjiese ordening van die bydraes, en vir die talle foto's wat ingesluit is, selfs kleurfoto's, wat van *Ons kom van vêr* 'n kosbare besitting maak.

Hierdie werk is 'n besondere welkomme bydrae wat *vêr* in meer as een betekenis uitlig. By die redakteurs van *Ons kom van vêr* se oorspronklike versoek om bydraes, kan lesers byvoeg: sodat Afrikaanssprekendes meer van mekaar af kan weet ...

Die verhale van *Ons kom van vêr* bly die leser nog lank by. Moes hierdie boek nie al lankal verskyn het nie?

CHRISTO VAN RENSBURG

Navorsingsgenoot: Navorsingseenheid *Tale en literatuur in die SA konteks*,
Noordwes-Universiteit,
Potchefstroom-Kampus
Christovanrensburg100@gmail.com

Titel: *Die dood en die sin van die lewe*
Outeur: Anton A. van Niekerk
Uitgwerp: Kaapstad: Tafelberg 2017
Bladsye: 287pp

Anton van Niekerk heeft een dapper boek geschreven. Wie durft het aan, om als hij de 60 gepasseerd is, de dood zo in het gezicht te kijken als Van Niekerk in dit boek wil doen? Is dat niet de dood uitdagen? Een dierbare collega van me stierf in het jaar waarin hij zijn boek over de sterfelijkheid van de mens schreef.¹ Van Niekerk citeert hem aan het eind van zijn boek. Maar Anton van Niekerk toont zijn dapperheid niet alleen door de dood onder ogen te zien, maar ook door de manier waarop hij dat doet. Hij spaart geen heilige huisjes: of het nu maatschappelijke taboes betreft (de dood is zelf volgens hem misschien wel het laatste overgebleven taboe, “die taboe van ons tyd” p. 14 e.v.), of traditionele opvattingen binnen de religieuze kringen waaruit hij ook zelf afkomstig is (het leven na de dood interesseert hem beslist veel minder dan het leven voor de dood), of ook filosofische modes (het postmodernisme wordt heel zelfverzekerd afgeserveerd) – ze worden door Van Niekerk allemaal kritisch onderzocht en hij schrikt er niet voor terug om duidelijke standpunten in te nemen, ook al weet hij dat hij daarmee tegen gevoeligheden van deze of gene ingaat.

Het boek bevat tien hoofdstukken, waarin allerlei aspecten van dood, sterfelijkheid, en vooral van leven in het besef van sterfelijk te zijn, aan de orde komen, en waarin met allerlei andere auteurs uit de geschiedenis van de filosofie en de literatuur, maar ook met vertegenwoordigers van medische en sociale wetenschappen gediscussieerd wordt. Hoewel Van Niekerk pas in de laatste hoofdstukken zijn eigen visie op de dood echt ontvouwt, wordt de lezer daarop vanaf het begin voorbereid. Maar terwijl de conclusie in het laatste hoofdstuk daardoor uiteindelijk geen verrassing meer vormt, zorgt de opbouw van het boek er wel voor dat de lezer alle 280 bladzijden geboeid blijft doorlezen om met de auteur tot die laatste slotsom te geraken.

Voor die geboeidheid staat overigens ook de stijl van de schrijver garant. Anton van Niekerk weet als auteur zijn lezers net zo te boeien als hij dat als spreker met zijn gehoor doet. Hij slaagt erin om ook niet-vakgenoten te boeien en te betrekken bij de discussies in filosofie en wetenschap, zoals hij zich ook expliciet ten doel stelt. Hij noemt het zelfs “die primêre doel van hierdie boek [...] om te dien as brug tussen wat aan die intelekteule front gebeur en die verloop van die gesprek op alledaagse vlak” (p. 10). Van Niekerk slaat steeds een heel persoonlijke toon aan zodat de lezer de indruk krijgt met iemand in gesprek te zijn. En ook de vele verhalen en anekdotes die hij opdist zorgen ervoor dat de aandacht niet verslapt. Maar elk voordeel heeft zijn nadeel: in dit geval maakt de persoonlijke en concrete wijze waarop de auteur zijn Afrikaanse publiek aanspreekt, het waarschijnlijk moeilijker om het boek te vertalen en voor een ruimer publiek beschikbaar te maken. Bovendien is de stijl soms gekenmerkt door een wat doorzichtige retoriek: door op te sommen waarover hij het niet wil hebben, vertelt hij tussendoor toch wat hij daarover kwijt wil. En de heel persoonlijke stijl waarmee hij de lezer aanspreekt, wordt soms ook gebruikt om een discussie af te breken: de auteur houdt dan op met argumenteren en zegt wat hij er zelf van vindt.

In het begin van zijn boek bedankt Van Niekerk onder andere de studenten die hij de afgelopen 36 jaar voor zich heeft gehad. Dat geeft aan dat het boek ook deels in colleges is

¹ Ludwig Heyde, *De maat van de mens. Over autonomie, transcendentie en sterfelijkheid*. Amsterdam: Boom 2000.

ontstaan. Dat merk je niet alleen aan de stijl van schrijven en met name de voorbeelden die soms worden aangehaald (en waarin je de gedreven, maar ook de slimme docent herkent), maar ook aan iets anders dat een bijzonder aspect van het boek vormt. Het boek is namelijk in zekere zin ook een inleiding in de filosofie. Van Niekerk maakt duidelijk wat volgens hem filosofie eigenlijk is: uitgebreid in hoofdstuk 1 en nog eens samenvattend in een voetnoot in hoofdstuk 8: Filosofie stelt “vrae oor die waarde, belang of relevansie van (dinge in) ons ervaringswêrelد, afsonderlik of in die geheel” en filosofische antwoorden op die vragen zijn “nooit finaal nie”, maar “slegs *beter* of *swakker* gemotiveer of beredeneer” (p. 197). Maar behalve door het te zeggen, maakt hij vooral duidelijk wat filosofie is door het te doen in de hoofdstukken van het boek. In mijn onvermijdelijk korte samenvatting zal dat hopelijk doorklinken.

In het eerste hoofdstuk laat Van Niekerk zien dat de dood “die taboe van ons tyd” is. Vroeger stierven mensen niet in ziekenhuizen of hospices, maar in hun eigen huis temidden van de mensen met wie ze hadden geleefd. En na hun dood lagen ze op het kerkhof, dat rondom de kerk lag waar we elke week kwamen. Maar het verdwijnen van de dood uit onze dagelijkse leefwereld, mag niet betekenen dat we niet meer nadenken over dood en sterfelijkheid. Reeds Socrates stelde dat filosoferen eigenlijk “leren sterven” is. En hoewel Van Niekerk zeker niet met Socrates instemt voor zover die laatste daarmee bedoelde dat het erom gaat het geestelijke leven te bevrijden van de lichamelijke gevangenschap, neemt hij een draad op waarmee de hele geschiedenis van de filosofie dood en denken met elkaar verbindt. Het is dan ook niet vreemd dat hij in dit hoofdstuk uitlegt wat filosofie volgens hem is, om vervolgens zijn benadering van de dood te omschrijven als een *filosofische* en haar te onderscheiden van allerlei wetenschappelijke of praktische benaderingen (p. 28 e.v.).

Het tweede hoofdstuk is het meest narratieve. Anton van Niekerk vertelt over de manieren waarop hij zelf de dood – van zijn vader, zijn moeder, schoonvader, goede vrienden en collega’s – heeft ervaren. Door die verhalen presenteert hij het thema op een indringende manier – zij het enigszins eenzijdig. Twee soorten doden komen niet of nauwelijks aan de orde: het gaat over familie en vrienden – mensen die met eerbied en liefde herdacht en herinnerd worden; maar er is nergens sprake van mensen die gestorven zijn door oorlog of ander geweld, mensen die naamloos en zonder vrienden en familie zijn gestorven, die in het afvalputje van de geschiedenis verdwenen zijn. De tweede dood die hier ontbreekt (en m.i. ook in andere hoofdstukken te weinig aan de orde komt) is de eigen dood. Dat wrekt zich bijvoorbeeld in het derde hoofdstuk dat handelt over de vrees voor de dood. Aan het eind van deze bespreking zal ik daar wat nader op ingaan.

Het vierde hoofdstuk behandelt de idee van een leven na de dood. Van Niekerk legt uit waar die idee vandaan komt, zowel “historisch” als “psychologisch”; en hij deconstrueert de idee als een die rationeel gezien eigenlijk geen zin heeft: het leven na de dood zou een herinnering moeten hebben aan het leven voor de dood, hetgeen de eeuwigheid van het leven na de dood lijkt tegen te spreken. Bovendien is niet duidelijk wat “leven” betekent als er geen “niet-leven” of dood meer zou zijn. Zou er nog ontwikkeling kunnen zijn in een eeuwig leven? Maar ontwikkeling betekent ook altijd verlies. En als er geen ontwikkeling zou zijn, op welke “leeftijd” gaat dat eeuwige leven dan eindeloos door? Het sterkste aspect van dit hoofdstuk ligt niet in dit soort argumentaties – die argumenten uit de analytische filosofie klinken zoals gewoonlijk allemaal een beetje potsierlijk –, maar in de conclusie van Van Niekerk: als gelovige houdt hij vast aan de hoop dat de dood niet het laatste woord heeft, maar als filosoof moet hij vaststellen dat hij daarover niets zinnigs kan zeggen. Zijn laatste woord op dit punt is “Ek weet nie...” (118).

Hoofdstuk vijf en zes gaan over wat in de moderniteit gebeurd is met de ervaring van de dood. De wetenschap heeft de sterfelijkheid van de mens tot een quasi oplosbaar probleem gemaakt en de medicalisering van de verzorgingsstaat zorgt ervoor dat ook het onvermijdelijke sterven zoveel mogelijk aan het zicht wordt onttrokken. Wat daardoor verdwijnt, wordt in hoofdstuk zes uitgewerkt als “het mysterie van de dood”. Van Niekerk breekt een lans voor het onderscheid tussen problemen die moeten worden opgelost, en mysteries waartoe we ons moeten leren verhouden. Het belang van dat onderscheid is evident: wie een probleem oplost heeft het weggewerkt en kan er niets meer van leren, terwijl aandacht voor de dood juist van belang is omdat we daardoor iets leren over het leven.

Tegenover deze “deconstructie van de sterfelijkheid” (Zygmunt Bauman) in de moderniteit, staat “de deconstructie van (het streven naar) onsterfelijkheid” in de postmoderniteit, die in het zevende hoofdstuk wordt beschreven en bekritiseerd. Het is interessant om te zien hoe Van Niekerk enerzijds de traditionele voorstellingen van een onsterfelijke ziel of een eeuwig leven loslaat, maar anderzijds zich stevig verzet tegen een postmoderne relativering van de idee achter die mythen. Van Niekerk verdedigt als filosoof evenzeer het verlangen van de mens naar zin, als hij afstand neemt van de traditionele voorstellingen van die zin. Dat het gezochte niet gegeven is, neemt niet weg dat we het onvermijdelijk zoeken. Ook al kunnen de oude metafysische voorstellingen van de ware wereld niet meer standhouden, we kunnen niet zonder het onderscheid tussen waarheid en schijn.

Rode draad in het boek is de these dat nadenken over de dood van belang is voor een beter begrip van de zin van het leven en van hoe we moeten leven. Dat wat leven mooi, zinvol en de moeite waard maakt, is niet in strijd met de dood als het einde van dat leven. Integendeel: het leven ontleent zijn zin aan de dood, of met de woorden van de Russische auteur Berdyaev: “if there were no death in our world, life would be meaningless.”² De wijze waarop de dood zin geeft aan het leven komt door het boek heen op verschillende manieren – zij het steeds kort – aan de orde. Zo wordt bijvoorbeeld ook de kritiek op het postmodernisme erdoor gemotiveerd: want juist de dood, die een onverbiddelijk einde maakt aan het ene leven dat we hebben, geeft een ernst aan het leven en sluit de postmoderne ironisering uit.

In hoofdstuk 10 wordt het verband tussen de dood en de zin van het leven nog eens samenvattend uitgelegd met behulp van drie metaforen: horizon, reis en verhaal. Zoals we alleen door een afgrenzende horizon dingen kunnen waarnemen, zo kunnen we alleen leven dankzij de afgrenzing door de dood. Zoals een reis niet mogelijk is zonder de bestemming die beweging mogelijk maakt, zo kent ook een leven slechts door de dood een ontwikkeling en een verloop. En de belangrijkste metafoor is die van het verhaal. Deze was al in hoofdstuk 8 geïntroduceerd en uitgewerkt aan de hand van de theorie over “narratieve identiteit” van Alasdair MacIntyre en de tragedietheorieën van Aristoteles en van Nietzsche. Een leven wordt maar een geheel doordat het – net als een verhaal – een plot en een afloop kent. Het besef van verschrikkelijke drama van de sterfelijkheid kan een reinigende werking hebben omdat het ons wijst op het grote gewicht van het leven en de taak die we daarin hebben. En de absurditeit van een leven dat uiteindelijk eindigt in de dood maakt een totale, “dionysische” affirmatie daarvan juist mogelijk.

Een goed boek is onder andere daardoor gekenmerkt dat er discussie mogelijk is over allerlei thema's die het bespreekt of juist niet bespreekt en over standpunten die het inneemt. Ik beperk me hier tot twee vragen.

² N. Berdyaev, *The destiny of man*. London: G. Bless 1937, p. 249, door Van Niekerk geciteerd op pag. 23 van zijn boek.

Ten eerste het punt dat ik al noemde: ik vraag me af of Van Niekerk niet te gemakkelijk omgaat met het verschil tussen de ervaring van de dood van anderen en de eigen sterfelijkheid? Aan het eind van het hoofdstuk waarin hij de dood van zijn familieleden en vrienden beschrijft, noemt hij zijn eigen dood slechts naar analogie dáárvan, dat wil zeggen: vanuit het perspectief van degenen die dan achterblijven. Maar de eigen dood is niet alleen iets voor anderen, maar juist ook voor mijzelf! Opmerkelijk is dat Van Niekerk in het derde hoofdstuk wel over de vrees voor de dood spreekt, maar die eigenlijk ook weer “van buiten” beschrijft: hij schrijft over de utilitaristen die het gegeven van menselijke vrees voor de dood erkennen als argument om de dood van een mens erger te vinden dan die van een dier (dat die vrees niet kent). Twee keer komt Van Niekerk dicht bij een analyse van de eigen sterfelijkheid: eerst in zijn bespreking van het verhaal van Tolstoi over “de dood van Ivan Ilyich” (een verhaal dat ook in het eerder genoemde boek van Ludwig Heyde een belangrijke rol speelt). De tweede keer als hij – helemaal aan het eind van zijn boek (p. 264) – Heidegger hierover citeert. Maar beide keren blijft zijn eigen uitleg en uitwerking daarvan beperkt. Ik vermoed dat Van Niekerks behandeling van de idee van een leven na de dood sterk beïnvloed wordt door deze afwezigheid van een echte reflectie op de eigen sterfelijkheid. Van Niekerk ziet die idee van een leven na de dood als uitdrukking van een onvermogen om te begrijpen dat alles wat een mens heeft betekend zo maar kan verdwijnen. Ik denk dat een veel belangrijker oorzaak van die idee ligt in ons zelfbewustzijn, dat in het bewustzijn van de *eigen* sterfelijkheid tegelijk onvermijdelijk over die sterfelijkheid heen reikt.

Het andere probleem dat ik wil noemen vormt het thema van het enige hoofdstuk dat ik in mijn samenvatting heb overgeslagen. In hoofdstuk 9 komt de bioethicus Van Niekerk aan het woord en verdedigt hij de mogelijkheid van euthanasie en hulp bij zelfdoding. Van Niekerk neemt een standpunt in dat in Zuid Afrika waarschijnlijk minder geaccepteerd is dan in Nederland en België. Zijn argumenten komen vooral neer op het recht op zelfbeschikking, het onvermijdelijk worden van actief ingrijpen door de technische mogelijkheden om het leven te rekken, en het principe van barmhartigheid dat ons dwingt om onnodig lijden te voorkomen. Ik vind deze bespreking problematisch om twee redenen. Ten eerste is ze eenzijdig doordat belangrijke tegenargumenten niet aan de orde komen. Bijvoorbeeld: is er geen verschil tussen “killing” en “letting die”? En wat zullen in een samenleving die steeds hogere kosten moet opbrengen voor de zorg voor ouderen de maatschappelijke effecten zijn van de acceptatie van euthanasie ook zonder dat van ernstig lijden sprake is? Ten tweede en vooral komt het principiële filosofische probleem helemaal niet aan de orde, het probleem dat juist in een boek over de dood en de zin van het leven niet zou misstaan: de vraag naar wat het eigenlijk kan betekenen als een mens zegt dat hij dood wil. Is de dood iets wat we kunnen willen zoals we andere dingen kunnen willen? Is het leven niet voorondersteld in elke wilsact? Is er niet een contradictie in het “willen sterven”? Moeten we die contradictie niet ernstig nemen om te ontdekken wat er in die “wilsact” eigenlijk gevraagd wordt? Ik realiseer me dat mijn vragen slechts het begin van een discussie zijn. Maar ik hoop die in de nabije toekomst met Anton van Niekerk en anderen verder te kunnen voeren. Zijn boek verdient verdere discussie. Die zal er ongetwijfeld komen: de kwaliteit van de auteur en het belang van het onderwerp staan daarvoor garant.

PAUL VAN TONGEREN

Radboud Universiteit
Nijmegen
Nederland
pvtongeren@mac.com

STIAS-fellow 2017
STIAS, Mostertsdrift
Private Bag X1
Matieland 7602

Titel: *Die krisis van die afwesige gees*
Outeur: C.S. de Beer
Pretoria: Malan Media (2016)
Bladsye: 316 bladsye
ISBN: 978-1-920335-55-7

Om weer te begeester

Om iets oor hierdie merkwaardige boek te sê, is moeilik sonder om eers iets oor die skrywer en my eie pad met hom te sê – as 'n skrywer sowel deur sy idees as deur sy leefwyse so 'n bepalende en steeds vormende invloed op 'n leser van sy boek uitoeft, kan dit kwalik anders.

Dit is so dat die geskiedenis die verhaal van die oorwinnaars is, maar miskien werk die geskiedenis van die filosofie anders. Miskien is die geskiedenis van die filosofie die verhaal van die waardige verloorders wie se waarde veel groter as dié van 'n militêre of magsoorwinning is. Luister na Sokrates se woorde aan die lafhartige, magsdronk jurie wat hom, die gewete en geestesversorger van Athene, ter dood veroordeel omdat hy die stad teen haar eie onkunde wou beskerm:

Maar ek wil nou vir julle, my veroordelaars, die toekoms voorspel. Wanneer mense op die punt staan om te sterf, maak hulle graag voorspellings en ek is nou by dié punt. Ek sê nou, menere wat my ter dood veroordeel het, dat straf vir die onreg teenoor my onmiddellik na my dood oor julle gaan kom, baie erger as die doodstraf wat julle vir my bepaal het. Ja, julle het dit nou gedoen met die gedagte dat julle nie rekenskap van julle lewens hoof te gee nie, maar dit sal net mooi in die teendeel uitdraai, soos ek dit uitspel. Die wat van julle rekenskap gaan eis, sal meer wees as tot nou toe. (Plato, *Verdediging van Sokrates uit Grieks vertaal* deur Piet Boshoff, Publishing World SA: plek van publikasie nie aangedui nie, 2015, p.77)

Vyf-en-twintig eue later word Sokrates se profesie steeds vervul soos wat nuwe ontdekkers van sy denke telkens weer saam met hom vir die filosofie teen onreg en magsmisbruik kies. In die Afrikaanse wêreld sal 'n Marthinus Versfeld en 'n Johan Degenaar langer onthou word as die versmoorders van die gees waarteen hulle met die weerlose stem van die rede in 'n tyd van domheid en onreg opgestaan het, die woord suwer gevoer het vanuit die marges teenoor die sentrum. 'n Mens kan dit ook van C.S. (Fanie) de Beer in die vooruitsig stel.

In die geslag waarin hy gebore is, was die mees gesogte beroepe dié van landbouer, predikant of onderwyser. Vir praktiese doeleindes is hy in al drie hierdie beroepe opgelei, en het hy twee beoefen. Nadat hy eers landbou studeer, studeer hy teologie met filosofie as een van sy vakke. Hy betree die bediening, maar begeef hom uiteindelik in die akademie, wat hy op 'n heel sonderlike wyse beoefen. In die veelbewoë jaar 1976 te midde van die kultuurboikot gaan studeer hy onder Paul Ricœur. Getrou aan Ngugi wa'Thiōngō se oproep aan Afrikanwers om kennis elders versamel plaaslik en in die plaaslike tale tuis te bring, doen De Beer dit nou haas veertig jaar, waarvan die boek hier onder bespreking 'n hoogtepunt is.

Dit is egter vanaf die 1980's wat De Beer se loopbaan die boeiendste wendinge ondergaan. Eers word hy uit 'n akademiese pos gehou omdat hy nie deel vorm van die establishment nie. Soos hy self in hierdie boek terloops noem, word hy weens 'n onvoorsiene sameloop van omstandighede besadig voortgaande op sy eensame denkweg eers professor in Inligtingkunde en later hoof van die betrokke departement. En toe, met formele aftrede in die ouderdom van 65 begin die belangrikste en skeppendste deel van sy loopbaan as denker – hy word naamlik

buitengewone professor in Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria, en bly dit tot op die type ouderdom van 80.

Dog, nog is't het einde niet. De Beer publiseer in 1988 die titelartikel van hierdie boek in die RGN Navorsingsbulletin. Met groot dringendheid beskryf hy wat die verwaarloosing van die gees – sy Afrikaans vir Aristoteles se *nous* – aan ons en ons wêreld doen, maar geen haan kraai daarna nie. Tussen die reëls kan die leser aflei dat De Beer te midde van hierdie stilte half moedeloos die tema van die gees in ons tyd laat vaar het, 'n stem roepende in die woestyn van 'n land so gefikseer op die politiek en elitebelange dat die gees maar in die slag kon bly.

En toe, in 2006, kom die werk van Bernard Stiegler en die kring denkers om hom onder De Beer se aandag, spesifiek in die vorm van die klein boekie van Stiegler en andere, *Réenchanter le monde: la valeur esprit contre le populisme industriel* ("Om die wêreld te heropluister: die waarde van die gees teen die industriële populisme"). De Beer beskryf sy reaksie op hierdie boekie:

Ek kon dit nie glo nie: twintig jaar later is een baie belangrike hedendaagse filosoof, saam met kollegas van hom, besig om presies oor hierdie saak, die idee van die gees en geestelike waarde, te skrywe en omvangryke strategieë uit te werk ten gunste van die herwinning van geestelikheid en die erkenning van gees. Ten minste het dit my verseker, as ek na een van die geestesdokumente wat deel van ons erfenis is en vir baie nog kosbaar is mag verwys, dat as daar maar tien regverdiges in Sodom is, sal die stad gespaar bly (Gen. 18), dat daar nog hoop vir die mensheid is – nie omdat daar spesifieke persone is nie, maar omdat daar wel 'n groep van meer as tien is. Hierdie werk gee my vrymoedigheid om oor die idee van die gees te skrywe. (47-48)

De Beer se kennismaking met die werk van Stiegler word so begeesterend dat hy in die laaste tien jaar van sy formele loopbaan nie minder nie as twaalf van die veertien bydraes waaruit hierdie boek bestaan, skryf. Alvorens die verskillende bydraes hieronder kortlik behandel word, eers enkele algemene opmerkings oor die boek.

In die eerste plek moet die poëtiese skryfstyl van die werk uitgesonder word. De Beer is afgesien van Heidegger, wat self 'n poëtiese skrywer was, merendeels deur Franse denkers van die laaste vyf dekades en selfs meer beïnvloed. Dit is alombekend dat die Franse filosofiese skryftradisie besonder poëties en literêr is, veel minder stelselmatig as soveel van die filosofie wat in Duits of Engels geskryf word. Dit is verfrissend dat De Beer dieselfde styl in hierdie werk handhaaf, wat daarvan 'n besondere persoonlike tekstuur gee wat die leser nie onaangeraak laat nie.

In die tweede plek handhaaf De Beer in navolging van een van sy groot helde, Michel Serres, 'n akritiese styl. De Beer is veel meer ingestel op die raakpunte en ooreenkoms tussen 'n groot verskeidenheid denkers oor die gees, as op die verskille tussen hulle. Die beste omskrywing van skeppendheid wat ek ken, is om onverwagse verbande tussen oënskynlike uiteenlopende dinge te trek. Presies dit is wat De Beer dan ook hier doen deur soveel uiteenlopende denkers en skrywers so kragtig samespraak oor die gees van ons tyd te laat voer, net soos hy by meer as een geleentheid in die verlede denkers vanuit verskillende vakgebiede akrities oor brandende eietydse vraagstukke soos die gees kon begeester om saam met hom te dink en te skryf, onder meer as gasredakteur vir spesiale temanommers oor menslike geestelikheid in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*.

In die derde plek slaag hy daarin om vanuit die Suid-Afrikaanse konteks met 'n groter konteks gemaklik in gesprek te tree. Hy help die leser om te sien hoe die dringende en dikwels uitmergelende vraagstukke van die Suid-Afrikaanse lewe, soos armoede en geweld, nie los te

verstane is nie van breër geestelike vraagstukke van ons tyd waarvoor die ganse mensdom vandag te staan gekom het. Deurgaans word hierdie vraagstukke met volkome eerlikheid aangesny – dikwels in ontstellende besonderhede – maar nooit sonder om die hoop op iets beters te verloor nie, en nooit sonder om die leser daarvan te herinner dat elkeen van ons kan deelneem aan die herkultivering van die gees ten einde die wêreld te heropluister – De Beer se poëtiese term vir *réenchanter* wat die regte kontemplatiewe lewenshouding aan die herstel van die wêreld se luister verbind. Hiermee kan nou oorgegaan word tot 'n kortlikse behandeling van elk van die hoofstukke.

In die titelopstel uit 1988 diagnoseer De Beer die verlies aan die gees in die moderne wetenskap: "Sedert Galileo is die toegang tot kennis, die middele waardeur die natuur gedwing is om sy geheim bloot te lê, en die koninklike weg na wetenskaplike waarheid deur dade en handeling bereik, *en nie deur kontemplasie en besinning alleen nie*" (19, sy klem). Daarom, in aansluiting by Cornelius Castoriadis, is die krisis van die wetenskappe dat ondanks al die vordering met kennis ons nie die weselike probleme van die mensdom soos armoede, konflik en lyding oplos nie. 'n Merkwaardige insig: Juis omdat die oorheersende materialistiese paradigma van die moderne wetenskap die gees misken, kan dit nie die dringendste materiële probleme van ons tyd oplos nie.

Volgens De Beer moet die krisis van die wetenskap herlei word na die feit dat die aanname dat alles 'n rede moet hê self nie bedink en bevraagteken word nie. Dit is dan juis die taak van die denke om hierdie vraagstuk onder die loep te neem – waarmee De Beer aansluit by die grote Vico se siening van die filosofie as die metafisika, dit wil sê, daardie wetenskap wat aan elke wetenskap sy plek in die groter geheel moet toeken ten einde goeie wetenskapsbeoefening te verseker.

Vir De Beer gaan dit alles om die herstel van die gees in wetenskapsbeoefening – die gees as *nous* wat die totale geestelike aktiwiteit van die mens omvat. Hier verwys hy na die verwording van die eietydse akademie: "In hierdie bedrywige [akademiese] program, wat soms selfs angsvallig en koorsagtig verloop, word uit die oog verloor dat die beste, nuutste, mees blywende daad dikwels in oomblikke van geïsoleerde kontemplasie gebore word" (30). Hierteenoor pleit hy à la Vico vir die samehang en interafhanklikheid van verskillende wetenskaplike diskourse oor 'n saak. En belangrik: Gebeur dit nie, sit ons met ideologie pleks van denke, oftewel die skadelike oorbeklemtoning van een aspek van die werklikheid ten koste van die groter geheel.

In hoofstuk 2, "Die idee van die gees", betoog De Beer dat hy in hierdie werk by die oeroue Aristoteliese tradisie van die noëtiese denke aansluit, maar dat dit veral gaan om die betekenis daarvan in die spesifieke tegnologiese en kennismogewing van ons tyd. Hy haal Hayles en Morovitz met instemming aan dat ons nou te make het met die "emergence of the mind contemplating the mind" (57). Die gees moet deurlopend geoefen word, en alle wetenskaplike kennis het 'n geestelike dimensie, terwyl sorg en verstaan onlosmaaklik van mekaar is.

In hoofstuk 3 vra hy wat het intussen van die gees geword, 'n soort filosofiese variasie op Proust, *à la recherche de l'esprit perdu*. Hier vra hy wat word bedoel met die verwerkliking en verwesenliking van die gees met die gees? Dit gaan oor die kultivering van die *nous* as dit wat verbande trek, en die menslike vermoë tot selfoorskryding. Teen die agtergrond van sy reeds vermelde kritiek op die moderne wetenskap voer hy aan dat die herontwaking van die gees nie van die wetenskap te wagte is nie, maar eerder van die regte milieu:

Die herfundering van die socius en die vestiging van 'n nuwe gemeenskapsgedagte, die stryd teen onkunde en domheid en waaksamheid oor die ware aard van kennis, die

herontdekking van taal en omvattende denke teenoor die verheerliking van kwantifisering en die kwantifiseerbare, die skepping van 'n nuwe denke oor die politieke ekonomie van kennis in die rigting van 'n ekonomie van kontribusie ('n bydraende of mededeelsame ekonomie), die herbesinning oor dissiplinariteit in wetenskapwerk met die beklemtoning van die interwetenskaplike, die herformulering van menslike subjektiwiteit in die lig van ontwikkelinge met betrekking tot die posthumane en die kuborg van die kuberkultuur. (84)

Hoofstuk 4 is 'n soort strydskrif vir die gees, oftewel 'n polemologie vir die gees, soos die hoofstuk heet. Hy herinner die leser daaraan dat die magte wat die gees aftakel menslike maaksels is wat hulself as mensreddend aanbied, vernaamlik die industriële populisme in vorme soos die verbruikerisme en die tegnisisme. Die begrip industriële populisme kom van Stiegler, wat voorts ook wys op ongeloof en vertrouensverlies, asook simboliese ellende; sosiopatologie, die verlies aan wete; noëtiese angs; die regressiewe heerskappy van die drifte; dis-individuering en die likwidasie van super-ego deur die drifte in diens van verbruik te stel; en die onvermoë om toekoms te bedink.

De Beer en Stiegler vorder ons op tot 'n stryd om die her-invensie van die gees vir die heropluisering van die wêreld. Ware, moedige denke en konseptuele invensie is nodig. Die hele samelewing behoef terapie, 'n sosioterapie deur kennis, maar dan kennis van 'n spesifieke aard – die transformerende krag van kennis as sosioterapie “is slegs moontlik indien kennis in verhouding tot waarheid, geregtigheid, skoonheid en gevoelvolheid verstaan word” (107).

In hoofstuk 5 word gekyk na die informativering van die mensbeeld, oftewel die gevare daaraan verbonde om die mens te verstaan aan die hand van 'n eensydige opvatting van inligting. De Beer herinner ons daaraan dat die mens ook gevorm word deur dit wat hy ken. Te midde van die opkoms van verbysterende inligtingstegnologie vra hy wat word van menslike feilbaarheid, lewe en die postbiologiese, bewussynsuiwerheid, die band tussen liggaaam en gees, die verhouding tussen taal en rekenaartaal, en die kompleksiteit van kennis? Hy waarsku ons dat hierdie sake nie bedink kan word deur gevorderde tegnologie, oftewel “nie-noëtiese” entiteite nie. Ook waarsku hy ons om versigtig om te gaan met die begrip van die posthumane. Hy spreek hom vir 'n spesifieke verstaan daarvan uit, die einde van die mensbeeld van selfdeursigtigheid en ontonomie ten gunste van 'n mensbeeld waar menslike bewussyn deel van 'n dinamiek-komplekse geheel is. Hierdie geheel is veral die wêreld waarin ons verkeer, oftewel die samehang en sin van dinge soos deur die mens kollektief verken word. Die wêreld is

veel meer as bloot 'n passiewe plekbepaling, maar 'n aktiewe plekvinding, die invensie van my plek. (Skepping het meer te doen met aktiwiteit met betrekking tot passiewe materiaal; invensie het meer te doen met wedersydse aktiewe intervensie en beweeglikheid en wisselwerking, veral denkmatage wisselwerking en beweeglikheid waaruit daar altyd iets verrassends na vore kom.) (138)

Vervolgens, in hoofstuk 6, word die vraag gevra wat die herbetowering van 'n onttowerde wêreld sal behels. Die samehang van dinge is die sleutelwoord – waar dit geïnvanteer word, word die wêreld herbetower; waar dit verloor word, word die wêreld onttower. (Let daarop dat De Beer spesifiek kies vir die woord invensie en nie woorde soos uitvinding of vindingrykheid nie, omdat die woorde volgens hom reeds van betekenis gestroop is.) Hy eien drie fases van wêreldonttowering, naamlik meetbaarmaking, digitalisering, kubernetika en die post-humane. Die geesteswetenskappe het 'n spesiale rol te speel in die herbetowering van die wêreld deur “her-spiritualisering wat beteken om ons terug te bring, weg van die

onpersoonlike, by die outentieke ‘ons-wees’, die diepte van gemeenskap, wat verantwoordelik en intelligent met wêreld en met wat in die wêreld is assosieer.” (144) En: “Her-opluistering of her-betowering beteken om die rasionaliteit weer binne noëtiese verband terug te bring tot volwaardige redelikheid en komposisionele denkmatigheid.” (144)

In hoofstuk 7 val die soeklig op instellings en veral die universiteit in die vraag of instellings nie (meervoudige) denke versmoor/vermoor nie. De Beer waarsku dat akademiese portuur-beoordeling in sy huidige vorm linéêre pleks van meervoudige denke begunstig. Daarenteen behoort oorweging aan idees geskenk te word nie net vir die veranderinge wat hulle aan die wêreld maak nie, maar ook aan ander idees (noösfeer). Hier is dit ook belangrik om taal en geletterdheid te herwaardeer as nie blote instrumente nie, maar middele tot die geestelike. Meervoudige denke betrek besinning, verbeelding, fantasie en idees alles as deel van die *nous* – “om presies uit te kom by die filosofiese vermoë om verbande te soek en te lê, oorskryding van grense te pleeg en iets nuuts te inventeer.” (158) So kom ons dan in voeling met die volledige syn soos dit is.

In hoofstuk 8 val die klem op die rol van die geesteswetenskappe in die kultivering en herinvensie van die gees. De Beer wys daarop dat die toekoms van Afrikaans ook afhang van wat kennisgewyse in Afrikaans voortgebring word. Volgens hom is die bedenklike stand van die geesteswetenskappe te wye aan vier faktore: ekonomiese magte, politieke beleidmakers, ’n kwantitatiewe kennisopvatting, en ’n verskraling van wetenskap tot blote kwantitatiewe en positiwistiese navorsing. So beskryf hy dan die alternatief:

[Die geesteswetenskappe] moet arrogant en vrypostig aandring op die herinvensie van menslike geestelikheid, die herwinning van volle geletterdheid (van lees, skryf en dink), die geveg voer om die verwesenliking van waarheid, die artikulasie van die volle ekologie van kennis verwesenlik en die stryd aanknoop vir menslike sinverwesenliking, waarsonder slegs ondergang wink. (175)

Die gewete wil dat alles in berekening gebring word – ook die onberekenbare, en daar is volgens De Beer ’n spesiale rol wat Afrikaans as gemarginaliseerde taal kan speel in ware geesgerigte transformasie.

Ná hierdie paar hoofstukke oor die gees, kennis en kennisinstellings, val De Beer se fokus in die volgende vier hoofstukke op dringende Suid-Afrikaanse sosio-politieke vraagstukke en die gees. Hoofstuk 8 staan stil by geweld onder die titel “’n Filosofiese besinning oor geweld (Die gees en geweld)”. Ofskoon hy saamstem met verskeie denkers soos Ricœur en Girard dat geweld intrinsiek tot menswees is,oordeel hy dat daar in Suid-Afrika ’n aantal aansporinge tot moordende geweld bestaan, soos regeringslui en amptenare se geringskatting daarvan; ’n milieu wat probleemoplossing deur geweld begunstig, geskep deur sowel apartheid as die gewapende stryd; transformasie as vervanging in plaas van geestelike transformasie wat mede-bestaan bevorder; gewelddadige uitsprake en dreigemente deur mense in gesagsposisies; die opgeëisde reg op die dood van ander om my oogmerke te bereik pleks van die handhawing van lewe; die Westerse doodskultuur; die verobjektivering en reduksie van mense deur kapitalisme en konsumerisme; en die nihilisme.

As oplossings doen hy die volgende aan die hand: Besinning, gesprek, en die gebruik van taal om moord by die naam te noem; die herstel van selfliefde en kollektiewe liefde; korrektiewe informatiseringstrategieë en erkenning van geweld in ons almal en ons kulture met bewusheid van ons gedeelde lotsverbondenheid; sosioterapie as voorwaarde tot psigoterapie, omdat kollektiewe genesing kom voor individuele genesing; die omhelsing van

die lewe op noëtiese vlak; kollektiewe liefde; en behoorlike regsgespleging en straf, waarin De Beer nie skroom om subtiel vir die herinstelling van die doodstraf vir moordenaars te vra nie.

In hoofstuk 10 word op verrassend nie-materiële wyse nagedink oor die verband tussen denkontwikkeling en die bestryding van armoede. Volgens De Beer is armoede allereers 'n denkprobleem. Hy wys op die volgende oorsake van die armoedeprobleem: die mensdom se beperkte vermoë tot oplossings; alle mense is arm in die sin dat almal op mekaar teer en mekaar verteer en dit moet erken word om dit te oorstyg. As oplossings pleit hy om 'n lewendek ekonomiese met 'n bestaanstoelaag vir almal; vir 'n ingesteldheid daarop om te hê pleks van te wees en 'n klem op geestelike florering; en laastens die ontgin van eie bronne in Afrika om basiese behoeftes vir selfstandigheid te vervul.

In hoofstuk 11 word die gebreke in die Suid-Afrikaanse burger aan die hand van 'n pleidooi vir die "noëties geïnspireerde burger" bepleit. De Beer wys eerstens op die volgende gebreke in die Suid-Afrikaanse demokrasie: slegs 'n klein aantal stemgeregtigde kiesers stem uiteindelik vir die regerende party, die oorstapklousule, swak administrasie, die verskraling van die land se geskiedenis tot die politiek, dat die beste mense selde politici word, en dat mense nie altyd oorwoë stem, terwyl representatiewe demokrasie mense passief maak oor hulle eie lot.

In antwoord hierop vra hy dat groeiende populêre onvergenoegdheid hanteer moet word deur meer inisiatief te neem om menslike potensiaal aan te wend. Vir De Beer is Pierre Lévy se demo-dinamiek, oftewel direkte rekenaararbemiddelde demokrasie van belang, aangesien die internet nuwe soorte menseverhoudinge en politieke potensiaal tot stand bring. Hy is ook bewus van die probleem van ongelykige tegnologiese verspreiding in die land en skryf:

Die vertrekpunt van die mobilisering van die burgery is nie politieke oortuiging nie maar menskundige oortuiging: die intelligensie van almal, die kollektiewe intelligensie van die burgery, ook selfs van die wat nie kan lees of skryf nie — ongeag ras, kultuur, kleur, geslag of ouderdom. (250)

Die vierde van sy politieke hoofstukke, is hoofstuk 12, waarin hy stilstaan by die "invensie/herinvensie van same-lewing" in Suid-Afrika. Hier wys hy op die noodsaak om geletterdheid in SA te bevorder. Dit sluit in dat kennis gedissemineer moet word, kollektiewe intelligensie, 'n politiek van gemeenskaplike gevoelvolheid wat altyd gereed is vir wat ook al, 'n soort deurlopende kollektiewe bewustheid. Terwyl ons allereers die verlies aan gemeenskap en same-lewing moet erken, moet ons ook vra hoe moet individue lyk wat die same-lewing verwesenlik? Dit gaan om selfstandige individue, selfstandig omdat hulle sowel kollektief as op die persoonlike vlak suksesvol geïndividueer is, oftewel noëtiese selfstandigheid bereik. Sodanige individue kan die eietydse instrumente van mede-bestaan aanwend, naamlik kennis, inligting, intelligente verbruik en digitaliteit.

Einde ten laaste word die boek afgesluit met twee hoofstukke oor taal en toekomsinvensie as deel van die herkultivering van die gees. Hy waarsku opnuut teen die stroping van taal en wys daarop dat die objekte van ware wete my transformeer en my op die weg na mede-bestaan voer. Omdat die toekoms onbeheerbaar is en ons oorkom, pleit hy vir denke as openheid vir die toekoms (meditatiewe of kontemplatiewe denke), waarin inventiewe taalgebruik noodsaaklik is – "respek vir taal in die volheid daarvan en die oorgawe aan die stilte [is] onverbiddelike voorwaardes vir inventiwiteit" (303). Hier moet nie net die filosofie nie, maar ook die poësie en die prosa hulle deel doen. Oplaas is die taak van sulke denkers om te verlig deur in te lig.

Ten slotte: *Die krisis van die afwesige gees* is 'n kragtige, poëtiese pleidooi vir die gees in ons tyd. Mense van alle oortuigings wat sorg vir die gees dra, het hierin 'n rol te speel.

Met die voltooiing van my meestersgraad onder De Beer se leiding het hy my aangeraai om nooit tussen die filosofie en die letterkunde te kies nie, maar albei geïntegreerd vir iets meer en beter aan te wend. Daardie iets meer en beter is die herstel van die gees in ons tyd, en in hierdie boek stel hyself die voorbeeld van hoe om dit te doen.

JOHANN ROSSOUW

Departement Filosofie

Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

rossouwjh@ufs.ac.za

Oor die skryfwyse van Afrikaans IV

Die skryfwyse van verbindings met eiename – die naam van iets of iemand – skep dekades lank reeds probleme in Afrikaans, enersyds omdat dit skynbaar in Engels geen probleme oplewer nie en talle instellings, ondernemings, reklameagentskappe, ens. dikwels die Engelse patroon na-aap, en andersyds omdat eiename in soveel verskillende vorme voorkom.

Soos vantevore in hierdie rubriek gesê, word Afrikaanse samestellings, soos in verskeie van ons Germaanse taalverwante, vas geskryf. Dit beteken dat samestellings met eiename ook vas geskryf moet word. Maar wat doen 'n mens nou as die eienaam nie net 'n eenvoudige of eenledige woord soos *Paul of Smit of Pretoria* is nie, maar byvoorbeeld iets soos *Adolf Hitler of Port Elizabeth of Vallei van Verlatenheid*?

In die 8ste (1991-) uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS) het die Taalkommissie die saak probeer beredder deur te sê dat 'n eienaam wat met 'n soortnaam verbind, op enigeen van vyf maniere geskryf kon word, bv. *Bloemfontein-Museum, Bloemfontein Museum, Bloemfontein-museum, Bloemfontein museum of Bloemfonteinemuseum*.

Hierdie reël het in die praktyk egter soveel probleme meegebring en soveel verwarring veroorsaak dat dit in die 9de en 10de uitgawe enigermate herbereël en presieser gedefinieer moes word. Steeds was daar egter probleme, want daar was tameletjies soos die volgende:

Moet of kan 'n mens nou skryf *Van der Stelgebou* of *Van der Stel-gebou* (of enigeen van die oorblywende opsies hier bo genoem) of moet dit dalk *Vanderstelgebou* wees? En as 'n mens na die Europese ontdekking van die Nuwe Wêreld verwys, moet dit *Nuwe Wêreld Kontinente* of *Nuwewêreldkontinente* of wat wees? En is dit *Adolf Hitler-snorretjie* of *Adolf-Hitlersnorretjie*, en *Vallei van Verlatenheidrotsformasie* of *Vallei-van-Verlatenheidrotsformasies*? En as die eienaam nie Afrikaans is nie, wat dan: sê maar *Los Angeles verkeer* of *Los Angelesverkeer* of *Losangelesverkeer*?

Hierdie probleem is hopelik nou finaal opgelos met die verskyning van die eeupeesuitgawe van die AWS. Dié uitgawe definieer naamlik (p. 724) 'n "meerledige eienaam" soos volg: "'n Meerledige eienaam is 'n eienaam wat uit meer as een woord of woorddeel bestaan. **Saamgestelde eienaam** word vas (*Annamart, Oranjievier, Landbank*), of met 'n koppelteken vas (*Jan-Willem, Graaff-Reinet, Hewlett-Packard*) geskryf. **Multiwoordeienaam** word los (*De Waal, Kaap die Goeie Hoop, Bank Windhoek*) geskryf."

'n Multiwoordeienaam bevat dus gewoonlik meer as een hoofletter (maar soms slegs een: vgl. [Mnr.] *Van der Merwe*, maar [Piet] *van der Merwe*) en minstens een spasie.

Die nuwe AWS se reël bepaal nou dat die hoofletters en spasies van die multiwoordeienaam in sowel samestellings as afleidings behou word, en 'n skrywer hoef hom/haar dus nie meer te bekommer oor die vraag of iets aan die eienaam self gaan verander nie.

Of die woord waarmee so 'n multiwoordeienaam verbind, vas geskryf moet of los geskryf kan word, hang soos vantevore af van die vraag of die resultaat van die samestelling 'n soortnaam is (bv. *die Los Angeles-verkeer* of *die Los Angelesverkeer* maar nie **Los Angeles verkeer* nie) en of dit weer 'n eienaam is, wat dan die losskryfmoontlikheid ook toelaat, bv. *Nelson Mandelarylaan* of *Nelson Mandela-Rylaan* of *Nelson Mandela-rylaan* of *Nelson Mandela Rylaan*.

Die onveranderde behoud van die multiwoordeienaam geld ook in afleidings, behalwe as die reëls oor vokale en konsonante 'n sekere verandering vereis, bv. *Derde Wêreld* > *Derde*

Wêreldse diktatorjies en Ou Testament > Ou Testamentiese profete maar *Stille Oseaan* > *Stille Oseaniiese eilande*.

Hierdie hantering van multiwoordeiename word uitvoerig in die nuwe *AWS* bereël en geïllustreer, en Akademielede kan gerus daarin verder oor dié saak lees. Die eeufeesuitgawe (die 11de) van hierdie onmisbare hulpbron vir enigiemand wat Afrikaans skryf, is 'n merkwaardige prestasie deur die Taalkommissie, wat dié *AWS* is nie net in 'n besonder kort tydsverloop gereedgemaak het nie, maar dit ook aansienlik verfyn en uitgebrei het, o.m. met verskeie nuttige nuwe bylaes. Dit is voorwaar 'n pragtige publikasie en hoort in elke Akademielid se huis!

JD (Tom) McLACHLAN
tommcl@whalemail.co.za

Uitnodiging

Huldigingsbundels: Afrikaanse skrywers/digters/dramaturge

Verskeie letterkundiges het reeds gereageer op die vorige oproep in die TGW (Desember 2016) om voorstelle vir temas vir bogenoemde huldigingsbundels in die boekeprojek van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in te dien.

Die volgende temas met redakteurs is geïdentifiseer:

Adam Small (Jacques van der Elst)
 Elsa Joubert (Onder oorweging)
 Breyten Breytenbach (Francis Galloway)
 PG du Plessis (Heilna du Plooy)
 Johann de Lange (Daniel Hugo)
 Pieter Fourie (Fanie Olivier)
 Reza de Wet (Temple Hauptfleisch en Marisa Keuris)

Die eerste publikasie in die reeks onder die titel *Adam Small – Denker Digter Dramaturg* het einde November 2017 by Protea Boekhuis verskyn. Protea sal ook die ander publikasies in die reeks uitgee. Daar word toegespits op Hertzogpryswenners, maar name van ander bekroonde skrywers kan ook voorgelê word.

Die gasredakteur sal 'n honorarium ontvang en ook 'n begrotingsbedrag om navorsing vir 'n betrokke publikasie te onderneem. Skrywers sal vir gekeurde bydraes vergoed word, maar moet die publikasieregte vir die gekeurde bydrae aan die SA Akademie oordra. Hiermee word dan 'n vriendelike uitnodiging gerig aan belangstellendes om moontlike skrywers / digters / dramaturge wat gehuldig behoort te word aan die keurkomitee voor te lê. Voorstelle vir 'n gasredakteur vir 'n betrokke publikasie word ook ingewag.

Dit gaan hier om 'n langtermynprojek wat stelselmatig afgehandel sal word na gelang redakteurs daarin slaag om 'n manuskrip te voltooi.

Nadere besonderhede rakende die huldigingsreeks kan verkry word van die sameroeper van die Spesialiskomitee, Jacques van der Elst (jvde@absamail.co.za of skakel 0828807636).

INA WOLFAARDT-GRÄBE

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Keurders: November 2016 – Oktober 2017

Dr EK (Eileen) Africa, Kinderkinetika, Universiteit Stellenbosch
 Dr Mariëtta Alberts, Navorsingsgenoot, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Prof JW (Jö) Badenhorst, Opvoedkundige Studies, Sentrale Universiteit vir Tegnologie,
 Welkom
 Prof Anne-Marie Beukes, Linguistiek, Universiteit van Johannesburg
 Dr M (Marieke) Borren, Vrije Universiteit, Nederland
 Dr HJ (Nerina) Bosman, Semantiek, Historiese Taalkunde, Departement Afrikaans,
 Universiteit van Pretoria
 Dr JJ (Hanlie) Botha, Wetenskap, Wiskunde en Tegnologie Onderwys, Universiteit van
 Pretoria
 Dr K A Bril, Amstelveen, Nederland
 Dr CH (Christo) Brunette, Vergelykende Opvoedkunde, Universiteit van Namibië
 Prof Adelia Carstens, Eenheid vir Akademiese Geletterdheid, Universiteit van Pretoria
 Prof WAM (Wannie) Carstens, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Prof LJS (Louis) Changuion, Geskiedenis (emeritus)
 Prof Doria Daniels, Opvoedkundige Sielkunde, Universiteit Stellenbosch
 Dr JE (Johan) de Jong, Filosofie, Universiteit Utrecht, Nederland
 M.J. (Marianne) de Jong, Literatuurteorie(emeritus)
 Dr. Monique de Milander, Oefen- en Sportwetenskappe, Universiteit van die Vrystaat,
 Bloemfontein
 Prof em. FJ (Frans) de Wachter, Hoger Instituut voor Wijsbegeerte, Katholieke Universiteit
 Leuven, België
 Dr AS (Annette) de Wet, Sosiolinguistiek en Akademiese geletterdheid, Universiteit van die
 Vrystaat, Bloemfontein
 Prof NC (Corene) de Wet, Opvoedkunde, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
 Prof PJ (Pierre) du Plessis, Onderwysleierskap en Bestuur, Universiteit van Johannesburg
 Prof LT (Theodorus) du Plessis, Taalbestuur, Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging,
 Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
 Prof Petrus du Preez, Drama, Universiteit Stellenbosch
 Dr JC (Kobus) du Plooy, Psigosiale Gedragswetenskappe, Noordwes-Universiteit,
 Potchefstroom
 Prof PNJ (Pieter) Duvenage, Filosofie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
 Dr Eric Eberlein, Onderwysreg, beleid en leierskap, Universiteit van Pretoria
 Prof AE (Ilse) Feinauer, Afrikaanse sintaksis, Vertaling, Leksikografie, Departement Afrikaans
 en Nederlands, Universiteit Stellenbosch
 Dr Acama Fick, Musiek, Universiteit Stellenbosch
 Prof E (Eduard) Fourie, Sielkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Mnr R (Reinhardt) Fourie, Engelse Studies, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Prof M (Magda) Fourie-Malherbe, Sentrum vir Hoër en Volwassene Onderwys, Universiteit
 Stellenbosch
 Dr B (Berna) Gerber, Spraak-, Taal- en Gehoorterapie, Universiteit Stellenbosch
 Mnr Schalk Gerber, Filosofie, Universiteit Stellenbosch
 Prof DP (Danie) Goosen, Godsdienswetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Dr CM (Ina) Gouws, Regeerkunde en Politieke Transformasie, Universiteit van die Vrystaat,
 Bloemfontein

- Prof Rufus Gouws, Afrikaanse Taalkunde, Universiteit van Stellenbosch
 Prof IJ (Izak) Grové, Musiek, Universiteit Stellenbosch
 Prof Joan Hambidge, Afrikaans, Universiteit van Kaapstad
 Prof dr George Harinck, Geschiedenis van het Nieuwe Calvinisme, Vrije Universiteit, Amsterdam
 Prof W J Hattingh, Theological Seminary, Auckland Park
 Prof Temple Hauptfleisch, Drama en Teaterstudies, Stellenbosch
 Prof MF (Michael) Heyns, Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Prof AB (Benda) Hofmeyr, Departement Filosofie, Universiteit van Pretoria
 Prof H (Hendrik) Hofmeyr, Komposisie en Teorie, Skool vir Musiek, Universiteit van Kaapstad
 Prof Thys Human, Afrikaans, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Prof E (Ena) Jansen, Nederlandstiek, Universiteit van Amsterdam
 Prof GD (Gerrit) Kamper, Kurrikulumstudies, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Prof Marisa Keuris, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Prof IM (Inge) Kosch, Leksikografie, Morfologie, Ortografie, Noord-Sotho, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Prof EF (Ernst) Kotzé, Taalkunde, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth
 Dr Herculene Kotzé, Vertaal- en Tolkstudie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Prof Paul Kotze, Argitektuur en Beplanning, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg
 Prof Karina Landman, Stads- en Streeksbeplanning, Universiteit van Pretoria
 Dr DC (Donovan) Lawrence, Tegnologie en die aanleer van Afrikaans, Universiteit van Johannesburg
 Prof AC (Ansie) Lessing, Opvoedkundige Sielkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Prof JJ (Koos) Malan, Publiekreg, Universiteit van Pretoria
 Prof N (Nico) Martins, Bedryfsielkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Tom McLachlan, Afrikaanse gebruikskunde, AWS, vertaling & redigering
 Dr Susan Meyer, Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Prof Nelus Niemandt, Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria
 Prof FJ (Jan) Nieuwenhuis, Onderwysbestuur, Universiteit van Pretoria (emeritus)
 Prof BJ (Bernard) Odendaal, ATKV-Skryfskool, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Dr BG (Gerda) Odendaal, Leksikografie, Sosiolinguistiek, Historiese Taalkunde, Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal
 Prof JC (Koos) Pauw, Publieke Administrasie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Dr MFA Pauwels, Visuele Kunste, Universiteit Pretoria
 Prof D (Dirk) Postma, Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Prof JH (Johann) Rossouw, Filosofie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
 Dr CL (Luzaan) Schlebusch, Maths, Science & Technology, Central University of Technology, Welkom
 Prof MJ (Marinus) Schoeman, Filosofie, Universiteit van Pretoria
 Prof Leopold Scholtz, Navorsingsgenoot, Geskiedenis, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Dr Salome Schulze, Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Prof dr GJ (Gerrit) Schutte, Geskiedenis, Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland
 Prof Flip Smit, Demografie, Universiteit van Pretoria
 Prof HF (Rika) Snyman, Polisiepraktyk, Skool vir Strafregspleging, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria

- Prof Lina Spies, Emeritus professor Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch
 Prof MG (Miemsie) Steyn, Kinderontwikkeling, Lewensvaardighede, Fakulteit Opvoedkunde,
 Universiteit van Pretoria
 Prof GM (Trudie) Steyn, Onderwysleierskap en Bestuur, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Prof DFM (Danie) Strauss, Filosofie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein /
 Navorsingsgenoot, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Prof HA (Hennie) Strydom, Internasionale Reg, Universiteit van Johannesburg
 Prof JW (Johan) Strydom, Sakebestuur, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Dr M (Marianne) Strydom, Maatskaplike Werk, Universiteit Stellenbosch
 Prof PH (Piet) Swanepoel, Afrikaanse Taalkunde, Emeritus, Departement Afrikaans en
 Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Me C (Corlietha) Swart, Taalkunde, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans,
 Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
 Prof D (Francois) Tolmie, Nuwe Testament, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
 Prof. dr. Yves T'Sjoen, Vakgroep Letterkunde – Afdeling Nederlands, Universiteit Gent /
 Universiteit Stellenbosch
 Prof HP (Hennie) van Coller, Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die
 Vrystaat, Bloemfontein
 Dr Cilliers van den Berg, Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die
 Vrystaat, Bloemfontein
 Prof J (Jacques) van der Elst, Navorsingsgenoot, Afrikaans en Nederlands, Noordwes-
 Universiteit, Potchefstroom / SA Akademie, Pretoria
 Dr Engela van der Klashorst, Sport Sosiologie en Sport vir Ontwikkeling, Universiteit van
 Pretoria
 Prof Sarel van der Merwe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Prof T (Theo) van der Merwe, Ekonomie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Prof JL (Hannes) van der Walt, Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Dr Gideon van der Watt,
 Prof G (Gert) van der Westhuizen, Opvoedkundige Sielkunde, Universiteit van Johannesburg
 Prof Louis J van Niekerk, Kollege vir Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
 Prof MCJ (Christo) van Rensburg, Navorsingsgenoot Taalkunde, Noordwes-Universiteit,
 Potchefstroom
 Prof Paul JM van Tongeren, Filosofie, Rijksuniversiteit, Nijmegen en Katholieke Universiteit,
 Leuven
 Prof G van Zyl, Ekonomie en Ekonometrie, Universiteit van Johannesburg
 Prof Albert Venter, Politieke wetenskap, emeritus, Universiteit van Johannesburg
 Prof AH (Anné) Verhoef, Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 MnR CM (Charles) Villet, Filosofie, Monash Universiteit, Suid-Afrika
 Prof HM (Hein) Viljoen, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Noordwes-Universiteit,
 Potchefstroom
 Prof L (Louise) Viljoen, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit Stellenbosch
 Prof JM (Koos) Vorster, Navorsingsgenoot, Teologiese Etiek, Noordwes-Universiteit,
 Potchefstroom
 Dr JE (Elize) Vos, Afrikaans vir Onderwys, Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit,
 Potchefstroom
 Prof Piet Vosloo, Landskapargitektuur, Universiteit van Pretoria
 Prof Yusef Waghid, Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch

Dr R (Requier) Wait, Energie Ekonom, KPMG, Parktown
Prof A (André) Wessels, Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Prof JS (Kobus) Wessels, Publieke Administrasie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Prof Kurt Willems, Education Law – Leuven Centre for Public Law, Katholieke Universiteit, Leuven, België

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikel slegs per pos moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieslik 'n elektroniese kopie aan publikasies@akademie.co.za** – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieslik 'n elektroniese kopie aan publikasies@akademie.co.za** – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgerede en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100–200 woorde) en foto van die ouer(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100–250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600–1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10–20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyt in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

- 1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

- 1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: Sistemiese interafshanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur

Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.

- **Aanhaling** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhaling wat langer as **drie** reëls is, word geindenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeeld.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korrektsies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Voorbeelde:

Boek: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Tydskrifartikel: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Hoofstuk in 'n boek: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internetbron:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

OF IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

Bladgeld: Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die ouer om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betrek subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

Kopiereg: Outeur(s) behou kopiereg van 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien ouers materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000 words**.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100–200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100–250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600–1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately 10 – 20 key terms in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:
 1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.
 - 1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.
 - 1.1.1 **Sub-headings** are in italics. Leave a space between the heading and the text.Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

Table headings:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: Systemic interdependence.

Please insert the illustration in the correct position within the text.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

Examples:

Book: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Article from journal or magazine: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Chapter in a book: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

Page fees: There is a charge of R300 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

Copyright: Copyright for articles published in the Journal rests with the author(s).

Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook dielewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belangte van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is
now indexed
in Scopus

refine your research
SCOPUS™

Sedert Maart 2009 geïndeksseer in
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:
Engelenburghuis